Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

2026

# Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Akademiese programme
en fakulteitsinligting

**Jaarboek, Deel 12**

forward together · sonke siya phambili · saam vorentoe

## Akkuraatheid, aanspreeklikheid en veranderings

- Die Universiteit Stellenbosch het alle redelike stappe geneem om te verseker dat die inligting in die Jaarboekdele so akkuraat en volledig as moontlik aangebied word.
- Neem egter kennis dat die Universiteit se Raad en Senaat geen aanspreeklikheid aanvaar vir enige foutiewe inligting in die Jaarboekdele se inhoud nie.
- Die Universiteit behou die reg voor om enige tyd inligting in die Jaarboekdele te verander indien nodig.

## Die verdeling van die Jaarboek

- Die Jaarboek is in 13 dele verdeel.
- Deel 1, 2 en 3 van die Jaarboek bevat algemene inligting wat op alle studente van toepassing is. Maak seker jy verstaan alle bepalings in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek wat op jou van toepassing is.
- Deel 4 tot 13 van die Jaarboek is die Fakulteitsjaarboekdele.

| Deel | Jaarboekdeel |
|---|---|
| **Deel 1** | Algemene Reëls |
| **Deel 2** | Beurse en Lenings |
| **Deel 3** | Studentegelde |
| **Deel 4** | Lettere en Sosiale Wetenskappe |
| **Deel 5** | Natuurwetenskappe |
| **Deel 6** | Opvoedkunde |
| **Deel 7** | AgriWetenskappe |
| **Deel 8** | Regsgeleerdheid |
| **Deel 9** | Teologie |
| **Deel 10** | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| **Deel 11** | Ingenieurswese |
| **Deel 12** | Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe |
| **Deel 13** | Krygskunde (Slegs in Engels beskikbaar) |

## Beskikbaarheid van die Jaarboekdele

- Die elektroniese weergawes van die Jaarboekdele is beskikbaar by www.su.ac.za/jaarboeke.
- Dele 1 tot 12 is in Afrikaans sowel as Engels beskikbaar. Krygskunde (Deel 13) verskyn slegs in Engels.

# Inhoudsopgawe

**Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik....1**
**Algemene Inligting....3**
1. Kernmissie en funksies van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe....3
1.1 Ons geskiedenis....3
1.2 Ons Fakulteitstruktuur....3
1.3 Ons visie....3
2. Leer en onderrig, navorsing, en kliniese dienste en sosiale impak....4
2.1 Leer en onderrig....4
2.2 Navorsing....4
2.2 Kliniese dienste en sosiale impak....4
3. Tygerberg-kampus....5
4. Hoe om met die Fakulteit te kommunikeer....6
4.1 Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se kontakbesonderhede....6
4.2 Kontakbesonderhede van die Dekaansafdeling en Dienste....6
4.3 Departemente se kontakbesonderhede....8
4.4 Fakulteit se webblad....8
5. Hoe om met die Universiteit te kommunikeer....8
5.1 Voornemende studente....8
5.2 Huidige of voormalige studente....8
5.3 Die Universiteit se kontakbesonderhede....9
6. Taal aan die Universiteit....9
7. Voorgesette inskrywing *tydens* en ná maksimum inskrywingstydperk....9
7.1 Voorgraadse programme....9
7.2 Nagraadse programme....10

**Voorgraadse Programme....13**
1. Programaanbod....13
2. Voorgraadse-inskrywingsbestuur....13
3. Beurse en lenings....13
4. Immunisering....13
5. Hantering van assesseringsaangeleenthede....14
5.1 Assesseringsperiodes....14
5.2 Bespreking van eksamenantwoorde met dosente....14
5.3 Bespreking van assesseringsantwoorde in toetse van eksamengeassesseerde modules, nie-eksamengeassesseerde modules en kliniese of praktiese modules....15
5.3.1 Potensiële terugvoermeganismes vir teoretiese assesserings....15
5.3.2 Potensiële terugvoermeganismes vir kliniese of praktiese assesserings....15
5.4 Herbeoordeling van skriftelike eksamenantwoordskrifte in eksamengeassesseerde modules....15
5.4.1 Algemene bepalings....15
5.4.2 Interne herbeoordeling....16
5.4.3 Eksterne herbeoordeling....16
5.4.4 Dispuutresolusie....17

5.4.5 Kondonering van finale punt ..... 17
5.5 Dekaansvergunningsassesserings ..... 17
6. Hereksamens in modules van ander fakulteite ..... 17
6.1 Programme wat modules van ander fakulteite bevat ..... 17
6.2 Programme van ander fakulteite wat modules van hierdie Fakulteit bevat ..... 17
7. Hertoelating ná onsuksesvolle studie ..... 17
8. Spesiale reëlings betreffende gradeplegtighede vir MBChB VI-studente wat domeine van die Laat- Kliniese Rotasiesmodule herhaal ..... 18
9. Baccalaureusgraadprogramme ..... 18
9.1 Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Snykunde (MBChB) ..... 18
9.2 Baccalaureus in Arbeidsterapie (BArb) ..... 25
9.3 Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Dieetkunde (BScDieetk) ..... 28
9.4 Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Fisioterapie (BSc (Fisioterapie)) ..... 33
9.5 Baccalaureus in Spraak-Taal- en Gehoorterapie (BSpraak-Taal en Gehoor) ..... 36
9.6 Baccalaureus in Verpleegkunde (BVerpl) ..... 40
10. Voorgraadse Sportwetenskapprogramme ..... 46
10.1 Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Sportwetenskap (BA (Sportwetenskap)) ..... 46
10.1.1 BA (Sportwetenskap) met Afrikaans en Nederlands ..... 48
10.1.2 BA (Sportwetenskap) met Engels ..... 48
10.1.3 BA (Sportwetenskap) met Geografie en Omgewingstudie ..... 49
10.1.4 BA (Sportwetenskap) met Sielkunde ..... 50
10.2 Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Sportwetenskap (BSc (Sportwetenskap)) ..... 51

Nagraadse Programme ..... 53
1. Programaanbod ..... 53
2. Aanvang van nagraadse studie ..... 53
3. Erkenning van vorige leer en kredietakkumulasie en -oordrag ..... 54
4. Klasgeld ..... 54
5. Nagraadse programme ..... 54
5.1 Nagraadse Diplomas ..... 54
5.1.1 Nagraadse Diploma in Beroepsgeneeskunde ..... 54
5.1.2 Nagraadse Diploma in Geneesmiddelontwikkeling ..... 55
5.1.3 Nagraadse Diploma in Gesondheidsnavorsingsetiek ..... 57
5.1.4 Nagraadse Diploma in Gesondheidsorgbestuur ..... 58
5.1.5 Nagraadse Diploma in Gestremdheids- en Rehabilitasiestudies ..... 59
5.1.6 Nagraadse Diploma in Huisartskunde ..... 61
5.1.7 Nagraadse Diploma in Infeksiesiektes ..... 62
5.1.8 Nagraadse Diploma in Landelike Geneeskunde ..... 63
5.1.9 Nagraadse Diploma in Mediese Toksikologie ..... 65
5.1.10 Nagraadse diplomas in spesialisverpleegkunde/-verloskunde ..... 66
5.1.10.1 Nagraadse Diploma in Kritiekesorgverpleegkunde: Volwassene ..... 67
5.1.10.2 Nagraadse Diploma in Verloskunde ..... 68
5.1.10.3 Nagraadse Diploma in Peri-operatiewe Verpleegkunde ..... 70
5.1.10.4 Nagraadse Diploma in Primêresorgverpleegkunde ..... 71
5.1.10.5 Nagraadse Diploma in Geestesgesondheidsverpleegkunde ..... 72
5.1.10.6 Nagraadse Diploma in Verpleegonderwys ..... 73
5.1.10.7 Nagraadse Diploma in Gesondheidsdiensbestuur ..... 75

5.1.10.8 Nagraadse Diploma in Noodverpleegkunde ..... 76
5.1.11 Nagraadse Diploma in Verslawing ..... 77
5.2 Honneursgrade ..... 79
5.2.1 Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe ..... 79
5.2.1.1 HonsBSc in Anatomie ..... 80
5.2.1.2 HonsBSc in Biokinetika ..... 81
5.2.1.3 HonsBSc in Epidemiologie ..... 82
5.2.1.4 HonsBSc in Farmakologie ..... 83
5.2.1.5 HonsBSc in Geneeskundige Fisiologie ..... 84
5.2.1.6 HonsBSc in Geneeskundige Mikrobiologie ..... 84
5.2.1.7 HonsBSc in Geneeskundige Virologie ..... 85
5.2.1.8 HonsBSc in Hiperbariese Geneeskunde ..... 86
5.2.1.9 HonsBSc in Kerngeneeskunde ..... 86
5.2.1.10 HonsBSc in Kliniese Mensgenetika ..... 87
5.2.1.11 HonsBSc in Molekulêre Biologie ..... 88
5.2.1.12 HonsBSc in Morfologiese Wetenskappe ..... 88
5.2.1.13 HonsBSc in Onderwatergeneeskunde ..... 90
5.2.1.14 HonsBSc in Patologie ..... 91
5.2.1.15 HonsBSc in Reproduktiewe Biologie ..... 92
5.2.1.16 HonsBSc in Sportwetenskap (Prestasiesport) ..... 93
5.2.1.17 HonsBSc in Sportwetenskap (Kinderkinetika) ..... 94
5.3 Magistergrade ..... 95
5.3.1 Magister in die Geneeskunde ..... 95
5.3.1.1 MMed Anestesiologie ..... 97
5.3.1.2 MMed Beroepsgeneeskunde ..... 99
5.3.1.3 MMed Chirurgie ..... 100
5.3.1.4 MMed Dermatologie ..... 101
5.3.1.5 MMed Geneeskundige Genetika ..... 102
5.3.1.6 MMed Huisartskunde ..... 102
5.3.1.7 MMed Interne Geneeskunde ..... 104
5.3.1.8 MMed Kerngeneeskunde ..... 105
5.3.1.9 MMed Kliniese Farmakologie ..... 106
5.3.1.10 MMed Neurochirurgie ..... 107
5.3.1.11 MMed Neurologie ..... 109
5.3.1.12 MMed Noodgeneeskunde ..... 109
5.3.1.13 MMed Oftalmologie ..... 111
5.3.1.14 MMed Oor-, Neus- en Keelheelkunde ..... 112
5.3.1.15 MMed Openbaregesondheidsgeneeskunde ..... 114
5.3.1.16 MMed Ortopedie ..... 115
5.3.1.17 MMed Anatomiese Patologie ..... 116
5.3.1.18 MMed Chemiese Patologie ..... 118
5.3.1.19 MMed Geregtelike Patologie ..... 119
5.3.1.20 MMed Hematologiese Patologie ..... 121
5.3.1.21 MMed Kliniese Patologie ..... 122
5.3.1.22 MMed Mikrobiologiese Patologie ..... 124
5.3.1.23 MMed Virologiese Patologie ..... 125
5.3.1.24 MMed Pediatrie en Kindergesondheid ..... 126

5.3.1.25 MMed Pediatriese Chirurgie 129
5.3.1.26 MMed Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie 130
5.3.1.27 MMed Psigiatrie 131
5.3.1.28 MMed Radiologiese Diagnose 132
5.3.1.29 MMed Radiologiese Terapie 133
5.3.1.30 MMed Torakschirurgie 135
5.3.1.31 MMed Urologie 136
5.3.1.32 MMed Verloskunde en Ginekologie 137
5.3.1 Magister in die Natuurwetenskappe 138
5.3.2.1 MSc in Anatomie 139
5.3.2.2 MSc in Baromediese Wetenskappe 139
5.3.2.3 MSc in Bioinformatika en Berekeningsbiologie 140
5.3.2.4 MSc in Bio-informatika van Oordraagbare Siektes en Patogeengenomika 140
5.3.2.5 MSc in Biostatistiek 142
5.3.2.6 MSc in Epidemiologie 143
.3.2.7 MSc in Farmakologie 145
5.3.2.8 MSc in Geneeskundige Fisika 146
5.3.2.9 MSc in Geneeskundige Fisiologie 146
5.3.2.10 MSc in Geneeskundige Mikrobiologie 147
5.3.2.11 MSc in Geneeskundige Virologie 147
5.3.2.12 MSc in Implementeringwetenskap 148
5.3.2.13 MSc in Infeksievoorkoming en -beheer 149
5.3.2.14 MSc in Kerngeneeskunde 150
5.3.2.15 MSc in Kliniese Epidemiologie 151
5.3.2.16 MSc in Mensgenetika 153
5.3.2.17 MSc in Molekulêre Biologie 154
5.3.2.18 MSc in Morfologiese Wetenskappe 155
5.3.2.19 MSc in Neurowetenskap 156
5.3.2.20 MSc in Reproduktiewe Biologie 156
5.3.2.21 MSc in Sitopatologie 157
5.3.2.22 MSc in Sport- en Oefeninggeneeskunde 158
5.3.2.23 MSc in Sportwetenskap 160
5.3.2.24 MSc in Voedsel- en Voedingsekerheid 160
5.3.1 Magister in die Wysbegeerte 161
5.3.3.1 MPhil in Aansteeklike Siektes 161
5.3.3.2 MPhil in Bewuste Teenwoordigheid 162
5.3.3.3 MPhil in die Geestesgesondheid van die Baba 163
5.3.3.4 MPhil in Endokrinologie (subspesialisprogram) 164
5.3.3.5 MPhil in Gastroënterologie en Hepatologie (subspesialisprogram) 165
5.3.3.6 MPhil in Gemeenskapsgeestesgesondheid 166
5.3.3.7 MPhil in Geneesmiddelontwikkeling 167
5.3.3.8 MPhil in Gesondheidsberoepe-onderwys 168
5.3.3.9 MPhil in Gesondheidstelsels 170
5.3.3.10 MPhil in Ginekologiese Onkologie (subspesialisprogram) 173
5.3.3.11 MPhil in Hematologie (subspesialisprogram) 174
5.3.3.12 MPhil in Huisartskunde 174
5.3.3.13 MPhil in Infeksiesiektes (subspesialisprogram) 175

5.3.3.14 MPhil in Kankerwetenskap 176
5.3.3.15 MPhil in Kardiologie (subspesialisprogram) 178
5.3.3.16 MPhil in Kinder- en Adolessentepsigiatrie 178
5.3.3.17 MPhil in Minimale Toegang Ginekologiese Chirurgie 180
5.3.3.18 MPhil in Moeder- en Fetale Geneeskunde (subspesialisprogram) 180
5.3.3.19 MPhil in Nefrologie (subspesialisprogram) 181
5.3.3.20 MPhil in Neonatologie (subspesialisprogram) 182
5.3.3.21 MPhil in Neuropsigiatrie – Kliniese Neuropsigiatrie 183
5.3.3.22 MPhil in Neuropsigiatrie – Psigosomatiese Geneeskunde 184
5.3.3.23 MPhil in Neuropsigiatrie – Psigogeriatrie 185
5.3.3.24 MPhil in Noodgeneeskunde 186
5.3.3.25 MPhil in Ontwikkelingspediatrie (subspesialisprogram) 189
5.3.3.26 MPhil in Pediatriese Endokrinologie (subspesialisprogram) 190
5.3.3.27 MPhil in Pediatriese Gastroënterologie, Hepatologie en Voeding (subspesialisprogram) 191
5.3.3.28 MPhil in Pediatriese Infeksiesiektes (subspesialisprogram) 192
5.3.3.29 MPhil in Pediatriese Kardiologie (subspesialisprogram) 193
5.3.3.30 MPhil in Pediatriese Kritieke Sorg (subspesialisprogram) 194
5.3.3.31 MPhil in Pediatriese Mediese Onkologie (subspesialisprogram) 195
5.3.3.32 MPhil in Pediatriese Nefrologie (subspesialisprogram) 196
5.3.3.33 MPhil in Pediatriese Neurologie (subspesialisprogram) 197
5.3.3.34 MPhil in Pediatriese Pulmonologie (subspesialisprogram) 198
5.3.3.35 MPhil in Pediatriese Rumatologie (subspesialisprogram) 199
5.3.3.36 MPhil in Pulmonologie (subspesialisprogram) 200
5.3.3.37 MPhil in Reproduktiewe Geneeskunde (subspesialisprogram) 200
5.3.3.38 MPhil in Rumatologie (subspesialisprogram) 201
5.3.3.39 MPhil in Substansafhanklikheid 202
5.3.3.40 MPhil in Volwassene- Kritieke Sorg (subspesialisprogram) 203
5.3.4 Magister in Arbeidsterapie 203
5.3.4.1 Magister in Arbeidsterapie (gestruktureerde opsie) 204
5.3.4.2 Magister in Arbeidsterapie (tesisopsie) 205
5.3.5 Magister in Fisioterapie 205
5.3.5.1 Magister in Fisioterapie (gestruktureerde opsie) 206
5.3.5.2 Magister in Fisioterapie (tesisopsie) 207
5.3.6 Magister in Globale Chirurgie 207
5.3.7 Magister in Menslikerehabilitasiestudies 209
5.3.7.1 Magister in Menslikerehabilitasiestudies (gestruktureerde opsie) 210
5.3.7.2 Magister in Menslikerehabilitasiestudies (tesisopsie) 211
5.3.8 Magister in Oudiologie 211
5.3.9 Magister in Patologie 211
5.3.10 Magister in Spraak-Taalterapie 212
5.3.11 Magister in Terapeutiese Voeding 213
5.3.11.1 Magister in Terapeutiese Voeding (gestruktureerde opsie) 213
5.3.11.2 Magister in Terapeutiese Voeding (tesisopsie) 214
5.3.12 Magister in Verpleegkunde 215
5.3.12.1 Magister in Verpleegkunde (gestruktureerde opsie) 216
5.3.12.1 Magister in Verpleegkunde (tesisopsie) 217
5.3.13 Magister in Verslawingsorg 217

5.3.14 Magister in Voeding in Openbare Gesondheid ..... 218
5.3.14.1 Magister in Voeding in Openbare Gesondheid (gestruktureerde opsie) ..... 218
5.3.14.2 Magister in Voeding in Openbare Gesondheid (tesisopsie) ..... 219
5.4 Doktorsgrade ..... 220
5.4.1 Doktor in die Natuurwetenskappe ..... 220
5.4.2 Doktor in die Wysbegeerte ..... 220
5.4.2.1 PhD in Bioinformatika en Berekeningsbiologie ..... 224

**Vakke, Modules en Module-inhoude ..... 225**

1. Definisies en verduideliking van belangrike terme en taalspesifikasies ..... 225
1.1 Verduideliking van bogenoemde terme ..... 225
1.2 Voorwaarde vir die toekenning van 'n kwalifikasie of graad ..... 226
2. Vakke, modules en module-inhoude ..... 226

**Navorsings- en Diensinstansies ..... 291**

1. Afrika-Kankerinstituut ..... 291
2. Desmond Tutu TB-sentrum ..... 291
3. DST/NRF Sentrum van Uitnemendheid vir Biomediese Tuberkulosenavorsing (CBTBR) ..... 291
4. Eenheid vir Risiko en Veerkragtigheid in Geestesteurings van die MNR ..... 292
5. Gesinsentrum vir Navorsing met Ubuntu (FAM-CRU) ..... 292
6. Instituut vir Gesondheidsnavorsing oor Lewensverloop (IGL) ..... 293
7. MNR Sentrum vir TB-navorsing ..... 294
8. Sentrale Analitiese Fasiliteit ..... 294
9. Sentrum vir Bewysgebaseerde Gesondheidsorg (SBGS) ..... 294
10. Departement vir Gesondheidsberoepe-onderwys ..... 295
11. Sentrum vir Globale Chirurgie (SGC) ..... 296
12. Sentrum vir Kardiometaboliese Navorsing in Afrika (CARMA) ..... 296
13. Sentrum vir Navorsing in Neurodegeneratiewe Siekte (SNNS) ..... 297
14. SUNHEART ..... 297
15. Afdeling vir Landelike Gesondheid (Ukwanda) ..... 298

**Alfabetiese Vaklys ..... 300**

**Bylaag: BA (Sportwetenskap) (Uitfaserend) ..... 315**

# Hoe om hierdie Jaarboekdeel te gebruik

Hierdie afdeling gee vir jou riglyne oor waar om bepaalde inligting in die verskeie hoofstukke in hierdie Jaarboekdeel te vind. Raadpleeg die inhoudsopgawe vir die bladsynommers van die hoofstukke waarna hieronder verwys word.

## 1. Waar om inligting te vind

### 1.1 Voornemende voorgraadse studente

- Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die onstaan, struktuur en werksaamhede van die Fakulteit;
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit wat 'n verduideliking van die begrippe "aansoeknommer" en "studentenommer" insluit, asook relevante kontakbesonderhede aandui waarheen jy belangrike navrae kan rig; en
  - Taal aan die Universiteit.
- Voorgraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Inskrywing as voorgraadse student, insluitend die Situasionelebeoordelingstoets en immunisering;
  - Die Fakulteit se voorgraadse studieprogramme met die minimum toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme; en
  - Vakke en modules wat studente per jaargang vir die verskillende studieprogramme moet volg, met keuses waar van toepassing.
- Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
  - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van modules in die hoofstuk Voorgraadse Programme gebruik word;
  - Definisies van slaagvoorvereistes, voorvereistes en newevereistes; en
  - 'n Kort uiteensetting van elke module.
- Alfabetiese lys van voor- en nagraadse vakke is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

### 1.2 Voornemende nagraadse studente

- Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die onstaan, struktuur en werksaamhede van die Fakulteit;
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit wat 'n verduideliking van die begrippe "aansoeknommer" en "studentenommer" insluit, asook relevante kontakbesonderhede aandui waarheen jy belangrike navrae kan rig; en
  - Taal aan die Universiteit.
- Nagraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die Fakulteit se nagraadse studieprogramme;
  - Die toelatingsvereistes vir die onderskeie studieprogramme;
  - Spesifieke sluitingsdatums vir aansoeke, en ander relevante inligting, byvoorbeeld keuring vir toelating, en assessering en eksaminering; en
  - Vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing.
- Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
  - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van die modules in die hoofstuk Voorgraadse Programme gebruik word;
  - 'n Aanduiding by die individuele modules wat die lengte van teoretiese bloktydperke is; en
  - 'n Kort uiteensetting van elke module.
- Alfabetiese lys van voor- en nagraadse vakke is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

## 1.3 Geregistreerde voorgraadse studente

- Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit met relevante kontakbesonderhede waarheen jy belangrike navrae kan rig;
  - Taal aan die Universiteit.
- Voorgraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die Fakulteit se voorgraadse studieprogramme;
  - Algemene eksamenaangeleenthede sowel as die eksamen- en promosiebepalings vir elke program; en
  - Vakke en modules wat studente per jaargang vir die verskillende studieprogramme moet volg, met keuses waar van toepassing.
- Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
  - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van die modules in die hoofstuk Voorgraadse Programme gebruik word;
  - Die afkortings en definisies wat vir die doseerlading van individuele modules gebruik word;
  - 'n Aanduiding by die individuele modules wat die doseerlading daarvan is; en
  - 'n Kort uiteensetting van elke module.
- Alfabetiese lys van voor- en nagraadse vakke is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

## 1.4 Geregistreerde nagraadse studente

- Algemene Inligting-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Kommunikasie met die Fakulteit en die Universiteit met relevante kontakbesonderhede waarheen jy belangrike navrae kan rig.
- Nagraadse Programme-hoofstuk bevat inligting oor:
  - Die Fakulteit se nagraadse studieprogramme;
  - Vakke en modules wat per jaargang vir die verskillende studieprogramme gevolg moet word, met keuses waar van toepassing; en
  - Die assessering en eksaminering van elke program.
- Vakke, Modules en Module-inhoude-hoofstuk bevat:
  - 'n Verduideliking van vakke teenoor modules;
  - 'n Verduideliking van die verskillende syfers wat vir die nommering van die modules in die hoofstuk Voorgraadse Programme gebruik word;
  - 'n Aanduiding by die individuele modules wat die lengte van teoretiese bloktydperke is; en
  - 'n Kort uiteensetting van elke module.
- Alfabetiese lys van voor- en nagraadse vakke is agter in hierdie Jaarboekdeel beskikbaar.

# Algemene Inligting

## 1. Kernmissie en funksies van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) is sedert 1956 bekend vir uitnemendheid in mediese- en gesondheidswetenskappe-onderrig en -navorsing in Suid-Afrika.

Ons kernmissie is om te lei deur lewenslange leer te fasiliteer, om kennis te skep, te deel en oor te dra wat gesondheid en gesondheidsgelykheid bevorder, en om die medeskepper van waarde te wees in die gemeenskappe waarby ons betrokke is.

Ons is verbind tot die skep van 'n leef- en leergemeenskap waarin vakkundigheid floreer, menseregte waardeer en beskerm word, en die hoogste standaarde van etiek en professionaliteit geld.

### 1.1 Ons geskiedenis

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, as een van tien fakulteite by die Universiteit Stellenbosch, is in 1956 gestig en het sedertdien in een van die voorste fakulteite vir gesondheidswetenskappe in Afrika ontwikkel.

Die Fakulteit het 'n diverse studentekorps van ongeveer 4 000 voor- en nagraadse studente. Die Fakulteit se personeel bestaan uit meer as 1 400 personeellede in diens van die Universiteit Stellenbosch, die Wes-Kaapse regering en ander vennootwerkgewers.

Die FGGW is 'n selfgedrewe sentrum van uitnemendheid op vele gebiede, en het al as wegspringplek vir 'n hele aantal medies- en gesondheidswetenskapverwante baanbrekersinisiatiewe gedien. Ons is allerweë bekend vir ons wêreldklasnavorsing oor prioriteitstoestande in Afrika, soos tuberkulose, MIV/vigs en neuro-psigiatriese versteurings.

### 1.2 Ons Fakulteitstruktuur

Ons Fakulteit word bestuur deur die Dekaan, die Visedekaan: Leer en Onderrig, die Visedekaan: Navorsing en Internasionalisering, die Visedekaan: Kliniese Dienste en Sosiale Impak, en die Senior Direkteur: Besigheidsbestuur.

Ons Fakulteit bestaan uit veertien akademiese departemente, wat elk deur 'n uitvoerende departementshoof bestuur word, en een sentrum, naamlik:

- Anestesiologie en Kritieke Sorg;
- Biomediese Wetenskappe;
- Chirurgiese Wetenskappe;
- Geneeskunde;
- Gesondheidsberoepe-onderwys;
- Gesondheids- en Rehabilitasiewetenskappe;
- Globale Gesondheid;
- Huisarts- en Noodgeneeskunde;
- Mediese Beelding en Kliniese Onkologie;
- Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde
- Patologie;
- Pediatrie en Kindergesondheid;
- Psigiatrie;
- Verloskunde en Ginekologie; en
- Verpleeg- en Verloskunde.

### 1.3 Ons visie

Ons Fakulteit se visie is om die toonaangewende navorsingsintensiewe gesondheidswetenskappe-fakulteit in en vir Afrika te wees.

Die Fakulteit se oorhoofse doelwitte is om:

- Te fokus op sistemiese volhoubaarheid en die aankweek van innovering;
- 'n Transformerende opvoedkundige ervaring te fasiliteer wat ons gegradueerdes daarop voorberei om uit te blink en leiers te wees;
- Wederkerige vennootskappe en netwerke te bou;

- Te fokus op onderrig en leer wat in 'n netwerk gesitueer en samewerkend is om 'n leergerigte paradigma te bevorder;
- Ons reputasie vir wêreldgehaltenavorsing in ooreenstemming met die ernstige gesondheidsuitdagings van Afrika te bevorder; en
- 'n Mensgerigte institusionele kultuur te kweek met die oog daarop om die gesondheidswetenskappefakulteit van voorkeur te word.

# 2. Leer en onderrig, navorsing, en kliniese dienste en sosiale impak

## 2.1 Leer en onderrig

Die Fakulteit bied uitmuntende akademiese programme aan wat op navorsing van hoogstaande gehalte berus en deur goed geïntegreerde administratiewe strukture en prosesse ondersteun word. Ons voorsien in die behoeftes van 'n wye reeks dissiplines in gesondheidsorg en die gesondheidswetenskappe.

Die Fakulteit het van die beste sukseskoerse vir voorgraadse studente aan die Universiteit Stellenbosch. Ons het oor die jare heen verskeie studentesteun-inisiatiewe ingestel wat studentesukses fasiliteer. Waarskynlik die bekendste hiervan is ons omvattende tutormentorprogram, waarin junior studente deur senior studente wat tutoropleiding het ondersteun word.

Verder moniteer ons studentevordering baie fyn om risikostudente raak te sien en by te staan. Ons programkoördineerders werk saam met die Universiteit se studentesteunstrukture om die steundienste te verskaf wat ons studentegemeenskap nodig het. In die kliniese omgewing ondersteun programspesifieke registrateurs en opvoeders ons studente en hou oor hulle klinieseopleiding-behoeftes toesig.

Ons fokus skerp daarop om tegnologiese vooruitgang wat leer fasiliteer te integreer. Die Eenheid vir Digitale Opvoeding en Innovasie voer tegnologie by die kurrikulum in op maniere wat vir studente en dosente sinvol is, byvoorbeeld multimedia, e-assesserings, interaktiewe selfstudieaktiwiteite en omgekeerde klaskamers.

## 2.2 Navorsing

Die Fakulteit het oor dekades van toegewyde en volgehoue werk 'n uitstekende navorsingsreputasie opgebou. Die Fakulteit doen sy naam gestand as 'n toonaangewende navorsingsryke omgewing, nie net deur nasionale en plaaslike vennootskappe nie, maar ook deur omvattende internasionale medewerking. Die navorsingsagenda, wat op strategiese fokusgebiede berus, verseker dat navorsingsbedrywighede die ernstige gesondheidsuitdagings plaaslik en in Afrika die hoof bied.

Die afgelope jare het ons navorsers ongekende sukses beleef met die verkryging van eksterne toelaes. Die voorreg om navorsing te kan onderneem, gaan egter gepaard met die verantwoordelikheid om te publiseer. Daarom is dit verblydend dat ons navorsers al hoe meer hul stempel op internasionale literatuur afdruk. Selfs méér bevredigend is die toenemende bewyse dat hul navorsing gesondheidsbeleid en -praktyk binne én buite Suid-Afrika positief beïnvloed.

Die Fakulteit se navorsingsbedrywighede en -uitsette toon 'n beduidende toename in sowel volume as gehalte. Die jaarlikse uitset van die Fakulteit spreek van 'n trotse navorsingstradisie, met meer as 300 beoordeelde wetenskaplike artikels in vaktydskrifte en meer as 600 wetenskaplike referate, opsommings en plakkate by kongresse en ander wetenskaplike byeenkomste in Suid-Afrika en die buiteland.

Die Fakulteit het sewe navorsingstemas gekies wat deur die werk van 'n aantal wêreldklasnavorsers in 'n verskeidenheid departemente, afdelings, sentrums en eenhede in die Fakulteit ondersteun word. Die navorsingstemas is soos volg:

- infeksiesiektes, veral tuberkulose en MIV/vigs;
- reproduktiewe gesondheid;
- geestesgesondheid, veral psigiatriese versteurings;
- nie-aansteeklike siektes, veral diabetes, kanker en kardiovaskulêre siektes;
- openbare gesondheid, veral gesondheidstelsels en bewysgebaseerde gesondheidsorg;
- genetika; en
- besering, trauma en rehabilitasie.

## 2.3 Kliniese dienste en sosiale impak

Benewens navorsing en onderrig en leer, is sosiale impak 'n hoeksteen van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW). Deur gemeenskapsbetrokkenheid en 'n verbintenis tot transformerende, burgergesentreerde benaderings, vorm die Fakulteit 'n integrale deel van die gemeenskappe wat dit bedien. Die siekteprofiel en gesondheidsbehoeftes van Suid-Afrika en ook die res van Afrika rig die Fakulteit se strategieë oor akademiese, kliniese en sosiale betrokkenheidspogings.

Sterk vennootskappe tussen die Universiteit Stellenbosch en beide die Wes-Kaapse Departement van

Gesondheid en Welsyn en die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens is noodsaaklik om ons gesamentlike mandate van opleiding, dienslewering en navorsing te vervul. Hierdie samewerking word deur Fakulteitsooreenkomste geformaliseer en verseker betekenisvolle bydraes tot openbaregesondheidstelsels.

Gelei deur die beginsels van die Vyfdubbele Heliks Model, wat samewerking tussen die akademie, regering, industrie, burgerlike samelewing en die natuurlike omgewing bevorder, werk die Fakulteit ook saam met die privaat sektor, nie-winsgewende organisasies en provinsiale departemente soos Maatskaplike Ontwikkeling en Onderwys. Hierdie vennootskappe maak interdissiplinêre reaksies op sosiale determinante van gesondheid moontlik en ondersteun innovasie vir volhoubare ontwikkeling.

Voorgraadse studente, spesialiste-in-opleiding en kliniese akademici werk saam om noodsaaklike gesondheidsdienste aan gemeenskappe te lewer. Hierdie geïntegreerdediensleermodel bied studente praktiese ervaring terwyl hulle werklike gesondheidsbehoeftes aanspreek. Navorsing en onderrig wat in hierdie plaaslike kontekste gegrond is, verseker dat die Fakulteit aanpasbaar en impakvol bly.

Deur 'n verspreide opleidingsmodel kry studente blootstelling aan gesondheidswetenskaplike opleiding op alle vlakke van die gesondheidstelsel. Opleiding vind nie net in groot hospitale soos Tygerberg en streeksfasiliteite plaas nie, maar ook in minderbevoorregte stedelike en landelike areas, gemeenskapsgesondheidsentrums, huisartspraktyke, mobiele klinieke, skole, ouetehuise en by pasiënte tuis.

### Landelikeopleidingsplatform

Landelike gemeenskappe in Suid-Afrika ervaar dikwels 'n buitensporige siektelas as gevolg van armoede, beperkte hulpbronne en ongelyke toegang tot gesondheidsorgpersoneel. Universiteit Stellenbosch was een van die eerste instellings in die land om 'n landelikeopleidingsplatform wat oor die Wes-Kaap-, Oos-Kaap- en Noord-Kaapprovinsie strek vir studente te implementeer.

Met die besef dat 'n langtermynverbintenis tot landelike gesondheid deur betekenisvolle ervarings bevorder word, moedig die Fakulteit verlengde plasings aan, veral in landelike gebiede. Dit bied studente die geleentheid om ware verbintenisse met gemeenskappe te bou. Studente werk binne die bestaande gesondheidstelsel en dra by tot werklike dienslewering terwyl hulle leer uit die ervarings van die mense wat hulle bedien.

In 2011 het die stigting van die Ukwanda Landelike Kliniese Skool (LKS) dit moontlik gemaak vir finalejaarmediese studente om jaarlange plasings te voltooi by plekke soos Worcester, Ceres, Robertson, Hermanus, Upington en Swellendam. Hierbenewens was programme in menslike voeding en arbeidsterapie ook van die eerstes om soortgelyke plasings in Worcester te bied.

In 2019 het die Fakulteit voorgraadse kliniese opleiding uitgebrei na Upington in die Noord-Kaap, waar studente by die Dr Harry Surtie Hospitaal geplaas is en aktief by plaaslike klinieke, skole, nie-regeringsorganisasies en omliggende gemeenskappe betrokke was.

'n Sleutelstrategie van hierdie landelike plasings is om studente te help om aan te pas by en waardering te kry vir landelike lewe, met die doel om meer gegradueerdes te laat terugkeer na hierdie gemeenskappe. Hierdie plasings weerspieël die Fakulteit se waardes van wedersydse voordeel, gelykheid en volgehoue sosiale impak, wat nie net diensgebruikers bevoordeel nie, maar ook sosiaal verantwoordelike gesondheidswerkers vorm.

### SUNLOC-ondersteuningsdienseenheid

Die verspreide klinieseopleidingsplatform is 'n strategiese prioriteit van die FGGW en bied voorgraadse studente in geneeskunde, menslike voeding, spraak- en taalterapie, arbeidsterapie, verpleegkunde en fisioterapie praktiese kliniese rotasies.

SUNLOC, oftewel die Stellenbosch University Logistics for the Clinical Training Platform, funksioneer as 'n professioneleondersteuningsdiens in die Fakulteit. Die SUNLOC-kantoor koördineer 'n omvattende logistiekeondersteuningsisteem vir studente en verseker dat hulle die nodige hulpbronne het om suksesvol in hul opleiding te wees. Die dienste wat gelewer word, sluit in:

**Afstandsakkommodasie:** Reël behuising vir studente tydens kliniese rotasies.

**Vervoeroplossings:** Bied toegang tot pendeldienste, 'n voertuigvloot en selfry-opsies.

**IKT-ondersteuning:** Verskaf skootrekenaars, roeteerders en dataverbindings om studente akademies te ondersteun.

SUNLOC werk aktief saam met gemeenskappe, gesondheidsorgverskaffers en nie-regeringsorganisasies om gemeenskapsontwikkeling en gesondheidsorg deur geoptimaliseerde logistieke ondersteuning te verbeter. Deur hierdie bogenoemde noodsaaklike dienste te stroomlyn, speel SUNLOC 'n belangrike rol in die opleiding van bekwame en sosiaal verantwoordelike gesondheidswerkers in Suid-Afrika.

## 3. Tygerberg-kampus

Die FGGW is geleë op die Tygerberg-kampus – Suid-Afrika se eerste rook- en tabakvrye kampus – wat deel is van Kaapstad se noordelike voorstede en ongeveer 30 kilometer vanaf die Universiteit se Stellenbosch-kampus geleë is. Studente en personeel op die Tygerberg-kampus geniet uitsigte op die Tygerberg Natuurreservaat en die ikoniese Tafelberg.

Die Tygerberg-kampus bied die volgende uitstekende fasiliteite:

- Moderne klaskamers;
- 'n Gemoderniseerde Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek;
- Verskeie vaardigheidslaboratoriums;
- 'n Rekenaarsentrum;
- Ses studentekoshuise;
- Akkommodasie vir internasionale studente en besoekers;
- 'n Studente-ontspanningsentrum en 'n kafeteria;
- Versorgde sportvelde;
- Tennis- en netbalbane;
- Kampusgesondheidsdienste;
- 'n Goed toegeruste gimnasium;
- 'n Eko-vriendelike staproete; en
- 'n Swembad.

Die opleidingskompleks bestaan uit die Tygerberg Hospitaal, die nuwe Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI), die Fisangebou, die Kliniese-gebou, en die Onderwysgebou met moderne lesing-, biblioteek-, rekenaar- en laboratoriumfasiliteite, asook 'n splinternuwe Simulasie- en Kliniesevaardigheidsentrum.

Losies is in ses universiteitskoshuise op die Tygerberg-kampus beskikbaar, naamlik Hippokrates, Huis Francie van Zijl, Kerkenberg, Meerhoff, Huis Ubuntu en Huis Nkosi Johnson.

# 4. Hoe om met die Fakulteit te kommunikeer

## 4.1 Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se kontakbesonderhede

Skakel die Fakulteit by die onderstaande twee algemene nommers. (Vir die direkte kontakbesonderhede van die Dekaansafdeling en Dienste, kyk afdeling 4.2 hieronder en vir die kontakbesonderhede van die onderskeie departemente, kyk afdeling 4.3.)

Tel.: 021 938 9111

Besoek die Fakulteit by die onderstaande fisiese adres:

Francie van Zijl-rylaan
Tygerberg
7505
Kaapstad

Rig spesifieke navrae oor die Fakulteit aan die onderstaande adresse.

Korrespondensie in verband met akademiese aangeleenthede, d.w.s. studie-aangeleenthede, beurse en lenings, ens., asook koshuisplasings, moet gerig word aan:

Die Adjunkregistrateur: Akademiese Administrasie
Tygerberg-kampus
Posbus 241
KAAPSTAD
8000

tygstudentadmin@sun.ac.za

Korrespondensie in verband met finansiële en dienste-aangeleenthede moet gerig word aan:

Senior Direkteur: Besigheidsbestuur
Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Posbus 241
KAAPSTAD
8000

businessmanagement@sun.ac.za

## 4.2 Kontakbesonderhede van die Dekaansafdeling en Dienste

| Personeel | Telefoonnommer | E-posadres/Webtuiste |
|---|---|---|
| **Dekaansafdeling** | | |
| **Dekaan** | | |

| Personeel | Telefoonnommer | E-posadres/Webtuiste |
|---|---|---|
| Prof Elmi Muller | 021 938 9104 | deanfhs@sun.ac.za |
| **Visedekaan: Leer en Onderrig** | | |
| Prof Karin Baatjes | 021 938 9035 | educationfmhs@sun.ac.za |
| **Visedekaan: Kliniese Dienste en Sosiale Impak** | | |
| Dr Therese Fish | 021 938 9096 | clinicalsocialfmhs@sun.ac.za |
| **Visedekaan: Navorsing en Internasionalisering** | | |
| Prof Nico Gey van Pittius | 021 938 9098 | researchfhs@sun.ac.za |
| **Senior Direkteur: Besigheidsbestuur** | | |
| Mnr Eben Mouton | 021 938 9437 | businessmanagement@sun.ac.za |
| **Dienste** | | |
| **Sentrum vir Akademiese Administrasie** | | |
| | 021 938 9487 | tygstudentadmin@sun.ac.za<br>webblad: www.su.ac.za/tygacademicadmin |
| **Adjunkregistrateur** | | |
| Me Farah Fredericks | 021 938 9379 | tygstudentadmin@sun.ac.za |
| **RGSA- en SAVR-registrasie** | | |
| | 021 938 9284 | tygstudentadmin@sun.ac.za |
| **Studente- en Programadministrasie** | | |
| Tygerberg-kampus | 021 938 9204/ 9235/9199 | **Registrasienavrae:**<br>fmhsregistration@sun.ac.za<br>**Nagraadseaansoeknavrae:**<br>tyg-pgapplications@sun.ac.za<br>**Voorgraadseaansoeknavrae:**<br>tygselections@sun.ac.za |
| Stellenbosch-kampus | 021 808 4842 | |
| **Assesseringsadministrasie** | | |
| | 021 938 9309/ 9142 | tygexams@sun.ac.za |
| **Voorgraadse Keuring** | | |
| | 021 938 9203/ 9533/9580 | tygselections@sun.ac.za |
| **Beursnavrae (Voorgraads)** | | |
| Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings | 021 938 9129/ 9458 | sunfinaid@sun.ac.za<br>webblad: https://finaid.sun.ac.za/ |
| **Beursnavrae (Nagraads)** | | |
| Nagraadsefinansieringskantoor | Geen | postgradfunding@sun.ac.za |
| **Koshuisplasing** | | |
| Me Annelie Scholtz | 021 938 9378 | amscholtz@sun.ac.za |
| **Bemarking en Kommunikasie** | | |
| Me Meggan Ceylon | 021 938 9202 | tygermar@sun.ac.za |
| **Strategiese Verhoudingsbestuurder** | | |
| Me Florence de Vries | 021 938 9505 | florenced@sun.ac.za |
| **Tygerberg Doktorale Kantoor** | | |
| Dr Liela Groenewald | 021 938 9813 | tyg-phd@sun.ac.za |
| **Tygerberg- Internasionale Kantoor** | | |
| Dr Nyambura Mwagiru | 021 938 9086 | TIOinfo@sun.ac.za |
| **Gesondheidswetenskappe-biblioteek** | | |
| | 021 938 9368 | genbib@sun.ac.za |

Vir Universiteitsomgewings wat nie hier gelys word nie, kontak die Universiteit Stellenbosch Kontak- en Kliëntedienssentrum op die Stellenbosch-kampus telefonies by 021 808 9111 of elektronies by info@sun.ac.za.

## 4.3 Departemente se kontakbesonderhede

| Departement | Telefoonnommer | E-posadres/Webtuiste |
|---|---|---|
| **Anestesiologie en Kritieke Sorg** | | |
| | 021 938 9226 / 9028 | https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/anaesthesiology |
| **Biomediese Wetenskappe** | | |
| | 021 938 9638 | elrezea@sun.ac.za |
| **Chirurgiese Wetenskappe** | | |
| | 021 938 9266 | holde@sun.ac.za |
| **Geneeskunde** | | |
| | 021 938 9044 | hews@sun.ac.za |
| **Gesondheids- en Rehabilitasiewetenskappe** | | |
| | 021 938 9300 | hvdw@sun.ac.za |
| **Gesondheidsberoepe-onderwys** | | |
| | 021 938 9054 | marais5678@sun.ac.za |
| **Globale Gesondheid** | | |
| | 021 938 9753 | adele2@sun.ac.za |
| **Huisarts- en Noodgeneeskunde** | | |
| | 021 938 9620 | tobaniz@sun.ac.za |
| **Mediese Beelding en Kliniese Onkologie** | | |
| | 021 938 9320 | aj@sun.ac.za |
| **Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde** | | |
| | 021 808 4915 | mimbotha@sun.ac.za |
| **Patologie** | | |
| | 021 938 4032 | sal@sun.ac.za |
| **Pediatrie en Kindergesondheid** | | |
| | 021 938 9506 | aec1@sun.ac.za |
| **Psigiatrie** | | |
| | 021 938 9116 | maryp@sun.ac.za |
| **Verloskunde en Ginekologie** | | |
| | 021 938 9209 | mms1@sun.ac.za |
| **Verpleeg- en Verloskunde** | | |
| | 021 938 9036 | nursing@sun.ac.za |

## 4.4 Fakulteit se webblad

Vir meer inligting oor die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en skakels na die webblaaie van die onderskeie departemente, besoek ons by https://www.su.ac.za/af/fakulteite/geneeskunde.

# 5. Hoe om met die Universiteit te kommunikeer

## 5.1 Voornemende studente

- Wanneer jy aansoek doen om by die Universiteit te studeer, ken die Universiteit aan jou 'n aansoeknommer (bv. APP/1234567) toe.
- Die aansoeknommer is jou unieke identifikasie om toekomstige kommunikasie oor jou programaansoek(e) met die Universiteit te vergemaklik.
- Gebruik jou aansoeknommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

## 5.2 Huidige of voormalige studente

- Wanneer jy toegelaat word tot en registreer vir 'n program aan die Universiteit, ken die Universiteit aan jou 'n studentenommer toe.
- Die studentenommer is jou unieke identifikasie om toekomstige kommunikasie met die Universiteit

te vergemaklik.

- Gebruik jou studentenommer elke keer wanneer jy met die Universiteit kommunikeer.

## 5.3 Die Universiteit se kontakbesonderhede

Rig navrae oor akademiese aangeleenthede soos studie-navrae, beurse en lenings, koshuisplasings, ensovoort aan:

E-pos: info@sun.ac.za

Telefoon: 021 808 9111

Besoek gerus ook die Universiteit se webwerf by http://www.su.ac.za.

# 6. Taal aan die Universiteit

Die Universiteit Stellenbosch is verbind tot die omgang met kennis in 'n diverse samelewing en streef deur die Taalbeleid daarna om billike toegang tot die Universiteit uit te brei vir alle studente en personeellede. Meertaligheid word as 'n belangrike onderskeidende kenmerk van die Universiteit bevorder. Afrikaans, Engels en isiXhosa word in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste gebruik. Pedagogies verantwoordbare onderrig en leer word deur middel van Afrikaans en Engels gefasiliteer.

Meer inligting oor taal aan die Universiteit Stellenbosch is beskikbaar op die webwerf https://www.su.ac.za/af/oor-ons/meertaligheid

# 7. Voortgesette inskrywing *tydens* en ná maksimum inskrywingstydperk

## 7.1 Voorgraadse programme

### 7.1.1 Registrasieverantwoordelikhede

Jy moet elke jaar, vir die volle duur van jou studies, as student registreer totdat jy die betrokke graad ontvang (lees die afdeling “Baccalaureusgraadprogramme” hieronder), behalwe as die Fakulteitsraad goedgekeur het dat jy jou studies onderbreek (raadpleeg afdeling 8, “Verlof tot afwesigheid en onderbreking van studies” hieronder).

Jy sal toegelaat word om vir ’n volgende studiejaar te registreer slegs as jy voldoende vordering in die voorafgaande jaar gemaak het, en as jy voldoen aan die programspesifieke vereistes vir elke registrasiejaar (lees die afdeling “Baccalaureusgraadprogramme” hieronder), sowel as die US en die FGGW se toelatingsvereistes (lees die afdeling “Hertoelating na onsuksesvolle studie” hieronder).

### 7.1.2 Voortgesette inskrywing *na* die maksimum inskrywingstydperk

Nadat die normale maksimum inskrywingstydperk verstryk het (F) (minimum inskrywingstydperk hou verband met die minimum tyd gespesifiseer vir voltooiing van 'n voorgraadse kwalifikasie – verwys na Tabel 1 hieronder), mag jy vir voorgraadse studies herregistreer slegs nadat jy suksesvol soos volg aansoek gedoen het om hertoelating om jou studies voort te sit:

- deur ’n volledig geondersteunde begronding aan die Hertoelatingsappèlkomitee (HAK) voor te lê wat die omstandighede buite jou beheer uiteensit wat daartoe bygedra het dat jy onbevredigend met die program gevorder het, hoekom jy toegelaat moet word om na die program terug te keer en hoe jy jou studiesukses in die toekoms gaan verseker; en
- deur sodanige begronding teen die sluitingsdatum vir aansoeke wat die HAK vasgestel het vir die jaar waarin jy jou inskrywing wil voortsit in te dien.

As die HAK jou appèl toestaan, het jy die minimum tydperk wat in die program oorbly om dit te voltooi.

Normaalweg verleen die HAK slegs een keer goedkeuring dat die toegelate maksimum inskrywingstydperk verleng word, of beveel aan dat sodanige goedkeuring toegestaan word,.

Jy bly aanspreeklik vir alle uitstaande gelde op jou studentegelderekening, en jy sal aanspreeklik wees vir die volle studiegelde (program-, module- en verwante goedgekeurde uitgawes) van modules wat jy nie voltooi het nie, soos bepaal deur die Fakulteit en goedgekeur deur die Studentegeldekomitee.

Tabel 1 hieronder sit die maksimum inskrywingstydperk vir die onderskeie voorgraadse programme uiteen.

### Tabel 1: Maksimum tydperk van voorgraadse inskrywing

| Program | Registrasiejaar | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** |
| 4-jarige graad | M | M | M | M | F | X | | | |
| MBChB | M | M | M | M | M | M | F | X | |

* Let asseblief daarop dat 'n vierjarige graad beskou word as 'n professionele baccalaureusgraad met 'n minimum kredietwaarde van 480 krediete en met 'n uittrede op NKR-vlak 8.

** Let asseblief daarop dat die MBChB-graad beskou word as 'n professionele baccalaureusgraad met 'n minimum kredietwaarde van 720 krediete en met 'n uittrede op NKR-vlak 8.

#### Sleutel

| | | |
|---|---|---|
| M | Minimum inskrywingstydperk | Minimum tydperk van inskrywing vereis vir die graad soos in die FGGW se Jaarboekdeel gepubliseer |
| F | Finale jaar as vergunning | Mag registreer, indien nodig, sonder om aansoek om hertoelating te doen |
| X | Maksimum jaar | Inskrywing slegs as die HAK hertoelating goedgekeur het, of die Fakulteitsraad as jy 'n finalejaar-MBChB-student is wat domeine van die Laat Kliniese Rotasie-modules moet herhaal |
| | Verdere registrasie ontoelaatbaar | Geen verder registrasie is moontlik nie, buiten in hoogs uitsonderlike gevalle, wat die relevant voorgraadse komitee sal oorweeg vir begronding voor die Fakulteitsraad |

## 7.2 Nagraadse programme

### 7.2.1 Registrasieverantwoordelikhede

Jy moet elke jaar, vir die volle duur van jou studies, as student registreer totdat jy die betrokke kwalifikasie ontvang (lees die afdeling "Voortsetting van inskrywing vir nagraadse programme" in Deel 1 van die US se Jaarboek) behalwe as die Fakulteitsraad goedgekeur het dat jy jou studies kan onderbreek (lees die afdeling "Onderbreking van magister- en doktorale studies" in Deel 1 van die US se Jaarboek).

Jy sal toegelaat word om vir 'n volgende studiejaar te registreer slegs as jy voldoende vordering in die voorafgaande jaar gemaak het. As jou vordering onvoldoende was, kan die betrokke nagraadseprogram-komitee aanbeveel dat die Fakulteitsraad weier dat jy jou nagraadse studies voortsit. Die Fakulteitsraad kan onder meer die volgende oorweeg:

- of daar redelikerwys verwag kan word dat jy die program binne die toepaslike maksimum inskrywingstydperk sal afhandel, in ag genome jou vordering tot op datum en enige omstandighede wat dit moontlik beïnvloed het; en
- in watter mate jy tot dusver getoon het dat jy onafhanklik aan werkopdragte, tesisse en proefskrifte kan werk en dat jy voldoende kliniese en akademiese vordering gemaak het in programme waar dit tersaaklik is.

### 7.2.2 Voortgesette inskrywing *na* die maksimum inskrywingstydperk

Nadat die minimum inskrywingstydperk verstryk het (minimum inskrywingstydperk hou verband met die minimum tyd gespesifiseer vir die voltooiing van 'n nagraadse kwalifikasie deur gebruik te maak van die voltydse of deeltydse tydperk soos gespesifiseer in Tabel 2), word 'n finale jaar as vergunning aan nagraadse studente toegestaan. Jy mag daarvoor registreer, indien nodig, sonder dat jy om hertoelating hoef aansoek te doen (kyk na Tabel 2 hieronder). Daarna mag jy vir 'n bykomende maksimum jaar (X) as nagraadse student registreer, maar slegs as jy amptelik en met sukses soos volg aansoek om hertoelating gedoen het om jou studies voort te sit:

- deur 'n volledig geondersteunde begronding aan die voorsitter van die betrokke nagraadseprogram-komitee voor te lê wat die redes uiteensit hoekom jy daarin misluk het om voldoende vordering te maak – tot op datum en langer as die normale inskrywingstydperk, sowel as die vergunningstydperk vir die program, hoekom jy toegelaat moet word om na die program terug te keer vir 'n laaste geleentheid om die program te voltooi en hoe jy jou studiesukses in die bykomende maksimum jaar gaan verseker; en
- deur sodanige motivering teen 15 Januarie van die jaar waarin jy oorweeg wil word vir die addisionele maksimum jaar (X) relevant tot jou akademiese program in te dien.

As die betrokke nagraadseprogramkomitee aanbeveel dat die Fakulteitsraad jou aansoek goedkeur, en die

Fakulteitsraad staan dit wel toe, sal jy die minimum tydperk hê wat in die program oorbly om dit te voltooi.

Jy bly aanspreeklik vir alle uitstaande gelde op jou studentegelderekening, en jy sal aanspreeklik wees vir die volle studiegelde (program-, module- en verwante goedgekeurde uitgawes) van modules wat jy nie voltooi het nie, soos bepaal deur die Fakulteit en goedgekeur deur die Studentegeldekomitee.

Opmerking: As jy 'n PhD-student is, moet jy met die Fakulteitsraad se aanbeveling by die Senaat toestemming vra om jou studies vir langer as die toegelate finale jaar (F) te verleng.

Normaalweg verleen die Fakulteitsraad slegs een keer goedkeuring, of beveel aan dat dit toegestaan word, dat die toegelate maksimum tydperk van inskrywing verleng word. Geen verdere registrasie sal oorweeg word nie, buiten in hoogs uitsonderlike omstandighede, wanneer die Dekaan dit sal oorweeg vir begronding voor die Fakulteitsraad of, in die geval van 'n PhD, voor die Senaat.

Tabel 2 hieronder sit die maksimum inskrywingstydperk vir die onderskeie nagraadse programme uiteen.

## Tabel 2: Maksimum tydperk van nagraadse inskrywing

| **Program** | **Registrasiejaar** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** |
| Hons/NG Dip **voltyds** | M | F | X | | | | | |
| Hons/NG Dip **deeltyds** | M | M | F | F | X | | | |
| | | | | | | | | |
| MMed: 4-jarige graad | M | M | M | M | F | X | | |
| MMed: 5-jarige graad | M | M | M | M | M | F | X | |
| MPhil* **voltyds** | M | M | F | X | | | | |
| MPhil **deeltyds** | M | M | M | M | F | X | | |
| MSc 1-jarig **voltyds** | M | F | X | | | | | |
| MSc 1-jarig **deeltyds** | M | M | F | X | | | | |
| MSc 2-jarig **voltyds** | M | M | F | X | | | | |
| MSc 2-jarig **deeltyds** | M | M | M | F | X | | | |
| M* 1-jarig **voltyds** | M | F | X | | | | | |
| M 1-jarig **deeltyds** | M | M | F | X | | | | |
| M 2-jarig **voltyds** | M | M | F | X | | | | |
| | | | | | | | | |
| PhD** | M | M | Mx | Mx | Mx | F | X | |

** Die MPhil in Kardiologie en M in Arbeidsterapie word oor 'n minimum tydperk van 3 jaar aangebied. Die finale jaar (F) sal dus toegelaat word in jaar 4 van registrasie.*

***As jy jou magisterstudies in doktorale studies omskakel, moet jy vir die magister- en die doktorsgraad gesamentlik ingeskryf gewees het vir minstens drie jaar nadat jy jou honneurs- (of vierjarige baccalaureus-)graad verwerf het, of vir minstens vier jaar as jy jou magisterstudies onderneem het direk nadat jy jou baccalaureusgraad verwerf het. In albei gevalle moet dit minstens een jaar van inskrywing vir doktorale studies*

*insluit (lees afdeling 1.2.6, "Omskakeling van magister- na doktorsgraad"). In al hierdie gevalle sal registrasiejaar 6 ná die omskakeling die bykomende maksimum jaar (X) wees.*

## Sleutel

| | | |
|---|---|---|
| M | Minimum inskrywingstydperk | Minimum tydperk van inskrywing vereis vir die graad soos in die FGGW se Jaarboekdeel gepubliseer |
| Mx | Maksimum inskrywingstydperk PhD | Maksimum tydperk van inskrywing vereis vir die graad soos in die FGGW se Jaarboekdeel gepubliseer |
| F | Finale jaar as vergunning | Mag registreer, indien nodig, sonder om aansoek om hertoelating te doen |
| X | Maksimum jaar | Registrasie slegs indien hertoelating deur die Fakulteitsraad goedgekeur is of, vir 'n PhD, deur die Senaat |
| | Verdere registrasie ontoelaatbaar | Geen verder registrasie is moontlik nie, buiten in hoogs uitsonderlike gevalle, wat die relevante nagraadse komitee sal oorweeg vir begronding voor die Fakulteitsraad of, vir 'n PhD, voor die Senaat via die standaardbestuursliggame van die Fakulteit. |

# Voorgraadse Programme

## 1. Programaanbod

Die volgende voorgraadse graadprogramme word deur die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aangebied:

- Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Snykunde (MBChB);
- Baccalaureus in Arbeidsterapie (BArb);
- Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Dieetkunde (BScDieetk);
- Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Fisioterapie (BSc (Fisioterapie));
- Baccalaureus in Spraak-Taal- en Gehoorterapie (BSpraak-Taal en Gehoor); en
- Baccalaureus in Verpleegkunde (BVerpl).

## 2. Voorgraadse-inskrywingsbestuur

Om die Raadsteikens rakende die totale aantal studente asook die studierigtings en diversiteitsprofiel van die Universiteit Stellenbosch se studentegemeenskap te kan bereik, moet die Universiteit se voorgraadse inskrywings bestuur word. Nie net word hierdie voorgraadse inskrywings bestuur om in te pas binne die beskikbare kapasiteit nie, maar dit is vir ons belangrik om diversiteit te bevorder.

Die Universiteit se voorgraadse inskrywings word binne die raamwerk van die nasionale hoëronderwysstelsel bestuur. Ons streef na 'n verantwoorde samehang tussen nasionale en institusionele doelwitte met respek vir belangrike beginsels soos institusionele outonomiteit, akademiese vryheid en openbare verantwoordelikheid. Die volgende uitgangspunte word toegepas:

- Hoë akademiese standaarde word gehandhaaf vir die uitbouing van akademiese uitnemendheid.
- Daar word probeer om hoë sukseskoerse by die Universiteit te handhaaf en voortdurend te verbeter.
- Die Universiteit is verbind tot regstelling, sosiale verantwoordelikheid en om toekomstige rolmodelle uit alle bevolkingsgroepe op te lei.
- Die Universiteit streef daarna om toegang tot hoër onderwys te verbreed, veral aan studente uit onderwysbenadeelde en ekonomies behoeftige omstandighede wat die akademiese potensiaal het om suksesvol aan die Universiteit te studeer.

Neem kennis dat, al voldoen jy aan die minimum toelatingsvereistes van jou gekose program, jy nie noodwendig tot die Universiteit toegelaat sal word nie omdat plekke beperk is en inskrywings strategies en doelgerig bestuur word.

Alle voorgraadse programme in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is keurings-programme. Keuring vind plaas volgens die riglyne en prosedures van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Raadpleeg die keuringsprosedures en toelatingsvereistes vir voorgraadse programme by https://www.su.ac.za/af/aansoek/voorgraads/apply-0/toelatings-en-keuringsvereistes. Jy kan ook meer besonderhede oor die toelatingsvereistes vir voorgraadse programme in hierdie hoofstuk vind.

## 3. Beurse en lenings

Kontak die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings (Tygerberg-kampus) vir meer inligting in verband met beurse en lenings. Kyk in die vorige hoofstuk onder afdeling 4.2 “Kontakbesonderhede van die Dekaansafdeling en Dienste” in die tabel by die inskrywing “Beursnavrae” vir kontakinligting of besoek https://finaid.sun.ac.za/af/.

## 4. Immunisering

Immunisering teen Hepatitis B word sterk aanbeveel vir alle voorgraadse studente van die Fakulteit. Indien jy vir die B in Verpleegkunde-program gekeur is, móét jy teen Hepatitis B geïmmuniseer word.

Jy kan deur jou eie dokter geïmmuniseer word of dit by die Kampusgesondheidsdiens (KGD) op die kampus gedurende die eerste semester van jou eerste jaar laat doen. Jy moet die bewys van immunisasie voor die einde van die eerste jaar by die programleier inlewer.

Jy word ook sterk aangeraai om jou teen Hepatitis A, Varicella (waterpokkies), Difterie (witseerkeel), masels en met ander vaksiene soos nodig te laat immuniseer.

# 5. Hantering van assesseringsaangeleenthede

Die onderstaande addisionele assesseringsbepalings hou verband met modules en programme wat in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe op die Tygerberg-kampus aangebied word. Vir programme van hierdie Fakulteit wat op die Stellenbosch-kampus aangebied word geld die algemene assesseringsbepalings soos uiteengesit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek in die hoofstuk "Assesserings en promoverings" (soos toepaslik op die Stellenbosch-kampus) tensy addisionele module-spesifieke assesseringsbepalings verderaan in hierdie Jaarboek (Deel 12) onder die inligting vir 'n spesifieke program vermeld word.

Let asseblief op dat die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe steeds gebruik maak van die eksamenassesseringstelsel in modules wat weens kurrikulumhernuwing in die proses is om uitgefaseer te word en in nagraadse programme wat gebruik maak van eksterne eksamineringsliggame vir professioneleregistrasiedoeleindes.

Hierdie dokument moet in samehang gelees word met die Universiteit Stellenbosch se Assesseringsbeleid en die hoofstuk "Assesserings en promoverings" in die Deel 1 van die Universiteitsjaarboek (Algemene Reëls).

Die assessering van magistertesisse en doktorale proefskrifte word in die nagraadse riglyne van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aangespreek. Kontak asseblief die Tygerberg Doktorale Kantoor vir inligting in hierdie verband. Die assessering van modules wat aangebied word vir nagraadse diploma-, honneurs- en gestruktureerde magistergrade word aangespreek in die bepalings oor "Hernuwing van registrasie as student" en/of die assesserings- en promosiebepalings vir elke nagraadse program in Deel 12 (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) van die Jaarboek.

In die geval van navrae wat nie deur die inhoud van hierdie dokument aangespreek word nie, kontak asseblief die kantoor van die Visedekaan: Leer en Onderrig by educationfmhs@sun.ac.za vir raad.

## 5.1 Assesseringsperiodes

Programme wat by die Tygerberg-kampus aangebied word, volg nie die assesseringsperiodes soos uiteengesit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek in die hoofstuk "Assesserings en promoverings" nie.

- Die assesseringskedule op die Tygerberg-kampus word deur die Assesseringsadministrasiekantoor van die Sentrum vir Akademiese Administrasie (Tygerberg-kampus) gekoördineer.
- Die assessering van modules wat in 'n ander formaat as semester- of jaarmodules aangebied word, byvoorbeeld blok- of hibriedeleerformaat, word nie beperk tot die assesseringsperiodes soos beskryf in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek nie.
- Die assesserings in modules self wat buite die normale Universiteits- of Fakulteitsassesseringsperiodes val, word deur die module se tuisdepartement of sentrum geskeduleer (dit word nie deur die Assesseringsadministrasiekantoor geskeduleer nie).
- Spesiale assesserings word deur die tuisdepartement of sentrum geadministreer en nie deur die Assesseringsadministrasiekantoor nie, tensy die assessering geakkommodeer kan word binne een van die assesseringsperiodes wat normaalweg deur die Assesseringsadministrasiekantoor volgens die Fakulteit se assesseringskalender geadministreer word.
- Gegewe die aard van die akademiese skedule op die Tygerberg-kampus, mag sommige herevaluerings en spesiale of aanvullende eksamens afgeneem word in Desember van die betrokke akademiese jaar, in Januarie van die daaropvolgende jaar of gedurende ander periodes deur die loop van die jaar, afhangende van die akademiese skedule van die spesifieke program en jaargroep.

## 5.2 Bespreking van eksamenantwoorde met dosente

Indien jy uit jou foute wil leer, kan jy jou eksamenantwoorde met jou betrokke dosent(e) bespreek, op voorwaarde dat:

- Jy slegs in die teenwoordigheid van die betrokke dosent(e) toegelaat sal word om jou nagesiene eksamenantwoordskrif(te) te bestudeer.
- Die geleentheid om antwoordskrifte met dosente te bespreek nie verstaan moet word as 'n geleentheid vir die herbeoordeling van die toegekende eksamenpunt nie.
- Die bespreking van jou antwoordskrif(te) in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe kan plaasvind ná die amptelike bekendmaking van finale punte op die eksamen- of ander toepaslike kennisgewingborde en met inagneming van enige verdere reëlings wat die betrokke departement of afdeling met die goedkeuring van die Fakulteitsraad getref het.
- Jy in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, indien jy 'n herevaluering of aanvullende eksamen(s) moet aflê, die bespreking van jou antwoordskrif(te) vóór die herevaluering of aanvullende eksamen kan aanvra.

- Jy die bespreking moet versoek binne een maand ná die amptelike bekragtiging deur die Viserektor (Leer en Onderrig) van die betrokke eksamenuitslae.

*Let op:*
Assesseringskrifte word twee maande ná die datum van die amptelike bekragtiging van die eksamenuitslae vernietig.

## 5.3 Bespreking van assesseringsantwoorde in toetse van eksamen-geassesseerde modules, nie-eksamengeassesseerde modules en kliniese of praktiese modules

### 5.3.1 Potensiële terugvoermeganismes vir teoretiese assesserings

- Terugvoer by voltooiing van 'n e-assessering op FMHSLearn wat onmiddellik aan jou beskikbaar is nadat jy die assessering voltooi het (die assesserings moes uit die staanspoor so opgestel wees). Hierdie terugvoer kan onmiddellik na voltooiing van 'n e-assesseringsgeleentheid steeds onder toesighoudingsomstandighede gegee word wanneer die amptelike assesseringstyd verstryk het of by 'n latere geleentheid wat gereël kan word deur konsultasie tussen die lektor en die betrokke klasgroep.
- Terugvoer aan individuele studente op 'n afspraakbasis en gebaseer op die eksamenvraestel van die betrokke student.
- Beskikbaarstelling van eksamenvraestelle en memoranda (waar haalbaar).
- Poduitsendings met terugvoer oor 'n spesifieke eksamenvraestel.
- Uitdeel van eksamenvraestelle in die klas en bespreking van antwoorde.
- Skriftelike terugvoer aan die klas gebaseer op statistiek wat verband hou met vrae wat baie swak beantwoord is in 'n spesifieke eksamenvraestel.
- Terugvoer in klasverband gedurende 'n terugvoersessie wat met wedersydse goedkeuring deur die betrokke lektor en die klasverteenwoordiger gereël is (dus buite normale klasperiodes).
- Opleiding in die beantwoording van toetse (dit kan gedoen word as vroeë oriëntering of remediërend by voltooiing van die assessering as spesifieke tekortkominge in die beantwoording van toetse by 'n student(e) opgemerk is).
- Toegang tot eksamenskrifte/e-assesserings onder die toesig van 'n personeellid.

### 5.3.2 Potensiële terugvoermeganismes vir kliniese of praktiese assesserings

- Enige van die bogenoemde vorme van terugvoer mag soos toepaslik gebruik word by voltooiing van kliniese assesserings.
- Beskikbaarstelling van 'n rubriek/merkblad waarvolgens die punte toegeken is.
- Bespreking van die kliniese geval(le) by voltooiing van die kliniese assessering (nie noodwendig ná elke individuele geval nie, maar na voltooiing van die assesseringsgeleentheid).
- Terugvoer onmiddellik na assesserings soos toepaslik binne die konteks van die assesseringsgeleentheid.

## 5.4 Herbeoordeling van skriftelike eksamenantwoordskrifte in eksamengeassesseerde modules

- Indien jy 'n eksamengeassesseerde module sak en 'n finale punt van 35 tot 39, of 45 tot 49 behaal het, kan jy skriftelik by die Adjunkregistrateur (Tygerberg-kampus) of hulle gedelegeerde aansoek doen om herbeoordeling van die betrokke eksamenantwoordskrif. Jy moet 'n deposito betaal soos jaarliks deur die Universiteit bepaal en in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek gepubliseer word. Jou aansoek om herbeoordeling is onderhewig aan die bepalings soos hieronder uiteengesit.

### 5.4.1 Algemene bepalings

- Jou aansoek moet op die voorgeskrewe vorm wat beskikbaar is op die web of by die Assesserings-administrasiekantoor voltooi wees.
- Jou aansoek, saam met die bogenoemde deposito, moet die Adjunkregistrateur binne sewe kalenderdae nadat die eksamenuitslae amptelik op die relevante fisiese of elektroniese kennis-gewingborde van die Fakulteit bekendgemaak is, bereik.
- In die geval van modules waar 'n skriftelike herevaluering direk na afloop van die eksamen plaasvind (normaalweg binne 'n week ná die bekendmaking van die eksamenuitslae), sal jy eers na afloop van die bekendmaking van die punte van die betrokke herevaluering kan aansoek doen om herbeoor-deling. Beide jou oorspronklike eksamenantwoordstel en antwoordstel van die herevaluering sal dan herbeoordeel word.
- In die geval van modules wat deur middel van buigsame assessering beoordeel word, word geen

herbeoordeling van toetsantwoordstelle en ander assesseringsopdragte oorweeg nie. Indien jy van mening is dat jou finale punt verkeerd bereken is, kan jy wel skriftelik aansoek doen by die Adjunkregistrateur (Tygerberg-kampus) om 'n herberekening deur die betrokke departement, afdeling of modulespan van jou finale punt in die betrokke module. Saam met jou aansoek moet jy ook 'n deposito betaal, soos jaarliks deur die Universiteit vasgestel. Jou aansoek en deposito moet die Adjunkregistrateur binne sewe kalenderdae na amptelike bekendmaking van die betrokke eksamenuitslae bereik.

- Geen aansoek om herbeoordeling van die antwoordskrif van 'n valskermtoets, herevaluering, spesiale of aanvullende eksamen sal toegelaat word nie.
- Geen aansoek om herbeoordeling van praktiese vakke (bv. kliniese rotasies) of vir enige modules waarby eksterne eksaminatore betrokke was, sal oorweeg word nie.
- Geen aansoek om herbeoordeling waar 'n mondelinge, praktiese of kliniese eksamen 'n integrerende deel uitmaak van die gewone universiteitseksamen, sal oorweeg word nie.
- Geen aansoek om herbeoordeling van toetse of eksamens wat elektronies afgeneem is, sal oorweeg word nie.

### 5.4.2 Interne herbeoordeling

- Die eerste rondte herbeoordeling word deur die interne eksaminatore gedoen.
- Indien jou aansoek voldoen aan die algemene bepalings hierbo, word die betrokke modulevoorsitter per brief deur die Kantoor van die Adjunkregistrateur (Tygerberg-kampus) of hulle gedelegeerde van die aansoek ingelig. Die brief gee ook duidelike instruksies oor die interne herbeoordelings-proses wat gevolg moet word en 'n kopie van hierdie bepalings word daarby ingesluit. Die betrokke eksamenantwoordskrif(te) (insluitend die bogenoemde skriftelike herevaluering, waar van toepassing), die vraestel en die memorandum word deur die betrokke modulevoorsitter van die betrokke dosent(e) bekom.
- Die modulevoorsitter tref reëlings vir die herbeoordeling deur die betrokke interne eksaminatore, nadat die voorsitter sekergemaak het dat geen berekeningsfoute in die bepaling van die punt vir die antwoordskrif gemaak is nie.
- Na afloop van die herbeoordeling moet die resultaat daarvan skriftelik deur die modulevoorsitter aan die kantoor van die Adjunkregistrateur besorg word binne vyf werksdae na aanvanklike ontvangs van die betrokke antwoordskrif(te).

### 5.4.3 Eksterne herbeoordeling

- Indien die interne eksaminatore jou aanvanklike eksamenuitslag handhaaf, word die eksamen-antwoordskrif deur een bevoegde eksterne eksaminator herbeoordeel. Dit beteken eksterne herbeoordeling vind plaas indien jy ná interne herbeoordeling steeds die module sak (in die geval waar jy 'n punt van 45 tot 49 behaal het), of steeds nie toegang tot 'n herevaluering of aanvullende eksamen het nie (in die geval waar jy 'n punt van 35 tot 39 behaal het).
- Wanneer jou antwoordskrif(te) kwalifiseer vir eksterne herbeoordeling, verkry die betrokke dosent/modulevoorsitter die naam van 'n beskikbare eksterne eksaminator vir die betrokke module.
- Die Adjunkregistrateur voorsien die eksterne eksaminator van die tersaaklike eksamenantwoordskrif(te) (insluitend die herevalueringsantwoordskrif, waar van toepassing), die vraestel(le) en die memorandum(s), sowel as 'n kopie van hierdie bepalings, in 'n verseëlde koevert of 'n wagwoordbeskermde elektroniese lêer. In 'n meegaande brief aan die eksterne eksaminator versoek die Adjunkregistrateur die volgende:
    - Dat die eksterne eksaminator die antwoordskrif(te) nagaan vir nasienfoute, bv. berekeningsfoute, punte vir 'n betrokke vraag wat nie opgetel is nie of afwykings van die memorandum.
    - Dat die eksterne eksaminator die antwoordskrif(te) herbeoordeel en 'n punt toeken in ooreenstemming met die memorandum(s).
    - Dat, indien die betrokke eksaminator nie saamstem met die memorandum(s) nie, dit skriftelik gemotiveer word en die eksaminator aandui wat die toegekende punt sou wees indien die antwoordskrif(te) sonder inagneming van die memorandum(s) bepunt sou word. Die eksterne eksaminator moet dus twee punte toeken, een in ooreenstemming met die memorandum en een in ooreenstemming met die eksterne eksaminator se voorgestelde aangepaste memorandum.
    - Dat, indien die punt van die eksterne eksaminator verskil van die oorspronklike punt, die eksterne eksaminator skriftelik duidelik moet aandui hoe die nuwe punt verkry is en waar en hoekom daar van die interne eksaminatore verskil word.
    - Dat die eksterne eksaminator ook in die skriftelike terugvoer aandui of daar met die betroubaarheid en geldigheid van die memorandum(s) saamgestem word al dan nie. Indien die eksterne eksaminator nie met die memorandum saamstem nie, moet hulle aandui waar en hoekom daar nie saamgestem word nie.
- Die eksterne eksaminator word versoek om die Adjunkregistrateur binne **tien werksdae** skriftelik van die resultaat van die onderskeie herbeoordelings in te lig (met inagneming van al die bogenoemde aspekte).

- Die bevindinge van die eksterne eksaminator sal aan die modulevoorsitter (en deur laasgenoemde aan die ander interne eksaminatore/dosente soos van toepassing) gekommunikeer word. Die modulevoorsitter moet dan aandui of die bevindinge aanvaarbaar is of nie.

#### 5.4.4 Dispuutresolusie

- Indien daar 'n duidelike verskil van opinie bestaan tussen die eksterne eksaminator en die module-voorsitter (en die ander interne eksaminatore/dosente) in so mate dat dit steeds nie duidelik is of jy slaag of sak nie, sal die programleier reël vir 'n buitengewone vergadering van die betrokke eksamenkomitee, tesame met die Visedekaan: Leer en Onderrig of hulle gedelegeerde(s). Hierdie komitee neem dan 'n finale en bindende besluit.
- Dieselfde reëling as hierbo sal geld in die geval van 'n dispuut oor die geldigheid van die memorandum(s).

#### 5.4.5 Kondonering van finale punt

Behalwe in die geval van situasies soos beskryf in die paragraaf oor "Dispuutresolusie" hierbo, sal jou finale punt (insluitend die kondonering van die punt) deur die Visedekaan: Leer en Onderrig, in oorleg met die betrokke programleier en die betrokke modulevoorsitter (indien van toepassing), bepaal en bekragtig word.

### 5.5 Dekaansvergunningsassesserings

- Nie alle programme van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe maak van dekaansvergunningsassesserings gebruik nie. Sekere programme maak gebruik van 'n stelsel van spesiale of aanvullende assesserings. Die reëls vir toegang tot die spesiale of aanvullende assesserings word in die betrokke programme se bepalings vervat onder "Assesserings- en promosiebepalings".
- Vir programme wat nie van spesiale of aanvullende assesserings gebruik maak nie, moet jy 'n versoek vir 'n dekaansvergunningsassessering by die betrokke Voorgraadseprogramkomitee indien, wat dit weer op hulle beurt by die Visedekaan: Leer en Onderrig moet indien. Sodanige versoeke moet voldoen aan die reëls en prosedures soos uiteengesit in Deel I (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek in die hoofstuk "Assesserings en Promoverings."

## 6. Hereksamens in modules van ander fakulteite

### 6.1 Programme wat modules van ander fakulteite bevat

As jy vir 'n graad- of diplomaprogram aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe geregistreer is, maar jy volg ook modules wat deur 'n ander fakulteit op die Stellenbosch-kampus aangebied word, geld die algemene assesseringsbeleid van die Universiteit soos uitgeengesit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek in die hoofstuk "Assesserings en promoverings" (soos toepaslik op die Stellenbosch-kampus).

### 6.2 Programme van ander fakulteite wat modules van hierdie Fakulteit bevat

As jy vir 'n graad- of diplomaprogram aan 'n ander fakulteit geregistreer is, wat modules bevat wat deur die akademiese omgewing van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aangebied word, geld die algemene assesseringsbeleid van die Universiteit soos uitgeengesit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek in die hoofstuk "Assesserings en promoverings" (soos toepaslik op die Stellenbosch-kampus), tensy addisionele bepalings in die tuisfakulteit se Jaarboekdeel of in die betrokke moduleraam-werk uitgespel word.

## 7. Hertoelating ná onsuksesvolle studie

Volledige besonderhede omtrent hertoelating ná onsuksesvolle studie word in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek uiteengesit, sowel as in die bepalings vir "Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk" onder die hoofstuk "Algemeen" hierbo en "Hernuwing van inskrywing as student" en die "Assesserings- en promosiebepalings" vir elke voorgraadse program in Deel 12 (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe). Rig jou aansoek om hertoelating aan die Sentrum vir Akademiese Administrasie (Tygerberg-kampus) vir oorweging deur die Hertoelatingsappèlkomitee van die Senaat. Kontak fmhs_readmit@sun.ac.za of besoek die Universiteit se Hertoelatingswebblad hier vir aansoekvorms of vir verdere navrae.

# 8. Spesiale reëlings betreffende gradeplegtighede vir MBChB VI-studente wat domeine van die Laat-Kliniese Rotasiesmodule herhaal

Indien jy as MBChB VI-student aan die einde van jou finale jaar een of meer domeine sak of agterstallig is, en jou kliniese rotasies en eksamens is drie weke voor die gradeplegtigheid in Maart/April afgehandel, kan jy in Maart/April van daardie jaar jou MBChB-graad ontvang. Indien jou kliniese rotasies en eksamens egter nie drie weke voor die gradeplegtigheid in Maart/April afgehandel is nie, sal jy eers in Desember van daardie jaar jou MBChB-graad ontvang mits jy aan die slaagvereistes vir die oorblywende domeine voldoen.

# 9. Baccalaureusgraadprogramme

## 9.1 Baccalaureus in Geneeskunde en Baccalaureus in Snykunde (MBChB)

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met universiteitstoelating, soos gesertifiseer deur Umalusi, of 'n gelykwaardige kwalifikasie met **'n gemiddeld van minstens 75% (kode 6)**
- Wiskunde – kode 5 (60%)
- Fisiese Wetenskappe – kode 4 (50%)
- Lewenswetenskappe – kode 4 (50%)

*Let op:*

- Indien jy by 'n ander universiteit die eerste jaar van MBChB of BSc gesak het en nie verder aan daardie universiteit tot die studie in Geneeskunde toegelaat word nie, sal jy ook nie aan die Universiteit Stellenbosch tot MBChB I toegelaat word nie.

### Sluitingsdatum vir aansoeke

Doen aansoek teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar. Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks tot die eerste studiejaar van die MBChB-program toegelaat. Keuring vir die program word uitgevoer in terme van duidelike riglyne wat akademiese meriete en demografiese en ander faktore in ag neem, soos uiteengesit by https://www.su.ac.za/af/aansoek/voorgraads/apply-0/toelatings-en-keuringsvereistes.

### Residensievereiste

Om die MBChB-graad by die Universiteit Stellenbosch te verwerf, moet jy minstens die finale drie akademiese jare van die program aan hierdie Universiteit volg.

### Registrasie by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika

Jy moet, volgens die regulasies van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika, aan die begin van jou eerste studiejaar aansoek doen om as student in die Geneeskunde te registreer. Jy is nie op registrasie as student-intern geregtig tensy jy vir 'n tydperk van minstens vier en 'n half jaar by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika as student in die Geneeskunde geregistreer was nie.

### Verpligte klasbywoning

Daar is bewyse dat daar 'n positiewe verwantskap is tussen klasbywoning en studentesukses. Omdat studenteleer in die gesondheidswetenskappe 'n groot impak het op die hantering van pasiënte, moet jy alle aktiwiteite verwant aan praktiese vaardighede (insluitende opleiding op die kliniese platform, asook op kampus) bywoon. Dit mag toepaslik gemoniteer word. 'n Maksimum van 20% van sessies per module of domein mag gemis word, onderhewig aan die indiening en goedkeuring van geldige Verlof tot Afwesigheid- of VTA-dokumentasie. Indien monitering uitwys dat jy sonder geldige redes minder as 80% van die sessies bygewoon het, kan 'n finale punt van minder as 50% vir die betrokke module/domein toegeken word. Indien monitering uitwys dat jy met geldige redes (soos gedokumenteer in 'n goedgekeurde aansoek om verlof tot afwesigheid en/of verlengde verlof tot afwesigheid) minder as 80% van die sessies bygewoon het, sal jy die relevante module of domein moet uitstel na die volgende beskikbare geleentheid.

### Onderrig- en opleidingsfasiliteite

Onderrig geskied vanaf die eerste studiejaar op die Tygerberg-kampus, in die Tygerberg Hospitaal, maar ook in verskeie geakkrediteerde naasliggende en verspreide hospitale en klinieke. Jou plasing by 'n bepaalde fasiliteit is verpligtend. Slegs in hoogs uitsonderlike en gemotiveerde gevalle sal jy toegelaat word om onderling met ander studente uit te ruil.

### Toekenning van finale punte

In gevalle waar van die algemene bepalings afgewyk word, verskaf die MBChB-programkomitee aan die begin van die jaar besonderhede oor hoe die betrokke finale punte bereken word. Gedurende MBChB I-V sal buigsame assessering, wat belyn is met die Universiteit Stellenbosch se Assesseringsbeleid, gebruik word.

## Hernuwing van inskrywing as student

a) Indien jy jou MBChB-studies staak en dit later wil hervat, moet jy weer aansoek om toelating by die betrokke MBChB-programkomitee doen vir 'n aanbeveling aan die Komitee vir Voorgraadse Onderrig om te bevestig dat jy na die program mag terugkeer.
b) Indien jy nie aan die slaagvereistes vir 'n bepaalde akademiese jaar voldoen nie, en nie die minimum vereisde krediete soos uiteengesit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die US se Jaarboek onder die afdeling "Hertoelating na onsuksesvolle studie" behaal het nie, moet jy aansoek om hertoelating tot die program by die Hertoelatingsappèlkomitee doen.
c) Indien jy ná 'n tweede poging nie aan die slaagvereistes vir 'n bepaalde akademiese jaar van die MBChB-program voldoen nie, moet jy aansoek om hertoelating tot die program by die Hertoelatingsappèl-komitee doen.
d) Indien jy twee akademiese jare agtereenvolgens sak (bv. jy het MBChB II en MBChB III, óf MBChB III en MBChB IV gesak), moet jy aansoek om hertoelating tot die program by die Hertoelatingsappèlkomitee doen.
e) Indien jy as finalejaar-MBChB-student twee keer onsuksesvol was om die assessering in enige domein te slaag ná volledige herhaling van so 'n domein, moet jy by die MBChB-programkomitee aansoek doen om 'n aanbeveling aan die Fakulteitsraad wat dan aan jou toestemming kan verleen om die betrokke domein weer te mag herhaal. Indien jy die derde keer ook onsuksesvol is, moet jy om hertoelating aansoek doen.
f) Die maksimum periode van registrasie vir die MBChB-graadprogram is sewe jaar (sien afdeling 7 onder "Algemene Inligting" in hierdie Jaarboekdeel). Indien jy nie daarin kan slaag om die graadprogram in hierdie tydsduur te voltooi nie, sal jy vir hertoelating tot die graadprogram moet aansoek doen om sodoende jou studies voort te sit. Die uitsondering hierop is:
   - Indien, in ooreenstemming met (e) hierbo, jy spesiale toestemming verkry van die Fakulteitsraad om 'n domein of domeine van die Laat Kliniese Rotasie vir 'n tweede maal te herhaal.
   - Indien die rede vir die verlenging van jou graadprogram verby die maksimum duur nie toegeskryf kan word aan swak akademiese vordering of die onvermoë om akademiese verpligtinge na te kom nie, maar eerder toegeskryf kan word aan 'n korrek verwerkte en goedgekeurde periode(s) van onderbreking.

## Geldigheidsduur van klaspunte vir MBChB V–VI

a) Kliniese Rotasies in Kliniese Medisyne 479 en 579
   - Indien jy in Kliniese Medisyne 479 en 579 'n klinieserotasiedomein voltooi het, maar, ooreenkomstig die verlofbeleid van die Universiteit (kyk "Toelating en registrasie" in Deel 1 van die Universiteits-jaarboek), nie kon deelneem aan die einde-van-die-domeinassessering nie, moet jy gedurende die volgende beskikbare geleentheid (wat moontlik tydens die volgende kliniese rotasie in daardie domein of tydens die toetsweek aan die einde van daardie derde van die jaar mag wees) aan so 'n assessering deelneem.
   - Dieselfde geld indien jy 'n domein gesak het en vir 'n herevaluering in daardie domein kwalifiseer. Jy moet aan die herevaluering tydens die volgende beskikbare geleentheid (wat moontlik tydens die volgende kliniese rotasie in daardie domein of tydens die toetsweek aan die einde van daardie derde van die jaar mag wees) deelneem.

b) Laat- Kliniese Rotasies
   - Indien jy by voltooiing van 'n Laat- Kliniese Rotasie ooreenkomstig die verlofbeleid van die Universiteit (kyk "Toelating en registrasie" in Deel 1 van die Universiteitsjaarboek) nie aan die assessering van die domein kon deelneem om 'n klaspunt te verwerf nie, moet jy so gou moontlik aan 'n volgende assesseringsgeleentheid vir die domein deelneem. Indien jy nie vóór die Junie- of November-assesseringsperiode (die eerste assesseringsgeleentheid ná die rotasie waarin jy nie 'n klaspunt kon verwerf nie) aan 'n alternatiewe assesseringsgeleentheid kon deelneem nie, MOET jy vóór die volgende assesseringsgeleentheid 'n klaspunt verwerf. Indien jy nie vóór die volgende assesseringsgeleentheid 'n klaspunt kon verwerf nie, verval jou bywoning van die betrokke domein en moet jy die domein weer volledig bywoon.
   - Indien jy wél 'n klaspunt vir die domein verwerf het, maar nie aan enige van die twee opeen-volgende assesseringsgeleenthede deelgeneem het nie (dit is Junie of November), verval jou bywoning ook en moet jy weer die domein volledig bywoon.

## Vernuwing van die MBChB-kurrikulum en oorgangsmaatreëls

Die MBChB-program ondergaan tans 'n vernuwing. Die eerste jaar van die hersiene kurrikulum van die program is vir die eerste keer in 2022 aangebied en vir elke jaar daarna word die daaropvolgende jaar van die hersiene kurrikulum ingefaseer terwyl dieselfde jaar van die huidige kurrikulum uitgefaseer sal word. Dit beteken dat die hersiene kurrikulum vir MBChB II in 2023 ingefaseer is terwyl die huidige MBChB II terselfdertyd uitgefaseer is, die hersiene kurrikulum vir MBChB III in 2024 ingefaseer is terwyl die huidige MBChB III terselfdertyd uitgefaseer is, ens. totdat die hersiene kurrikulum vir MBChB VI ingefaseer is. Die toelatingsvereistes vir die hernieude program sal dieselfde bly as vir die bestaande program en die hernieude program sal ook oor ses jaar strek.

Die oorgangsmaatreëls sal poog om in ooreenstemming met die volgende twee beginsels te wees:

- Dat indien jy in die uitgaande kurrikulum 'n jaar sak, daar slegs een jaar tot jou graadprogram toegevoeg sal word (n+1, soos ook tans die geval is).
- Dat bestaande leer-en-onderriggeleenthede in die uitgaande kurrikulum so ver as moontlik benut word om jou voor te berei vir oorskakeling na die inkomende kurrikulum. In praktyk beteken dit dat, indien jy 'n jaar in die uitgaande kurrikulum sak, jy in die uitgaande kurrikulum bly vir so lank as moontlik voordat jy by die inkomende kurrikulum aansluit.

1. Die volgende algemene riglyne is van toepassing om die oorgang vanuit die uitgaande kurrikulum in die inkomende kurrikulum in te fasiliteer, indien jy module(s) van die uitgaande kurrikulum gesak het:
   a) Jy moet alle teoriemodules van die uitgaande kurrikulum voltooi.
   b) Jy moet aan soveel domeine van die Middel- Kliniese Rotasie deelneem as wat moontlik in jou akademiese rooster is. Die voltooiing van Primêregesondheidsorg sal prioriteit geniet.
   c) Jy moet die inkomende kurrikulum op die vlak van die kliniese rotasies in MBChB V betree.
   d) Van die tyd dat jy aan die oorgangsriglyne begin deelneem, sal daar van jou verwag word om deel te neem aan die Vorderingstoetse (dit is programvlakassesserings wat in die inkomende kurrikulum geïmplementeer word).
   e) In MBChB V in die inkomende kurrikulum moet jy deelneem aan die uitstaande dissiplines wat jy nie in die voorafgaande Middel- Kliniese Rotasies kon voltooi nie. Na voltooiing van hierdie rotasies, moet jy die balans van MBChB V voltooi in die domeine waarin jy die slegste gevaar het tydens die Middel- Kliniese Rotasies.
   f) Indien jy aan die einde van MBChB IV in meer middel- kliniese domeine agterstallig is as waardeur jy in die verloop van MBChB V kan roteer, sal jy die inkomende kurrikulum op die vlak van MBChB IV moet betree.
   g) Die toepassing van die riglyne hierbo beskryf is van praktiese haalbaarheid, asook relevante akademiese oorwegings wat mag verskil in sommige gevalle, afhanklik. In gevalle waar afwykings van hierdie riglyne as die mees prakties haalbaar en/of in jou belang beskou word, behou die MBChB se Programkoördineerder, in oorlegpleging met die Voorgraadse MBChB-programkomitee en na kommunikasie met jou, die reg om af te wyk vanaf hierdie riglyne.

Implikasies van hierdie benadering is as volg:

2. Krediete

Aangesien studente die Middel- Kliniese Rotasies slegs gedeeltelik gaan voltooi, sal die kredietlading van hierdie module per student bereken moet word, op grond van die aantal weke waaraan hulle sal deelneem. Dit sal nie finansiële implikasies vir jou hê nie, maar sal wel 'n impak op kredietberekeninge en verwante oorwegings hê.

3. Terugkeer na/Hertoelating tot die program
   a) Bestaande riglyne wat betrekking het op hernuwing van studies (soos beskryf in Deel 12 (FGGW) van die Jaarboek) bly geldig vir jou as jy deur hierdie oorgangsmaatreëls beïnvloed word.
   b) Indien jy aansoek doen om hertoelating tot die MBChB-program na akademiese uitsluiting of staking van studies, en jy is suksesvol in jou aansoek, sal daar van jou vereis word om by die inkomende kurrikulum aan te sluit op die vlak van 'n module wat die beste pas by jou voorafgaande/bestaande kennis, maar wat ook nuwe kennis (en vaardighede) bekend stel wat jy nog nie in die uitgaande kurrikulum bemeester het nie. Hierdie module van toetreding tot die inkomende kurrikulum sal deur die MBChB se Programkoördineerder in oorlegpleging met die MBChB-voorgraadseprogram-komitee bepaal word. Die onderstaande voorgestelde modules vir toetreding tot die inkomende kurrkulum is gebaseer op 'n algemene oorsig van die inhoud wat gedek is in die uitgaande en inkomende kurrikula:
      - Indien jy uitgaande MBChB II geslaag het, tree jy toe op die vlak van Vorm en Funksie (MBChB I).
      - Indien jy uitgaande MBChB III geslaag het, tree jy toe op die vlak van Gesond- en Welwees (MBChB II).
      - Indien jy uitgaande MBChB IV geslaag het, tree jy toe op die vlak van Intervensies (MBChB III).
      - Indien jy uitgaande MBChB V geslaag het, tree jy toe op die vlak van die Kliniese Rotasies (MBChB IV).
4. Onderbreking en verlengde verlof tot afwesigheid:
   a) Indien jy suksesvol vir 'n verlengde verlof tot afwesigheid of onderbreking van studies in die uitgaande kurrikulum aansoek doen, en wel tot so 'n mate dat jy kan deelneem aan die oorgangsmaatreëls soos beskryf in seksie 1 hierbo, sal daar van jou verwag word om wel deel te neem aan die oorgangsmaatreëls soos beskryf in seksie 1 hierbo.
   b) Indien jy suksesvol vir 'n verlengde verlof tot afwesigheid of onderbreking van studies in die uitgaande kurrikulum aansoek doen, en wel tot so 'n mate dat jy nie kan deelneem aan die oorgangsmaatreëls soos beskryf in seksie 1 hierbo nie, dan sal daar van jou vereis word om aan te sluit by die inkomende kurrikulum op die vlak van 'n module wat die beste pas by jou voorafgaande/bestaande kennis, maar wat ook nuwe kennis (en vaardighede) bekend stel wat jy nog nie in die uitgaande kurrikulum bemeester het nie. Hierdie module van toetreding tot die inkomende

kurrikulum sal bepaal word deur die MBChB se Programkoördineerder in oorlegpleging met die MBChB Voorgraadse Programkomitee. Sien ook seksie 3 hierbo.

## Programsamestelling

Die inhoud van alle modules stem ooreen met die voorskrifte van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika. Raadpleeg die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" in hierdie Jaarboekdeel vir meer inligting rakende die inhoud van modules.

### MBChB I (hersiene kurrikulum)

#### Verpligte modules

*(bywoning verpligtend)*

| | |
|---|---|
| Om te wees en om te word in Gesondheidsorg | 111(60) |
| Vorm en Funksie | 141(60) |

### MBChB II (hersiene kurrikulum)

#### Verpligte modules

*(bywoning verpligtend)*

| | |
|---|---|
| Disfunksie | 244(60) |
| Gesond- en Welwees | 211(60) |

### MBChB III (hersiene kurrikulum)

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Ingrepe | 344(60) |
| Mediese Speurder | 311(60) |

### MBChB IV (hersiene kurrikulum)

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Kliniese Nuuskierigheid | 476(15) |
| Om te Wees en te Word in Gesondheidsorg | 466(15) |
| Kliniese Geneeskunde | 479(100) |

### MBChB V

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Kliniese Geneeskunde | 579(120) |

### MBChB VI

*Let op:*

Vanaf 2027 sal die hersiene MBChB VI-kurrikulum aangebied word en die kurrikuluminligting soos hieronder uiteengesit, sal verander.

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Laat- Kliniese Rotasies | 678(150) |

## Buigsameassesserings- en promosiebepalings vir MBChB I–IV (hersiene kurrikulum)

Alle modules van die MBChB I–IV-kurrikulums is aan buigsame assessering soos uiteengesit in die Universiteitsjaarboek (Deel 1) onderworpe. Hieronder is die buigsame assesserings- en promosiebepalings soos van toepassing.

Die volgende reëls geld vir afwesigheid tydens assesserings:

- Indien jy tydens 'n assesseringsgeleentheid met toesighouding tot so 'n mate siek word dat jy nie met die assessering kan voortgaan nie, moet jy onmiddellik rapporteer by die toesighouer wat op diens is, wat jou dan onmiddellik sal ondersteun deur mediese nooddienste te kontak. Jy sal bewyse moet lewer ('n mediese sertifikaat) dat jy nie die assessering weens siekte kon voltooi nie.
- As jy vóór 'n buigsameassesseringsgeleentheid in 'n module siek word, word jy sterk aangeraai om die volgende assesseringsgeleentheid te benut volgens die toepaslike buigsameassesserings- en promosiebepalings.

- Indien jy laat vir 'n kliniese assessering opdaag, of glad nie opdaag nie, sonder 'n geldige rede of verskoning, sal jy daardie assessering sak.
- Indien jy stawende bewyse lewer dat jy nie weens siekte of enige ander geldige rede aan 'n assessering kon deelneem nie, word jy sterk aangeraai om die volgende assesseringsgeleentheid te benut volgens die toepaslike buigsameassesserings- en promosiebepalings.
- As jy nie die volgende assesseringsgeleentheid kon benut nie, om watter rede ook al, moet jy ten minste die jaarlikse minimum aantal assesserings, soos voorgeskryf vir elke module, voltooi.
- Indien jy nie die minimum aantal assesserings vir 'n module kon voltooi en slaag nie, moet jy weer in die daaropvolgende jaar vir die module registreer.

### MBChB I (hersiene kurrikulum)

1. Promosie
   a) Jy moet die eerste semester van MBChB I slaag om tot die tweede semester van MBChB I toegelaat te word.
   b) Jy moet al die modules van MBChB I slaag om tot MBChB II bevorder te word. Dit beteken dat jy 'n finale punt van minstens 50% in elke module moet behaal. Jy moet ook alle verpligte aktiwiteite vereis deur elke module, soos beskryf in die betrokke modulegids, bevredigend voltooi.
2. Herhaling van die eerstejaarsprogram

   Indien jy nie tot die tweede jaar bevorder kan word nie, moet jy al die uitstaande modules van die eerste jaar herhaal en weer 'n finale punt in daardie modules behaal. Jy mag slegs die uitstaande modules herhaal indien jy MBChB I mag herhaal. Sien die afdeling "Promosie" hierbo vir bepalings rakende toestemming om MBChB I te herhaal.
3. Om MBChB II-modules vooruit te neem

   Modules van MBChB II mag nie vooruit geneem word nie.

### MBChB II (hersiene kurrikulum)

1. Promosie
   a) Jy moet die eerste semester van MBChB II slaag om tot die tweede semester van MBChB II toegelaat te word.
   b) Jy moet al die modules van die tweede jaar slaag om na MBChB III bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n finale punt van minstens 50% moet behaal. Jy moet ook alle verpligte aktiwiteite vereis deur elke module, soos beskryf in die betrokke modulegids, bevredigend voltooi.
2. Herhaling van die tweedejaarprogram

   Indien jy nie na MBChB III bevorder kan word nie, moet jy al die uitstaande modules van MBChB II herhaal en weer 'n finale punt behaal. Jy sal slegs die uitstaande modules kan herhaal as jy toegelaat word om MBChB II te herhaal. Sien die gedeelte oor “Promosie” hierbo vir voorwaardes om MBChB II te herhaal.

   Jy sal ook alle toepaslike programassesseringsgeleenthede van MBChB II moet herhaal. Vir inligting oor hierdie programassesseringsgeleenthede, raadpleeg die toepaslike riglyne en reëls soos deur die Fakulteit gepubliseer.
3. Om MBChB III-modules vooruit te neem

   Modules van MBChB III mag nie vooruit geneem word nie.

### MBChB III (hersiene kurrikulum)

1. Promosie
   a) Jy moet die eerste semester van MBChB III slaag om tot die tweede semester van MBChB III toegelaat te word.
   b) Jy moet al die modules van die derde jaar slaag om na MBChB IV bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n finale punt van minstens 50% moet behaal. Jy moet ook alle verpligte aktiwiteite vereis deur elke module, soos beskryf in die betrokke modulegids, bevredigend voltooi.
2. Herhaling van die derdejaarprogram

   Indien jy nie na MBChB IV bevorder kan word nie, moet jy al die uitstaande modules van MBChB III herhaal en weer 'n finale punt behaal. Jy sal slegs die uitstaande modules kan herhaal as jy toegelaat word om MBChB III te herhaal. Sien die gedeelte oor “Promosie” hierbo vir voorwaardes om MBChB III te herhaal.

   Jy sal ook alle toepaslike programassesseringsgeleenthede van MBChB III moet herhaal. Vir inligting oor hierdie programassesseringsgeleenthede, raadpleeg die toepaslike MBChB-riglyne en -reëls soos deur die Fakulteit gepubliseer.
3. Om MBChB IV-modules vooruit te neem

   Modules van MBChB IV mag nie vooruit geneem word nie.

## MBChB IV (hersiene kurrikulum)

*Let op:*

Indien jy laat opdaag vir 'n kliniese assessering, of glad nie opdaag nie, sonder 'n aanvaarbare rede of verskoning, sak jy daardie assessering.

1. Promosie
   a) Jy moet alle modules van MBChB IV slaag om na MBChB V bevorder te word. Dit beteken dat jy 'n finale punt van ten minste 50% in elke module moet behaal en ook aan alle vereistes van elke module moet voldoen, soos uiteengesit in die relevante moduleriglyn.
   b) Raadpleeg ook die fakulteit-spesifieke riglyne wat verband hou met assesserings en promosie, soos van toepassing op die Kliniese Geneeskunde 479-module en wat ook in die MBChB IV-inligtings-boekie gepubliseer is.
   c) Indien jy nie daarin kan slaag om Kliniese Nuuskierigheid 476 en/of Om te Wees en te Word in Geneeskunde 466 te slaag nie, maar wel Kliniese Geneeskunde 479 slaag, kan jy tot MBChB V bevorder word.
      i. In so 'n geval sal jy egter uit die Kliniese Geneeskunde-module in MBChB V tree voor die geskeduleerde aanbieding van die module wat jy moet herhaal.
      ii. Jy sal dus nie die Kliniese Geneeskunde-module in MBChB V in daardie akademiese jaar kan voltooi nie, maar sal die module in die volgende kalenderjaar in moet voortsit.
      iii. Jy sal suksesvol al die vereistes van die Kliniese Geneeskunde-module in MBChB V moet voltooi voordat jy toegelaat sal word om met die Verspreide Kliniese Vakleerlingskap-module in MBChB VI voort te gaan (module sal definieer word in die 2027 Jaarboek, Deel 12).
   d) Indien jy minder as 12 weke van die domeine wat as deel van die Kliniese Geneeskunde 479 aan-gebied word sak, sal jy toegelaat word om voort te gaan met MBChB V in die daaropvolgende jaar. Die volgende stipulasies sal geld:
      i) Jy sal die uitstaande domein(e) binne die eerste 12 weke van die daaropvolgende jaar moet voltooi, in die tyd geskeduleer vir MBChB IV.
      ii) Indien jy die uitstaande domein(e) deurkom, mag jy voortgaan met Kliniese Geneeskunde 579 vanaf die tweede derde van die jaar.
      iii) Indien jy as gevolg van geldige verlof tot afwesigheid of verlengde verlof tot afwesigheid, of as gevolg van deelname in Kliniese Nuuskierigheid 476 en/of Om te Wees en te Word in Gesond-heidsorg 466 (soos gestipuleer in (c) hierbo), enige uitstaande domeine aan die einde van die eerste 12 weke van die volgende jaar het, geld die volgende:
         - Daar sal van jou verwag word om hierdie domein(e) in die tweede derde van die akademiese jaar opnuut te voltooi.
         - Jy sal nie met Kliniese Geneeskunde 579 in daardie jaar kan voortgaan nie, maar sal Kliniese Geneeskunde 479 moet uitstel na die res van die jaar en jou registrasie aanpas vanaf MBChB V na IV.
         - Daar sal van jou verwag word om opnuut aan 'n gekose groep kliniese domeine van Kliniese Geneeskunde 479 deel te neem, soos gekies in konsultasie tussen jou en die MBChB-eenheid.
         - Jy sal nuwe buigsameassesseringspunte in hierdie domeine verwerf wat die punte sal vervang wat jy in die voorafgaande jaar verwerf het.
      iv) Indien jy enige agterstallige domeine aan die einde van die eerste 12 weke van die volgende jaar het, weens die feit dat jy nie aan die vereistes van daardie domein kon voldoen nie, sal jy nie kan voortgaan met die akademiese jaar nie, maar sal jy moet aansoek doen vir hertoelating tot die MBChB-program by die volgende beskikbare geleentheid.
2. Herhaling van die vierdejaarprogram

   Indien jy meer as 12 weke van die kliniese domeine wat aangebied word in Kliniese Geneeskunde 479 sak, sal jy die hele module – dit is al die kliniese domeine – in die volgende jaar moet herhaal.
3. Om MBChB V-modules vooruit te neem

   Modules van MBChB V mag nie vooruit geneem word nie.

## MBChB V (hersiene kurrikulum)

*Let op:*

Indien jy sonder 'n aanvaarbare rede of verskoning laat opdaag vir 'n kliniese assessering, of glad nie opdaag nie, sak jy daardie assessering.

1. Promosie
   a) Jy moet alle modules van MBChB V slaag om na MBChB VI bevorder te word. Dit beteken dat jy 'n finale punt van ten minste 50% in elke module moet behaal en ook aan alle vereistes van elke module moet voldoen, soos uiteengesit in die relevante moduleriglyn.
   b) Raadpleeg ook die fakulteitspesifieke riglyne wat met assesserings en promosie verband hou – soos van toepassing op Kliniese Geneeskunde 579 en wat ook in die MBChB V-inligtingsboekie gepubliseer is.
   c) Indien jy minder as 8 weke van die domeine wat as deel van Kliniese Geneeskunde 579 aangebied word sak, sal jy toegelaat word om met MBChB VI in die daaropvolgende jaar voort te gaan. Die volgende stipulasies sal geld:
      i) Jy sal die uitstaande domein(e) binne die eerste 12 weke van die daaropvolgende jaar moet voltooi, in die tyd geskeduleer vir MBChB V.
      ii) Indien jy die uitstaande domein(e) deurkom, mag jy voortgaan met Elektief 622 tydens die eerste semester van die jaar en Verspreide Kliniese Vakleerlingskap 678 vanaf die tweede semester van die jaar.
      iii) Indien jy as gevolg van geldige verlof tot afwesigheid of verlengde verlof tot afwesigheid enige uitstaande domeine aan die einde van die eerste 12 weke van die volgende jaar het, geld die volgende:
         - Daar sal van jou verwag word om hierdie domein(e) in die tweede derde van die akademiese jaar opnuut te voltooi.
         - Jy sal nie kan voortgaan met Verspreide Kliniese Vakleerlingskap 678 in daardie jaar nie, maar sal Kliniese Geneeskunde 579 moet uitstel na die res van die jaar en jou registrasie aanpas vanaf MBChB VI na V.
         - Daar sal van jou verwag word om opnuut aan 'n gekose groep kliniese domeine van Kliniese Geneeskunde 479 deel te neem, soos gekies in konsultasie tussen jou en die MBChB-eenheid.
         - Jy sal nuwe buigsameassesseringspunte in hierdie domeine verwerf wat die punte sal vervang wat jy in die voorafgaande jaar verwerf het.
      iv) Indien jy enige agterstallige domeine het aan die einde van die eerste 12 weke van die volgende jaar, weens die feit dat jy nie kon voldoen aan die vereistes van daardie domein nie, sal jy nie kan voortgaan met die akademiese jaar nie, maar sal jy moet aansoek doen vir hertoelating tot die MBChB program by die volgende beskikbare geleentheid.
2. Herhaling van jaarprogram

Indien jy meer as agt weke van die kliniese domeine wat in Kliniese Geneeskunde 579 aangebied word sak, sal jy die hele module – dit is al die kliniese domeine in die module – in die daaropvolgende jaar moet herhaal.

3. Om MBChB VI-modules vooruit te neem

Modules van MBChB VI mag nie vooruit geneem word nie.

## MBChB VI

*Let op:*

- Vanaf 2027, sal die hersiene MBChB VI-kurrikulum aangebied word en sal die onderstaande kurrikuluminligting verander.
- Indien jy sonder 'n aanvaarbare rede of verskoning laat opdaag vir 'n kliniese assessering, of glad nie opdaag nie sak jy daardie assessering.

1. Finale assessering

   Jy slaag die finale assessering as jy die kernmodule Laat- Kliniese Rotasies 678 met 'n finale punt van minstens 50% slaag. Raadpleeg ook die fakulteitspesifieke assesserings- en promosiebepalings wat vir die Laat- Kliniese Rotasies geld. Dit kan in die Inligtingsboekie vir Laat- Kliniese Rotasies gevind word.

2. Herevaluering

   Raadpleeg die fakulteitspesifieke bepalings oor die herevaluering in domeine van die Laat- Kliniese Rotasies in die Inligtingsboekie vir Laat- Kliniese Rotasies.

3. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy aan die einde van MBChB VI enige domein(e) van die Laat- Kliniese Rotasies agterstallig is, sal jy die agterstallige domein(e) in die daaropvolgende jaar moet herhaal en opnuut 'n klaspunt, assesseringspunt en finale punt in daardie domein(e) moet behaal.

4. *Cum laude*

   Om te bepaal of jy die MBChB-graad *cum laude* slaag, sal die prosedure gevolg word soos uiteengesit in die afdeling "Verwerwing van 'n graad, sertifikaat of diploma met onderskeiding" in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek. Om die graad *cum laude* te slaag, moet jy die graad met 'n gemiddelde finale punt van 75% of hoër slaag.

### Navrae

Programadministrateur: Me J du Plooy
Tel: 021 938 9937 E-pos: jennyduplooy@sun.ac.za

## 9.2 Baccalaureus in Arbeidsterapie (BArb)

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met universiteitstoelating, soos gesertifiseer deur Umalusi, of 'n gelykwaardige kwalifikasie met **'n gemiddeld van minstens 60% (kode 5)**
- Wiskunde – kode 4 (50%)
- Lewenswetenskappe – kode 4 (50%)
- Jy word sterk aangeraai om Fisiese Wetenskappe as deel van die NSS aan te bied.

### Sluitingsdatum vir aansoeke

Doen aansoek teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar. Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks tot die eerste studiejaar van hierdie program toegelaat. Keuring vir die program word uitgevoer in terme van duidelike riglyne wat akademiese meriete en demografiese en ander faktore in ag neem soos uiteengesit by https://www.su.ac.za/af/aansoek/voorgraads/apply-0/toelatings-en-keuringsvereistes.

### Verpligte klasbywoning

Daar is bewyse dat daar 'n positiewe verwantskap tussen klasbywoning en studentesukses is. Vanweë die impak wat studenteleer in die gesondheidswetenskappe op die hantering van pasiënte het, moet jy alle kontaksessies bywoon. Jou bywoning van alle sessies waar praktiese vaardighede aangeleer word, mag toepaslik gemoniteer word. Indien monitering uitwys dat jy sonder geldige redes minder as 80% van die sessies bygewoon het, kan 'n klaspunt van minder as 50% vir die betrokke module toegeken word.

### Verpligte praktiese/kliniese werk

Jy moet verpligte praktiese/kliniese werk doen as deel van die graadprogram in Arbeidsterapie. Jy sal vroegtydig van die reëlings in kennis gestel word.

### Onderrig- en opleidingsfasiliteite

Onderrig geskied tydens die eerste studiejaar hoofsaaklik op die Stellenbosch-kampus en vanaf die tweede jaar op die Tygerberg-kampus en op die uitgebreide kliniese platform. Jou plasing by 'n bepaalde fasiliteit is verpligtend. Slegs in hoogs uitsonderlike en gemotiveerde gevalle sal jy toegelaat word om onderling met ander studente uit te ruil.

### Toekenning van finale punte

In gevalle waar van die algemene bepalings afgewyk word, verskaf die betrokke akademiese afdeling aan die begin van die jaar besonderhede oor hoe die betrokke finale punte bereken word.

### Hernuwing van inskrywing as student

a) Indien jy nie aan die slaagvereistes vir 'n bepaalde akademiese jaar voldoen nie, en nie die minimum krediete behaal het nie wat vereis word soos uiteengesit in die Deel 1 (Algemene Reëls) van die US se Jaarboek onder die afdeling "Hertoelating na onsuksesvolle studies", moet jy via die Hertoelatingsappèl-komitee aansoek doen vir hertoelating tot die program.
b) Indien jy by 'n tweede geleentheid steeds nie aan die slaagvereistes vir 'n betrokke jaargang voldoen nie, moet jy aansoek doen om tot die program hertoegelaat te word.
c) Indien jy in twee opeenvolgende jaargange van die program nie by die eerste geleentheid aan die slaag-vereistes voldoen nie, moet jy aansoek doen om tot die program hertoegelaat te word.
d) Indien jy die program staak, en op 'n latere stadium wil voortgaan, moet jy opnuut aansoek doen om tot die program toegelaat te word. Jou aansoek sal deur die Voorgraadseprogramkomitee van die Afdeling Arbeidsterapie oorweeg word, wat 'n aanbeveling aan die Komitee vir Voorgraadse Onderrig sal maak.

### Programsamestelling

Raadpleeg die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" in hierdie Jaarboekdeel vir meer inligting rakende die inhoud van modules.

### EERSTE JAAR

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Arbeidsterapie | 178(40) |
| Bedryfsielkunde | 262(8) |
| Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie) | 132(6) |
| Grondbeginsels van Fisiologie | 178(24) |
| Sielkunde | 114(12), 144(12) |
| Sosiologie | 114(12), 144(12) |
| Spesiale Fisika | 111(8) |

### TWEEDE JAAR

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Anatomie (AGB) | 278(36) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Patologie (AGB) 324, 334 en 354.) |
| Arbeidsterapie | 278(60) |
| Sielkunde | 213(8), 223(8), 243(8), 253(8) (Hierdie modules is almal slaagvoorvereistes vir Patologie (AGB) 324.) |

### DERDE JAAR

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Arbeidsterapie: Prakties | 374(62) |
| Arbeidsterapie: Teorie | 374(32) |
| Navorsingsmetodologie in Arbeidsterapie | 344(12) |
| Patologie (AGB) | 324(10), 334(8), 354(7) |

### VIERDE JAAR

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Arbeidsterapie: Prakties | 478(112) |
| Arbeidsterapie: Teorie | 484(26) |
| Navorsingsmetodologie in Arbeidsterapie | 482(12) |

## Assesserings- en promosiebepalings

Die algemene bepalings oor hertoelating ná onsuksesvolle studie en die voortsetting van modules, soos dit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek verskyn, is ook op hierdie program van toepassing. Hieronder volg die assesserings- en promosiebepalings soos van toepassing op elke studiejaar van die graadprogram.

Die volgende reëls geld vir afwesigheid tydens assesserings:

- Indien jy tydens 'n assesseringsgeleentheid, waar daar toesighouding is, siek raak tot so 'n mate dat jy nie met die assessering kan voortgaan nie, moet jy onmiddellik by die toesighouer aan diens aanmeld om jou te help om mediese nooddienste te kontak. Jy sal bewys moet lewer ('n mediese sertifikaat) dat jy weens siekte nie die assessering kon voltooi nie.
- As jy vóór die assesseringsgeleentheid in 'n module siek word, word jy sterk aangeraai om liewer die herevaluerings- of aanvullende assesseringsgeleentheid vir eksamengeassesseerde modules of die volgende beskikbare assesseringsgeleentheid vir buigsaam geassesseerde modules te benut, soos uiteengesit in die assesserings- en promosiebepalings vir die spesifieke akademiese jaargang van die program.
- As jy stawende bewyse voorlê dat jy die assessering weens siekte of enige ander geldige rede nie kon aflê nie, kan jy die herevaluerings- of aanvullende assesseringsgeleentheid as 'n eerste en enigste assesseringsgeleentheid vir eksamengeassesseerde modules benut of die volgende beskikbare assesseringsgeleentheid vir buigsaam geassesseerde modules.
- As jy die herevaluerings- of aanvullende assesseringsgeleentheid in 'n eksamengeassesseerde module of die minimum aantal assesserings in buigsaam geassesseerde module weens enige rede ook nie kan benut nie, sal geen verdere assesseringsgeleentheid toegestaan word nie en sal jy in die daaropvolgende jaar weer vir die module moet registreer.

### EERSTE JAAR

1. Promosie

   Jy moet al die modules van die eerste jaar slaag om na B in Arbeidsterapie II bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n finale punt van minstens 50% moet behaal.

2. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy nie na die tweede jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die eerste jaar herhaal. Dit beteken dat jy opnuut daarvoor 'n klaspunt moet behaal.

3. Om B in Arbeidsterapie II-modules vooruit te neem

   Indien jy nie na die tweede jaar bevorder kan word nie, kan jy Sielkunde 213, 223, 243 en 253 volg. Jy kan hierdie tweedejaarsmodules slegs volg indien jy Sielkunde 114 en 144 geslaag het en die klas- en assesseringsroosters dit toelaat.

### TWEEDE JAAR

1. Promosie

   Jy moet al die modules van die tweede jaar slaag om na B in Arbeidsterapie III bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n finale punt van minstens 50% moet behaal.

2. Herevaluering

   Herevaluering geld vir al die eksamengeassesseerde modules van hierdie program. Die hoofstuk oor Universiteitsassesserings in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek is in hierdie verband van toepassing.

3. Agterstallige krediete

Vir alle modules geld die assesseringsbeleid soos dit in die hoofstuk oor Universiteitsassesserings in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek verskyn.

4. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy nie na die derde jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die tweede jaar herhaal. Dit beteken dat jy opnuut daarvoor 'n klaspunt moet behaal.

5. Om B in Arbeidsterapie III-modules vooruit te neem

   Indien jy slegs Sielkunde 213, 223, 243 of 253 agterstallig is en nie na die derde jaar bevorder kan word nie, kan jy Patologie (AGB) 334, 354 volg. Jy kan die Patologie-modules slegs volg indien die klas- en assesseringsroosters dit toelaat.

### DERDE JAAR

1. Promosie

   Jy moet al die modules van die derde jaar slaag om na B in Arbeidsterapie IV bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n finale punt van minstens 50% moet behaal.

2. Herevaluering

   Herevaluering geld vir Arbeidsterapie: Prakties 374 en Patologie 324, 334 en 354 van hierdie program.

3. Agterstallige krediete

   Indien jy aan die einde van die jaar slegs Navorsingsmetodologie in Arbeidsterapie 324, Patologie (AGB) 324, Patologie (AGB) 334 of Patologie (AGB) 354 agterstallig is, sal 'n spesiale eksamenassessering in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. Jy moes egter 'n finale punt van minstens 40% in die betrokke module behaal het.

4. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy nie na die vierde jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die derde jaar herhaal. Daarmee saam mag daar van jou verwag word om die module(s) Arbeidsterapie: Teorie 374 en/of Arbeidsterapie: Prakties 374 weer by te woon en 'n bevredigende bywoningsertifikaat te verwerf al het jy dit reeds geslaag.

5. Om B in Arbeidsterapie IV-modules vooruit te neem

   Indien jy Navorsingsmetodologie in Arbeidsterapie 344 geslaag het, kan jy slegs Navorsingsmetodologie in Arbeidsterapie 482 volg. Jy kan hierdie module slegs volg indien die klas- en assesseringsroosters dit toelaat.

### VIERDE JAAR

#### Finale assessering

Jy slaag in die finale assessering as jy 'n finale punt van minstens 50% in al die modules van die program behaal.

Indien jy Navorsingsmetodologie in Arbeidsterapie 482 en in November in die finale assessering Arbeidsterapie: Prakties 478 gesak het en 'n finale punt van minstens 40% daarin behaal het, sal jy toegelaat word om die herevaluering in die eerste kwartaal van die daaropvolgende akademiese jaar af te lê.

Indien jy egter in November in die finale assessering beide Arbeidsterapie: Teorie 484 en Arbeidsterapie: Prakties 478 gesak het, moet jy albei hierdie modules van die vierde jaar herhaal. Verder moet jy in die daaropvolgende akademiese jaar alle assesserings in die genoemde modules weer aflê.

Dieselfde bepaling geld ook indien jy slegs Arbeidsterapie: Teorie 484 of Arbeidsterapie: Prakties 478 moet herhaal. Geen dekaansvergunningsassessering sal vir Arbeidsterapie: Teorie 484 toegestaan word nie. Indien jy as finalejaarstudent in Arbeidsterapie, twee jaar nadat jy vir die eerste keer vir Arbeidsterapie Teorie 484 en Arbeidsterapie Prakties 478 geregistreer het, nog nie geslaag het nie, kan jy, op aanbeveling van die Fakulteitsraad, die reg ontneem word om jou vir verdere herassessering aan te meld.

### Navrae

Programleier: Prof N Plastow
Tel: 021 938 9305    E-pos: nap@sun.ac.za

Programadministrateur: Mev K Ferreira
Tel. 021 938 9038/9305    E-pos: ks@sun.ac.za

## 9.3 Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Dieetkunde (BScDieetk)

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met universiteitstoelating, soos gesertifiseer deur Umalusi, of 'n gelykwaardige kwalifikasie met **'n gemiddeld van minstens 60% (kode 5)**
- Wiskunde – kode 4 (50%)
- Fisiese Wetenskappe – kode 4 (50%)
- Lewenswetenskappe – kode 4 (50%)
- Jy word sterk aangeraai om Afrikaans as deel van die NSS aan te bied.

### Sluitingsdatum vir aansoeke

Doen aansoek teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar. Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks tot hierdie program toegelaat. Keuring vir die program word uitgevoer in terme van duidelike riglyne wat akademiese meriete en demografiese en ander faktore in ag neem soos uiteengesit by https://www.su.ac.za/af/aansoek/voorgraads/apply-0/toelatings-en-keuringsvereistes.

### Onderrig- en opleidingsfasiliteite

Onderrig geskied vanaf die eerste studiejaar op die Tygerberg-kampus, in die Tygerberg Hospitaal en in verskeie geakkrediteerde naasliggende en perifere hospitale, klinieke en opleidingsfasiliteite. Jou plasing by 'n bepaalde fasiliteit is verpligtend.

### Toekenning van finale punte

In gevalle waar dit van die algemene bepalings afwyk, sal die betrokke akademiese afdeling aan die begin van die jaar besonderhede oor hoe die betrokke finale punte bereken word.

### Hernuwing van inskrywing as student

a) Indien jy nie aan die slaagvereistes vir 'n bepaalde akademiese jaar voldoen nie, en nie die minimum krediete behaal het nie wat vereis word soos uiteengesit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die US se Jaarboek onder die afdeling "Hertoelating na onsuksesvolle studies", moet jy via die Hertoelatingsappèlkomitee aansoek doen vir hertoelating tot die program.
b) Indien jy by 'n tweede geleentheid steeds nie aan die slaagvereistes vir 'n betrokke jaargang voldoen nie, moet jy aansoek doen om tot die program hertoegelaat te word.
c) Indien jy in twee opeenvolgende jaargange van die program nie by die eerste geleentheid aan die slaagvereistes voldoen nie, moet jy aansoek doen om tot die program hertoegelaat te word.
d) Indien jy die program staak en op 'n latere stadium wil voortgaan, moet jy opnuut aansoek doen om tot die program toegelaat te word. Jou aansoek sal deur die Voorgraadseprogramkomitee van die Afdeling Menslike Voeding oorweeg word wat 'n aanbeveling aan die Komitee vir Voorgraadse Onderrig sal maak.

### Programsamestelling

Raadpleeg die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" in hierdie Jaarboekdeel vir meer inligting

rakende die inhoud van modules.

### EERSTE JAAR

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Anatomie | 178(20) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Terapeutiese Voeding 244 en 'n newevereiste vir Menslike Fisiologie 171.) |
| Chemie vir Gesondheidswetenskappe | 112(8) |
| Fisiologiese Biochemie | 142(7) |
| Geneeskundige Mikrobiologie | 111(6) (Hierdie module is 'n voorvereiste vir Voedsel 211 en Voedselproduksie en -sisteme 244) |
| Inleiding tot Voedsel | 144(20) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Voedsel 211.) |
| Menslike Fisiologie | 171(20) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Terapeutiese Voeding 244 en 'n newevereiste vir Anatomie 178.) |
| Nutriënte in Gesondheid | 142(20) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Voeding in die Lewensiklus 214, Terapeutiese Voeding 244 en Voedingstatusbepaling 231.) |
| Gesondheidswerker in Wording | 111(19) |

### TWEEDE JAAR

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Etiek en Menseregte | 244(7) |
| Gemeenskapsvoeding | 278(21)* (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Gemeenskapsvoeding 376 en 'n newevereiste vir Voeding in die Lewensiklus 214.) |
| Kliniese Kommunikasie (Afr) | 278(10) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Kliniese Kommunikasie (Afr) 378.) |
| Kliniese Kommunikasie (isiXh) | 278(10) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Kliniese Kommunikasie (isiXh) 378.) |
| Sielkunde vir Gesondheidswetenskappe | 212(7) |
| Terapeutiese Voeding | 244(12)* (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Terapeutiese Voeding 378.) |
| Voeding in die Lewensiklus | 214(14)* (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Terapeutiese Voeding 244 en 'n newevereiste vir Gemeenskapsvoeding 278.) |
| Voedingstatusbepaling | 231(16)* (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Terapeutiese Voeding 244.) |
| Voedsel | 211(18)* (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Voedselproduksie en -sisteme 244.) |
| Voedselproduksie en -sisteme | 244(13)* (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Bestuursbeginsels 377.) |

* Kernmodules wat die drie basiese komponente van Dieetkunde, naamlik gemeenskapsvoeding, terapeutiese voeding en voedseldiensbestuur, verteenwoordig.

### DERDE JAAR

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Bestuursbeginsels | 377(23)* (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Voedseldiensbestuur 477.) |
| Biostatistiek en Epidemiologie | 322(8) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Navorsingmetodologie 478.) |
| Gemeenskapsvoeding | 376(28)* (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Gemeenskapsvoeding 479.) |
| Kliniese Kommunikasie (Afr) | 378(10) |
| Kliniese Kommunikasie (isiXh) | 378(10) |
| Navorsingsmetodologie | 378(14) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Navorsingmetodologie 478 en 'n newevereiste vir Biostatistiek en Epidemiologie 322.) |
| Terapeutiese Voeding | 378(35)* (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Terapeutiese Voeding 479.) |

* Kernmodules wat die drie basiese komponente van Dieetkunde, naamlik gemeenskapsvoeding, terapeutiese voeding en voedseldiensbestuur, verteenwoordig.

### VIERDE JAAR

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Gemeenskapsvoeding | 479(37) |
| Navorsingsmetodologie | 478(16) |
| Terapeutiese Voeding | 479(58) |
| Voedseldiensbestuur | 477(37) |

*Let op:*
As deel van die internskap sal jy vir 34 weke blootgestel word aan praktykopleiding in die drie basiese komponente van Dieetkunde, naamlik gemeenskapsvoeding, terapeutiese voeding en voedseldiensbestuur.

## Assesserings- en promosiebepalings

Die algemene bepalings oor hertoelating ná onsuksesvolle studie en die voortsetting van modules, soos dit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek verskyn, is ook op hierdie program van toepassing.

Hieronder volg die assesserings- en promosiebepalings soos van toepassing op elke studiejaar van die graadprogram.

Die volgende reëls geld vir afwesigheid tydens assesserings:

- Indien jy tydens 'n assesseringsgeleentheid, waar daar toesighouding is, siek raak tot so 'n mate dat jy nie met die assessering kan voortgaan nie, moet jy onmiddellik by die toesighouer aan diens aanmeld om jou te help om mediese nooddienste te kontak. Jy sal bewys moet lewer ('n mediese sertifikaat) dat jy weens siekte nie die assessering kon voltooi nie.
- As jy vóór die assesseringsgeleentheid in 'n module siek word, word jy sterk aangeraai om liewer die A3- of aanvullende assesseringsgeleentheid vir eksamengeassesseerde modules of die volgende beskikbare assesseringsgeleentheid vir buigsaam geassesseerde modules te benut soos uiteengesit in die assesserings- en promosiebepalings vir die spesifieke akademiese jaargang van die program.
- As jy stawende bewyse voorlê dat jy die assessering weens siekte of enige ander geldige rede nie kon aflê nie, kan jy die A3- of aanvullende assesseringsgeleentheid as 'n eerste en enigste assesseringsgeleentheid vir eksamengeassesseerde modules benut of die volgende beskikbare assesseringsgeleentheid vir buigsaam geassesseerde modules.
- As jy die A3- of aanvullende assesseringsgeleentheid in 'n eksamengeassesseerde module of die minimum aantal assesserings in buigsaam geassesseerde module weens enige rede ook nie kan benut nie, sal geen verdere assesseringsgeleentheid toegestaan word nie en sal jy in die daaropvolgende jaar weer vir die module moet registreer.

**EERSTE JAAR**

1. Promosie

   a) Jy moet al die modules van die eerste jaar slaag om na BSc in Dieetkunde II bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n finale punt van minstens 50% moet behaal.

   b) Die volgende word by die berekening van jou punt tot op datum vir die modules Nutriënte in Gesondheid 142 en Inleiding tot Voedsel 144 in ag geneem:

      - Jou gemiddelde toetspunt tot op datum moet ten minste 40% wees vir toelating om die eind-eksamen/ assessering gedurende die A2-tydperk te skryf.
      - Die teoretiese komponent dra ten minste 60% tot die punt tot datum by, afhangende van die spesifieke module.

   c) 'n Stelsel van buigsame assessering word in die modules Anatomie 178, Chemie vir Gesondheidswetenskappe 112 en Professionele Gesondheidswerker in Wording 111 gevolg. Werkstukke, projekte, tutoriale, teorietoetse en praktiese assesseringsgeleenthede word gebruik om jou finale punt te bepaal.

   d) Die skriftelike assessering wat oor alle eksamengeassesseerde modules van die eerste semester handel, moet tydens die A2-assessering aan die einde van die eerste semester afgelê word. Die enigste uitsonderings is die modules Anatomie 178, Chemie vir Gesondheidswetenskappe 112 en Professionele Gesondheidswerker in Wording 111 wat buigsaam geassesseer word.

   e) Die skriftelike assesserings vir alle eksamengeassesseerde modules van die tweede semester moet tydens die A2-assesseringsgeleentheid aan die einde van die tweede semester afgelê word.

2. Herassessering

   Herassessering geld vir alle modules van die eerste jaar behalwe vir die modules Anatomie 178, Chemie vir Gesondheidswetenskappe 112 en Professionele Gesondheidswerker in Wording 111. Om vir 'n herassessering te kwalifiseer, moet jy 'n finale punt van minstens 40% behaal. Alle herassessering sal direk ná die assesseringsperiode afgeneem word. Hierdie herassessering sal egter nie binne 48 uur ná bekendmaking van die finale punte plaasvind nie. Jy moet minstens 50% in die herassessering behaal om die module te slaag. Jou finale punt ná die herassessering sal nie laer as die oorspronklike finale punt wees nie, maar dit sal ook nie meer as 50% wees nie.

3. Agterstallige krediete

   a) Indien jy aan die einde van die eerste semester slegs een eksamengeassesseerde module agterstallig is, sal 'n Dekaansvergunningassessering in Julie (A3-periode) van dieselfde jaar toegestaan word op voorwaarde dat jy 'n finale punt van minstens 40% in die betrokke module behaal het. Jy moet 'n eksamenpunt van minstens 50% behaal om 'n module in die spesiale Julie-assessering (A3-periode) te slaag. Indien jy slegs Anatomie 178, Chemie vir Gesondheidswetenskappe 112 of Professionele Gesondheidswerker in Wording 111 aan die einde van die eerste semester agterstallig is, kwalifiseer jy nie vir 'n Dekaansvergunningassessering nie.

   b) Indien jy aan die einde van die jaar slegs een eksamengeassesseerde module agterstallig is, sal 'n spesiale eksamenassessering in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word, op voorwaarde dat jy 'n finale punt van minstens 40% in die betrokke module behaal het. Jy moet 'n eksamenpunt van minstens 50% behaal om 'n module in die Januarie-assessering (A4-periode) te slaag. Die punt toegeken in die Dekaansvergunningassessering sal nie meer as 50% wees nie. Indien jy slegs Anatomie 178, Chemie vir Gesondheidswetenskappe 112 of Professionele Gesondheidswerker in Wording 111 agterstallig is aan die einde van die eerste semester, kwalifiseer jy nie vir 'n spesiale eksamenassessering nie.

4. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy nie na die tweede jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die eerste jaar herhaal. Dit beteken dat jy opnuut 'n punt tot op datum en finale punt in elke uitstaande module moet behaal. Jy sal wel met die program mag voortgaan op voorwaarde dat jy genoeg krediete behaal het. Sien Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek vir meer inligting oor kredietvereistes.

5. Om BSc in Dieetkunde II-modules vooruit te neem

   Indien jy nie na die tweede jaar bevorder kan word nie, kan jy modules van die tweede jaar volg, solank die klas- en assesseringsroosters dit toelaat. Jy moet ook aan die algemene bepalings rakende die slaag-, newe- en voorvereistes en die voortsetting van modules voldoen.

### TWEEDE JAAR

1. Promosie
   a) Jy moet al die modules van die tweede jaar slaag om na BSc in Dieetkunde III bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n finale punt van minstens 50% moet behaal.
   b) Die volgende word in ag geneem by die berekening van jou punt tot op datum vir die kernvakke Terapeutiese Voeding 244, Voedsel 211, Voedselproduksie en -sisteme 244, Voeding in die Lewensiklus 214, Voedingstatusbepaling 231 en Gemeenskapsvoeding 278:
      - Jou gemiddelde toetspunt moet ten minste 40% wees.
      - Die teoretiese komponent dra ten minste 60% tot die punt tot op datum by, afhangende van die spesifieke module.
2. Herassessering

   Herassessering geld vir al die modules van die tweede jaar.
3. Agterstallige krediete
   a) Indien jy aan die einde van die eerste semester slegs een eksamengeassesseerde module agterstallig is, sal 'n spesiale eksamenassessering in Julie (A3-periode) van dieselfde jaar toegestaan word, op voorwaarde dat jy 'n finale punt van minstens 40% in die betrokke module behaal het. Jy moet 'n eksamenpunt van minstens 50% behaal om 'n module in die spesiale Julie-assessering (A3-periode) te slaag.
   b) Indien jy aan die einde van die jaar slegs een eksamengeassesseerde jaar- of tweedesemester-module agterstallig is, sal 'n spesiale eksamenassessering in Januarie (A4-periode) van die daaropvolgende jaar toegestaan word, op voorwaarde dat jy 'n finale punt van minstens 40% in die betrokke module behaal het. Jy moet 'n eksamenpunt van minstens 50% behaal om 'n module in die spesiale Januarie-assessering te slaag.
4. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy nie na die derde jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die tweede jaar herhaal. Dit beteken dat jy opnuut 'n punt tot op datum en 'n finale punt in elke uitstaande module moet behaal.
5. Om BSc in Dieetkunde III-modules vooruit te neem

   Indien jy nie tot die derde jaar bevorder kan word nie, kan jy modules van die derde jaar volg, met die uitsondering van Navorsingmetodologie 378, solank die klas- en assesseringsroosters dit toelaat. Jy moet ook aan die algemene bepalings rakende die slaag-, newe- en voorvereistes en die voortsetting van modules voldoen.

### DERDE JAAR

1. Promosie
   a) Jy moet al die modules van die derde jaar slaag om na BSc in Dieetkunde IV bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n finale punt van minstens 50% moet behaal.
   b) Die volgende word in ag geneem by die berekening van jou punt tot op datum vir die kernvakke Terapeutiese Voeding 378, Gemeenskapsvoeding 376 en Bestuursbeginsels 377:
      - Jou gemiddelde toetspunt moet ten minste 40% wees.
      - Die teoretiese komponent dra ten minste 60% tot die punt tot op datum by, afhangende van die spesifieke module.

   c) Vir Navorsingsmetodologie 378 moet jy minstens 50% vir die teoretiese komponent om met die navorsingsprojek voort te gaan.
2. Herassessering

   Herassessering geld vir al die modules van die derde jaar.
3. Agterstallige krediete
   a) Indien jy aan die einde van die eerste semester slegs een eksamengeassesseerde module agterstallig is, sal 'n spesiale eksamenassessering in Julie van dieselfde jaar toegestaan word, op voorwaarde dat jy 'n finale punt van minstens 40% in die betrokke module behaal het. Jy moet 'n eksamenpunt van minstens 50% behaal om 'n module in die spesiale Julie-assessering (A3-periode) te slaag.
   b) Indien jy aan die einde van die jaar slegs een eksamengeassesseerde jaar- of tweedesemester-module agterstallig is, sal 'n spesiale eksamenassessering in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word, op voorwaarde dat jy 'n finale punt van minstens 40% behaal het. Jy moet 'n eksamenpunt van minstens 50% behaal om 'n module in die spesiale Januarie-assessering te slaag.
4. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy nie tot die vierde jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die derde jaar herhaal. Dit beteken dat jy opnuut 'n punt tot op datum en 'n finale punt moet behaal.

5. Om BSc in Dieetkunde IV-modules vooruit te neem

   Indien jy nie tot die vierde jaar bevorder kan word nie, kan jy Navorsingsmetodologie 478 volg, op voorwaarde dat jy Navorsingsmetodologie 378, en Biostatistiek en Epidemiologie 322 geslaag het. Jy kan Navorsingsmetodologie 478 slegs volg indien die klas- en assesseringsroosters dit toelaat.

**VIERDE JAAR**

1. Promosie

   Jy slaag die finale assessering as jy al die modules van die vierde jaar slaag. Dit beteken dat jy in elke module 'n sub-minimum van 40% in beide die skriftelike en mondelinge assesserings moet behaal en 'n finale punt van minstens 50%.

2. Herassessering

   Herassessering geld vir al die modules van die vierde jaar. As jou punt in die skriftelike of die mondelinge assessering minder as 40% is, maar die gekombineerde punt meer as 40% is, kwalifiseer jy vir 'n herevaluering of 'n addisionele mondelinge assessering.

   Alle herevaluerings sal direk ná die eksamentydperk afgeneem word. Hierdie herevaluerings sal egter nie binne 48 uur ná bekendmaking van die finale punte plaasvind nie.

3. Agterstallige krediete

   Indien jy aan die einde van die jaar slegs een eksamengeassesseerde module agterstallig is, sal 'n Dekaansvergunningassessering in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word, op voorwaarde dat jy 'n finale punt van minstens 40% behaal het.

4. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy in November die finale assessering gesak het, moet jy die uitstaande module(s) in die volgende jaar herhaal.

### Navrae

Programleier: Dr LC Daniels
Tel: 021 938 9176 E-pos: ldaniels@sun.ac.za

Programadministrateur: Mev A Muller
Tel. 021 938 9259 E-pos: acmuller@sun.ac.za

## 9.4 Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Fisioterapie (BSc (Fisioterapie))

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met universiteitstoelating, soos gesertifiseer deur Umalusi, of 'n gelykwaardige kwalifikasie met **'n gemiddeld van 60% (kode 5)**
- Wiskunde – kode 5 (60%)
- Fisiese Wetenskappe – kode 4 (50%)
- Jy word sterk aangeraai om Afrikaans as deel van die NSS aan te bied.

### Sluitingsdatum vir aansoeke

Doen aansoek teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar. Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks tot die eerste studiejaar van die BSc in Fisioterapie-program toegelaat. Keuring vir die program word uitgevoer in terme van duidelike riglyne wat akademiese meriete en demografiese en ander faktore in ag neem soos uiteengesit by https://www.su.ac.za/af/aansoek/voorgraads/apply-0/toelatings-en-keuringsvereistes.

### Registrasie as student in Fisioterapie by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika

Aan die begin van jou eerste jaar van studie, sal die Fakulteit aansoek doen vir jou registrasie as 'n student in Fisioterapie soos voorgeskryf in regulasies van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika.

### Onderrig- en opleidingsfasiliteite

Onderrig geskied vanaf die eerste studiejaar op die Tygerberg-kampus, in die Tygerberg Hospitaal en in verskeie geakkrediteerde naasliggende en perifere hospitale en klinieke. Jou plasing by 'n bepaalde fasiliteit is verpligtend.

### Kliniese blootstelling

Kliniese onderrig van studente vind plaas op primêre, sekondêre en tersiêre vlakke van die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel, asook by verskeie instansies wat onder die Departement van Onderwys val. Daar word van stedelike en landelike rotasies gebruik gemaak.

## Hernuwing van inskrywing as student

a) Indien jy nie aan die slaagvereistes vir 'n bepaalde akademiese jaar voldoen nie, en nie die minimum krediete behaal het nie wat vereis word soos uiteengesit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die US se Jaarboek onder die afdeling "Hertoelating na onsuksesvolle studies", moet jy via die Hertoelatingsappèl-komitee aansoek doen vir hertoelating tot die program.
b) Indien jy by 'n tweede geleentheid steeds nie aan die slaagvereistes vir 'n betrokke jaargang voldoen nie, moet jy opnuut aansoek doen om tot die program hertoegelaat te word.
c) Indien jy in twee opeenvolgende jaargange van die program nie by die eerste geleentheid aan die slaagvereistes voldoen nie, moet jy opnuut aansoek doen om tot die program hertoegelaat te word.
d) Indien jy die program staak en jy op 'n latere stadium wil voortgaan, moet jy opnuut aansoek doen om tot die program toegelaat te word. Jou aansoek sal deur die Voorgraadseprogramkomitee van die Afdeling Fisioterapie oorweeg word, wat dan 'n aanbeveling aan die Komitee vir Voorgraadse Onderrig van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe sal maak.

## Programsamestelling

Raadpleeg die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" in hierdie Jaarboekdeel vir meer inligting rakende die inhoud van modules.

#### EERSTE JAAR

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Anatomie | 178(20) |
| Chemie vir Gesondheidswetenskappe | 112(8) |
| Fisioterapie-kerngrondbeginsels | 171(40) |
| Kliniese Fisioterapie | 155(8) |
| Menslike Fisiologie | 171(20) |
| Professionele Gesondheidswerker in Wording | 111(20) |
| Sielkunde | 144(12) |
| Spesiale Fisika | 111(8) |

#### TWEEDE JAAR

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Anatomiese Patologie | 221(3) |
| Fisioterapie-wetenskap | 272(75) |
| Kliniese Fisioterapie | 273(16) |
| Patologie | 254(7), 312(2), 334(8) |
| Fisioterapeut in Wording | 271(10) |

#### DERDE JAAR

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Fisioterapie in Wese | 371(8) |
| Kliniese Fisioterapie | 374(40) |
| Navorsingsmetodiek (Fisioterapie) | 372(10) |
| Toegepaste Fisioterapie | 373(66) |

#### VIERDE JAAR

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Fisioterapie-praktykvoering | 474(4) |
| Kliniese Fisioterapie | 474(96) |
| Navorsingsmetodiek (Fisioterapie) | 472(10) |
| Toegepaste Fisioterapie | 473(19) |

## Assesserings- en promosiebepalings

Vir assesseringsreëls en promosiebepalings, lees Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteit Jaarboek. Die volgende afdeling verskaf jaarspesifieke assesserings- en promosiebepalings van toepassing op die BSc in Fisioterapie-program.

### EERSTE JAAR

1. Promosie

   a) Jy moet al die modules van die eerste jaar slaag om na BSc (Fisioterapie) II bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n finale punt van minstens 50% moet behaal.
   b) Alhoewel 'n buigsameassesseringsbenadering gevolg word, word eksamens as 'n assesseringsmetode steeds in sommige modules gebruik. Die assesseringsplan (insluitend die gewigte van elke assesseringsgeleentheid) word jaarliks deur middel van die moduleraamwerk van elke module gekommunikeer.
   c) 'n Stelsel van buigsame assessering word in Anatomie 178, Chemie vir Gesondheidswetenskappe 112, Fisioterapie-kerngrondbeginsels 171, Kliniese Fisioterapie 121 en Professionele Gesondheidswerker in Wording 111 gevolg. Werkstukke, projekte, tutoriale, teorietoetse en praktiese assesseringsgeleenthede word gebruik om die finale punt te bepaal.
   d) Skriftelike assesserings oor alle eksamengeassesseerde modules (Sielkunde 144 en Spesiale Fisika 111) moet tydens die assesseringsperiode aan die einde van die toepaslike semester afgelê word.

2. Herevaluering

   a) Herevaluering geld vir alle eksamengeassesseerde modules van die eerste jaar, nl. Sielkunde 144 en Spesiale Fisika 111. Om vir 'n herevaluering te kwalifiseer, moes jy 'n finale punt van minstens 40% behaal het.
   b) Alle herevaluerings sal direk ná die assesseringstydperk afgeneem word. Hierdie herevaluerings sal egter nie binne 48 uur ná bekendmaking van die finale punte plaasvind nie. Jy moet minstens 50% in die herevaluering behaal om die module te slaag. Jou finale punt ná herevaluering sal nie laer wees as die oorspronklike finale punt nie, maar dit sal ook nie hoër as 50% wees nie.

3. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy nie tot die tweede jaar bevorder kan word nie, kan jy voortgaan met die program op voorwaarde dat jy genoeg krediete behaal het (sien Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek vir meer inligting oor kredietvereistes). Jy moet al die ontbrekende modules van die eerste jaar herhaal en jy moet al die minimum krediete (en modules) van die eerste jaar slaag voordat jy met jou studie mag voortgaan.

4. Om BSc (Fisioterapie) II-modules vooruit te neem

   Indien jy BSc (Fisioterapie) I moet herhaal, mag jy aansoek doen om die volgende modules van BSc (Fisioterapie) II vooruit te neem: Anatomiese Patologie 221, Patologie 254, Patologie 334 en Patologie 312.

### TWEEDE JAAR

1. Promosie

   a) Jy moet al die modules van BSc (Fisioterapie) II slaag om na BSc (Fisioterapie) III bevorder te word.
   b) Alhoewel 'n buigsameassesseringsbenadering gevolg word, word eksamens as 'n assesseringsmetode steeds in sommige modules gebruik. Die assesseringsplan (insluitend die gewigte van elke assesseringsgeleentheid) word jaarliks deur middel van die moduleraamwerk van elke module gekommunikeer.
   c) 'n Stelsel van buigsame assessering word in Fisioterapie-wetenskap 272, Kliniese Fisioterapie 273, Fisioterapeut in Wording 271 en Anatomiese Patologie 221 gebruik.
   c) Skriftelike assesserings oor alle eksamengeassesseerde modules (Patologie 312, Patologie 254 en Patologie 344) moet tydens die assesseringsperiode aan die einde van die toepaslike semester afgelê word.

2. Herevaluering

   a) Herevaluering geld vir Patologie 312, Patologie 254 en Patologie 344. Om vir 'n herevaluering te kwalifiseer, moet jy 'n finale punt van minstens 40% behaal.
   b) Alle herevaluerings sal direk ná die assesseringstydperk afgeneem word. Hierdie herevaluerings sal egter nie binne 48 uur ná bekendmaking van die finale punte plaasvind nie. Jy moet minstens 50% in die herevaluering behaal om die module te slaag. Jou finale punt ná herevaluering sal nie laer wees as die oorspronklike finale punt nie, maar dit sal ook nie hoër as 50% wees nie.

3. Agterstallige krediete

   Indien jy aan die einde van die jaar slegs een eksamengeassesseerde module agterstallig is, sal in Januarie van die daaropvolgende jaar 'n spesiale A4-eksamen toegestaan word. Die voorwaarde vir die spesiale eksamenassessering is dat jy 'n finale punt van minstens 40% in die betrokke module behaal het. Jy benodig 'n spesiale eksamenassesseringspunt van minstens 50% om 'n module in die Januarie-assessering te slaag. Jou finale punt ná die spesiale eksamenassessering sal nie laer wees as die oorspronklike finale punt nie, maar dit sal ook nie hoër as 50% wees nie.

4. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy nie tot BSc (Fisioterapie) III bevorder kan word nie, moet jy die ontbrekende modules van BSc (Fisioterapie) II herhaal. Jy mag wel voortgaan met die program indien jy genoeg krediete behaal het.

Sien Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek vir meer inligting oor kredietvereistes.

5. Om BSc in Fisioterapie III-modules vooruit te neem

   Modules van BSc (Fisioterapie) III mag nie vooruit geneem word nie.

#### DERDE JAAR

1. Promosie

   Jy moet al die modules van BSc (Fisioterapie) III slaag om na BSc (Fisioterapie) IV bevorder te word.

2. Agterstallige krediete

   Indien jy aan die einde van die jaar Toegepaste Fisioterapie as gevolg van Farmakologie agterstallig is, sal jy toegelaat word om in Januarie van die daaropvolgende jaar 'n spesiale A4-toets oor die tema te skryf. Jy moet 'n punt van minstens 50% in die vergunningstoets behaal om te voldoen aan die promosiebepalings vir die module. Indien jy die toets slaag, sal 'n maksimum punt van 50% gebruik word om jou finale punt vir Toegepaste Fisioterapie 373 te bereken.

3. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy nie tot die vierde jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die derde jaar herhaal. Dit beteken dat jy opnuut 'n finale punt moet behaal.

4. Om BSc in Fisioterapie IV-modules vooruit te neem

   Indien jy slegs Kliniese Fisioterapie 374 en/of Toegepaste Fisioterapie 373 agterstallig is, kan jy aansoek doen om Navorsingsmetodiek (Fisioterapie) 472 te volg.

### Vierde jaar

1. Promosie

   Jy moet al die modules van BSc (Fisioterapie) IV slaag om die program te slaag. Buigsame assessering geld vir alle modules wat in die vierde studiejaar gevolg word.

2. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy nie aan die slaagvereistes voldoen nie, moet jy al die ontbrekende modules van die vierde jaar herhaal. Dit beteken dat jy opnuut 'n finale punt moet behaal.

### Navrae

Programleier: Prof M Unger
Tel: 021 938 9302    E-pos: munger@sun.ac.za

Programadministrateur: Mev H van der Walt
Tel. 021 938 9300    E-pos: hvdw@sun.ac.za

## 9.5 Baccalaureus in Spraak-Taal- en Gehoorterapie (BSpraak-Taal en Gehoor)

*Let op:*

Die naam van hierdie graadprogram sal verander na Baccalaureus in Spraak-Taalterapie onderhewig aan die goedkeuring van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met universiteitstoelating, soos gesertifiseer deur Umalusi, of 'n gelykwaardige kwalifikasie met **'n gemiddeld van minstens 60% (kode 5)**
- Twee van die volgende drie tale: Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) en/of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) en/of 'n derde Suid-Afrikaanse taal – kode 5 (60%)
- Fisiese Wetenskappe – kode 4 (50%) of
- Lewenswetenskappe – kode 5 (60%)

### Sluitingsdatum vir aansoeke

Doen aansoek teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar. Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks tot die eerste studiejaar van die program toegelaat. Keuring vir die program word uitgevoer in terme van duidelike riglyne wat akademiese meriete en demografiese en ander faktore in ag neem soos uiteengesit by https://www.su.ac.za/af/aansoek/voorgraads/apply-0/toelatings-en-keuringsvereistes.

### Onderrig- en opleidingsfasiliteite

Onderrig geskied gedurende die eerste twee studiejare hoofsaaklik op die Stellenbosch-kampus en vanaf die derde jaar op die Tygerberg-kampus, in die Tygerberg Hospitaal en in verskeie geakkrediteerde naasliggende en perifere hospitale en klinieke. Jou plasing by 'n bepaalde fasiliteit is verpligtend. Slegs in hoogs uitsonderlike en gemotiveerde gevalle sal jy toegelaat word om onderling met ander studente uit te ruil.

### Toekenning van finale punte

In gevalle waar van die algemene bepalings afgewyk word, verskaf die betrokke akademiese afdeling aan die begin van die jaar besonderhede oor hoe die betrokke finale punte bereken word.

## Hernuwing van inskrywing as student

a) Indien jy nie aan die slaagvereistes vir 'n bepaalde akademiese jaar voldoen nie, en nie die minimum krediete behaal het nie wat vereis word soos uiteengesit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die US se Jaarboek onder die afdeling "Hertoelating na onsuksesvolle studies", moet jy via die Hertoelatingsappèl-komitee aansoek doen vir hertoelating tot die program.
b) Indien jy by 'n tweede geleentheid steeds nie aan die slaagvereistes vir 'n betrokke jaargang voldoen nie, moet jy opnuut aansoek doen om tot die program hertoegelaat te word.
c) Indien jy in twee opeenvolgende jaargange van die program nie by die eerste geleentheid aan die slaagvereistes voldoen nie, moet jy opnuut aansoek doen om tot die program hertoegelaat te word.
d) Indien jy die program staak en op 'n latere stadium wil voortgaan, moet jy opnuut aansoek doen om tot die program toegelaat te word. Jou aansoek sal deur die Voorgraadseprogramkomitee van die Afdeling Spraak-Taal- en Gehoorterapie oorweeg word, wat 'n aanbeveling aan die Komitee vir Voorgraadse Onderrig sal maak.

## Programsamestelling

Raadpleeg die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" in hierdie Jaarboekdeel vir meer inligting rakende die inhoud van modules.

#### EERSTE JAAR

### Verpligte modules

*Let op:*
Jy word volgens die uitslag van 'n taalvaardigheidstoets in een van die Afrikaanse Taalaanleer-modules of die Xhosa-module geplaas.

| | |
|---|---|
| Afrikaanse Taalaanleer | 179(24) óf 189(24) |
| OF | |
| Xhosa | 178(24) |
| Algemene Taalwetenskap | 178(24) |
| Kennisvaardighede | 172(6) |
| Kliniese Spraakheelkunde | 184(12) |
| Sielkunde | 114(12), 144(12) |
| Spraakheelkunde | 121(12), 122(12), 142(6), 162(12) |
| Toegepaste Anatomie | 117(12) |

#### TWEEDE JAAR

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Algemene Taalwetenskap | 278(32) |
| Kliniese Spraakheelkunde | 274(26) |
| Sielkunde | 213(8), 223(8), 243(8), 253(8) |
| Spraakheelkunde | 211(8), 222(6), 242(6), 251(6), 252(6), 278(24) |

#### DERDE JAAR

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Kliniese Spraakheelkunde | 375(48) |
| Neuroanatomie en Kliniese Neurologie | 372(14) |
| Spraakheelkunde | 331(12), 332(12), 364(10), 378(24) |

#### VIERDE JAAR

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Kliniese Spraakheelkunde | 474(64) |
| Skripsie | 472(14) |
| Spraakheelkunde | 411(6), 413(12), 478(24) |

## Assesserings- en promosiebepalings

Die algemene bepalings oor hertoelating ná onsuksesvolle studie en die voortsetting van 'n module, soos dit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek verskyn, is ook op hierdie program van toepassing. In die geval van herevaluering, soos van toepassing in die onderskeie studiejare, word 'n finale punt van 50% toegeken indien jy 'n punt van 50% of meer in die hereksamen behaal.

Hieronder volg die assesserings- en promosiebepalings soos van toepassing op elke studiejaar van die graadprogram.

Die volgende reëls geld vir afwesigheid tydens assesserings:

- Indien jy tydens 'n assesseringsgeleentheid, waar daar toesighouding is, siek raak tot so 'n mate dat jy nie met die assessering kan voortgaan nie, moet jy onmiddellik by die toesighouer aan diens aanmeld om jou te help om mediese nooddienste te kontak. Jy sal bewys moet lewer ('n mediese sertifikaat) dat jy weens siekte nie die assessering kon voltooi nie.
- As jy vóór die assesseringsgeleentheid in 'n module siek word, word jy sterk aangeraai om liewer die herevaluerings- of aanvullende assesseringsgeleentheid vir eksamengeassesseerde modules of die volgende beskikbare assesseringsgeleentheid vir buigsaam geassesseerde modules te benut soos uiteengesit in die assesserings- en promosiebepalings vir die spesifieke akademiese jaargang van die program.
- As jy stawende bewyse voorlê dat jy die assessering weens siekte of enige ander geldige rede nie kon aflê nie, kan jy die herevaluerings- of aanvullende assesseringsgeleentheid as 'n eerste en enigste assesseringsgeleentheid vir eksamengeassesseerde modules benut of die volgende beskikbare assesseringsgeleentheid vir buigsaam geassesseerde modules.
- As jy die herevaluerings- of aanvullende assesseringsgeleentheid in 'n eksamengeassesseerde module of die minimum aantal assesserings in buigsaam geassesseerde module weens enige rede ook nie kan benut nie, sal geen verdere assesseringsgeleentheid toegestaan word nie en sal jy in die daaropvolgende jaar weer vir die module moet registreer.

**EERSTE JAAR**

1. Promosie

   Jy moet al die modules van die eerste jaar slaag, insluitende ál die komponente van Kliniese Spraakheelkunde 184, om na B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie II bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module en in die praktiese komponent van Kliniese Spraakheelkunde 184 'n finale punt van minstens 50% moet behaal. Om na die module Spraakheelkunde (Basiese Oudiometrie) 162 bevorder te word, moes jy die module Spraakheelkunde (Spraak- en Gehoorwetenskap) 121 geslaag het.

   Indien jy hoogstens die volgende modules agterstallig is, mag jy met die tweede jaargang van die program voortgaan, op voorwaarde dat die klas- en assesseringsroosters dit toelaat:

   - Sielkunde 114 of 144;
   - Toegepaste Anatomie 117;
   - Afrikaanse Taalaanleer 179 of 189, of Xhosa 178; en
   - Kennisvaardighede 172.

2. Herevaluering

   Herevaluering geld slegs vir Spraak-Taal- en Gehoorterapie-modules. Vir die ander modules geld die eksamenbeleid wat deur die onderskeie tuisdepartemente bepaal word, gewoonlik soos dit in die hoofstuk oor Universiteitsassesserings in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek verskyn.

3. Agterstallige krediete

   a) Indien jy aan die einde van die eerste jaargang slegs een eksamengeassesseerde Spraakheelkunde-module agterstallig is, sal 'n spesiale eksamenassessering in Desember van daardie jaar of in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. Die voorwaarde vir die spesiale eksamen-assessering is dat jy 'n finale punt van minstens 40% in die betrokke module behaal het. Jy kwalifiseer slegs vir een spesiale eksamenassessering per jaargang, aangesien hierdie vergunning uitsluitlik van toepassing is in gevalle waar slegs een module agterstallig is.

   b) Indien jy een eksamengeassesseerde Spraakheelkunde-module in die eerste semester agterstallig is, en die agterstallige module dien ook as voorvereiste vir een of meer Spraakheelkunde-modules in die tweede semester, sal jy tot 'n derde eksamenassesseringsgeleentheid in die agterstallige module toegelaat word. Hierdie derde eksamenassesseringsgeleentheid moet *vóór die aanvang van die tweede semester* plaasvind. Jy sal dan nie 'n verdere derde eksamenassesseringsgeleentheid toegestaan word, indien jy een module in die tweede semester agterstallig is nie.

   c) Spesiale eksamenassesserings word nie toegestaan in modules wat by wyse van buigsame assessering geassesseer word nie.

   d) Die datums vir spesiale eksamenassesserings word bepaal deur die dosent wat vir die spesifieke module verantwoordelik is.

   e) Vir modules wat deur ander fakulteite aangebied word, geld die eksamenbeleid soos dit in die

hoofstuk oor Universiteitsassesserings in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek verskyn.

4. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy nie tot die tweede jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die eerste jaar herhaal. Dit beteken dat jy opnuut 'n klaspunt in elke uitstaande module moet behaal.

**TWEEDE JAAR**

1. Promosie

   Jy moet al die modules van die tweede jaar slaag, insluitende ál die komponente van Kliniese Spraakheelkunde 274, om na B in Spraak-Taal- en Gehoorterapie III bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module en in die praktiese komponent van Kliniese Spraakheelkunde 274 'n finale punt van minstens 50% moet behaal.

2. Herevaluering

   Herevaluering geld vir al die tweedejaar-Spraakheelkunde-modules van die program, behalwe Spraakheelkunde (Taalafwykings) 278. Hierdie module word deur wyse van buigsame assessering geassesseer. Vir Algemene Taalwetenskap 278 en Sielkunde 213, 223, 243 en 253 geld die eksamenbeleid wat deur die onderskeie tuisdepartemente bepaal word, gewoonlik soos dit in die hoofstuk oor Universiteitsassesserings in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek verskyn.

3. Agterstallige krediete

   a) Indien jy aan die einde van die tweede jaar slegs een eksamengeassesseerde Spraakheelkunde-module agterstallig is, sal 'n spesiale eksamenassessering in Desember van daardie jaar of in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. Die spesiale eksamenassessering word toegestaan op voorwaarde dat jy 'n finale punt van minstens 40% in die betrokke module behaal het. Jy sal slegs vir een spesiale eksamenassessering per jaargang kwalifiseer, aangesien hierdie vergunning uitsluitlik van toepassing is in gevalle waar slegs een module agterstallig is.

   b) Indien jy een eksamengeassesseerde Spraakheelkunde-module in die eerste semester agterstallig is, en die agterstallige module dien ook as voorvereiste vir een of meer Spraakheelkunde-modules in die tweede semester, sal jy tot 'n derde eksamenassesseringsgeleentheid in die agterstallige module toegelaat word. Hierdie derde eksamenassesseringsgeleentheid moet *vóór die aanvang van die tweede semester* plaasvind. Jy sal dan nie 'n verdere derde eksamenassesseringsgeleentheid toegestaan word, indien jy een module in die tweede semester agterstallig is nie.

   c) Spesiale eksamenassesserings word nie toegestaan in modules wat by wyse van buigsame assessering geassesseer word nie.

   d) Die datums vir spesiale eksamenassesserings word bepaal deur die dosent wat vir die spesifieke module verantwoordelik is.

   e) Vir modules wat deur ander fakulteite aangebied word, geld die eksamenbeleid soos dit in die hoofstuk oor Universiteitsassesserings in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek verskyn.

4. Herhaling van jaarprogram

   Indien jy nie tot die derde jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die tweede jaar herhaal. Dit beteken dat jy opnuut 'n klaspunt in elke uitstaande module moet behaal.

**DERDE JAAR**

1. Promosie

   Jy moet al die modules van die derde jaar slaag om bevorder te word na die vierde jaar van die Baccalaureus in Spraak-Taal- en Gehoorterapie (BSpraak-Taal- en Gehoor)-program deur 'n finale punt van minstens 50% in elke module en in die praktiese komponent van Kliniese Spraakheelkunde 375 te behaal.

2. Herevaluering

   Herevaluering geld vir al die derdejaar-Spraakheelkunde-modules van die program behalwe Spraakheelkunde (Neurogene Kommunikasieafwykings) 378 en Spraakheelkunde (Inleiding tot Navorsing as 'n Beroepsfunksie) 364 wat by wyse van buigsame assessering geassesseer word.

3. Agterstallige krediete

   a) Indien jy aan die einde van die derde jaar slegs een eksamengeassesseerde Spraakheelkunde-module agterstallig is, sal 'n spesiale eksamenassessering in Desember van daardie jaar of in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. Die spesiale eksamenassessering word toegestaan op voorwaarde dat jy 'n finale punt van minstens 40% in die betrokke module behaal het. Jy sal slegs vir een spesiale eksamenassessering per jaargang kwalifiseer, aangesien hierdie vergunning uitsluitlik van toepassing is in gevalle waar slegs een module agterstallig is.

   b) Indien jy een eksamengeassesseerde Spraakheelkunde-module in die eerste semester agterstallig is, en die agterstallige module dien as voorvereiste vir een of meer Spraakheelkunde-modules in die tweede semester, sal jy tot 'n derde eksamenassessering in die agterstallige module toegelaat word

*vóór die aanvang van die tweede semester*. Let op dat jy dan nie 'n verdere derde eksamenassesseringsgeleentheid toegestaan sal word, indien jy een module in die tweede semester agterstallig is nie.

c) Spesiale eksamenassesserings word nie toegestaan in modules wat by wyse van buigsame assessering geassesseer word nie.

d) Die datums vir spesiale eksamenassesserings word bepaal deur die dosent wat vir die spesifieke module verantwoordelik is.

4. Herhaling van jaarprogram

a) Indien jy nie tot die vierde jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die derde jaar herhaal. Dit beteken dat jy opnuut 'n klaspunt in elke uitstaande module moet behaal.
b) Jy moet die kliniese module herhaal en 'n bevredigende bywoningsertifikaat verwerf, ongeag of jy 'n slaagpunt in dié module behaal het.

**VIERDE JAAR**

1. Promosie

Die module Spraakheelkunde (Gevorderde Seminare in Spraak-Taal- en Gehoorterapie) 478 word buigsaam geassesseer. Daar bestaan dus nie 'n eksamenassesseringsgeleentheid vir hierdie module nie. Jy moet 'n finale punt van 50% behaal om hierdie module te slaag.

2. Finale assessering

Jy slaag die finale assessering as jy al die modules van die vierde jaar slaag. Dit beteken dat jy 'n finale punt van minstens 50% moet behaal. Jy moet ook in die praktiese komponent van Kliniese Spraakheelkunde 474 'n punt van minstens 50% behaal.

3. Herevaluering

Herevaluering geld vir al die vierdejaarmodules van die program, behalwe Spraakheelkunde (Gevorderde Seminare in Spraak-Taal en Gehoorterapie) 478 wat by wyse van buigsame assessering geassesseer word.

4. Verbetering van finale punt

Indien jy Skripsie 472 in November gesak het en 'n finale punt van minstens 40% behaal het, kan jy jou finale punt tot einde Januarie van die daaropvolgende jaar verbeter.

5. Herhaling van jaarprogram

a) Indien jy nie aan die slaagvereistes voldoen nie, moet jy al die ontbrekende modules van die vierde jaar herhaal. Dit beteken dat jy opnuut 'n klaspunt in elke uitstaande module moet behaal.
b) Jy moet die kliniese module herhaal en 'n bevredigende bywoningsertifikaat verwerf, ongeag of jy 'n slaagpunt in dié module behaal het.

### Navrae

Programleier: Mev A de Beer
Tel: 021 938 9494 E-pos: aellis@sun.ac.za

Programadministrateur: Mev F Losper
Tel. 021 938 9494 E-pos: faheema@sun.ac.za

## 9.6 Baccalaureus in Verpleegkunde (BVerpl)

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met universiteitstoelating, soos gesertifiseer deur Umalusi, of 'n gelykwaardige kwalifikasie, met **'n gemiddeld van minstens 60% (kode 5)**
- Wiskunde – kode 3 (40% ) of Wiskundige Geletterdheid – kode 6 (70–79%)
- Lewenswetenskappe – kode 4 (50% )

### Sluitingsdatum vir aansoeke

Doen aansoek teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar. Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks tot die eerste studiejaar van hierdie program toegelaat. Toelating tot die program is derhalwe onderworpe aan keuring. Keuring vir die program word uitgevoer in terme van duidelike riglyne wat akademiese meriete en demografiese en ander faktore in ag neem soos uiteengesit by https://www.su.ac.za/af/aansoek/voorgraads/apply-0/toelatings-en-keuringsvereistes.

## Registrasie as student by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging

Jy moet, volgens die regulasies van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging, aan die begin van jou eerste studiejaar as leerder by die Raad registreer.

## Verpligte klasbywoning

Daar is bewyse dat daar 'n positiewe verwantskap is tussen klasbywoning en studentesukses. Omdat studenteleer in die gesondheidswetenskappe 'n groot impak het op die hantering van pasiënte, moet jy alle kontaksessies (lesings, kliniesesimulasieklasse, tutoriale, kliniesepraktykplasings, ens.) bywoon. Jou bywoning sal gemoniteer word..

## Verpligte kliniese blootstelling

Die B (Verpleegkunde)-program het 'n substansiële werk-geïntegreerde leerkomponent soos vereis deur die regulerende raamwerk vir hierdie kwalifikasie wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Verpleegkunde bepaal is. Dit beteken dat jy verpligte kliniesepraktykleer moet voltooi. Die werk-geïntegreerde leerkomponent in die B (Verpleegkunde)-program bestaan uit kliniesesimulasieleer, kliniesepraktykleer en klinieserolvervulling. Hierdie leergeleenthede vind op die fakulteitskampus plaas en in verskeie geakkrediteerde gesondheid-sorgverwante omgewings en gesondheidsorgfasiliteite. Beplande kliniesepraktykleer moet voltooi word om aan die bevorderingvereistes vir 'n programjaar te voldoen en om die graadprogram te voltooi. Jou teen-woordigheid sal gemonitor word. As jy minder as 80% van die vereisde geskeduleerde kliniese leer (praktyk-gebaseerde en/of simulasieleer) vir 'n praktykmodule voltooi, kan jy nie daardie spesifieke praktykmodule voltooi nie en sal jy daardie module moet herhaal.

Die klinieseleerplatform maak gebruik van omgewings en fasiliteite op primêre, sekondêre en tersiêre vlakke van die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgstelsel en dek nie-regeringsorganisasies, staats- en privaat gesondheidsorgdiensverskaffers. Jy sal in geakkrediteerde omgewings en fasiliteite in stedelike, buite-stedelike en landelike omgewings geplaas word.

## Verpligte kliniese ervaring tydens vakansieperiode

As 'n BVerpl-student moet jy gedurende sommige universiteitsvakansies kliniese ondervinding opdoen as deel van die werk-geïntegreerde leerkomponent van die program. Hiervoor sal jy in verskeie geakkredi-teerde gesondheidsorgomgewings en fasiliteite geplaas word. Die spesifieke periodes en duur van die plasing hang van jou jaar van studie af. Jou teenwoordigheid sal gemonitor word.

## Onderrig- en opleidingsfasiliteite

Onderrig geskied vanaf jou eerste studiejaar op die Tygerberg-kampus en in verskeie geakkrediteerde kliniese fasiliteite, waaronder gesondheidsverwante omgewings, hospitale en klinieke in Kaapstad en omliggende areas in die Wes-Kaap. Hierdie plasing by kliniese fasiliteite is verpligtend om die kliniese uitkomste van die program te behaal. Slegs in hoogs uitsonderlike en spesifiek gemotiveerde gevalle sal jy toegelaat word om onderling met ander studente uit te ruil.

## Toekenning van finale punte

In gevalle waar van die algemene bepalings afgewyk word, verskaf die betrokke akademiese afdeling aan die begin van die jaar besonderhede oor hoe die betrokke finale punte bereken word.

## Hernuwing van inskrywing as student

a) Indien jy nie aan die slaagvereistes vir 'n bepaalde akademiese jaar voldoen nie, en nie die minimum krediete behaal het nie wat vereis word soos uiteengesit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die US se Jaarboek onder die afdeling “Hertoelating na onsuksesvolle studies”, moet jy via die Hertoelatingsappèl-komitee aansoek doen vir hertoelating tot die program.
b) Indien jy by 'n tweede geleentheid steeds nie aan die slaagvereistes vir 'n betrokke jaargang voldoen nie, moet jy opnuut aansoek doen om tot die program hertoegelaat te word.
c) Indien jy in twee opeenvolgende jaargange van die program nie by die eerste geleentheid aan die slaagvereistes voldoen nie, moet jy opnuut aansoek doen om tot die program hertoegelaat te word.
d) Indien jy die program staak en jy op 'n latere stadium wil voortgaan, moet jy opnuut aansoek doen om tot die program toegelaat te word. Jou aansoek sal deur die Voorgraadseprogramkomitee van die Departement Verpleeg- en Verloskunde oorweeg word, wat dan 'n aanbeveling aan die Komitee vir Voorgraadse Onderrig van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe sal maak.

## Programsamestelling

Raadpleeg die hoofstuk “Vakke, Modules en Module-inhoude” in hierdie Jaarboekdeel vir meer inligting oor die inhoud van modules.

## EERSTE JAAR

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde | 171(20) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks I, Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk I, en Verpleeg- en Verloskundige Praksis II.) |
| Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde: Praktyk | 171(20) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks I en Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk I.) |
| Inleiding tot Biochemie en Biofisika | 141(10) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Farmakologie en Resepteringspraktyk.) |
| Kernbeginsels van Menslike Anatomie | 171(24) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Kernbeginsels van Menslike Fisiologie, Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks II, Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk II; Geestesgesondheid oor die Lewensduur, Geestesgesondheid oor die Lewensduur: Praktyk, Moeder- en Pasgeborebabasorg I en Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk I.) |
| Psigososiale Aspekte van Sorg | 111(12) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Geestesgesondheid oor die Lewensduur, Geestesgesondheid oor die Lewensduur: Praktyk.) |
| Toegepaste Mikrobiologie | 141(10) |
| Verpleeg- en Verloskundige Praksis I | 171(24) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Verpleeg- en Verloskundige Praksis II en Navorsing in Konteks I.) |

## TWEEDE JAAR

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Farmakologie en Resepteringspraktyk | 241(12) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks II, Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk II, Geestesgesondheid oor die Lewensduur, Geestesgesondheid oor die Lewensduur: Praktyk, Moeder- en Pasgeborebabasorg I en Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk I.) |
| Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks I | 271(24) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks II, Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk II, Geestesgesondheid oor die Lewensduur, Geestesgesondheid oor die Lewensduur: Praktyk, Moeder- en Pasgeborebabasorg I en Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk I.) |
| Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk I | 271(24) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks II, Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk II, Geestesgesondheid oor die Lewensduur, Geestesgesondheid oor die Lewensduur: Praktyk, Moeder- en Pasgeborebabasorg I en Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk I.) |
| Kernbeginsels van Menslike Fisiologie | 271(24) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks II, Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk II, Geestesgesondheid oor die Lewensduur, Moeder- en Pasgeborebabasorg I en Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk I.) |
| Navorsing in Konteks I | 231(12) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Navorsing in Konteks II.) |
| Verpleeg- en Verloskundige Praksis II | 271(24) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Verpleeg- en Verloskundige Praksis III.) |

### DERDE JAAR

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Geestesgesondheid oor die Lewensduur | 331(12) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Gemeenskapsgesondheidsbevordering en Gemeenskapsgesondheidsbevordering: Praktyk.) |
| Geestesgesondheid oor die Lewensduur: Praktyk | 331(10) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Gemeenskapsgesondheidsbevordering en Gemeenskapsgesondheidsbevordering: Praktyk |
| Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks II | 371(24) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks III, Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk III, Gemeenskapsgesondheidsbevordering en Gemeenskapsgesondheidsbevordering: Praktyk.) |
| Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk II | 371(24) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks III, Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk III, Gemeenskapsgesondheidsbevordering en Gemeenskapsgesondheidsbevordering: Praktyk.) |
| Moeder- en Pasgeborebabasorg I | 341(14) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Moeder- en Pasgeborebabasorg II, Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk II, Gemeenskapsgesondheidsbevordering en Gemeenskapsgesondheidsbevordering: Praktyk.) |
| Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk I | 341(12) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Moeder- en Pasgeborebabasorg II, Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk II, Gemeenskapsgesondheidsbevordering en Gemeenskapsgesondheidsbevordering: Praktyk.) |
| Verpleeg- en Verloskundige Praksis III | 371(24) (Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Verpleeg- en Verloskundige Praksis IV, Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe en Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe: Praktyk.) |

### VIERDE JAAR

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Gemeenskapsgesondheidsbevordering | 441(12) |
| Gemeenskapsgesondheidsbevordering: Praktyk | 441(12) |
| Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks III | 431(12) |
| Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk III | 431(12) |
| Moeder- en Pasgeborebabasorg II | 431(14) |
| Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk II | 471(12) |
| Navorsing in Konteks II | 471(14) |
| Verpleeg- en Verloskundige Praksis IV | 431(12) |
| Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe | 441(10) |
| Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe: Praktyk | 441(10) |

## Assesserings- en promosiebepalings vir B in Verpleegkunde

Die algemene bepalings oor hertoelating ná onsuksesvolle studie en die voortsetting van modules, soos dit in Deel 1 van die Universiteitsjaarboek verskyn, is ook op hierdie program van toepassing.

Hieronder volg die spesifieke assesserings- en promosiebepalings wat op elke studiejaar van die program B in Verpleegkunde van toepassing is.

Die volgende reëls geld vir afwesigheid wat assesserings beïnvloed:

- Indien jy tydens 'n assesseringsgeleentheid, waar daar toesighouding is, siek raak tot so 'n mate dat jy nie met die assessering kan voortgaan nie, moet jy onmiddellik by die toesighouer aan diens aanmeld om jou te help om mediese nooddienste te kontak. Jy sal bewys moet lewer ('n mediese sertifikaat) dat jy weens siekte nie die assessering kon voltooi nie.
- As jy vóór die assesseringsgeleentheid in 'n module siek word, word jy sterk aangeraai om liewer die

herevaluerings- of aanvullende assesseringsgeleentheid vir eksamengeassesseerde modules of die volgende beskikbare assesseringsgeleentheid vir buigsaam geassesseerde modules te benut soos uiteengesit in die assesserings- en promosiebepalings vir die spesifieke akademiese jaargang van die program.

- As jy nie in staat is om aan die assesseringsvoltooiingvereistes om enige rede te voldoen nie, moet jy bewys lewer dat jy weens siekte of enige ander geldige rede nie die assessering kon neem en/of voltooi nie. Die toepaslike assesseringsreëls van die module sal dan toegepas word.
- As jy die beskikbare assesseringsgeleenthede gedurende die AF- en A2-assesseringsperiodes weens enige rede nie kan benut om die geskeduleerde voorgeskrewe assesserings in 'n module te voltooi nie, sal geen verdere assesseringsgeleentheid toegestaan word nie en sal jy in die daaropvolgende jaar weer vir die module moet registreer.

**EERSTE JAAR**

1. Promosie
   a) Jy moet al die modules van die eerste jaar slaag om na B in Verpleegkunde II bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n finale punt van minstens 50% moet behaal.
   b) Om enige praktykmodule te slaag, benewens die bogenoemde, moet jy ook bewys lewer dat jy die geskeduleerde kliniesepraktykleerplasing en kliniesesimulasieleervereistes voltooi het. As jy nie die bewys in die vereisde formaat en betyds indien nie, sal jou finale punt in die module beperk word tot 'n maksimum van 45%.
   c) As jy aan die einde van die eerste jaar sak, moet jy weer opnuut vir die program gekeur word.
2. Assessering
   a) 'n Kombinasie van opdragte, projekte, teorietoetse, gevallestudies, kliniesepraktykassesseringe en kliniesesimulasie-assesseringe word verskillend gebruik om jou finale punt in 'n module tydens die AF- en A2-assesseringperiodes te bepaal. Jou klasteenwoordigheid mag bydra tot jou finale punt.
   b) Die moduleassesseringsplan en die toepaslike assesseringsreëls van die module word in die moduleraamwerkdokument uiteengesit, wat op die module se FMHSLearn-bladsy beskikbaar is.
   c) As jou midjaarpunt of finale punt vir 'n module na die AF- en A2-assesseringperiodes tussen 45% en 49% is, kan jy kwalifiseer vir 'n assessering tydens die A3-assesseringperiode om 'n aanvullende punt in daardie module te behaal. Die toepaslike assesseringsreëls van die module sal in hierdie geval toegepas word.
   d) As jy kwalifiseer vir 'n A3-assesseringgeleentheid, moet jy minstens 50% behaal om die A3-assesseringgeleentheid te slaag en 'n geweegde gemiddelde finale punt van minstens 50% na die A3-assessering behaal om die module te slaag. Die toepaslike assesseringsreëls van die module sal in hierdie geval toegepas word.
3. Herevaluering

   Herevaluering geld vir alle modules van die eerste jaar, behalwe vir Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde, Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde: Praktyk en Verpleeg- en Verloskundige Praksis I wat deur middel van buigsame assessering geëvalueer word. Om vir 'n herevaluering te kwalifiseer, moet jy 'n finale punt van minstens 40% behaal. Alle herevaluerings sal direk ná die assesseringsperiode afgeneem word. Hierdie herevaluerings sal egter nie binne 48 uur ná bekendmaking van die finale punte plaasvind nie. Jy moet minstens 50% in die herevaluering behaal om die module te slaag. Jou finale punt ná die herevaluering sal nie laer wees as die oorspronklike finale punt nie, maar dit sal ook nie hoër as 50% wees nie.
4. Herhaling van die eerstejaarsprogram

   Indien jy nie tot die tweede jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die eerste jaar herhaal en opnuut 'n slaagpunt vir elke ontbrekende module behaal. Jy sal met die program kan voortgaan, mits jy genoeg HEMIS-krediete behaal het. Raadpleeg Deel 1 van die Jaarboek vir meer inligting oor HEMIS-krediete.
5. Om modules uit B in Verpleegkunde II vooruit te neem

   Jy mag in staat wees om tweedejaarsmodules vooruit te neem. Hierdie programaanpassing kan oorweeg word as jy die vereisde modules wat in die tabel van verpligte modules vir die eerste jaar aangedui is, geslaag het, en as die klas- en assesseringstydskedules dit toelaat.

**TWEEDE JAAR**

1. Promosie
   a) Jy moet al die modules van die eerste en tweede jaar slaag om na B in Verpleegkunde III bevorder te word. Dit beteken dat jy in elke module 'n finale punt van minstens 50% moet behaal.
   b) Benewens bogenoemde, om enige praktykmodule te slaag, moet jy ook bewys lewer dat jy die geskeduleerde kliniesepraktykleerplasing en kliniesesimulasieleervereistes voltooi het. As jy nie die bewys in die vereisde formaat en betyds indien nie, sal jou finale punt in die module beperk word tot 'n maksimum van 45%.
2. Assessering

a) 'n Kombinasie van opdragte, projekte, teorietoetse, gevallestudies, kliniesepraktykassesseringe en kliniesesimulasie-assesseringe word verskillend gebruik om jou finale punt in 'n module tydens die AF- en A2-assesseringperiodes te bepaal. Jou klasteenwoordigheid mag bydra tot jou finale punt.
b) Die moduleassesseringsplan en die toepaslike assesseringsreëls van die module word in die moduleraamwerkdokument uiteengesit, wat op die module se FMHSLearn-bladsy beskikbaar is.
c) As jou midjaarpunt of finale punt vir 'n module na die AF- en A2-assesseringperiodes tussen 45% en 49% is, kan jy kwalifiseer vir 'n assessering tydens die A3-assesseringperiode om 'n aanvullende punt in daardie module te behaal. Die toepaslike assesseringsreëls van die module sal in hierdie geval toegepas word.
d) As jy kwalifiseer vir 'n A3-assesseringgeleentheid, moet jy minstens 50% behaal om die A3-assesseringgeleentheid te slaag en 'n geweegde gemiddelde finale punt van minstens 50% na die A3-assessering behaal om die module te slaag. Die toepaslike assesseringsreëls van die module sal in hierdie geval toegepas word

3. Herhaling van die tweedejaarprogram

   Indien jy nie tot die derde jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die tweede en/of eerste jaar herhaal en opnuut 'n slaagpunt vir elke ontbrekende module behaal.

4. Om modules uit B in Verpleegkunde III vooruit te neem

   Jy mag in staat wees om derdejaarsmodules vooruit te neem. Hierdie programaanpassing kan oorweeg word as jy die vereisde modules wat in die tabel van verpligte modules vir die eerste jaar aangedui is, geslaag het, en as die klas- en assesseringstydskedules dit toelaat.

**DERDE JAAR**

1. Promosie

   a) Jy moet al die modules van die derde jaar slaag om na B in Verpleegkunde IV bevorder te word.
   b) Benewens bogenoemde, om enige praktykmodule te slaag, moet jy ook bewys lewer dat jy die geskeduleerde kliniese praktykleerplasing en kliniesesimulasieleervereistes voltooi het. As jy nie die bewys in die vereisde formaat en betyds indien nie, sal jou finale punt in die module beperk word tot 'n maksimum van 45%.

2. Assessering

   a) 'n Kombinasie van opdragte, projekte, teorietoetse, gevallestudies, kliniesepraktykassesseringe en kliniesesimulasie-assesseringe word verskillend gebruik om jou finale punt in 'n module tydens die AF- en A2-assesseringperiodes te bepaal. Jou klasteenwoordigheid mag tot jou finale punt bydra.
   b) Die moduleassesseringsplan en die toepaslike assesseringsreëls van die module word in die module-raamwerkdokument uiteengesit, wat op die module se FMHSLearn-bladsy beskikbaar is.
   C As jou midjaarpunt of finale punt vir 'n module na die AF- en A2-assesseringperiodes tussen 45% en 49% is, kan jy kwalifiseer vir 'n assessering tydens die A3-assesseringperiode om 'n aanvullende punt in daardie module te behaal. Die toepaslike assesseringsreëls van die module sal in hierdie geval toegepas word.
   d) As jy kwalifiseer vir 'n A3-assesseringgeleentheid, moet jy minstens 50% behaal om die A3-assesseringgeleentheid te slaag en 'n geweegde gemiddelde finale punt van minstens 50% na die A3-assessering behaal om die module te slaag. Die toepaslike assesseringsreëls van die module sal in hierdie geval toegepas word.

3. Herhaling van die derdejaarprogram

   Indien jy nie tot die vierde jaar bevorder kan word nie, moet jy al die ontbrekende modules van die derde jaar herhaal en 'n nuwe klaspunt vir elke ontbrekende module behaal.

4. Neem van modules van B in Verpleegkunde IV vooruit

   Jy mag in staat wees om derdejaarsmodules vooruit te neem. Hierdie programaanpassing kan oorweeg word as jy die vereisde modules wat in die tabel van verpligte modules vir die eerste jaar aangedui is, geslaag het, en as die klas- en assesseringstydskedules dit toelaat

**VIERDE JAAR**

1. Promosie

   a) Jy moet al die modules van die vierde jaar slaag om die hele program te slaag.

   b) Benewens bogenoemde, om enige praktykmodule te slaag, moet jy ook bewys lewer dat jy die geskeduleerde kliniesepraktykleerplasing en kliniesesimulasieleervereistes voltooi het. As jy nie die bewys in die vereiste formaat en betyds indien nie, sal jou finale punt in die module beperk word tot 'n maksimum van 45%.

2. Assessering

   a) 'n Kombinasie van opdragte, projekte, teorietoetse, gevallestudies, kliniesepraktykassesseringe en kliniesesimulasie-assesseringe word verskillend gebruik om jou finale punt in 'n module tydens die AF- en A2-assesseringperiodes te bepaal. Jou klasteenwoordigheid mag tot jou finale punt bydra.

b) Die moduleassesseringsplan en die toepaslike assesseringsreëls van die module word in die moduleraamwerkdokument uiteengesit, wat op die module se FMHSLearn-bladsy beskikbaar is.

C As jou midjaarpunt of finale punt vir 'n module na die AF- en A2-assesseringperiodes tussen 45% en 49% is, kan jy kwalifiseer vir 'n assessering tydens die A3-assesseringperiode om 'n aanvullende punt in daardie module te behaal. Die toepaslike assesseringsreëls van die module sal in hierdie geval toegepas word.

d) As jy kwalifiseer vir 'n A3-assesseringgeleentheid, moet jy minstens 50% behaal om die A3-assesseringgeleentheid te slaag en 'n geweegde gemiddelde finale punt van minstens 50% na die A3-assessering behaal om die module te slaag. Die toepaslike assesseringsreëls van die module sal in hierdie geval toegepas word.

3. Herhaling van die vierdejaarprogram

Indien jy nie die vierde jaar slaag nie, moet jy al die ontbrekende modules herhaal en opnuut 'n slaagpunt vir elke ontbrekende module behaal.

### Navrae

Programleier: Dr J Bell
Tel: 021 938 9298  E-pos: jbell@sun.ac.za

Programadministrateur: Mev R Petersen
Tel. 021 938 9625  E-pos: rohlinep@sun.ac.za

# 10. Voorgraadse Sportwetenskapprogramme

### Interfakulteitsaanbieding

*Let op:*

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe ken die graad BA (Sportwetenskap) toe en die Fakulteit Natuurwetenskappe die graad BSc (Sportwetenskap). Die progamuiteensettings wat hieronder verskyn, is dieselfde as in Deel 4 (Lettere en Sosiale Wetenskappe) en Deel 5 (Natuurwetenskappe) van die Universiteitsjaarboek.

Vir die beskrywing van die individuele modules wat in daardie twee fakulteite aangebied word, kyk die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" in die betrokke Jaarboekdeel.

### Verdere studiemoontlikhede

Nadat jy die BA- of die BSc-graad (met Sportwetenskap) behaal het, kan jy aansoek doen om toelating tot die volgende nagraadse programme:

- die Nagraadse Onderwyssertifikaat (NOS) en daarna, as jy sou wou, die HonsBEd;
- die HonsBSc (Biokinetika) (aansoeke sluit op 31 Julie);
- die HonsBSc (Sportwetenskap, Rigting: Prestasiesport of Rigting: Kinderkinetika) (aansoeke sluit op 31 Julie); of
- die HonsBA- of HonsBSc-program in die ander hoofvak wat jy saam met Sportwetenskap vir die baccalaureusgraad gevolg het.

## 10.1 Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte in Sportwetenskap (BA (Sportwetenskap))

*Let op:*
Vanaf 2025 sal daar geen nuwe inskrywings vir die BA (Sportwetenskap)-graad wees nie, as gevolg van die uitfasering van die programme. Hierdie besluit is geneem om die akademiese aanbiedinge te belyn. Indien jy tans vir 'n BA (Sportwetenskap)-program ingeskryf is, m.a.w. 'n program wat spesialiseer in Engels, Geografie en Omgewingstudie, Afrikaans en Nederlands, of Sielkunde, sal jy geakkommodeer word om jou graadprogram teen 2028 te voltooi. Spesifieke assesseringsreëlings vir die Sportwetenskap-modules, soos sommige van die keusemodules in Toegepaste Kinesiologie wat in die derde jaar van die program aangebied word, sal gemaak word om te verseker dat alle studente hul programme se vereistes binne hierdie tydraamwerk kan voltooi. Vir enige navrae rakende die uitfasering van die BA (Sportwetenskap)-graadprogram en reëlings vir bestaande studente, kontak asseblief vir prof Karen Welman, Hoof van die Afdeling Sportwetenskap, by 021 808 4733 of welman@sun.ac.za of sien die Bylaag aan die einde van hierdie Jaarboekdeel.

## Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) soos gesertifiseer deur Umalusi met 'n punt van minstens 4 in elk van vier erkende skoolvakke met 'n kredietwaarde van 20
- 'n Gemiddelde persentasie vir die NSS- of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit) van 60%
- Huistaal (Afrikaans of Engels) kode 4 (50%)
- Eerste Addisionele Taal kode 3 (40%)
- Wiskunde kode 3 (40%) OF Wiskundige Geletterdheid kode 6 (70%)
- 'n Minimum persentasie soos volg behaal in een van die volgende vakke: Fisiese Wetenskappe kode 3 (40%) of Lewenswetenskappe kode 4 (50%)

*Let op:*

a) Kandidate vir die program is onderworpe aan keuring. Die keuringsbeleid is by die Departement Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde verkrygbaar.
b) Hierdie program is nie 'n opsie vir VGP-studente nie.

Raadpleeg asseblief die paragraaf "Voorgraadse inskrywingsbestuur" aan die begin van hierdie hoofstuk.

## Keuringskriteria

Keuring vir die program geskied volgens duidelike riglyne en neem sowel akademiese as nie-akademiese meriete in ag. Indien jy gekeur word, sal jy 'n mediesegeskiedenisvorm moet voltooi. As jy nie medies geskik is nie, kan jy nie vir die verpligte praktiese modules (byvoorbeeld Sportwetenskap 184) registreer nie.

## Reëls oor kleredrag

Jy moet die voorgeskrewe reëls oor kleredrag nakom. Besonderhede hieroor kan aan die begin van die akademiese jaar van die Departement Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde verkry word.

## Bywoning van praktiese klasse

- Die bywoning van alle praktiese klasse is verpligtend.
- 'n Minimum van 40% word vir elke afdeling van die praktiese klasse vereis.
- Die slaagvereiste vir alle praktiese en teoretiese modules is 50%.

## Programinhoud en -struktuur

a) Die graadprogram in Sportwetenskap is 'n driejarige program. Sportwetenskap kan in kombinasie met een van die volgende gevolg word:
    - Afrikaans en Nederlands;
    - Engels;
    - Geografie en Omgewingstudie; of
    - Sielkunde.
b) Let op die volgende voorvereistes:
    - Sportwetenskap 112 is 'n slaagvoorvereiste vir Sportwetenskap 262.
    - Fisiologie 114, 144 is 'n voorvereiste vir Sportwetenskap 232, 252.
    - Sportwetenskap 184 is 'n slaagvoorvereiste vir Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie 282.
c) Vakkombinasies: Alle vakkombinasies hang van die roostermoontlikhede af.
d) Aanbieding: Hierdie program word om 'n progressie van professionele vaardighede ontwerp: vaardighede word in die eerste jaar bekend gestel en in die tweede en derde jaar verfyn en uitgebrei. Oor die drie studiejare word onderwerpe in sportsielkunde, motoriese leer en oefenfisiologie periodiek herverken op toenemende vlakke van akademiese bekwaamheid. In die derde jaar kan jy een area vir professionele spesialisasie kies. Dit verseker dat jy voldoende geleentheid sal hê om een professionele area deeglik te verken. Die diepte van die program berus op internasionale standaarde vir voorgraadse studie.

## Assessering

Vir besonderhede oor assessering moet jy die deelnemende departemente raadpleeg. Raadpleeg die inskrywings in die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude" van hierdie Jaarboekdeel en in Deel 4 (Lettere en Sosiale Wetenskappe).

## Navrae

Programleier: Prof HW Grobbelaar
Tel.: 021 808 4771    E-pos: hgrobbelaar@sun.ac.za

Programadministrateur: Me ME Hassen
Tel.: 021 808 4715    E-pos: mhassen@sun.ac.za

### 10.1.1 BA (Sportwetenskap) met Afrikaans en Nederlands

**EERSTE JAAR (130-138 KREDIETE)**

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Kennisvaardighede | 172(6) |
| Sportwetenskap | 112(8), 142(8), 184(12) |
| Afrikaans en Nederlands | 178(24) |
| Fisiologie | 114(12), 144(12) |

**Keusemodules**

Plus **twee** van die volgende vakke (2 x 24 krediete):

| | |
|---|---|
| Engels | 178(24) |
| Geo-omgewingswetenskap | 124(16), 154(16) (volg Geografie en Omgewingstudie op tweedejaarsvlak) |
| Sielkunde | 114(12), 144(12) |

**TWEEDE JAAR (128 KREDIETE)**

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Sportwetenskap | 222(8), 232(8), 252(8), 262(8) |
| Afrikaans en Nederlands | 278(32) |
| Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie | 212(8), 222(8), 242(8), 282(8) |

**Keusemodules**

Plus voortsetting van **een** van die volgende vakke (32 krediete):

| | |
|---|---|
| Engels | 214(16), 244(16) |
| Geografie en Omgewingstudie | 225(16), 265(16) (moes Geo-omgewingswetenskap op eerstejaarsvlak gevolg het) |
| Sielkunde | 213(8), 223(8), 243(8), 253(8) |

**DERDE JAAR (120 KREDIETE)**

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Sportwetenskap | 312(6), 322(6), 332(6), 342(6), 352(6), 362(6), 382(6), 392(6) |
| Afrikaans en Nederlands | 318(24), 348(24) |

**Keusemodules**

Toegepaste Kinesiologie (kies slegs **een** van die volgende opsies) (24 krediete):

| | |
|---|---|
| Toegepaste Kinesiologie | 324(12), 344(12) Aangepaste Fisieke Aktiwiteit<br>313(12), 353(12) Sportafrigting<br>314(12), 352(12) Fiksheidsbedryf |

### 10.1.2 BA (Sportwetenskap) met Engels

**EERSTE JAAR) (130-138 KREDIETE)**

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Kennisvaardighede | 172(6) |
| Sportwetenskap | 112(8), 142(8), 184(12) |
| Engels | 178(24) |
| Fisiologie | 114(12), 144(12) |

#### Keusemodules

Plus **twee** van die volgende vakke (2 x 24 krediete):

| | |
|---|---|
| Afrikaans en Nederlands | 178(24) |
| Geo-omgewingswetenskap | 124(16), 154(16) (volg Geografie en Omgewingstudie op tweedejaarsvlak) |
| Sielkunde | 114(12), 144(12) |

### TWEEDE JAAR (128 KREDIETE)

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Sportwetenskap | 222(8), 232(8), 252(8), 262(8) |
| Engels | 214(16), 244(16) |
| Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie | 212(8), 222(8), 242(8), 282(8) |

#### Keusemodules

Plus voortsetting van **een** van die volgende vakke (32 krediete):

| | |
|---|---|
| Afrikaans en Nederlands | 278(32) |
| Geografie en Omgewingstudie | 225(16), 265(16) (volg Geo-omgewingswetenskap op eerstejaarsvlak) |
| Sielkunde | 213(8), 223(8), 243(8), 253(8) |

### DERDE JAAR (120 KREDIETE)

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Sportwetenskap | 312(6), 322(6), 332(6), 342(6), 352(6), 362(6), 382(6), 392(6) |
| Engels | 318(24), 348(24) |

#### Keusemodules

Toegepaste Kinesiologie (kies slegs **een** van die volgende opsies) (24 krediete):

| | |
|---|---|
| Toegepaste Kinesiologie | 324(12), 344(12) Aangepaste Fisieke Aktiwiteit<br>313(12), 353(12) Sportafrigting<br>314(12), 352(12) Fiksheidsbedryf |

## 10.1.3 BA (Sportwetenskap) met Geografie en Omgewingstudie

### EERSTE JAAR (138 KREDIETE)

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Kennisvaardighede | 172(6) |
| Sportwetenskap | 112(8), 142(8), 184(12) |
| Geo-omgewingswetenskap | 124(16), 154(16) (volg Geografie en Omgewingstudie op tweede- en derdejaarsvlak) |
| Sosiologie | 114(12), 144(12) |
| Fisiologie | 114(12), 144(12) |

#### Keusemodules

Plus **een** van die volgende vakke (24 krediete):

| | |
|---|---|
| Afrikaans en Nederlands | 178(24) |
| Engels | 178(24) |
| Sielkunde | 114(12), 144(12) (slegs eerste jaar) |

#### Tweede jaar (128 krediete)

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Sportwetenskap | 222(8), 232(8), 252(8), 262(8) |
| Geografie en Omgewingstudie | 225(16), 265(16) (volg Geo-omgewingswetenskap op eerstejaarsvlak) |
| Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie | 212(8), 222(8), 242(8), 282(8) |

**Keusemodules**

Plus voortgesette studie in **een** van die volgende vakke (32 krediete):

| | |
|---|---|
| Afrikaans en Nederlands | 278(32) |
| Engels | 214(16), 244(16) |
| Sosiologie | 212(8), 222(8), 242(8), 252(8) |

#### Derde jaar (128 krediete)

**Verpligte Modules**

| | |
|---|---|
| Sportwetenskap | 312(6), 322(6), 332(6), 342(6), 352(6), 362(6), 382(6), 392(6) |
| Geografie en Omgewingstudie | 314(12), 323(12), 358(16), 363(16) |

**Keusemodules**

Toegepaste Kinesiologie (kies slegs **een** van die volgende opsies) (24 krediete):

| | |
|---|---|
| Toegepaste Kinesiologie | 324(12), 344(12) Aangepaste Fisieke Aktiwiteit<br>313(12), 353(12) Sportafrigting<br>314(12), 352(12) Fiksheidsbedryf |

### 10.1.4 BA (Sportwetenskap) met Sielkunde

#### Eerste jaar (130-138 krediete)

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Kennisvaardighede | 172(6) |
| Sportwetenskap | 112(8), 142(8), 184(12) |
| Sielkunde | 114(12), 144(12) |
| Sosiologie | 114(12), 144(12) |
| Fisiologie | 114(12), 144(12) |

**Keusemodules**

Plus **een** van die volgende vakke (24 krediete):

| | |
|---|---|
| Afrikaans en Nederlands | 178(24) |
| Engels | 178(24) |
| Geo-omgewingswetenskap | 124(16), 154(16) (slegs eerste jaar) |

#### Tweede jaar (128 krediete)

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Sportwetenskap | 222(8), 232(8), 252(8), 262(8) |
| Sielkunde | 213(8), 223(8), 243(8), 253(8) |
| Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie | 212(8), 222(8), 242(8), 282(8) |

**Keusemodules**

Plus **een** van die volgende vakke (32 krediete):

| | |
|---|---|
| Engels | 214(16), 244(16) |
| Sosiologie | 212(8), 222(8), 242(8), 252(8) |

### DERDE JAAR (120 KREDIETE)

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Sportwetenskap | 312(6), 322(6), 332(6), 342(6), 352(6), 362(6), 382(6), 392(6) |
| Sielkunde | 314(12), 324(12), 348(24) |

#### Keusemodules

Toegepaste Kinesiologie (kies slegs **een** van die volgende opsies) (24 krediete):

| | |
|---|---|
| Toegepaste Kinesiologie | 324(12), 344(12) Aangepaste Fisieke Aktiwiteit<br>313(12), 353(12) Sportafrigting<br>314(12), 352(12) Fiksheidsbedryf |

## 10.2 Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Sportwetenskap (BSc (Sportwetenskap))

*Let op:*

Hierdie program word deur die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied.

Sommige van die keusemodules in Toegepaste Kinesiologie wat in die derde jaar van die program aangebied word, is nie noodwendig elke akademiese jaar beskikbaar nie. Vir bevestiging, kontak asseblief die Afdeling Sportwetenskap.

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) soos gesertifiseer deur Umalusi met 'n punt van 4 in elk van vier erkende skoolvakke met 'n kredietwaarde van 20
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) – kode 4 (50%)
- Fisiese Wetenskappe – kode 4 (50%)
- Wiskunde – kode 5 (60%)
- 'n Gemiddelde persentasie van 65% vir die NSS of die IEB-skooleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit)

### Keuringskriteria

- Keuring vir die program word gedoen volgens duidelike riglyne gebaseer op beide akademiese en nie-akademiese meriete.
- Indien jy gekeur word, sal jy 'n mediesegeskiedenisvorm moet voltooi.
- Indien jy nie medies geskik is nie, sal jy nie vir die verpligte praktiese modules (byvoorbeeld Kinesiologie 182) kan registreer nie.

### Vereistes vir verwerwing van die graad

- Jy moet alle praktiese klasse bywoon.
- Die Departement Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde vereis 'n minimum van 40% vir elke komponent van die praktiese klasse.
- Jy moet alle praktiese en teoretiese modules met 50% slaag.

### Reëls oor kleredrag

- Jy moet die voorgeskrewe reëls rakende kleredrag nakom. Jy kan besonderhede oor hierdie reëls aan die begin van die akademiese jaar van die Departement Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde verkry.

## Programinhoud

### EERSTE JAAR (140 KREDIETE)

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Biologie | 124(16), 154(16) |
| Chemie | 124(16), 144(16) |
| Fisika (Bio) | 134(16), 154(16) |
| Kinesiologie | 162(8), 182(8)<br>Kinesiologie 162 is 'n slaagvoorvereiste vir Sportwetenskap 262. Kinesiologie 182 is 'n slaagvoorvereiste vir Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie 282. |
| Wetenskap in Konteks | 178(12) |
| Wiskunde (Bio) | 124(16) |

### TWEEDE JAAR (128 KREDIETE)

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Biochemie | 214(16), 244(16) |
| Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie | 212(8), 222(8), 242(8), 282(8) |
| Fisiologie | 214(16), 244(16) |
| Sportwetenskap | 222(8), 232(8), 252(8), 262(8) |

### DERDE JAAR (134 KREDIETE)

**Verpligte modules**

(krediete = 110)

| | |
|---|---|
| Fisiologie | 314(16), 334(16), 344(16), 364(16) |
| Kinesiologie | 312(8), 332(8), 342(8), 352(8), 372(8) |
| Sportwetenskap | 382(6) |

**plus**

**Keusemodules**

Kies **een** van die onderstaande vakke. Jy moet albei modules van jou gekose vak volg.

(krediete = 24)

| | |
|---|---|
| Toegepaste Kinesiologie (Aangepaste Fisiese Aktiwiteit) | 324(12), 344(12) |

of

| | |
|---|---|
| Toegepaste Kinesiologie (Sportafrigting) | 313(12), 353(12) |

of

| | |
|---|---|
| Toegepaste Kinesiologie (Fiksheidsbedryf) | 314(12), 352(12) |

## Navrae

Programleier: Prof E Terblanche
Tel.: 021 808 27421 E-pos: et2@sun.ac.za

Programadministrateur: Me ME Hassen
Tel.: 021 808 4715 E-pos: mhassen@sun.ac.za

# Nagraadse Programme

Vir meer spesifieke inligting oor die Fakulteit se nagraadse programme, raadpleeg die Universiteit se webblad oor Nagraadse Studies (https://www.su.ac.za/en/apply/pg-studies) of die onderskeie departementele webtuistes. Alle nagraadse programme is gebonde aan die reëls met betrekking tot "Voortgesette inskrywing tydens en na die maksimum tydperk van inskrywing" onder die hoofstuk "Algemeen" hierbo in hierdie jaarboekdeel.

## 1. Programaanbod

Die volgende nagraadse diploma- en graadprogramme word deur die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aangebied:

| **Nagraadse Diplomas** | **Afkorting** |
|---|---|
| Nagraadse Diploma in Beroepsgeneeskunde | NG Dipl (Beroepsgeneeskunde) |
| Nagraadse Diploma in Geneesmiddelontwikkeling | NG Dipl (Geneesmiddelontwikkeling) |
| Nagraadse Diploma in Gesondheidsnavorsingsetiek | NG Dipl (Gesondheidsnavorsingsetiek) |
| Nagraadse Diploma in Gesondheidsorgbestuur | NG Dipl (Gesondheidsorgbestuur) |
| Nagraadse Diploma in Gestremdheids- en Rehabilitasiestudies | NG Dipl (Gestremdheids- en Rehabilitasiestudies) |
| Nagraadse Diploma in Huisartskunde | NG Dipl (Huisartskunde) |
| Nagraadse Diploma in Infeksiesiektes | NG Dipl (Infeksiesiektes) |
| Nagraadse Diploma in Landelike Geneeskunde | NG Dipl (Landelike Geneeskunde) |
| Nagraadse Diploma in Mediese Toksikologie | NG Dipl (Mediese Toksikologie) |
| Nagraadse Diploma in Spesialisverpleegkunde/-verloskunde | NG Dipl (Spesialisverpleegkunde/-verloskunde) |
| Nagraadse Diploma in Verslawingsorg | NG Dipl (Verslawingsorg) |
| **Honneursgrade** | |
| Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe | HonsBSc |
| **Magistergrade** | |
| Magister in Arbeidsterapie | MArb |
| Magister in die Geneeskunde | MMed |
| Magister in die Natuurwetenskappe | MSc |
| Magister in die Wysbegeerte | MPhil |
| Magister in Fisioterapie | MFisio |
| Magister in Globale Chirurgie | MGlobChirurg |
| Magister in Menslike Rehabilitasiestudies | MMensRehab |
| Magister in Oudiologie | MOud |
| Magister in Patologie | MPat |
| Magister in Spraak-Taalterapie | MSpraak |
| Magister in Terapeutiese Voeding | MTerVoeding |
| Magister in Verpleegkunde | MVerpleegk |
| Magister in Verslawingsorg | MVerslawingsorg |
| Magister in Voeding in Openbare Gesondheid | MVoeding in Openbare Gesondheid |
| **Doktorsgrade** | |
| Doktor in die Natuurwetenskappe | DSc |
| Doktor in die Wysbegeerte | PhD |

## 2. Aanvang van nagraadse studie

As nagraadse student moet jy aan die begin van die akademiese jaar vir jou spesifieke program registreer. Slegs die MMed-programme neem ook studente aan die begin van die tweede semester in en jy kan dan ook aan die begin van die tweede semester daarvoor registreer. Jy kan 'n versoek vir uitsondering op hierdie reël met spesiale motivering by die Visedekaan: Leer en Onderrig indien.

# 3. Erkenning van vorige leer en kredietakkumulasie en -oordrag (EVL&KAO)

Raadpleeg die EVL&KAO-riglyne van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe vir meer inligting oor die prosedures en riglyne vir die erkenning van vorige leer en kredietakkumulasie en -oordrag binne die Fakulteit. Hierdie riglyne is beskikbaar by https://www.su.ac.za/tygadcademicadmin onder "Beleide en Riglyne".

# 4. Klasgelde

Vir inligting oor die betrokke klasgelde per akademiese jaar, raadpleeg asseblief die Deel 3 (Studentegelde) van die US se Jaarboek hier. Dié Jaarboekdeel verskaf die beraamde klasgelde vir die 2026- akademiese jaar vir die eerste studiejaar, tensy anders vermeld.

Ons beveel aan dat jy 'n meer spesifieke en gedetailleerde kwotasie saamstel by https://student.sun.ac.za/fees-quotation/#/home.

# 5. Nagraadse programme

Hieronder word die verskillende nagraadse programme in meer besonderhede bespreek. Programme word volgens diploma- en graadprogramme ingedeel.

## 5.1 Nagraadse Diplomas

### 5.1.1 Nagraadse Diploma in Beroepsgeneeskunde

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- Besit van die MBChB-graad (of ekwivalent) vir minstens twee jaar.
- Registrasie vir minstens een jaar by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika as mediese praktisyn in die kategorie onafhanklike praktyk of by 'n ekwivalente professionele raad as jy nie in Suid-Afrika praktiseer nie.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Die aantal studente wat vir elke tweejaarsiklus tot die program toegelaat word, word beperk om aan logistieke en ander spesifieke programvereistes te voldoen. Die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Gesondheidsisteme en Openbare Gesondheid evalueer jou aansoek aan die hand van 'n puntestelsel wat akademiese meriete, gelykheidsmaatreëls en ander relevante faktore in ag neem om die suksesvolle aansoekers te identifiseer. Die Senaat, of die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, bevestig of jy tot die Nagraadse Diploma in Beroepsgeneeskunde-program toegelaat word.

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

#### Programbeskrywing

Die program het ten doel om jou as mediese praktisyn te voorsien van kennis en vaardighede van toepaslike breedte en diepte, sodat jy kan voldoen aan die wetlike vereistes vir die praktisering van Beroepsgesondheid in Suid-Afrika. Aan die einde van die program sal jy in staat wees om beroepsgesondheidsdienste effektief te beplan, te implementeer en te bestuur, asook om pasiënte met beroepsverwante siekte en/of besering effektief te hanteer binne die multidissiplinêre span.

#### Programuitkomste

Ná voltooiing van die diplomaprogram sal jy in staat wees om die volgende te demonstreer:

- Effektiewe hantering van individue met beroepsverwante siektes of beserings deur die gebruik van toepaslike kennis en vaardighede in Beroepsgeneeskunde waaronder toepaslike sifting, korrekte diagnose en behandeling sowel as toepaslike verwysing vir verdere behandeling.
- Die vermoë om beroepsgesondheidverwante probleme binne die werkersgemeenskap te identifiseer en te kwantifiseer en toepaslik daarop te reageer deur die formulering en implementering van werkbare oplossings gegrond op beroepsgesondheidskennis en vaardighede van toepaslike diepte en breedte.
- Die vermoë om as koördinerende skakel tussen die werkgewer, werknemer en die multidissiplinêre Beroepsgesondheidspan te dien om sodoende optimale werkergesondheid te verseker.
- Die vermoë om beroepsgesondheidsdienste te beplan, te implementeer en effektief te bestuur gebaseer op beroepsgesondheidskennis en -vaardighede van toepaslike breedte en diepte.

## Programinhoud

### Teoretiese modules (almal verpligtend)

| | |
|---|---|
| Beroepsgesondheidbestuur en Wetgewing | 772(12) |
| Beroepshigiëne en Risikobestuur | 772(10) |
| Biologiese Risikofaktore in die Werkplek | 773(6) |
| Chemiese Risikofaktore in die Werkplek | 772(12) |
| Ergonomiese Risikofaktore in die Werkplek | 772(12) |
| Evaluasie van Gestremdheid en Geskiktheid vir Werk/Diens | 771(16) |
| Fisiese Risikofaktore in die Werkplek | 772(12) |
| Gesondheidsbevordering en Kommunikasie | 773(4) |
| Kliniese Beroepsgeneeskunde | 771(16) |
| Navorsingsmetodologie | 772(10) |
| Omgewingsgesondheid | 773(4) |
| Psigososiale Risikofaktore in die Werkplek | 773(6) |

### Praktiese module (nie verpligtend nie)

| | |
|---|---|
| Blootstelling d.m.v. Industriële Besoeke | 773(6) |

## Assessering en eksaminering

- Die finale eksamen vir hierdie program word in November van die tweede jaar van inskrywing afgelê.
- Die eksamen bestaan uit drie drieuur-vraestelle en om te slaag moet jy 'n finale punt van minstens 50% behaal.
- Die finale punt word bereken op grond van 'n geweegde gemiddelde punt in die verhouding 30:70 ten opsigte van buigsame assessering en die eksamenpunt.
- Indien jy in November gesak het, sal jy toegelaat word om in die daaropvolgende Januarie 'n hereksamen te doen, indien jy 'n finale punt van minstens 40% behaal het. Die hereksamen sal die vorm van 'n gestruktureerde mondelinge assessering aanneem.

## Navrae

Programleier: Dr WAJ Meintjes
Tel: 021 938 9272     E-pos: wajm@sun.ac.za

# 5.1.2 Nagraadse Diploma in Geneesmiddelontwikkeling

*Let op:*
Hierdie program sal nie aangebied word nie tot verdere kennisgewing.

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies;
  - 'n MBChB- of BChD-graad;
  - 'n BPharm-graad;
  - 'n BVerpleegk- of BSc (Biologiese Wetenskappe of Biowiskunde)-graad met ten minste twee jaar se ervaring van geneesmiddelontwikkeling/farmaseutiese geneeskunde; of
  - 'n ekwivalente kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat.
- Indien jy aansoek doen met oorsese kwalifikasies en jy nie voorgraads deur die medium van Engels gestudeer het nie, kan daar van jou versoek word om bewys van jou mondelinge en akademiese skryfvaardighede in Engels te lewer.
- Internasionale kandidate moet bewys lewer van 'n gelykstaande kwalifikasie wat verwerf is by 'n nie-Suid-Afrikaanse instansie. 'n SAKO- of Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid-sertifikaat moet ingedien word.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Indien jy nie aan enige van die bogenoemde toelatingsvereistes voldoen nie, kan jy toegelaat word om in te skryf ná 'n suksesvolle onderhoud met programleiers en met die goedkeuring van die Senaat of die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel. Toelating gebaseer op jou goedgekeurde vorige opleiding sal

oorweeg word vir aanbeveling deur die Senaat of die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel.

## Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

## Programbeskrywing

Die doel met die Nagraadse Diploma in Geneesmiddelontwikkeling (NG Dipl (Geneesmiddel-ontwikkeling)) is om 'n studieprogram aan jou te bied wat jou kennis en bekwaamheid in geneesmiddelontwikkeling/ farmaseutiese geneeskunde sal verbreed. Geneesmiddelontwikkeling/ farmaseutiese geneeskunde dek die totale produk-ontwikkelingsproses insluitend nie-kliniese en kliniese geneesmiddelontwikkeling, regulatoriese aangeleenthede en die bemarking van farmaseutiese produkte, sowel as die veiligheid van geneesmiddels/farmaseutiese waaksaamheid. Hierdie dissipline behels in die besonder die volgende areas:

- Ontdekking van nuwe geneesmiddels;
- Farmaseutiese ontwikkeling;
- Toksisiteitstoetsing;
- Regs- en etiese aangeleenthede;
- Ontwikkeling van geneesmiddels en ontwikkelingsbeplanning;
- Kliniese proewe;
- Statistiek en databestuur;
- Veiligheid van geneesmiddels;
- Regulatoriese sake;
- Inligting, bevordering en onderrig; en
- Ekonomie van gesondheidsorg.

## Programuitkomste

As gegradueerde in die program NG Dipl (Geneesmiddelontwikkeling) moet jy toon dat jy:

- oor 'n deeglike en sistematiese kennis van farmaseutiese geneeskunde en geneesmiddel-ontwikkeling beskik;
- in staat is om nuwe kennis, insig en vaardighede in die veld van geneesmiddelontwikkeling/ farmaseutiese geneeskunde in Suid-Afrika krities te evalueer en prakties toe te pas; en
- in staat is om die mees toepaslike veranderinge in die professionele praktyk in ooreenstemming met die beste beskikbare gegewens teweeg te bring nadat jy die nodige selfevaluering van en nadenke oor jou persoonlike en professionele sterk punte en swakhede uitgevoer het.

## Aanbieding

Die program word op 'n modulêre wyse deur middel van kontaksessies en selfstudieopdragte aangebied.

## Programinhoud

### EERSTE JAAR

| | |
|---|---|
| Inleiding tot Farmaseutiese Geneeskunde, Middelontdekking en Ontwikkelingsbeplanning | 775(30) |
| Kliniese Ontwikkeling van Geneesmiddels | 775(15) |
| Nie-kliniese en Farmaseutiese Ontwikkeling van Geneesmiddels | 775(15) |

### TWEEDE JAAR

| | |
|---|---|
| Biometrie, Epidemiologie en Databestuur | 775(15) |
| Gesondheidsorgmark en Ekonomie van Gesondheidsorg | 775(15) |
| Regulatoriese Sake, Etiek, Middelveiligheid en Farmaseutiese Waaksaamheid | 775(30) |

## Assessering en eksaminering

- Om die NG Dipl (Geneesmiddelontwikkeling) te verwerf, moet jy:
  - twee kalenderjare as 'n geregistreerde NG Dipl (Geneesmiddelontwikkeling)-student voltooi;
  - ten minste 50% in jou modulêre toetse gedurende die tweejaarprogram behaal; en
  - twee drie uur lange skriftelike eksamens, wat al die modules dek, slaag.
- Jy moet elkeen van die ses modules met 'n punt van minstens 50% slaag.

- Om die program suksesvol te voltooi, moet jy 'n finale punt van 50% of meer vir die program behaal. Om die program met onderskeiding te voltooi, moet jy 'n finale punt van 75% of meer vir die program behaal.
- Die finale punt vir die volle program word bereken as die aangepaste gemiddelde van die punt vir elke komponent, naamlik:
  - twee drie-uur lange skriftelike eksamens (2 x 30%); en
  - die gemiddelde punt vir die ses modules (40%).

### Navrae

Programleier: Prof E Decloedt
Programadministrateur: Me L Hanekom
Tel: 021 938 9331/9045    E-pos: lejandra@sun.ac.za

## 5.1.3 Nagraadse Diploma in Gesondheidsnavorsingsetiek

*Let op:*
Hierdie program sal nie aangebied word nie tot verdere kennisgewing.

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Agtergrond wat op aansienlike belangstelling in bio-etiek of navorsingsetiek dui.
- 'n Graad in die gesondheidswetenskappe, regsgeleerdheid, sosiale wetenskappe of geesteswetenskappe (bv. filosofie en teologie).
- Jy moet verder 'n ondersteuningsbrief van jou tuisinstansie inlewer wat aantoon dat jou instansie jou aansoek ondersteun, en wat verduidelik hoekom jou vermoë om navorsingsetiek-kapasiteit te bou vir jou tuisinstansie belangrik is.
- Jy moet rekenaargeletterd wees, internettoegang hê en Engels vlot kan praat en skryf.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Die Senaat, of die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, sal oor jou toelating tot die Nagraadse Diploma in Gesondheidsnavorsingsetiek besluit.

Indien jy oor oorsese kwalifikasies beskik en jy is nie voorgraads deur die medium van Engels onderrig nie, kan daar van jou versoek word om bewys van jou mondelinge vaardigheid en akademiese skryfvaardigheid in Engels te lewer.

*Let op:*

- Jy sal voorkeur geniet indien jy 'n volwasse professionele persoon is wie se loopbaan op dreef is en jy reeds ervaring van navorsingsetiek het.
- Jy sal ook voorkeur geniet indien jy lid is van 'n navorsingsetiekkomitee (nasionaal, institusioneel of privaat) of 'n regulerende agentskap.

In navolging van Suid-Afrikaanse riglyne vir diversiteit in navorsingsetiekkomitee-lidmaatskap word geslag en ras in ag geneem in die keuring van kandidate vir opleiding.

### Duur van program

Die program strek oor een jaar.

Indien jy nie die program binne twee jaar voltooi nie, sal jy nie 'n verdere geleentheid gegun word om die program voort te sit nie.

### Programbeskrywing

Die Nagraadse Diploma in Gesondheidsnavorsingsetiek is 'n omvattende program wat saamgestel is uit 'n gestruktureerde versameling praktiese ervarings en loopbaanontwikkelingsaktiwiteite wat tersaaklik is vir die etiese ontleding en beoordeling van navorsing waarby menslike deelnemers in hulpbronbeperkte omgewings betrokke is. Hierdie program beoog om kapasiteit te bou en kundigheid te verhoog op die gebied van gesondheidsnavorsingsetiek in Suider-Afrika.

*Let op:*
Jy moet die jaarboekinskrywing vir hierdie program saam met die meer volledige uiteensetting van programregulasies lees wat jy ontvang wanneer jy tot die program toegelaat word.

### Programuitkomste

As gegradueerde in die Nagraadse Diploma in Gesondheidsnavorsingsetiek sal jy:

- 'n deeglike en sistematiese kennis van die geskiedenis van gesondheidsnavorsingsetiek verwerf het;
- 'n begrip van die filosofiese grondslag van navorsingsetiek ontwikkel het;

- die vermoë ontwikkel het om tersaaklike en netelige kwessies in gesondheidsnavorsingsetiek te debatteer en bespreek;
- vaardighede ontwikkel het om 'n bevoegde beoordeling van gesondheidsprotokolle te doen, gegrond op wetenskaplike en etiese perspektiewe;
- die vermoë ontwikkel het om 'n leierskapsrol op te neem of opnuut op te neem nadat jy na jou tuisinstansie/land van herkoms teruggekeer het, en om opleiding te verskaf vir lede van navorsingsetiekkomitees en ander fakulteite wat belangstel; en
- die vermoë ontwikkel het om 'n navorsingsetiekkomitee (NEK) in jou instansie tot stand te bring as daar nie reeds een bestaan nie.

### Aanbieding

Die program word op 'n modulêre wyse aangebied deur middel van drie kontaksessies van twee weke elk.

### Programinhoud

Jy sal in die loop van die program geleentheid kry om met 'n kliniese navorsingsterrein en 'n gesondheid-NEK te werk.

| | |
|---|---|
| Inleiding tot Bio-etiek, Gesondheidswetgewing en Menseregte | 775(30) |
| Tweevoudige Oorsig oor Navorsing as Etiese Imperatief | 775(30) |
| Navorsing en Kwesbaarheid | 775(30) |
| Navorsingswerkstuk (Gesondheidsnavorsingsetiek) | 775(30) |

### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n finale punt van minstens 50% behaal om die program suksesvol te voltooi. Die finale punt word bereken as die geweegde gemiddelde van die punte wat jy in die volgende behaal (geen subminima geld nie):
- Module 1-toets 20%;
- Module 2-toets 20%;
- Module 3-toets 20%;
- Groeptaak 15%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.
- Om die Nagraadse Diploma in Gesondheidsnavorsingsetiek met onderskeiding te verwerf, moet jy 'n finale punt van minstens 75% behaal.

### Navrae

Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/medicine/dmel

## 5.1.4 Nagraadse Diploma in Gesondheidsorgbestuur

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad in die gesondheidswetenskappe, ekonomiese en bestuurswetenskappe, of sosiale wetenskappe op NKR-vlak 7.
- 'n Bewese akademiese vermoë en tersaaklike werkervaring.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Jy moet 'n skriftelike motivering vir toelating tot die program indien en daarmee saam ook bewys lewer van jou taalvaardigheid in Engels, asook jou skryfvaardigheid wat aan die eise van nagraadse akademiese studie en navorsing voldoen.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar en word deeltyds aangebied.

## Programbeskrywing

Die oogmerk van die program is om jou voor te berei vir gevorderde en gespesialiseerde professionele diens binne die gesondheidstelsel. Verder beoog die program om jou kennis en vaardighede in gesondheid-sorgbestuur op 'n gevorderde vlak en binne 'n toegepaste werksomgewing te ontwikkel. Die kurrikulum is op leierskaps- en bestuursrolle in die werksomgewing gegrond. Die opdragte is prakties en toegepas, en sluit 'n toegepaste professionele opdrag in wat met ervarings in die werkplek asook uitdagings in gesondheidsorg-organisasies ooreenkom.

Hierdie nagraadse diploma bied 'n stewige konseptuele begronding vir teoreties en metodologies begronde omgang met toegepaste kwessies rakende gesondheidsorgbestuur, en rus jou toe vir professionele diens of verdere akademiese studie.

Hierdie program word deur die Afdeling Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid van die Departement Globale Gesondheid in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aangebied. Die program bestaan uit 'n stel kernmodules, met 'n praktiese opdrag in die vorm van 'n gesondheidsbestuursverslag.

## Programinhoud

Alle modules is verpligtend; 60 krediete is vir die eerste jaar voorgeskryf, en nog 60 vir die tweede jaar. Die gesondheidsbestuursverslag vorm deel van die tweedejaarmodules.

**EERSTE JAAR**

| | |
|---|---|
| Gehalteverbetering, Kliniese Bestuur en Pasiëntesorg | 775(10) |
| Gesondheidstelsels, -beleid en -finansiering | 775(10) |
| Leierskap en Innovasie in Gesondheidsorg | 737(5) * |
| Projekbestuur | 775(10) |
| Selfbestuur en Bestuur oor Ander vir Optimale Dienslewering | 775(10) |
| Strategie, Bemarking en Kommunikasie | 775(10) |

**TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Bedryfsbestuur | 775(10) |
| Bestuur van Gesondheidstegnologie en -Infrastruktuur | 775(10) |
| Bewyse en Inligting in Gesondheidsbestuur | 775(10) |
| Finansiële Leierskap en Bestuur vir die Lewering van Doeltreffende Gesondheidsorg | 775(10) |
| Gesondheidsbestuurverslag | 775(20) |
| Leierskap en Innovasie in Gesondheidsorg | 757(5) * |

* Leierskap en Innovasie in Gesondheidsorg is 'n longitudinale module wat oor die duur van die program voltooi word.

## Assessering en eksaminering

Elke module word geassesseer deur middel van:

- klasassesserings;
- kort opdragte tydens tutoriaalklasse;
- individuele en groepsdeelname; en
- langer geskrewe opdragte voor of na die kontaksessies in 'n bepaalde module.

## Navrae

Programleier: Prof R English en Dr J Nyasulu
Programadministrateur: Mev C de Mink
Tel: 021 938 9070  E-pos: cdemink@sun.ac.za

### 5.1.5 Nagraadse Diploma in Gestremdheids- en Rehabilitasiestudies

*Let op:*

Hierdie program word afwisselend aangebied en sal dus eers in 2027 aangebied word.

## Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n MBChB-graad, 'n vierjarige professionele baccalaureusgraad in 'n toepaslike gesondheids- of gesondheidsverwante gebied of 'n gelykstaande kwalifikasie op vlak 8 van die Nasionale

Kwalifikasieraamwerk, of 'n driejarige baccalaureusgraad bv. 'n BSc graad op vlak 7 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, of 'n bevoegdheidstandaard op jou bepaalde vakgebied wat die Senaat vir dié doel as toereikend beskou.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

## Duur van program

Die program strek oor een jaar voltydse studie.

## Programbeskrywing

Die Nagraadse Diploma in Gestremdheids- en Rehabilitasiestudies is daarop toegespits om jou kennis en teoretiese begrip van gestremdheid en rehabilitasie uit te brei en te verdiep ten einde die verdere ontwikkeling van huidige denke, reaksies en praktyk op die gebied van gestremdheids- en rehabilitasie-studies aan te moedig. Verder sal die program jou die geleentheid bied om indringend en op 'n gevorderde vlak na te dink en te reflekteer oor:

- die jongste internasionale en nasionale instrumente en beleide vir gestremdheid, rehabilitasie en gesondheid, sowel as ander, sosiaal verwante beleide;
- die invloed van hierdie instrumente en beleide op gestremdheids- en rehabilitasiepraktisyns; en
- hoe jy as praktisyn volhoubare modelle van beste praktyk op die gebied van gestremdheid en rehabilitasie kan ontwikkel sodat jy doeltreffend op nasionale behoeftes in dié verband kan reageer.

## Programuitkomste

Met voltooiing van die program sal jy:

- noodsaaklike gevorderde hoëvlak- kognitiewe, psigomotoriese en affektiewe vaardighede aangeleer het, en dit voortdurend slyp;
- verantwoordelikheid aanvaar vir jou eie leer en om voortdurend so selfwerksaam moontlik te wees;
- gepaste leerstrategieë kan gebruik en klem lê op die ontwikkeling van denkprosesse om inligting te ontleed sowel as te sintetiseer;
- krities kan dink en onafhanklike navorsing onderneem;
- die behoefte verstaan om op hoogte te bly van die jongste navorsing, ontwikkelings en praktyke ten opsigte van rehabilitasieprogramme;
- na lewenslange voortgesette professionele ontwikkeling streef;
- modelle, teorieë, beginsels, beleide en verskynsels op die gebied van gestremdheids- en rehabilitasieprogramme krities bevraagteken en beoordeel;
- jou eie praktyk krities beoordeel en ander se terugvoering aanvaar;
- gevorderde wetenskaplike kommunikasievaardighede aangeleer het, en dit voortdurend beoefen;
- rehabilitasieverwante voorkomings-, bevorderings-, herstel- en rehabilitasieprogramme kan voorsien aan persone in enige stadium van die gesondheid-siekte-aantasting-gestremdheid-kontinuum en in enige lewensfase; en
- jou onvoorwaardelik tot diens aan die gemeenskap (en menselewens) verbind.

## Programinhoud

Die onderstaande is teoretiese modules en is almal verpligtend.

| | |
|---|---|
| Beleidsanalise ten opsigte van Gesondheid, Gestremdheid en Rehabilitasie | 775(30) |
| Etiese en Gemeenskapskonsepte | 775(30) |
| Gemeenskapsintegrasie van Persone met Gestremdhede | 775(30) |
| Gestremdheid en Rehabilitasie: Teorie en Praktyk | 775(30) |

## Assessering en eksaminering

- Die modules word deur middel van aanlyn besprekings en oopboek-opdragte geassesseer. Jy moet elkeen van die vier modules met 'n minimum punt van 50% slaag.
- Indien jy 'n module met 'n finale punt van tussen 45% en 49% sak, sal jy die geleentheid kry om die opdrag(te) wat tot die finale punt vir die module bygedra het te herhaal.
- Indien jy nie kwalifiseer om die opdrag(te) te herhaal nie of die opdrag(te) weer sak, sal jy een geleentheid kry om die module in die volgende jaar te herhaal. Indien jy die module vir die tweede keer sak, mag jy op aanbeveling van die Fakulteitsraad die reg ontneem word om weer vir die module te registreer of die nagraadsediploma-kwalifikasie te behaal.

### Navrae

Programleier: Dr M Botha
Tel: 021 938 9615/9090 E-pos: mrbotha@sun.ac.za
Administratiewe beampte: Me A Kruger
Tel: 021 938 9090 E-pos: adele2@sun.ac.za

## 5.1.6 Nagraadse Diploma in Huisartskunde

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Vir toelating tot die Nagraadse Diploma in Huisartskunde-program moet jy ten minstens twee jaar in besit wees van 'n MBChB-graad of oor 'n ander kwalifikasie wat deur die Universiteit as voldoende beskou word.
- Jy moet by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika, of 'n ekwivalente registrasieliggaam buite Suid-Afrika, geregistreer wees.
- As jy 'n internasionale kandidaat is wat jou kwalifikasie by 'n tersiêre instellingverwerf het waar Engels nie die onderrigtaal is nie, moet jy bewys lewer van Engelse taalvaardigheid.
- Gedurende die verloop van die program moet jy in 'n kliniese omgewing werk wat geskik is vir die praktyk en leer van huisartsgeneeskunde. Geskikte instellings sluit 'n algemene praktyk, gemeenskapsgesondheidsentrum, kliniek of distrikshospitaal in.

*Let op:*
Vrystelling kan deur die Universiteit verleen word op grond van vergelykbare akademiese opleiding wat by 'n ander erkende instelling verwerf is, ten opsigte van voorgeskrewe modules. 'n Afsonderlike aansoek moet ná toelating by die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Huisartskunde en Primêre Sorg ingedien word.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Die Senaat of die Uitvoerende Komitee, wat namens die Senaat handel, sal besluit of jy tot die program toegelaat kan word.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programbeskrywing

Die program Nagraadse Diploma in Huisartskunde (NG Dipl (Huisartskunde)) se doel is om jou as dokter te voorsien van 'n program wat jou kennis en vaardighede in Huisartskunde en Primêre Sorg kan uitbrei. Die program is daarop gemik om die kwaliteit van gesins-/algemene praktyk te verbeter en om in die behoefte van dokters aan voortgesette professionele ontwikkeling te voldoen.

*Let op:*
Jy moet die jaarboekinskrywing vir hierdie program saam met die meer volledige uiteensetting van die programregulasies lees wat jy ontvang wanneer jy tot die program toegelaat word.

### Programuitkomste

As gegradueerde in die program NG Dipl (Huisartskunde) moet jy demonstreer dat jy:

- pasiënte met sowel ongedifferensieerde as meer spesifieke probleme koste-effektief volgens die bio-psigososiale benadering kan assesseer en behandel;
- alle gesondheidsorg op 'n etiese, simpatieke en verantwoordelike wyse met die nodige respek vir menseregte kan hanteer;
- die algemene gesondheid en lewensgehalte van die gemeenskap kan bevorder; en
- gebaseer op die beskikbare bewyse, jou professionele praktyk kan verander nadat jy die nodige selfevaluering en besinning oor jou persoonlike en professionele sterk punte en swakhede gedoen het.

### Aanbieding

Die program word op 'n modulêre wyse deur middel van intydse leer aangebied.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Gemeenskapsgeoriënteerde Primêre Sorg* | 741(20) |
| Kernaspekte van Primêre Sorg | 775(20) |
| Kliniese Bestuur in Primêre Sorg | 775(20) |
| Kliniese Primêre Sorg | 775(20) |
| Onderrig in Primêre Sorgspanne* | 775(20) |
| Primêre Sorgkonsultasies* | 775(20) |

* Eerstejaarsmodules

### Assessering en eksaminering

- Jy moet al ses modules met 'n finale punt van minstens 50% slaag.
- Indien jy 'n module sak of die finale eksamen in daardie module sak, kan jy die module of die eksamen herhaal. Modules word net een maal per jaar aangebied. Om 'n module te herhaal, moet jy in die volgende akademiese jaar weer daarvoor inskryf. Indien jy slegs die eksamen in 'n module moet herhaal, mag jy in dieselfde akademiese jaar 'n aanvullende eksamen aflê.
- Indien jy nie 'n module geslaag het nie, mag jy die module herhaal. Indien jy 'n module vir die tweede keer nie geslaag het nie, sal jy, op aanbeveling van die Fakulteitsraad, die reg om die module weer te herhaal ontneem word gebaseer op swak akademiese vordering.
- As uitgangseksamen moet jy die eksamen vir die Hoër Diploma in Huisartskunde van die Kollege vir Huisartse van Suid-Afrika aflê. Jy mag die finale eksamen slegs aflê indien jy al die eerstejaars-modules suksesvol voltooi het en ten minste 15 maande se kliniese werk soos aangeteken in 'n leerportefeulje. Die koste van die eksamen word nie by die universiteitsfooie ingesluit nie. Vir meer inligting besoek die webwerf by www.cmsa.co.za.
- Indien jy die uitgangseksamen sak, mag jy weer die KGSA-eksamen as 'n aanvullende eksamen aflê. Indien jy egter 'n tweede uitgangseksamen sak, kan jy op aanbeveling van die Fakulteitsraad die reg ontneem word om vir die Nagraadse Diploma in Huisartskunde te kwalifiseer.
- Om die Nagraadse Diploma in Huisartskunde te ontvang, moet jy 'n finale punt van minstens 50% behaal.
- Om die Nagraadse Diploma in Huisartskunde met onderskeiding te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 75% behaal.

### Navrae

Programleier: Dr T Motsohi
Programadministrateur: Me N Cordon-Thomas
Tel: 021 938 9168 E-pos: nicolec@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/family-emergency/family-medicine/division-family-medicine-and-primary-care

## 5.1.7 Nagraadse Diploma in Infeksiesiektes

### Spesifieke toelatingsvereistes

Om tot die Nagraadse Diploma in Infeksiesiektes toegelaat te word, moet jy:

- ten minste twee jaar in besit wees van 'n MBChB-graad van die Universiteit Stellenbosch of 'n ander kwalifikasie wat deur die Universiteit as voldoende beskou word;
- geregistreer wees by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika of 'n ekwivalente registrasieliggaam buite Suid-Afrika;
- vlot Engels kan praat en skryf. Aansoekers met oorsese kwalifikasies wat nie voorgraads deur die medium van Engels gestudeer het nie, kan versoek word om bewys te lewer van hul mondelinge en akademieseskryfvaardigheid in Engels;
- werk in 'n kliniese omgewing wat toepaslik is vir die praktyk en leer van infeksiesiektes; en
- rekenaargeletterd wees met toegang tot die internet. Die gebruik van mobiele apparate mag ook nodig wees vir deelname aan sekere programaktiwiteite.

*Let op:*
Kandidate mag moontlik kwalifiseer vir vrystelling, geheel of gedeeltelik, van sekere modules op grond van vergelykbare akademiese opleiding en kliniese ondervinding wat aan 'n ander erkende inrigting opgedoen is.

### Programbeskrywing

Die Nagraadse Diploma in Infeksiesiektes se doel is om 'n program aan dokters te voorsien wat hul kennis en vaardighede aangaande die voorkoming, diagnose en behandeling van infeksiesiektes kan uitbrei. Die program se doel is ook om die kwaliteit van infeksiesiektesorg in die primêresorgomgewing, sowel as in landelike gebiede te verbeter, en om professionele ontwikkeling in die dissipline te voorsien.

## Programuitkomste

As gegradueerde met die Nagraadse Diploma in Infeksiesiektes sal jy:

- volwasse en pediatriese pasiënte met infeksies (gemeenskapsverworwe, hospitaalverworwe, reis/tropies, immuunonderdrukte) in gebiede met beperkte hulpbronne op 'n koste-effektiewe wyse kan evalueer, diagnoseer en behandel;
- 'n leidende rol in die bevordering van algemene gesondheid en kwaliteit van lewe in die gemeenskap kan speel deur infeksies te voorkom, antibiotikavoogdyskap te praktiseer en toepaslik op uitbrekings van infeksiesiektes te reageer;
- alle gesondheidsorg op 'n etiese, simpatieke en verantwoordelike wyse kan voorsien en die nodige respek vir menseregte in die proses kan toon; en
- selfevaluasie en besinning van jou eie persoonlike en professionele sterk punte en swakhede kan doen om sodoende, gebaseer op beskikbare bewyse, jou professionele praktyk toepaslik te verander.

## Aansoekproses en sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die vorige jaar. Let egter daarop dat aansoeke vir internasionale studente **31 Augustus** van die vorige jaar sluit.

Die Senaat of die Uitvoerende Komitee wat handel namens die Senaat sal besluit of 'n kandidaat toegelaat kan word.

## Aanbieding en tydsduur van program

Hierdie deeltydse program duur twee jaar en word op 'n modulêre wyse deur middel van 'n gemengde-leermodel aangebied. Dit sluit e-leer, begeleide selfstudie, werkopdragte, reflektiewe gevalgebaseerde portefeuljes en werksgebaseerde leer in, asook aangesig-tot-aangesig-tutoriale en vaardigheidsopleiding.

## Programinhoud

Jy moet al vyf die onderstaande modules oor 'n tydperk van twee jaar voltooi. Jy kan nie met 'n nuwe module begin indien die voorafgaande module nie suksesvol voltooi is nie. Bywoning van die kontaksessies aan die begin van elke jaar is verpligtend vir toelating tot die jaar se modules.

**EERSTE JAAR**

| | |
|---|---|
| Infeksies in die Volwassene | 775(30) |
| Pediatriese Infeksiesiektes | 775(30) |

**TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| MIV en TB | 775(30) |
| Chirurgiese/Trauma-infeksies | 775(15) |
| Gemeenskapsgesondheid | 775(15) |

## Assessering en eksaminering

- Vir toelating tot die eksamen aan die einde van elke module, moet jy:
  - bevredigend aan e-leeraktiwiteite vir die betrokke module deelneem; en
  - 'n klaspunt van ten minste 50% vir die betrokke module behaal. Die klaspunt bestaan uit die gemiddeld van punte toegeken vir portefeuljes en werkopdragte vir die betrokke module.
- 'n Finale punt van ten minste 50% moet behaal word om 'n module te slaag.
- Hereksamens kan geskrewe of mondelinge eksamens wees.
- Die finale punt vir die program word bereken as die gemiddeld van die modules se finale punte.
- Ten einde die Nagraadse Diploma in Infeksiesiektes te verwerf, moet jy 'n finale punt van ten minste 50% vir elke module behaal, bywoning van aangesig-tot-aangesig-kontaktyd 100% wees, en al die portefeuljes (met logboek) ter bevestiging van bevredigende praktiese blootstelling ingedien wees.
- Ten einde die Nagraadse Diploma in Infeksiesiektes-program met onderskeiding te slaag moet 'n finale punt van 75% behaal word.

## Navrae

Programleier: Prof J Taljaard
Programadministrateur: Me L Hanekom
Tel: 021 938 9331/9045 E-pos: lejandra@sun.ac.za

### 5.1.8 Nagraadse Diploma in Landelike Geneeskunde

## Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad of in geneeskunde (bv. MBChB of gelykstaande) of in kliniese mediese praktisyn (BCMP)
- Opleiding as 'n mediese praktisyn met minstens twee jaar nagraadse praktiese ervaring as mediese intern of in 'n soortgelyke posisie.
- Opleiding as Kliniese Assosiaat met minstens vyf jaar nagraadse praktiese ervaring sal aan die hand van Erkenning van Vorige Leer-riglyne oorweeg word.
- Bewys van inskrywing by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) of van die vermoë om aan die RGSA se vereistes te voldoen.

Jy moet aanlyn by www.maties.com vir toelating aansoek doen en jou *curriculum vitae* daarby aanheg, asook 'n motiveringsbrief met besonderhede oor jou kliniese bevoegdheid en ervaring, en jou belangstelling in landelike gesondheid in Afrika, sowel as enige betrokkenheid by leierskaps- en bestuurskwessies. Uitgesoekte aansoekers kan vir 'n onderhoud genooi word. Gemeenskapsdiensdokters kom ook in aanmerking vir toelating tot die program.

## Programbeskrywing

Die program is daarop gerig om klinici wat in landelike distrikshospitale in Suid-Afrika en elders in Afrika wil werk toe te rus met die kennis, vaardighede en benaderings wat nodig is om in hierdie kontekste te praktiseer. Nadat jy die program voltooi het, behoort jy oor die kliniese vaardighede te beskik om 'n verskeidenheid pasiënte by 'n streeks- landelike distrikshospitaal met beperkte spesialissteun te bestuur, met die plaaslike gesondheidsorgspan saam te werk en by te dra tot stelsels vir doeltreffende gesondheidsorglewering, gepaste intervensies in openbare gesondheid te begryp, aan gemeenskapsgerigte primêre gesondheidsorg mee te werk, en 'n nadenkende praktisyn te wees met die doelwit om voortdurend as landelike gesondheidsorgpraktisyn te ontwikkel.

Hierdie Nagraadsediplomaprogram word aangebied deur die Afdeling vir Landelike Gesondheid (Ukwanda) by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe van die Universiteit Stellenbosch.

Aansoeke vir voornemende Suid-Afrikaanse studente sluit teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit op **30 September**. Alle aansoeke word deur 'n keuringskomitee oorweeg en toelaatbare kandidate word plek geoffer.

## Duur

Die program strek oor minstens agtien maande tot 'n maksimum van twee jare en word deur middel van 'n gemengdeleermodel aangebied. Dit sal e-leer, begeleide selfstudie, opdragte, reflektiewe gevalle-gebaseerde portefeuljes en werkgebaseerde leer insluit, sowel as aangesig-tot-aangesig-tutoriale en vaardigheidsopleiding.

## Programinhoud

Jy moet al vier modules slaag om die diploma te verwerf en jou sertifikaat te ontvang.

### Eerste Jaar

| | |
|---|---|
| Kliniese Vaardighede vir Distrikshospitale (6 tot 12 maande) | 775(55) |
| Uitdagings van Belangrike Aansteeklike Siektes (eerste semester) | 775(15) |
| Gesondheidsorglewering in Landelike Gemeenskappe (tweede semester) | 775(25) |

### Tweede Jaar

| | |
|---|---|
| Kliniese Beheer en Bestuur in Distriksgesondheidsdienste (eerste semester) | 775(25) |

Die program het een persoonlike kontaksessie wat in Januarie plaasvind.

Die vernaamste kliniese module, Kliniese Vaardighede vir Distrikshospitale, fokus op hoërisiko-areas (die noodgevalleafdeling, die kraamsaal en die operasiesaal). Om aan die kliniese vereistes te voldoen, word die module in die eerste jaar van die program as 'n ses- tot twaalfmaandlange program by 'n streeks- of landelike distrikshospitaal aangebied waar daar gepaste toesig deur ervare praktisyns is wat by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe van die Universiteit Stellenbosch geakkrediteer is.

Die oorblywende drie modules word deur middel van gemengde leer aangebied wat e-leer, gerigte selfstudie, werkopdragte, logboekinskrywings, selfbesinningstake en formele seminare insluit, met praktiese toepassing en werksgeïntegreerde leer in 'n landelike konteks. Die Uitdagings van Belangrike Aansteeklike Siektes-module word in die eerste semester van die eerste jaar van die program gelyktydig met die Kliniese Vaardighede vir Distrikshospitale-module aangebied in óf streeks- óf landelike distrikshospitale, Daarna moet jy 'n minimum van een jaar deurbring by 'n landelike distrikshospitaal waar die Gesondheidsorglewering in Landelike Gemeenskappe- en Kliniese Beheer en Bestuur in Distriksgesondheidsdienste-

modules gedurende die finale twaalf maande van die program aangebied word.

Kliniese Vaardighede vir Distrikshospitale 775 vereis dat studente kliniese toesighouers wat aan al die vereistes van die module voldoen moet vind. Vaardighede kan by enige instansie opgedoen word wat blootstelling aand die vereisde prosedures bied. Voorgestelde kliniese toesighouers se aansoeke sal geakkrediteer word en dié wat aan die kriteria voldoen sal vir toesighouding en Deurlopende Professionele Ontwikkeling-punte geakkrediteer word.

### Assessering en eksaminering

Die assessering van elke module sluit die volgende in:

- Kliniese Vaardighede vir Distrikshospitale: bevoegdheidsassessering, logboek-inskrywings en verslae deur die geakkrediteerde toesighoudende dokter.
- Uitdagings van Belangrike Aansteeklike Siektes: aanlyn toetse wat uit veelkeusevrae en 'n werkstuk bestaan.
- Gesondheidsorglewering in Landelike Gemeenskappe: deelname aan aanlynbesprekingsgroepe, 'n oorsigtelike verslag van plaaslike gesondheidsorgbehoeftes en -dienste, en 'n verslag oor gemeenskapsgerigte primêresorg-intervensies.
- Kliniese Beheer en Bestuur in Distriksgesondheidsdienste: deelname aan aanlynbesprekingsgroepe, ontwikkeling van 'n voorstel vir 'n gehalteverbeteringsprojek, 'n verslag oor jou gehalteverbeterings-projek, en 'n besinnende verslag oor leer.

As jy krediete vir enige ander vaardighede wil verwerf, in die besonder vir die kliniese domeine in die module Kliniese Vaardighede vir Distrikshospitale, sal jy jou bekwaamheid op die spesifieke gebiede deur middel van gepaste werkgebaseerde assessering moet aantoon.

Jy moet 50% behaal om te slaag, en 75% om met onderskeiding te slaag. Aanvaarbare deelname en by-woning van webinare word aanbeveel vir suksesvolle voltooiing.

- Indien jy 'n module sak met 'n persentasie tussen 45% en 50%, sal jy 'n geleentheid gebied om 'n werkopdrag weer in te handig as 'n tweede geleentheid.
- Indien jy die werkopdrag by die tweede geleentheid nie inhandig nie, sal jy die volgende jaar weer vir die module moet registreer.
- Indien jy 'n module by meer as een geleentheid sak, sal jy nie met die program kan voortgaan nie.

### Navrae

Programbestuurder: Prof I Couper
Tel.: 021 938 9186 E-pos: icouper@sun.ac.za
Programkoördineerder: Dr M De Wit
Tel: 023 346 7802 E-pos: moniquedw@sun.ac.za

Programadministrateur: Mev L Meyer
Tel.: 021 938 9873 E-pos: lindsaym@sun.ac.za

## 5.1.9 Nagraadse Diploma in Mediese Toksikologie

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad (MBChB, BPharm of BVerpleegk) of 'n ander toepaslike kwalifikasie op minstens NKR-vlak 7.
- Indien jy 'n internasionale student is wat vir jou voorgraadse studies nie Engels as medium van onderrig gebruik het nie, kan daar van jou verwag word om bewys te lewer van jou mondelinge en akademiese skryfvaardigheid in Engels.
- HonsBSc met 'n minimum van twee jaar se ondervinding.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Programbeskrywing

Die doel met die Nagraadse Diploma in Mediese Toksikologie is om jou, as toepaslik gekwalifiseerde wetenskaplike, op te lei in die rigting mediese toksikologie. Die kurrikulum dek die belangrikste aspekte van mediese toksikologie en sal help om jou kennis as professionele gesondheidsorgwerker te verbreed. Na voltooiing van die program sal jy:

- oor die praktiese vaardighede beskik om pasiënte wat blootgestel is aan giftige chemikalieë te diagnoseer en te hanteer;
- in staat wees om in mediese fasiliteite te werk waar jy kan help met die hantering van vergiftigde pasiënte; en

- in staat wees om advies aan ander gesondheidswerkers te gee aangaande die diagnose en hantering van vergiftigde pasiënte.

### Duur

Die program strek oor twee jaar.

### Aanbieding

Die program word aangebied deur middel van gemengde leer en sluit e-leer, begeleide selfstudie, opdragte, huiswerktake en e-portefeuljes vir geïntegreerde refleksie in, asook twee formele aangesig-tot-aangesig-lesingsweke.

### Programinhoud

Jy moet al vyf die onderstaande modules voltooi.

| | |
|---|---|
| Hantering en Voorkoming van Vergiftiging | 775(24) |
| Inleiding tot Toksikologie | 775(24) |
| Vergiftiging deur Biologiese Toksiene | 775(24) |
| Vergiftiging deur Farmaseutiese Middels | 775(24) |
| Vergiftiging deur Niegeneesmiddel-chemikalieë | 775(24) |

### Assessering en eksaminering

- Om die NG Dipl (Toksikologie) te verwerf, moet jy:
  - klasse bevredigend bywoon en bevredigend aan e-leer-aktiwiteite deelneem; en
  - elk van die vyf modules met 'n gemiddelde punt van minstens 50% slaag.
- Geen hereksamens sal toegelaat word nie
- Die finale punt word soos volg bereken:
  - Deel 1: skriftelike opdragte en aanlyn vasvrae (25%).
  - Deel 2: e-portefeuljes vir geïntegreerde refleksie (15%).
  - Deel 3: besprekings van gevallestudies (24%).
  - Deel 4: twee skriftelike eksamens (36%) – een aanlyn en een in persoon.
- Om die program met onderskeiding te slaag moet jy 'n punt van 75% behaal.

### Navrae

Programleier: Mev CJ Marks
Tel: (021) 938 9334 E-pos: carinem@sun.ac.za

Programadministrateur: Me M Harck
Tel: (021) 938 9296 E-pos: mji@sun.ac.za

## 5.1.10 Nagraadse diplomas in spesialisverpleegkunde/-verloskunde

### Programbeskrywing

Spesialisverpleegkundiges/-verloskundiges is geregistreerde verpleeg-/verloskundiges met gespesialiseerde vaardighede op hulle spesialisgebied. Hierdie vaardighede sluit die vermoë in om in komplekse omstandighede besluite te neem en om 'n verskeidenheid dienste te voorsien. Vir dié doel moet die spesialisverpleegkundige/-verloskundige bevoeg wees op die gebied van:

- professionele, etiese en regspraktyk;
- kliniese praktyk;
- persoonlike ontwikkeling;
- bestuur en leierskap; en
- bewysgebaseerde praktyk en navorsing.

Die nagraadse diplomaprogramme in spesialisverpleegkunde/-verloskunde rus jou toe om 'n leier op jou spesialisgebied te wees en verpleeg-/verloskundige sorg te bied wat persoonsgerig, onafhanklik, innoverend, omvattend, eties en bewysgebaseerd is, en aan alle toepaslike wetgewing voldoen. Deur jou in beide teoretiese kennis en toegepaste vaardighede te onderrig, bevorder die onderskeie programme kritiese denke, bewysgebaseerde praktyk en sosiaal-relevante navorsing. Die programme is ontwerp om te voldoen aan die uitkomste en bevoegdhede wat die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) vereis.

## Programuitkomste

Nadat jy 'n nagraadsediplomaprogram in spesialisverpleegkunde/-verloskunde voltooi het, behoort jy:

- Die spesialisvaardighede waarna die nagraadsekwalifikasie-raamwerk van SARV verwys en jou nuutaangeleerde vaardighede sinvol en doeltreffend op jou spesialisgebied te kan toepas.
- Te weet hoe om krities te dink en bewysgebaseerde praktyk te gebruik om huidige praktyke te verbeter en in die behoeftes van die samelewing te voorsien.
- Holistiese, persoongesentreerde sorg aan alle pasiënte ongeag ouderdom en hoe gesond of siek hulle is te kan bied, binne enige diens- of sorgomgewing, in jou spesialisveld.
- Leiding in die versorging van diegene in jou sorg te neem, met spesiale aandag aan pasiënte se behoeftes, lewensduur, ontwikkelingsfase en lewensgehalte.
- Te weet hoe om die verpleeg-/verloskundige omgewing waarin jy werk te organiseer en te bestuur, onder meer deur kostedoeltreffende strategieë toe te pas en samewerking tussen verpleeg-/verloskunde en ander dissiplines en beroepe te verbeter.
- Die vaardighede, platforms en strategieë te demonstreer om sinvol met pasiënte, kollegas en leerders in diverse omgewings te kommunikeer.
- Te weet wat van jou verwag word om aan professionele gedragskodes, praktykbestek, en etiekwaardes en -raamwerke te voldoen, wat die denke agter morele en spesialissorg insluit.
- Innoverende strategieë, onder meer tegnologie, te kan gebruik om die gehalte van sorg, onderrig en leer, bestuur, en leierskap te verbeter.
- Te weet hoe om doeltreffende leer- en onderrigstrategieë uit te voer, positiewe leeromgewings te skep en ander aan te spoor tot selfbesinning, aanpasbaarheid en akademiese ontwikkeling.
- 'n Rolmodel en kampvegter vir diegene in jou sorg, die groter gemeenskap en die beroep te wees.

## Assessering en eksaminering

- Alle programme is onderhewig aan die bepalings oor eksamens, promosies en hereksamens in 'n enkele module soos uiteengesit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek.
- 'n Verskeidenheid van formatiewe en summatiewe assesseringmetodes word gebruik en jou uitslae sal aantoon of jy die gewenste uitkomste bereik het. Jou assessering as spesialisverpleeg-/verloskundige sal dus aandui of jy die vereiste akademiese groei en fokus bereik het en die teorie en praktyk toepaslik kon integreer.
- Elke module word afsonderlik geassesseer en jy moet minstens 50% in 'n module behaal om te slaag.
- As jy 'n module vir die tweede keer sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.

# 5.1.10.1 Nagraadse Diploma in Kritiekesorgverpleegkunde: Volwassene

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n Baccalaureusgraad in Verpleegkunde (Regulasie 174) en/of die Diploma in Verpleegkunde: Algemene Verpleegkundiges (Regulasie 171) met die Gevorderde Diploma in Verloskunde (Regulasie 1497); of
  - 'n twee jaar lange diploma (oorbruggingskursus) wat lei tot registrasie as 'n Algemene of Psigiatriese Verpleegkundige aangebied onder Regulasie 683 van 14 April 1989, soos gewysig, gevolg deur 'n een jaar lange Diploma in Verloskunde aangebied onder Regulasie 254 van 14 Februarie 1975, soos gewysig; of
  - 'n vier jaar lange Diploma in Verpleegkunde en Verloskunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig; of
  - 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig.
- Huidige registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) as 'n Professionele Verpleeg- en verloskundige of as 'n Algemene Verpleegkundige met 'n verloskunde-kwalifikasie.
- 'n Geldige bewys van die suksesvolle voltooiing van 'n basiese lewensondersteuningskursus (BLS) moet tydens registrasie vir die NG Dipl in Kritiekesorgverpleegkunde-program of binne twee maande ná aanvang van die program ingedien word,

Twee jaar ondervinding as 'n geregistreerde/professionele verpleeg- en verloskundige, wat ondervinding op die spesialisgebied insluit gedurende die afgelope twee jaar, word aanbeveel.

Rekenaargeletterdheid word sterk aanbeveel.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

## Duur van program

Die program strek voltyds oor een akademiese jaar.

## Programbeskrywing

Die program sal jou toerus met kennis en kliniese vaardighede om 'n bevoegde kritiekesorgverpleegkundige te wees. Dit sal jou leer om volwasse pasiënte in 'n kritieke toestand in die kritiekesorgeenheid te assesseer en te diagnoseer, behandeling vir die pasiënte te beplan en in werking te stel, en hulle vordering te beoordeel.

## Aanbieding

Teorie word in bloktydperke volgens die akademiese kalender op die Tygerberg-kampus deur 'n gemengdeleerbenadering aangebied. Werksgeïntegreerde leer bestaan uit simulasie-leer, kliniese praktyk vir ervaringsleer en rol-opname by kliniese fasiliteite in die Wes-Kaapprovinsie wat SARV spesifiek vir die Universiteit Stellenbosch geakkrediteer het (720 ure deur SARV gespesifiseer).

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Beginsels en Prosesse van Kritiekesorgverpleegkunde | 784(23) |
| Bewysgebaseerde Praktyk | 721(8) |
| Leierskap en Ontwikkeling in Spesialispraktyk | 743(8) |
| Praksis in Spesialispraktyk | 746(8) |
| Spesialispraktyk in Kritiekesorgverpleegkunde | 786(45) |
| Stelselabnormaliteite: Kritiekesorgverpleegkunde | 785(28) |

## Assessering en eksaminering

- 'n Verskeidenheid van formatiewe en summatiewe assesseringmetodes word gebruik. Jy sal geassesseer word op grond van:
  - werksopdragte;
  - die toepassing van navorsingsbeginsels en -metodes;
  - voorleggings oor pasiëntgevalle;
  - gevallestudies;
  - kliniese vaardighede;
  - bewysportefeuljes; en
  - skriftelike toetse en eksamens.
- Elke module word afsonderlik geassesseer en jy moet minstens 50% in 'n module behaal om te slaag.
- As jy 'n eerstesemestermodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Junie van dieselfde jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.
- As jy 'n jaarmodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.

## Navrae

Programleier: Me RFG Anthonie
Tel: 021 938 9299/9036    E-pos: ranthonie@sun.ac.za

### 5.1.10.2 Nagraadse Diploma in Verloskunde

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n Baccalaureusgraad in Verpleegkunde (Regulasie 174) en/of die Diploma in Verpleegkunde: Algemene Verpleegkundiges (Regulasie 171) met die Gevorderde Diploma in Verloskunde (Regulasie 1497); of
  - 'n Twee jaar lange diploma (oorbruggingskursus) wat lei tot registrasie as 'n Algemene of Psigiatriese Verpleegkundige aangebied onder Regulasie 683 van 14 April 1989, soos gewysig, gevolg deur 'n een jaar lange Diploma in Verloskunde aangebied onder Regulasie 254 van 14 Februarie 1975, soos gewysig; of
  - 'n Vier jaar-lange Diploma in Verpleegkunde en Verloskunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig; of

    - 'n Vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig.
- Huidige registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) as 'n professionele verpleeg- en verloskundige of as 'n algemene verpleegkundige met 'n verloskunde-kwalifikasie.
- 'n Geldige bewys van die suksesvolle voltooiing van 'n basiese lewensondersteuningskursus (BLS) moet tydens registrasie vir die NG Dipl in Verloskunde-program of binne twee maande ná aanvang van die program ingedien word,

Twee jaar ondervinding as 'n geregistreerde/professionele verpleeg- en verloskundige, wat ondervinding op die spesialisgebied insluit gedurende die afgelope twee jaar, word aanbeveel.

Rekenaargeletterdheid word sterk aanbeveel.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

## Duur van program

Die program strek voltyds oor een akademiese jaar.

## Programbeskrywing

Die program sal jou verloskundekennis en -vaardighede versterk en bou. Jy sal leer om krities oor die huidige denke, praktyke en navorsingsmetodes op jou gebied na te dink, en vrouegesondheid op grond daarvan te verbeter. Die program behels intense teoretiese studie, oordeelkundige kliniese besluitneming en onafhanklike denke, sowel as die toepassing van kennis in die lewering van professionele, bekwame verloskundige sorg in verskillende omgewings.

## Aanbieding

Teorie word in bloktydperke volgens die akademiese kalender op die Tygerberg-kampus deur 'n gemengdeleerbenadering aangebied. Werksgeïntegreerde leer bestaan uit simulasie-leer, kliniese praktyk vir ervaringsleer en rol-opname by kliniese fasiliteite in die Wes-Kaapprovinsie wat SARV spesifiek vir die Universiteit Stellenbosch geakkrediteer het (720 ure deur SARV gespesifiseer).

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Bewysgebaseerde Praktyk | 721(8) |
| Leierskap en Ontwikkeling in Spesialispraktyk | 743(8) |
| Moeder- en Neonatalesorgfarmakologie | 732(8) |
| Moedersorgspesialisasie | 733(28) |
| Neonatalesorgspesialisasie | 734(20) |
| Praksis in Spesialispraktyk | 746(8) |
| Spesialispraktyk in Verloskunde | 735(40) |

## Assessering en eksaminering

- 'n Verskeidenheid van formatiewe en summatiewe assesseringmetodes word gebruik. Jy sal geassesseer word op grond van:
    - werksopdragte;
    - die toepassing van navorsingsbeginsels en -metodes;
    - voorleggings oor pasiëntgevalle;
    - gevallestudies;
    - kliniese vaardighede;
    - bewysportefeuljes; en
    - skriftelike toetse en eksamens.
- Elke module word afsonderlik geassesseer en jy moet minstens 50% in 'n module behaal om te slaag.
- As jy 'n eerstesemestermodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Junie van dieselfde jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.
- As jy 'n jaarmodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.

## Navrae

Programleier: Prof DM Kaura
Tel: 021 938 9240/9036    E-pos: dkm@sun.ac.za

### 5.1.10.3 Nagraadse Diploma in Peri-operatiewe Verpleegkunde

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n Baccalaureusgraad in Verpleegkunde (Regulasie 174) en/of die Diploma in Verpleegkunde: Algemene Verpleegkundiges (Regulasie 171) met die Gevorderde Diploma in Verloskunde (Regulasie 1497); of
  - 'n Twee jaar lange diploma (oorbruggingskursus) wat lei tot registrasie as 'n Algemene of Psigiatriese Verpleegkundige aangebied onder Regulasie 683 van 14 April 1989, soos gewysig, gevolg deur 'n een jaar lange Diploma in Verloskunde aangebied onder Regulasie 254 van 14 Februarie 1975, soos gewysig; of
  - 'n Vier jaar lange Diploma in Verpleegkunde en Verloskunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig; of
  - 'n Vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig.
- Huidige registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) as 'n professionele verpleeg- en verloskundige of as 'n algemene verpleegkundige met 'n verloskunde-kwalifikasie.
- 'n Geldige bewys van die suksesvolle voltooiing van 'n basiese lewensondersteuningskursus (BLS) moet tydens registrasie vir die NG Dipl in Verloskunde-program of binne twee maande ná aanvang van die program ingedien word,

Twee jaar ondervinding as 'n geregistreerde/professionele verpleeg- en verloskundige, wat ondervinding op die spesialisgebied insluit gedurende die afgelope twee jaar, word aanbeveel.

Rekenaargeletterdheid word sterk aanbeveel.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

#### Duur van program

Die program strek voltyds oor een akademiese jaar.

#### Programbeskrywing

Die program beoog om jou as professionele verpleegkundige toe te rus om veilige peri-operatiewe verpleging te voorsien wat aan alle wets- en etiekvereistes in Suid-Afrika voldoen. Dit sal jou leer om kliniese en nie-kliniese aspekte saam te voeg in die beplanning en inwerkingstelling van pasgemaakte peri-operatiewe pasiëntesorg in samewerking met ander dissiplines.

#### Aanbieding

Teorie word in bloktydperke volgens die akademiese kalender op die Tygerberg-kampus deur 'n gemengdeleerbenadering aangebied. Werksgeïntegreerde leer bestaan uit simulasie-leer, kliniese praktyk vir ervaringsleer en rol-opname by kliniese fasiliteite in die Wes-Kaapprovinsie wat SARV spesifiek vir die Universiteit Stellenbosch geakkrediteer het (720 ure deur SARV gespesifiseer).

#### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Bewysgebaseerde Praktyk | 721(8) |
| Leierskap en Ontwikkeling in Spesialispraktyk | 743(8) |
| Peri-operatiewe Verpleegkunde in Konteks | 722(40) |
| Praksis in Spesialispraktyk | 746(8) |
| Spesialispraktyk in Peri-operatiewe Verpleegkunde | 723(56) |

#### Assessering en eksaminering

- 'n Verskeidenheid van formatiewe en summatiewe assesseringmetodes word gebruik. Jy sal geassesseer word op grond van:
  - werksopdragte;
  - die toepassing van navorsingsbeginsels en -metodes;
  - voorleggings oor pasiëntgevalle;
  - gevallestudies;
  - kliniese vaardighede;
  - bewysportefeuljes; en
  - skriftelike toetse en eksamens.
- Elke module word afsonderlik geassesseer en jy moet minstens 50% in 'n module behaal om te slaag.

- As jy 'n eerstesemestermodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Junie van dieselfde jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.
- As jy ŉ jaarmodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.

## Navrae

Programleier: Me L Schutte
Tel: 021 938 9593/9036    E-pos: lorainev@sun.ac.za

### 5.1.10.4 Nagraadse Diploma in Primêresorgverpleegkunde

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n Baccalaureusgraad in Verpleegkunde (Regulasie 174) en/of die Diploma in Verpleegkunde: Algemene Verpleegkundiges (Regulasie 171) met die Gevorderde Diploma in Verloskunde (Regulasie 1497); of
  - 'n Twee jaar lange diploma (oorbruggingskursus) wat lei tot registrasie as 'n Algemene of Psigiatriese Verpleegkundige aangebied onder Regulasie 683 van 14 April 1989, soos gewysig, gevolg deur 'n een jaar lange Diploma in Verloskunde aangebied onder Regulasie 254 van 14 Februarie 1975, soos gewysig; of
  - 'n Vier jaar lange Diploma in Verpleegkunde en Verloskunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig; of
  - 'n Vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig.
- Huidige registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) as 'n professionele verpleeg- en verloskundige of as 'n algemene verpleegkundige met 'n verloskunde-kwalifikasie.
- 'n Geldige bewys van die suksesvolle voltooiing van 'n basiese lewensondersteuningskursus (BLS) moet tydens registrasie vir die NG Dipl in Primêresorgverpleegkunde-program of binne twee maande ná aanvang van die program ingedien word,

Twee jaar ondervinding as 'n geregistreerde/professionele verpleeg- en verloskundige, wat ondervinding op die spesialisgebied insluit gedurende die afgelope twee jaar, word aanbeveel.

Rekenaargeletterdheid word sterk aanbeveel.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

## Duur van program

Die program strek voltyds oor een akademiese jaar.

## Programbeskrywing

Hierdie program sal jou toerus om as 'n spesialispraktisyn met ander spanlede in primêre sorg saam te werk om omvattende kliniese sorg te bied. Dit sal jou die beginsels, teorieë, en kernkwessies en -debatte in primêre gesondheidsorg help verstaan en krities beoordeel. Boonop sal jy leer om gespesialiseerde kennis en vaardighede toe te pas in die verskaffing van gevorderde kliniese sorg aan individue van alle ouderdomme sowel as aan gesinne in 'n primêresorgomgewing.

## Aanbieding

Teorie word in bloktydperke volgens die akademiese kalender op die Tygerberg-kampus deur 'n gemengdeleerbenadering aangebied. Werksgeïntegreerde leer bestaan uit simulasie-leer, kliniese praktyk vir ervaringsleer en rol-opname by kliniese fasiliteite in die Wes-Kaapprovinsie wat SARV spesifiek vir die Universiteit Stellenbosch geakkrediteer het (720 ure deur SARV gespesifiseer).

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Beginsels en Prosesse van Primêre Gesondheidsorg | 731(15) |
| Bewysgebaseerde Praktyk | 721(8) |
| Farmakologie | 733(15) |
| Gesondheidsassessering, Diagnose, Behandeling en Sorg | 734(25) |
| Leierskap en Ontwikkeling in Spesialispraktyk | 743(8) |

| | |
|---|---|
| Praksis in Spesialispraktyk | 746(8) |
| Spesialispraktyk in Primêre Sorg | 735(41) |

### Assessering en eksaminering

- 'n Verskeidenheid van formatiewe en summatiewe assesseringmetodes word gebruik. Jy sal geassesseer word op grond van:
  - werksopdragte;
  - die toepassing van navorsingsbeginsels en -metodes;
  - voorleggings oor pasiëntgevalle;
  - gevallestudies;
  - kliniese vaardighede;
  - bewysportefeuljes; en
  - skriftelike toetse en eksamens.
- Elke module word afsonderlik geassesseer en jy moet minstens 50% in 'n module behaal om te slaag.
- As jy 'n eerstesemestermodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Junie van dieselfde jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.
- As jy 'n jaarmodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.

### Navrae

Programleier: Me D Kitshoff
Tel: 021 938 9058/9036 E-pos: danenek@sun.ac.za

## 5.1.10.5 Nagraadse Diploma in Geestesgesondheidsverpleegkunde

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n Baccalaureusgraad in Verpleegkunde (Regulasie 174) en/of die Diploma in Verpleegkunde: Algemene Verpleegkundiges (Regulasie 171) met die Gevorderde Diploma in Verloskunde (Regulasie 1497); of
  - 'n Twee jaar lange diploma (oorbruggingskursus) wat lei tot registrasie as 'n Algemene of Psigiatriese Verpleegkundige aangebied onder Regulasie 683 van 14 April 1989, soos gewysig, gevolg deur 'n een jaar lange Diploma in Verloskunde aangebied onder Regulasie 254 van 14 Februarie 1975, soos gewysig; of
  - 'n Vier jaar lange Diploma in Verpleegkunde en Verloskunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig; of
  - 'n Vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig.
- Huidige registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) as 'n professionele verpleeg- en verloskundige of as 'n algemene verpleegkundige met 'n verloskunde-kwalifikasie.
- 'n Geldige bewys van die suksesvolle voltooiing van 'n basiese lewensondersteuningskursus (BLS) moet tydens registrasie vir die NG Dipl in Geestesgesondheidsverpleegkunde-program of binne twee maande ná aanvang van die program ingedien word,

Twee jaar ondervinding as 'n geregistreerde/professionele verpleeg- en verloskundige, wat ondervinding op die spesialisgebied insluit gedurende die afgelope twee jaar, word aanbeveel.

Rekenaargeletterdheid word sterk aanbeveel.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

### Duur van program

Die program strek voltyds oor een akademiese jaar.

### Programbeskrywing

Die program beoog om jou te ontwikkel tot 'n kritiesdenkende, kreatiewe en nadenkende praktisyn wat nie net leiding in die voorsiening van geestesgesondheidsorg neem nie, maar ook as 'n bron van geestes-gesondheidsdienste in Suid-Afrika dien.

Die program sal jou met grondige kennis en terapeutiese vaardighede toerus om individue met geestes-siektes op 'n primêre, sekondêre en tersiêre sorgvlak te diagnoseer, behandel, versorg en hanteer. Die vaardigheid om met pasiënte te konsulteer en te skakel sal spesiale aandag ontvang.

Die program sal jou ook die konteks en dinamika van ons gesondheidsdiensstelsel help verstaan, en hoe dít gesondheidsdienslewering beïnvloed.

### Aanbieding

Teorie word in bloktydperke volgens die akademiese kalender op die Tygerberg-kampus deur 'n gemengdeleerbenadering aangebied. Werksgeïntegreerde leer bestaan uit simulasie-leer, kliniese praktyk vir ervaringsleer en rol-opname by kliniese fasiliteite in die Wes-Kaapprovinsie wat SARV spesifiek vir die Universiteit Stellenbosch geakkrediteer het (720 ure deur SARV gespesifiseer).

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Beginsels en Prosesse van Geestesgesondheidsverpleegkunde | 751(48) |
| Bewysgebaseerde Praktyk | 721(8) |
| Leierskap en Ontwikkeling in Spesialispraktyk | 743(8) |
| Praksis in Spesialispraktyk | 746(8) |
| Spesialispraktyk in Geestesgesondheidsverpleegkunde | 753(48) |

### Assessering en eksaminering

- 'n Verskeidenheid van formatiewe en summatiewe assesseringmetodes word gebruik. Jy sal geassesseer word op grond van:
  - werksopdragte;
  - die toepassing van navorsingsbeginsels en -metodes;
  - voorleggings oor pasiëntgevalle;
  - gevallestudies;
  - kliniese vaardighede;
  - bewysportefeuljes; en
  - skriftelike toetse en eksamens.
- Elke module word afsonderlik geassesseer en jy moet minstens 50% in 'n module behaal om te slaag.
- As jy 'n eerstesemestermodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Junie van dieselfde jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.
- As jy 'n jaarmodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.

### Navrae

Programleier: Me R Felix
Tel: 021 938 9293/9036 E-pos: rehannafelix@sun.ac.za

## 5.1.10.6 Nagraadse Diploma in Verpleegonderwys

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n Baccalaureusgraad in Verpleegkunde (Regulasie 174) en/of die Diploma in Verpleegkunde: Algemene Verpleegkundiges (Regulasie 171) met die Gevorderde Diploma in Verloskunde (Regulasie 1497); of
  - 'n Twee jaar lange diploma (oorbruggingskursus) wat lei tot registrasie as 'n Algemene of Psigiatriese Verpleegkundige aangebied onder Regulasie 683 van 14 April 1989, soos gewysig, gevolg deur 'n een jaar lange Diploma in Verloskunde aangebied onder Regulasie 254 van 14 Februarie 1975, soos gewysig; of
  - 'n Vierjaar-lange Diploma in Verpleegkunde en Verloskunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig; of
  - 'n Vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig.
- Huidige registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) as 'n professionele verpleeg- en verloskundige of as 'n algemene verpleegkundige met 'n verloskunde-kwalifikasie.

Twee jaar ondervinding as 'n geregistreerde/professionele verpleeg- en verloskundige, wat ondervinding op die spesialisgebied insluit gedurende die afgelope twee jaar, word aanbeveel.

Rekenaargeletterdheid word sterk aanbeveel.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

## Duur van program

Die program strek voltyds oor een akademiese jaar of deeltyds oor twee jaar.

## Programbeskrywing

Die program sal jou aan die spesialisgebied van verpleegonderwys blootstel en jou met die kennis en vaardighede toerus wat jy nodig het om 'n doeltreffende verpleegopvoeder in jou spesifieke spesialisgebied te wees. Dit sal jou, as professionele geregistreerde verpleegkundige, oplei om ander verpleegkundiges te onderrig. As verpleegopvoeder sal jy spesifieke vaardighede en bevoegdhede (onderrigaktiwiteite) wat jy benodig uit ervaring aanleer.

Die onderrigmetode is op die volgende beginsels gebaseer:

- Jy sal onafhanklik moet leer en studeer terwyl die opvoeder leiding verskaf en leer fasiliteer.
- Jou analitiese, kritiese, besinnings- en kreatiewedenkvaardighede sal ontwikkel word deur probleemoplossing, werksopdragte, e-leerassessering op FMHSLearn (http://learn.sun.ac.za), gevallestudies, interaktiewe werksessies saam met eweknieë, en ander onderrig- en leerstrategieë.
- Jy sal aan die werklike praktyk blootgestel word sodat jy self die praktyk met die teorie kan verbind. Op onderwysgebied geskied dit deur middel van ervaringsleer.
- Die teoretiese komponent hou direk verband met die praktiese doelwitte om jou kennis van verpleegonderwys uit te brei.

## Aanbieding

Teorie word in bloktydperke volgens die akademiese kalender op die Tygerberg-kampus deur 'n gemeng-deleerbenadering aangebied. Werksgeïntegreerde leer bestaan uit 500 uur (soos deur SARV gespesifiseer) van simulasie-leer, kliniese praktyk vir ervaringsleer en rol-opname by kliniese en hoëronderwysfasiliteite wat SARV spesifiek vir die Universiteit Stellenbosch geakkrediteer het.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Bewysgebaseerde Praktyk | 721(8) |
| Kurrikulumstudie | 742(20) |
| Leierskap en Ontwikkeling in Spesialispraktyk | 743(8) |
| Onderrig- en Leerstrategieë | 744(28) |
| Opvoedkundige Sielkunde | 745(15) |
| Praksis in Spesialispraktyk | 746(8) |
| Verpleegonderwyspraktyk | 747(33) |

## Assessering en eksaminering

- 'n Verskeidenheid van formatiewe en summatiewe assesseringmetodes word gebruik. Jy sal geassesseer word op grond van:
  - werksopdragte;
  - die toepassing van navorsingsbeginsels en -metodes;
  - gevallestudies;
  - bewysportefeuljes; en
  - skriftelike toetse en eksamens.
- Elke module word afsonderlik geassesseer en jy moet minstens 50% in 'n module behaal om te slaag.
- As jy 'n eerstesemestermodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Junie van dieselfde jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.
- As jy 'n jaarmodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.

### Navrae

Programleier: Me D Hector
Tel: 021 938 9634/9036 E-pos: hectord@sun.ac.za

## 5.1.10.7 Nagraadse Diploma in Gesondheidsdiensbestuur

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
    - 'n Baccalaureusgraad in Verpleegkunde (Regulasie 174) en/of die Diploma in Verpleegkunde: Algemene Verpleegkundiges (Regulasie 171) met die Gevorderde Diploma in Verloskunde (Regulasie 1497); of
    - 'n Twee jaar lange diploma (oorbruggingskursus) wat lei tot registrasie as 'n Algemene of Psigiatriese Verpleegkundige aangebied onder Regulasie 683 van 14 April 1989, soos gewysig, gevolg deur 'n een jaar lange Diploma in Verloskunde aangebied onder Regulasie 254 van 14 Februarie 1975, soos gewysig; of
    - 'n Vier jaar lange Diploma in Verpleegkunde en Verloskunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig; of
    - 'n Vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig.
- Huidige registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) as 'n professionele verpleeg- en verloskundige of as 'n algemene verpleegkundige met 'n verloskunde-kwalifikasie.

Twee jaar ondervinding as 'n geregistreerde/professionele verpleeg- en verloskundige, wat ondervinding op die spesialisgebied insluit gedurende die afgelope twee jaar, word aanbeveel.

Rekenaargeletterdheid word sterk aanbeveel.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

### Duur van program

Die program strek voltyds oor een akademiese jaar of deeltyds oor twee jaar.

### Programbeskrywing

Die program bestudeer die rol van die verpleegbestuurder om doelmatige bestuur op die verskillende vlakke van gesondheidsorgdienste te verseker. Dit sluit in die toepassing van bestuurs- en leierskapsbeginsels op 'n etiese wyse, die bestuur van menslike kapitaal, die evaluering en formulering van beleide, die bestuur van openbare gesondheid en finansies, risiko's en rampe, en die benutting van navorsings- en tegnologiese vaardighede om gesondheidsorg-uitkomste en die kwaliteit van die werklewe van verpleegpersoneel te verbeter.

Die onderrigmetode is op die volgende beginsels gebaseer:

- Jy sal onafhanklik moet leer en studeer terwyl die opvoeder leiding verskaf en leer fasiliteer.
- Jou analitiese, kritiese, besinnings- en kreatiewedenkvaardighede sal ontwikkel word deur probleemoplossing, werksopdragte, e-leerassessering op FMHSLearn (http://learn.sun.ac.za), gevallestudies, ensovoorts.
- Jy sal aan kliniese praktyk blootgestel word om self die teorie met die praktyk te verbind. Op die gebied van gesondheidsdiensbestuur geskied dit deur middel van ervaringsleer.
- Goedgekeurde/geakkrediteerde gesondheidsorgfasiliteite sal jou die geleentheid bied om jou kennis en vaardighede in jou eie praktykvoering toe te pas en 'n meer bedrewe gesondheidsdiensbestuurder te word.
- Die teoretiese komponent hou direk verband met die praktiese doelwitte om jou kennis van gesondheidsdiensbestuur uit te brei.

### Aanbieding

Teorie word in bloktydperke volgens die akademiese kalender op die Tygerberg-kampus deur 'n gemengdeleerbenadering aangebied. Werksgeïntegreerde leer bestaan uit 500 uur (soos deur SARV gespesifiseer) van simulasie-leer, kliniese praktyk vir ervaringsleer en rol-opname by kliniese fasiliteite wat SARV spesifiek vir die Universiteit Stellenbosch geakkrediteer het.

### Programinhoud

Jy moet die vereiste verpleegbestuurpraktika van 'n spesifieke module met ten minste 50% slaag om vir toelating tot die finale summatiewe assessering in daardie module in aanmerking te kom.

| | |
|---|---|
| Bewysgebaseerde Praktyk | 721(8) |
| Gesondheidsdiensbestuurspraktyke | 775(26) |
| Leierskap en Bestuur | 773(30) |
| Leierskap en Ontwikkeling in Spesialispraktyk | 743(8) |
| Menslikehulpbronbestuur | 776(20) |
| Praksis in Spesialispraktyk | 746(8) |
| Risiko- en Finansiële Bestuur | 775(20) |

### Assessering en eksaminering

- 'n Verskeidenheid van formatiewe en summatiewe assesseringmetodes word gebruik. Jy sal geassesseer word op grond van:
  - werksopdragte;
  - die toepassing van navorsingsbeginsels en -metodes in die gesondheidsdienste;
  - vaardighede in onderskeie spesialisgebiede;
  - gevallestudies;
  - gesprekke met hospitaalbestuur oor beleid, protokolle en bestuursbevoegdhede wat in elke spesifieke module behandel word;
  - bewysportefeuljes; en
  - skriftelike toetse en eksamens.
- Elke module word afsonderlik geassesseer en jy moet minstens 50% in 'n module behaal om te slaag.
- As jy 'n eerstesemestermodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Junie van dieselfde jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.
- As jy 'n jaarmodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.

### Navrae

Programleier: Dr C Young
Tel: 021 938 9634/9036 E-pos:cornelle@sun.ac.za

## 5.1.10.8 Nagraadse Diploma in Noodverpleegkunde

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n Baccalaureusgraad in Verpleegkunde (Regulasie 174) en/of die Diploma in Verpleegkunde: Algemene Verpleegkundiges (Regulasie 171) met die Gevorderde Diploma in Verloskunde (Regulasie 1497); of
  - 'n Twee jaar lange diploma (oorbruggingskursus) wat lei tot registrasie as 'n Algemene of Psigiatriese Verpleegkundige aangebied onder Regulasie 683 van 14 April 1989, soos gewysig, gevolg deur 'n een jaar lange Diploma in Verloskunde aangebied onder Regulasie 254 van 14 Februarie 1975, soos gewysig; of
  - 'n Vier jaar lange Diploma in Verpleegkunde en Verloskunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig; of
  - 'n Vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde aangebied onder Regulasie 425 van 22 Februarie 1985, soos gewysig.
- Huidige registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) as 'n professionele verpleeg- en verloskundige of as 'n Algemene verpleegkundige met 'n verloskunde-kwalifikasie.
- 'n Geldige bewys van die suksesvolle voltooiing van 'n basiese lewensondersteuningskursus (BLS) moet tydens registrasie vir die NG Dipl in Noodverpleegkunde-program of binne twee maande ná aanvang van die program ingedien word,

Twee jaar ondervinding as 'n geregistreerde/professionele verpleeg- en verloskundige, wat ondervinding op die spesialisgebied insluit gedurende die afgelope twee jaar, word aanbeveel.

Rekenaargeletterdheid word sterk aanbeveel.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **31 Oktober** van die voorafgaande jaar.

### Duur van program

Die program strek voltyds oor een akademiese jaar.

### Programbeskrywing

Die program beoog om jou te ontwikkel in 'n praktisyn wat krities dink, kreatief is en reflekterend besin, en wat nie net leiding neem in die voorsiening van noodverpleegkunde nie, maar ook as 'n bron van nood-verpleegkundedienste in Suid-Afrika dien.

Die program sal jou met grondige kennis en terapeutiese vaardighede toerus om individue in noodtoestande of met kritieke beserings te diagnoseer en te versorg. Die program sal jou ook die konteks en dinamika van ons gesondheidsdiensstelsel help verstaan, en hoe dit noodverpleegkunde beïnvloed.

### Aanbieding

Teorie word in bloktydperke volgens die akademiese kalender op die Tygerberg-kampus deur 'n gemengdeleerbenadering aangebied. Werksgeïntegreerde leer bestaan uit simulasie-leer, kliniese praktyk vir ervaringsleer en rol-opname by kliniese fasiliteite in die Wes-Kaapprovinsie wat SARV spesifiek vir die Universiteit Stellenbosch geakkrediteer het (720 ure deur SARV gespesifiseer).

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Bewysgebaseerde Praktyk | 721(8) |
| Beginsels en Prosesse van Noodverpleegkunde | 767(28) |
| Leierskap en Ontwikkeling in Spesialispraktyk | 743(8) |
| Praksis in Spesialispraktyk | 746(8) |
| Sisteemabnormaliteite: Noodverpleegkunde | 776(23) |
| Spesialispraktyk in Noodverpleegkunde | 768(45) |

### Assessering en eksaminering

- 'n Verskeidenheid van formatiewe- en summatieweassesseringmetodes word gebruik. Jy sal geassesseer word op grond van:
  - werksopdragte;
  - die toepassing van navorsingsbeginsels en -metodes;
  - voorleggings oor pasiëntgevalle;
  - gevallestudies;
  - kliniese vaardighede;
  - skriftelike toetse en eksamens;
  - groeps- en individuele projekte;
  - kliniesepraktykportefeuljes; en
  - bewysportefeuljes.
- Elke module word afsonderlik geassesseer en jy moet minstens 50% in 'n module behaal om te slaag.
- As jy 'n eerstesemestermodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Junie van dieselfde jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.
- As jy 'n jaarmodule sak, sal jy 'n tweede assesseringsgeleentheid in Januarie van die daaropvolgende jaar toegestaan word. As jy die tweede geleentheid sak, sal jy nie toegelaat word om met die program voort te gaan nie.

### Navrae

Programleier: Dr S de Lange
Tel: 021 938 9828 E-pos:santeldl@sun.ac.za

## 5.1.11 Nagraadse Diploma in Verslawingsorg

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad en toepaslike professionele registrasie in 'n gebied relevant vir gesondheid of welsyn, bv. maatskaplike werk, geneeskunde, verpleging, sielkunde ('n vierjarige baccalaureus-graad, soos die BPsig, of 'n driejarige baccalaureusgraad en 'n eenjarige honneursgraad, soos 'n BA in Sielkunde opgevolg deur 'n HonsBA) of arbeidsterapie.

- 'n Diploma in Verpleegkunde saam met 'n Gevorderde Diploma in Psigiatriese Verpleegwetenskap sal gelykstaande geag word aan 'n vierjarige graad in verpleegkunde en dus aan die toelatings-vereistes voldoen.
- Minstens twee jaar professionele ondervinding word aanbeveel.
- Jy sal vir toelating oorweeg word indien jy oor 'n driejarige diploma in verpleegkunde of maat-skaplike werk of enige ander toepaslike kwalifikasie beskik in ooreenstemming met die beleid vir die assessering en erkenning van vorige leer wat op hierdie program betrekking het. Jy kan die beleid van die programleier verkry.
- Jy moet vlot wees in beide geskrewe en gesproke Engels.
- Jy moet rekenaargeletterd wees en toegang tot die internet hê. Daar mag van jou verwag word om mobiele en/of ander opnametoestelle te gebruik vir deelname aan sekere programaktiwiteite.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

## Duur van program

Die program word deeltyds oor twee jaar aangebied.

## Programbeskrywing

Die Nagraadse Diploma in Verslawingsorg fokus daarop om jou kennis as praktisyn in die verslawingsorgveld te verbreed en te konsolideer deur vir jou 'n oorsig van die huidige relevante bewysgebaseerde literatuur in die veld te bied. Die diplomaprogram wil jou pasiëntesorg verbeter, eerder as om basiese kennis of navorsingskapasiteit daar te stel.

Die kurrikulum dek die belangrikste verslawingsorgtemas om sodoende goed afgeronde verslawing-sorgpraktisyns op te lei.

Hierdie kwalifikasie stel jou egter nie in staat om professionele berading te voorsien nie tensy jou registrasie by 'n professionele liggaam of die praktykbestek van jou vorige kwalifikasie(s) jou toelaat.

## Programuitkomste

Na voltooiing van die program behoort jy oor:

- Omvattende teoretiese kennis te beskik wat relevant is vir die gebied van verslawingsorg;
- Holistiese vaardighede te beskik om effektiewe, bewysgebaseerde intervensies aan pasiënte met substansgebruikversteurings aan te bied; en
- Toepaslike vaardighede te beskik om professionele en etiese praktyke te bestudeer.

## Aanbieding

Die program word op 'n modulêre wyse aangebied.

Die program word aangebied deur middel van gemengde leer wat e-leer, gerigte selfstudie, werkstukke, huiswerktake en ervaringsleer insluit, sowel as formele lesingsweke. Daar word van jou verwag om verpligte werksure aan te teken.

## Programinhoud

Jy moet al vier modules voltooi. Indien jy nie al jou eerstejaarmodules slaag nie, mag jy vir die tweedejaar-modules registreer terwyl jy die agterstallige eerstejaarmodules herhaal, as jy dit so verkies.

### EERSTE JAAR

| | |
|---|---|
| Bewysgebaseerde Behandeling | 775(36) |
| Inleiding tot Verslawing | 775(24) |

### TWEEDE JAAR

| | |
|---|---|
| Dienste vir Verslawing | 775(24) |
| Verslawing en Spesiale Groepe | 775(36) |

## Assessering en eksaminering

- Jy moet bevredigende klasbywoning en deelname aan e-leeraktiwiteite toon, en 'n klaspunt van minstens 40% in elke module behaal om toegang tot die skriftelike eksamen in 'n module te verkry.
- Die klaspunt word uit die punte vir buigsame assessering en assessering van werkstukke saam-gestel. Die suksesvolle voltooiing van 'n module is aan bevredigende deelname onderhewig.
- In die geval waar jy nie genoegsame kliniese en/of professionele vordering (soos vervat in die module-/programgids) toon nie, sal jy die geleentheid gebied word tot remediëring van jou

onvoldoende kliniese en/of professionele optrede of prestasie. Indien jy misluk in die poging tot remediëring, sal jy slegs op aanbeveling van die departementele programkomitee en die goedkeuring van die Fakulteitsraad die module mag herhaal of met die program mag voortgaan.

- Jy moet 'n finale punt van minstens 50% behaal om 'n module te slaag. Die finale punt word saamgestel uit die klaspunt en die eksamenpunt vir elke module volgens die reëls soos uiteengesit in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek van die Universiteit.
- Hereksamens kan in die vorm van 'n skriftelike of 'n mondelinge eksamen wees.
- Jy moet al die modules met 'n finale punt van minstens 50% slaag om vir die diploma te kwalifiseer, en jy sal slegs toegelaat word om te gradueer indien jy 'n logboek ingedien het wat bevredigende deelname aan die voorgeskrewe ure vir praktiese werk bevestig. Die finale punt vir die program word bereken as die gemiddeld van die punte vir die voltooide modules.

### Navrae

Programleier: Dr EM Weich
Tel: 021 940 4400    E-pos: lizew@sun.ac.za of addictions@sun.ac.za

## 5.2 Honneursgrade

### 5.2.1 Honneurs-Baccalaureus in die Natuurwetenskappe

*Let op:*
Indien jy aansoek doen vir toelating tot een van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se HonsBSc-programme, moet jy kennis neem dat daar 'n moontlikheid bestaan dat 'n program nie aangebied sal word as daar nie genoeg kwalifiserende kandidate is om die program mee te vul nie. In sulke gevalle sal die Universiteit hierdie besluit direk met aansoekers kommunikeer in November van die jaar vóór die voorgenome studie.

#### Programbeskrywing

Die doel van die program is om jou toe te rus met insig, praktiese bevoegdhede en grondige kennis in jou gekose studieveld. By voltooiing van die program moet jy in staat wees om onafhanklik as 'n navorser en akademikus in die Suid-Afrikaanse konteks te funksioneer.

Die program het ten doel om:

- gesondheidsorg in die Suid-Afrikaanse gemeenskap te bevorder;
- gesondheidsnavorsing te fasiliteer en te innoveer;
- kritiese en etiese beredenering te fasiliteer;
- evalueringsbestuur, kommunikasie en wetenskaplike kennis te bevorder;
- jou vir verdere studie voor te berei; en
- lewenslange leer te bevorder.

#### Toelating van gediplomeerdes tot HonsBSc-studie

Indien jy 'n Nasionale Hoër Diploma in Geneeskundige Tegnologie besit, kan jy vir toelating tot HonsBSc-graadstudie oorweeg word as jy:

- 'n toepaslike B-graad of ekwivalente graad aan 'n goedgekeurde inrigting vir tersiêre onderwys verwerf het;

óf

- in uitsonderlike gevalle aan die volgende minimum vereistes voldoen:
  - jy moet die Matrikulasiesertifikaat of 'n vrystellingsertifikaat van die Matrikulasieraad besit;
  - jy moes tydens die diplomaprogram akademies bogemiddeld gepresteer het;
  - jy moes vóór toelating akademies verbonde en/of professioneel aktief gebly het vir 'n minimum tydperk van drie jaar, waartydens jy minstens een navorsingsprojek suksesvol deurgevoer en in 'n erkende vaktydskrif gepubliseer het.

Jy moes geslaag het in 'n tentamen:

- wat afgeneem is volgens duidelik omskrewe kriteria deur die Fakulteitsraad neergelê, ten einde 'n toereikende wetenskaplike standaard te verseker;
- wat ontwerp is om jou teoretiese agtergrond en wetenskaplike rypheid te peil; en
- wat waargeneem is deur die hoof van die departement of afdeling waarin die voorgenome nagraadse studie beoog word as sameroeper, of sy/haar gevolmagtigde, saam met minstens een ander deskundige in die betrokke vakgebied soos deur die dekaan benoem.

Jy sal op meriete deur die Komitee vir Nagraadse Onderrig oorweeg word aan die hand van 'n curriculum vitae en 'n skriftelike aanbeveling van die tentamenkomitee.

### Toelating van BTech-gekwalifiseerdes tot HonsBSc-studie

Indien jy 'n toepaslike BTech- of 'n ekwivalente graad aan 'n goedgekeurde inrigting vir tersiêre onderwys besit, kan jy vir toelating tot HonsBSc-graadstudie oorweeg word op voorwaarde dat:

- aanvullende werk deur departemente/afdelings vereis kan word;
- jy tydens die graadprogram akademies bogemiddeld gepresteer het; en
- jy geslaag het in 'n tentamen:
    - wat afgeneem is volgens duidelik omskrewe kriteria deur die Fakulteitsraad neergelê, ten einde 'n toereikende wetenskaplike standaard te verseker;
    - wat ontwerp is om jou teoretiese agtergrond en wetenskaplike rypheid te peil; en
    - wat waargeneem is deur die hoof van die departement of afdeling waarin die voorgenome nagraadse studie beoog word as sameroeper, of sy/haar gevolmagtigde, saam met minstens een ander deskundige op die betrokke vakgebied soos deur die dekaan benoem.

Jy sal op meriete deur die Komitee vir Nagraadse Onderrig oorweeg word aan die hand van 'n curriculum vitae en 'n skriftelike aanbeveling van die tentamenkomitee.

## 5.2.1.1 HonsBSc in Anatomie

### Spesifieke toelatingsvereistes

Een van die volgende kwalifikasies van 'n erkende instelling:

- BSc met Anatomie as hoofvak, en Biochemie, Fisiologie, Genetika, Mikrobiologie of Soölogie as addisionele hoofvak;
- MBChB of BChD;
- BTech met toepaslike vakke en motivering. Afhangende van die betrokke studierigting kan addisionele werk vereis word óf kan daar van jou verwag word om 'n toelatingseksamen te skryf; of
- enige ander toepaslike kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat van die Universiteit Stellenbosch.

Vir al die bogenoemde kwalifikasies moet jy 'n slaagsyfer van ten minste 65% in die Anatomie-modules van die tweede en derde jaar en ten minste 65% in die addisionele hoofvak behaal het.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

*Let op:*
Die formele program neem in die eerste week van Januarie 'n aanvang.

### Programbeskrywing

Die doel van die program is om die landwye tekort aan anatome aan te roer. Dit bestaan uit 'n teoretiese en 'n praktiese komponent wat jou in staat sal stel om by opleiding betrokke te wees en jou ook met 'n deeglike kennis van die gebruik van mensweefsel vir navorsingsdoeleindes sal toerus.

### Programinhoud

**Verpligte modules (100 krediete)**

| | |
|---|---|
| Anatomiese Tegnieke en Laboratoriumpraktyk | 771(10) |
| Makro-Streeksanatomie | 771(20) |
| Mikroskopiese Anatomie en Histologiese Tegniek | 771(20) |
| Regs- en Etiese Aspekte en Gebruik van Diere in Navorsing | 771(10) |
| Werkstuk (Anatomie) | 771(40) |

#### Keusemodules

Kies modules vir 'n totaal van 20 krediete.

| | |
|---|---|
| Fisiese en Forensiese Antropologie | 771(20) |
| Kliniese en Chirurgiese Anatomie | 771(10) |
| Menslike Anatomiese Variasie | 771(10) |
| Ontwikkelingsanatomie | 771(10) |
| Radiologiese Anatomie | 771(10) |
| Vergelykende Anatomie | 771(10) |

### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n subminimum van 50% in elk van die onderstaande assesseringskomponente behaal:
  - assessering wat die inhoud van die verpligte modules dek (50% van finale punt);
  - assessering wat die inhoud van die keusemodules dek (17% van finale punt); en
  - suksesvolle voltooiing en inlewering van die werkstuk (33% van finale punt).
- Die finale punt word bepaal deur die geweegde gemiddelde te bereken van die punte wat jy behaal het in elk van die komponente wat geassesseer is.

### Navrae

Programleier: Prof N Briers
Tel: 021 938 9430 E-pos: briers@sun.ac.za

## 5.2.1.2 HonsBSc in Biokinetika

*Let op:*

Die HonsBSc in Biokinetika het tot en met 2028 professionele akkreditasie van die Raad vir Gesondheids-beroepe van Suid-Afrika (RGSA) verkry. Studente wat vir RGSA-registrasie as professionele biokinetici wil aansoek doen moet dus die bestaande program teen die einde van die 2028- akademiese jaar voltooi. Die Fakulteit is tans besig om 'n nuwe professionele baccalaureusgraad te ontwerp wat moontlik hierdie program sal vervang. Sodra dit bevestig is, sal studente ingelig word oor die uitfaseringsplan van hierdie Honneursprogram. Indien die Fakulteit besluit om die Honneursprogram permanent te behou, sal herakkre-ditasie by die RGSA gereël word.

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Sportwetenskap as een van die hoofvakke wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het.
- Jy moet, met 'n skriftelike aansoek, deur die Senaat of deur die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, tot die betrokke program toegelaat word.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% in Sportwetenskapvakke (teorie en prakties) tydens jou voorgraadse studiejare.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar. Slegs 'n beperkte getal studente word tot die spesialiseringsrigting Biokinetika toegelaat.

### Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds. 'n Verpligte eenjarige internskap- of werkservaringstydperk wat aan die bepalings van die RGSA voldoen, moet voltooi word voordat aansoek om registrasie as 'n onafhanklike biokinetikus oorweeg kan word. Raadpleeg die afdeling 'Internskap' vir meer besonderhede.

### Programinhoud

In ooreenstemming met RGSA-regulasies, behels werk-geïntegreerde leer (WIL) 'n minimum van 500 uur kliniese en praktiese ervaring. Hierdie WIL-ure is binne die verpligte modules geïntegreer en word in verskeie omgewings voltooi, insluitend praktiese opleidingsblokke, hospitale, rehabilitasiesentrums, skole en gemeenskapsgebaseerde programme. Die WIL-ure word gedokumenteer deur logboeke, toesighouer-evaluasies, portefeuljes en praktiese assesserings om te verseker dat daar aan alle vereisde bevoegdhede voldoen word.

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Oefenkunde | 771(30) |
| Biokinetika Praktyk | 772(20) |
| Navorsingsprojek | 773(30) |

| | |
|---|---|
| Oefenfisiologie | 774(20) |
| Ergonomika | 775(20) |

## Assessering en eksaminering

Die program word buigsaam geassesseer en sluit teoretiese en praktiese opdragte asook informele klastoetse en formele toetse in. Alle assessering dra tot die finale punt vir elke module by.

Jy moet 'n klaspunt van 40% per module behaal vir toelating tot die skriftelike eksamen. Om Biokinetika Praktyk 772 te slaag, moet jy die geskrewe eksamen met minstens 50% slaag, sowel as 'n praktiese en mondelinge eksamen met minstens 50% aan die einde van die jaar. Die finale punt vir elke module bestaan uit 50% van die eksamenpunt en 50% van die klaspunt.

## Internskap

Na afloop van die voltooiing van die HonsBSc in Biokinetika, moet jy 'n verpligte eenjarige internskap in 'n RGSA-geakkrediteerde biokinetikapraktyk voltooi, voordat jy jou aansoek om registrasie as 'n onafhanklike biokinetikus by die RGSA kan indien.

- Toelatingsvereistes vir internskap:
  - Voltooiing van die volledige kursuskomponent van die program, wat lei tot die toekenning van die graad *en*
  - Registrasie vir internskap as biokinetikus by die RGSA.
- Duur en aanbiedingstruktuur van internskap:
  - 'n Minimum van een jaar se deurlopende voltydse internskap.
  - Raadpleeg Formulier 160-BK op die RGSA-webwerf vir die nuutste regulasies.
- Internskappe word deur die RGSA goedgekeur en val onder die toesig van 'n geakkrediteerde biokinetikus.
- Die internskap moet binne twee jaar na die verwerwing van die akademiese biokinetika-kwalifikasie voltooi word, maar mag nie oor 'n tydperk van twee jaar gesprei word nie.

## Navrae

Programleier: Prof KE Welman
Tel: 021 808 4733    E-pos: welman@sun.ac.za
Programadministrateur: Mev M Botha
Tel.: 021 808 4915 E-pos: mimbotha@sun.ac.za

# 5.2.1.3 HonsBSc in Epidemiologie

*Let op:*
Hierdie program word nie tans aangebied nie.

## Spesifieke Toelatingsvereistes

Een van die volgende kwalifikasies van hierdie Universiteit of van 'n ander erkende universiteit:

- die grade MBChB of BChD;
- 'n baccalaureusgraad in 'n biologiese rigting wat verkieslik 'n eenjaarprogram in Wiskunde en/of Statistiek insluit; of
- 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat vir hierdie doel goedgekeur het, met dien verstande dat jy wel Wiskunde op skoolverlatingsvlak geslaag het.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

## Duur van program

Die program word deeltyds oor twee akademiese jare aangebied.

## Aanbieding

Dit behels twee verpligte modules en weeklikse kontaksessies van twee uur elk.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Biostatistiek | 772(60) |
| Epidemiologie | 771(60) |

### Assessering en eksaminering

- Twee formele klastoetse word tydens die twee akademiese jare afgelê en aan die einde van die program word drie drieuur-vraestelle geskryf:
  - een vraestel handel oor Epidemiologie;
  - een vraestel handel oor Biostatistiek; en
  - een vraestel is probleemgebaseerd en dek geïntegreerde voorbeelde.
- Hierdie skriftelike assessering word ondersteun deur 'n verpligte mondelinge eksamen wat deur 'n eksterne eksaminator bygewoon word en wat ook probleemgebaseerd en geïntegreerd is. Die eksterne eksaminator modereer die eksamenskrifte voordat hy/sy die mondelinge eksamen bywoon.
- Die onderstaande geld by die berekening van die finale punt vir die program:
  - assessering deur middel van twee skriftelike klastoetse (20% van die finale punt);
  - drie skriftelike eksamenvraestelle (60% van die finale punt); en
  - 'n mondelinge eksamen (20% van die finale punt).
- Jy moet beide modules slaag met 'n minimum van 50% om die graad te verwerf.

### Navrae

Tel: 021 938 9886

## 5.2.1.4 HonsBSc in Farmakologie

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies van hierdie Universiteit of van 'n ander erkende universiteit:
  - 'n BSc-graad met Fisiologie, Biochemie of Mikrobiologie met 'n finale punt van minstens 60% vir vakke op derdejaarsvlak;
  - 'n MBChB- of BChD-graad of gelykstaande kwalifikasie;
  - 'n BPharm-graad of gelykstaande kwalifikasie; of
  - 'n gelykstaande kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat.
- Internasionale kandidate moet bewys lewer van 'n gelykstaande kwalifikasie wat by 'n nie-Suid-Afrikaanse instansie verwerf is. 'n SAKO (Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid)-sertifikaat moet ingedien word.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Beginsels van Farmakologie | 774(40) |
| Farmakologie van Sisteme | 775(40), 776(40) |

### Assessering en eksaminering

- Die finale punt word op grond van die volgende bereken:
  - drie skriftelike eksamens oor die teoretiese werk (45% van die finale punt);
  - assessering deur middel van klastoetse (15% van die finale punt);
  - werkstuk en voordrag (20% van die finale punt); en
  - mondelinge eksamen (20% van die finale punt).
- Jy moet 'n bevredigende werkstuk inlewer na aanleiding van 'n farmakologiese/ toksikologiese projek. Die doel van die werkstuk is om jou vermoë te bepaal om 'n wetenskaplike ondersoek selfstandig uit te voer en die resultate daarvan te interpreteer.

### Navrae

Programleier: Prof T Kellermann
Tel: 021 938 9281 E-pos: tkellermann@sun.ac.za

Programbeampte: Me M Harck

E-pos: mji@sun.ac.za

### 5.2.1.5 HonsBSc in Geneeskundige Fisiologie

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Een van die volgende kwalifikasies van hierdie Universiteit of van 'n ander erkende universiteit:

- 'n BSc-graad met Fisiologie as hoofvak, of gelykstaande kwalifikasie, met 'n finale punt van minstens 60% vir Fisiologie op derdejaarsvlak;
- 'n MBChB- of BChD-graad, of gelykstaande kwalifikasie; of
- 'n BVSc- of BPharm-graad, of gelykstaande kwalifikasie.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds.

#### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Navorsing in Geneeskundige Fisiologie | 772(60) |
| Teoretiese Geneeskundige Fisiologie | 771(60) |

#### Assessering en eksaminering

Die finale punt word op grond van die volgende bereken:

- een skriftelike toeboek-toets en een skriftelike toeboek-eksamen oor die teoretiese werk;
- 'n oopboek-eksamen;
- buigsame assessering;
- 'n navorsingsprojekvoordrag; en
- 'n mini-tesis.

#### Navrae

Programleier: Dr G Maarman
Tel: 021 938 9392 E-pos: gmaarman@sun.ac.za

### 5.2.1.6 HonsBSc in Geneeskundige Mikrobiologie

*Let op:*
Die naam van hierdie graadprogram sal verander na HonsBSc in Infektiewe Siektepatologie en Immunologie wanneer die Raad op Hoër Onderwys die verandering goedgekeur het.

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Relevante BSc-graad van 'n erkende universiteit met 'n kombinasie van toepaslike vakke soos Mikrobiologie, Biochemie, Biotegnologie en Genetika.
- 'n Slaagsyfer van 60% of meer in die finale jaar.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Indien meer kandidate aansoek doen om toelating as waarvoor die program voorsiening maak, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Geneeskundige Mikrobiologie kandidate op grond van hulle akademiese prestasie keur en op 'n kortlys plaas. Finale keuring geskied na 'n kort onderhoud.

#### Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

#### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Praktiese Navorsingsprojek | 771(60) |
| Teorie van Geneeskundige Mikrobiologie | 776(60) |

#### Assessering en eksaminering

- Assessering van die teoretiese module geskied in die vorm van:
  - buigsame assessering (5% van die finale punt);
  - 'n semestereksamen (20% van die finale punt);

- 'n finale eksamen (20% van die finale punt); en
- 'n mondelinge eksamen (5% van die finale punt).

- Assessering van die praktiese navorsingsprojek geskied in die vorm van:
  - navorsingsverwante werkboeke;
  - werkstukke en seminare; en
  - 'n mini-tesis (50% van die finale punt).
- Jy moet 'n subminimum van 50% vir elke module behaal om te slaag.

### Navrae

Programleier: Dr M Newton-Foot
Tel: 021 938 4032  E-pos: maen@sun.ac.za

## 5.2.1.7 HonsBSc in Geneeskundige Virologie

*Let op:*
Die naam van hierdie graadprogram sal verander na HonsBSc in Infektiewesiektepatologie en Immunologie, effektief 2027, ná goedkeuring deur die Raad op Hoër Onderwys.

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Onlangse BSc- of ander wetenskapgraad (NKR-vlak 7) met hoofvakke in Mikrobiologie, Biochemie, Genetika of 'n soortgelyke vakrigting.
- 'n Slaagsyfer van 60% of meer in die finale semester/jaar.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Die Afdeling Geneeskundige Virologie stel 'n kortlys van finalejaarkandidate met 'n gemiddelde punt van 60% vir al die modules in die Junie-eksamen op en nooi 'n geselekteerde aantal kandidate vir 'n informele onderhoud in Oktober/November. Die suksesvolle kandidate moet ook 'n gemiddelde punt van 60% of meer in die finale eksamen behaal om tot die program toegelaat te word.

Slegs 'n beperkte aantal studente kan tot die program toegelaat word. Indien jy nie aan hierdie kriteria voldoen nie, sal jy outomaties gediskwalifiseer word.

### Duur van program

Die program strek oor een jaar.

### Programbeskrywing

Die program vorm deel van volgehoue pogings om 'n studiekultuur vir studente en navorsers te skep wat 'n betekenisvolle bydrae tot Geneeskundige Virologie kan lewer. Geneeskundige Virologie bied praktiese navorsingsondervinding en fokus spesifiek op navorsing relevant tot Afrika.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Praktiese Navorsingsprojek (Geneeskundige Virologie) | 772(60) |
| Teorie van Geneeskundige Virologie | 771(60) |

### Assessering en eksaminering

- Assessering van die teoretiese module geskied in die vorm van:
  - seminare (5% van die finale punt vir die module);
  - vyf bloktoetse (20% van die finale punt vir die module);
  - 'n finale eksamen (2 vraestelle) (20% van die finale punt vir die module); en
  - 'n mondelinge eksamen (5% van die finale punt vir die module).
- Die praktiese navorsingsmodule word geassesseer op grond van:
  - die navorsingsportefeulje en projekwerkboeke (5% van die finale punt vir die module);
  - werkstukke (10% van die finale punt vir die module); en
  - 'n navorsingswerkstuk (35% van die finale punt vir die module).
- Jy moet 'n subminimum van 50% vir beide modules behaal om die program te slaag.

### Akademiese Uitsluiting

Indien jy beide modules druip, of < 45% in een van die modules behaal, sal outomatiese uitsluiting geld.

Indien jy een module slaag en 45-49% vir die ander module behaal, sal jy toegelaat word om die module wat

gedruip is, in die volgende jaar te herhaal. Jy kan 'n module slegs een maal herhaal voordat outomatiese uitsluiting sal geld.

### Navrae

Programleier: Prof C de Beer
Tel: 021 938 9453 E-pos: cdeb@sun.ac.za

## 5.2.1.8 HonsBSc in Hiperbariese Geneeskunde

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Die graad MBChB van hierdie Universiteit of 'n ander goedgekeurde universiteit, of 'n gelykwaardige kwalifikasie aanvaarbaar vir registrasie as mediese praktisyn in die kategorie onafhanklike praktyk.
- 'n Voltooide internskapjaar/-jare.
- 'n Geldige duik- mediese sertifikaat (of in staat wees om een te verkry vóór deelname aan hiperbariese blootstelling).

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**. Slegs 'n beperkte aantal studente word tot die program toegelaat.

### Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

### Programbeskrywing

Die program verskaf opleiding aan mediese praktisyns in die studierigting Hiperbariese Geneeskunde. As mediese praktisyn word jy blootgestel aan verskeie konsepte in Hiperbariese Geneeskunde, met die hooffokus op hiperbariese geneeskundige praktyk in die hospitaal-kliniese omgewing. Die program dek nie die beroepsgeneeskundige aspekte van duikmedisyne of hiperbariesetonnelwerk nie. Hierdie beroeps-geneeskundige aspekte word gedek in die Onderwatergeneeskundeprogram.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Basiese Hiperbariese Geneeskunde | 772(25) |
| Gevorderde Hiperbariese Geneeskunde | 774(20) |
| Navorsingsmetodologie | 775(10) |
| Navorsingswerkstuk | 776(30) |
| Operasionele Hiperbariese Geneeskunde | 773(35) |

### Assessering en eksaminering

Jy lê eksamens af slegs in die modules wat jy voltooi het. Indien jy die hele program voltooi, word jou finale punt vir die program bereken op grond van:

- die suksesvolle voltooiing van die afsonderlike module-eksamens (10% van finale punt);
- twee skriftelike gesloteboek-vraestelle van drie uur elk (50% van finale punt);
- 'n mondelinge eksamen van minstens dertig minute (20% van finale punt); en
- 'n navorsingsprojek wat bewys lewer van vaardigheid in basiese navorsingsmetodologie (20% van finale punt).

### Navrae

Programleier: Dr WAJ Meintjes
Tel: 021 938 9272 E-pos: wajm@sun.ac.za

## 5.2.1.9 HonsBSc in Kerngeneeskunde

*Let op:*
Hierdie program word nie in 2025 aangebied nie.

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies van hierdie Universiteit of van 'n ander erkende universiteit:
  - die graad MBChB;
  - 'n baccalaureusgraad met Fisiologie as hoofvak en Fisika I; of
  - 'n baccalaureusgraad met óf Chemie óf Biochemie as hoofvak met dien verstande dat Fisiologie tot tevredenheid van die Senaat aangevul word indien Fisiologie nie die tweede hoofvak is nie.
- 'n Minimum slaagsyfer van 60% in die hoofvak is 'n voorvereiste.

- Indien jy oor 'n BTech-kwalifikasie beskik, sal jy vir toelating oorweeg word indien jy:
    - die BTech-graad met 'n minimum finale punt van 60% geslaag het; en
    - 'n tentamen in Kerngeneeskunde (soos deur die Nagraadseprogramkomitee bepaal) afgelê en met 'n minimum eksamenpunt van 60% geslaag het.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

## Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Kliniese Kerngeneeskunde | 772(60) |
| Navorsingswerkstuk (Kerngeneeskunde) | 773(30) |
| Stralingsfisika en Instrumentasie | 771(30) |

## Assessering en eksaminering

- Jy moet al drie modules met 'n minimum slaagsyfer van 50% slaag om die kwalifikasie te verwerf.
- As deeltydse student sal jy toegelaat word om die eksamen soos volg af te lê:
    - een drieuur-vraestel ná verloop van een jaar; en
    - twee drieuur-vraestelle en 'n mondelinge eksamen ná verloop van twee jaar.
- As voltydse student sal jy toegelaat word om die eksamen soos volg af te lê:
    - Drie drieuur-vraestelle en 'n mondelinge eksamen ná verloop van een jaar.

## Navrae

Programleier: Prof J Warwick
Tel: 021 938 4352 E-pos: jw@sun.ac.za

# 5.2.1.10 HonsBSc in Kliniese Mensgenetika

*Let op:*
Hierdie program word nie in 2026 aangebied nie.

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies van hierdie Universiteit of 'n ander erkende tersiêre opleidingsinstelling:
    - 'n MBChB- of BChD-graad; of
    - 'n baccalaureusgraad in 'n kliniese vakgebied, bv. Verpleegkunde.
- Minstens 60% in die finale eksamen.
- Jy kan met 'n gemiddelde punt van minder as 60% toegelaat word op grond van:
    - voldoende motivering,
    - suksesvolle voltooiing van bykomende werk of
    - bewys van bekwaamheid.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

## Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Mensgenetika-teorie | 771(60), 773(60) |

## Assessering en eksaminering

Die finale punt word soos volg bereken:

- projekverslag/werkstuk: 20%
- twee skriftelike eksamens: 80%

## Navrae

Programleier: Prof S Moosa
Tel: 021 938 9218    E-pos: shahidamoosa@sun.ac.za

### 5.2.1.11 HonsBSc in Molekulêre Biologie

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Gemiddelde finale punt van meer as 60% in een van die volgende kwalifikasies van erkende tersiêre opleidingsinstelling:
  - 'n baccalaureusgraad met Biochemie, Genetika, Mikrobiologie of Biotegnologie op derdejaarsvlak; of
  - die graad MBChB of BChD.
- Jy kan met 'n gemiddelde punt van minder as 60% vir die BSc op derdejaarsvlak toegelaat word op grond van:
  - voldoende motivering en/of
  - suksesvolle voltooiing van bykomende werk, asook
  - bewys van bekwaamheid wat verlang kan word.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds.

#### Programbeskrywing

Hierdie program sal jou toerus met teoretiese en praktiese agtergrond in die basiese konsepte van molekulêre biologie. Die program bestaan uit die bywoning van lesings, deelname aan besprekings van wetenskaplike tydskrifte, die skryf van 'n befondsingsvoorlegging, deelname aan 'n sesmaandlange navorsingsprojek, 'n navorsingsverslag, 'n navorsingsvoordrag, en skriftelike eksamens teen die middel en aan die einde van die akademiese jaar.

#### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Molekulêre Biologie Teorie | 715(45) |
| Molekulêre Biologie-projek | 775(75) |

#### Assessering en eksaminering

- Jy moet albei modules met minstens 50% slaag om die toepaslike krediete te verwerf.
- Indien jy nie die teoriemodule ná die tweede geleentheid met 'n minimum van 50% slaag nie, sal jy nie toegelaat word om met die navorsingsprojek voort te gaan nie.
- Assesseringsgeleenthede sluit in:
  - skriftelike eksamens en 'n oorsigartikel vir die teoriemodule; en
  - 'n navorsingsverslag, navorsingsvoordrag, projekleiersverslag en skriftelike eksamen vir die projekmodule.
- Die berekening van die finale punt is onderhewig aan die bepalings in die hoofstuk oor Universiteitsassesserings in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek.

#### Navrae

Programleier: Dr JG Jackson
Tel: 021 938 9409    E-pos: mbhgapplications@sun.ac.za

### 5.2.1.12 HonsBSc in Morfologiese Wetenskappe

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Relevante BSc-graad van 'n erkende universiteit met toepaslike vakke soos Fisiologie, Histologie, Soölogie of Anatomie as hoofrigting.
- Addisionele werk kan vereis word met ander vakke as hoofrigting, byvoorbeeld Genetika of Mikrobiologie, of met 'n BTech-graad.
- 'n Slaagsyfer van 60% of meer in die finale jaar.
- Jy mag versoek word om die Universiteit Stellenbosch se Engelse akademiese taalvaardigheidstoets af te lê.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

## Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds.

*Let op:*
Die formele program neem in die eerste week van Januarie 'n aanvang.

## Programinhoud

Die module Algemene Makroskopiese Anatomie en Histologie, asook die navorsingsprojek, strek oor die duur van die program.

| | |
|---|---|
| Algemene Makroskopiese Anatomie en Histologie | 775(60) |
| Morfologiese Wetenskappe-navorsingsprojek | 775(60) |

## Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n finale punt van 50% vir elke module behaal om die graad te verwerf.
- Die jaarpunt word saamgestel uit die volgende assesseringsgeleenthede:
  - vir die navorsingsprojek word 'n skriftelike verslag en mondelinge voordragte beoordeel; en
  - al die temas in die module Algemene Makroskopiese Anatomie en Histologie word geassesseer met behulp van skriftelike en/of praktiese toetse, en verslae of portefeuljes.

## Navrae

Programleier: Me J Lemphane
Tel: 021 938 9416    E-pos: jilayman@sun.ac.za

# 5.2.1.13 HonsBSc in Onderwatergeneeskunde

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Die graad MBChB van hierdie Universiteit of 'n ander goedgekeurde universiteit, of 'n gelykwaardige kwalifikasie aanvaarbaar vir registrasie as mediese praktisyn in die kategorie onafhanklike praktyk.
- Voltooide internskapjaar/-jare.
- 'n Geldige duik- mediese sertifikaat (of moet in staat wees om een te verkry vóór deelname aan hiperbariese blootstelling).

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**. Slegs 'n beperkte aantal studente word tot die program toegelaat.

## Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Basiese Onderwatergeneeskunde | 772(30) |
| Gevorderde Onderwatergeneeskunde | 774(20) |
| Navorsingsmetodologie | 775(10) |
| Navorsingswerkstuk | 776(30) |
| Operasionele Onderwatergeneeskunde | 773(30) |

## Assessering en eksaminering

- Individuele modules word geassesseer deur middel van aanlyn toetse, 'n skriftelike eksamen en/of voltooiing van 'n logboek van praktiese vaardighede.
- Indien jy die hele program voltooi, word jou finale punt bereken op grond van:
  - die eksamenpunt (90% van die finale punt) gebaseer op:
    - twee skriftelike gesloteboek-vraestelle van drie uur elk (80% van die eksamenpunt); en
    - 'n mondelinge eksamen van minstens 30 minute (20% van die eksamenpunt).
  - die geweegde buigsame-assesseringspunte van die modules (10% van die finale punt) gebaseer op:
    - suksesvolle voltooiing van die aanlyn toetse, skriftelike module-eksamens en praktiese assesserings in elke module;
    - een skriftelike gesloteboek-vraestel van drie uur in die Navorsingsmetodologie-module; en
    - 'n navorsingsprojek wat bewys lewer van vaardigheid in basies navorsingsmetodologie.

### Navrae

Programleier: Dr WAJ Meintjes
Tel: 021 938 9272 E-pos: wajm@sun.ac.za

## 5.2.1.14 HonsBSc in Patologie

### Spesifieke toelatingsvereistes

Een van die volgende kwalifikasies:

- 'n MBChB- of BChD-graad of 'n ekwivalente kwalifikasie wat hierdie Universiteit as voldoende beskou;
- 'n baccalaureusgraad van 'n erkende universiteit met Anatomie, Fisiologie, Histologie, Chemie, Biologie, Genetika of Mikrobiologie as hoofrigting tot op derdejaarsvlak, of 'n ander kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat. Indien jy ander hoofvakke tot op derdejaarsvlak geneem het, kan jy toegelaat word op grond van voldoende motivering en suksesvolle voltooiing van 'n toelatings-eksamen. Na gelang van die studierigting kan aanvullende werk en/of bewys van vaardigheid vereis word; of
- 'n BTech-graad op voorwaarde dat jy aan al die betrokke vereistes voldoen soos bepaal word deur hierdie Universiteit. Na gelang van die studierigting kan aanvullende werk en/of bewys van vaardigheid vereis word.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van een jaar.

### Programuitkomste

Ná voltooiing van die program sal jy as gegradueerde die volgende vaardighede openbaar:

- die herkenning en oplos van probleme;
- doeltreffende en verantwoordelike toepassing van wetenskaplike metodes en tegnologie;
- doeltreffende insameling, organisasie, ontleding, beoordeling, integrasie en toepassing van inligting;
- bekwame en doeltreffende persoonlike organisasie en selfbestuur;
- persoonlike selfontwikkeling met die klem op insig, verantwoordelikheid, verantwoordbaarheid, volgehoue studie, selfkritiek, aanvaarding van kritiek van ander en die vermoë om onafhanklik te werk;
- die vermoë om in 'n span te werk en waarde toe te voeg tot die groter groep deur konstruktiewe samewerking;
- doeltreffende kommunikasie deur die vaardige aanbieding van inligting;
- ontwikkeling van 'n holistiese benadering tot probleemoplossing binne die konteks van respek en sensitiwiteit vir ander mense, die gemeenskap en die omgewing;
- begrip van gesondheidswetenskappe se belang in die algemeen en laboratorium-geneeskunde vir die gemeenskap in die besonder deur die kommunikasie van inligting en resultate en die oordra van toepaslike tegnologie; en
- bewustheid van geleenthede, uitdagings, behoeftes, vereistes en etiese beginsels wat van toepassing is op navorsing en goeie laboratoriumpraktyk in die gesondheidswetenskappe.

Verder moet jy beskik oor:

- 'n grondige kennis van teoretiese beginsels soos van toepassing op die vakinhoud van die verpligte en betrokke keusemodules in patologie;
- die vermoë om onafhanklik te werk aan werksopdragte en navorsingsprojekte;
- die vermoë om inligting krities te beoordeel en aan te wend vir doeltreffende probleemoplossing deur gebruik te maak van toepaslike metodes rakende die betrokke patologie-dissipline(s);
- die vermoë om tegniese vaardighede en wetenskaplike metodes toe te pas en toepaslike toerusting te gebruik om navorsing te doen binne die toepaslike wetlike, veiligheids- en bio-etiese vereistes; en
- die vermoë om onafhanklik navorsingsprojekte te ontwerp, in 'n groep uit te voer, die resultate en gevolgtrekkings in 'n geskikte wetenskaplike formaat aan te bied en die verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

## Programinhoud

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Epidemiologie en Navorsingsmetodologie | 775(10) |
| Inleiding tot Molekulêre Patologie | 775(17) |
| Laboratoriumpraktyk | 776(3) |
| Patologie-navorsingsprojek | 775(60) |

### Keusemodules

Kies een van die onderstaande modules.

| | |
|---|---|
| Anatomiese Patologie | 775(30) |
| Chemiese Patologie | 775(30) |
| Hematologie | 775(30) |
| Immunologie | 775(30) |

## Assessering en eksaminering

- Die finale punt vir die program word bepaal deur die geweegde gemiddelde van die punt vir elk van die komponente wat geassesseer is.
- Jy moet 'n subminimum van 50% behaal vir elk van die onderstaande assesseringskomponente:
  - Keusemodule
    - 'n skriftelike drie-uur-eksamen
  - Patologie-navorsingsprojek
    - die suksesvolle voltooiing van die navorsingsprojek
    - 'n skriftelike verslag en 'n mondelinge aanbieding met die voltooiing van die navorsingsprojek
  - Verpligte modules
    - evaluering van praktiese vaardighede
    - 'n logboek ten opsigte van die leeraktiwiteite en vaardighede wat bemeester is, insluitend 'n opsomming van die laboratoriumlogboek
    - 'n kombinasie van klastoetse, take en verslae soos van toepassing
- Jy moet 'n finale punt van 50% behaal om die graad te verwerf en 'n punt van 75% of meer behaal om die graad met 'n onderskeiding te slaag.

## Navrae

| Navrae | Afdeling | E-pos | Telefoon |
|---|---|---|---|
| Dr M Sanderson | Anatomiese Patologie | msanders@sun.ac.za | 021 938 4041 |
| Me KE Moremi | Chemiese Patologie | kemoremi@sun.ac.za | 021 938 4166 |
| Dr CC Swanepoel | Hematologiese Patologie | carmens@sun.ac.za | 021 938 4103<br>021 938 4608 |

# 5.2.1.15 HonsBSc in Reproduktiewe Biologie

## Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad van hierdie Universiteit of van 'n ander erkende universiteit met Fisiologie, Biochemie, Mikrobiologie of Mensgenetika as hoofvak en minstens een van dié vakke op tweedejaarsvlak.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

## Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Andrologie | 771(45) |
| *In vitro*-bevrugting | 741(45) |
| Navorsingsprojek | 771(30) |

## Assessering en eksaminering

- Elke module word afsonderlik en buigsaam geassesseer en jy moet 'n gesamentlike assesseringspunt van 50% behaal.
- Vir eksamendoeleindes word twee drie-uur-vraestelle en 'n mondelinge eksamen afgelê.

## Navrae

Programleier: Me E Erasmus
Tel: 021 938 4883    E-pos: ee4@sun.ac.za

# 5.2.1.16 HonsBSc in Sportwetenskap (Prestasiesport)

## Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Sportwetenskap as een van die hoofvakke wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het.
- Jy moet, met 'n skriftelike aansoek, deur die Senaat of deur die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, tot die betrokke program toegelaat word.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% in Sportwetenskapvakke (teorie en prakties) tydens jou voorgraadse studiejare.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar. Slegs 'n beperkte getal studente word tot die spesialiseringsrigting Prestasiesport toegelaat.

## Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

## Programinhoud

Die verpligte modules word hieronder uiteengesit. Behalwe vir die verpligte modules, kan jy verdere keuse-modules as ekstra modules kies. Sien die tabel direk na die verpligte modules vir 'n uiteensetting van die keusemodules.

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Professionele Praktyk in Sportwetenskap | 773(30) |
| Navorsingsprojek | 771(30) |
| Aktuele Onderwerpe in Sport en Oefenwetenskap | 721(12) of 751(12) |
| Biomeganika | 712(12) |
| Oefenfisiologie | 743(12) |
| Sportsielkunde | 712(12) |
| Toegepaste Oefenfisiologie | 714(12) |

### Keusemodules

| | |
|---|---|
| Statistiek vir Sportwetenskap en Oefenkunde | 772(12) |
| Motoriese Beheer | 711(12) |
| Motoriese Leer | 741(12) |
| Sport vir Persone met Gestremdhede | 772(12) |
| Sportgeskiedenis | 745(12) |
| Kinantropometrie | 715(12) |
| Oefensielkunde | 713(12) |

## Assessering en eksaminering

Die program word buigsaam geassesseer en sluit teoretiese en praktiese opdragte asook informele klas-toetse en formele toetse in. Alle assessering dra by tot die finale punt vir elke module.

Jy moet 'n klaspunt van 40% per module behaal vir toelating tot die skriftelike eksamen. Om Professionele Praktyk in Sportwetenskap 773 te slaag, moet jy deur die loop van die jaar 300 uur prakties doen en minstens 50% verwerf in die twee mondelinge eksamens, naamlik in die middel en aan die einde van die jaar. Die finale punt vir elke module bestaan uit 50% van die eksamenpunt en 50% van die klaspunt.

## Navrae

Programleier: Dr SD Jacobs
Tel: 021 808 4736    E-pos: sdjacobs@sun.ac.za
Programadministrateur: Mev M Botha
Tel: 021 808 4915 E-pos: mimbotha@sun.ac.za

### 5.2.1.17 HonsBSc in Sportwetenskap (Kinderkinetika)

## Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureusgraad met Sportwetenskap as een van die hoofvakke wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het.
- Jy moet, met 'n skriftelike aansoek, deur die Senaat of deur die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, tot die betrokke program toegelaat word.
- 'n Gemiddelde finale punt van minstens 60% in Sportwetenskapvakke (teorie en prakties) tydens jou voorgraadse studiejare.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **31 Julie** van die voorafgaande jaar. Slegs 'n beperkte getal studente word tot die spesialiseringsrigting Kinderkinetika toegelaat.

## Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds.

## Programinhoud

Die verpligte modules word hieronder uiteengesit. Behalwe vir die verpligte modules, kan jy verdere keuse-modules as ekstra modules kies. Sien die tabel direk na die verpligte modules vir 'n uiteensetting van die keusemodules.

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Professionele Praktyk in Sportwetenskap | 773(30) |
| Navorsingsprojek | 771(30) |
| Aktuele Onderwerpe in Sport en Oefenwetenskap | 751(12) |
| Motoriese Beheer | 711(12) |
| Kinantropometrie | 715(12) |
| Sport vir Persone met Gestremdhede | 772(12) |
| Kinderkinetika-teorie | 772(12) |

#### Keusemodules

| | |
|---|---|
| Biomeganika | 712(12) |
| Motoriese Leer | 741(12) |
| Oefenfisiologie | 743(12) |
| Oefensielkunde | 713(12) |
| Sportgeskiedenis | 745(12) |
| Sportsielkunde | 712(12) |
| Statistiek vir Sportwetenskap en Oefenkunde | 772(12) |
| Toegepaste Oefenfisiologie | 714(12) |

## Assessering en eksaminering

Die program word buigsaam geassesseer en sluit teoretiese en praktiese opdragte asook informele klastoetse en formele toetse in. Alle assessering dra by tot die finale punt vir elke module.

Jy moet 'n klaspunt van 40% per module behaal vir toelating tot die skriftelike eksamen. Om Professionele Praktyk in Sportwetenskap 773 te slaag, moet jy deur die loop van die jaar 300 uur prakties doen en minstens 50% verwerf in die twee mondelinge eksamens, naamlik in die middel en aan die einde van die jaar. Die finale punt vir semestermodules bestaan uit 50% van die eksamenpunt en 50% van die klaspunt.

### Navrae

Programleier: Prof E Africa
Tel: 021 808 4591 E-pos: africa@sun.ac.za
Programadministrateur: Mev M Botha
Tel: 021 808 4915 E-pos: mimbotha@sun.ac.za

## 5.3 Magistergrade

### 5.3.1 Magister in die Geneeskunde

#### Algemene toelating- en keuringsvereistes vir die MMed-programme

- Die volgende is van toepassing op alle MMed-programme:
  - Vir toelating tot die MMed-graadprogram moes jy vir ten minste drie jaar voor jou aansoek beskik het oor 'n MBChB-graad van hierdie Universiteit, of oor 'n ander kwalifikasie wat hierdie Universiteit as gelykstaande beskou, en moet jy by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) as 'n mediese praktisyn in die kategorie 'Onafhanklike Praktyk' geregistreer wees.
- Indien jy 'n internasionale burger is, moet jy aan alle registrasievereistes vir internasionale studente by die Universiteit en die RGSA voldoen. Buitelands gekwalifiseerde dokters het beperkte registrasie by die RGSA, wat jaarliks hernu moet word.
  - Indien jy in Anestesiologie, Neurochirurgie, Noodgeneeskunde, Oor-, Neus- en Keelheelkunde, Ortopedie, Pediatrie of Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie spesialiseer, moes jy ook gepaste kursusse soos ATLS (Gevorderde Traumalewensondersteuning), ACLS (Gevorderde Kardiovaskulêre Lewensondersteuning), PALS (Pediatriese Gevorderde Lewensondersteuning) en APLS (Gevorderde Pediatriese Lewensondersteuning) voltooi het. Raadpleeg die spesifieke vereistes by elke program.
  - Indien jy as 'n MMed-student aan die Universiteit wil registreer, moet jy 'n pos as kliniese assistent by die Departement van Gesondheid en Welstand van die Wes-Kaapse regering of by die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens beklee, en moet jy vir die volle duur van jou studie op 'n RGSA-goedgekeurde opleidingsnommer geregistreer wees. Uitsonderings op hierdie reël sal in die volgende gevalle oorweeg word:
    - Indien jy as 'n geleentheidstudent aan die Universiteit registreer (raadpleeg ook die afdeling oor toelating as 'n geleentheidstudent in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek) met die uitsluitlike doel om die primêre vakke af te handel voordat jy as MMed-student registreer en 'n pos as kliniese assistent bekom, moet jou RGSA-registrasie vir die volle duur van jou studie bo verdenking wees, en moet jy, indien dit van toepassing is, ook vir die volle duur van jou kliniese opleidingstyd op 'n RGSA-opleidingsnommer geregistreer wees.
    - Indien jy as 'n botallige kliniese assistent aangestel word (hetsy 'n Suid-Afrikaner of buitelander), d.w.s. nie in 'n betaalde pos as kliniese assistent by die Departement van Gesondheid en Welstand van die Wes-Kaapse regering of by die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens nie, moet jy steeds vir die volle duur van jou studie op 'n RGSA-opleidingsnommer geregistreer wees.
    - Indien jy jou opleidingstyd voltooi het soos wat die geproklameerde RGSA-reëls vereis en jy slegs registreer om jou navorsingswerkstuk te voltooi.
- Indien jy aansoek doen vir 'n opleidingspos by Tygerberg-hospitaal, die Departement van Gesondheid en Welstand van die Wes-Kaapse regering, of 'n ander instelling wat hierdie Universiteit as gelykstaande beskou, moet jy jou vergewis van die programspesifieke vereistes wat op jou MMed-program van toepassing is. Rig enige navrae in dié verband aan die programleier van jou spesifieke program.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Wanneer 'n pos as kliniese assistent by die Departement van Gesondheid en Welstand van die Wes-Kaapse regering of by die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens beskikbaar raak, moet jy daarvoor aansoek doen en terselfdertyd jou aansoek vir die betrokke MMed-program tesame met alle vereisde aansoek-dokumente op die Universiteit se aansoekportaal indien voordat die betrokke akademiese departement/afdeling jou aansoek vir die MMed-program vir goedkeuring sal oorweeg.

Jy moet aan die betrokke aansoeksluitingsdatum vir die program voldoen wat op die Universiteit se webtuiste vir nagraadse studie aangedui word. Indien jy jou onderhoud slaag, word jou programaansoek verwerk en word jy tot die MMed-program van die Universiteit Stellenbosch toegelaat slegs as jy aan ál die Universiteit se kriteria voldoen.

#### Duur van program

Die opleiding vir die graad strek oor vier of vyf jaar, na gelang van die vereistes van die departement/afdeling waaronder jou program val.

Jy moet aan die Fakulteit se reëls oor "Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk" voldoen, wat in die hoofstuk Algemene Inligting vroeër in hierdie Jaarboekdeel verskyn. Versuim om aan hierdie reëls te voldoen kan jou permanente uitsluiting van die program tot gevolg hê.

Jy moet die volle voorgeskrewe opleidingstydperk en alle vereisde assesserings, waaronder die navorsingswerkstuk, suksesvol aflê om die MMed-program te voltooi en as 'n spesialis by die RGSA te registreer. Slegs indien alle programvereistes nagekom is, sal die Universiteit die tersaaklike RGSA-vorms (vorm 19 en 57) onderteken om te bevestig dat 'n MMed-graadkwalifikasie aan jou verleen kan word.

## Kliniese ondervinding

As 'n kandidaat vir die MMed-graad, moet jy die Universiteit van oortuigende bewys voorsien dat jy:

- 'n voltydse opleidingspos vir 'n tydperk van vier of vyf jaar ooreenkomstig die vereistes van die betrokke departement/afdeling beklee het in die gesondheidsfasiliteite van die Departement van Gesondheid en Welstand van die Wes-Kaapse regering, die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens, of 'n ander instelling wat die Universiteit as gelykstaande beskou.
- vir die volle duur van jou opleidingstyd die vereisde registrasiestatus by die RGSA gehandhaaf het.
- teoretiese, praktiese en kliniese opleiding ontvang het soos wat die afdeling "Duur van program" hier bo bepaal.
- die enkele nasionale uitgangseksamen van die Kolleges van Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA) suksesvol afgelê het soos wat die Universiteit en die RGSA vereis.

## Vrystelling van modules en/of kliniese opleiding

- Wat betref die werk wat in die paragrawe "Duur van program" en "Kliniese ondervinding" hier bo genoem word, kan die Universiteit moontlike gedeeltelike vrystelling van die vereisde kliniese opleidingstyd toestaan indien 'n kandidaat by 'n ander erkende instelling vergelykbare opleiding ontvang en ondervinding opgedoen het.
- Alle versoeke vir vrystelling van kliniese opleiding moet in alle opsigte aan die RGSA se vrystellingsreëls voldoen.
- Wat betref die voorgeskrewe modules wat in die afdeling "Programinhoud" by die onderskeie MMed-programme hier onder genoem word, kan die Universiteit vrystelling toestaan op grond van modules wat by 'n ander erkende instelling geslaag is of op grond van erkenning van vorige leer (EVL) vir nieformele of informele aktiwiteite.
- Alle versoeke vir modulevrystelling of EVL sal ooreenkomstig die Universiteit en Fakulteit se reëls oor erkenning van vorige leer (EVL) en kredietakkumulasie en -oordrag (KAO) oorweeg word.

## Registrasievereistes

- Jy moet elke jaar vir die volle duur van jou studie as 'n student registreer totdat die betrokke graad aan jou toegeken word (raadpleeg die afdeling "Voortgesette registrasie vir nagraadse programme" in Deel 1 van die Universiteit se Jaarboek), tensy die Fakulteitsraad goedkeuring verleen vir die onderbreking van jou studie (raadpleeg die afdeling "Onderbreking van magister- en doktorale studie" in Deel 1 van die Universiteit se Jaarboek).
- Indien jy nie vir elke jaar van jou studie as 'n nagraadse student registreer nie, sal die Dekaan of die aangewese afgevaardigde nie jou kliniese opleidingstyd goedkeur nie, wat jou vermoë om te gradueer en ná voltooiing van jou opleiding as 'n spesialis te registreer, in die gedrang sal bring.
- Jy moet aan alle reëls, regulasies en beleide van die Universiteit en van hetsy die Departement van Gesondheid en Welstand van die Wes-Kaapse regering of die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens voldoen. Versuim om aan hierdie reëls, regulasies en beleide te voldoen kan tot dissiplinêre optrede teen jou lei, wat jou skorsing as student tot gevolg kan hê.
- Jy moet vir die volle duur van jou opleidingstyd geregistreer wees en vir die duur van jou registrasie as student jou aanstelling as kliniese assistent of botallige kliniese assistent by die Departement van Gesondheid en Welstand van die Wes-Kaapse regering of by die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens behou. Indien jy om watter rede ook al jou aanstelling as 'n kliniese assistent of botallige kliniese assistent verloor, of jou status word opgeskort, sal jou registrasie as student beëindig word.
    - Die enigste uitsondering op die gelyktydige behoud van jou US-registrasie en jou aanstelling as 'n kliniese assistent of botallige kliniese assistent is indien jy jou opleidingstyd ooreenkomstig die geproklameerde RGSA-reëls voltooi het en jy slegs by die US registreer om jou navorsingswerkstuk te voltooi.

## Voortsetting van studie

- Indien jy nie aan die kliniese en akademiese vereistes van jou bepaalde MMed-program voldoen nie en die reg ontneem word om jou MMed-studie voort te sit, moet jy jou pos as kliniese assistent by die Departement van Gesondheid en Welstand van die Wes-Kaapse regering of by die Nasionale Gesondheidslaboratoriumdiens ontruim. Hierdie bepaling is ook van toepassing op kliniese assistente in botallige poste.
- Slegs in uitsonderlike gevalle en by die voorlegging van 'n gepaste motivering en goedkeuring van

die betrokke departementele programkomitee, sowel as van die Komitee vir Nagraadse Onderrig én die Fakulteitsraad van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, sal jy toegelaat word om weer vir die MMed-program te registreer.

### Enkele nasionale uitgangseksamen

- Om as 'n spesialis by die RGSA te registreer, moet jy die enkele nasionale uitgangseksamen op jou spesifieke vakgebied suksesvol aflê. Hierdie eksamen is onafhanklik van die Universiteit s'n en sal dus 'n bykomende koste-implikasie vir jou inhou.
- Dit bly die verantwoordelikheid van die opleidingsdepartement by die Universiteit om die volgende te bevestig:
  - suksesvolle voltooiing van voorgeskrewe opleidingstyd;
  - suksesvolle voltooiing van buigsame assessering;
  - voltooiing van 'n navorsingswerkstuk ooreenkomstig die regulasies van die Universiteit; en
  - voorlegging van 'n volledige portefeulje.
- Hierdie assesseringskomponente kan verskil na gelang van die MMed-program wat jy volg.

### Programbeskrywing

Die doel van die kwalifikasie is om jou, as 'n basies gekwalifiseerde mediese praktisyn (met 'n MBChB- of gelykstaande kwalifikasie), met gespesialiseerde kennis sowel as die nodige vaardighede en ingesteldheid van 'n spesialis op jou gekose vakgebied toe te rus wat ten minste met die vereistes van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika strook. Dit sal jou in staat stel om in enige dienslewerings- en akademiese omgewing as 'n onafhanklike praktisyn en spesialis op die betrokke gebied te funksioneer deur die kennis, vaardighede en ingesteldheid aan te leer om:

- op 'n konsensieuse manier omvattende gesondheidsorg te voorsien aan die pasiënt as individu en lid van die gemeenskap;
- 'n onafhanklike leier te word en verantwoordelikheid vir jou eie voortgesette lewenslange beroepsontwikkeling te aanvaar, waaronder die vermoë om die tersaaklike literatuur krities te beoordeel en te vertolk en dit in jou beroep toe te pas;
- navorsing met betrekking tot jou gekose vakgebied te beplan, uit te voer, te vertolk en te publiseer;
- indien jy die ambisie koester, die hoogste vlak van akademiese werk vir doktorale studie te bereik en 'n benadering te bevorder wat op akademiese integriteit en etiek berus; en
- by te dra tot die poel van akademici en beroepslui met die bevoegdheid en kritiese intellektuele vermoëns om die toekomstige bevordering van jou gekose vakgebied te verseker, in die land se behoefte aan 'n geskoolde werksmag van die hoogste gehalte te voorsien, en te sorg dat die land mededingend bly in 'n era van toenemende wêreldwye mededinging.

### Verskillende vakrigtings van die MMed-graad

Die verskillende vakrigtings waarin die MMed-graad verwerf kan word, word hier onder uiteengesit.

## 5.3.1.1 MMed Anestesiologie
## MMed (Anes)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

### Programbeskrywing

Die program bestaan uit modules wat handel oor narkose, perioperatiewe sorg, kritieke sorg en pyngeneeskunde. Hierdie modules word op verskeie maniere aangebied.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Algemene Farmakologie | 871(48) |
| Anestesiologie | 874(216) |
| Navorsingswerkstuk | 875(120) |
| Toegepaste Fisika en Beginsels van Meettegnieke | 873(48) |
| Toegepaste Fisiologiese Wetenskappe | 872(48) |

## Assessering en eksaminering

### Akademiese mylpale

Jy moet die volgende akademiese mylpale binne 'n spesifieke tydperk vanaf eerste registrasie as 'n kliniese assistent in Anestesiologie bereik om te vorder na die laaste studieperiode:

- Binne 12 maande moet jy die volgende voltooi:
    - die aanlyn eggokardiografiekursus van die Departement Anestesiologie en Kritieke Sorg; en
    - 'n werkswinkel oor die skryf van 'n protokol.
- Binne 18 maande moet jy:
    - 'n MMed-navorsingsvoorstel by die Universiteit Stellenbosch se Gesondheidsnavorsings-etiekkomitee (GNEK) indien; en
    - al die komponente van die GKN(SA) Deel I-eksamen van die Kollege van Narkotiseurs van Suid-Afrika soos aangebied deur die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA) slaag.
- Binne 24 maande moet jy die volgende voltooi:
    - 'n transtorakale eggokardiografie- praktiese werkswinkel of ekwivalent soos goedgekeur deur die Departement Anestesiologie en Kritieke Sorg.
- Binne 36 maande moet jy die volgende voltooi:
    - 'n kursus in pediatriesenarkose-noodgevalle of ekwivalent soos goedgekeur deur die Departement Anestesiologie en Kritieke Sorg;
    - die Intensiewesorgeenheid-rotasie; en
    - data-insameling vir die MMed-navorsingsprojek.

### Assessering

Assessering behels vier komponente wat jy suksesvol moet voltooi:

- Akademiese aanbiedings volgens die vereistes van die Departement Anestesiologie en Kritieke Sorg.
- Die aanvanklike summatiewe assessering is die GKN(SA) Deel I-eksamen van die Kollege van Narkotiseurs van Suid-Afrika soos aangebied deur die KGSA.
- Die enkel- nasionale uitgangseksamen is die GKN(SA) Deel II- finale genootskapseksamen van die Kollege van Narkotiseurs van Suid-Afrika wat deur die KGSA aangebied word.
- Jy moet 'n voltooide navorsingswerkstuk indien as deel van die finale assessering vir die MMed (Anes)-graad en om as spesialisnarkotiseur by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) te mag registreer.
    - Die werkstuk moet voldoen aan die kriteria soos uiteengesit deur die Nagraadseprogramkomitee van die Departement Anestesiologie en Kritieke Sorg.
    - Jy moet ŉ voltooide MMed-manuskrip indien om te kwalifiseer vir ŉ goedkeuringsbrief van die Hoof van die Departement Anestesiologie en Kritieke Sorg wat ŉ vereiste is vir toelating tot die GKN(SA) Deel II- finale genootskapseksamen.

### Kliniese opleiding

- Jy moet die volgende voltooi:
    - ter plaatse opleiding in persoon van 8 maande vir elke 12-maandperiode van kliniese opleiding; en
    - opleiding vir 'n minimum periode van 48 maande in 'n RGSA- goedgekeurde opleidingsnommer om te voldoen aan die vereistes vir die MMed (Anes)-graad en om as 'n spesialisnarkotiseur by die RGSA te registreer,
- Jy moet die klinieseassistentpos na vier jaar van registrasie as 'n kliniese assistent in Anestesiologie ontruim, ongeag of jy die GKN(SA) Deel II- finale genootskapseksamen van die Kollege van Narkotiseurs van Suid-Afrika geslaag het. Slegs in uitsonderlike gevalle, en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Departement Anestesiologie en Kritieke Sorg oorweeg om die opleidingstyd as kliniese assistent te verleng.

Indien jy nie aan al die vereistes voldoen soos hierbo uiteengesit nie, sal jy uitgesluit word van die MMed-program en sal jy jou klinieseassistentpos moet ontruim. Slegs in uitsonderlike gevalle, en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering vir oorweging deur die Nagraadseprogramkomitee van die Departement Anestesiologie en Kritieke Sorg sal jy toegelaat word om die opleidingsprogram voort te sit.

### Finale punt

- Jy moet 'n voltooide navorsingswerkstuk indien as deel van die finale assessering vir die MMed (Anes)-graad.
- Jou finale punt word soos volg bereken:
  - Finale eksamen van die Kollege van Narkotiseurs – 75%
  - Navorsingswerkstuk – 25%
- Jy moet 'n finale punt van ten minste 50% behaal om die MMed (Anes)-graad te verwerf en ten minste 75% om te slaag met onderskeiding.

### Navrae

Programleier: Prof S Chetty
Tel: 021 938 9226    E-pos: seanchetty@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/anaesthesiology

## 5.3.1.2 MMed Beroepsgeneeskunde MMed (Beroepsgen)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

### Programinhoud

Alle modules is verpligtend.

#### Teoretiese modules

| | |
|---|---|
| Beroepsgesondheid-bestuurstelsels | 871(13) |
| Beroepshigiëne | 872(20) |
| Beroepsgeneeskunde | 872(80) |
| Epidemiologie en Biostatistiek | 871(60) |
| Maatskaplike en Gedragswetenskappe | 871(3) |
| Navorsingsprojek | 873(100) |
| Omgewingsgesondheid | 872(20) |

#### Praktiese modules

| | |
|---|---|
| Begeleide Praktiese Blootstelling | 874(184) |

### Assessering en eksaminering

- Die MMed (Beroepsgeneeskunde)-eksamen bestaan uit twee dele:
  - die MMed-navorsingwerkstuk met 'n slaagsyfer van minstens 50%; en
  - die eksamen van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA), Afdeling Beroepsgeneeskunde met 'n slaagsyfer van minstens 50% (geweegde gemiddeld). Besonderhede van die eksamen van die KGSA, Afdeling Beroepsgeneeskunde is verkrygbaar op die webwerf van die KGSA, Kollege van Openbare Gesondheidsgeneeskunde by http://www.collegemedsa.ac.za/.
- Vir toegang tot die KGSA-eksamen moet jy by registrasie vir dié eksamen:
  - reeds 'n gemiddelde evalueringspunt van ten minste 50% vir die MMed-navorsingswerkstuk verwerf het (soos geëvalueer deur een interne en een eksterne eksaminator);
  - die kort navorsingsverslag inlewer soos vereis deur die KGSA, Afdeling Beroepsgeneeskunde; en
  - ten minste drie jaar by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) geregistreer wees in 'n RGSA-goedgekeurde opleidingsposnommer.
- Buigsame assessering van jou vordering geskied deur middel van module-assesserings, asook sesmaandelikse vorderingsverslae soos voorgeskryf deur die KGSA. Met die identifisering van ontoereikende vordering sal remediërende stappe geïmplementeer word. Voortgesette ontoereikende vordering sal daartoe lei dat jy jou klinieseassistent-opleidingspos moet ontruim.
- Jy moet vir die program 'n minimum opleidingstyd van vier jaar in 'n klinieseassistent-opleidingspos en teenoor 'n RGSA-goedgekeurde opleidingsposnommer voltooi. Indien jy na vier jaar nog nie die

KGSA-eksamen vir die beroepsgeneeskunde-spesialiteit suksesvol voltooi het nie, sal 'n verlenging in opleidingstyd en voortsetting van jou aanstelling in 'n klinieseassistentpos slegs op grond van jou skriftelike versoek met geldige redes aan die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid oorweeg word.

### Navrae

Programleier: Dr WAJ Meintjes
Tel: 021 938 9272    E-pos: wajm@sun.ac.za

## 5.3.1.3 MMed Chirurgie MMed (Chir)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme hierbo onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") genoem, geld die volgende:

- Jy moet reeds die Deel 1 (a)-eksamen van die Kolleges van Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA) geslaag het.
- Jy moet in besit wees van 'n "Advanced Trauma Life Support"-sertifikaat (ATLS-sertifikaat) wat op datum is (minder as 4 jaar oud).
- Jy moet ten minste 2 jaar werkservaring in 'n chirurgiese omgewing hê (as mediese beampte of ekwivalent).

### Duur van program

Die program strek oor vyf jaar.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Basiese Wetenskappe | 871(90) |
| Chirurgiese Beginsels | 872(90) |
| Kliniese Chirurgie | 871(180) |
| Navorsingswerkstuk | 812(120) |

### Assessering en eksaminering

- Skriftelike en mondelinge/praktiese eksamens van die Kolleges van Geneeskunde van Suid-Afrika (GKC(SA)), naamlik Deel 1(a), Deel 1(b) en Deel 2 (Finaal) nadat jy afsonderlik die Basiese Wetenskappe, Chirurgiese Beginsels en Kliniese Chirurgie-modules voltooi het.
- Jy moet die Deel 1(b)- en Deel 2 (Finaal)-eksamens suksesvol voltooi binne onderskeidelik 30 en 60 maande vanaf eerste registrasie as MMed (Chir)-student.
- As jy, as 'n kliniese assistent, nie aan hierdie vereistes voldoen nie of nie voldoende vordering in kliniese kennis en vaardighede maak nie, kan jy van die res van die program uitgesluit word, onderhewig aan hersiening deur die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Chirurgie.
- Slegs in uitsonderlike gevalle en met die indiening van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Chirurgie die voorsetting van jou diens in 'n kliniese-assistentpos en verdere bywoning van die program oorweeg.
- Jy moet as 'n kliniese assistent jou navorsingswerkstuk voltooi voordat jy toegelaat sal word om in te skryf vir die KGSA Deel 2 (Finaal)-eksamen.
- Na suksesvolle voltooiing van die navorsingswerkstuk en die slaag van die GKC(SA) Deel 2-eksamen, sal jy die MMed (Chir)-graad verwerf en in aanmerking kom om as spesialischirurg by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) te registreer.
- Die finale punt vir die toekenning van die MMed (Chir)-graad word soos volg bereken:
  - punt vir die GKC(SA) Deel 2-eksamen (75%); en
  - punt vir die navorsingswerkstuk (25%).

### Navrae

Programleier: Prof GVE Oosthuizen
Tel: 021 938 9271    E-pos: george-oost@sun.ac.za

## 5.3.1.4 MMed Dermatologie<br>MMed (Derm)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

### Programinhoud

Neem kennis dat modules parallel verloop en nie opeenvolgend nie. Alle modules is verpligtend.

#### EERSTE EN TWEEDE JAAR

| | |
|---|---|
| Basiese Wetenskappe | 872(120) |

Die module behels al die basiese wetenskappe relevant tot die praktyk van Dermatologie, bv. Anatomie, Histologie, Fisiologie en Patologie.

#### EERSTE TOT VIERDE JAAR

| | |
|---|---|
| Kliniese Dermatologie | 873(240) |

#### EERSTE TOT DERDE JAAR

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk | 828(120) |

### Assessering en eksaminering

- Basiese Wetenskappe:
    - Om die module suksesvol te voltooi moet jou bywoning bevredigend wees en moet jy 'n punt van minstens 50% in die GK Derm (SA) Deel I-eksamen behaal.
    - Jy moet die Deel I-eksamen binne agtien maande, en verkieslik binne een jaar, ná registrasie slaag.
    - Indien jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, moet jy die pos as kliniese assistent ontruim en sal jy uitgesluit word van verdere bywoning van die MMed (Dermatologie)-program.
    - Slegs in uitsonderlike gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Dermatologie oorweeg dat jy jou diens in 'n klinieseassistentpos voortsit en die program verder bywoon.
- Kliniese Dermatologie:
    - Om die module suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend wees tydens die klinieseassistentskap by die Afdeling Dermatologie en moet jy 'n punt van minstens 50% in die GK Derm (SA) Deel II-eksamen behaal.
    - Jy word gereeld geassesseer as deel van die buigsame assesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Navorsingswerkstuk:
    - Jy moet die navorsingsprotokol binne een jaar laat registreer en die navorsingswerkstuk binne drie jaar ná registrasie voltooi.
    - Die werkstuk moet in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien te word.
    - Jy moet hierdie module voltooi voordat jy die finale GK Derm (SA) Deel II-eksamen mag aflê.
    - Die finale punt vir die graad word soos volg bereken:
        - Basiese Wetenskappe 25%;
        - Kliniese Dermatologie 50%; en
        - Navorsingswerkstuk 25%.

### Navrae

Programleier: Dr WI Visser
Tel: 021 938 5429/9322/9139 E-pos: wvisser@sun.ac.za

### 5.3.1.5 MMed Geneeskundige Genetika MMed (Geneesk Gen)

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

#### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

#### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Basiese Beginsels van Genetika | 871(175) |
| Navorsingsmetodologie | 816(10) |
| Navorsingswerkstuk | 841(120) |
| Toegepaste Mediese Genetika | 871(175) |

#### Assessering en eksaminering

- Vir toekenning van die graad moet jy:
  - die voorgeskrewe opleidingstermyn suksesvol voltooi;
  - 'n gevalleboek van praktiese werk en 'n portefeulje van aktiwiteite gedurende die studieperiode voorlê;
  - 'n werkstuk inlewer wat volgens Universiteitsriglyne geëksamineer word; en
  - die Deel I- en Deel II-eksamens van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika slaag.
- Jy moet die Deel I-eksamen van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika binne 24 maande slaag.
- Die Deel II-eksamen kan nie vóór voltooiing van 36 maande van die program afgelê word nie, maar jy moet dit binne 48 maande slaag.
- Indien jy nie aan hierdie vereistes voldoen nie, sal jy uitgesluit word van verdere bywoning van die MMed (Geneesk Gen)-program en sal jy jou pos as kliniese assistent moet ontruim.
- Die Deel II-eksamen bestaan uit:
  - 'n skriftelike eksamen;
  - praktiese eksamen;
  - objektief-gestruktureerde kliniese eksamen (OSKE); en
  - mondelinge eksamen (na goeddunke van die eksaminatore).
- Die finale punt vir die program word bereken as die geweegde gemiddelde van die werkstuk (25%), die Deel I-eksamen (35%) en die Deel II-eksamen (40%).
- Jy moet 50% behaal om die graad te slaag en 75% om die graad met 'n onderskeiding te slaag.

#### Navrae

Programleier: Prof S Moosa
Tel: 021 938 9218 E-pos: shahidamoosa@sun.ac.za

### 5.3.1.6 MMed Huisartskunde MMed (Fam Med)

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") geld.

#### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

## Programinhoud

Jy moet die jaarboekinskrywing vir hierdie program saam met die meer volledige uiteensetting van die programregulasies lees wat jy ontvang wanneer jy tot die program toegelaat word.

### Verpligte webgebaseerde modules

| | |
|---|---|
| Beginsels van Huisartskunde | 816(20) |
| Bewysgebaseerde Geneeskunde | 812(20) |
| Etiek in Huisartskunde | 843(20) |
| Gemeenskapsgeoriënteerde Primêre Sorg | 841(20) |
| Gesinsgeoriënteerde Primêre Sorg | 815(20) |
| Konsultasie in Huisartskunde | 811(20) |
| Leierskap en Kliniese Bestuur | 872(20) |
| Onderrig en Leer in Huisartskunde | 811(20) |
| Palliatiewe Sorg in Huisartskunde | 871(20) |
| Rehabilitasie in Huisartskunde | 815(20) |

### Praktiese modules

| | |
|---|---|
| Kliniese Huisartskunde | 871/876(45), 872/875(45), 873/874(35), 874/881(35) |

In hierdie vier modules word praktiese professionele ervaring opgedoen wat van toepassing is op die beoefening van huisartskunde onder aanvaarbare en goedgekeurde professionele toesig in 'n opleidingspos wat deur die Universiteit goedgekeur en deur die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) geakkrediteer is.

### Navorsingswerkstuk

| | |
|---|---|
| Toegepaste Navorsing | 814(120) |

## Assessering en eksaminering

- Jy moet jaarliks oor die duur van die program 'n leerportefeulje byhou. Verwerwing van die graad is onderhewig aan die suksesvolle summatiewe assessering van die leerportefeulje deur die hoof van die Afdeling Huisartskunde en Primêre Sorg.
- Jy moet die navorsingswerkstuk van die Universiteit suksesvol voltooi voordat die graad MMed (Fam Med) toegeken word.
- Die RGSA vereis die suksesvolle voltooiing van die enkel- nasionale uitgangseksamen om as spesialis te registreer. Die Afdeling Huisartskunde en Primêre Sorg erken hierdie eksamen as ekwivalent tot en in die plek van die MMed (Fam Med)- finale kliniese eksamen.
- Dit bly egter die verantwoordelikheid van die Afdelingshoof om die volgende te bevestig vóór toelating tot die ekwivalente nasionale GKH (SA)-uitgangseksamen:
  - Vir Deel A:
  - suksesvolle voltooiing van klinieseopleidingstyd van drie jaar;
  - inlewering van suksesvol voltooide leerportefeuljes oor die duur van die opleiding (m.a.w. werkplekgebaseerde assessering); en
  - bevredigende voltooiing van buigsame assessering.
  - Vir Deel B:
  - Suksesvolle voltooiing van die navorsingswerkstuk van die Universiteit volgens die riglyne van die Universiteit.
- Die finale punt vir die graad MMed (Fam Med) word bereken uit:
  - die klaspunt (50%);
  - die punt vir die GKH (SA) Deel A-eksamen (25%); en
  - die navorsingswerkstuk (25%).
- Om die MMed (Fam Med)-graadprogram *cum laude* te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 75% vir die program in geheel behaal.
- Indien jy nie die uitgangseksamen geslaag het nie, kan jy weer die KGSA-eksamen as 'n aanvullende eksamen aflê. Indien jy 'n tweede uitgangseksamen onsuksesvol afgelê het, kan jy op aanbeveling van die Fakulteitsraad die reg ontneem word om vir die graad MMed (Fam Med) te kwalifiseer.
- Indien jy nie 'n module geslaag het nie, mag jy die module herhaal. Indien jy 'n module vir die tweede keer nie geslaag het nie, sal jy op aanbeveling van die Fakulteitsraad die reg om die module weer te herhaal ontneem word, gebaseer op swak akademiese vordering.
- Indien jy as kliniese assistent bedank het of deur die Fakulteitsraad in jou MMed (Fam Med)-studies

gestuit is, sal jy, waar van toepassing, verwag word om jou klinieseassistentpos in diens van die Departement van Gesondheid en Welstand te ontruim.

## Navrae

Programleier: Dr T Motsohi
Programadministrateur: Me N Cordon-Thomas
Tel: 021 938 9168 E-pos: nicolec@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/family-emergency/family-medicine/division-family-medicine-and-primary-care

# 5.3.1.7 MMed Interne Geneeskunde MMed (Int)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

## Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

## Programinhoud

Neem kennis dat modules parallel verloop en nie opeenvolgend nie. Alle modules is verpligtend.

### EERSTE TOT TWEEDE JAAR

| | |
|---|---|
| Basiese Mediese Wetenskappe | 811(96) |

Dit behels al die basiese wetenskappe relevant tot die praktyk van Interne Geneeskunde bv. Fisiologie, Patologie, Farmakologie en Beginsels van etiek.

### EERSTE TOT DERDE JAAR

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk | 833(120) |

### EERSTE TOT VIERDE JAAR

| | |
|---|---|
| Kliniese Interne Geneeskunde | 811(264) |

## Assessering en eksaminering

- Basiese Mediese Wetenskappe:
  - Om die module suksesvol te voltooi moet jy die module bevredigend bywoon, en moet jy ook 'n toetspunt van 50% in die LKI (SA) Deel I-eksamen kry.
  - Jy moet die Deel I-eksamen binne agtien maande, en verkieslik binne een jaar, ná registrasie slaag.
  - Indien jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, moet jy die pos as kliniese assistent ontruim en sal jy uitgesluit word van verdere bywoning van die MMed (Interne Geneeskunde)-program.
  - Slegs in uitsonderlike gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Departement Interne Geneeskunde oorweeg dat jy jou diens in 'n klinieseassistentpos voortsit en die program verder bywoon.
- Kliniese Interne Geneeskunde:
  - Om die module suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend wees terwyl jy as kliniese assistent roteer by Algemene Interne Geneeskunde en die sub-spesialiteite. Jy moet ook minstens 50% in die LKI (SA) Deel II-eksamen behaal.
  - Jy word gereeld geassesseer as deel van die buigsame assesseringstrategie en jy moet 'n gevalleboek as 'n rekord hou van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures.
  - Jy mag nie met die program voortgaan nie as:
    - jy drie of meer kliniese komponente van die module gedruip het;
    - die departementele nagraadseprogramkomitee op enige stadium jou algehele vordering beoordeel en 'n aanbeveling daaroor aan die Fakulteitsraad gemaak het; of
    - die uitvoerende hoof van die Tygerberg Hospitaal jou vóór die voltooiing van jou opleiding van vier jaar toegang tot die opleidingsplatform weier (bv. weens onprofessionele gedrag).
- Navorsingswerkstuk
  - Jy moet die navorsingsprotokol binne een jaar laat registreer en die navorsingswerkstuk binne drie jaar ná registrasie voltooi.

  - Dit behoort in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien te word.
  - Jy moet hierdie module voltooi voordat jy die finale Deel II-eksamen mag aflê.
- Die finale punt vir die graad word soos volg bereken:
  - Basiese Mediese Wetenskappe 20%;
  - Kliniese Interne Geneeskunde 55%; en
  - Navorsingswerkstuk 25%.

## Navrae

Programleier: Prof V Louw
Programadministrateur: Me M Padiachee
Tel: 021 938 9074 E-pos: padiacheem@sun.ac.za

# 5.3.1.8 MMed Kerngeneeskunde MMed (Kerngen)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder “Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme”) hierbo geld.

## Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

## Programuitkomste

Ná afhandeling van die program moet jy in staat wees om:

- Kerngeneeskunde volgens internasionaal aanvaarde stralingsbeskermingsbeginsels te bedryf;
- die korrekte Kerngeneeskunde-ondersoeke of Kerngeneeskunde-terapeutiese prosedures vir 'n spesifieke siekteproses te kies;
- die korrekte radiofarmaseutika vir die spesifieke prosedure of terapie te kies;
- Kerngeneeskundestudies en -terapie volgens internasionaal aanvaarde standaarde te bedryf;
- Kerngeneeskunde-studies korrek te interpreteer en te rapporteer; en
- onafhanklike navorsing met betrekking tot Kerngeneeskunde te beplan, uit te voer, te interpreteer en te publiseer.

## Programinhoud

### Eerste jaar (Primêre fase)

| | |
|---|---|
| Fisiologie | 870(35) |
| Stralingsfisika en Instrumentasie | 872(60) |
| Toegepaste Anatomie | 873(25) |

### Tweede tot vierde jaar (Finale fase)

| | |
|---|---|
| Kliniese Kerngeneeskunde | 883(240) |
| Navorsingswerkstuk | 834(120) |

## Assessering en eksaminering

### Primêre modules

- Die primêre modules word soos volg geassesseer:
  - 'n skriftelike eksamen; en
  - 'n mondelinge eksamen waar gespesifiseer; en/of
  - die Primêre Eksamen van die Kollege van Kerngeneeskundiges (GKKG Deel I) van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika.
- Jy moet hierdie eksamens binne 18 maande ná diensaanvaarding in 'n klinieseassistentpos suksesvol voltooi om met die studieprogram voort te gaan.
- Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Kerngeneeskunde 'n verlenging van opleidingstyd as kliniese assistent oorweeg.

### Finale modules

Die finale modules word soos volg geassesseer:

- Kliniese Kerngeneeskunde
  - Buigsame assessering, wat beoordeling van onder andere jou akademiese voordragte, 'n werksopdrag, pasiënthantering en algemene houding ten opsigte van die werk sal insluit;
  - Die inlewering van 'n portefeulje, wat in ooreenstemming met die voorskrifte van die Kollege van Kerngeneeskundiges van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika opgestel moet word; en
  - 'n Formele eksamen aan die einde van die opleidingstydperk.
  - Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vereis dat jy die enkel- nasionale uitgangseksamen en die navorsingswerkstuk suksesvol voltooi om as spesialis te registreer.
  - Die Afdeling Kerngeneeskunde aanvaar hierdie eksamen as ekwivalent tot en in die plek van die MMed (Kerngen) Deel II-eksamen.
  - Dit bly egter steeds die verantwoordelikheid van die Afdelingshoof om die volgende te bevestig:
    - suksesvolle voltooiing van klinieseopleidingstyd;
    - volledige byhou van 'n portefeulje;
    - suksesvolle voltooiing van die werkstuk in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit in hierdie verband; en
    - die suksesvolle voltooiing van buigsame assessering.
  - Jy mag as kliniese assistent die eerste geleentheid tot die Deel II-eksamen benut ná 36 maande vanaf aanvang van die program, maar nie later nie as ná 42 maande.
  - Jy moet die klinieseassistentpos normaalweg na vier jaar ontruim, ongeag of jy die Deel II-eksamen geslaag het.
  - Slegs in buitengewone gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling 'n verlenging van opleidingstyd as kliniese assistent na langer as vier jaar oorweeg.
  - Daar sal vier geleenthede wees om die Deel II-eksamen af te lê. Die finale poging tot die Deel II-eksamen moet binne 54 maande suksesvol wees. Indien jy nie binne 54 maande suksesvol is nie, sal jy die klinieseassistentpos moet ontruim en sal jy ook nie toegelaat word om verder vir die MMed (Kerngen) te registreer nie.
- Navorsingswerkstuk
  - Die navorsingswerkstuk moet binne drie jaar ná registrasie voltooi word. Dit behoort in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien te word; en
  - Voltooiing van hierdie module word vereis voordat jy die finale Deel II-eksamen mag aflê.

### Navrae

Programleier: Prof J Warwick
Tel: 021 938 4352  E-pos: jw@sun.ac.za

## 5.3.1.9 MMed Kliniese Farmakologie MMed (Klin Farm)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereiste nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme hierbo onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") genoem, geld.

### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

### Programbeskrywing

Die program bestaan uit modules oor beginsels van kliniese farmakologie, toegepaste kliniese farmakologie en navorsingsmetodiek. Hierdie modules word aangebied deur middel van lesings, tutoriale, onafhanklike selfstudieopdragte en praktiese ondervinding in die werkplek, wat kliniese pasiëntesorg insluit. Areas wat gedek word, sluit in:

- kliniese gebruik van geneesmiddels, wat insluit farmakologiese effekte en meganisme van werking, farmakokinetika en geneesmiddelmetabolisme, effektiwiteit en newe-effekte van geneesmiddels;
- raad aan gesondheidsorgverskaffers wat die gepaste en koste-effektiewe gebruik van genees-middels betref; geneesmiddel-epidemiologie;
- regs- en etiese kwessies;
- ontwikkeling van nuwe geneesmiddels;

- kliniese proewe;
- veiligheid van geneesmiddels;
- gesondheidsekonomie; en
- regulering van geneesmiddels.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Beginsels van Kliniese Farmakologie | 871(90) |
| Toegepaste Kliniese Farmakologie | 871(270) |
| Werkstuk (MMed (Klin Farm)) | 871(120) |

## Assessering en eksaminering

- Die Deel I- en Deel II-eksamens van die GK Klin Farma(SA) van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA) geld as jou summatiewe assessering. In die GK Klin Farma(SA) Deel I-eksamen word jy geassesseer oor die Beginsels van Kliniese Farmakologie-module en jy moet dit teen die einde van jou tweede studiejaar voltooi. In die GK Klin Farma(SA) Deel II-eksamen word jy oor die Toegepaste Kliniese Farmakologie-module geassesseer en jy moet dit teen die einde van jou vierde studiejaar voltooi. Indien jy nie aan hierdie vereistes voldoen nie, moet jy die pos as kliniese assistent ontruim en sal jy uitgesluit word van verdere bywoning van die MMed (Kliniese Farmakologie)-program. Slegs in uitsonderlike gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Kliniese Farmakologie oorweeg dat jy jou diens in 'n klinieseassistentpos voortsit en die program verder bywoon.
- Jy moet 'n leerportefeulje van praktiese werk tydens die studieperiode byhou en dit moet deur die Afdelingshoof goedgekeur word voordat jou studie as afgehandel beskou sal word.
- Jy moet 'n navorsingswerkstuk voltooi wat deel van die finale assessering vir die MMed-program vorm. Die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Kliniese Farmakologie en die betrokke Fakulteitstrukture moet die protokol vir die navorsingswerkstuk goedkeur, nie later nie as 12 maande nadat jy met jou MMed-studies begin het. Die navorsingswerkstuk moet afgehandel word voordat die Deel II-eksamen van die KGSA afgehandel word.
- Suksesvolle voltooiing en assessering van die navorsingswerkstuk is 'n voorvereiste vir die toekenning van die graad.
- Die finale MMed-punt word saamgestel deur die gemiddelde bydrae van elke komponent van die programinhoud. Die gewigte is 25% vir die werkstuk, 25% vir die Beginsels van Kliniese Farmakologie-module (GK Klin Farma(SA) Deel I-eksamen) en 50% vir die Toegepaste Kliniese Farmakologie-module (GK Klin Farma(SA) Deel II-eksamen).
- Om die program MMed (Kliniese Farmakologie) te slaag, moet jy 'n finale punt van ten minste 50% vir elke komponent van die program behaal.
- Om die program MMed (Kliniese Farmakologie) *cum laude* te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 75% vir die finale eksamen behaal.

## Navrae

Programleier: Dr R van Rensburg
Tel: 021 938 9340    E-pos: rvr@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/medicine/clinical-pharmacology

# 5.3.1.10 MMed Neurochirurgie
# MMed (Neurochir)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

## Duur van program

Die program strek oor vyf jaar.

## Programinhoud

Die program is ingedeel in die volgende modules:

### Primêre fase

| | |
|---|---|
| Anatomiese Patologie | 873(20) |
| Fisiologie | 872(20) |
| Neuroanatomie en Toegepaste Regionale Anatomie | 871(20) |

### Intermediêre fase

| | |
|---|---|
| Neurochirurgie (Intermediêr) | 874(30) |

### Finale fase

| | |
|---|---|
| Neurochirurgie | 875(270) |
| Navorsingswerkstuk | 836(120) |

## Assessering en eksaminering

### Primêre fase

- Assessering vind plaas deur middel van 'n skriftelike eksamen en, waar gespesifiseer, 'n mondelinge eksamen in die basiese wetenskappe (soos uiteengesit onder "Primêre fase" by die afdeling "Programinhoud" hierbo) en/of die Primêre Eksamen van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (LKG Chirurgie Deel Ia).
- Hierdie eksamen moet binne die eerste agtien maande van residensie suksesvol afgelê word; die suksesvolle afhandeling van die eksamen is 'n absolute vereiste om met die program te mag voortgaan.

### Intermediêre fase

- Assessering vind plaas deur middel van die chirurgiese intermediêre eksamen van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en/of die intermediêre chirurgiese (LGK Chirurgie Deel 1b)-eksamen van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika.
- Hierdie eksamen moet binne die eerste drie en 'n half jaar van residensie suksesvol afgelê word; dit is 'n absolute vereiste om met die program voort te gaan.

### Finale fase

- Assessering vind plaas deur middel van die finale Neurochirurgie-eksamen van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en/of die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika, wat afgelê word in die vierde of vyfde jaar van studie.
- Die finale Neurochirurgie-eksamen van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe bestaan uit:
  - drie skriftelike vraestelle wat vrae ten opsigte van die relevante basiese wetenskappe met betrekking tot neurochirurgie insluit; en
  - 'n kliniese mondelinge eksamen.
- Jy moet 'n werkstuk inlewer wat deur sowel interne as eksterne eksaminatore nagesien word. Die werkstuk dra 25% by tot die finale punt.
- Die minimum slaagsyfer vir sowel die finale eksamen as die werkstuk is 50%.
- Indien jy onsuksesvol in die eksamen is, sal jy toegelaat word om 'n hereksamen af te lê, mits dit geskied in die bepaalde tydperk soos hierbo aangedui. Daar kan in sekere gevalle 'n verlenging van die bogenoemde tydperk deur die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe toegestaan word, na gelang van die meriete van die geval.
- Om as spesialis te registreer, moet die bepalings van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika nagekom word, naamlik dat die spesialiseksamen van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika as uitgangseksamen afgelê moet word.
- Die verpligte navorsingskomponent word deur die nagraadse komitee van die Afdeling Neurochirurgie geadministreer.
- Dit bly steeds die verantwoordelikheid van die Afdelingshoof om die volgende te assesseer:
  - suksesvolle voltooiing van klinieseopleidingstyd;
  - die kandidaat se leerportefeulje (insluitend 'n chirurgiese logboek);
  - suksesvolle voltooiing van die werkstuk in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit in hierdie verband; en
  - die suksesvolle voltooiing van buigsame assessering.

### Navrae

Programleier: Prof AJ Vlok
Tel: 021 938 9265  E-pos: ianvlok@sun.ac.za

## 5.3.1.11 MMed Neurologie MMed (Neurol)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

### Programinhoud

Die program bestaan uit die volgende modules:

#### Primêre fase

| | |
|---|---|
| Neuropatologie | 872(30) |
| Neuropsigiatrie | 873(40) |
| Neuroradiologie | 871(40) |

#### Finale fase

| | |
|---|---|
| Algemene Neurologie | 876(130) |
| Navorsingswerkstuk | 837(120) |
| Neurofisiologie: EEG | 874(60) |
| Neurofisiologie: EMG | 875(60) |

### Assessering en eksaminering

#### Primêre fase

- Jy moet die navorsingsprotokol binne een jaar vanaf eerste registrasie as MMed (Neurologie)-student laat registreer.
- Indien jy nie aan die bogenoemde vereiste voldoen nie, moet jy die pos as kliniese assistent ontruim en sal jy uitgesluit word van verdere bywoning van die MMed (Neurologie)-program.
- Slegs in uitsonderlike gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Neurologie oorweeg dat jy jou diens in 'n klinieseassistentpos voortsit en die program verder bywoon.
- Jy mag nie met die program voortgaan nie as:
  - jy twee of meer modules van die primêre fase gedruip het;
  - die departementele nagraadseprogramkomitee op enige stadium jou algehele vordering beoordeel en 'n aanbeveling daaroor aan die Fakulteitsraad gemaak het; of
  - die uitvoerende hoof van die Tygerberg Hospitaal jou vóór die voltooiing van jou opleiding van vier jaar toegang tot die opleidingsplatform weier (bv. weens onprofessionele gedrag).

#### Finale fase

- Assessering geskied deur middel van die finale eksamen van die Kollege van Neuroloë van Suid-Afrika, wat afgelê word in die derde of vierde jaar van studie.
- Die navorsingswerkstuk moet binne drie jaar vanaf eerste registrasie vir die MMed (Neurologie)-program voltooi word en in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien word. Suksesvolle voltooiing van hierdie module word aanbeveel vir toelating tot die GK Neurol(SA)-eksamen van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA).

### Navrae

Programleier: Prof J Carr
Tel: 021 938 5500  E-pos: jcarr@sun.ac.za

## 5.3.1.12 MMed Noodgeneeskunde MMed (Noodgen)

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.
- Jy moes ook die Genootskap van die Kollege vir Noodgeneeskunde (GKNG (SA)) Deel I-eksamen suksesvol afgelê het.
- Om as 'n MMed (Noodgen)-student te registreer, moet internasionale kandidate wat deur die Afdeling Noodgeneeskunde aanvaar is:
  - aansoek doen om as geleentheidstudent aan die Universiteit te registreer volgens Deel I (Algemene Reëls) van die Universiteitsjaarboek om die GKNG (SA) Deel I-eksamen af te lê; en
  - 'n bevredigende kliniesebevoegdheidassessering aflê.

## Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

## Programbeskrywing

Die MMed-graad in Noodgeneeskunde is 'n gestruktureerde magistergraad met 'n werkstukkomponent (navorsing) wat 25% van die finale punt vir die program behels.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Basiese Toegepaste Wetenskappe | 874(120) |
| Kliniese Noodgeneeskunde | 875(240) |
| Navorsingswerkstuk | 810(120) |

## Assessering en eksaminering

### Staking van studies

Jy moet jou studies staak indien:

- die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Noodgeneeskunde op enige stadium jou algehele vordering, met inbegrip van werkplekgebaseerde assesserings, as onvoldoende beskou en 'n aanbeveling aan die Fakulteitsraad maak dat jy nie met die program voortgaan nie.
- die bestuurder van 'n opleidingsfasiliteit jou op enige tydstip gedurende jou vierjarige opleidings-program toegang tot die fasiliteit weier weens besorgdheid oor pasiëntveiligheid of professionaliteit.

### Finale eksamen

- Om tot die finale eksamen toegelaat te word moet jy 'n navorsingswerkstuk en die Deel I-eksamen (GKNG (SA) Deel I) van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika suksesvol voltooi.
- Die finale eksamen mag slegs geskryf word nadat minstens 36 maande van opleiding in 'n geakkrediteerde klinieseassistentpos voltooi is.
- Die finale eksamen behels die suksesvolle voltooiing van die Deel II-eksamen (GKNG (SA) Deel II) van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika.
- Die suksesvolle voltooiing van die navorsingswerkstuk is 'n vereiste vir toelating tot die GKNG (SA) Deel II-eksamen.

## Navrae

Programleier: Prof S Lahri
Tel: 021 938 9993 E-pos: emed@sun.ac.za

### 5.3.1.13 MMed Oftalmologie
### MMed (Oftal)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme hierbo onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") genoem, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes:

- Die voltooiing van die Primêre Eksamen (Deel I) van die Kollege van Oftalmoloë van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (of ekwivalent) en ten minste 6 maande se ondervinding onder toesig in die veld van oftalmologie.

Om in besit te wees van 'n Diploma in Oftalmologie van die Kollege van Oftalmoloë, sal 'n voordeel wees.

## Duur van program

Die program strek oor vyf jaar.

## Programbeskrywing

Gedurende die eerste 24 maande, fokus die program op die bemeestering van die basiese kennis en vaardighede wat nodig is om okulêre noodgevalle en algemene oogafwykings te bestuur, op die verkryging van die sertifikaat in refraksie en op die indiening van 'n navorsingsprotokol. Bemeestering van gevorderde teorie en die toepassing daarvan in oftalmologie saam met 'n omvattende en gespesialiseerde kennis van algemene oftalmologie, gevorderde tegniese en chirurgiese vaardighede, en 'n begrip van vakliteratuur en die jongste navorsing in die vakgebied in oftalmologie, en die voltooiing van 'n navorsingsverslag of publikasie in oftalmologie, sal die fokus van die daaropvolgende 36 maande se opleiding wees.

## Programinhoud

#### Deel I (Primêr)

Volle erkenning word deur die Kollege van Oftalmoloë van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika verleen vir die modules wat jy suksesvol afgelê het, voor die betreding van 'n opleidingspos.

| | |
|---|---|
| Anatomie | 874(40) |
| Fisiologie vir Oftalmologie | 871(40) |
| Optika | 874(40) |
| Patologie vir Oftalmologie | 876(40) |

#### EERSTE EN VIERDE JAAR

#### Sertifikaat in refraksie

Moet So gou moontlik bekom word

#### Navorsing

Jy moet, as 'n kliniese assistent, die nodige navorsingsmodules voltooi, besluit oor 'n onderwerp vir navorsing en gedurende die eerste twee jaar van opleiding 'n navorsingsvoorstel aan die nagraadse komitee voorlê.

#### DERDE, VIERDE EN VYFDE JAAR

#### Deel II (Finaal)

Volle erkenning word vir die Kliniese Oftalmologie-module verleen indien jy die Deel II-eksamen van die Kollege van Oftalmoloë van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika suksesvol afgelê het.

| | |
|---|---|
| Kliniese Oftalmologie | 875(200) |
| Navorsingswerkstuk | 824(120) |

## Assessering en eksaminering

- Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vereis dat jy die enkel- nasionale uitgangseksamen van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika suksesvol voltooi om as spesialis te registreer.
- Die Afdeling Oogheelkunde aanvaar die Deel I en die Deel II-eksamen van die Kollege van Oftalmoloë as ekwivalent tot en in die plek van die MMed (Oftal)-eksamen.
- Die RGSA bepaal verder dat dit die verantwoordelikheid van die hoof van die dissipline is om die volgende te bevestig:
    - suksesvolle voltooiing van klinieseopleidingstyd,
    - volledige byhou van die portefeulje-verslagboek,

  - suksesvolle voltooiing van die navorsingswerkstuk in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit in hierdie verband
  - Suksesvolle voltooiing van werkplekgebaseerde assesserings en;
  - die suksesvolle voltooiing van buigsame assessering.
- Die finale punt vir die MMed-graad is 'n saamgestelde punt van die uitslag van die finale eksamen van die Kollege van Oftalmoloë en die punt vir die navorsingswerkstuk in die verhouding 75:25.
- As kliniese assistent mag jy die eerste geleentheid tot die Deel II-eksamen ná residensie van 'n minimum van 36 maande as kliniese assistent benut.
- Die pos as kliniese assistent moet egter ná 60 maande ontruim word.
- In uitsonderlike gevalle en met die nodige motivering sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Oftalmologie verlenging van residensie met 'n maksimum van 12 maande oorweeg. Jy moet dan die finale eksamen binne daardie verlengde 12 maande slaag anders word jy van verdere bywoning van die program uitgesluit.

### Navrae

Programleier: Prof L Visser
Tel: 021 938 9380 E-pos: lindav@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/surgical-sciences/ophthalmology

## 5.3.1.14 MMed Oor-, Neus- en Keelheelkunde MMed (ONK)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo genoem, geld die volgende aanbevelings:

- die suksesvolle voltooiing van die primêre eksamen van die Kollege van Otorinolaringoloë (GKORL(SA) Primêr) van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA);
- ten minste 12 maande ondervinding in chirurgiese dissiplines (ná voltooiing van gemeenskapsdiens in die geval van MBChB-gegradueerdes);
- diplomas in gepaste velde soos Advanced Trauma Life Support (ATLS) en Basiese Chirurgiese Beginsels; en
- 'n basiese navorsingsprojek in Oor-, Neus- en Keelheelkunde.

### Duur van program

Die program strek oor vyf jaar.

### Programinhoud

#### Deel I (Primêr)

| | |
|---|---|
| Anatomie | 873(33) |
| Anatomiese Patologie | 872(34) |
| Fisiologie | 871(33) |

#### Deel II (Intermediêr)

| | |
|---|---|
| Oor-, Neus- en Keelheelkunde | 871(100) |

#### Deel III (Finaal)

| | |
|---|---|
| Oor-, Neus- en Keelheelkunde | 871(160) |

#### Werkstuk

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk | 823(120) |

### Assessering en eksaminering

#### Primêr

- Eksamens in die Anatomie-, Anatomiese Patologie- en Fisiologiemodules (GKORL(SA) Primêr) word afgeneem deur die KGSA. Daar is geen vereistes om die primêre eksamen af te lê nie. Raadpleeg die KGSA-webblad vir verdere inligting.
- Jy moet 'n punt van minstens 50% behaal om 'n module te slaag en 75% om 'n module met onderskeiding te slaag.

### Intermediêr

- Die eksamen in die Oor-, Neus- en Keelheelkunde Deel II-module (GKORL(SA) Intermediêr) word deur die Kollege van Otorinolaringoloë van die KGSA afgeneem. Buiten die primêre eksamen, is die minimum vereistes chirurgiese ondervinding van ten minste 12 maande, waarvan ses maande in algemene chirurgie moet wees en drie maande in 'n intensiewesorgeenheid. Raadpleeg die KGSA-webblad vir verdere inligting.
- Jy moet 'n punt van minstens 50% behaal om die module te slaag en 75% om die module met onderskeiding te slaag.
- Jy moet die intermediêre eksamen binne 30 maande vanaf registrasie as kliniese assistent in Oor-, Neus- en Keelheelkunde slaag. Indien jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, kan jy uitgesluit word van verdere bywoning van die MMed (ONK)-program. Slegs in uitsonderlike gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Oor-, Neus- en Keelheelkunde verdere bywoning van die MMed-program en voorsetting van jou diens in 'n klinieseassistentpos oorweeg.

### Finale eksamen

- Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vereis dat jy die nasionale uitgangs-eksamen van die Kollege van Otorinolaringoloë van die KGSA suksesvol voltooi om as spesialis te registreer.
- Die Afdeling Oor-, Neus- en Keelheelkunde aanvaar hierdie eksamen as ekwivalent tot en in die plek van die MMed (ONK)- finale eksamen.
- Dit bly egter die verantwoordelikheid van die Afdelingshoof om die volgende te bevestig:
  - suksesvolle voltooiing van klinieseopleidingstyd;
  - volledige byhou van 'n gevalleboek;
  - suksesvolle voltooiing van die werkstuk in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit in hierdie verband; en
  - suksesvolle voltooiing van buigsameassesseringprogram.
- Om toelating tot die enkel- nasionale uitgangseksamen van die Kollege van Otorinolaringoloë van die KGSA te verkry, moet jy die volgende suksesvol voltooi:
  - die primêre eksamen van die Kollege van Otorinolaringoloë (GKORL(SA) Primêr) van die KGSA;
  - die intermediêre eksamen van die Kollege van Otorinolaringoloë (GKORL(SA) Intermediêr) van die KGSA, en
  - ten minste 36 maande in 'n RGSA- goedgekeurde opleidingspos.
- Die minimum slaagsyfer vir die finale eksamen is 50%, en jy moet 75% behaal om die eksamen met onderskeiding te slaag.
- Jy moet die finale eksamen binne 60 maande vanaf registrasie as kliniese assistent in Oor-, Neus- en Keelheelkunde slaag. Indien jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, moet jy die klinieseassis-tentpos ontruim.
- Slegs in uitsonderlike gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Oor-, Neus- en Keelheelkunde verdere bywoning van die MMed (ONK)-program en voortsetting van jou diens in 'n klinieseassistentpos oorweeg.

### Navorsingswerkstuk

- Jy moet 'n werkstuk as studieprojek voltooi wat deel van die finale assessering vir die MMed (ONK)-graad uitmaak.
- Die protokol vir die werkstuk moet deur die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Oor-, Neus- en Keelheelkunde en die betrokke fakulteitstrukture goedgekeur word teen nie later nie as 18 maande ná aanvang van jou diens as kliniese assistent.
- Jy moet die werkstuk suksesvol afhandel teen nie later nie as 48 maande ná aanvang van jou diens as kliniese assistent.
- Die werkstuk word deur sowel interne as eksterne eksaminatore geassesseer en goedgekeur.
- Jy moet 'n punt van minstens 50% vir die werkstuk behaal om te slaag en 75% om met onderskeiding te slaag.

### Uitgangskriteria

- Die finale punt vir die MMed (ONK)-program word bereken as die gemiddelde van die punte vir die onderskeie modules, die werkstuk en die finale eksamen.
- Jy moet 'n finale punt van minstens 50% vir die program behaal om die MMed (ONK)-graad te verwerf en minstens 75% om die graad met onderskeiding te verwerf.

## Navrae

Programleier: Dr J Grobbelaar

Tel: 021 938 9041/9318 E-pos: jgrobbelaar@sun.ac.za

### 5.3.1.15 MMed Openbaregesondheidsgeneeskunde MMed (OGG)

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Die onderstaande toelatingsvereistes geld bykomend tot die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme, wat in paragraaf 5.3.1 hierbo uiteengesit is:

- Vir MBChB-gegradueerdes, drie jaar begeleide geneeskundige ondervinding, wat die verpligte twee jaar internskap en die jaar gemeenskapsdiens mag insluit.

#### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

#### Programinhoud

Alle modules is verpligtend.

##### Teoretiese modules

| | |
|---|---|
| Openbare Gesondheid (Kernstudies) | 871(80) |
| Openbare Gesondheid (Elektiewe Studies) | 872(136) |
| Navorsingswerkstuk | 820(120) |

*Let op:*
Die modules Openbare Gesondheid (Kernstudies) en Openbare Gesondheid (Elektiewe Studies) omvat kursuswerk, ad hoc-seminare of semi-gestruktureerde leer, 'n kort verslag, selfleer en elektiewe studies (besondere belangstellingsvelde) wat die inhoud dek soos in die Kollege vir Openbaregesondheids-geneeskunde se Riglyne en Regulasies (by www.cmsa.co.za) uiteengesit word.

##### Praktiese module

| | |
|---|---|
| Begeleide Praktiese Blootstelling | 873(144) |

#### Assessering en eksaminering

- Die MMed (Openbaregesondheidsgeneeskunde)-eksamen bestaan uit twee dele, naamlik:
  - die MMed-navorsingswerkstuk (slaagvereiste: 50%); en
  - die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA) se Kollege vir Openbaregesondheids-geneeskunde-eksamen, met 'n 50%-slaagvereiste (die geweegde gemiddeld vir sowel die onvoorbereide komponent as die algehele punt). Besonderhede van die KGSA-eksamen vir die Kollege vir Openbaregesondheidsgeneeskunde is beskikbaar op die KGSA se webblad (http://www.cmsa.co.za/).

    *Let op:*
  - Assessering en eksaminering word voortdurend hersien en daar word verwag dat werkplek-gebaseerde assessering in die toekoms 'n groter rol gaan speel. Raadpleeg asseblief gereeld die webtuiste van die KGSA vir amptelike regulasies en riglyne rakende openbaregesondheids-geneeskunde om op die hoogte van hierdie veranderinge te bly.
- Om vir die KGSA-eksamen te kan inskryf, word die volgende vereis:
  - 'n gemiddelde slaagpunt van minstens 50% vir die MMed-navorsingswerkstuk (deur een interne en een eksterne eksaminator geëvalueer);
  - inlewering van 'n kort navorsingsverslag by die KGSA se Kollege vir Openbaregesondheids-geneeskunde; en
  - inskrywing vir minstens drie jaar in 'n opleidingspos met 'n GRSA-goedgekeurde nommer.
- Die buigsame assessering van jou vordering neem die vorm aan van moduleassesserings sowel as sesmaandelikse vorderingsverslae soos deur die KGSA voorgeskryf.
- Indien bevind word dat jou vordering onbevredigend is, tref ons maatreëls om dit te help regstel. Indien jou akademiese vordering onbevredigend bly, moet jy die pos as kliniese assistent ontruim.
- Om 'n ingeskrewe spesialis in openbaregesondheidsgeneeskunde te wees, moet jy minstens vier jaar opleidingstyd in 'n pos as kliniese assistent met 'n GRSA-goedgekeurde posnommer hê en die KGSA-eksamen geslaag het.
- As jy na vier jaar opleidingstyd nie die GKSA-eksamen se Afdeling vir Openbaregesondheidsge-neeskunde kon aflê nie, kan die Fakulteit dit oorweeg om jou opleidingstydperk te verleng en jou pos as kliniese assistent te laat voortgaan. Daarvoor moet jy 'n skriftelike versoek met geldige redes aan die Nagraadseprogramkomitee vir die Afdeling Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid voorlê.

### Navrae

Programleier: Prof H Mahomed
Tel: 021 938 9375  E-pos: traceyp@sun.ac.za

## 5.3.1.16 MMed Ortopedie MMed (Ortop)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme hierbo onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") genoem, geld die volgende:

- Aanbevelings vir die aanstelling van kliniese assistente sluit in:
  - die suksesvolle voltooiing van die primêre eksamen van die Kollege van Ortopediese Chirurge van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA)(GK Ortop(SA) Primêr);
  - ten minste 18 maande ondervinding in Ortopedie onder toesig van 'n spesialis, ná voltooiing van gemeenskapsdiens;
  - gepaste diplomas soos Advanced Trauma Life Support (ATLS) en Basiese Chirurgiese Beginsels; en
  - 'n basiese navorsingsprojek in 'n ortopediese onderwerp en/of 'n Diploma in Ortopedie.

### Duur van program

Die program strek oor vyf jaar.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Anatomie | 875(25) |
| Anatomiese Patologie | 874(25) |
| Fisiologie | 874(25) |
| Ortopediese Chirurgie (Intermediêr) | 871(100) |
| Ortopediese Chirurgie | 873(185) |
| Navorsingswerkstuk | 825(120) |

### Assessering en eksaminering

#### Primêr

- Een skriftelike vraestel en 'n mondelinge eksamen vir die Anatomiese Patologie 874-module.
- Eksamens vir die Anatomie 875- en die Fisiologie 874-modules word afgeneem deur die Kollege van Ortopediese Chirurge van die KGSA (GK Ortop(SA) Primêr).
- Jy moet 'n punt van minstens 50% behaal om 'n module te slaag en 75% om 'n module met onderskeiding te slaag.
- Jy moet al drie die modules (Anatomiese Patologie 874, Anatomie 875 en Fisiologie 874) slaag vóór registrasie vir die MMed (Ortop)-program of binne 12 maande vanaf registrasie.
- Indien jy nie aan bogenoemde vereiste voldoen nie, kan jy uitgesluit word van verdere bywoning van die MMed (Ortop)-program.
- Slegs in uitsonderlike gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Ortopedie voorsetting van diens in 'n klinieseassistentpos en verdere bywoning van die program oorweeg.

#### Intermediêr

- Een skriftelike vraestel en 'n mondelinge eksamen vir die Patologie-gedeelte van die Ortopediese Chirurgie (Intermediêr)-module.
- Die eksamen vir die Ortopediese Chirurgie (Intermediêr) 871-module word deur die Kollege van Ortopediese Chirurgie van die KGSA (GK Ortop(SA) Intermediêr) afgeneem.
- Jy moet 'n punt van minstens 50% behaal om die module te slaag en 75% om die module met onderskeiding te slaag.
- Jy moet die intermediêre eksamen binne 30 maande vanaf registrasie as kliniese assistent in Ortopedie slaag.
- Indien jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, kan jy uitgesluit word van verdere bywoning van die MMed (Ortop)-program.
- Slegs in uitsonderlike gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Ortopedie voorsetting van jou diens in 'n klinieseassistentpos en verdere bywoning van die program oorweeg.

### Finale eksamen

- Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vereis dat jy die nasionale uitgangs-eksamen van die Kollege van Ortopediese Chirurge van die KGSA suksesvol voltooi om as spesialis te registreer.
- Die Afdeling Ortopedie aanvaar hierdie eksamen as ekwivalent tot en in die plek van die MMed (Ortop)- finale eksamen.
- Dit bly egter die verantwoordelikheid van die Afdelingshoof om die volgende te bevestig:
  - suksesvolle voltooiing van klinieseopleidingstyd;
  - volledige byhou van 'n omvattende gevalleboek;
  - suksesvolle voltooiing van die werkstuk in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit in hierdie verband; en
  - die suksesvolle voltooiing van die buigsame-assesseringsprogram.
- Om toelating tot die enkel- nasionale uitgangseksamen van die Kollege van Ortopediese Chirurge van die KGSA te verkry, moet jy die volgende suksesvol voltooi:
  - die primêre eksamen van die Kollege van Ortopediese Chirurge van die KGSA (GK Ortop(SA) Primêr); en
  - die intermediêre eksamen van die Kollege van Ortopediese Chirurge van die KGSA (GK Ortop(SA) Intermediêr).
- Die minimum slaagsyfer vir die finale eksamen is 50%, en jy moet 75% behaal om die eksamen met onderskeiding te slaag.
- Jy moet die finale eksamen binne 60 maande vanaf registrasie as kliniese assistent in Ortopedie slaag. Indien jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, moet jy die klinieseassistentpos ontruim.
- Slegs in uitsonderlike gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraad-seprogramkomitee van die Afdeling Ortopedie voortsetting van jou diens in 'n klinieseassistentpos en verdere bywoning van die program oorweeg.

### Navorsingswerkstuk

- Jy moet 'n werkstuk as studieprojek voltooi wat deel van die finale assessering vir die MMed (Ortop)-graad uitmaak.
- Die protokol vir die werkstuk moet deur die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Ortopedie en die betrokke fakulteitstrukture goedgekeur word teen nie later nie as 18 maande ná aanvang van diens as kliniese assistent.
- Die werkstuk moet suksesvol afgehandel wees teen nie later nie as 48 maande ná aanvang van diens as kliniese assistent.
- Die werkstuk word deur sowel interne as eksterne eksaminatore geassesseer en goedgekeur.
- Jy moet 'n punt van minstens 50% vir die werkstuk behaal om te slaag, en 75% om met onderskeiding te slaag.

### Uitgangskriteria

- Die finale punt vir die program MMed (Ortop) word bereken as die gemiddelde van die punte vir die onderskeie modules, die werkstuk en die finale eksamen.
- Jy moet 'n finale punt van minstens 50% vir die program behaal om die graad MMed (Ortop) te verwerf, en minstens 75% om die graad met onderskeiding te slaag.

## Navrae

Programleier: Prof N Ferreira
Tel: 021 938 9266    E-pos: nferreira@sun.ac.za

# 5.3.1.17 MMed Anatomiese Patologie MMed (Anat Pat)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme soos vermeld onder 5.3.1 oor "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme", geld die volgende aanbevelings:

- Voltooiing van die module Patologie vir Nie-patologie-dissiplines voordat aansoek om toelating tot die program gedoen word.
- Vir kliniese assistente met eie befondsing:
  - Bewys van taalvaardigheid in akademiese Engels (byvoorbeeld IELTS – band 7).

## Duur van program

Die program strek oor minstens vier jaar.

## Programbeskrywing

Die program behels verskeie komponente insluitend:

- Goeie Laboratoriumpraktyk en Mediese Etiek
- Laboratoriumbestuur
- Lykskouingstegnieke en Beginsels van Geregtelike Geneeskunde
- Molekulêre Patologie
- Navorsingsmetodologie
- Navorsingswerkstuk
- Neuropatologie
- Sitopatologie
- Toegepaste Histologie

Die program sluit in sesmaande-opleiding in alle aspekte van sitopatologie, omvattende opleiding in diagnostiese chirurgiese patologie, en die uitvoer van lykskouings. Die akademiese opleiding behels 'n gestruktureerde didaktiese program met gereelde assesserings. 'n Voltooide navorsingswerkstuk is verpligtend vir die toekenning van die MMed-graad.

## Programinhoud

Alle modules is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Anatomiese Patologie Deel I | 874(120) |
| Anatomiese Patologie Deel II | 872(240) |
| Navorsingswerkstuk | 873(120) |

## Assessering en eksaminering

### Deel I

- Die eksamen behels die GK Pat(SA) Anat Deel I-eksamen soos uiteengesit in die "Regulations for admission to the Fellowship of the College of Pathologists of South Africa in Anatomical Pathology".
- Jy moet die Deel I-eksamen binne 24 maande ná aanvang van diens as kliniese assistent in Anatomiese Patologie slaag. Indien jy nie die Deel I-eksamen binne 24 maande slaag nie, sal jy uitgesluit word van verdere deelname aan die program.
- In die geval van buitengewone omstandighede en met 'n toepaslike motivering sal die Nagraadse-programkomitee van Anatomiese Patologie 'n aanbeveling oorweeg om jou opleiding te verleng op voorwaarde dat jy die Deel I-eksamen met die daaropvolgende geleentheid slaag. Die finale besluit berus by die Komitee vir Nagraadse Onderrig van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en sal in ooreenstemming wees met die beleid van die Nasionale Gesondheids-laboratoriumdiens (NGLD).

### Deel II

- Die eksamen behels die GK Pat(SA) Anat Deel II-eksamen soos uiteengesit in die "Regulations for admission to the Fellowship of the College of Pathologists of South Africa in Anatomical Pathology".
- Jy kan toegelaat word tot die Deel II-eksamen as jy aan die volgende vereistes voldoen:
  - die GK Pat (SA) Anat Deel I-eksamen geslaag het;
  - minstens drie jaar en ses maande voltooi het as kliniese assistent in Anatomiese Patologie;
  - voldoen aan al die vereistes soos aangedui in die opleidingsportefeulje van die Kollege van Patoloë van Suid-Afrika in Anatomiese Patologie; en
  - voldoen aan al die uitkomste soos aangedui in die toepaslike MMed (Anat Pat)-studiegids, met inbegrip van die voltooiing van al die vereiste komponente, bevredigende prestasie in die buigsame assessering gedurende die opleidingsperiode, en beduidende vordering met die navorsingswerkstuk teen die tyd dat jy aansoek doen om toelating tot die eksamen.

### Navorsingswerkstuk

Jy moet die navorsingswerkstuk slaag in ooreenstemming met die Universiteit Stellenbosch se vereistes alvorens die MMed-graad aan jou toegeken word.

### Finale punt vir die program

Die finale punt word soos volg bereken:

- MMed-werkstuk: 25%; en
- GK Pat(SA) Anat Deel II-eksamen: 75%.

### Navrae

Programleier: Prof PT Schubert
Tel: 021 938 4041 E-pos: pawels@sun.ac.za

## 5.3.1.18 MMed Chemiese Patologie MMed (Chem Pat)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme hierbo onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") genoem, geld die volgende spesifieke toelatingsvereiste:

- Vir potensiële kliniese assistente met eie befondsing: 'n amptelike bewys van taalvaardigheid in akademiese Engels (byvoorbeeld IELTS band 7).

### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

### Programinhoud

**EERSTE JAAR**

| | |
|---|---|
| Basiese Beginsels van Chemiese Patologie en Basiese Biochemie (GK Pat(SA) Chem Deel I) | 871(60) |
| Molekulêre Patologie | 875(10) |

**TWEEDE EN DERDE JAAR**

**Afdeling I**

| | |
|---|---|
| Elektroliete, bloedgasse, lewerfunksies en lipiede | 811(65) |

**Afdeling II**

| | |
|---|---|
| Ensieme, proteïene, tumormerkers en aangebore metaboliese siektes | 843(65) |

**Afdeling III**

| | |
|---|---|
| Endokrinologie | 872(65) |

**Afdeling IV**

| | |
|---|---|
| Goeie Laboratoriumpraktyk en Mediese Etiek | 875(10) |
| Laboratoriumbestuur | 875(10) |
| Navorsingsmetodologie | 873(10) |
| Navorsingswerkstuk | 876(120) |
| Voeding en spoorelemente, toksikologie en immunologie | 875(65) |

### Assessering en eksaminering

#### Deel I

- As kliniese assistent sal jy slegs vir twee pogings tot die GK Pat(SA) Chem Deel I-eksamen toegelaat word.
- Jy mag die eerste poging binne 12 maande ná aanvang van die program benut, maar nie later nie as ná 18 maande.
- Jy moet die Deel I-eksamen binne 24 maande ná aanvang van die program suksesvol aflê.
- Indien jy nie aan die bogenoemde vereistes voldoen nie, sal jy uitgesluit word van verdere bywoning van die program en moet jy jou klinieseassistentpos ontruim. Slegs in uitsonderlike gevalle en met die indien van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling oorweeg

of jy kan voortgaan met die program en jou klinieseassistentpos behou.

#### Deel II

- Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vereis dat jy die enkel- nasionale uitgangseksamen suksesvol voltooi om as spesialis te registreer.
- Die Afdeling Chemiese Patologie aanvaar die GK Pat(SA) Chem Deel II-eksamen as uitgangs-eksamen.
- Jy moet 'n portefeulje van bewysstukke indien as deel van buigsame assessering voordat jy die Deel II-eksamen mag aflê.
- Dit bly egter steeds die verantwoordelikheid van die Afdelingshoof om die volgende te bevestig:
  - suksesvolle voltooiing van laboratoriumopleidingstyd;
  - volledige byhou van 'n portefeulje van bewysstukke;
  - suksesvolle voltooiing van die navorsingswerkstuk (MMed-navorsingsprojek) in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit in hierdie verband; en
  - die suksesvolle voltooiing van buigsame assessering.
- Om toelating tot die GK Pat(SA) Chem Deel II-eksamen te verkry, moet jy 'n slaagpunt van 50% in buigsame assessering in elkeen van die vier afdelings behaal (slegs twee geleenthede per afdeling word toegelaat), en moet die navorsingswerkstuk vir assessering ingehandig word. Sien die studiegids vir meer inligting hieroor.
- Indien jy nie die buigsame assessering teen die einde van die agtste semester van die program suksesvol voltooi nie, sal jy uitgesluit word van verdere bywoning van die program.
- Indien jy onsuksesvol is in jou eerste poging tot die Deel II-eksamen, kan jy 'n verlenging van 6 maande versoek om die tweede poging te benut. As jy onsuksesvol is in die tweede poging sal jy uitgesluit word van verdere bywoning van die program. Hertoelating tot die program is onderhewig aan die goedkeuring van die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling mits die Kollege van Patoloë enige verdere pogings tot die Deel II-eksamen goedkeur.
- Jy moet die eerste poging tot die GK Pat(SA) Chem Deel II-eksamen benut nie vroeër as 36 maande en nié later nie as 48 maande vanaf aanvang van die program nie. Jy mag die eksamen wel vroeër aflê, mits jy voldoen aan die vereistes van die Kollege van Patoloë.
- Die MMed (Chem Pat)-nagraadseprogramkomitee kan aanbeveel dat jy uitgesluit word van verdere bywoning van die program indien jy nie die GK Pat(SA) Chem Deel II-eksamen binne 48 maande aflê nie.
- Die MMed (Chem Pat)-nagraadseprogramkomitee kan aanbeveel dat jy uitgesluit word van verdere bywoning van die program indien jy nie die GK Pat(SA) Chem Deel II-eksamen en die werkstuk binne die maksimum opleidingstyd van vier jaar suksesvol afgehandel het nie.

#### Navorsingswerkstuk

- Die navorsingswerkstuk moet in die voorgeskrewe formaat ('n publikasie wat ingedien of aanvaar is) aangebied word en deur die interne en eksterne eksaminatore goedgekeur word.
- Die navorsingswerkstuk dra 'n gewig van 120 krediete en dra 25% tot die finale punt by.

#### Finale punt

- Die Deel II-eksamen dra 75% tot die finale punt by en die werkstuk 25%.

### Navrae

Programleier: Prof AE Zemlin
Tel: 021 938 4107    E-pos: azemlin@sun.ac.za

## 5.3.1.19 MMed Geregtelike Patologie MMed (Geregt Pat)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme hierbo onder 5.3.1 (onder "Algemene toe-latings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") genoem, geld die volgende spesifieke toelatingsvereiste:

- Die Diploma in Geregtelike Geneeskunde van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (Dip For Med (SA) Path) word ten sterkste aanbeveel.

### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Goeie Laboratoriumpraktyk en Mediese Etiek | 825(10) * |
| Geregtelike Patologie | 872(80), 873(220) |
| Geregtelike Patologie: Inleiding tot Lykskouingstegniek | 871(15) * |
| Molekulêre Patologie | 875(10) * |
| Navorsingsmetodologie | 873(10) * |
| Navorsingswerkstuk | 827(120) |
| Toegepaste Histologie vir Geregtelike Patologie | 876(20) * |

* Generiese patologiemodules

## Assessering en eksaminering

- Jy moet die eksamen vir die module Geregtelike Patologie: Inleiding tot Lykskouingstegnieke binne die eerste drie maande van jou nagraadse studie slaag.
- Jy moet die Diploma in Geregtelike Geneeskunde (Patologie) van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika suksesvol binne die eerste jaar van jou nagraadse studie voltooi.
- Jy moet Toegepaste Histologie vir Geregtelike Patologie 876 slaag voordat jy met die twaalfmaand-rotasie in die Afdeling Anatomiese Patologie kan begin.
- Die eksamens vir die modules Geregtelike Patologie: Deel I en Deel II, word deur die Kollege vir Geregtelike Patologie van die CMSA geadministreer.
- Jy mag eers tot die Geregtelike Patologie: Deel I-eksamen toegelaat word ná voltooiing van twaalf maande as kliniese assistent in Geregtelike Geneeskunde en 'n twaalfmaandrotasie in Anatomiese Patologie.
- Alle modules wat deur die Afdeling Geregtelike Geneeskunde aangebied word, word geassesseer deur middel van:
  - skriftelike vraestelle; en/of
  - mondelinge eksamens; en/of
  - mikroskopiese/makroskopiese patologie-praktiese assesserings; en/of
  - buigsame assessering.
- Toelating tot die Geregtelike Patologie: Deel II-eksamen sal slegs verleen word indien jy al die ander modules suksesvol voltooi het. Die eksamen bestaan uit:
  - twee skriftelike vraestelle;
  - 'n medies-geregtelike lykskouing;
  - 'n histopatologie-eksamen; en
  - 'n mondelinge eksamen.

*Let op:*

Evaluering van polisiedossiere kan na goeddunke van die eksaminatore van jou verwag word.

- Navorsingswerkstuk
  - Jy moet die navorsingswerkstuk voltooi as deel van die finale assessering vir die MMed (Forensiese Patologie).
  - Jy moet die Kliniese Navorsingsprotokolskryfkursus voltooi.
  - Jy moet jou navorsingsprotokol aan die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Geregtelike Geneeskunde voorlê nie later nie as twaalf maande na aanvang van kliniese assistentskap.
  - Die navorsingswerkstuk moet suksesvol voltooi wees voordat jy die Deel II-eindeksamen kan aflê.
  - Die navorsingswerkstuk moet as 'n manuskrip vir publikasie ingedien word.
- Jy moet 'n portefeulje van leerbewyse, insluitend 'n rekord van prosedures en aktiwiteite (logboek), indien as deel van die buigsame assessering voordat die graad toegeken kan word.
- Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vereis dat jy die enkele nasionale uitgangseksamen suksesvol voltooi om as 'n spesialis te registreer.
- Die Afdeling Geregtelike Geneeskunde erken hierdie eksamen as ekwivalent aan en 'n plaasvervanger vir die MMed (Geregt Pat) Deel II-eksamen.
- Die Afdeling is egter steeds verantwoordelik vir die bevestiging van die volgende:
  - suksesvolle voltooiing van die toepaslike opleidingstyd;
  - inhandiging van 'n portefeulje van leerbewyse, insluitend 'n logboek van prosedures en aktiwiteite, as deel van buigsame assessering; en
  - suksesvolle voltooiing van 'n navorsingswerkstuk volgens die Universiteit se regulasies.

- Die finale punt word as volg bereken:
  - Geregtelike Patologie Deel I & II-eksamens (80:220) – 55%
  - Navorsingswerkstuk (as manuskrip vir publikasie) – 25%
  - Buigsame assessering – 20%
- Jy moet 'n minimum punt van 50% behaal om die graad te slaag en 'n punt van 75% om met onderskeiding te slaag.

### Voortsetting van studies

- Jy moet die eksamen vir die module Geregtelike Patologie: Inleiding tot Lykskouingstegnieke binne die eerste drie maande slaag. Indien jy druip, kan jy van die MMed (Geregt Pat)-program uitgesluit word en jou kliniese assistent pos moet ontruim.
- Jy moet verkieslik die CMSA Deel I-eksamen binne 24 maande, maar beslis binne 36 maande, voltooi.
- Indien jy nie die Deel I-eksamen binne 36 maande of na twee pogings slaag nie, moet jy jou studies staak en jou klinieseassistentpos ontruim.
- Indien jy nie die Deel II-eksamen binne 48 maande voltooi nie, moet jy jou klinieseassistentpos ontruim.
- Die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Geregtelike Geneeskunde sal slegs in uitsonderlike gevalle, en met 'n toepaslike motivering, voortgesette deelname aan die program oorweeg.
- Indien jy nie voldoen aan die bevorderingsvereistes van die MMed-program nie, en jy nie toegelaat word om voort te gaan met jou studies nie, moet jy jou klinieseassistentpos by die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand, Forensiese Patologiediens, ontruim. Hierdie regulasie geld ook vir kliniese assistente in supernumerêre poste.

### Navrae

Programleier: Dr J Verster
Tel: 021 938 9325 E-pos: jverster@sun.ac.za

## 5.3.1.20 MMed Hematologiese Patologie MMed (Hem Pat)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

### Programinhoud

#### Eerste en tweede jaar

| | |
|---|---|
| Hematologiese Patofisiologie | 875(45) |
| Immunologie | 875(25) |
| Molekulêre Patologie | 875(10) |
| Navorsingsmetodologie | 873(10) |

#### Tweede tot vierde jaar

| | |
|---|---|
| Bloedtransfusie | 812(60) |
| Goeie Laboratoriumpraktyk en Mediese Etiek | 875(10) |
| Hematologiese Patologie Deel II | 871(190) |
| Laboratoriumbestuur | 875(10) |
| Navorsingswerkstuk | 829(120) |

## Assessering en eksaminering

- Assessering vind plaas volgens die spesifikasies van die Kollege van Patoloë van Suid-Afrika (KGSA). Jy moet verwys na die KGSA-webwerf om die opgedateerde eksamenregulasies te sien.
- Die eerste assessering, die FCPath(SA) Hematologie Deel I, bestaan uit twee geskrewe veelkeuse-vraestelle.
    - Die Deel I-eksamen bestaan uit Hematologiese Fisiologie, Molekulêre Biologie, Immunologie en die Teorie van Basiese Laboratoriumtegnieke en -instrumente.
    - Jy kan die Deel I-eksamen aflê voordat jy formeel by die Hematologiese Patologie-program aansluit, onderhewig aan voldoening aan die eksamentoelatingsvereistes.
- Die tweede assessering, die FCPath(SA) Hematologie Deel II-eksamen, bestaan uit twee geskrewe teorievraestelle en 'n bevoegdheidseksamen/praktiese eksamen.
    - Elkeen van die twee geskrewe teorie-eksamenvraestelle ondersoek alle aspekte van Laboratorium-, Toegepaste en Kliniese Hematologie:
    - Elke vraestel is ewe geweeg.
    - Meerkeusevrae en kortantwoordvrae word gebruik.
    - Die skriftelike teorie-eksamen moet geslaag word sodat jy na die bevoegdheids- (praktiese) eksamen kan voortgaan
- Die Bevoegdheid (Prakties)-eksamenvraestelle word wisselend geweeg en verdeel in
    - Mikroskoopgebaseerde morfologie
    - Koagulasie (hemostase)
    - Spesiale hematologiese ondersoeke, bloedoortapping, kwaliteit en bestuur.
    - Molekulêre diagnostiek, sitogenetika en vloeisitometrie
- Kliniesehematologievrae sal by die bogenoemde vier Bevoegdheid (Prakties)-eksamenvraestelle ingesluit word.
- Jy moet 'n werkbare navorsingsprojek begin en voltooi in die kortste moontlike tyd.
- Die navorsingsvoorstel vir die bogenoemde navorsingsprojek moet vir etiekgoedkeuring ingedien word voordat jy die Deel I-eksamen aflê.
- Die navorsingsprojek kan as 'n volle verhandeling of as 'n artikel gepubliseer in 'n eweknie-geëvalueerde vaktydskrif ingedien word.
- Die navorsingsprojek moet in die voorgeskrewe formaat aangebied word as 'n navorsingsreferaat vir assessering deur beide interne en eksterne eksaminatore.
- Die navorsingsprojek moet geslaag word voordat jy die Deel II-eksamen (eindeksamen) aflê.
- Jy moet ook 'n portefeulje van bewyse (POE) indien wat deur die departementele hoof afgeteken moet word. Let op die volgende rakende die POE:
    - Die POE is bewys van bevoegdheid in al die praktiese aspekte van Hematologiese Patologie.
    - Die POE is 'n vereiste vir toelating tot die FCPath(SA) Hematologie Deel II-eksamen (eindeksamen.
- Die MMed-graad in Hematologiese Patologie word toegeken nadat aan bogenoemde vereistes voldoen is (Deel I-eksamen, kursuswerk, navorsingsprojek en Deel II-eksamen)
- Die gewig van die verskillende komponente van die MMed-graad is soos volg:

| **Komponent** | **Punte** | **%** |
|---|---|---|
| FCPath(SA) Hematologie Deel I | 90 | 19 |
| Bloedtransfusie | 60 | 13 |
| FCPath(SA) Hematologie Deel II | 190 | 40 |
| Bestuur, laboratoriumpraktyk en etiek | 20 | 4 |
| Navorsingsprojek | 120 | 25 |
| **Totaal** | **480** | **100** |

- Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vereis dat die MMed-graadprogram geslaag word voor registrasie as 'n spesialis.
- Die departementele hoof is verantwoordelik daarvoor om te verseker dat jy elke komponent van die MMed-program betyds suksesvol voltooi en om jou versuim om hieraan te voldoen, te hanteer.

## Navrae

Programleier: Prof ZC Chapanduka
Tel: 021 938 4608    E-pos: zivanai@sun.ac.za

### 5.3.1.21 MMed Kliniese Patologie

# MMed (Klin Pat)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

## Duur van Program

Die program strek oor vyf jaar.

## Programinhoud

### EERSTE SEWE SEMESTERS

| | |
|---|---|
| Chemiese Patologie | 872(70) |
| Geneeskundige Mikrobiologie | 874(70) |
| Geneeskundige Virologie | 871(70) |
| Hematologie | 873(70) |
| Molekulêre Patologie | 875(10) |
| Navorsingsmetodologie | 873(10) |

### FINALE DRIE SEMESTERS

| | |
|---|---|
| Geïntegreerde Patologie | 871(60) |

### Werkstuk

Kies een van die volgende werkstukke.

| | |
|---|---|
| Werkstuk (Chemiese Patologie) | 811(120) |
| Werkstuk (Geneeskundige Mikrobiologie) | 811(120) |
| Werkstuk (Geneeskundige Virologie) | 811(120) |
| Werkstuk (Hematologiese Patologie) | 811(120) |

## Assessering en eksaminering

- Skriftelike vraestelle, en praktiese eksamens moet na afloop van elke module geslaag word.
- Indien jy twee modules nie binne 'n maksimum tydperk van drie jaar slaag nie, sal jy uitgesluit word van verdere bywoning van die program en jou klinieseassistentpos moet ontruim. Slegs in uitsonderlike gevalle en met die indien van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Departement Patologie oorweeg of jy kan voortgaan met die program en jou klinieseassistentpos behou.
- Jy moet 'n portefeulje van bewysstukke indien as deel van buigsame assessering voordat jy toegelaat word tot assessering van die verpligte module Geïntegreerde Patologie of tot die Deel II-eksamen van die Kollege van Patoloë.
- Besonderhede van buigsame assessering word in die studiegids voorsien.
- Die werkstuk moet afgehandel en ingehandig wees vir assessering voordat jy toegelaat sal word tot die Deel II-eksamen van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika.
- Indien jy onsuksesvol is in jou eerste poging tot die Deel II-eksamen, kan jy aansoek doen om 'n verlenging van 6 maande om 'n tweede poging te benut. Indien die tweede poging ook onsuksesvol is, sal jy uitgesluit word van verdere bywoning van die program. Hertoelating tot die program is onderhewig aan die goedkeuring van die Nagraadseprogramkomitee van die Departement Patologie mits die Kollege van Patoloë enige verdere pogings tot die Deel II-eksamen goedkeur.
- Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vereis dat jy die enkel- nasionale uitgangseksamen suksesvol voltooi om as spesialis te registreer.
- Die Departement Patologie aanvaar hierdie eksamen as ekwivalent tot en in die plek van die MMed (Klin Pat) Deel II-eksamen.
- Dit bly egter steeds die verantwoordelikheid van die hoof van die Departement Patologie/ sameroeper van die Kliniese Patologieprogram om die volgende te bevestig:
  - suksesvolle voltooiing van opleidingstyd;
  - suksesvolle voltooiing van die werkstuk in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit in hierdie verband en buigsame assessering; en
  - volledige byhou van 'n portefeulje van bewysstukke.

## Navrae

| Programleier | Afdeling | E-pos | Telefoon |
|---|---|---|---|
| Prof AC Whitelaw | Geneeskundige Mikrobiologie | awhitelaw@sun.ac.za | 021 938 4032 |
| Prof ZC Chapanduka | Hematologie | zivanai@sun.ac.za | 021 938 4608 |
| Prof AE Zemlin (Programsameroeper) | Chemiese Patologie | azemlin@sun.ac.za | 021 938 4107 |
| Prof W Preiser | Geneeskundige Virologie | preiser@sun.ac.za | 021 938 9354 |

# 5.3.1.22 MMed Mikrobiologiese Patologie MMed (Mikrobiol Pat)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

## Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Geneeskundige Virologie (sesmaandelange rotasie) | 875(40) |
| Geneeskundige Mikrobiologie | 876(250) |
| Immunologie (tweemaandelange rotasie; bywoningsmodule) | 876(40) |
| Laboratoriumbestuur (bywoningsmodule) | 875(10) |
| Molekulêre Patologie (bywoningsmodule) | 875(10) |
| Navorsingsmetodologie (bywoningsmodule) | 873(10) |
| Navorsingswerkstuk | 835(120) |

## Assessering en eksaminering

- Buigsame assessering is gebaseer op die gereelde evaluering van 'n portefeulje van bewysstukke wat jy aan die toesighouers moet voorlê, tesame met gereelde formatiewe assessering (skriftelik en prakties).
- Deel I se skriftelike eksamen wat deur die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA) geadministreer word, kan ná 'n minimum van 12 maande vanaf aanvang van die program afgelê word, en moet met 'n minimum van 50% geslaag word.
- Toelating tot die Deel II-eksamen van die Kollege van Patoloë vereis vooraf toestemming deur die Afdelingshoof van Geneeskundige Mikrobiologie, in oorleg met die Nagraadseprogramkomitee.
- Jy moet die navorsingswerkstuk inlewer of bewys lewer van bevredigende vordering voordat jy die Deel II-eksamen kan aflê.
- Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vereis dat jy die enkel- nasionale uitgangseksamen van die KGSA suksesvol voltooi om as spesialis te registreer. Die Afdeling Geneeskundige Mikrobiologie aanvaar hierdie eksamen as ekwivalent en in die plek van die MMed (Mikrobiol Pat) Deel II-eksamen. Dit bly egter steeds die verantwoordelikheid van die Afdelingshoof om die volgende te bevestig:
  - die suksesvolle voltooiing van klinieseopleidingstyd;
  - die suksesvolle voltooiing van die werkstuk in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit in hierdie verband;
  - die volledige byhou van 'n portefeulje van bewysstukke; en
  - die suksesvolle voltooiing van die Deel I-eksamen
- Die eerste poging om die Deel II-eksamen af te lê, moet plaasvind nié later nie as 48 maande ná aanvang van die program (dit kan vroeër wees onderhewig aan die vereistes van die Kollege van Patoloë).

### Navorsingswerkstuk

- Die werkstuk moet oor 'n relevante Geneeskundige Mikrobiologie-onderwerp van jou keuse handel, en jy moet deur middel van die werkstuk die vermoë demonstreer om onafhanklike navorsing te doen. Die werkstuk moet volgens die standaardregulasies van die Universiteit voltooi word, en tot bevrediging van 'n interne, sowel as 'n onverbonde eksterne eksaminator.

### Staking van studie

- Indien jy nie die Deel I-eksamen ná twee pogings binne 24 maande ná aanvang van die program slaag nie, kan die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Geneeskundige Mikrobiologie aanbeveel dat jy jou studies staak. Jy kan egter by die Programkomitee aansoek doen om toestemming tot 'n derde poging. Indien die derde poging ook nie suksesvol is nie, sal jy nié toegelaat word om jou studie voort te sit nie.
- Indien jy nie die Deel II-eksamen binne 48 maande ná aanvang van die program geslaag het nie, kan die Programkomitee aanbeveel dat jou studies gestaak word.
- Indien jy die Deel II-eksamen ná drie pogings nie geslaag het nie, kan die Programkomitee ook aanbeveel dat jou studies gestaak word.
- Indien jy die Deel II-eksamen en die werkstuk nie suksesvol binne 'n maksimum opleidingstydperk van vyf jaar afgehandel het nie, kan die Programkomitee aanbeveel dat jy jou studies staak. Jy kan egter by die Programkomitee aansoek doen om jou studies voort te sit oor 'n tydperk van langer as vyf jaar.

### Finale punt

- Die Deel II-eksamen moet met 'n minimum van 50% geslaag word.
- Die werkstuk moet met 'n minimum van 50% geslaag word.
- Die finale punt word as volg bereken:
  - Geneeskundige Virologiemodule 10%
  - Geneeskundige Mikrobiologiemodule 65%
    - Deel I-eksamen 25%
    - Deel II-eksamen 75%
  - Navorsingswerkstuk 25%

### Navrae

Programleier: Prof A Whitelaw
Tel: 021 938 4032 E-pos: awhitelaw@sun.ac.za

## 5.3.1.23 MMed Virologiese Patologie MMed (Virol Pat)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

### Programinhoud

Die eerste twee modules hieronder behels teoretiese en praktiese aspekte, terwyl die derde module 'n navorsingprojek behels.

| | |
|---|---|
| Inleiding tot Virologiese Patologie | 875(120) |
| Geneeskundige Virologie | 876(240) |
| Navorsingswerkstuk | 819(120) |

### Assessering en eksaminering

- Die kurrikulum van die MMed (Virol Pat)-program stem ooreen met dié van die Genootskap van die Kollege van Patoloë van Suid-Afrika – Virologie van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA).
- 'n Deel I-eksamen moet afgelê word nadat die kandidaat aan die kriteria ten opsigte van praktiese vaardighede en leerblootstelling voldoen het soos uiteengesit in die KGSA Virologiese Patologie Deel I-kurrikulum. Die punte wat behaal word in hierdie eksamen sal vasgelê word teenoor die Inleiding tot Virologiese Patologie-module. Indien jy nie die Deel I-eksamen binne 18 maande vanaf aanvang van die program suksesvol afgelê het nie, sal jy uitgesluit word van verdere bywoning van

die program.

- Geneeskundige Virologie is die ankermodule van die program en word geëksamineer gedurende die Deel II-eksamen van die Genootskap van die Kollege van Patoloë – Virologie van die KGSA, wat 'n enkel- nasionale uitgangseksamen is. Die eksamen bestaan uit 'n teoretiese en 'n praktiese eksamen, en moontlik 'n mondelinge eksamen ook. Vereistes vir toelating tot die Deel II-eksamen is die suksesvolle voltooiing van die Deel I-eksamen en voldoende opleiding en ondervinding soos uiteengesit in die KGSA Virologiese Patologie-kurrikulum en vasgelê in 'n portefeulje van bewysstukke. Dit is jou verantwoordelikheid om die portefeulje van bewysstukke by te hou.
- Die minimum slaagsyfer vir die Deel I- en die Deel II-eksamen is 50%.
- Die vereistes vir die toekenning van die MMed (Virol Pat)-graad behels vier jaar se studie, en die suksesvolle afhandeling van die Deel I- en II-eksamens en die navorsingswerkstuk. Jy moet 'n portefeulje van bewysstukke indien as deel van buigsame assessering voordat die graad toegeken kan word.
- Indien jy nie daarin slaag om die Deel II-eksamen en die navorsingswerkstuk suksesvol in 'n maksimum opleidingsperiode van vyf jaar te voltooi nie, sal jy uitgesluit word van verdere bywoning van die program en moet jy jou klinieseassistentpos ontruim. Hierdie vereistes geld ook vir kliniese assistente in botallige poste.
- Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vereis dat jy die enkel- nasionale uit-gangseksamen suksesvol voltooi om as spesialis te registreer.
- Die Afdeling Virologiese Patologie aanvaar hierdie eksamen as ekwivalent tot en in die plek van die MMed (Virol Pat) Deel II-eksamen.
- Dit bly egter steeds die verantwoordelikheid van die Afdelingshoof om die volgende voorvereistes vir graduering te bevestig:
  - suksesvolle voltooiing van klinieseopleidingstyd;
  - suksesvolle voltooiing die navorsingswerkstuk in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit in hierdie verband;
  - suksesvolle voltooiing van die Deel I-eksamen; en
  - die volledige byhou van 'n portefeulje van bewysstukke.
- Die finale punt word as volg bereken:
  - KGSA Deel II-eksamen 75%; en
  - navorsingswerkstuk 25%.

### Navrae

Programleier: Prof  G van Zyl
Tel: 021 938 9691    E-pos: guvz@sun.ac.za

## 5.3.1.24 MMed Pediatrie en Kindergesondheid MMed (Pediatrie en Kindergesondheid)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

Aanbevelings vir die aanstelling van kliniese assistente sluit die volgende in:

- suksesvolle voltooiing van die GKPed Deel I van die Kollege van Pediaters van die Kolleges van Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA);
- ten minste 12 maande ondervinding in Pediatrie onder toesig van 'n pediater, na voltooiing van gemeenskapsdiens;
- toepaslike resussitasie-opleiding, byvoorbeeld Advanced Pediatric Life Support (APLS)/Pediatric Advanced Life Support (PALS)
- Diploma van Kindergesondheid (DKG) van die KGSA.
- Navorsingondervinding

Internasionale kandidate moet:

- in besit wees van 'n MBChB-graad of soortgelyke kwalifikasie;
- het verkieslik suksesvol die GKPed Deel I voltooi, of ekwivalent.
- beskik oor ten minste twee jaar ervaring in Pediatrie onder toesig van 'n pediater ná verwerwing van dié kwalifikasie; en
- by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) geregistreer wees as mediese praktisyn in die kategorie nagraadse studie.

### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

## Programbeskrywing

Die MMed-program in Pediatrie en Kindergesondheid behels opleiding in Algemene Pediatrie en die subspesialisareas daarvan. Jy moet:

- die voorgeskrewe opleidingsperiode suksesvol voltooi (48 maande);
- die GKPed (SA) Deel I- en GKPed Deel II-eksamens slaag (vir pediaters wat nie RGSA-registrasie benodig nie, kan MMed (Ped) Deel II onder uitsonderlike omstandighede gepoog word); en
- 'n navorsingswerkstuk voltooi.

Die kurrikulum dek onder andere die volgende:

- algemene pediatrie;
- ambulante pediatrie;
- neonatologie;
- pediatriese intensiewe sorg;
- neonatale intensiewe sorg;
- kardiologie;
- pulmonologie;
- gastro-enterologie;
- neurologie;
- neuro-ontwikkelingspediatrie;
- nefrologie;
- endokrinologie;
- infeksiesiektes;
- hematologie;
- onkologie;
- immunologie; en
- allergie.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Navorsingsmetodiek (Pediatrie) | 871(20) |
| Navorsingswerkstuk | 813(120) |
| Spesialispediatrie | 871(240) |
| Toegepaste Basiese Wetenskappe | 871(100) |

### Primêr

- Jy moet 'n geskrewe vraestel (2 eksamens) vir die GKPed (SA) Deel I-eksamen slaag.
- Jy moet 'n punt van minstens 50% behaal om die Toegepaste Basiese Wetenskappe-module te slaag en 75% om die module met onderskeiding te slaag.
- Jy moet die GKPed (SA) Deel I-eksamen binne 12 maande na registrasie slaag, maar beslis voor 18 maande.
- Indien jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, kan jy van die res van die MMed (Ped)-program uitgesluit word.
- Slegs in uitsonderlike gevalle, en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee (NPK) van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid die voortsetting van jou diens in 'n klinieseassistentpos en verdere bywoning van die program oorweeg.

### Finale eksamen

- Die RGSA vereis dat jy die nasionale uittree-eksamen van die Kollege van Pediaters (GKPed (SA) Deel II), sowel as die MMed (Ped), suksesvol voltooi om as 'n spesialis te registreer. Die KGSA GKPed (SA) Deel I en II vervang die MMed Deel I- en Deel II-eksamens. Om die MMed-kwalifikasie te verwerf, moet die derde komponent (die navorsingswerkstuk) voltooi word.
- Dit bly egter die verantwoordelikheid van die uitvoerende hoof van die Departement om die volgende te bevestig:
  - suksesvolle voltooiing van klinieseopleidingstyd (48 maande);
  - voltooiing van 'n omvattende logboek;
  - suksesvolle voltooiing van die navorsingswerkstuk volgens die regulasies van die Universiteit in hierdie verband;
  - suksesvolle voltooiing van die buigsameassesseringsprogram; en

- voldoende vordering en professionele gedrag, beide geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.
- Vir toelating tot die nasionale uittree-eksamen van die Kollege van Pediaters, moet jy die volgende suksesvol voltooi het:
  - die GKPed (SA) Deel I-eksamen;
  - 'n minimum van 30 maande van die program, wat moet afgelê word teen 48 maande se opleidingstyd; en
  - bevredigende vordering met die navorsingswerkstuk (protokolontwikkeling, etiese goedkeuring, data-insameling en verkieslik voltooiing van die werkstuk).
- Die minimum slaagpunt vir die eindeksamen is 50%, en jy moet 75% behaal om die eksamen met onderskeiding te slaag.
- Jy moet die eindeksamen binne 48 maande na registrasie as 'n kliniese assistent in Pediatrie suksesvol aflê. As jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, moet jy die klinieseassistentpos ontruim.
- Slegs in uitsonderlike gevalle, en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die NPK van die Departement die voortsetting van jou diens in 'n kliniese assistent-pos en verdere bywoning van die program oorweeg.

### Navorsingswerkstuk

- Jy moet 'n navorsingswerkstuk voltooi wat deel van die finale assessering vir die MMed (Ped)-graad vorm.
- Jy moet met die uitvoering van die navorsingsprojek die volgende toon:
  - die vermoë om 'n navorsingsprojek te beplan;
  - die vermoë om 'n literatuursoektog toepaslik vir die navorsingsprojek te onderneem;
  - die vermoë om 'n navorsingsprojek te voltooi; en
  - die vermoë om die navorsing aan te teken, in die vorm van 'n artikel geskik vir publikasie.
- Die protokol vir die navorsingsprojek moet nie later nie as 18 maande na die aanvang van diens as kliniese assistent deur die NPK van die Departement binne 12 maande en die betrokke fakulteits- en etiekstrukture goedgekeur word.
- Jy moet die werkstuk suksesvol voltooi nie later nie as 48 maande na die aanvang van jou diens as kliniese assistent.
- Die werkopdrag word geassesseer en goedgekeur deur beide interne en eksterne eksaminatore.
- Jy moet 'n punt van minstens 50% behaal om die werkopdrag te slaag, en minstens 75% om met onderskeiding te slaag.

### Uitgangskriteria

- Die finale punt vir die MMed (Ped)-program word bereken as die gemiddelde van die punte vir die GKPed (SA) Deel II en die navorsingswerkstuk.
- Voltooiing van APLS/PALS (en 'n neonataleresussitasiekursus gedurende die opleidingsperiode word aanbeveel).
- Voltooiing van die navorsingswerkstuk.
- 'n Finale punt van minstens 50% om die MMed (Ped)-graad te behaal, en minstens 75% om die graad met onderskeiding te slaag.
- Indien jy nie die GKPed (SA) Deel I-eksamen binne die maksimum tydperk van 18 maande slaag nie, sal daar van jou vereis word om jou studies te staak en jou opleidingspos te verlaat.
- Indien jy nie die GKPed (SA) Deel II-eksamen binne die maksimum tydperk van 48 maande slaag nie, sal daar van jou vereis word om jou studies te staak en om jou opleidingspos te verlaat.
- 'n Maksimum tydperk van 6 jaar word toegelaat vir die voltooiing van die MMed (Ped) waarna jy gederegistreer sal word.

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid met betrekking tot die administratiewe reëls en regulasies, sowel as die MMed (Ped), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

## Assessering en eksaminering

Vir toekenning van die MMed (Pediatrie en Kindergesondheid)-graad, moet jy 48 maande van kliniese opleidingstyd voltooi, die GKPed (SA) Deel I- en Deel II-eksamens slaag en die navorsingswerkstuk voltooi.

Om suksesvol te kwalifiseer

- Moet jy die GKPed (SA) Deel I-eksamen verkieslik binne 12 maande slaag, maar definitief binne 18 maande nadat jy met opleiding begin het.
- Moet jy die GKPed (SA) Deel II-eksamen verkieslik binne 48 maande slaag, maar nie voor 30 maande nadat jy met opleiding begin het nie.

- Moet jy die navorsingswerkstuk verkieslik teen die einde van jou vierjaaropleidingstyd voltooi, maar beslis voor 'n maksimum van ses jaar. Daar sal egter van jou verwag word om jou opleidingspos na vier jaar se opleidingstyd te ontruim.
- Word kliniese vaardighede en bevoegdhede en professionaliteit geassesseer deur middel van deurlopende werkgebaseerde assesserings

### Voortsetting van studie

- Indien jy nie aan die promosiebepalings vir die MMed (Ped)-program voldoen nie, en die reg ontneem word om jou MMed-studies voort te sit, moet jy jou klinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand ontruim. Hierdie reëling is van toepassing op alle kliniese assistente.
- Slegs in uitsonderlike gevalle, en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering aan en goedkeuring van die NPK van die Departement, en die Komitee vir Nagraadse Onderrig (KNO) en die Fakulteitsraad van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, mag jy weer as MMed (Ped)-student registreer. Die maksimum MMed (Ped)-registrasieperiode is ses jaar.

### Navrae

Programleier: Prof R Solomons
Tel: 021 938 9891    E-pos: regan@sun.ac.za

## 5.3.1.25 MMed Pediatriese Chirurgie MMed (Ped Chir)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

### Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Navorsingsmetodologie | 881(10) |
| Navorsingswerkstuk | 830(120) |
| Pediatriese Chirurgie (Primêr) | 871(80) |
| Pediatriese Chirurgie (Intermediêr) | 871(100) |
| Pediatriese Chirurgie (Finaal) | 871(170) |

### Assessering en eksaminering

#### Primêre fase

- Assessering vind plaas deur middel van die primêre eksamen van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe of die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika.
- Die eksamen bestaan uit twee veelkeusevraestelle.

#### Intermediêre fase

- Assessering vind plaas deur middel van die intermediêre eksamen van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe of die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika.
- Die eksamen bestaan uit:
  - twee drieuurlange vraestelle (algemene beginsels en die toepassing van pediatriese chirurgiese beginsels in kliniese praktyk); en
  - 'n mondelinge eksamen.

#### Finale fase

- Assessering vind plaas deur middel van die finale eksamen van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe of die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika.
- Die eksamen bestaan uit:
  - twee drieuurlange vraestelle (algemene beginsels en die toepassing van pediatriese chirurgiese beginsels in kliniese praktyk);
  - 'n mondelinge eksamen met 'n kliniese komponent (kliniese gevalle); en
  - 'n nie-kliniese komponent (OSKE met tien tot vyftien stasies).

#### Navorsingsmetodologie

- Assessering vind plaas deur middel van 'n geskrewe eksamen om kernvaardighede te toets.

Werkstuk

- Die skriftelike navorsingswerkstuk word geëksamineer volgens Universiteitsriglyne deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering.
- Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vereis dat jy die enkel- nasionale uitgangseksamen suksesvol voltooi om as spesialis te registreer.
- Die Afdeling Pediatriese Chirurgie aanvaar hierdie eksamen as ekwivalent tot en in die plek van die MMed (Ped Chir) Deel II-eksamen.
- Dit bly egter steeds die verantwoordelikheid van die Afdelingshoof om die volgende te bevestig:
    - suksesvolle voltooiing van klinieseopleidingstyd;
    - volledige byhou van 'n gevalleboek;
    - suksesvolle voltooiing van die werkstuk in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit in hierdie verband; en
    - die suksesvolle voltooiing van buigsame assessering.

### Navrae

Programleier: Prof B Banieghbal
Tel: 021 938 9898 E-pos: banieg@sun.ac.za

## 5.3.1.26 MMed Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie MMed (Plast en Rekons)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo, geld die volgende as 'n voorvereiste:

- Die voltooiing van die intermediêre eksamens in algemene chirurgie.

### Duur van program

Die program strek oor vyf jaar.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Anatomie | 876(33) |
| Anatomiese Patologie | 875(34) |
| Fisiologie | 875(33) |
| Navorsingswerkstuk | 826(120) |
| Plasties en Rekonstruktiewe Chirurgie (Intermediêr) | 871(100) |
| Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie | 871(160) |

### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n patologie-ondersoek van plastiese chirurgie 18-24 maande na toetrede tot die program voltooi word.
- Jy moet die FCS(SA) Deel III- (eind-)eksamen en 'n navorsingswerkstuk van aanvaarbare gehalte suksesvol voltooi om die MMed (Plast en Rekon)-graad te ontvang en as 'n spesialis- plastiese en rekonstruktiewe chirurg by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid Afrika (RGSA) te registreer.
- Die navorsingsprojek tel 25% van die totale krediete en moet handel oor 'n toepaslike onderwerp in Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie in 'n dissipline van jou keuse. Deur die werkstuk moet jy toon dat jy onafhanklik navorsing kan doen. Die verslag moet volgens 'n standaardformaat voltooi word ter bevrediging van 'n interne en 'n onverbonde eksterne eksaminator.
- Dit bly egter steeds die verantwoordelikheid van die Afdelingshoof om die volgende te bevestig:
    - suksesvolle voltooiing van klinieseopleidingstyd;
    - volledige byhou van 'n gevalleboek;
    - suksesvolle voltooiing van die werkstuk in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit in hierdie verband; en
    - suksesvolle voltooiing van buigsame assessering, werkgebaseerde assesserings (WBA's), toevertroubare professionele aktiwiteite (EPA's) en enige ander vereistes wat die Kolleges van Geneeskunde van Suid-Afrika in die toekoms mag vereis.

## Navrae

Programleier: Prof N Kairinos
Tel: 021 938 9538 E-pos: kairinos@sun.ac.za

# 5.3.1.27 MMed Psigiatrie
# MMed (Psig)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

## Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk | 815(120) |
| Neuroanatomie | 875(30) |
| Neurofisiologie | 875(30) |
| Psigiatrie | 872(270) |
| Spesiale Sielkunde | 875(30) |

## Assessering en eksaminering

### Deel I

- Daar word vereis dat jy Deel I van die program voltooi binne 18 maande vanaf aanvang van studie.
- Assessering vind plaas in die vorm van die Deel I-eksamen (GK Psig(SA) Deel I) van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA) soos uiteengesit in die regulasies vir toelating tot die Genootskap van die Kollege van Psigiaters van Suid-Afrika.
- Jy moet die Deel I-eksamen aflê voordat die 18-maandeperiode verstryk het. Indien jy die uitslae ontvang nadat die 18-maandeperiode verstryk het en jy is onsuksesvol, moet jy jou MMed-studie staak en jou klinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid en Welstand ontruim.
- Slegs in uitsonderlike gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Departement Psigiatrie oorweeg dat jy jou diens in 'n klinieseassistentpos voortsit en die program verder bywoon.

### Deel II

- Jy moes reeds Deel I voltooi het voordat jy Deel II kan aanpak.
- Jy moet die kursuswerk, portefeulje en navorsingsprojek voltooi voordat die Deel II-eksamen van die Kollege van Psigiaters van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika aangepak word.
- Die finale punt vir die program word as volg bereken:
  - 18.75% vir die Deel I-eksamen;
  - 56.25% vir die Deel II-eksamen; en
  - 25% vir die navorsingswerkstuk wat as 'n manuskrip vir publikasie ingedien moet word.
- Jy moet beide die Deel II-eksamen en die werkstuk slaag om die MMed-graad te verwerf en as spesialis by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) te registreer.
- Die navorsingswerkstuk word deur interne en eksterne eksaminatore nagesien en jy moet ten minste 50% daarvoor kry om dit te slaag.
- Die RGSA vereis verder dat die hoof van die dissipline die volgende bevestig:
  - die volledige byhou van leerportefeulje;
  - die suksesvolle voltooiing van opleidingstyd;
  - die suksesvolle voltooiing van die navorsingswerkstuk in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit; en
  - die suksesvolle voltooiing van die buigsame assessering.
- Indien jy jou bedanking as kliniese assistent by die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand indien of die Fakulteitsraad jou die reg ontneem om met jou studies voort te gaan, moet jy die klinieseassistentpos ontruim.

## Navrae

Programleier: Dr R Jones
Tel: 021 938 9227    E-pos: roxanej@sun.ac.za

# 5.3.1.28 MMed Radiologiese Diagnose MMed (Rad D)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme hierbo onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") genoem, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes:

- Die volgende aanbevelings geld vir aanstelling as kliniese assistent:
  - suksesvolle afhandeling van die Deel I-eksamen in Diagnostiese Radiologie; en
  - kliniese ondervinding onder toesig in enige aspek van diagnostiese beelding.

## Duur van program

Die program strek oor vyf jaar.

## Programbeskrywing

Die program bestaan uit eenheidspesifieke opleidingsmodules wat as diensverwante kliniese opleiding aangebied word. Opleidingsmodules sluit in:

- X-straalfilmrapportering;
- algemene ultraklank;
- fluoroskopie;
- rekenaartomografie (RT);
- intervensionele/vaskulêre radiologie;
- mammografie;
- kerngeneeskunde en kop- en nekbeelding;
- pediatriese radiologie;
- muskuloskeletale beelding;
- Doppler-ultraklank; en
- magnetiese resonansiebeeldvorming (MRB).

Bykomende onderrigaktiwiteite sluit daaglikse radiologie-vergaderings, etensuur-filmrapporteringsessies, 'n weeklikse vaktydskrifbespreking en 'n formele weeklikse didaktiese akademiese program in.

Jy moet 'n navorsingsprojek in die vorm van 'n werkstuk voltooi, wat deel vorm van die finale assessering vir die MMed-graad.

## Programinhoud

### Deel I

Jy moet die Deel I-eksamen vóór registrasie vir die program MMed (Rad D) en vóór aanstelling as kliniese assistent voltooi.

| | |
|---|---|
| Radiologiese Anatomie | 871(60) |
| Radiologiese Fisika | 873(60) |

### Deel II (opleidingsprogram vir kliniese assistente)

| | |
|---|---|
| Radiologiese Diagnose | 874(240) |

### Navorsingswerkstuk

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk | 816(120) |

## Assessering en eksaminering

### Deel I

- Die Deel I-eksamens bestaan uit die GKRad (Diag)SA Deel I Radiologiese Anatomie en die GKRad (Diag)SA Deel I Radiologiese Fisika soos saamgestel deur die Kollege van Radioloë van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika.
- Die suksesvolle voltooiing van die Deel I-eksamen verleen aan jou toegang tot die finale eksamen

van die Kollege van Radioloë van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (GKRad (Diag)SA Deel II).

**Deel II (opleidingsprogram vir kliniese assistente)**

- Slegs in buitengewone gevalle en met die voorlegging van 'n toepaslike motivering, sal die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Radiodiagnose 'n verlenging van opleidingstyd oorweeg.
- Jy word aan die einde van elke opleidingsmodule geëvalueer. Evaluering sal geskied in die vorm van 'n mondelinge eksamen of 'n rapporteringsessie.
- Om die opleidingsprogram suksesvol te voltooi, moet jy 'n minimum van 50% vir elke eindblok-evaluering behaal.
- Indien jy nie aan die minimum vereistes voldoen nie, sal jy die spesifieke opleidingsmodule moet herhaal.
- Jy moet 'n logboek byhou tydens die studietydperk. Die rekord sal deur die Afdelingshoof goedgekeur word om te bevestig dat jy jou opleidingsprogram suksesvol voltooi het.
- Voordat jy die Deel II-eksamen kan aflê, moet jy:
    - minstens 42 maande van die opleidingstyd voltooi, en
    - aan die minimum vereistes in alle einde van die blokeksamens voldoen;
    - die vereiste MMed-navorsingwerkstuk voltooi, en
    - die finale manuskrip vir eksaminering inlewer.
- Die Deel II-eksamen is die Finale Eksamen van die Kollege van Radioloë van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (GKRad (Diag)SA Deel II) soos vereis vir registrasie as 'n spesialis deur die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika.
- Dit bly egter die verantwoordelikheid van die Afdelingshoof om die volgende te bevestig:
    - suksesvolle voltooiing van opleidingstyd;
    - suksesvolle voltooiing van buigsame assessering in alle opleidingsmodules;
    - inlewering van 'n voltooide logboek; en
    - suksesvolle afhandeling van 'n navorsingswerkstuk volgens Universiteitsvoorskrifte.

Navorsingswerkstuk

- Die protokol vir die navorsingswerkstuk moet binne 24 maande na aanstelling as kliniese assistent vir goedkeuring aan die Afdeling Radiodiagnose se Nagraadseprogramkomitee en ander toepaslike Fakulteitstrukture, insluitend die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee, voorgelê word.
- Die navorsingswerkstuk moet ingelewer word in die vorm van 'n vollengte werkstuk of as 'n gepubliseerde manuskrip in 'n eweknie-beoordeelde wetenskaplike vaktydskrif.
- Die suksesvolle voltooiing van die navorsingswerkstuk is 'n voorvereiste vir spesialisregistrasie by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika.

## Navrae

Programleier: Prof C Ackermann
Tel: 021 938 9320/938 5622 E-pos: ca@sun.ac.za

# 5.3.1.29 MMed Radiologiese Terapie MMed (Rad T)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

## Duur van program

Die program strek oor vier jaar.

## Programbeskrywing

Die doel van die kwalifikasie is om:

- jou as gekwalifiseerde mediese dokter op te lei in die nie-chirurgiese hantering van kankers (hoofsaaklik bestraling en chemoterapie) tot 'n standaard van veiligheid wat voldoen aan die vereistes van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika, die Kollege van Stralingsonkoloë, asook die internasionale gemeenskap van gesondheidsorgwerkers;
- in ooreenstemming met die strategiese raamwerk van die Universiteit Stellenbosch en die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, jou as onkoloog op te lei wat op 'n konsensieuse

manier, omvattende (gespesialiseerde) gesondheidsorg aan die pasiënt as individu en lid van die gemeenskap sal verskaf;
- individuele denke te stimuleer, asook die verantwoordelikheid van voortgesette professionele selfontwikkeling te vestig;
- vaardigheid in die kritiese interpretering van literatuur en die toepassing daarvan in die daaglikse praktisering van onkologie te verseker; en
- te verseker dat jy vaardighede bekom vir besluitneming oor behandeling in die gebiede van bestraling, chemoterapie en chirurgiese intervensies.

## Programinhoud

### Deel I

| | |
|---|---|
| Anatomie (Radiologiese Terapie) | 872(40) |
| Radiobiologie | 872(40) |
| Stralingsfisika | 874(40) |

### Deel II

| | |
|---|---|
| Radioterapie en Radio-isotope | 874(240) |

### Navorsingswerkstuk

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk | 817(120) |

## Assessering en eksaminering

- Om die MMed (Rad T) te verwerf, moet jy die Deel I- en Deel II-eksamens van die Kollege van Stralingsonkoloë van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika suksesvol voltooi, asook 'n navorsingswerkstuk ('n vollengte werkstuk of 'n voorbereide manuskrip vir 'n eweknie-beoordeelde vaktydskrif).
- 'n Minimum van 48 maande se opleiding in 'n RGSA-goedgekeurde genommerde opleidingspos word vereis om te voldoen aan die vereistes vir die MMed (Rad T)-graad en om as 'n spesialis by die RGSA te registreer.
- Die KGSA Str Onk(SA) Deel I is 'n skriftelike eksamen. Die toelatingsvereistes is 'n minimum van ses maande opleiding in 'n erkende klinieseassistent- of KA-opleidingsprogram ten tye van die skryf van die eksamen.
- Die KGSA Str Onk(SA) Deel II bestaan uit
  - 'n skriftelike eksamen;
  - 'n objektief gestruktureerde praktiese eksamen (OGPE); en
  - 'n kliniese mondelinge eksamen.
- 'n Minimum van 36 maande se opleiding in 'n erkende klinieseassistent-opleidingsprogram ten tye van die skryf van die eksamen word vereis vir toelating tot die Deel II-eksamen.
- Die Stralingsonkologie-afdelingshoof moet vóór jou registrasie vir die Deel 2-eksamen bevestig dat jy:
  - die voldoende tyd in opleiding deurgebring het;
  - die Deel I-eksamen binne die afgelope 6 jaar geslaag het;
  - 20 gevallestudies tot die tevredenheid van jou toesighouer voltooi het;
  - voldoende presteer het tydens jaarlikse akademiese assesserings dwarsdeur die KA-periode;
  - 'n kortkursus oor statistiese metodes vir kliniese navorsing sowel as 'n statistiese oorsig van 'n onkologie-artikel tot tevredenheid van jou studieleier voltooi het;
  - 'n logboek van opleiding voltooi het; en
  - data-insameling vir jou navorsingswerkstuk suksesvol voltooi het.
- Jy moet die Deel I-eksamen binne 18 maande vanaf die aanvang van opleiding slaag. Onder uitsonderlike omstandighede, en soos ooreengekom deur die Afdeling se Nagraadse Programkomitee, kan verlenging van hierdie reël oorweeg word tot 'n maksimum van 6 maande, d.w.s. 24 maande vanaf die aanvang van opleiding. 'n Kandidaat wat nie die Deel I-eksamen na 24 maande in 'n opleidingspos geslaag het nie, sal by die FGGW-komitee vir Nagraadse Opleiding aanbeveel word vir akademiese uitsluiting van die MMed (Rad T)-program.
- Jy moet die Deel II-eksamen binne 54 maande vanaf die aanvang van opleiding slaag. Onder uitsonderlike omstandighede, en soos ooreengekom deur die Afdeling se Nagraadse Programkomitee, kan verlenging van hierdie reël oorweeg word tot 'n maksimum van 6 maande, d.w.s. 60 maande vanaf die aanvang van opleiding. As jy nie die Deel II-eksamen na 60 maande in 'n opleidingspos geslaag het nie, sal jou akademiese uitsluiting van die MMed (Rad T)-program by die

FGGW-komitee vir Nagraadse Opleiding aanbeveel word.

- Jy moet 'n navorsingswerkstuk voltooi wat deel uitmaak van die finale assessering vir die gestruktureerde MMed (Rad T)-program binne 48 maande na die aanvang van die opleiding. Die navorsingswerkstuk sal die vorm aanneem van 'n voltooide (publikasiegereed) manuskrip vir 'n eweknie-geëvalueerde wetenskaplike tydskrif met jou (die kandidaat) as eerste outeur, sowel as 'n uitgebreide literatuuroorsig. 'n Navorsingsonderwerp moet binne 6 maande na die aanvang van die opleiding in oorleg met jou toegewyse interne navorsingsleier geïdentifiseer word. 'n Studieprotokol wat deur die Afdeling se Nagraadseprogramkomitee goedgekeur is, moet voor die skryf van die Deel I KGSA-eksamen vir goedkeuring deur die US Gesondheidswetenskappe Navorsingsetiek-komitee: Mensnavorsing en Kliniese Proewe ingedien word. Data-insameling vir die navorsingswerkstuk moet voltooi wees voor die skryf van die Deel II KGSA-eksamen.
- Jy moet die navorsingswerkstuk ten minste ses maande voor graduering indien vir nasiening. Die navorsingswerkstuk sal aan 1 interne en 1 eksterne eksaminator vir nasien ingedien word. Die finale punt vir die opdrag sal die berekende gemiddelde van hul toegekende punte wees. Indien jou manuskrip voor graduering deur 'n DHOO-geakkrediteerde eweknie-geëvalueerde tydskrif vir publikasie aanvaar word, sal die werkstuk steeds vir eksaminering ingedien word en 'n finale punt sal soos normaalweg toegeken word. Omdat jou manuskrip vir publikasie aanvaar is, kan hierdie punt egter nie minder as 50% wees nie.
- Benewens die bogenoemde scenario's onder uitsonderlike omstandighede, en soos ooreengekom deur die Afdelings Nagraadse Programkomitee, kan 'n verlenging van opleidingstyd in 3 tot 6 maande toewysings verder as 48 maande en tot 'n maksimum van 60 maande vanaf die aanvang van opleiding, in die volgende situasies oorweeg word:
  - Kraamverlof geneem gedurende opleidingstyd
  - Ongeskiktheidsverlof weens ernstige siekte of besering
  - Behoefte aan addisionele toesig kliniese opleidingstyd soos bepaal deur die Afdelings Nagraadse Programkomitee wanneer kandidaat nie as veilig of geskik geag word vir onafhanklike kliniese praktyk as 'n spesialis Kliniese Onkoloog nie.
  - Slaag van KGSA Str Onk(SA) (Deel II) -eksamen. Opleidingstyd kan verleng word om die Deel II-eksamen te slaag. So 'n verlenging sal slegs oorweeg word indien jy jou navorsingsopdrag vir eksaminering ingedien het en 'n aanvaarbare opleidingsrekord het.
- Vir besoldigde kliniese assistente sal enige verlenging van opleidingstyd na meer as 48 maande onderhewig wees aan goedkeuring van 'n verlenging van die opleidingspos deur die Hoof Uitvoerende Beampte van Tygerberg-hospitaal.
- Indien jy die einde van jou opleidingstyd bereik en steeds nie jou navorsingswerkstuk vir eksaminering ingedien het nie, sal jou opleidingstyd beëindig word, maar jy sal toegelaat word om by die Universiteit as 'n nagraadse student te registreer om jou navorsingswerkstuk te voltooi.
- Die finale MMed (Rad T)-punt sal bereken word as 'n geweegde gemiddelde van die punte vir elke komponent van die programinhoud. Die gewigte sal 25% wees vir die navorsingswerkstuk, 25% vir die KGSA Str Onk(SA) (Deel I)-eksamen en 50% vir die KGSA Str Onk(SA) (Deel II)-eksamen. Jy moet 'n finale punt van minstens 50% behaal vir elke komponent van die program (Deel I, Deel II, Navorsingswerkstuk) om die MMed (Rad T)-graad te verwerf. Om die MMed (Rad T)-program *cum laude* te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 75% behaal.

### Navrae

Programleier: Dr H Burger
Tel: 021 938 4727    E-pos: henrietteburger@sun.ac.za of ursulac@sun.ac.za

## 5.3.1.30 MMed Torakschirurgie MMed (Tor Chir)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 hierbo geld.
Aanbevelings vir die aanstelling van registrateurs sluit die volgende in:

- die suksesvolle voltooiing van die Primêre Eksamen van die Chirurgiese Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA).
- die suksesvolle voltooiing van die Intermediêre Eksamen van die Chirurgiese Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA).
- ten minste 24 maande van werkservaring in 'n chirurgiese omgewing as mediese beampte of ekwivalent onder toesig van 'n spesialis.
- Voltooiing van Advanced Trauma Life Support (ATLS).

### Duur van program

Die program strek oor vyf jaar.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Anatomie | 861(33) |
| Anatomiese Patologie | 876(34) |
| Fisiologie | 876(33) |
| Navorsingswerkstuk | 831(120) |
| Torakschirurgie | 871(160) |
| Torakschirurgie (Intermediêr) | 871(100) |

## Assessering en eksaminering

- Die MMed Deel I-skriftelike eksamen word binne 18 maande afgeneem en jy moet dit met 'n minimum van 50% slaag.
- Die intermediêre eksamen word skriftelik en mondelings afgelê en moet met 'n minimum van 50% geslaag word binne drie en 'n half jaar.
- Die Patologie-eksamen in Torakschirurgie is deel van die Intermediêr en word skriftelik afgelê. Dit moet binne 42 maande geslaag word.
- Die MMed Deel II-eksamen bestaan uit skriftelike, praktiese en mondelinge eksamens wat jy met 'n subminimum van 50% moet slaag.
- Die werkstuk, wat 25% van die totale krediete tel, moet handel oor 'n toepaslike onderwerp in Torakschirurgie in 'n dissipline van jou keuse. Deur die werkstuk moet jy toon dat jy onafhanklik navorsing kan doen. Die verslag moet volgens 'n standaardformaat voltooi word ter bevrediging van 'n interne en 'n eksterne eksaminator.
- Jy moet 'n gevalleboek tydens die studieperiode byhou en dit moet deur die hoof van die Afdeling Torakschirurgie goedgekeur word voordat die MMed (Tor Chir)-studie as afgehandel beskou word.
- Jy moet die werkstuk voltooi voordat die graad toegeken word.
- Die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vereis dat jy die enkel- nasionale uitgangseksamen suksesvol voltooi om as spesialis te registreer.
- Die Afdeling Torakschirurgie aanvaar hierdie eksamen as ekwivalent tot en in die plek van die MMed (Tor Chir) Deel II-eksamen.
- Dit bly egter steeds die verantwoordelikheid van die Afdelingshoof om die volgende te bevestig:
  - suksesvolle voltooiing van klinieseopleidingstyd;
  - volledige byhou van 'n gevalleboek;
  - suksesvolle voltooiing van die navorsingswerkstuk in ooreenstemming met die regulasies van die Universiteit in hierdie verband; en
  - die suksesvolle voltooiing van buigsame assessering.

## Navrae

Programleier: Prof JT Janson
Tel: 021 938 9432 E-pos: jjanson@sun.ac.za

# 5.3.1.31 MMed Urologie MMed (Urol)

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Hierdie program het geen spesifieke toelatingsvereistes nie. Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld.

## Duur van program

Die program strek oor vyf jaar.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Anatomiese Patologie | 877(15) |
| Anatomie | 867(15) |
| Fisiologie | 877(15) |
| Navorsingswerkstuk | 832(120) |
| Urologie | 877(45), 876(180) |
| Urologie (Intermediêr) | 877(90) |

## Assessering en eksaminering

- Die Deel I-eksamen (Primêr: Anatomie, Fisiologie en Anatomiese Patologie) moet binne 18 maande afgelê word en jy moet 'n slaagpunt van 50% behaal.
- Die Intermediêre eksamen bestaan uit 'n skriftelike en mondelinge eksamen met 'n minimum slaagpunt van 50% en moet in drie en 'n half jaar afgehandel word.
- Die Deel II-eksamen bestaan uit skriftelike, praktiese en mondelinge eksamens waarvan elke deel 'n slaagpunt met 'n subminimum van 50% bydra.
- Die navorsingswerkstuk maak 25% van die finale punt uit, en moet op 'n relevante onderwerp in Urologie fokus. Jy moet bewys lewer van die vermoë om onafhanklike navorsing te doen. Die werkstuk moet in 'n voorgeskrewe formaat as 'n navorsingstuk aangebied word en deur 'n interne sowel as 'n onverbonde eksterne eksaminator nagesien word.
- Die Deel II-eksamen en die werkstuk moet nie later nie as binne 60 maande ná aanstelling as kliniese assistent in Urologie afgehandel word.
- Indien jy nie die Deel I-eksamen binne 18 maande, die Intermediêre eksamen binne 42 maande en die Deel II-eksamen binne 60 maande suksesvol afhandel nie, sal jy nie toegelaat word om vir die MMed (Urol) te herregistreer nie en sal jy die klinieseassistentpos in Urologie moet ontruim. Uitsonderings op hierdie reël sal slegs in buitengewone omstandighede oorweeg word.
- Die finale punt bestaan uit 'n samestelling van:
  - Finale (Klinies, Deel II) eksamen: 75%
  - MMed-werkstuk: 25%
- Ingevolge die regulasies van die Kollege van Uroloë van Suid-Afrika, indien jy die Intermediêre eksamen vir die MMed (Urol) geslaag het, kwalifiseer jy vir toelating tot die finale eksamen vir die Genootskap van die Kollege van Uroloë van Suid-Afrika (GKUrol (SA)). Die GKUrol (SA) sal egter slegs toegeken word nadat jy skriftelike bewys gelewer het dat die navorsingswerkstuk vir toekenning van die MMed (Urol) goedgekeur is.
- Indien jy die finale eksamen vir die GKUrol (SA) geslaag het, word jy vrygestel van die eksamen vir Deel II van die MMed (Urol), maar moet jy steeds die navorsingswerkstuk en die klinieseopleidingstydperk voltooi voordat die MMed (Urol) toegeken word.

## Navrae

Programleier: Prof A van der Merwe
Tel: 021 938 9577  E-pos: arvdm@sun.ac.za

# 5.3.1.32 MMed Verloskunde en Ginekologie MMed (V&G)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Die algemene toelatingsvereistes vir MMed-programme onder 5.3.1 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MMed-programme") hierbo geld. Addisioneel moet jy die Deel I KGSA-eksamen suksesvol voltooi het.

*Let ook op:* Indien jy as kliniese assistent ingeskryf is vir die program MMed (V&G) elders in die land en jy het reeds 18 maande opleiding in 'n genommerde opleidingspos van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika voltooi, sal jy slegs oorweeg word indien die Deel I-eksamen van die Kollege van Obstetrici en Ginekoloë suksesvol afgelê is.

## Duur van program

Die program strek oor vyf jaar.

## Programinhoud

Die program bestaan uit vier modules wat oor 'n tydperk van vyf jaar voltooi word.

| | |
|---|---|
| Basiese Wetenskappe | 874(120) |
| Ginekologie | 873(120) |
| Navorsingswerkstuk | 818(120) |
| Verloskunde | 872(120) |

### Assessering en eksaminering

- Jy moet al die nodig werkgebaseerde evaluasies, soos vereis deur die KGSA, voltooi om toegang tot die Intermediêre Eksamens te bekom na 18 maande.
- Jy moet die Intermediêre Eksamens na 36 maande suksesvol afgelê het.
- Jy moet alle toepaslike gevorderde werkgebaseerde evaluasies voltooi voordat toegang tot die Deel 2-eksamen aan jou verleen sal word.
- Die MMed-navorsingskomponent moet GNEK-goedkeuring hê en jy moet die dataversameling voltooi voordat jy aan die Deel 2-eksamen kan deelneem.
- Jy moet alle komponente afhandel en alle voorvereistes van die KGSA nakom voordat toegang tot die Deel 2-eksamen aan jou verleen sal word.
- Die minimum slaagsyfer is 50%.
- Die MMed-werkstuk moet binne 7 jaar voltooi word, of jy word uitgesluit van die program.
- Jy moet Deel 2-eksamens suksesvol voltooi, tesame met die MMed-werkstukkomponent, om die graadtoekenning te ontvang en te kan registreer as 'n spesialis by die KGSA

### Navrae

Programleier: Prof H Botha
Tel: 021 938 9209    E-pos: mhbotha@sun.ac.za

## 5.3.2 Magister in die Natuurwetenskappe

### Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MSc-programme

- Vir toelating tot die MSc-graadprogramme moet jy in besit wees van 'n honneurs-baccalaureus-graad in die Natuurwetenskappe van hierdie Universiteit; of van 'n ander honneursgraad wat die Senaat vir die doel goedgekeur het; of op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir die doel toereikend is.
- Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur 'n departementele navorsingskomitee goedgekeur, asook deur die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. In gevalle waar navorsing op diere gedoen word, word die voorstel deur die Komitee vir Proefdiernavorsing van die Fakulteit goedgekeur.

### Programbeskrywing

Tesis-MSc-programme behels 'n selfstandige navorsingsprojek wat uitloop op 'n tesis wat 100% van die finale punt van die program uitmaak. Die navorsingsprojek word gekies ter ondersteuning van die Fakulteit se navorsingsfokusareas.

Die volgende doelstellings word oorkoepelend vir die MSc-graadprogramme gestel:

- om jou toe te rus met meer gevorderde kennis en 'n dieper insig in 'n gekose veld van studie binne die vakgebied;
- om jou in staat te stel om die gekose onderwerp te bemeester deur middel van hoër vlakke van analise van nuwe inligting en om die vermoë te ontwikkel om kompleksiteit te hanteer en oplossings vir probleme te vind;
- om jou in staat te stel om gevorderde en onafhanklike navorsing te doen deur streng opleiding in navorsingsmetodes en om jou in te lei in die vaardighede wat vir akademiese kommunikasie nodig is;
- om, indien jy na hoër vlakke van akademiese navorsingswerk streef, vir doktorale studie voor te berei en om 'n benadering te kweek wat op akademiese integriteit en etiek gebaseer is;
- om by te dra tot die poel van akademici en professionele persone met bevoegdhede en kritiese intellektuele vaardighede om die gesonde voortbestaan van 'n gekose veld of professie te verseker; en
- om jou voor te berei ten einde jou vaardighede aan te wend om die probleme en vraagstukke van die land in daardie veld te help oplos.

### 5.3.2.1 MSc in Anatomie

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MSc-programme hierbo onder 5.3.2 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MSc-programme") genoem, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes:

- Indien jy oor 'n BTech-kwalifikasie beskik:
  - sal jy vir toelating oorweeg word indien jy die BTech-graad met 'n minimum finale punt van 60% geslaag het; en
  - daarna sal jy toegelaat word indien jy die HonsBSc-eksamen in die betrokke studierigting as 'n tentamen afgelê en met 'n minimum eksamenpunt van 60% geslaag het.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Duur van program

Die program strek oor een jaar.

#### Programbeskrywing

Dit is 'n ten volle tesisgebaseerde magisterprogram. Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur 'n departementele navorsingskomitee en die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe goedgekeur.

#### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis | 872(180) |

#### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi wat lei tot die indien van 'n tesis.
- Die tesis word volgens Universiteitsriglyne geëksamineer deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering.
- Die finale punt vir die program word bereken op grond van die punte wat vir die navorsingprojek en tesis behaal is, asook vir 'n voordrag en 'n mondelinge eksamen.

#### Navrae

Programkoördineer: Prof N Rampf
Tel: 021 938 9418    E-pos: nrampf@sun.ac.za

### 5.3.2.2 MSc in Baromediese Wetenskappe

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende:
  - Die HonsBSc (Onderwatergeneeskunde) of HonsBSc (Hiperbariese Geneeskunde) van hierdie Universiteit of 'n ander erkende tersiêre instelling;
  - 'n ander kwalifikasie wat die Senaat vir die doel goedgekeur het; of
  - jy moes op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir die doel toereikend is.
- Indien jy oor 'n kwalifikasie op honneursvlak met 'n ander hoofvak beskik, sal jy vir toelating oorweeg word op grond van 'n motivering en/of die suksesvolle afhandeling van 'n toelatingseksamen. Afhangende van die studieveld kan addisionele werk en/of bewys van bekwaamheid vereis word.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

#### Programbeskrywing

Hierdie navorsingsgebaseerde program bestaan uit 'n navorsingsprojek, tesis en projekvoordrag. Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur die departementele navorsingskomitee en die Gesondheids-navorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe goedgekeur.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis: Baromediese Wetenskappe | 895(180) |

## Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi en die resultate in 'n tesis saamvat, wat volgens Universiteitsriglyne geëksamineer word deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering.
- Die slaagpunt is 50%.

## Navrae

Programleier: Dr WAJ Meintjes
Tel: 021 938 9272  E-pos: wajm@sun.ac.za

### 5.3.2.3 MSc in Bioinformatika en Berekeningsbiologie

*Let op:*
Die program word as 'n multidissiplinêre program binne die Fakulteite AgriWetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en Natuurwetenskappe aangebied. Jy skryf in by die fakulteit waar jou navorsingsfokus en studieleier gesetel is, en die kwalifikasie word ook deur daardie fakulteit toegeken.

## Spesifieke Toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
    - 'n HonsBSc-graad in Bioinformatika en Berekeningsbiologie, Biochemie, Genetika, of Molekulêre Biologie;
    - 'n toepaslike HonsBSc-graad in 'n biologiese veld;
    - 'n HonsBSc-graad in Rekenaarwetenskap, Informatika, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, of Statistiek;
    - 'n toepaslike HonsBSc-graad in 'n wiskunde-verwante veld; of
    - enige ander akademiesegraadkwalifikasie en toepaslike ondervinding (geassesseer met behulp van die normale EVL-prosedures) en deur die Senaat goedgekeur.
- Afhangend van jou vorige opleiding en ervaring, kan die Nagraadse Komitee van die Afdeling Molekulêre Biologie en Mensgenetika addisionele studies voorskryf.

## Programinhoud

Selfstandige navorsing oor 'n onderwerp soos deur die betrokke studieleier(s) bepaal en wat tot 'n tesis lei, word van jou vereis. Hierdie program bestaan uit 'n 100%-tesis.

#### Verpligte Module

| | |
|---|---|
| Tesis: Bioinformatika en Berekeningsbiologie | 818(180) |

## Assessering en eksaminering

Na voltooiing van die ondersoek moet jy 'n tesis tot tevredenheid van die aangewese eksaminatore inlewer en 'n mondelinge eksamen aflê.

Die finale punt word bereken volgens die ooreenkoms tussen die drie fakulteite wat hierdie interdissiplinêre program aanbied.

## Navrae

Programleier: Prof G van der Spuy
Tel: 021 938 9949  E-pos: gvds@sun.ac.za

### 5.3.2.4 MSc in Bio-informatika van Oordraagbare Siektes en Patogeengenomika

Hierdie gestruktureerde program word as 'n multidissiplinêre program binne die Fakulteite AgriWetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en Natuurwetenskappe aangebied. Dit is gemik op studente met 'n biologiese agtergrond. Dit sal jou toerus met 'n reeks gesofistikeerde Bioinformatika-tegnieke, -konsepte en -instrumente wat gebruik word in die navorsingsvelde van aansteeklike siektes en patogeengenomika. Jy registreer in die fakulteit waar jou navorsingsfokus en toesighouer(s) gesetel is en gradueer met 'n graad uit daardie fakulteit.

## Spesifieke Toelatingsvereistes

Om vir die program te registreer, word **een** van die volgende kwalifikasies vereis:

- 'n honneurs-baccalaureusgraad in Natuurwetenskappe (NKR-vlak 8) in Bioinformatika, Datawetenskappe, Statistiek, Wiskunde, Rekenaarwetenskap, Biochemie, Genetika, Molekulêre

Biologie, of 'n verwante veld;
- 'n professionele 480-krediet-baccalaureusgraad (NKR-vlak 8) in Bioinformatika, Datawetenskappe, Statistiek, Wiskunde, Rekenaarwetenskap, Biochemie, Genetika, Molekulêre Biologie, of 'n verwante veld, of
- 'n ander akademiesegraadkwalifikasie en toepaslike ondervinding (volgens die gewone Erkenning van Vorige Leer (AEVL)-prosedures beoordeel) wat deur die Fakulteitsraad van AgriWetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, of Natuurwetenskappe goedgekeur is.

*Let op:*
- 'n Minimum van 65% in die voorafgaande kwalifikasie word vereis om vir die MSc-graad in aanmerking te kom.
- Kandidate word volgens akademiese meriete gekeur en slegs 'n beperkte aantal kandidate word tot die program toegelaat.
- Aansoeke word deur die Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie oorweeg.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

## Programstruktuur

Ongeveer die eerste nege maande van die graadprogram word gewy aan lesings en opleiding en die oorblywende 15 maande aan 'n navorsingsprojek soos met die toegewysde studieleier ooreengekom.

## Duur van program

Die program word voltyds oor 'n 2-jaarperiode aangebied..

## Programinhoud

Die program bestaan uit 'n onderrig- en opleidingkomponent van 90 krediete en 'n navorsingskomponent van 90 krediete. Die onderstaande modules word aangebied.

### Verpligte Modules

| | |
|---|---|
| Bioinformatika | 811(35) |
| Algoritmes en Masjienleer in Bioinformatika | 812(10) |
| Python vir Bioinformatika | 813(10) |
| R-taal vir Bioinformatika | 814(10) |
| Bioinformatika-navorsingsprojek in Gesondheidswetenskappe | 871(90) |

### Keusemodules

*Let op:* 'n Keusemodule sal slegs aangebied word indien 'n minimum van vyf studente vir die module geregistreer het.

Kies een van die volgende modules:

| | |
|---|---|
| Oordraagbare Siektes | 845(25) |
| Patogeengenomika | 846(25) |

## Assessering en eksaminering

- Al die modules (behalwe die navorsingsprojek) sal deur middel van buigsame assessering evalueer word wat 'n kombinasie van werkstukke en summatiewe assesserings kan insluit.
- Alle summatiewe assesserings sal intern en ekstern gemodereer word, Die onderrig- en opleidingskomponent dra 50% tot die finale punt by. Die individuele modules se bydrae berus op hul geweegde kredietwaarde. Jy moet elke module met minstens 50% slaag om die graad te verwerf.
- Jy moet 'n navorsingprojek van 90 krediete voltooi en 'n tesis indien vir eksaminering. Die tesis sal deur een interne en een eksterne eksaminator geëvalueer word volgens Universiteitsriglyne. Die gemiddelde punt van die twee eksaminators dra 50% by tot die finale punt. Jy moet die navorsingsprojek met minstens slaag om die graad te verwerf.
- Let daarop dat gedoseerde modules herhaal kan word, maar dat die navorsingprojek nie herhaal kan word indien dit nie geslaag word nie.
- Die finale punt vir die graad word bereken uit die gemiddelde van die gedoseerde modules (50%) en die navorsingsprojek (50%).
- Nadat die tesis geëksamineer is, moet jy 'n seminaar wat die navorsingsresultate uiteensit tot tevredenheid van die eksamenkomitee aanbied.

### Navrae

Programleier: Prof H Patterton
Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie
Tel: 021 808 2774
E-pos: hpatterton@sun.ac.za

## 5.3.2.5 MSc in Biostatistiek

### Spesifieke toelatingsvereistes

Die MSc in Biostatistiekprogram is gemik op kandidate met wiskundige/statistiese óf biomediese agtergrond.

Die volgende spesifieke toelatingsvereistes geld:

- Die Nasionale Seniorsertifikaat met Wiskunde (of ekwivalent) én een van die volgende op NKR-vlak 8:
  - 'n honneursgraad in Wiskunde of Statistiek of Biostatistiek;
  - 'n honneursgraad in 'n van biomediesewetenskappe-verwante studieveld;
  - 'n mediese graad (MBChB); of
  - 'n ander kwalifikasie wat deur die Senaat as voldoende beskou word.
- Afhangende van jou studieveld mag addisionele werk en/of bewys van vaardigheid vereis word.

### Keuringskriteria

Spesifieke keuringskriteria sluit in 'n gemiddelde punt van minstens 65% vir die laaste kwalifikasie verwerf. Jy moet ook vaardigheid in Liniêre Algebra en Kalkulus toon deur 'n kortkursus te voltooi en met 'n minimum punt van 65% te slaag. As jy 'n punt van hoër as 65% in hierdie kortkursus behaal, as dit meer waarskynlik dat jy vir hierdie program geselekteer sal word.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**. Alle aansoeke word deur 'n keuringskomitee oorweeg. Kandidate word op meriete gekeur en slegs 'n beperkte aantal kandidate word tot die program toegelaat.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar voltyds.

### Programbeskrywing

Die doelwitte van die program is om:

- hoogs gekwalifiseerde en vaardige biostatistici te ontwikkel wat beskik oor die tegniese bevoegdheid om 'n betekenisvolle bydrae tot die oplossing van openbaregesondheidsprobleme en die uitdagings van hul gemeenskappe te lewer;
- studente wat na 'n hoër vlak van akademiese navorsingswerk streef vir doktorale studie voor te berei en 'n benadering te bevorder wat op akademiese integriteit en professionele etiek gebaseer is;
- by te dra tot die poel van akademici en beroepslui met die bevoegdheid en kritiese intellektuele vermoëns om vooruitgang op die gebied van biostatistiek te verseker en te voorsien in die land se behoefte aan 'n geskoolde wetenskaplike werkerskorps van die hoogste kaliber;
- studente voor te berei wat die beginsels van statistiese beredenering in die oplossing van kritieke vrae in openbare gesondheid en biomediese wetenskappe kan toepas; en
- individue op te voed en op te lei wat onafhanklike denkers is en die databestuur en statistiese ontleding van navorsingstudies sal lei ten einde kennis te bevorder en beleid te rig.

### Programuitkomste

Nadat jy die program voltooi het, sal jy oor die volgende beskik:

- 'n deeglike begrip van epidemiologiese studieontwerp en die teorie en toepassing van die belangrikste gebiede van biostatistiek relevant tot professionele praktyk;
- vaardighede in komplekse statistiese ontledings om 'n verskeidenheid praktiese probleme met behulp van moderne statistiese tegnieke en programmatuur te hanteer;
- vaardighede in databestuur, insluitend gehaltebeheerprosedures en die etiese hantering van data;
- vaardighede om die toepaslike statistiese kwessies in praktiese probleme in mediese/ gesondheidsomgewings te identifiseer en om 'n toepaslike statistiese ontwerp en/of ontledingsmetode voor te stel en te implementeer;

- vaardighede en ondervinding in die bespreking en kommunikering van biostatistiese kwessies met kliniese/gesondheidspersoneel en die aanbieding van statistiese resultate in 'n formaat wat geskik is vir publikasie in gesondheidsverwante tydskrifte of professionele verslae;
- die tegniese vaardighede om metodologiese artikels in die biostatistiese literatuur krities te lees en verstaan, en om die metodes wat daarin beskryf word op praktiese probleme toe te pas;
- die praktiese en tegniese vaardighede om 'n professionele loopbaan te begin as onafhanklike biostatistikus en/of om tot verdere nagraadse studies te vorder; en
- probleemoplossingsvaardighede in biostatistiek wat deur 'n buigsame benadering gekenmerk word.

## Programinhoud

### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Beginsels van Statistiese Inferensie | 875(12) |
| Biostatistiese Konsultasie | 875(12) |
| Databestuur en Statistiese Verwerking | 875(6) |
| Grondbeginsels van Epidemiologie | 876(6) |
| Kategoriese Data-ontleding en Veralgemeende Liniêre Modelle | 875(12) |
| Liniêre Modelle | 875(6) |
| Longitudinale Data-ontleding | 875(12) |
| Ontleding van Oorlewingsdata | 875(12) |
| Ontleding van Waarnemingsdata: Oorsaaklike Inferensie | 875(12) |
| Navorsingswerkstuk | 875(60) |
| Wiskundige Statistiek | 875(6) |

### Keusemodules

*Let op:*
'n Keusemodule word slegs aangebied indien 'n minimum van vyf studente vir die module ingeskryf het.

Kies twee van die onderstaande modules.

| | |
|---|---|
| Bayes-data-ontleding | 875(12) |
| Kliniese Biostatistiek | 875(12) |
| Meerveranderlike Statistiek | 875(12) |
| Ontwerp en Ontleding van Kliniese Proewe | 875(12) |
| Stelselmatige Oorsig en Meta-analise | 875(12) |

## Assessering en eksaminering

- Buigsame assessering vind oor die studietydperk plaas.
- Jy moet 'n klaspunt van minstens 50% in elke module behaal om vir die eksamen in die module te kwalifiseer. Die klaspunt en die eksamenpunt sal elk 50% tot die finale punt vir die module bydra. 'n Finale punt van 50% moet vir elke module behaal word.
- Jy sal slegs ná bevredigende voltooiing van die verpligte en keusemodules toegelaat word om met die navorsingswerkstuk te begin. Die navorsingswerkstuk behoort biostatistiese kundigheid in die ontwerp en ontleding van biomediese studies te demonstreer. 'n Punt van minstens 50% moet vir die werkstuk behaal word.
- Die finale punt vir die graad MSc in Biostatistiek sal 'n geweegde gemiddelde van die punte vir die individuele modules en die werkstuk wees.

## Navrae

Programadministrateur: Me L Floor
Tel: 021 938 9314    E-pos: lieselfloor@sun.ac.za

Programleier: Dr I Maposa
Tel: 021 938 9007    E-pos: imaposa@sun.ac.za

Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/global-health/epidemiology-biostatistics

## 5.3.2.6 MSc in Epidemiologie

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Jy moet oor een van die onderstaande kwalifikasies op NKR-vlak 8 beskik:
  - 'n MBChB- of ekwivalente graad;
  - 'n vierjarige professionele baccalaureusgraad in 'n gesondheidsverwante of kwantitatiewewetenskap-dissipline;
  - 'n toepaslike honneurs-baccalaureusgraad van hierdie Universiteit of 'n ander erkende universiteit; of
  - 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, of jy moes op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studie-rigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir hierdie doel toereikend is.
- Jy moet ook:
  - Wiskunde geslaag het op matriek- of ekwivalente vlak;
  - Beskik oor rekenaarvaardigheid, waaronder vaardigheid in statistiese sagteware vir data-ontleding; en
  - Uitstekende vaardigheid in Engels (verbaal en skriftelik). Indien jy as internasionale kandidaat afkomstig is van 'n nie-Engelssprekende land moet jy saam met jou aansoek amptelike dokumentêre bewys lewer van jou vaardigheid in Engels. Dit mag onder meer die volgende insluit:
    - die uitslag van die IELTS-toets met 'n minimum IELTS-punt van 6,5;
    - die uitslag van die TOEFL-toets met 'n minimum TOEFL-punt van 550 (skriftelik) of 213 (rekenaargebaseer), verkieslik met 'n TWE-punt van 4,5; en/of
    - bewys en uitslae van enige ander Engelse kursusse wat jy bygewoon het (bv. English for Medical Students/Englisch für Mediziner).
- Verder moet jy 'n navorsingskonsep tot bevrediging van die Programkomitee voorlê.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Alle aansoeke word deur 'n keuringskomitee oorweeg. Kandidate word op meriete gekeur en slegs 'n beperkte aantal kandidate word tot die program toegelaat.

## Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

## Programbeskrywing

Dit is 'n ten volle tesisgebaseerde magisterprogram. Dit bou bevoegdheid in epidemiologie - die studie van die verspreiding en determinante van gesondheidsverwante toestande of gebeure in gespesifiseerde bevolkings, en die toepassing van die studie op die beheer van gesondheidsprobleme.

## Programinhoud

Jy moet voorbereidende modules op NKR-vlak 9 in epidemiologie, biostatistiek en die skryf van 'n navorsingsvoorstel voltooi voordat jy jou navorsingsprotokol finaliseer.

| | |
|---|---|
| Tesis: Epidemiologie | 872(180) |

## Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n tesis voltooi wat volgens Universiteitsriglyne geëksamineer word deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering.
- Die tesis dra 100% by tot die finale punt. Jy moet ten minste 50% vir die tesis behaal om die graad te verwerf.

## Navrae

Programleier: Prof P Nyasulu
Tel: 021 938 9886 E-pos: pnyasulu@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/global-health/epidemiology-biostatistics

### 5.3.2.7 MSc in Farmakologie

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies op NKR-vlak 8:
  - 'n MBChB-graad of gelykstaande kwalifikasie;
  - 'n vierjarige professionele baccalaureusgraad in 'n gesondheidsverwante dissipline;
  - 'n honneurs-baccalaureusgraad van hierdie Universiteit of 'n ander erkende universiteit; of
  - 'n gelykstaande kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat.
- Internasionale kandidate moet bewys lewer van 'n gelykstaande kwalifikasie wat verwerf is by 'n nie-Suid-Afrikaanse instansie. 'n SAKO (Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid)-sertifikaat moet ingedien word.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

#### Programinhoud

Daar is twee bane is beskikbaar vir deelname aan die voltydse magisterprogram:

##### Tesis-opsie

'n Laboratoriumnavorsingsprojek (100%) wat lei tot die skryf van 'n tesis.

| | |
|---|---|
| Tesis: Farmakologie | 896(180) |

##### Gestruktureerde opsie

'n Laboratoriumnavorsingsprojek wat 'n werkstuk insluit, asook kursuswerk wat identies aan die HonsBSc-program in Farmakologie is.

| | |
|---|---|
| Beginsels van Farmakologie | 872(40) |
| Farmakologie van Sisteme | 874(40), 875(40) |
| Navorsingswerkstuk | 884(60) |

#### Assessering en eksaminering

##### Tesisopsie

- Die standaardreëls van hierdie Universiteit geld vir die assessering van M-tesisse.

##### Gestruktureerde opsie

- Die standaard-evaluering van kursuswerk soos vir HonsBSc 778 geld.
- Jy moet die eksamens in die modules Beginsels van Farmakologie en Farmakologie van Sisteme met 'n minimum van 50% slaag.
- Vir die werkstuk geld die standaardreëls van hierdie Universiteit vir die assessering van M-werkstukke.
- Die werkstuk moet voltooi word en deur twee eksaminatore goedgekeur word. Jy moet die werkstuk met minstens 50% slaag.
- Die finale punt vir die graad word bereken as die geweegde gemiddelde van die punte vir die individuele modules en die werkstuk. Jy moet 'n finale punt van minstens 50% behaal vir toekenning van die graad, en 75% vir 'n onderskeiding.

#### Navrae

Programleier: Prof T Kellermann
E-pos: tkellermann@sun.ac.za
Programbeampte: Me M Harck
E-pos: mji@sun.ac.za

### 5.3.2.8 MSc in Geneeskundige Fisika

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Honneurs-baccalaureusgraad van hierdie Universiteit met Geneeskundige Fisika as vakrigting; of 'n ander baccalaureus- of honneursgraad wat die Senaat vir die doel goedgekeur het; of jy moes op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir die doel toereikend is.
- Registrasie as geneeskundige fisikus by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

#### Programbeskrywing

Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur 'n departementele navorsingskomitee en die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe goedgekeur.

#### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis: Geneeskundige Fisika | 872(180) |

#### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi wat volgens Universiteitsriglyne geëksamineer word deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering.
- Die finale punt word bereken uit die punte wat vir die navorsingsprojek, tesis en mondelinge eksamen behaal is.

#### Navrae

Programleier: Dr CJ Trauernicht
Tel: 021 938 6027 E-pos: cjt@sun.ac.za

### 5.3.2.9 MSc in Geneeskundige Fisiologie

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MSc-programme hierbo onder 5.3.2 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MSc-programme") genoem, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes:

- Indien jy oor 'n BTech-kwalifikasie beskik:
  - sal jy vir toelating oorweeg word indien jy die BTech-graad met 'n minimum finale punt van 60% geslaag het; en
  - daarna sal jy toegelaat word indien jy die HonsBSc (Geneeskundige Fisiologie)-eksamen as 'n tentamen afgelê en met 'n minimum eksamenpunt van 60% geslaag het.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

#### Programbeskrywing

Die program bestaan uit 'n uitgebreide navorsingsprojek wat tot die indien van 'n tesis lei. Die onderwerp van die projek word deur noue samewerking tussen jou en die studieleier gekies, verkieslik binne die kundigheidsveld van die Afdeling. Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur 'n departementele navorsingskomitee en die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe goedgekeur. Vordering met eksperimentele werk word deurgaans deur die studieleier gemonitor.

#### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis: Geneeskundige Fisiologie | 882(180) |

### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi wat in 'n tesis saamgevat word en volgens Universiteitsriglyne geëksamineer word deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering.

### Navrae

Programleier: Prof H Strijdom
Tel: 021 938 9387 E-pos: jgstr@sun.ac.za

## 5.3.2.10 MSc in Geneeskundige Mikrobiologie

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n HonsBSc-graad in 'n toepaslike studierigting.
- Indien jy oor 'n BTech-kwalifikasie beskik:
  - sal jy vir toelating oorweeg word indien jy die BTech-graad met 'n minimum finale punt van 60% geslaag het; en
  - daarna sal jy toegelaat word indien jy die HonsBSc-eksamen in die betrokke studierigting as 'n tentamen afgelê en met 'n minimum eksamenpunt van 60% geslaag het.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Slegs 'n beperkte getal studente kan aanvaar word.

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van twee jaar voltyds.

### Programbeskrywing

Die program bestaan uit 'n uitgebreide navorsingsprojek wat tot die indien van 'n tesis lei. Die onderwerp van die projek word deur noue samewerking tussen jou en die studieleier gekies, verkieslik binne die kundigheidsveld en navorsingsfokusareas van die Afdeling, voordat jy toegelaat word om vir die program te registreer. Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur 'n departementele navorsingskomitee en die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe goedgekeur. Vordering met eksperimentele werk word deurgaans deur die studieleier gemonitor. Indien jy nie bevredigende vordering toon nie, kan die Programkomitee aanbeveel dat jy jou studies staak.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis: Geneeskundige Mikrobiologie | 872(180) |

### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi wat volgens Universiteitsriglyne geëksamineer word deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering.

### Navrae

Programleier: Dr M Newton-Foot
Tel: 021 938 4009 E-pos: maen@sun.ac.za

## 5.3.2.11 MSc in Geneeskundige Virologie

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n HonsBSc- of ander wetenskapgraad (NKR vlak-8) in 'n toepaslike studieveld met 'n finale punt van minstens 60% vir die graad.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van twee jaar en 'n maksimum van vier jaar. Indien jy die program nie binne vier jaar suksesvol voltooi nie, moet jy spesiale toestemming van die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Geneeskundige Virologie verkry om met die program voort te gaan vir hoogstens een addisionele jaar. Akademiese uitsluiting sal toegepas word indien die graadprogram nie binne die maksimum tydperk van vyf jaar voltooi is nie. Onder buitengewone omstandighede, en slegs met die sterk motivering van die studieleier, sal jy toegelaat word om die program binne een jaar te voltooi..

### Programbeskrywing

Die program bestaan uit 'n 100%-navorsingskomponent. Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur die Geneeskundige Virologie Nagraadseprogramkomitee goedgekeur, onderhewig aan goedkeuring van die toepaslike navorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en/of die Universiteit Stellenbosch. Vordering met eksperimentele werk word deurgaans deur die studieleier gemonitor en tydens navorsingsvergaderings van die Afdeling voorgelê.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis: Geneeskundige Virologie | 872(180) |

### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi en 'n mondelinge eksamen aflê wat volgens Universiteitsriglyne geëksamineer word deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering.

### Akademiese uitsluiting

Akademiese uitsluiting sal geld wanneer:

- Jy (die student) onbevredigende vordering toon, en die Geneeskundige Virologie Nagraadseprogramkomitee van mening is dat daar geen redelike kans bestaan dat jy die tesis kan voltooi en die vereiste eksamen kan slaag binne die voorgeskrewe vier jaar nie.
- Jy versuim om die veranderinge tot die bevrediging van 'n eksaminator te voltooi binne ses maande nadat hereksaminering deur die eksaminator vereis is.

### Navrae

Programleier: Prof C de Beer
Tel: 021 938 9453    E-pos: cdeb@sun.ac.za

## 5.3.2.12 MSc in Implementeringwetenskap

### Spesifieke toelatingsvereistes

Om tot die MSc (Implementeringwetenskap)-program toegelaat te word, moet kandidate oor die volgende beskik:

- 'n MBChB of gelykstaande graad; of
- 'n vierjarige professionele baccalaureusgraad in 'n gesondheidsverwante vakgebied; of
- 'n HonsBSc van hierdie Universiteit of enige ander erkende universiteit; of
- 'n gelykstaande kwalifikasie wat deur die Senaat goedgekeur is.

Die vermoë om Engels vlot te lees en te praat is 'n verdere toelatingsvereiste vir hierdie program. Vorige ervaring met MIV- of TB-navorsing, of albei, is 'n aanbeveling. Kandidate word op grond van akademiese meriete gekeur.

### Aansoekprosedure en sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program:

Die program word in twee modusse aangebied: voltyds, vir 'n minimumtydperk van een jaar óf deeltyds, vir 'n minimumtydperk van twee jaar.

### Programbeskrywing

Implementeringwetenskap is 'n opkomende navorsingsgebied wat van besondere belang is in 'n konteks van lae- en middelinkomstelande met 'n swaar siektelas weens tuberkulose (TB) en menslike immuniteitsgebrekvirus (MIV). Die bestek behels onder meer enige kennis wat navorsing oplewer en prakties bruikbaar is (bv. bewyse, bevindings en inligting) en wat program-implementering kan verbeter (bv. doelmatigheid, doeltreffendheid, gehalte, toegang, uitbreiding en volhoubaarheid), ongeag die aard van die navorsing (bv. ontwerp, metodologie of benadering).

Die oogmerk met die program is om die werkmag op te lei wat dit verg om TB- en MIV-navorsing met die hoogste voorrang te verrig ten einde die siektelas weens MIV-infektering onder TB-pasiënte, en die siektelas weens TB onder persone wat leef met MIV (PLMIV), te verlig deur opleiding en kapasiteitsbou in implementeringnavorsing (IN) 'n fokusgebied te maak. Die vernaamste IN-velde wat voorrang sal geniet, is (i) MIV, byvoorbeeld maniere om MIV geïnfekteerde persone uit te wys wat nog onbewus van hulle status is, (ii) TB, byvoorbeeld verbeterde opsporing van TB-gevalle en (iii) MIV/TB, byvoorbeeld vroeëfase-behandeling met antiretrovirale middels vir alle TB-pasiënte wat MIV-positief is. Die langtermyndoelwit is om kapasiteit vir deurtastende onderrig in MIV/TB-implementering as navorsingsveld te bou deur onafhanklike navorsers met goeie vaardighede tot op meestersvlak op die gebied van TB en MIV te ontwikkel; navorsers wat die

vermoë het om nasionaal en internasionaal om toekennings mee te ding en ander navorsers in hierdie dissiplines op te lei.

## Programinhoud

Die program bestaan uit modules wat altesaam 90 krediete dra, en 'n navorsingsprojek (tesis) wat ook 90 krediete dra. Studente moet al drie verpligte modules sowel as die tesis afhandel.

| | |
|---|---|
| Beginsels van Implementeringnavorsing | 871(30) |
| Ontwerp van Gesondheidsintervensies vir Implementeringnavorsing | 872(30) |
| Evaluering van Gesondheidsintervensies vir Implementeringnavorsing | 873(30) |
| Tesis | 874(90) |

## Assessering en eksaminering

**Modules**

Die modules (90 krediete) word formatief sowel as summatief geassesseer, by wyse van skriftelike eksamens en skriftelike werkstukke. 'n Finale punt van 50% moet vir elke module behaal word, met 'n subminimum van 45% vir formatiewe sowel as summatiewe assessering. Kandidate wat enigeen van die modules druip, mag toelating geweier word om vir die program in te skryf. Kandidate moet met sukses kan deelneem en hulle kennis kan integreer tydens projekte, verslae en werkstukke.

**Navorsingprojek**

Die afgehandelde navorsingsprojek (tesis) moet in die voorgeskrewe formaat ingelewer word, en sal deur interne sowel as eksterne eksaminators geassesseer word.

## Navrae

Programleier: Dr C Windvogel
Tel: 021 938 9451 E-pos: chaneller@sun.ac.za

# 5.3.2.13 MSc in Infeksievoorkoming en -beheer

## Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n Toepaslike honneurs-baccalaureusgraad met die vereiste getal krediete op vlak 8; en een van die volgende:
  - die Nagraadse Diploma in Infeksiebeheer (NG Dipl (Infeksiebeheer)) van hierdie Universiteit;
  - 'n soortgelyke kwalifikasie van 'n ander erkende universiteit; of
  - ander hoofvakke in die Natuurwetenskappe op honneursvlak, met sterk motivering vir aansoek om toelating en suksesvolle aflegging van 'n toelatingseksamen. Jy mag toegelaat word op voorwaarde dat jy voldoen aan die toelatingsvereistes soos beskryf in die Jaarboekdeel van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe van hierdie Universiteit. Aanvullende werk of bewys van vaardigheid (of beide) mag ook vereis word, met inagneming van die studieveld.
- Jy moet bewys van bevoegdheid in studie-ontwerp, databestuur, statistiek en navorsings-metodologie, en rekenaarvaardigheid lewer.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Slegs 'n beperkte getal kandidate word jaarliks vir die program gekeur.

## Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

## Programbeskrywing

Hierdie is 'n navorsingsgebaseerde graadprogram wat uit 'n navorsingsprojek (100% van die krediete) bestaan met geen teoretiese modules nie. Jy moet 'n navorsingsprojek beplan en uitvoer, en 'n tesis inlewer in die formaat wat in die studiegids voorgeskryf is. Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur die departementele navorsingskomitee en die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe goedgekeur.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis (Infeksievoorkoming en -beheer) | 872(180) |

### Assessering en eksaminering

Die finale punt vir die program word soos volg bereken:

- protokol (20% van die finale punt);
- gemiddeld van die punte deur die interne en eksterne eksaminatore toegeken vir die tesis (65% van die finale punt); en
- verpligte mondelinge eksamen (15% van die finale punt).

### Navrae

Programleier: Dr A Parker
Tel: 021 938 9520 E-pos: arifaparker@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/medicine/internal-medicine/infectious-diseases

## 5.3.2.14 MSc in Kerngeneeskunde

### Spesifieke Toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies van hierdie Universiteit of van 'n ander erkende universiteit:
  - 'n baccalaureusgraad met Fisiologie as hoofvak en Fisika I en Chemie I;
  - 'n baccalaureusgraad met Chemie of Biochemie as hoofvak met dien verstande dat Fisiologie tot tevredenheid van die Senaat aangevul word indien Fisiologie nie die tweede hoofvak is nie;
  - 'n baccalaureusgraad in Biologie, Fisika, Chemie of toepaslike stralingswetenskappe;
  - 'n baccalaureusgraad in aptekerswese; of
  - 'n ander kwalifikasie wat die Senaat vir die doel goedgekeur het.
- 'n Minimum slaagsyfer van 60% in die hoofvak.
- Indien jy oor 'n BTech-kwalifikasie beskik, sal jy vir toelating oorweeg word indien jy:
  - die BTech-graad met 'n minimum finale punt van 60% geslaag het; en
  - 'n tentamen in die betrokke studieveld, soos deur die Nagraadseprogramkomitee bepaal, afgelê en met 'n minimum eksamenpunt van 60% geslaag het.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van twee jaar met toelating elke tweede jaar.

### Programbeskrywing

Drie bane is beskikbaar in hierdie program:

- Baan A – Navorsingsbaan
  - 'n Navorsingsprojek (100%) wat lei tot die skryf van 'n tesis.
- Baan B – Kursuswerk- en navorsingsbaan
  - Baan B behels kursuswerk met die klem op kerngeneeskunde (120 krediete) en 'n navorsingprojek wat 'n werkstuk insluit (60 krediete).
- Baan C – Kursuswerk- en navorsingsbaan
  - Baan C behels kursuswerk met die klem op radiobiologiese konsepte (90 krediete) en 'n navorsingprojek wat lei tot die skryf van 'n tesis (90 krediete).

Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur 'n departementele navorsingskomitee goedgekeur, asook deur die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Vordering met eksperimentele werk word deurgaans deur die studieleier gemonitor.

## Programinhoud

### Baan A – Navorsingsbaan

| | |
|---|---|
| Tesis: Kerngeneeskunde | 875(180) |

### Baan B – Kursuswerk- en navorsingsbaan

#### Eerste jaar

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Kliniese Kerngeneeskunde | 872(20) |
| Radiofarmasie (Basies) | 871(20) |
| Stralingsfisika en Instrumentasie | 871(20) |

#### Tweede jaar

**Keusemodules**

Kies twee van die onderstaande modules.

| | |
|---|---|
| Kliniese Kerngeneeskunde Diagnosties (Gevorderd) | 874(30) |
| Kliniese Kerngeneeskunde-terapie (Gevorderd) | 875(30) |
| Radiofarmasie (Gevorderd) | 873(30) |

#### Eerste en tweede jaar

**Verpligte module**

| | |
|---|---|
| Navorsingsprojek | 883(60) |

### Baan C – Kursuswerk- en navorsingsbaan

#### Eerste jaar

**Verpligte module**

| | |
|---|---|
| Beginsels van Radiobiologie | 871(45) |

#### Tweede jaar

**Verpligte module**

| | |
|---|---|
| Kliniese Radiobiologie | 872(45) |

#### Eerste en tweede jare

**Verpligte module**

| | |
|---|---|
| Tesis | 873(90) |

## Assessering en eksaminering

### Baan A – Navorsingsbaan

- Die standaardreëls geld vir hierdie module soos vir die assessering van magistertesisse van hierdie Universiteit.

### Baan B en Baan C – Kursuswerk- en navorsingsbane

- Vir die kursusgedeelte van die kursuswerk- en navorsingsbane geld die volgende:
  - Jy moet 'n minimum slaagsyfer van 50% in al die modules behaal om die graad te verwerf.
- Vir die werkstuk- of tesisgedeelte geld die standaardreëls vir die assessering van magisterwerkstukke of -tesisse van hierdie Universiteit.

## Navrae

Programleier: Mnr J Oliver
Tel: 021 938 4350 E-pos: joliver@sun.ac.za

### 5.3.2.15 MSc in Kliniese Epidemiologie

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies op NKR-vlak 8:
  - 'n MBChB- of ekwivalente graad;
  - 'n vierjarige professionele baccalaureusgraad in 'n gesondheidsverwante dissipline;
  - 'n honneurs-baccalaureusgraad van hierdie Universiteit of 'n ander erkende universiteit; of
  - 'n gelykwaardige kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur.
- Indien jy jou kwalifikasies by nie-Suid-Afrikaanse instellings verwerf het, sal die Nagraadse Kantoor (Stellenbosch-kampus) hierdie kwalifikasies vir vergelykbaarheid beoordeel om vas te stel of jy in aanmerking kom vir toelating tot die program.
- Wiskunde op Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-)vlak, rekenaarvaardigheid en uitstekende vaardigheid in Engels (verbaal en skriftelik). Indien jy as internasionale kandidaat afkomstig is van 'n nie-Engelssprekende land word verwag dat jy saam met jou aansoek amptelike dokumentêre bewys lewer van jou vaardigheid in Engels. Dit mag onder meer die volgende insluit:
  - die uitslag van die IELTS-toets met 'n minimum IELTS-punt van 6,5;
  - die uitslag van 'n TOEFL-toets met 'n minimum TOEFL-punt van 550 (skriftelik) of 213 (rekenaargebaseer), verkieslik met 'n TWE-punt van 4,5; en/of
  - bewys en uitslae van enige ander Engelse kursusse wat jy bygewoon het (bv. English for Medical Students/Englisch für Mediziner).

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Kandidate word op akademiese meriete gekeur en alle aansoeke word deur 'n keuringskomitee oorweeg. Slegs 'n beperkte aantal studente word tot die program toegelaat.

## Duur van program

Die program word deeltyds aangebied oor 'n minimum tydperk van twee jaar.

## Programbeskrywing

Kliniese Epidemiologie is die wetenskap vir die toepassing van die beste beskikbare navorsingsgetuienis in pasiëntesorg. Dit wend die metodes van epidemiologie aan om geldige antwoorde te kry op vrae oor diagnose, voorkoming, terapie en prognose en entiologie om sodoende die getuienisbasis vir die versorging van individuele pasiënte te verbeter.

Die program bied metodologiese opleiding aan diegene met 'n agtergrond van of ondervinding in 'n gesondheidsverwante dissipline en wat 'n beroep in kliniese navorsing of bewysgebaseerde praktyk wil volg. Potensiële navorsers wat nougesette opleiding verlang in navorsingstegnieke, insluitend gevorderde konsepte en metodes van epidemiologie, sal ook by die program baat vind.

## Programinhoud

Die program bestaan uit modules met 'n totaal van 120 krediete en 'n navorsingsprojek van 60 krediete.

Jy moet tien modules voltooi (agt verpligte modules met 'n totaal van 96 krediete en twee elektiewe modules met 'n totaal van 24 krediete). Die keuse van elektiewe modules hang af van die voorvereistes vir die modules en van roosterbotsings met kernmodules. Elektiewe modules vereis 'n minimum aantal van 10 studente. Jy moet verpligte kontaksessies bywoon en deelneem aan aanlyn e-leersessies.

### Verpligte modules

#### EERSTE JAAR

| | |
|---|---|
| Biostatistiek I* | 875(12) |
| Grondbeginsels vir Epidemiologie* | 875(12) |
| Skryf van Navorsingsvoorstel en Kundigheid met Verkryging van Navorsingsteun | 875(12) |
| Biostatistiek II | 875(12) |
| Stelselmatige Oorsig en Meta-analise | 875(12) |

*Hierdie eerstesemestermodules is voorvereiste modules vir die tweedesemestermodules.

**TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Diagnose en Sifting | 875(12) |
| Ewekansigbeheerde Proewe | 875(12) |
| Skryf en Beoordeling van Wetenskaplike Manuskripte | 875(12) |

#### Elektiewe modules

Kies twee van die onderstaande modules.

**EERSTE OF TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Ekonomiese Evaluering | 875(12) |
| Infeksiesiektes-epidemiologie | 875(12) |
| Kwalitatiewebewyssintese | 875(12) |

**TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Inleiding tot Gesondheidsisteme en Openbare Gesondheid | 875(12) |
| Kliniese Riglyne | 875(12) |
| Monitering en Evaluering | 875(12) |
| Onderrig van Bewysgebaseerde Gesondheidsorg | 875(12) |
| Kennisoordrag | 875(12) |

#### Navorsingswerkstuk

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk | 875(60) |

## Assessering en eksaminering

### Modules

- Formatiewe en summatiewe assessering van modules (120 krediete) sal toegepas word deur middel van skriftelike eksamens, mondelinge voordragte, skriftelike opdragte en deelname aan besprekings. Formatiewe- en summatieweassesseringsmetodes kan onderskeidelik 50% bydra tot die modulepunt.
- 'n Algehele minimum slaagsyfer van 50% word vir elke module vereis met 'n subminimum van 45% insluitende die gebruik van formatiewe- sowel as summatieweassesseringsmetodes.
- As jy minder as die subminimum van 45% behaal na voltooiing van formatiewe- of summatiewe assesseringsmetodes in 'n module behaal, of as die finale punt minder as 50% is vir 'n module, sak jy die module.
- Indien jy enige verpligte module meer as een keer sak, kan jy die reg ontneem word om vir die program te herregistreer.
- Daar sal van jou verwag word om suksesvol aan projekte, verslae en opdragte deel te neem en kennis daardeur te integreer.

### Navorsingswerkstuk

- Die voltooide navorsingswerkstuk moet in die voorgeskrewe formaat ingelewer word en sal aan interne en eksterne eksaminering onderworpe wees.
- Jy mag vir hoogstens drie jaar vir die navorsingswerkstuk registreer. As jy nie binne hierdie tyd die navorsingwerkstuk voltooi nie, sal jou prestasie amptelik deur die Programkomitee van die Afdeling Epidemiologie en Biostatistiek hersien word, en jy mag die reg geweier word om weer vir die program te registreer.

## Navrae

Programleiers: M McCaul en T Esterhuizen
Tel: 021 938 9157    E-pos: mmccaul@sun.ac.za en tonyae@sun.ac.za

Programadministrateur: A Henry
Tel: 021 938 9157    E-pos: ahenry@sun.ac.za

Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/global-health/epidemiology-biostatistics

### 5.3.2.16 MSc in Mensgenetika

### Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MSc-programme hierbo onder 5.3.2 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MSc-programme") genoem, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes:

- Indien jy oor 'n BTech-kwalifikasie beskik:
  - sal jy vir toelating oorweeg word indien jy die BTech-graad met 'n minimum finale punt van 60% geslaag het; en
  - daarna sal jy toegelaat word indien jy die HonsBSc-eksamen in die betrokke studierigting as 'n tentamen afgelê en met 'n minimum eksamenpunt van 60% geslaag het.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programbeskrywing

Dit is 'n tesisgebaseerde program met geen studiemodules nie. Die program bestaan uit 'n navorsingsprojek, tesis en projekvoordrag. Jy stel die navorsingsvoorstel op met die hulp van die studieleier en lê dit aan die Komitee vir Nagraadse Onderrig voor.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis: Mensgenetika | 872(180) |

### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek uitvoer.
- Vordering word deurgaans deur die studieleier gemonitor.
- Navorsingsresultate moet in 'n tesis saamgevat word vir eksaminering deur 'n interne en eksterne eksaminator en 'n projekvoordrag moet gelewer word.
- Die finale punt word bereken uit die punte wat vir die navorsingsprojek (studieleier se punt), tesis (interne en eksterne eksaminator) en projekvoordrag toegeken word.
- Jy moet 50% behaal om te slaag en 75% om met onderskeiding te slaag.

### Navrae

Programleier: Mnr K Claasen
Tel: 021 938 9400 E-pos: mbhgapplications@sun.ac.za

## 5.3.2.17 MSc in Molekulêre Biologie

### Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MSc-programme hierbo onder 5.3.2 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MSc-programme") genoem, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes:

- Indien jy oor 'n BTech-kwalifikasie beskik:
  - sal jy vir toelating oorweeg word indien jy die BTech-graad met 'n minimum finale punt van 60% geslaag het; en
  - daarna sal jy toegelaat word indien jy die HonsBSc-eksamen in die betrokke studierigting as 'n tentamen afgelê en met 'n minimum eksamenpunt van 60% geslaag het.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programbeskrywing

Dit is 'n tesisgebaseerde program met geen studiemodules nie. Die program bestaan uit 'n navorsingsprojek, tesis en projekvoordrag. Jy stel die navorsingsvoorstel op met die hulp van die studieleier en lê dit aan die Komitee vir Nagraadse Onderrig voor.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis: Molekulêre Biologie | 872(180) |

### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi, die resultate in 'n tesis saamvat en 'n projekvoordrag lewer.
- Die tesis word volgens Universiteitsriglyne geëksamineer deur 'n interne en eksterne eksaminator.
- Die finale punt word bereken uit die punte wat vir die navorsingsprojek (studieleier se punt), tesis (interne en eksterne eksaminatore) en projekvoordrag toegeken word.
- Jy moet 50% behaal om te slaag en 75% om met onderskeiding te slaag.

### Navrae

Programleier: Mnr K Claasen
Tel: 021 938 9400    E-pos: mbhgapplications@sun.ac.za

## 5.3.2.18 MSc in Morfologiese Wetenskappe

### Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MSc-programme hierbo onder 5.3.2 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MSc-programme") genoem, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes:

- Indien jy oor 'n BTech-kwalifikasie beskik:
  - sal jy vir toelating oorweeg word indien jy die BTech-graad met 'n minimum finale punt van 60% geslaag het; en
  - daarna sal jy toegelaat word indien jy die HonsBSc-eksamen in die betrokke studierigting as 'n tentamen afgelê en met 'n minimum eksamenpunt van 60% geslaag het.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor een jaar.

### Programbeskrywing

Dit is 'n ten volle tesisgebaseerde magisterprogram. Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur 'n departementele navorsingskomitee en die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe goedgekeur.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis (Morfologiese Wetenskappe) | 895(180) |

### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi wat lei tot die indien van 'n tesis en wat volgens Universiteitsriglyne geëksamineer word deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering.
- Die finale punt vir die program word bereken op grond van die punte wat vir die navorsingprojek en tesis behaal is, asook vir 'n voordrag en 'n mondelinge eksamen.

### Navrae

Programleier: Prof N Rampf
Tel: 021 938 9418    E-pos: nrampf@sun.ac.za

### 5.3.2.19 MSc in Neurowetenskap

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MSc-programme hierbo onder 5.3.2 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MSc-programme") genoem, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes:

- Een van die volgende kwalifikasies op NKR-vlak 8:
  - 'n MBChB-graad;
  - 'n vierjarige baccalaureus- of 'n relevante honneursgraad in 'n neurowetenskappe-, sosialewetenskappe- (bv. Sielkunde) of gesondheidswetenskappeverwante (bv. Genetika, Fisiologie en Biochemie) dissipline;
  - 'n ingenieursgraad (bv. biomediese of rekenaaringenieurswese).
- Indien jy oor 'n BTech-kwalifikasie beskik:
  - sal jy vir toelating oorweeg word indien jy die BTech-graad met 'n minimum finale punt van 60% geslaag het; en
  - daarna sal jy toegelaat word indien jy die HonsBSc-eksamen in die betrokke studierigting as 'n tentamen afgelê en met 'n minimum eksamenpunt van 60% geslaag het.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

#### Programbeskrywing

Dit is 'n navorsingsprogram met geen studiemodules nie. Die program bestaan uit 'n navorsingsprojek, tesis en projekvoordrag. Jy moet die navorsingsvoorstel met die hulp van die studieleier opstel en dit dan aan die Komitee vir Nagraadse Navorsing van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe voorlê.

Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur 'n departementele navorsingskomitee goedgekeur, asook deur die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Vordering met eksperimentele werk word deurgaans deur die studieleier gemonitor.

#### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis (Neurowetenskap) | 872(180) |

#### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi waarvan die vordering deurgaans deur die studieleier gemonitor word.
- Jy moet die navorsingsresultate van die navorsingsprojek saamvat in 'n tesis vir eksaminering deur 'n interne en eksterne eksaminator.
- Die finale punt word bereken op grond van die punte vir die navorsingprojek (studieleier se punt), tesis (interne en eksterne eksaminatore se punt) en projekvoordrag.
- Jy moet ten minste 50% behaal om te slaag en ten minste 75% om met onderskeiding te slaag

#### Navrae

Programleier: Prof SMJ Hemmings
Tel: 021 938 9321 E-pos: smjh@sun.ac.za

Administratiewe assistent: Mev M Pienaar
Tel: 021 938 9023 E-pos: maryp@sun.ac.za

### 5.3.2.20 MSc in Reproduktiewe Biologie

#### Spesifieke Toelatingsvereistes

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir MSc-programme hierbo onder 5.3.2 (onder "Algemene toelatings- en keuringsvereistes vir MSc-programme") genoem, geld die volgende spesifieke toelatingsvereistes:

- Indien jy oor 'n BSc-kwalifikasie beskik:
  - sal jy vir toelating oorweeg word indien jy die BSc-graad met 'n minimum finale punt van 60% geslaag het; en

- daarna sal jy toegelaat word indien jy die HonsBSc-eksamen in die betrokke studierigting as 'n tentamen afgelê en met 'n minimum eksamenpunt van 60% geslaag het.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar voltyds of drie jaar deeltyds.

### Programbeskrywing

Hierdie program behels 'n selfstandige navorsingsprojek op die gebied van reproduktiewe biologie (andrologie en/of in vitro-bevrugting) wat uitloop op 'n tesis wat 100% van die finale punt van die program uitmaak. Die navorsingsprojek word gekies na gelang van jou agtergrond en belangstelling en in ondersteuning van die Fakulteit se navorsingsfokusareas. Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur 'n departementele navorsingskomitee goedgekeur, asook deur die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Vordering met eksperimentele werk word deurgaans deur die studieleier gemonitor.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis: Reproduktiewe Biologie | 872(180) |

### Assessering en eksaminering

- Die voltooide navorsingsprojek moet in 'n voorgeskrewe formaat as 'n navorsingstuk aangebied word en deur sowel interne as eksterne eksaminatore nagesien word.

### Navrae

Programleier: Me E Erasmus
Tel: 021 938 4883    E-pos: ee4@sun.ac.za

## 5.3.2.21 MSc in Sitopatologie

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n MBChB-/BChD-graad met 'n nagraadse kwalifikasie in Anatomiese Patologie of Mondpatologie; óf
- 'n MBChB-/BChD-graad met minstens twee jaar ervaring in 'n sitologielaboratorium onder die toesig van 'n spesialis-sitopatoloog of histopatoloog met ervaring in sitopatologie.
- Registrasie by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (nie van toepassing indien jy van buite Suid-Afrika is nie).

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum twee jaar.

### Programbeskrywing

Die program beoog om:

- jou toe te rus met meer gevorderde kennis en 'n dieper insig in die studieveld;
- jou te help om die gekose onderwerp te bemeester deur nuwe inligting op 'n hoër vlak te ontleed en deur die ontwikkeling van vaardighede om ingewikkelde probleme te hanteer en oplossings vir sulke probleme te vind;
- jou in staat te stel om onafhanklike navorsing te doen;
- indien jy na hoër vlakke van akademiese navorsingswerk streef, jou vir doktorale studie voor te berei en om 'n benadering aan te kweek wat op akademiese integriteit en etiek gebaseer is;
- by te dra tot die poel van akademici en professionele persone met bevoegdhede en kritiese intellektuele vaardighede om die gesonde voortbestaan van die gekose veld of professie te verseker; en
- jou voor te berei ten einde jou vaardighede aan te wend om die probleme en vraagstukke van die land in daardie veld te help oplos.

### Programinhoud

Die program word in modulêre formaat aangebied.

| | |
|---|---|
| Beginsels van Sitologielaboratorium | 871(40) |
| Navorsingswerkstuk (Sitopatologie) | 874(60) |
| Sistemiese Orgaansitologie Deel I | 872(40) |
| Sistemiese Orgaansitologie Deel II | 873(40) |

### Assessering en eksaminering

Jy moet:

- minstens 50% behaal in sowel die teoretiese as die praktiese komponente van elke module;
- suksesvol deelneem aan en kennis integreer tydens projekte, patologieverslae en werksopdragte;
- 'n navorsingsprojek voltooi wat oor 'n gekose aspek van sitopatologie handel, en wat aan die standaarde en vereistes vir 'n meestersgraadprojek voldoen; en
- deur middel van die projek bewys lewer dat jy teoretiese begrippe en navorsingsvaardighede suksesvol kan integreer.

### Navrae

Programleier: Dr PT Schubert
Tel: 021 938 5349 E-pos: pawels@sun.ac.za

## 5.3.2.22 MSc in Sport- en Oefeninggeneeskunde

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n MBChB-graad of gelykstaande kwalifikasie van hierdie of enige ander universiteit, wat vir hierdie doel deur die Senaat goedgekeur is.
- Bevredigende bewys van 'n belangstelling in sport en oefening.
- Registrasie as 'n mediese praktisyn by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (of 'n gelykstaande registrasieliggaam buite Suid-Afrika).
- Minstens een jaar ervaring as mediese praktisyn ná gemeenskapsdiens.

### Keuring

Die MSc in Sport- en Oefeninggeneeskunde is 'n keuringsprogram.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum tydperk van twee jaar deeltyds.

### Programbeskrywing

Sport- en oefeninggeneeskunde (SOG) is 'n ontluikende mediese spesialisgebied wat tans besig is om erkenning van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika te bekom. SOG het drie hoofkomponente:

- voorkoming, diagnose, bestuur en rehabilitasie van oefeningverwante beserings;
- mediese toestande wat met deelname aan sport en oefening verband hou; en
- voorkoming en rehabilitasie van leefstylverwante chroniese siektes.

Hierdie deeltydse program bestaan uit kursuswerk, kliniese werk en 'n navorsingswerkstuk. Lees- en studiemateriaal word deur middel van e-pos en voorgestelde handboeke voorsien. Jy woon drie keer per jaar praktiese sessies van 'n week lank by die Universiteit Stellenbosch by. Praktiese onderrig bestaan uit lesings, tutoriale, kliniese gevallebesprekings en seminare.

### Programuitkomste

Na voltooiing van hierdie program sal jy:

- 'n grondige begrip hê van die uitwerking van fisiese aktiwiteit op die menslike liggaam, en kan uitwys hoe dié kennis op die bestuur van algemene mediese probleme by fisies aktiewe individue toegepas kan word;
- oor die nodige kennis beskik om beserings en ander mediese probleme wat weens oefening en sport ontstaan, te voorkom, te behandel en te rehabiliteer;
- oor die nodige kennis beskik om hulp te verleen met die rehabilitasie van diegene wat weens leefstylfaktore aan verskillende chroniese siektes ly;
- die fisiese gesondheid, welstand en produktiwiteit van die gemeenskap kan bevorder; en
- oor die nodige kennis van navorsingsmetodologie, waaronder statistiek en kritiese wetenskaplike

denke, beskik om 'n navorsingswerkstuk te voltooi.

## Programinhoud

Die program bestaan uit gestruktureerde modules ter waarde van 120 krediete en 'n navorsingswerkstuk van 60 krediete.

Die navorsingswerk vir die Navorsingswerkstukmodule kan in die eerste twee studiejare onderneem word wanneer die ander vier modules gevolg word. Jy moet egter die navorsingswerkstuk teen die einde van die derde studiejaar voltooi. Jy sal slegs in uitsonderlike gevalle toegelaat word om ná die derde studiejaar met werk vir die navorsingswerkstuk voort te gaan.

| | |
|---|---|
| Algemene SOG | 871(30) |
| Basiese Wetenskappe in SOG | 872(30) |
| Navorsingswerkstuk | 874(60) |
| Oefeningverwante Beserings in SOG | 873(45) |
| SOG in Spesiale Populasies | 875(15) |

## Assessering en eksaminering

### Basiese Wetenskappe in SOG-module

- Klastoetse en projekte word deur die loop van die eerste jaar gedoen en maak 30% van die finale punt vir die module Basiese Wetenskappe in SOG uit.
- 'n Skriftelike eksamen van twee vraestelle word aan die einde van die eerste jaar afgelê en dra 70% by tot die finale punt vir die module.
- Jy moet 'n finale punt van 50% of meer behaal om tot die tweede studiejaar van die program toegelaat te word.

### Oefeningverwante Beserings in SOG-, Algemene SOG- en SOG in Spesiale Populasiesmodules

- Klastoetse, projekte en seminare deur die loop van die jaar maak die jaarpunt uit vir die modules Oefeningverwante Beserings in SOG, Algemene SOG en SOG in Spesiale Populasies.
- 'n Vraestel word in Oktober/November geskryf.
- 'n Kliniese eksamen (kliniese gevalle) en 'n objektief gestruktureerde kliniese eksamen (OGKE) word ook afgelê.
- Die finale punt word soos volg bereken:
  - Klastoetse, projekte en seminare (jaarpunt) – 30%
  - Geskrewe eksamen – 30%
  - Kliniese eksamen en OGKE – 40%
- Jy moet 50% of meer vir elke komponent van die kliniese eksamen (kliniese gevalle) en OGKE behaal.

### Navorsingswerkstuk

- Een interne en een eksterne eksaminator eksamineer die navorsingswerkstuk.
- Jy moet die navorsingswerkstuk met 50% of meer slaag om die Navorsingswerkstuk-module suksesvol te voltooi.

## Navrae

Programleier: Prof EW Derman
Tel: (021) 938 9827 E-pos: ewderman@sun.ac.za

Administratiewe assistent: Mev LM Deck
Tel: (021) 938 9801 E-pos: lmdeck@sun.ac.za

### 5.3.2.23 MSc in Sportwetenskap

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Baccalaureus- of honneursgraad met 'n gemiddelde van minstens 60% wat die Senaat vir hierdie doel goedgekeur het.
- Indien jy op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou vakgebied bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir hierdie doel toereikend is, mag jy tot die program toegelaat word.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Programbeskrywing

Die program bestaan uit 'n 100%-tesis oor 'n onderwerp wat deur die Nagraadseprogramkomitee en die studieleier goedgekeur is en wat na afloop van die studie ekstern geassesseer word.

#### Assessering en eksaminering

Jou tesis word na voltooiing van die studie intern sowel as ekstern geëksamineer. Die tesis beslaan 100% van die finale punt en jy moet 'n gemiddeld van 50% behaal om die graadprogram te slaag.

#### Navrae

Programleier: Prof P Runciman
Tel: 021 938 9439 E-pos: para@sun.ac.za

### 5.3.2.24 MSc in Voedsel- en Voedingsekerheid

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n professionele baccalaureus- of 'n honneursgraad op NKR-vlak 8 in 'n toepaslike landbou-, gesondheids- of natuurwetenskappeveld. 'n Gemiddelde punt van ten minste 60% oor die vier jaar van studie word vereis.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

*Let op:*
Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks gekeur.

#### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van twee jaar.

#### Programbeskrywing

Hierdie gestruktureerde program word hoofsaaklik deur middel van tegnologies-bemiddelde onderrig en leer, in kombinasie met kursusse op kampus, aangebied. Die program bestaan uit twaalf teoretiese modules en 'n navorsingswerkstuk (33% van die totale krediete). Indien die akademiese jaar oor 45 weke strek, word verwag dat jy 20 ure per week oor 'n tweejaarperiode gebruik om die program te voltooi.

#### Programinhoud

**EERSTE JAAR**

| | |
|---|---|
| Funksionele Voedsel en GMO's | 843(10) |
| Inleiding tot Epidemiologie | 841(10) |
| Konseptualisering van Voedselstelsels | 811(10) |
| Landbou-voedingskakeling | 814(10) |
| Makro- en Mikronutriënte en Gesondheid | 842(10) |
| Menslike Ekonomiese Ontwikkeling | 813(10) |
| Voedselkettings en -verbruikers | 844(10) |
| Voedselveiligheid, -gevare en -risiko's | 812(10) |
| Voedselverwerking en -bewaring | 815(10) |

**TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Assessering van Voedselsekuriteit | 821(10) |
| Navorsingswerkstuk | 841(60) |
| Voedsel- en Voedingsbeleide | 823(10) |
| Voedselsekuriteit-projekanalise | 822(10) |

### Assessering en eksaminering

- Die finale punt vir die teoretiese modules word bereken op grond van buigsame assessering en mag FMHSLearn-besprekings, opdragte, take, vasvrae en mondeling aanbiedinge insluit. Spesifieke assesseringskriteria word in die moduleraamwerk vir elke module uiteengesit.
- Jy sal slegs twee pogings gegee word om elke teoretiese module te slaag. Indien jy nie 'n teoretiese module ná twee pogings slaag nie, sal jy nie tot die program hertoegelaat word nie.
- Jy moet 'n minimum van 50% behaal om alle individuele modules te slaag.
- Die finale punt vir die navorsingswerkstuk word soos volg bereken:
  - 20% vir die protokol; en
  - 80% vir die navorsingswerkstuk.
- Die finale punt vir die graadprogram word soos volg bereken:
  - 67% vir kursuswerk; en
  - 33% vir die navorsingswerkstuk.
- Jy sal toegelaat word om vir 'n maksimum van drie jaar vir die navorsingsprojek te registreer. Indien jy nie daarin slaag om die navorsingsprojek binne hierdie tyd te voltooi nie, sal jou vordering amptelik deur die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Menslike Voeding beoordeel word, en mag jy die reg ontneem word om vir die program te herregistreer.

### Navrae

Programleier: Dr N Koen
Tel: 021 938 9256 E-pos: nelene@sun.ac.za

## 5.3.3 Magister in die Wysbegeerte

Die Magister in die Wysbegeerte-programme aan die Fakulteit bestaan uit programme vir subspesialis-opleiding en gestruktureerde en tesisprogramme.

### Programme vir subspesialisopleiding

Hierdie programme bied aan spesialiste in Interne Geneeskunde, en Verloskunde en Ginekologie die geleentheid om te kwalifiseer as subspesialiste in een van die onderskeie subspesialiteitsrigtings binne hierdie dissiplines.

### Algemene toelatingsvereistes vir subspesialisprogramme

Indien jy oor die volgende beskik kwalifiseer jy om aansoek te doen vir die subspesialiteitsprogramme in die onderskeie dissiplines:

- Die MMed-graad in Interne Geneeskunde of in Verloskunde en Ginekologie; en
- Registrasie as spesialis by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA).

Kyk ook by elke program vir die toelatingsvereistes wat spesifiek vir daardie program geld.

### Kliniese ondervinding

Indien jy vir een van hierdie programme aan die Universiteit wil registreer, moet jy aangestel word teenoor 'n goedgekeurde RGSA-opleidingsnommer soos aan die Fakulteit toegeken, en 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand beklee vir die volle duur van jou opleiding.

### Assessering en eksaminering

Die standaard uitgangseksamen vir hierdie programme is 'n sertifikaateksamen van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika (KGSA).

### Gestruktureerde en tesisprogramme

Hierdie programme is gevorderde navorsingsgebaseerde programme. In die geval van sommige programme moet kandidate teoretiese modules slaag en 'n navorsingswerkstuk suksesvol voltooi, en in ander gevalle moet hulle 'n navorsingstesis inlewer wat aan die vereistes van die Universiteit voldoen.

### 5.3.3.1 MPhil in Aansteeklike Siektes

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad in 'n gesondheidsverwante veld, insluitend sielkunde of sosiale wetenskap, soos deur die Senaat goedgekeur vir hierdie doel; of
- 'n Vierjarige baccalaureusgraad, met 'n betekenisvolle bydrae tot 'n navorsingspublikasie op die gebied van aansteeklike siektes wat oorwegend gelykstaande is aan 'n honneursgraad en wat deur die Senaat vir hierdie doel goedgekeur is.
- Hierdie metode van die verwerwing van 'n meestersgraad is bedoel vir studente wat reeds 'n hoë vlak van kennis en vermoë in navorsing in een of meer probleme met betrekking tot aansteeklike siektes gedemonstreer het.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programinhoud

Die onderwerp van die tesis sal bepaal word in konsultasie met toepaslike kenners van die terrein saam met die Afdelingshoof. Moderering en studieleiding sal geskied volgens die program vir die Magister in Wysbegeerte, soos aanvaar deur die Fakulteitsraad, en is beskikbaar by die hoof van die Afdeling Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid.

| | |
|---|---|
| Tesis (Aansteeklike Siektes) | 871(180) |

### Assessering en eksaminering

Jy sal geassesseer word op grond van 'n aanvaarbare skriftelike tesis en 'n wetenskaplike mondelinge voordrag, gevolg deur vrae van 'n paneel van interne en eksterne eksaminatore.

### Navrae

Programleier: Prof L Dudley
Tel: 021 938 9375    E-pos: rlm@sun.ac.za

## 5.3.3.2 MPhil in Bewuste Teenwoordigheid

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende in 'n opvoedkundige, gesondheidswetenskappe-, bestuurswetenskaplike of sosiaalwetenskaplike rigting, byvoorbeeld geneeskunde, fisioterapie, arbeidsterapie, verpleging, maatskaplike werk, of sielkunde:
  - 'n vierjarige B-graad;
  - 'n honneursgraad; of
  - 'n nagraadse diploma (NQF vlak 8).
- 'n Sertifikaat in Bewuste Teenwoordigheidsgebaseerde Intervensies of 'n ander bewuste teenwoordigheidskwalifikasie ekwivalent aan 'n vierjarige B-graad, 'n honneursgraad of 'n nagraadse diploma.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar.

Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van een jaar voltyds en twee jaar deeltyds.

### Programbeskrywing

- Die doel van die program is om navorsers op te lei om by te dra tot die ontwikkeling van kennis op 'n hoër vlak in die veld van bewusteteenwoordigheid-gebaseerde intervensie.
- Die program bied jou die nodige opleiding, toesig en ondersteuning om jou in staat te stel om deur middel van 'n gevorderde navorsingstesis krities te dink oor teorie en die toepassing daarvan.
- Nuwe en plaaslike kennis in die veld van bewusteteenwoordigheid-gebaseerde intervensie sal die versorging van pasiënte verbeter en sodoende die gemeenskap bevoordeel.
- Die program word deur die Departement van Psigiatrie in samewerking met die Afdeling Huisartskunde en Primêre Sorg aangebied.

### Programuitkomste

Na voltooiing van die program behoort jy in staat te wees om die volgende te doen:

- kennis te toon van navorsingspraktyk in die veld van bewusteteenwoordigheid-gebaseerde intervensie;
- navorsing onafhanklik uit te voer;
- om oordeelkundige uitsprake te maak met die data en informasie tot jou beskikking; en
- jou bevindinge effektief te kommunikeer.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis Bewuste Teenwoordigheid | 872(180) |

### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi wat in 'n tesis saamgevat word en volgens Universiteitsriglyne geassesseer word deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering.
- Om te slaag moet jy 'n punt van minstens 50% vir die tesis behaal.

### Navrae

Programleier: Mnr C Arendse
Tel: 021 938 9445 E-pos: claytona@sun.ac.za

## 5.3.3.3 MPhil in die Geestesgesondheid van die Baba

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad, 'n MMed-graad of 'n kwalifikasie van die Genootskap van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika.
- Registrasie by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika of 'n ekwivalente regulerende raad.
- Jy moet in 'n kliniese omgewing werk wat gepas is vir die praktyk en leer van babageestesgesondheid.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program word op 'n deeltydse en modulêre wyse aangebied, en strek oor twee jaar.

### Programbeskrywing

Die doel van hierdie graadprogram is om bekwame klinici in die geestesgesondheid van die baba op te lei wat kan omsien na die geestesgesondheid en psigiatriese behoeftes van kinders in die ouderdomsgroep 0 tot 3 jaar.

### Programinhoud

#### Eerste Jaar

| | |
|---|---|
| Baba-ontwikkeling en Baba-ontwikkelingsassessering | 871(10) |
| Familie- en Sosiale Kontekste | 872(10) |

#### Tweede Jaar

| | |
|---|---|
| Bewysgebaseerde Intervensies | 874(10) |
| Steurings van Babajare | 873(10) |

#### Eerste en Tweede Jaar

| | |
|---|---|
| Baba-waarneming | 876(40) |
| Kliniese Praktikum | 875(40) |
| Werkstuk (Geestesgesondheid van die Baba) | 881(60) |

### Assessering en eksaminering

- Modules word geassesseer gebaseer op 'n kombinasie van:
  - bywoning;

- aanvaarbare voltooiing van moduletake wat die vorm van geskrewe opdragte, opstelle, praktiese kliniese assesserings en voordragte kan aanneem; en
- in die geval van navorsingsopdragte, die voltooiing van 'n navorsingsmanuskrip of -artikel wat gereed is vir publikasie.

- Jy moet al sewe modules met 'n punt van minstens 50% slaag.
- Die finale punt vir die program word bereken as die gemiddelde van die punt wat in elk van die sewe modules behaal is.
- Die eksaminering en suksesvolle afhandeling van die navorsingsopdrag is verpligtend vir die toekenning van die graad.
- Indien jy 'n module sak, mag jy dit herhaal. Indien jy egter die module vir die tweede keer sak, mag jy die reg ontneem word om die module weer te herhaal op aanbeveling van die Fakulteitsraad.
- Indien jy nie 'n module in die toegekende tyd afhandel nie, mag jy verlenging van 'n jaar gegun word op aanbeveling van die Fakulteitsraad. Indien jy egter 'n verdere verlenging van 'n jaar benodig om 'n enkele module te voltooi, moet jy 'n motivering indien by die departementele programkomitee. Die verlenging is onderhewig aan die goedkeuring van die programkomitee van die Departement Psigiatrie en die Fakulteitsraad, en jy mag die reg ontneem word om te poog om die module weer te voltooi.
- Ten einde die MPhil in Geestesgesondheid van die Baba te verwerf, moet jy 'n finale punt van minstens 50% vir die program behaal en om die graad *cum laude* te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 75% vir die program behaal.

### Navrae

Programleier: Dr A Lachman
Tel: 021 938 9021    E-pos: anusha@sun.ac.za

Programadministrateur: A Thomas
Tel: 021 938 9445    E-pos: aneesat@sun.ac.za

## 5.3.3.4 MPhil in Endokrinologie (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKI (SA);
- MMed (Int); of
- 'n ekwivalente spesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy aansoek doen om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand. Indien jy suksesvol is, word jy dan tot die MPhil in Endokrinologie toegelaat.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programinhoud

Alle modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Endokrinologie | 872(135) |
| Werkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

- Om die Kliniese Endokrinologie-module suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend wees terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Endokrinologie werksaam is.
- Verder moet jy 'n slaagsyfer van minstens 50% in die Sert Endokrinologie (SA)-eksamen van die KGSA behaal.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsame assesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Jy moet die navorsingsprotokol binne ses maande ná registrasie laat registreer en die navorsingswerkstuk binne twee jaar ná registrasie voltooi.
- Die werkstuk moet in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien word. Suksesvolle voltooiing van hierdie module word vereis vir toelating tot die Sert Endokrinologie (SA)-eksamen van die KGSA.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese Endokrinologie 75%; en

  - Navorsingswerkstuk 25%.

## Navrae

Programleier: Dr M Conradie-Smit
Tel: 021 938 9255    E-pos: marlic@sun.ac.za

# 5.3.3.5 MPhil in Gastroënterologie en Hepatologie (subspesialisprogram)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKI (SA);
- MMed (Int); of
- 'n ekwivalente spesialiskwalifikasie.

## Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy aansoek doen om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand. Indien jy suksesvol is, word jy dan tot die MPhil in Gastroënterologie en Hepatologie toegelaat.

## Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

## Programinhoud

Alle modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Gastro-enterologie en Hepatologie | 872(135) |
| Werkstuk | 871(45) |

## Assessering en eksaminering

- Om die Kliniese Gastroënterologie en Hepatologie-module suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend wees terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Gastroënterologie en Hepatologie werksaam is. Verder moet jy 'n slaagsyfer van minstens 50% in die Sert Gastroënterologie(SA) Int-eksamen van die KGSA behaal.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsame assesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Jy moet die navorsingsprotokol binne ses maande ná registrasie laat registreer en die navorsingswerkstuk binne twee jaar ná registrasie voltooi.
- Die werkstuk moet in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien word. Suksesvolle voltooiing van hierdie module word vereis vir toelating tot die Sert Gastroënterologie(SA) Int-eksamen van die KGSA.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese Gastroënterologie en Hepatologie 75%; en
  - Navorsingswerkstuk 25%.

## Navrae

Programleier: Dr MS Gabriel
Tel: 021 938 4336    E-pos: shiraazg@sun.ac.za

### 5.3.3.6 MPhil in Gemeenskapsgeestesgesondheid

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Een van die volgende kwalifikasies:

- 'n Meestersgraad in Maatskaplike Werk/Kliniese Sielkunde/Verpleging/ Arbeidsterapie;
- 'n MBChB-graad; of
- 'n MMed (Psig)/uitgangseksamen van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika.
- Registrasie by die betrokke professionele raad in Suid-Afrika as:
  - mediese praktisyn in die kategorie onafhanklike praktyk,
  - maatskaplike werkster,
  - kliniese sielkundige,
  - geregistreerde verpleegster, of
  - arbeidsterapeut.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

#### Programbeskrywing

Die onderwys- en leerstrategie in elke module word deur die aard van die studieveld bepaal. Die modules word aangebied binne die raamwerk van 'n studentgesentreerde benadering met die doel om kritiese denke te stimuleer. Die program maak gebruik van didaktiese lesings, interaktiewe sessies, groepsessies en kliniese werk onder toesig. Onafhanklike studie word aangemoedig. Die navorsingsprojek word onder leiding van 'n studieleier gedoen.

#### Programinhoud

**EERSTE JAAR**

| | |
|---|---|
| Etiek | 872(5) |
| Gemeenskapsgeestesgesondheid | 871(55) |
| Navorsingsmetodiek | 871(5) |

**TWEEDE JAAR**

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Kulturele Psigiatrie | 871(5) |
| Navorsingswerkstuk | 871(60) * |
| Openbaresorg-psigiatrie | 871(5) |
| Sosiale Psigiatrie | 871(5) |

* Die navorsingswerkstuk word oor die twee jaar van die program voltooi.

**Keusemodules**

Kies enige twee modules.

| | |
|---|---|
| Gemeenskapsielkunde | 871(20) |
| Gemeenskapspsigiatrie | 871(20) |
| Psigososiale Rehabilitasie | 871(20) |

#### Assessering en eksaminering

- Buigsame assessering geld vir alle modules en 'n finale punt van 50% word vereis om te slaag.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsame-assesseringstrategie en jy moet 'n gevalleboek byhou as rekord van jou kliniese blootstelling.
- Indien jy 'n module sak, mag jy die assessering wat bygedra het tot die finale punt vir die module herhaal. Die onderwerp en aard van die assessering(s) mag onveranderd bly of daar mag van jou verwag word om 'n gewysigde assessering(s) af te lê. Hierdie besluit word aan die diskresie van die betrokke modulevoorsitter oorgelaat.
- Indien jy 'n module sak, mag jy dit herhaal. Indien jy egter 'n module vir die tweede keer sak, mag jy

die reg tot herhaling van die module op aanbeveling van die Fakulteitsraad geweier word.

- In die geval waar jy nie genoegsame kliniese en/of professionele vordering (soos vervat in die module-/programgids) toon nie, sal jy die geleentheid tot remediëring van jou onvoldoende kliniese en/of professionele optrede of prestasie gebied word. Indien jy in die poging tot remediëring misluk, sal jy slegs die module mag herhaal of met die program mag voortgaan op aanbeveling van die departementele programkomitee en die goedkeuring van die Fakulteitsraad.
- Jy moet 'n aanvaarbare navorsingswerkstuk inlewer wat jou vermoë demonstreer om 'n onafhanklike wetenskaplike ondersoek te loods, die resultate daarvan te interpreteer en gevolgtrekkings daaruit te maak. Die werkstuk word volgens riglyne van die Universiteit Stellenbosch geassesseer en jy moet 'n punt van minstens 50% behaal om te slaag.
- Die finale punt word volgens die geweegde krediete van elke module bepaal. Om in die program te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 50% behaal.

## Navrae

Programleier: Prof L van den Heuvel
Tel: 021 938 9116 E-pos: llvdh@sun.ac.za

Programadministrateur: Mev M Pienaar
Tel: 021 938 9023 E-pos: maryp@sun.ac.za

## 5.3.3.7 MPhil in Geneesmiddelontwikkeling

*Let op:*
Hierdie program sal tot verdere kennisgewing nie aangebied word nie.

### Spesifieke toelatingsvereistes

Een van die volgende kwalifikasies:

- 'n nagraadse diploma in farmaseutiese geneeskunde; of
- 'n ekwivalente sertifikaat van 'n PharmaTrain-geakkrediteerde instituut wat deur die Universiteit as voldoende beskou word.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar deeltyds.

### Programbeskrywing

Jy moet die jaarboekinskrywing vir hierdie program saam met die meer volledige uiteensetting van die programregulasies lees wat jy ontvang wanneer jy tot die program toegelaat word.

### Programinhoud

#### EERSTE JAAR

| | |
|---|---|
| Biologiese en Gevorderde Terapie | 875(20) |
| Geneesmiddelveiligheid en Farmako-epidemiologie | 875(20) |
| Gesondheidsekonomie | 875(20) |

#### TWEEDE JAAR

| | |
|---|---|
| Geneesmiddelontwikkeling vir Kinders | 875(20) |
| Sistematiese Hersiening en Meta-analise | 875(20) |
| Vatbare Siektetoestande | 875(20) |

#### EERSTE EN TWEEDE JAAR

| | |
|---|---|
| Werkstuk (Geneesmiddelontwikkeling) | 875(60) |

### Assessering en eksaminering

- Ten einde die Magistergraad in die Wysbegeerte in Geneesmiddelontwikkeling te verwerf, moet jy:
  - twee kalenderjare as geregistreerde student vir die program MPhil (Geneesmiddelontwikkeling) voltooi;

   - ten minste 50% in elke moduletoets gedurende die tweejaarprogram behaal;
   - twee drieuurlange skriftelike eksamens, wat al die modules dek, slaag; en
   - ná voltooiing van 'n navorsingsprojek, 'n skriftelike verslag indien en 'n mondelinge voordrag lewer.
- Jy moet elkeen van die ses modules slaag met 'n gemiddelde punt van minstens 50%.
- Die finale punt vir die program word bereken as die geweegde gemiddelde van die punt vir elkeen van die volgende komponente:
   - twee drieuurlange skriftelike eksamens (2 x 30%);
   - 'n skriftelike navorsingsprojek en 'n mondelinge voordrag in die teenwoordigheid van 'n eksterne eksaminator (25%); en
   - die gemiddelde punt vir die ses modules (15%).
- Om die program MPhil (Geneesmiddelontwikkeling) suksesvol te voltooi, moet jy 'n finale punt van 50% of meer behaal en om *cum laude* te slaag, moet jy 'n finale punt van 75% of meer behaal.

### Navrae

Programleier: Prof E Decloedt
Programadministrateur: Me L Hanekom
Tel: 021 938 9331/9045 E-pos: lejandra@sun.ac.za

## 5.3.3.8 MPhil in Gesondheidsberoepe-onderwys

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n vierjarige (of langer) baccalaureusgraad in die Gesondheidswetenskappe (NKR-vlak 8)

  én

  tans aktief betrokke by onderrig in 'n Gesondheidswetenskappe-hoëronderwysinstansie

óf

- 'n driejarige graad of diploma in die Opvoedkunde of Sosiale Wetenskappe

  én

  'n Nagraadse Diploma in Onderwys, Hoër Onderwys of Gesondheidswetenskappe-onderwys (NKR-vlak 8) óf 'n honneursgraad in die Opvoedkunde of Sosiale Wetenskappe

  én

  tans aktief betrokke by onderrig in 'n Gesondheidswetenskappe-hoëronderwysinstansie

Bogenoemde vereistes het betrekking tot die gestruktureerde program.

Om toegelaat te word tot die tesisprogram moet jy voldoen aan bogenoemde vereistes, 'n volledig navorsingsprotokol tot bevrediging van die Programkomitee voorlê en bewys lewer van voldoende navorsingservaring in die onderwys of sosiale wetenskappe. Indien jy nie bewys kan lewer van sodanige navorsingservaring nie, is die suksesvolle afhandeling van die volgende module van die gestruktureerde program 'n addisionele vereiste:

- Navorsingmetodologie in Gesondheidsberoepe-onderwys

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Toelatings vir voornemende internasionale studente sluit op 31 Augustus. 'n Curriculum vitae en 'n motiveringsbrief moet jou aansoek vergesel. Slegs 'n beperkte getal studente kan jaarliks tot die eerste studiejaar van die program toegelaat word. Toelating tot die program geskied dus op die basis van die volgorde waarin kwalifiserende aansoeke vóór die sluitingsdatum vir aansoeke ontvang word.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programbeskrywing

Die program bestaan uit twee bane, naamlik die gestruktureerde program en die tesisprogram.

Die program word tegnologie-gemedieerd aangebied met een kontaksessie per jaar. Die MPhil in Gesondheidsberoepe-onderwys is 'n hibridieseleerprogram, en daar word van jou vereis om te verseker dat jy oor die relevante hulpbronne beskik om deel te neem.

Indien jy die gestruktureerde program volg, moet jy die kontaksessies in persoon bywoon. Indien jy egter tot die tesisopsie toegelaat is, is bywoning van die kontaksessies opsioneel, behalwe as jy nie bewys van voldoende navorsingservaring soos hierbo beskryf kan lewer nie. In daardie geval moet jy die kontaksessies vir die module Navorsingsmetodologie in Gesondheidsberoepe-onderwys bywoon én die module slaag.

Die program is navorsingsgebaseerd en het ten doel om jou toe te rus om die volgende binne die leer- en onderrigkonteks in gesondheidsberoepe-onderwys te verstaan, krities te evalueer en toe te pas:

- kontemporêre en toepaslike onderwysbenaderings;
- beginsels van professionele praktyk, met spesifieke verwysing na etiek, refleksie en sosiale responsiwiteit; en
- bevindings afgelei van internasionale en Afrika-spesifieke navorsing in gesondheidsberoepe-onderwys binne die konteks van diversiteit en wisselende hulpbronvlakke.

## Programinhoud

## Gestruktureerde program

#### EERSTE JAAR

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Assessering in Gesondheidsberoepe-onderwys | 871(15) |
| Kurrikulumontwikkeling en -analise in Gesondheidsberoepe-onderwys | 871(15) |
| Navorsingsmetodologie in Gesondheidsberoepe-onderwys | 885(20) |
| Onderrig en Leer in Gesondheidsberoepe-onderwys | 882(25) |

#### TWEEDE JAAR

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Geïntegreerde Portefeulje vir Gesondheidsberoepe-onderwys | 886(15) |
| Leierskap in Gesondheidsberoepe-onderwys | 892(15) |
| Navorsingswerkstuk | 871(60) |

**Keusemodules (Kies een van die volgende modules)**

| | |
|---|---|
| Personeelontwikkeling in Gesondheidsberoepe-onderwys | 893(15) |
| Kliniese Vaardigheidsontwikkeling | 891(15) |
| Tegnologie Verbeterde Leer in Gesondheidsberoepe-onderwys | 844(15) |

## Tesisprogram

| | |
|---|---|
| Tesis (GBO) | 895(180) |

## Assessering en eksaminering

### Gestruktureerde program

- Jy moet 'n minimum finale punt van 50% behaal om elke module te slaag.
- Jy moet 'n aanvaarbare navorsingswerkstuk inlewer wat jou vermoë demonstreer om 'n onafhanklike wetenskaplike ondersoek te loods, die resultate daarvan te interpreteer en gevolgtrekkings daaruit te maak. Die werkstuk word volgens riglyne van die Universiteit Stellenbosch geassesseer en 'n punt van minstens 50% moet behaal word om te slaag.
- Jy en jou toesighouers moet jaarliks terugvoer gee oor jou vordering. As jy die maksimum registrasietyperk van drie jaar oorskry, moet jy 'n skriftelike motivering by die Nagraadseprogramkomitee indien om aansoek te doen vir 'n verlenging van registrasietyd. Gebrek aan vordering (d.i. versuim om 'n protokol vir goedkeuring by die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee (GNEK) in te dien of om spertye te haal) mag voorkom dat jy toegelaat word om met die program voort te gaan. Alle FGGW-studente moet aan die maksimum periodes vir registrasie voldoen soos per die riglyne in die Fakulteit se Jaarboekdeel.
- Die finale punt word bepaal volgens die geweegde krediete van elke module. Om die program te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 50% behaal.
- Sak van modules:
  - Indien jy 'n module sak, sal jy die geleentheid gebied word om die werkopdrag(te) weer in te handig wat bygedra het tot die finale punt vir die module. Dit word aan die diskresie van die

betrokke modulevoorsitter oorgelaat om te besluit of die onderwerp en aard van die werkopdrag(te) onveranderd bly en of 'n nuwe opdrag(te) vereis word.
- As jy in die eerste jaar van die studie in hierdie program is, moet jy die werkopdrag(te) wat jy weer moet inhandig indien vóór 30 November van die gegewe jaar. As jy in die tweede jaar van studie in hierdie program is, moet jy die werkopdrag(te) wat jy weer moet inhandig indien vóór 31 Augustus van die gegewe jaar. Indien jy nie die sperdatum haal nie, word die werkopdrag(te) as onvoltooid gereken, wat beteken jy sak die module en dan sal jy die volgende jaar weer vir die module moet registreer.
- Indien jy 'n module by meer as een geleentheid sak, sal jy nie met die program kan voortgaan nie.

- Hertoelating tot die program na staking van studies:
  - Indien jy jou studies gestaak het en wil aansoek doen om hertoelating tot die program, moet jy 'n formele aansoek en motivering aan die nagraadse programkomitee (per e-pos aan die programadministrateur) voorlê voor 31 Augustus vir registrasie in die daaropvolgende jaar.

### Tesisprogram

- Jy moet 'n aanvaarbare navorsingstesis inlewer wat jou vermoë demonstreer om 'n onafhanklike wetenskaplike ondersoek te loods, die resultate daarvan te interpreteer en gevolgtrekkings daaruit te maak, en wel op 'n hoër vlak as wat vereis word vir die navorsingswerkstuk vir die gestruktureerde program.
- Die tesis word volgens riglyne van die Universiteit Stellenbosch geassesseer en om te slaag moet jy 'n punt van minstens 50% behaal. Die assessering van die tesis sluit 'n mondelinge eksamen in.

### Navrae

Programleier: Dr M Volschenk
Tel: 021 938 9447    E-pos: mvolschenk@sun.ac.za

Programadministrateur: Me J Williams
Tel: 021 938 9047    E-pos: janicew@sun.ac.za

## 5.3.3.9 MPhil in Gesondheidstelsels

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies op NKR-vlak 8:
  - 'n MBChB- of ekwivalente graad;
  - 'n vierjarige professionele baccalaureusgraad in 'n gesondheidsverwante dissipline;
  - 'n honneurs-baccalaureusgraad van hierdie Universiteit of 'n ander erkende universiteit;
  - 'n honneursgraad in sosiale wetenskappe; of
  - 'n ekwivalente kwalifikasie wat vir dié doel deur die Senaat goedgekeur is.
- Indien jy jou kwalifikasies by nie-Suid-Afrikaanse instellings verwerf het, sal die Nagraadse Kantoor (Stellenbosch-kampus) hierdie kwalifikasies vir vergelykbaarheid beoordeel om vas te stel of jy in aanmerking kom vir toelating tot die program.
- Wiskunde op Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-)vlak, rekenaarvaardigheid en uitstekende vaardigheid in Engels (mondelinge en skriftelike kommunikasie). Indien jy as internasionale kandidaat afkomstig is van 'n nie-Engelssprekende land moet jy saam met jou aansoek amptelike dokumentêre bewys lewer van jou vaardigheid in Engels. Dit mag onder meer die volgende insluit:
  - die uitslag van die IELTS-toets met 'n minimum IELTS-punt van 6,5;
  - die uitslag van die TOEFL-toets met 'n minimum TOEFL-punt van 550 (skriftelik) of 213 (rekenaargebaseer), verkieslik met 'n TWE-punt van 4,5; en/of
  - bewys en uitslae van enige ander Engelse kursusse wat jy bygewoon het (bv. English for Medical Students/Englisch für Mediziner).
- Jy moet die nodige akademiese vermoë of ekwivalente professionele ervaring openbaar.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program word op 'n deeltydse grondslag aangebied oor 'n minimum tydperk van twee jaar.

### Programbeskrywing

Die MPhil in Gesondheidstelsels is 'n multidissiplinêre program wat poog om die professionele vermoëns en leierskap van rolspelers in gesondheidstelsels te ontwikkel en te versterk terwyl dit ook tot kennisskepping in Afrika bydra. Die program is ontwerp om voorsiening te maak vir voltydse praktisyns vanuit 'n verskeidenheid van terreine soos maatskaplike werk, geneeskunde, verpleegkunde, gesondheidsekonomie, openbare

gesondheid, gesondheidsdiensbestuur, beleidvorming en nie-regeringsorganisasies (NRO's). Die program versterk deelnemers se kennis en vaardighede op die gebied van gesondheidstelselondersteuning en -navorsing, openbare gesondheid en praktyk.

Die MPhil in Gesondheidstelsels-program handel oor die volgende: beheer en bestuur, finansiële en leweringsooreenkomste vir gesondheidsorg en openbaregesondheidsdienste, die implementering van oorwegings vir die hersiening of verbetering van hierdie ooreenkomste, en die breër ekonomiese, wetlike, politieke en sosiale kontekste waarin oor hierdie ooreenkomste beding word en waarin hulle funksioneer.

Die program bestaan uit twee bane, wat 'n gefokusde benadering tot gesondheidstelsels en gesondheidsdienstenavorsing (GSDN-baan) en ekonomiese evaluering van gesondheidstelsels (EEG-baan) moontlik maak.

Die doel van die GSDN-baan is om deelnemers touwys te maak:

- in die bewysgebaseerde beleidsproses;
- daarin om gesondheids- en gesondheidsleweringsprobleme te bepaal en prioritiseer;
- daarin om die beste benaderings tot 'n probleem te bepaal, daardie benaderings met inagneming van plaaslike omstandighede aan te pas of nuwe intervensies te ontwikkel, die intervensies op die proef te stel, die suksesvolste intervensies vir wyer implementering uit te wys, en dan effektief by die gesondheidstelsel te integreer om 'n verbetering in die probleem teweeg te bring en die vermoëns van die gesondheidstelsel te versterk in plaas daarvan om dit te strem.

Die doel van die EEG-baan is om deelnemers toe te rus met die vaardighede om die vergelykende koste en voordele van gesondheidstelselbeleide, -strategieë en -intervensies te evalueer om onsekerheid te bestuur, en beleidvorming en besluitneming volgens 'n bewysgebaseerde benadering te bestuur.

Die onderrig- en leerstrategie in elke module word bepaal deur die aard van die onderwerp. Modules word binne die raamwerk van 'n student-gesentreerde benadering aangebied met die doel om kritiese denke te stimuleer. Die program maak gebruik van formele lesings, interaktiewe leer, groepsessies en e-leer. Onafhanklike leer word ten sterkste aangemoedig. 'n Navorsingsprojek word onder leiding van 'n studieleier voltooi.

## Programinhoud

Die program bestaan uit modules van altesaam 120 krediete en 'n navorsingswerkstuk van 60 krediete. Jy moet tien modules voltooi waarvan agt verpligtend is en twee keusemodules. Jy mag slegs 'n keusemodule volg as jy aan die voorvereistes daarvoor voldoen en as dit nie op die rooster met 'n verpligte module bots nie. Keusemodules word slegs aangebied as die vereiste minimum aantal kandidate daarvoor inskryf. Jy moet verpligte kontaksessies bywoon en aan aanlyn-e-leersessies deelneem.

## GSDN-baan

### Verpligte modules

#### EERSTE JAAR

| | |
|---|---|
| Biostatistiek I | 875(12) |
| Grondbeginsels vir Epidemiologie | 875(12) |
| Inleiding tot Gesondheidsisteme en Openbare Gesondheid | 875(12) |
| Inleiding tot Globale Gesondheid | 875(12) |
| Kwalitatiewenavorsingsmetodes | 875(12) |
| Skryf van Navorsingsvoorstel en Kundigheid met Verkryging van Navorsingsteun | 875(12) |

#### TWEEDE JAAR

| | |
|---|---|
| Ontleding van Gesondheidsbeleid | 875(12) |
| Ekonomiese Evaluering | 875(12) |

### Keusemodules

Kies twee van die volgende modules.

| | |
|---|---|
| Biostatistiek II | 875(12) |
| Deelnemende (Aksie-) Navorsingsmetodes | 875(12) |
| Ewekansigbeheerde Proewe | 875(12) |
| Gevorderde Epidemiologie | 875(12) |
| Kennisoordrag | 875(12) |
| Kwalitatiewebewyssintese | 875(12) |
| Monitering en Evaluering | 875(12) |
| Opnamemetodes | 875(12) |
| Sistematiese Oorsig en Meta-analise | 875(12) |

### Navorsingswerkstuk

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk* | 875(60) |

*Die navorsingswerkstuk word oor die verloop van die program voltooi.

## EEG-baan

### Verpligte modules

#### EERSTE JAAR

| | |
|---|---|
| Biostatistiek I | 875(12) |
| Ekonomiese Evaluering | 875(12) |
| Grondbeginsels vir Epidemiologie | 875(12) |
| Inleiding tot Gesondheidsisteme en Openbare Gesondheid | 875(12) |
| Sistematiese Oorsig en Meta-analise | 875(12) |
| Skryf van Navorsingsvoorstel en Kundigheid met Verkryging van Navorsingsteun | 875(12) |

#### TWEEDE JAAR

| | |
|---|---|
| Gesondheidsorgfinansiering | 875(12) |
| Gevorderde Ekonomiese Evaluering | 875(12) |
| Prioriteitsbepaling in Gesondheidsorg | 875(12) |
| Sistematiese Oorsig van Ekonomiese Evaluering | 875(12) |

## Assessering en eksaminering

### Modules

- Jy moet alle geskeduleerde aanlyn en kontaksessies bywoon om vir die formatiewe- en summatiewe-evalueringsgeleenthede in aanmerking te kom.
- Formatiewe en summatiewe assessering van modules (120 krediete) word afgeneem. Formatiewe assessering vind tydens die module plaas, en 'n finale eksamen aan die einde van die module. Formatiewe en summatiewe assessering dra beide 50% tot die finale assesseringspunt by. Jy moet 'n minimum slaagsyfer van 45% in die formatiewe assessering tydens 'n module behaal om toelating tot die finale eksamen in die module te verkry.
- As jy minder as die subminimum van 45% vir formatiewe of summatiewe assessering in 'n module behaal, of minder as die algehele slaagpunt van 50% vir die module, sak jy die module.
- Die finale punt vir die program word volgens die kredietgewig van die individuele modules bereken.
- Jy moet 'n finale punt van ten minste 50% behaal om die program te slaag.
- Indien jy enige van die verpligte modules meer as een keer sak, kan jy die reg verbeur om vir die program te herregistreer.
- Jy moet suksesvol deelneem aan en kennis integreer in projekte, verslae en werkstukke.

### Navorsingswerkstuk

- Jy moet 'n bevredigende navorsingswerkstuk indien wat bewys lewer van jou vermoë om 'n onafhanklike wetenskaplike ondersoek te onderneem, die bevindinge te vertolk en op grond daarvan gevolgtrekkings te maak.
- Jy moet die voltooide navorsingswerkstuk in die voorgeskrewe formaat indien. Die werkstuk word deur sowel interne as eksterne eksaminatore volgens die riglyne van die Universiteit Stellenbosch geassesseer.
- Jy mag vir hoogstens drie jaar vir die navorsingswerkstuk registreer. As jy versuim om die navorsingswerkstuk binne hierdie tyd te voltooi, sal die Programkomitee van die Afdeling Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid jou prestasie amptelik evalueer, en mag jy die reg verbeur om vir die program te herregistreer.

### Navrae

Programleiers: Prof R English, prof L Nkonki en dr J Nyasulu
Programadministrateur: Me T Pietersen
Tel: 021 938 9375   E-pos: traceyp@sun.ac.za

## 5.3.3.10 MPhil in Ginekologiese Onkologie (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Een van die volgende kwalifikasies:

- LKOG (SA); of
- MMed (V&G); of
- 'n ekwivalente kwalifikasie vir registrasie as spesialis in Suid-Afrika.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy aansoek doen om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand. Indien jy suksesvol is, word jy dan tot die MPhil in Ginekologiese Onkologie toegelaat.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar voltyds en vier jaar deeltyds.

### Programinhoud

Beide modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Ginekologiese Onkologie | 872(135) |
| Werkstuk (Ginekologiese Onkologie) | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

- Om die module Kliniese Ginekologiese Onkologie suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend wees terwyl jy as spesialis in die Eenheid vir Ginekologiese Onkologie van die Departement Verloskunde en Ginekologie werksaam is. Verder moet jy moet 'n slaagsyfer van minstens 50% in die Sert Ginekologiese Onkologie (SA)-eksamen van die KGSA behaal.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsame assesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Indien jy 'n voltydse student is, moet jy die navorsingsprotokol binne drie maande ná registrasie as MPhil-student laat registreer en die navorsingswerkstuk binne 21 maande ná registrasie voltooi.
- Indien jy 'n deeltydse student is, moet jy die navorsingsprotokol binne ses maande ná registrasie as MPhil-student laat registreer en die navorsingswerkstuk binne 42 maande ná registrasie voltooi.
- Die navorsing moet in die vorm van 'n werkstuk of persklaar artikel ingedien word.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese Ginekologiese Onkologie 75%; en
  - Navorsingswerkstuk 25%.

### Navrae

Programleier: Dr FH van der Merwe
Tel: 021 938 9034   E-pos: haynes@sun.ac.za

### 5.3.3.11 MPhil in Hematologie (subspesialisprogram)

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKI (SA);
- MMed (Int); of
- 'n ekwivalente spesialiskwalifikasie.

#### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy aansoek doen om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand. Indien jy suksesvol is, word jy dan tot die MPhil in Hematologie toegelaat.

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

#### Programinhoud

Beide modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Hematologie | 872(135) |
| Werkstuk | 871(45) |

#### Assessering en eksaminering

- Om die module Kliniese Hematologie suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend wees terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Hematologie werksaam is. Verder moet jy 'n slaagsyfer van minstens 50% in die Sert Hematologie (SA)-eksamen van die KGSA behaal.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsame assesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Jy moet die navorsingsprotokol binne ses maande ná registrasie laat registreer en die navorsingswerkstuk binne twee jaar ná registrasie voltooi.
- Die werkstuk moet in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien word. Suksesvolle voltooiing van hierdie module word vereis vir toelating tot die Sert Hematologie (SA)-eksamen van die KGSA.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese Hematologie 75%; en
  - Navorsingswerkstuk 25%.

#### Navrae

Programleier: Dr F Fazel
Tel: 021 938 5888 E-pos: fbfazel@sun.ac.za

### 5.3.3.12 MPhil in Huisartskunde

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Gesondheidsberoepe-baccalaureusgraad (NKR-vlak 8) of 'n ekwivalente kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur vir hierdie doel.
- Registrasie as 'n gesondheidspraktisyn by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika, of die ekwivalent in die land waarin jy praktiseer.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

#### Programbeskrywing

Die onderrig- en leerstrategie in elke module word deur die aard van die vak bepaal. Modules word aangebied binne die raamwerk van 'n studentgesentreerde benadering met die doel om kritiese denke te stimuleer. Die program maak van didaktiese metodes, interaktiewe leer, groepsessies en aanlyn-afstandsonderrig gebruik. Onafhanklike leer word aangemoedig. Jy moet alle kontaksessies bywoon.

Die navorsingsprojek word onder leiding van 'n studieleier voltooi. Die tesis word oor die verloop van die twee jaar voltooi.

## Programinhoud

### EERSTE JAAR

| | |
|---|---|
| Beginsels van Huisartskunde | 817(20) |
| Navorsingskapasiteitsontwikkeling | 875(30) |

### TWEEDE JAAR

| | |
|---|---|
| Leierskap en Kliniese Bestuur | 873(20) |
| Onderrig en Leer in Huisartskunde | 812(20) |
| Tesis (Huisartskunde) | 875(90) |

## Assessering en eksaminering

- Buigsame assessering is van toepassing op alle modules.
- Die slaagpunt vir elke module is 50% en jy moet ook die tesis met 'n punt van minstens 50% slaag.
- Indien jy nie 'n module geslaag het nie, mag jy die module herhaal. Indien jy 'n module vir die tweede keer nie geslaag het nie, sal jy, op aanbeveling van die Fakulteitsraad, die reg om die module weer te herhaal ontneem word gebaseer op swak akademiese vordering.
- Jy moet 'n bevredigende tesis indien om jou vermoë te demonstreer om 'n onafhanklike wetenskaplike ondersoek te loods, die resultate te interpreteer en gevolgtrekkings uit die resultate te maak.
- Die tesis word volgens die riglyne van die Universiteit Stellenbosch geassesseer.
- Die finale punt word volgens die kredietgewigte van die individuele modules bereken.
- Om die MPhil in Huisartskunde te verwerf, moet jy 'n finale punt van minstens 50% behaal.
- Om die MPhil in Huisartskunde met onderskeiding te verwerf, moet jy 'n finale punt van minstens 75% behaal.

## Navrae

Programleier: Dr T Motsohi
Programadministrateur: Me N Cordon-Thomas
Tel: 021 938 9168 E-pos: nicolec@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/family-emergency/family-medicine/division-family-medicine-and-primary-care

# 5.3.3.13 MPhil in Infeksiesiektes (subspesialisprogram)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKI (SA);
- MMed (Int); of
- 'n ekwivalente spesialiskwalifikasie.

## Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy aansoek doen om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand. Indien jy suksesvol is, word jy dan tot die MPhil in Infeksiesiektes toegelaat.

## Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

## Programinhoud

Beide modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Infeksiesiektes | 872(135) |
| Werkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

- Om die module Kliniese Infeksiesiektes suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend wees terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Infeksiesiektes werksaam is. Verder moet jy 'n slaagsyfer van minstens 50% in die Sert Infeksiesiektes (SA)-eksamen van die KGSA behaal.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsame assesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Jy moet die navorsingsprotokol binne ses maande ná registrasie laat registreer en die navorsingswerkstuk binne twee jaar ná registrasie voltooi.
- Die werkstuk moet in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien word. Suksesvolle voltooiing van hierdie module word vereis vir toelating tot die Sert Infeksiesiektes (SA)-eksamen van die KGSA.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese Infeksiesiektes 75%; en
  - Navorsingswerkstuk 25%.

### Navrae

Programleier: Prof JJ Taljaard
Tel: 021 938 9074/9645  E-pos: jjt@sun.ac.za

## 5.3.3.14 MPhil in Kankerwetenskap

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies op NKR-vlak 8:
  - 'n MBChB of soortgelyke graad;
  - 'n vierjarige professionele baccalaureusgraad in 'n gesondheidsverwante dissipline;
  - 'n HonsBSc-graad van hierdie Universiteit of enige ander erkende universiteit; of
  - 'n gelykwaardige kwalifikasie wat deur die Senaat goedgekeur is.
- Indien jy jou kwalifikasies by nie-Suid-Afrikaanse instellings verwerf het, sal die Nagraadse Kantoor (Stellenbosch-kampus) hierdie kwalifikasies vir vergelykbaarheid beoordeel om vas te stel of jy in aanmerking kom vir toelating tot die program.
- Wiskunde op Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-)vlak, rekenaarvaardigheid en uitstekende vaardigheid in Engels (verbaal en skriftelik). Indien jy as internasionale kandidaat afkomstig is van 'n nie-Engelssprekende land moet jy saam met jou aansoek amptelike dokumentêre bewys lewer van jou vaardigheid in Engels. Dit mag onder meer die volgende insluit:
  - die uitslag van die IELTS-toets met 'n minimum IELTS-punt van 6,5,
  - die uitslag van die TOEFL-toets met 'n minimum TOEFL-punt van 550 (skriftelik) of 213 (rekenaargebaseer), verkieslik met 'n TWE-punt van 4,5, en/of
  - bewys en uitslae van enige ander Engelse kursusse wat jy bygewoon het (bv. English for Medical Students/Englisch für Mediziner).

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Kandidate word op akademiese meriete gekeur en alle aansoeke word deur 'n keuringskomitee oorweeg. Slegs 'n beperkte aantal studente word tot die program toegelaat.

### Duur van program

Die program word voltyds aangebied en strek oor 'n minimum tydperk van 18 maande.

### Programbeskrywing

Die MPhil in Kankerwetenskap is 'n interdissiplinêre program wat daarop gemik is om 'n diepgaande begrip van kanker vanuit 'n molekulêre, omgewings-, openbare gesondheids- en behandelingsperspektief te bied. Dit is gerig op studente wat hulle begrip van die kompleksiteite ten opsigte van kanker, wil verruim en kanker- of kankerverwante navorsing wil doen met die doel om die las op die mensdom te verlig. Die program is bedoel om die teoretiese en praktiese insigte te lewer wat nodig is om 'n oplossing te soek vir die toenemende voorkoms van kanker, en 'n roete te skep vir nagraadse studente wat 'n kankernavorsingsloopbaan wil betree met die doel om 'n uitwerking te hê op die kankersyfer en -sterftes. Die kenmerke van kanker is uiters kompleks en gegewe die navorsingsdiepte wat benodig word, sal hierdie program 'n stel vaardighede ontwikkel om die huidige kennis van die siekte te bevorder en kernprobleme deur middel van navorsing aan te pak.

Modules word aangebied deur middel van 'n kombinasie-onderrigbenadering wat bestaan uit kontaktyd van aangesig tot aangesig (lesings, tutoriale, en werfbesoeke waar toepaslik) en onafhanklike studie. Die meeste modules bestaan uit 50% kontaktyd en 50% onafhanklike studie (tensy anders gespesifiseer).

## Programinhoud

Die program bestaan uit modules met 'n totaal van 120 krediete en 'n navorsingswerkstuk van 60 krediete. Alle modules moet voltooi word.

### EERSTE JAAR

| | |
|---|---|
| Beginsels van Kankerterapie | 881(12) |
| Biostatistiek I | 875(12) |
| Biostatistiek II | 875(12) |
| Infeksies en Kanker | 875(12) |
| Inleiding tot Gesondheidsisteme en Openbare Gesondheid | 875(12) |
| Kankerepidemiologie | 873(12) |
| Kwalitatiewenavorsingsmetodes | 875(12) |
| Molekulêre Basis van Kanker en Tumorfisiologie | 871(12) |
| Skryf van Navorsingsvoorstel en Kundigheid met Verkryging van Navorsingsteun | 875(12) |
| Voeding en Kanker | 872(12) |

### TWEEDE JAAR

| | |
|---|---|
| Werkstuk (Kankerwetenskap) | 884(60) |

## Assessering en eksaminering

### Modules

- Buigsame en summatiewe assessering van modules (120 krediete) sal toegepas word deur middel van skriftelike eksamens, mondelinge voordragte, skriftelike opdragte en deelname aan besprekings. Buigsame assessering dra 50% by tot die modulepunt en summatiewe assessering ook 50%. Jy moet 'n slaagsyfer van 50% vir elke module behaal, met 'n subminimum van 45% vir sowel buigsame as summatiewe assessering.
- As jy minder as die subminimum van 45% vir formatiewe of summatiewe assessering in 'n module behaal, of minder as die algehele slaagpunt van 50% vir die module, sak jy die module.
- Indien jy 'n module meer as een keer sak, kan jy die reg ontneem word om vir die program te herregistreer.
- Jy moet suksesvol aan projekte, verslae en opdragte deelneem en kennis daardeur integreer.
- Streng sperdatums vir werksopdragte word afgedwing. Indien jy 'n opdrag ná die sperdatum en -tyd inlewer, sal dit nie geassesseer word nie. Universiteitsriglyne ten opsigte van wangedrag en oneerlikheid sal geld.

### Navorsingswerkstuk

- Jy moet 'n bevredigende werkstuk inlewer wat toon dat jy 'n onafhanklike wetenskaplike ondersoek kan doen, die resultate kan interpreteer en gevolgtrekkings uit die resultate kan maak. Die werkstuk word geassesseer volgens die riglyne van die Universiteit.
- Jy moet die voltooide navorsingswerkstuk in die voorgeskrewe formaat inlewer. Die navorsingswerkstuk sal intern asook ekstern geëksamineer word.
- Jy mag vir hoogstens drie jaar vir die navorsingswerkstuk registreer. As jy nie binne hierdie tyd die navorsingwerkstuk voltooi nie, sal jou prestasie amptelik deur die Programkomitee van die Departement van Globale Gesondheid hersien word, en jy mag die reg geweier word om weer vir die program te registreer.

## Navrae

Programleier: Prof Y Moodley
E-pos: yoshanm@sun.ac.za

### 5.3.3.15 MPhil in Kardiologie (subspesialisprogram)

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKI (SA);
- MMed (Int); of
- 'n ekwivalente spesialiskwalifikasie.

#### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy aansoek doen om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand. Indien jy suksesvol is, word jy dan tot die MPhil in kardiologie toegelaat.

#### Duur van program

Die program strek oor drie jaar.

#### Programinhoud

Beide modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Kardiologie | 872(135) |
| Werkstuk | 871(45) |

#### Assessering en eksaminering

- Om die module Kliniese Kardiologie suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend wees terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Kardiologie werksaam is. Verder moet jy 'n slaagsyfer van minstens 50% in die Sert Kardiologie (SA)-eksamen van die KGSA behaal.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsame assesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Jy moet die navorsingsprotokol binne ses maande ná registrasie laat registreer en die navorsingswerkstuk binne drie jaar ná registrasie voltooi.
- Die werkstuk moet in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien word. Suksesvolle voltooiing van hierdie module word vereis vir toelating tot die Sert Kardiologie (SA)-eksamen van die KGSA.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese Kardiologie 75%; en
  - Navorsingswerkstuk 25%.

#### Navrae

Programleier: Prof AJK Pecoraro
Tel: 021 938 4400 E-pos: pecoraro@sun.ac.za

### 5.3.3.16 MPhil in Kinder- en Adolessentepsigiatrie

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n meestersgraad in Geneeskunde in Psigiatrie;
  - 'n meestersgraad in Kliniese Sielkunde;
  - 'n genootskap van die Kollege van Psigiaters van Suid-Afrika; of
  - 'n soortgelyke kwalifikasie wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het.
- Registrasie as spesialispsigiater/kliniese sielkundige by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar. Jy moet in kliniese praktyk werk met oorwegend kinder- en adolessente kliënte.

## Programbeskrywing

Die onderwys- en leerstrategie in elke module word deur die aard van die studieveld bepaal. Modules word binne die raamwerk van 'n studentgesentreerde benadering aangebied met die doelwit om kritiese denke te stimuleer. Die program maak gebruik van didaktiese lesings, interaktiewe sessies, groepsessies en kliniese werk onder toesig. Onafhanklike studie word aangemoedig. Die navorsingsprojek word onder leiding van 'n studieleier gedoen.

## Programinhoud

### Eerste Jaar

| | |
|---|---|
| Etiek | 873(5) |
| Etiek en Wetgewing | 871(5) |
| Kliniese Kinderpsigiatrie | 871(40) |
| Ontwikkelingpsigiatrie | 871(10) |

### Tweede Jaar

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Konsultasie-liaisonpsigiatrie | 871(15) |
| Navorsingsmetodologie en -projek | 871(70) |

#### Keusemodules

| | |
|---|---|
| Baba- en Kleutergeestesgesondheid | 871(15) |
| Forensiese Kinderpsigiatrie | 871(15) |
| Gevorderde Kinderpsigoterapie | 871(10) |
| Gevorderde Pediatriese Psigofarmakologie | 871(10) |
| Pediatriese Neurosielkunde | 871(10) |
| Kindergeestesgesondheid-diensontwikkeling | 871(10) |
| Substansmisbruik by Jong Pasiënte | 871(15) |

## Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n gevalleboek as rekord van kliniese blootstelling byhou.
- Buigsame assessering geld vir alle modules en jy moet 'n finale punt van 50% behaal om te slaag.
- Indien jy 'n module sak, mag jy die assessering herhaal wat tot die finale punt vir die module bygedra het. Die betrokke modulevoorsitter kan die onderwerp en aard van die assessering behou of aanpas volgens sy diskresie.
- Indien jy 'n teoretiese module sak, mag jy dit herhaal. Indien jy egter 'n module vir die tweede keer sak, mag jy die reg tot herhaling van die module geweier word op aanbeveling van die Fakulteitsraad.
- In die geval waar jy nie genoegsame kliniese en/of professionele vordering (soos vervat in die module-/programgids) toon nie, sal jy die geleentheid gebied word tot remediëring van jou onvoldoende kliniese en/of professionele optrede of prestasie. Indien jy faal in die poging tot remediëring, sal jy slegs die module mag herhaal of met die program mag voortgaan op aanbeveling van die departementele programkomitee en die goedkeuring van die Fakulteitsraad.
- Jy moet 'n aanvaarbare navorsingswerkstuk inlewer wat jou vermoë demonstreer om 'n onafhanklike wetenskaplike ondersoek te loods, die resultate daarvan te interpreteer en gevolgtrekkings daaruit te maak.
- Die werkstuk word volgens riglyne van die Universiteit Stellenbosch geassesseer en jy moet 'n punt van minstens 50% behaal om te slaag.
- Die finale punt word volgens die geweegde krediete van elke module bepaal.
- Om die program te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 50% behaal.

## Navrae

Programleier: Dr FU Schulte
Tel: 021 938 9174    E-pos: fionaschulte@sun.ac.za

### 5.3.3.17 MPhil in Minimale Toegang Ginekologiese Chirurgie

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKOG (SA)
- MMed (V&G); of
- 'n ekwivalente spesialiskwalifikasie.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar voltyds en vier jaar deeltyds.

#### Programinhoud

Beide modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| Kliniese Komponent | 871(120) |
|---|---|
| Werkstuk (Minimale Toegang Ginekologiese Chirurgie) | 872(60) |

#### Assessering en eksaminering

- Om die kliniese komponent suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend wees terwyl jy as senior kliniese assistent in die Departement Verloskunde en Ginekologie werksaam is.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsame assesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Indien jy 'n voltydse student is, moet jy die navorsingsprotokol binne drie maande ná registrasie laat registreer, en die navorsingswerkstuk binne 21 maande ná registrasie voltooi.
- Indien jy 'n deeltydse student is, moet jy die navorsingsprotokol binne ses maande ná registrasie laat registreer, en die navorsingswerkstuk binne 42 maande ná registrasie voltooi.
- Die navorsing moet in die vorm van 'n werkstuk of 'n persklaar artikel ingedien word. Suksesvolle voltooiing van die navorsingswerkstuk word vereis vir toelating tot die formele skriftelike eksamen, objektief-gestruktureerde kliniese eksamen (OSKE), objektief-gestruktureerde praktiese eksamen (OSPE) en mondelinge eksamen soos opgestel en nagesien deur die Universiteit Stellenbosch.
- Jy moet 'n slaagsyfer van minstens 50% in die eksamens behaal.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese komponent 75%; en
  - Navorsingswerkstuk 25%.

#### Navrae

Programleier: Dr V Thomas
Tel: 021 938 9217 E-pos: vthomas@sun.ac.za

### 5.3.3.18 MPhil in Moeder- en Fetale Geneeskunde (subspesialisprogram)

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKOG (SA)
- MMed (V&G) of
- 'n ekwivalente kwalifikasie vir registrasie as spesialis in Suid-Afrika.

#### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy aansoek doen om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand. Indien jy suksesvol is, word jy dan tot die MPhil in Moeder- en Fetale Geneeskunde toegelaat.

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programinhoud

Beide modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Moeder- en Fetale Geneeskunde | 872(135) |
| Werkstuk (Moeder- en Fetale Geneeskunde) | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

- Om die module Kliniese Moeder- en Fetale Geneeskunde suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend wees terwyl jy as spesialis in die Eenheid vir Moeder- en Fetale Geneeskunde van die Departement Verloskunde en Ginekologie werksaam is. Verder moet jy 'n slaagsyfer van minstens 50% in die Sert Moeder- en Fetale Geneeskunde (SA)-eksamen van die KGSA behaal.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsame assesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Jy moet die navorsingsprotokol binne drie maande ná registrasie as MPhil-student laat registreer en die navorsingswerkstuk binne 21 maande ná registrasie voltooi.
- Die navorsing moet in die vorm van 'n werkstuk of persklaar artikel ingedien word.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese Moeder- en Fetale Geneeskunde 75%; en
  - Navorsingswerkstuk 25%.

### Navrae

Programleier: Dr S Budhram
Tel: 021 938 9382 E-pos: samant@sun.ac.za

## 5.3.3.19 MPhil in Nefrologie (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKI (SA);
- MMed (Int); of
- 'n ekwivalente spesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy aansoek doen om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand. Indien jy suksesvol is, word jy dan tot die MPhil in Nefrologie toegelaat.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programinhoud

Beide modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Nefrologie | 872(135) |
| Werkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

- Om die module Kliniese Nefrologie suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend wees terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Nefrologie werksaam is. Verder moet jy 'n slaagsyfer van minstens 50% in die Sert Nefrologie (SA)-eksamen van die KGSA behaal.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsame assesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Jy moet die navorsingsprotokol binne ses maande ná registrasie laat registreer en die navorsingswerkstuk binne twee jaar ná registrasie voltooi.
- Die werkstuk moet in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien word. Suksesvolle voltooiing van hierdie module word vereis vir toelating tot die Sert Nefrologie (SA)-eksamen van die KGSA.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese Nefrologie 75%; en
  - Navorsingswerkstuk 25%.

## Navrae

Programleier: Prof M Chothia
Tel: 021 938 9239    E-pos: yaziedc@sun.ac.za

# 5.3.3.20 MPhil in Neonatologie (subspesialisprogram)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKPed (SA);
- MMed (Ped); of
- 'n gelykstaande pediatriesespesialiskwalifikasie.

Die volgende word aanbeveel:

- NALS- (of ekwivalente gevorderde pasgeboreresussitasiekursus) kwalifikasie binne 6 maande nadat opleiding begin is, en
- Vorige opleiding in kraniale ultraklank en/of eggokardiografie.

## Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand aansoek doen (of bewys verskaf van alternatiewe befondsing om jou vir die twee jaar van studie in 'n botallige posisie te ondersteun). Indien jou aansoek slaag, word jy dan tot die MPhil in Neonatologie toegelaat.

## Duur

Die program duur twee jaar.

## Programinhoud

Die modules is gelyklopend en albei is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Neonatologie | 872(135) |
| Navorsingswerkstuk | 871(45) |

## Assessering en eksaminering

Om Kliniese Neonatologie 872 suksesvol af te handel, word die volgende vereis:

- bevredigende deelname terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Neonatologie werk.
- 'n slaagpunt van minstens 50% in die Sert Neonatologie (SA)-eksamen van die KGSA.
- suksesvolle voltooiing van 'n buigsameassesseringstrategie, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings;
- voldoende vordering en professionele gedrag, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.

Jy moet 'n portefeulje/logboek hou van kliniese aktiwiteite, relevante kursusse wat bygewoon is, ondervinding met die gebruik van formeleontwikkelingsassesseringsinstrumente en kennis van relevante dienste.

Daar word van jou verwag om 'n navorsingswerkstuk te voltooi. Jy moet die navorsingsprotokol registreer en departementele goedkeuring verkry binne ses maande nadat jy vir die program geregistreer het. Die protokol moet nie later nie as 12 maande na registrasie vir die program deur die relevante navorsingsetiekkomitees goedgekeur word. Jy moet die navorsingswerkstuk binne twee jaar na registrasie voltooi. Die navorsingswerkstuk moet in die vorm van 'n artikel wat gereed is vir publikasie ingedien word.

Die Sert Neonatologie (SA)-punt, sodra dit verwerf is, verteenwoordig die punt vir Kliniese Neonatologie 872.

Die modules dra soos volg tot die MPhil- finale punt by:

- Kliniese Neonatologie 75%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.

Die MPhil-klinieseopleidingstydperk is twee jaar. Na voltooiing van die klinieseopleidingsperiode, word van jou verwag om jou pos te ontruim. Daar word ook van jou verwag om die navorsingswerkstuk in hierdie tydperk te voltooi. Die maksimum tydperk van inskrywing vir die MPhil is vier jaar (sien " 7. Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk " in die hoofstuk "Algemene inligting" voor in hierdie jaarboekdeel).

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid oor die administratiewe reëls en regulasies, asook die MPhil (Neonatologie), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

## Navrae

Programleier: Prof GTJ Kali
Tel: 021 938 9219 E-pos: kali@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health

# 5.3.3.21 MPhil in Neuropsigiatrie – Kliniese Neuropsigiatrie

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n meestersgraad in Geneeskunde in Psigiatrie of Neurologie;
  - 'n genootskap van die Kollege van Psigiaters/Neuroloë van Suid-Afrika; of
  - 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het.
- Registrasie as mediese praktisyn in die kategorie onafhanklike praktyk/spesialis-psigiater/spesialisneuroloog by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

## Duur van Program

Die program strek oor twee jaar.

## Programbeskrywing

Die onderwys- en leerstrategie in elke module word bepaal deur die aard van die studieveld. Die modules word aangebied binne die raamwerk van 'n studentgesentreerde benadering met die doel om kritiese denke te stimuleer. Die program maak gebruik van didaktiese lesings, interaktiewe sessies, groepsessies en kliniese werk onder toesig. Onafhanklike studie word aangemoedig. Die navorsingsprojek word onder leiding van 'n studieleier gedoen.

## Programinhoud

**EERSTE JAAR**

| | |
|---|---|
| Etiek | 871(5) |
| Navorsingsmetodiek | 871(5) |
| Neuropsigofarmakologie | 871(5) |
| Toegepaste MIV-geneeskunde | 871(10) |
| Toegepaste Neurologie | 871(10) |
| Toegepaste Psigiatrie van die Bejaarde | 871(10) |
| Toegepaste Psigosomatiese Geneeskunde | 871(10) |

**TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Kliniese Beelding | 871(5) |
| Kliniese Neuropsigiatrie | 871(55) |
| Navorsingswerkstuk | 871(60) * |
| Neurosielkundige en Gespesialiseerde Evaluasies | 871(5) |

* Die navorsingsprojek word oor die twee jaar van die kursus voltooi.

## Assessering en eksaminering

- Buigsame assessering geld vir alle modules en jy moet 'n finale punt van 50% behaal om te slaag.
- Jy sal gereeld as deel van die buigsame assesseringstrategie geassesseer word en jy moet 'n gevalleboek byhou as rekord van jou kliniese blootstelling.
- Indien jy 'n module sak, mag jy die assessering herhaal wat tot die finale punt vir die module bygedra het. Die onderwerp en aard van die assessering(s) mag onveranderd bly of daar mag van jou verwag word om 'n gewysigde assessering(s) af te lê. Hierdie besluit word aan die diskresie van die betrokke modulevoorsitter oorgelaat.
- Indien jy 'n module sak, mag jy dit herhaal. Indien jy egter 'n module vir die tweede keer sak, mag jy die reg tot herhaling van die module geweier word op aanbeveling van die Fakulteitsraad.
- In die geval waar jy nie genoegsame kliniese en/of professionele vordering (soos vervat in die module-/programgids) toon nie, sal jy die geleentheid gebied word tot remediëring van jou

onvoldoende kliniese en/of professionele optrede of prestasie. Indien jy in die poging tot remediëring misluk, sal jy slegs die module mag herhaal of met die program mag voortgaan op aanbeveling van die departementele programkomitee en die goedkeuring van die Fakulteitsraad.

- Jy moet 'n aanvaarbare navorsingswerkstuk inlewer wat jou vermoë demonstreer om 'n onafhanklike wetenskaplike ondersoek te loods, die resultate daarvan te interpreteer en gevolgtrekkings daaruit te maak.
- Die werkstuk word volgens riglyne van die Universiteit Stellenbosch geassesseer en jy moet 'n punt van minstens 50% behaal om te slaag.
- Die finale punt word bepaal volgens die geweegde krediete van elke module.
- Om die program te slaag moet jy 'n finale punt van minstens 50% behaal.

### Navrae

Programleier: Dr L Asmal
Tel: 021 938 9623    E-pos: laila@sun.ac.za

## 5.3.3.22 MPhil in Neuropsigiatrie – Psigosomatiese Geneeskunde

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n meestersgraad in Geneeskunde in Psigiatrie;
  - 'n genootskap van die Kollege van Psigiaters van Suid-Afrika; of
  - 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het.
- Registrasie as mediese praktisyn in die kategorie onafhanklike praktyk/spesialispsigiater by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programbeskrywing

Die onderwys- en leerstrategie in elke module word bepaal deur die aard van die studieveld. Die modules word aangebied binne die raamwerk van 'n studentgesentreerde benadering met die doelwit om kritiese denke te stimuleer. Die program maak gebruik van didaktiese lesings, interaktiewe sessies, groepsessies en kliniese werk onder toesig. Onafhanklike studie word aangemoedig. Die navorsingsprojek word onder leiding van 'n studieleier gedoen.

### Programinhoud

**EERSTE JAAR**

| | |
|---|---|
| Etiek | 871(5) |
| Navorsingsmetodiek | 871(5) |
| Neuropsigofarmakologie | 871(5) |
| Toegepaste MIV-geneeskunde | 871(10) |
| Toegepaste Neurologie | 871(10) |
| Toegepaste Neuropsigiatrie | 871(10) |
| Toegepaste Psigiatrie van die Bejaarde | 871(10) |

**TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Kliniese Beelding | 871(5) |
| Navorsingswerkstuk | 871(60) * |
| Neurosielkundige en Gespesialiseerde Evaluasies | 871(5) |
| Psigosomatiese Geneeskunde | 871(55) |

* Die navorsingsprojek word oor die twee jaar van die kursus voltooi.

### Assessering en eksaminering

- Buigsame assessering geld vir alle modules en jy moet 'n finale punt van 50% behaal om te slaag.
- Jy sal gereeld as deel van die buigsame-assesseringstrategie geassesseer word en jy moet 'n

gevalleboek as rekord van jou kliniese blootstelling byhou.

- Indien jy 'n module sak, mag jy die assessering herhaal wat bygedra het tot die finale punt vir die module. Die onderwerp en aard van die assessering(s) mag onveranderd bly of daar mag van jou verwag word om 'n gewysigde assessering(s) af te lê. Hierdie besluit word aan die diskresie van die betrokke modulevoorsitter oorgelaat.
- Indien jy 'n module sak, mag jy dit herhaal. Indien jy egter 'n module vir die tweede keer sak, mag jy die reg tot herhaling van die module geweier word op aanbeveling van die Fakulteitsraad.
- In die geval waar jy nie genoegsame kliniese en/of professionele vordering (soos vervat in die module-/programgids) toon nie, sal jy die geleentheid gebied word tot remediëring van jou onvoldoende kliniese en/of professionele optrede of prestasie. Indien jy in die poging tot remediëring misluk, sal jy slegs die module mag herhaal of met die program mag voortgaan op aanbeveling van die departementele programkomitee en die goedkeuring van die Fakulteitsraad.
- Jy moet 'n aanvaarbare navorsingswerkstuk inlewer wat jou vermoë demonstreer om 'n onafhanklike wetenskaplike ondersoek te loods, die resultate daarvan te interpreteer en gevolgtrekkings daaruit te maak.
- Die werkstuk word volgens riglyne van die Universiteit Stellenbosch geassesseer en 'n punt van minstens 50% moet behaal word om te slaag.
- Die finale punt word bepaal volgens die geweegde krediete van elke module.
- Om die program te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 50% behaal.

### Navrae

Programleier: Dr K Louw
Tel: 021 938 9765 E-pos: kerrylouw@sun.ac.za

## 5.3.3.23 MPhil in Neuropsigiatrie – Psigogeriatrie

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n meestersgraad in Geneeskunde in Psigiatrie/Neurologie;
  - 'n genootskap van die Kollege van Psigiaters/Neuroloë van Suid-Afrika; of
  - 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het.
- Registrasie as 'n mediese praktisyn in die kategorie onafhanklike praktyk/spesialispsigiater by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programbeskrywing

Die onderwys- en leerstrategie in elke module word bepaal deur die aard van die studieveld. Die modules word aangebied binne die raamwerk van 'n studentgesentreerde benadering met die doel om kritiese denke te stimuleer. Die program maak gebruik van didaktiese lesings, interaktiewe sessies, groepsessies en kliniese werk onder toesig. Onafhanklike leer word aangemoedig. Die navorsingsprojek word onder leiding van 'n studieleier gedoen.

### Programinhoud

**EERSTE JAAR**

| | |
|---|---|
| Etiek | 871(5) |
| Navorsingsmetodiek | 871(5) |
| Neuropsigofarmakologie | 871(5) |
| Toegepaste MIV-geneeskunde | 871(10) |
| Toegepaste Neurologie | 871(10) |
| Toegepaste Neuropsigiatrie | 871(10) |
| Toegepaste Psigosomatiese Geneeskunde | 871(10) |

**TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Kliniese Beelding | 871(5) |
| Navorsingswerkstuk | 871(60) * |
| Neurosielkundige en Gespesialiseerde Evaluasies | 871(5) |
| Psigogeriatrie | 871(45) |
| Toegepaste Geriatriese Geneeskunde | 871(10) |

* Die navorsingswerkstuk word oor die twee jaar van die program voltooi.

## Assessering en eksaminering

- Buigsame assessering geld vir alle modules en jy moet 'n finale punt van 50% behaal om te slaag.
- Jy sal gereeld as deel van die buigsame-assesseringstrategie geassesseer word en jy moet 'n gevalleboek as rekord van jou kliniese blootstelling byhou.
- Indien jy 'n module sak, mag jy die assessering wat bygedra het tot die finale punt vir die module herhaal. Die onderwerp en aard van die assessering(s) mag onveranderd bly of daar mag van jou verwag word om 'n gewysigde assessering(s) af te lê. Hierdie besluit word aan die diskresie van die betrokke modulevoorsitter oorgelaat.
- Indien jy 'n module sak, mag jy dit herhaal. Indien jy egter 'n module vir die tweede keer sak, mag jy die reg tot herhaling van die module geweier word op aanbeveling van die Fakulteitsraad.
- In die geval waar jy nie genoegsame kliniese en/of professionele vordering (soos vervat in die module-/programgids) toon nie, sal jy die geleentheid gebied word tot remediëring van jou onvoldoende kliniese en/of professionele optrede of prestasie. Indien jy in die poging tot remediëring misluk, sal jy slegs die module mag herhaal of met die program mag voortgaan op aanbeveling van die departementele programkomitee en die goedkeuring van die Fakulteitsraad.
- Jy moet 'n aanvaarbare navorsingswerkstuk inlewer wat jou vermoë demonstreer om 'n onafhanklike wetenskaplike ondersoek te loods, die resultate daarvan te interpreteer en gevolgtrekkings daaruit te maak.
- Die werkstuk word volgens riglyne van die Universiteit Stellenbosch geassesseer en 'n punt van minstens 50% moet behaal word om te slaag.
- Die finale punt word volgens die geweegde krediete van elke module bepaal.
- Om die program te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 50% behaal.

## Navrae

Programleier: Dr DJH Niehaus
Tel: 021 938 9023 E-pos: djhn@sun.ac.za

### 5.3.3.24 MPhil in Noodgeneeskunde

*Let op:*
Hierdie program word nie in 2024 aangebied nie.

## Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Kwalifikasie op minstens NKR-vlak 8.
- Registrasie by die betrokke Suid-Afrikaanse beroepsliggaam (soos die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika [RGSA] of die SA Raad op Verpleging).
- Jy moet in staat wees om in mediese Engels gesprekke te voer en te skryf, en jy moet 'n basiese rekenaargeletterdheidseksamen slaag wat deur die Afdeling Noodgeneeskunde voorsien sal word nadat jy op die kortlys geplaas is.
- Vir die Kliniese Noodsorg-stroom moet jy ten minste twee jaar ervaring in noodsorg hê ná die afhandeling van jou internskap en moet jy twee van die gevorderde lewensonderhoudingskursusse (ACLS, APLS, PALS, ATLS, FEC) suksesvol voltooi het.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Voornemende studente moet die Afdeling Noodgeneeskunde kontak voordat hulle aansoek doen. Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Mediese praktisyns, verpleegsters en paramedici sal tot die strome Kliniese Noodsorg, en Pasiëntveiligheid en Kliniese Besluitneming toegelaat word. Slegs mediese praktisyns sal tot die Afrika-noodsorgstroom toegelaat word.

## Duur van program

Die program strek oor twee jaar deeltyds.

## Programbeskrywing

Nie-oordraagbare siektes plaas 'n immer toenemende las op gesondheidstelsels in Afrika, suid van die Sahara. Noodgeneeskunde is 'n relatief nuwe spesialisasieveld met baie min spesialiste in Suid-Afrika, en byna geen elders op die vasteland nie. Daarbenewens is die Noodeenheid die punt waar die siekste individue die gesondheidstelsel binnetree. Dit beteken dat die meeste van dié versorging tans behartig word deur personeel wat nie spesialiste is nie. Die MPhil-program is daarop gemik om die vaardighede van dokters, paramedici en verpleegsters wat noodsorg betref, te verbeter.

Hierdie program word deur middel van kursuswerk en 'n navorsingwerkstuk/tesis voltooi.

Daar is drie hoofstrome:

- Kliniese Noodsorg vir dokters, verpleegsters en paramedici betrokke by noodsorg, wat 'n 60-kredietwerkstuk insluit;
- Afrika-noodsorg vir gekwalifiseerde dokters, wat 'n 90-krediettesis insluit; en
- Pasiëntveiligheid en Kliniese Besluitneming vir dokters, verpleegsters en paramedici. Twee opsies is beskikbaar: Opsie A (met 'n 60-kredietwerkstuk) en Opsie B (met 'n 90-krediettesis).

## Programinhoud

### Hoofstroom A – Kliniese Noodsorg

#### Eerste jaar

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Kliniesenavorsingsmetodes I | 871(15) |
| Kliniese Noodsorg I | 871(15) |
| Kliniese Noodsorg II | 871(15) |

**Keusemodules**

Kies twee van die onderstaande modules.

| | |
|---|---|
| Ambulatoriese Sorg en Reismedikasie | 871(15) |
| Bestuur en Leierskap | 871(15) |
| Opvoeding en Opleiding in Noodsorg | 871(15) |
| Ramp- Mediese Responsopleiding | 871(15) |
| Rampsituasie-geneeskunde | 871(15) |

#### Tweede jaar

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Gesondheidsorgsisteme | 871(15) |
| Kliniesenavorsingsmetodes II | 871(15) |
| Resussitasie en Kritieke Sorg | 871(15) |
| Werkstuk (Noodgeneeskunde) | 871(60) * |

* Die navorsingswerkstuk word oor die verloop van die twee jaar voltooi.

### Hoofstroom B – Afrika-noodsorg

#### Eerste jaar

**Verpligte modules**

| | |
|---|---|
| Afrika-noodsorg | 871(15) |
| Kliniesenavorsingsmetodes I | 871(15) |

**Keusemodules**

Kies twee van die onderstaande modules.

| | |
|---|---|
| Bestuur en Leierskap | 871(15) |
| Opvoeding en Opleiding in Noodsorg | 871(15) |
| Ramp- Mediese Responsopleiding | 871(15) |
| Rampsituasie-geneeskunde | 871(15) |

### TWEEDE JAAR

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Gesondheidsorgsisteme | 871(15) |
| Kliniesenavorsingsmetodes II | 871(15) |
| Tesis (Noodgeneeskunde) | 872(90) * |

*Die tesis word oor die verloop van die twee jaar voltooi.

## Hoofstroom C – Pasiëntveiligheid en Kliniese Besluitneming (Opsie A)

### EERSTE JAAR

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Gesondheidsorgsisteme | 871(15) |
| Kritiese Besluitneming in Noodsorg | 871(15) |
| Kliniesenavorsingsmetodes I | 871(15) |
| Pasiëntveiligheid en -vloei | 871(15) |

### TWEEDE JAAR

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Bestuur en Leierskap | 871(15) |
| Kliniesenavorsingsmetodes II | 871(15) |
| Opvoeding en Opleiding in Noodsorg | 871(15) |
| Voortdurende Gehalteverbetering | 871(15) |
| Werkstuk (Noodgeneeskunde) | 871(60) * |

*Die navorsingswerkstuk word oor die verloop van die twee jaar voltooi.

## Hoofstroom C – Pasiëntveiligheid en Kliniese Besluitneming (Opsie B)

### EERSTE JAAR

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Gesondheidsorgsisteme | 871(15) |
| Kritiese Besluitneming in Noodsorg | 871(15) |
| Kliniesenavorsingsmetodes I | 871(15) |
| Pasiëntveiligheid en -vloei | 871(15) |

### TWEEDE JAAR

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Kliniesenavorsingsmetodes II | 871(15) |
| Tesis (Noodgeneeskunde) | 872(90) * |

* Die tesis word oor die verloop van die twee jaar voltooi.

#### Keusemodules

Kies een van die onderstaande modules.

| | |
|---|---|
| Bestuur en Leierskap | 871(15) |
| Opvoeding en Opleiding in Noodsorg | 871(15) |
| Voortdurende Gehalteverbetering | 871(15) |

## Assessering en eksaminering

- 'n Selfbesinningsportefeulje rakende kliniese ervarings moet op vasgestelde tye aan die Afdeling voorgelê word, soos uiteengesit in die portefeuljeriglyne.
- Afhangende van die modulekombinasies mag daar van jou vereis word om sekere eerstejaars-modules te slaag voordat jy toegelaat word om vir tweedejaarsmodules in te skryf.
- Assessering word, onder andere, deur middel van werkstukke, vaardigheidsessies, toetse en

eksamens gedoen.

- Alle modules is aan buigsame assessering onderhewig.
- Jy moet 'n minimum punt van 50% in elke module behaal vir sowel die formatiewe as die summatiewe assessering.
- Jy moet 'n navorsingswerkstuk inhandig wat jou vermoë toon om 'n onafhanklike wetenskaplike ondersoek uit te voer, die resultate te interpreteer en afleidings gegrond op daardie resultate te maak.
- Die navorsingswerkstuk sal geëvalueer word volgens die Universiteit Stellenbosch se riglyne. 'n Minimum van 50% moet behaal word om die navorsingswerkstuk te slaag.
- Die finale punt word bereken volgens die kredietgewigte van die individuele modules.
- Jy moet 'n finale punt van minstens 50% behaal om die program te slaag.

## Navrae

Programleier: Prof HI Geduld
Tel: 021 938 9992 E-pos: emed@sun.ac.za

### 5.3.3.25 MPhil in Ontwikkelingspediatrie (subspesialisprogram)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKPed (SA);
- MMed (Ped); of
- 'n gelykstaande pediatriesespesialiskwalifikasie.

## Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand aansoek doen (of bewys verskaf van alternatiewe befondsing om jou vir die twee jaar van studie in 'n botallige posisie te ondersteun). Indien jou aansoek slaag, word jy dan tot die MPhil in Ontwikkelingspediatrie toegelaat.

## Duur

Die program duur twee jaar.

## Programinhoud

Die modules is gelyklopend en albei is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Ontwikkelingspediatrie | 872(135) |
| Navorsingswerkstuk | 871(45) |

## Assessering en eksaminering

Om Kliniese Ontwikkelingspediatrie 872 suksesvol af te handel, word die volgende vereis:

- bevredigende deelname terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Ontwikkelingspediatrie werk.
- 'n slaagpunt van minstens 50% in die Sert Ontwikkelingspediatrie (SA) eksamen van die KGSA.
- suksesvolle voltooiing van 'n buigsame assesseringstrategie, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.
- voldoende vordering en professionele gedrag, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.

Jy moet 'n portefeulje/logboek hou van kliniese aktiwiteite, relevante kursusse wat bygewoon is, ondervinding met die gebruik van formeleontwikkelingsassesseringsinstrumente en kennis van relevante dienste. Daar word ook van jou verwag om 'n navorsingswerkstuk te voltooi. Jy moet die navorsingsprotokol registreer en departementele goedkeuring verkry binne ses maande nadat jy vir die program geregistreer het. Die protokol moet nie later nie as 12 maande na registrasie vir die program deur die relevante navorsingsetiekkomitees goedgekeur word. Jy moet die navorsingswerkstuk binne twee jaar na registrasie voltooi. Die navorsingswerkstuk moet in die vorm van 'n artikel wat gereed is vir publikasie ingedien word. Die Sert Ontwikkelingspediatrie (SA)-punt, sodra dit verwerf is, verteenwoordig die punt vir Kliniese Ontwikkelingspediatrie 872.

Die modules dra soos volg tot die MPhil- finale punt by:

- Kliniese Ontwikkelingspediatrie 75%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.

Die MPhil-klinieseopleidingstydperk is twee jaar. Na voltooiing van die klinieseopleidingsperiode word van

jou verwag om jou pos te ontruim. Daar word ook van jou verwag om die navorsingswerkstuk in hierdie tydperk te voltooi. Die maksimum tydperk van inskrywing vir die MPhil is vier jaar ((sien " 7. Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk " in die hoofstuk "Algemene inligting" voor in hierdie jaarboekdeel).

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid oor die administratiewe reëls en regulasies, asook die MPhil (Ontwikkelingspediatrie), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

### Navrae

Programleier: Dr A Thomas
Tel: 021 938 9888    E-pos: angeline@sun.ac.za

## 5.3.3.26 MPhil in Pediatriese Endokrinologie (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKPed (SA);
- MMed (Ped); of
- 'n gelykstaande pediatriesespesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand aansoek doen (of bewys verskaf van alternatiewe befondsing om jou vir die twee jaar van studie in 'n botallige posisie te ondersteun). Indien jou aansoek slaag, word jy dan tot die MPhil in Pediatriese Endokrinologie toegelaat.

### Duur

Die program duur twee jaar.

### Programinhoud

Die modules is gelyklopend en albei is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Pediatriese Endokrinologie | 872(135) |
| Navorsingswerkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

Om Kliniese Pediatriese Endokrinologie 872 suksesvol af te handel, word die volgende vereis:

- bevredigende deelname terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Pediatriese Endokrinologie werk
- 'n slaagpunt van minstens 50% in die Sert Endokrinologie & Metabolisme (SA) Ped-eksamen van die KGSA.
- suksesvolle voltooiing van 'n buigsameassesseringstrategie, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.
- voldoende vordering en professionele gedrag, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.

Jy moet 'n portefeulje/logboek hou van kliniese aktiwiteite, relevante kursusse wat bygewoon is, ondervinding met die gebruik van formele ontwikkelingsassesseringsinstrumente en kennis van relevante dienste.

Daar word van jou verwag om 'n navorsingswerkstuk te voltooi. Jy moet die navorsingsprotokol registreer en departementele goedkeuring verkry binne ses maande nadat jy vir die program geregistreer het. Die protokol moet nie later nie as 12 maande na registrasie vir die program deur die relevante navorsingsetiekkomitees goedgekeur word. Jy moet die navorsingswerkstuk binne twee jaar na registrasie voltooi. Die navorsingswerkstuk moet ingedien word in die vorm van 'n artikel wat gereed is vir publikasie.

Die Sert Endokrinologie (SA) Ped-punt, sodra dit verwerf is, verteenwoordig die punt vir Kliniese Pediatriese Endokrinologie 872.

Die modules dra soos volg tot die MPhil- finale punt by:

- Kliniese Pediatriese Endokrinologie 75%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.

Die MPhil-klinieseopleidingstydperk is twee jaar. Na voltooiing van die klinieseopleidingsperiode word van jou verwag om jou pos te ontruim. Daar word ook van jou verwag om die navorsingswerkstuk in hierdie tydperk te voltooi. Die maksimum tydperk van inskrywing vir die MPhil is 4 jaar (sien " 7. Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk " in die hoofstuk "Algemene inligting" voor in hierdie jaarboekdeel).

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid oor die administratiewe reëls en regulasies, asook die MPhil (Pediatr Endokrinologie), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

#### Navrae

Programleier: Dr M Grantham
Tel: 021 938 9663 E-pos: mgrantham@sun.ac.za

### 5.3.3.27 MPhil in Pediatriese Gastroënterologie, Hepatologie en Voeding (subspesialisprogram)

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKPed (SA);
- MMed (Ped); of
- 'n gelykstaande pediatriesespesialiskwalifikasie.

#### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand aansoek doen (of bewys verskaf van alternatiewe befondsing om jou vir die twee jaar van studie in 'n botallige posisie te ondersteun). Indien jou aansoek slaag, word jy dan tot die MPhil in Pediatriese Gastroënterologie, Hepatologie en Voeding toegelaat.

#### Duur

Die program duur twee jaar.

#### Programinhoud

Die modules is gelyklopend en albei is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Pediatriese Gastroënterologie | 872(135) |
| Navorsingswerkstuk | 871(45) |

#### Assessering en eksaminering

Om Kliniese Pediatriese Gastroënterologie 872 suksesvol af te handel, word die volgende vereis:

- bevredigende deelname terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Pediatriese Gastroënterologie werk.
- 'n slaagpunt van minstens 50% in die Sert Gastroënterologie (SA) Ped-eksamen van die KGSA.
- suksesvolle voltooiing van 'n buigsameassesseringstrategie, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.
- voldoende vordering en professionele gedrag, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.

Jy moet 'n portefeulje/logboek hou van kliniese aktiwiteite, relevante kursusse wat bygewoon is, ondervinding met die gebruik van formeleontwikkelingsassesseringsinstrumente en kennis van relevante dienste.

Daar word van jou verwag om 'n navorsingswerkstuk te voltooi. Jy moet die navorsingsprotokol registreer en departementele goedkeuring verkry binne ses maande nadat jy vir die program geregistreer het. Die protokol moet nie later nie as 12 maande na registrasie vir die program deur die relevante navorsings-etiekkomitees goedgekeur word. Jy moet die navorsingswerkstuk binne twee jaar na registrasie voltooi. Die navorsingswerkstuk moet ingedien word in die vorm van 'n artikel wat gereed is vir publikasie.

Die Sert Gastroënterologie (SA) Ped-punt, sodra dit verwerf is, verteenwoordig die punt vir Kliniese Pediatriese Gastroënterologie 872.

Die modules dra soos volg tot die MPhil- finale punt by:

- Kliniese Pediatriese Gastroënterologie 75%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.

Die MPhil-klinieseopleidingstydperk is twee jaar. Na voltooiing van die klinieseopleidingsperiode word van jou verwag om jou pos te ontruim. Daar word ook van jou verwag om die navorsingswerkstuk in hierdie tydperk te voltooi. Die maksimum tydperk van inskrywing vir die MPhil is vier jaar (sien " 7. Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk " in die hoofstuk "Algemene inligting" voor in hierdie jaarboekdeel).

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid oor die administratiewe reëls en regulasies, asook die MPhil (Pediatr Gastr Hep Voed), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

### Navrae

Programleier: Dr T Mokoto
Tel: 021 938 9570    E-pos: tshepang@sun.ac.za

Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health

## 5.3.3.28 MPhil in Pediatriese Infeksiesiektes (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKPed (SA);
- MMed (Ped); of
- 'n gelykstaande pediatriesespesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand aansoek doen (of bewys verskaf van alternatiewe befondsing om jou vir die twee jaar van studie in 'n botallige posisie te ondersteun). Indien jou aansoek slaag, word jy dan tot die MPhil in Pediatriese Infeksiesiektes toegelaat.

### Duur

Die program duur twee jaar.

### Programinhoud

Die modules is gelyklopend en albei is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Pediatriese Infeksiesiektes | 872(135) |
| Navorsingswerkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

Om Kliniese Pediatriese Infeksiesiektes 872 suksesvol af te handel, word die volgende vereis:

- bevredigende deelname terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Pediatriese Infeksiesiektes werk.
- 'n slaagpunt van minstens 50% in die Sert Infeksiesiektes (SA) Ped-eksamen van die KGSA.
- suksesvolle voltooiing van 'n buigsameassesseringstrategie, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.
- voldoende vordering en professionele gedrag, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.

Jy moet 'n portefeulje/logboek hou van kliniese aktiwiteite, relevante kursusse wat bygewoon is, ondervinding met die gebruik van formeleontwikkelingsassesseringsinstrumente en kennis van relevante dienste.

Daar word van jou verwag om 'n navorsingswerkstuk te voltooi. Jy moet die navorsingsprotokol registreer en departementele goedkeuring verkry binne ses maande nadat jy vir die program geregistreer het. Die protokol moet nie later nie as 12 maande na registrasie vir die program deur die relevante navorsingsetiekkomitees goedgekeur word. Jy moet die navorsingswerkstuk binne twee jaar na registrasie voltooi. Die navorsingswerkstuk moet ingedien word in die vorm van 'n artikel wat gereed is vir publikasie.

Die Sert Infeksiesiektes (SA) Ped-punt, sodra dit verwerf is, verteenwoordig die punt vir Kliniese Pediatriese Infeksiesiektes 872.

Die modules dra soos volg tot die MPhil- finale punt by:

- Kliniese Pediatriese Infeksiesiektes 75%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.

Die MPhil-klinieseopleidingstydperk is twee jaar. Na voltooiing van die klinieseopleidingsperiode word van jou verwag om jou pos te ontruim. Daar word ook van jou verwag om die navorsingswerkstuk in hierdie tydperk te voltooi. Die maksimum tydperk van inskrywing vir die MPhil is vier jaar (sien " 7. Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk " in die hoofstuk "Algemene inligting" voor in hierdie jaarboekdeel).

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid oor die administratiewe reëls en regulasies, asook die MPhil (Pediatr Infeksiesiekt), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

### Navrae

Programleier: Prof H Rabie
Tel: 021 938 9064    E-pos: hrabie@sun.ac.za

Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health

## 5.3.3.29 MPhil in Pediatriese Kardiologie (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKPed (SA);
- MMed (Ped); of
- 'n gelykstaande pediatriesespesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand aansoek doen (of bewys verskaf van alternatiewe befondsing om jou vir die twee jaar van studie in 'n botallige posisie te ondersteun). Indien jou aansoek slaag, word jy dan tot die MPhil in Pediatriese Kardiologie toegelaat.

### Duur

Die program duur twee jaar.

### Programinhoud

Die modules is gelyklopend en albei is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Pediatriese Kardiologie | 872(135) |
| Navorsingswerkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

Om Kliniese Pediatriese Kardiologie 872 suksesvol af te handel, word die volgende vereis:

- bevredigende deelname terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Pediatriese Kardiologie werk.
- 'n slaagpunt van minstens 50% in die Sert Kardiologie (SA) Ped-eksamen van die KGSA.
- suksesvolle voltooiing van 'n buigsameassesseringstrategie, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.
- voldoende vordering en professionele gedrag, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.

Jy moet 'n portefeulje/logboek hou van kliniese aktiwiteite, relevante kursusse wat bygewoon is, ondervinding met die gebruik van formeleontwikkelingsassesseringsinstrumente en kennis van relevante dienste.

Daar word van jou verwag om 'n navorsingswerkstuk te voltooi. Jy moet die navorsingsprotokol registreer en departementele goedkeuring verkry binne ses maande nadat jy vir die program geregistreer het. Die protokol moet nie later nie as 12 maande na registrasie vir die program deur die relevante navorsingsetiekkomitees goedgekeur word. Jy moet die navorsingswerkstuk binne twee jaar na registrasie voltooi. Die navorsingswerkstuk moet ingedien word in die vorm van 'n artikel wat gereed is vir publikasie.

Die Sert Kardiologie (SA) Ped-punt, sodra dit verwerf is, verteenwoordig die punt vir Kliniese Pediatriese Kardiologie 872.

Die modules dra soos volg tot die MPhil- finale punt by:

- Kliniese Pediatriese Kardiologie 75%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.

Die MPhil-klinieseopleidingstydperk is twee jaar. Na voltooiing van die klinieseopleidingsperiode word van jou verwag om jou pos te ontruim. Daar word ook van jou verwag om die navorsingswerkstuk in hierdie tydperk te voltooi. Die maksimum tydperk van inskrywing vir die MPhil is vier jaar (sien " 7. Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk " in die hoofstuk "Algemene inligting" voor in hierdie jaarboekdeel).

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid oor die administratiewe reëls en regulasies, asook die MPhil (Pediatriese Kardiol), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

### Navrae

Programleier: Dr B Fourie
Tel: 021 938 9219 E-pos: bfourie@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health

## 5.3.3.30 MPhil in Pediatriese Kritieke Sorg (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKPed (SA);
- MMed (Ped); of
- 'n gelykstaande pediatriesespesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand aansoek doen (of bewys verskaf van alternatiewe befondsing om jou vir die twee jaar van studie in 'n botallige posisie te ondersteun). Indien jou aansoek slaag, word jy dan tot die MPhil in Pediatriese Kritieke Sorg toegelaat.

### Duur

Die program duur twee jaar.

### Programinhoud

Die modules is gelyklopend en albei is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Pediatriese Kritieke Sorg | 872(135) |
| Navorsingswerkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

Om Kliniese Pediatriese Kritieke Sorg 872 suksesvol af te handel, word die volgende vereis:

- bevredigende deelname terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Pediatriese Kritieke Sorg werk.
- 'n slaagpunt van minstens 50% in die Sert Kritieke Sorg (SA) Ped-eksamen van die KGSA.
- suksesvolle voltooiing van 'n buigsameassesseringstrategie, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.
- voldoende vordering en professionele gedrag, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.

Jy moet 'n portefeulje/logboek hou van kliniese aktiwiteite, relevante kursusse wat bygewoon is, ondervinding met die gebruik van formeleontwikkelingsassesseringsinstrumente en kennis van relevante dienste.

Daar word van jou verwag om 'n navorsingswerkstuk te voltooi. Jy moet die navorsingsprotokol registreer en departementele goedkeuring verkry binne ses maande nadat jy vir die program geregistreer het. Die protokol moet nie later nie as 12 maande na registrasie vir die program deur die relevante navorsingsetiekkomitees goedgekeur word. Jy moet die navorsingswerkstuk binne twee jaar na registrasie voltooi. Die navorsingswerkstuk moet ingedien word in die vorm van 'n artikel wat gereed is vir publikasie.

Die Sert Kritieke Sorg (SA) Ped-punt, sodra dit verwerf is, verteenwoordig die punt vir Kliniese Pediatriese Kritieke Sorg 872.

Die modules dra soos volg tot die MPhil- finale punt by:

- Kliniese Pediatriese Kritieke Sorg 75%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.

Die MPhil-klinieseopleidingstydperk is twee jaar. Na voltooiing van die kliniese opleidingsperiode word van jou verwag om jou pos te ontruim. Daar word ook van jou verwag om die navorsingswerkstuk in hierdie tydperk te voltooi. Die maksimum tydperk van inskrywing vir die MPhil is vier jaar (sien " 7. Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk " in die hoofstuk "Algemene inligting" voor in hierdie jaarboekdeel).

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid oor die administratiewe reëls en regulasies, asook die MPhil (Pediatr Kritieke Sorg), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

### Navrae

Programleier: Dr E du Plooy
Tel: 021 938 9127 E-pos: elriduplooy@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health

## 5.3.3.31 MPhil in Pediatriese Mediese Onkologie (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKPed (SA);
- MMed (Ped); of
- 'n gelykstaande pediatriesespesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand aansoek doen (of bewys verskaf van alternatiewe befondsing om jou vir die twee jaar van studie in 'n botallige posisie te ondersteun). Indien jou aansoek slaag, word jy dan tot die MPhil in Pediatriese Mediese Onkologie toegelaat.

### Duur

Die program duur twee jaar.

### Programinhoud

Die modules is gelyklopend en albei is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Pediatriese Mediese Onkologie | 872(135) |
| Navorsingswerkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

Om Kliniese Pediatriese Mediese Onkologie 872 suksesvol af te handel, word die volgende vereis:

- bevredigende deelname terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Pediatriese Onkologie werk.
- 'n slaagpunt van minstens 50% in die Sert Mediese Onkologie (SA) Ped-eksamen van die KGSA.
- suksesvolle voltooiing van 'n buigsameassesseringstrategie, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.
- voldoende vordering en professionele gedrag, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.

Jy moet 'n portefeulje/logboek hou van kliniese aktiwiteite, relevante kursusse wat bygewoon is, ondervinding met die gebruik van formeleontwikkelingsassesseringsinstrumente en kennis van relevante dienste.

Daar word van jou verwag om 'n navorsingswerkstuk te voltooi. Jy moet die navorsingsprotokol registreer en departementele goedkeuring verkry binne ses maande nadat jy vir die program geregistreer het. Die protokol moet nie later nie as 12 maande na registrasie vir die program deur die relevante navorsingsetiekkomitees goedgekeur word. Jy moet die navorsingswerkstuk binne twee jaar na registrasie voltooi. Die navorsingswerkstuk moet ingedien word in die vorm van 'n artikel wat gereed is vir publikasie.

Die Sert Mediese Onkologie (SA) Ped-punt, sodra dit verwerf is, verteenwoordig die punt vir Kliniese Pediatriese Mediese Onkologie 872.

Die modules dra soos volg tot die MPhil- finale punt by:

- Kliniese Pediatriese Mediese Onkologie 75%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.

Die MPhil-klinieseopleidingstydperk is twee jaar. Na voltooiing van die klinieseopleidingsperiode word van jou verwag om jou pos te ontruim. Daar word ook van jou verwag om die navorsingswerkstuk in hierdie tydperk te voltooi. Die maksimum tydperk van inskrywing vir die MPhil is vier jaar (sien " 7. Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk " in die hoofstuk "Algemene inligting" voor in hierdie jaarboekdeel).

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid oor die administratiewe reëls en regulasies, asook die MPhil (Pediatr Mediese Onkol), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

### Navrae

Programleier: Prof A van Zyl
Tel: 021 938 9444    E-pos: vanzyla@sun.ac.za
Website: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health

## 5.3.3.32 MPhil in Pediatriese Nefrologie (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKPed (SA);
- MMed (Ped); of
- 'n gelykstaande pediatriesespesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand aansoek doen (of bewys verskaf van alternatiewe befondsing om jou vir die twee jaar van studie in 'n botallige posisie te ondersteun). Indien jou aansoek slaag, word jy dan tot die MPhil in Pediatriese Nefrologie toegelaat.

### Duur

Die program duur twee jaar.

### Programinhoud

Die modules is gelyklopend en albei is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Pediatriese Nefrologie | 872(135) |
| Navorsingswerkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

Om Kliniese Pediatriese Nefrologie 872 suksesvol af te handel, word die volgende vereis:

- bevredigende deelname terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Pediatriese Nefrologie werk.
- 'n slaagpunt van minstens 50% in die Sert Nefrologie (SA) Ped-eksamen van die KGSA.
- suksesvolle voltooiing van 'n buigsameassesseringstrategie, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.
- voldoende vordering en professionele gedrag, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.

Jy moet 'n portefeulje/logboek hou van kliniese aktiwiteite, relevante kursusse wat bygewoon is, ondervinding met die gebruik van formeleontwikkelingsassesseringsinstrumente en kennis van relevante dienste.

Daar word van jou verwag om 'n navorsingswerkstuk te voltooi. Jy moet die navorsingsprotokol registreer en departementele goedkeuring verkry binne ses maande nadat jy vir die program geregistreer het. Die protokol moet nie later nie as 12 maande na registrasie vir die program deur die relevante navorsingsetiekkomitees goedgekeur word. Jy moet die navorsingswerkstuk binne twee jaar na registrasie voltooi. Die navorsingswerkstuk moet ingedien word in die vorm van 'n artikel wat gereed is vir publikasie.

Die Sert Nefrologie (SA) Ped-punt, sodra dit verwerf is, verteenwoordig die punt vir Kliniese Pediatriese Nefrologie 872.

Die modules dra soos volg tot die MPhil- finale punt by:

- Kliniese Pediatriese Nefrologie 75%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.

Die MPhil-klinieseopleidingstydperk is twee jaar. Na voltooiing van die klinieseopleidingsperiode word van jou verwag om jou pos te ontruim. Daar word ook van jou verwag om die navorsingswerkstuk in hierdie tydperk te voltooi. Die maksimum tydperk van inskrywing vir die MPhil is vier jaar (sien " 7. Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk " in die hoofstuk "Algemene inligting" voor in hierdie jaarboekdeel).

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid oor die administratiewe reëls en regulasies, asook die MPhil (Pediatriese Nefrologie), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

### Navrae

Programleier: Dr CJ du Buisson
Tel: 021 938 9219 E-pos: cjdb@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health

## 5.3.3.33 MPhil in Pediatriese Neurologie (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKPed (SA);
- MMed (Ped); of
- 'n gelykstaande pediatriesespesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand aansoek doen (of bewys verskaf van alternatiewe befondsing om jou vir die twee jaar van studie in 'n botallige posisie te ondersteun). Indien jou aansoek slaag, word jy dan tot die MPhil in Pediatriese Neurologie toegelaat.

### Duur

Die program duur twee jaar.

### Programinhoud

Die modules is gelyklopend en albei is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Pediatriese Neurologie | 872(135) |
| Navorsingswerkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

Om Kliniese Pediatriese Neurologie 872 suksesvol af te handel, word die volgende vereis:

- bevredigende deelname terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Pediatriese Neurologie werk.
- 'n slaagpunt van minstens 50% in die Sert Neurologie (SA) Ped-eksamen van die KGSA.
- suksesvolle voltooiing van 'n buigsameassesseringstrategie, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.
- voldoende vordering en professionele gedrag, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.

Jy moet 'n portefeulje/logboek hou van kliniese aktiwiteite, relevante kursusse wat bygewoon is, ondervinding met die gebruik van formeleontwikkelingsassesseringsinstrumente en kennis van relevante dienste.

Daar word van jou verwag om 'n navorsingswerkstuk te voltooi. Jy moet die navorsingsprotokol registreer en departementele goedkeuring verkry binne ses maande nadat jy vir die program geregistreer het. Die protokol moet nie later nie as 12 maande na registrasie vir die program deur die relevante navorsingsetiekkomitees goedgekeur word. Jy moet die navorsingswerkstuk binne twee jaar na registrasie voltooi. Die navorsingswerkstuk moet ingedien word in die vorm van 'n artikel wat gereed is vir publikasie.

Die Sert Neurologie (SA) Ped-punt, sodra dit verwerf is, verteenwoordig die punt vir Kliniese Pediatriese Neurologie 872.

Die modules dra soos volg tot die MPhil- finale punt by:

- Kliniese Pediatriese Neurologie 75%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.

Die MPhil-klinieseopleidingstydperk is twee jaar. Na voltooiing van die klinieseopleidingsperiode word van jou verwag om jou pos te ontruim. Daar word ook van jou verwag om die navorsingswerkstuk in hierdie tydperk te voltooi. Die maksimum tydperk van inskrywing vir die MPhil is vier jaar (sien " 7. Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk " in die hoofstuk "Algemene inligting" voor in hierdie jaarboekdeel).

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid oor die administratiewe reëls en regulasies, asook die MPhil (Pediatr Neurologie), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

### Navrae

Programleier: Prof R van Toorn
Tel: 021 938 9219 E-pos: vtoorn@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health

## 5.3.3.34 MPhil in Pediatriese Pulmonologie (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKPed (SA);
- MMed (Ped); of
- 'n gelykstaande pediatriesespesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand aansoek doen (of bewys verskaf van alternatiewe befondsing om jou vir die twee jaar van studie in 'n botallige posisie te ondersteun). Indien jou aansoek slaag, word jy dan tot die MPhil in Pediatriese Pulmonologie toegelaat.

### Duur

Die program duur twee jaar.

### Programinhoud

Die modules is gelyklopend en albei is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Pediatriese Pulmonologie | 872(135) |
| Navorsingswerkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

Om Kliniese Pediatriese Pulmonologie 872 suksesvol af te handel, word die volgende vereis:

- bevredigende deelname terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Pediatriese Pulmonologie werk.
- 'n slaagpunt van minstens 50% in die Sert Pulmonologie (SA) Ped-eksamen van die KGSA.
- suksesvolle voltooiing van 'n buigsameassesseringstrategie, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.
- voldoende vordering en professionele gedrag, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.

Jy moet 'n portefeulje/logboek hou van kliniese aktiwiteite, relevante kursusse wat bygewoon is, ondervinding met die gebruik van formeleontwikkelingsassesseringsinstrumente en kennis van relevante dienste.

Daar word van jou verwag om 'n navorsingswerkstuk te voltooi. Jy moet die navorsingsprotokol registreer en departementele goedkeuring verkry binne ses maande nadat jy vir die program geregistreer het. Die protokol moet nie later nie as 12 maande na registrasie vir die program deur die relevante navorsings-etiekkomitees goedgekeur word. Jy moet die navorsingswerkstuk binne twee jaar na registrasie voltooi. Die navorsingswerkstuk moet ingedien word in die vorm van 'n artikel wat gereed is vir publikasie.

Die Sert Pulmologie (SA) Ped-punt, sodra dit verwerf is, verteenwoordig die punt vir Kliniese Pediatriese Pulmonologie 872.

Die modules dra soos volg tot die MPhil- finale punt by:

- Kliniese Pediatriese Pulmonologie 75%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.

Die MPhil-klinieseopleidingstydperk is twee jaar. Na voltooiing van die kliniese opleidingsperiode word van jou verwag om jou pos te ontruim. Daar word ook van jou verwag om die navorsingswerkstuk in hierdie tydperk te voltooi. Die maksimum tydperk van inskrywing vir die MPhil is vier jaar (sien " 7. Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk " in die hoofstuk "Algemene inligting" voor in hierdie jaarboekdeel).

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid oor die administratiewe reëls en regulasies, asook die MPhil (Pediatriese Pulmonol), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

## Navrae

Programleier: Prof P Goussard
Tel: 021 938 9219  E-pos: pgouss@sun.ac.za

Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health

### 5.3.3.35 MPhil in Pediatriese Rumatologie (subspesialisprogram)

## Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKPed (SA);
- MMed (Ped); of
- ŉ gelykstaande pediatriesespesialiskwalifikasie.

## Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid aansoek doen (of bewys verskaf van alternatiewe befondsing om jou vir die twee jaar van studie in 'n botallige posisie te ondersteun). Indien jou aansoek slaag, word jy dan tot die MPhil in Pediatriese Rumatologie toegelaat.

## Duur van program

Die program duur twee jaar.

## Programinhoud

Die modules is gelyklopend en albei is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Pediatriese Rumatologie | 872(135) |
| Navorsingswerkstuk | 871(45) |

## Assessering en eksaminering

Om Kliniese Pediatriese Rumatologie 872 suksesvol af te handel, word die volgende vereis:

- bevredigende deelname terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Pediatriese Rumatologie werk.
- 'n slaagpunt van minstens 50% in die Sert Rumatologie (SA) Ped-eksamen van die KGSA.
- suksesvolle voltooiing van 'n buigsameassesseringstrategie, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.
- voldoende vordering en professionele gedrag, geëvalueer deur werkgebaseerde assesserings.

Jy moet 'n portefeulje/logboek hou van kliniese aktiwiteite, relevante kursusse wat bygewoon is, ondervinding met die gebruik van formeleontwikkelingsassesseringsinstrumente en kennis van relevante dienste.

Daar word van jou verwag om 'n navorsingswerkstuk te voltooi. Jy moet die navorsingsprotokol registreer en departementele goedkeuring verkry binne ses maande nadat jy vir die program geregistreer het. Die protokol moet nie later nie as 12 maande na registrasie vir die program deur die relevante navorsingsetiekkomitees goedgekeur word. Jy moet die navorsingswerkstuk binne twee jaar na registrasie voltooi. Die navorsingswerkstuk moet ingedien word in die vorm van 'n artikel wat gereed is vir publikasie.

Die Sert Rumatologie (SA) Ped-punt, sodra dit verwerf is, verteenwoordig die punt vir Kliniese Pediatriese Rumatologie 872.

Die modules dra soos volg tot die MPhil- finale punt by:

- Kliniese Pediatriese Rumatologie 75%; en
- Navorsingswerkstuk 25%.

Die MPhil-klinieseopleidingstydperk is twee jaar. Na voltooiing van die kliniese opleidingsperiode word van jou verwag om jou pos te ontruim. Daar word ook van jou verwag om die navorsingswerkstuk in hierdie tydperk te voltooi. Die maksimum tydperk van inskrywing vir die MPhil is vier jaar (sien " 7. Voortgesette inskrywing tydens en ná maksimum inskrywingstydperk " in die hoofstuk "Algemene inligting" voor in hierdie jaarboekdeel).

Verdere regulasies van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid oor die administratiewe reëls en regulasies, asook die MPhil (Pediatriese Rumatol), kan gevind word op die departementele webwerf https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health.

### Navrae

Programleier: Dr DR Abraham
Tel.: 021 938 9506 E-pos: deepthi@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health

## 5.3.3.36 MPhil in Pulmonologie (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKI (SA);
- MMed (Int); of
- 'n ekwivalente spesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy aansoek doen om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand. Indien jy suksesvol is, word jy dan tot die MPhil in Gastroënterologie en Hepatologie toegelaat.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programinhoud

Beide modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Pulmonologie | 872(135) |
| Werkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

- Om die module Kliniese Pulmonologie suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Pulmonologie werksaam is. Verder moet jy 'n slaagsyfer van minstens 50% in die Sert Pulmonologie (SA)-eksamen van die KGSA behaal.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsameassesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Jy moet die navorsingsprotokol binne ses maande ná registrasie laat registreer en die navorsingswerkstuk binne twee jaar ná registrasie voltooi.
- Die werkstuk moet in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien word. Suksesvolle voltooiing van hierdie module word vereis vir toelating tot die Sert Pulmonologie (SA)-eksamen van die KGSA.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese Pulmonologie 75%; en
  - Navorsingswerkstuk 25%.

### Navrae

Programleier: Prof CFN Koegelenberg
Tel: 021 938 9243 E-pos: coeniefn@sun.ac.za

## 5.3.3.37 MPhil in Reproduktiewe Geneeskunde (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKOG (SA)
- MMed (V&G); of
- 'n ekwivalente kwalifikasie vir registrasie as spesialis in Suid-Afrika.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy aansoek doen om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand. Indien jy suksesvol is, word jy dan tot die MPhil in Reproduktiewe Geneeskunde toegelaat.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar voltyds en vier jaar deeltyds.

### Programinhoud

Beide modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Reproduktiewe Geneeskunde | 872(135) |
| Werkstuk (Reproduktiewe Geneeskunde) | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

- Om die module Kliniese Reproduktiewe Geneeskunde suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend wees terwyl jy as spesialis in die Eenheid vir Reproduktiewe Geneeskunde van die Departement Verloskunde en Ginekologie werksaam is. Verder moet jy 'n slaagsyfer van minstens 50% in die Sert Reproduktiewe Geneeskunde (SA)-eksamen van die KGSA behaal.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsameassesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Indien jy 'n voltydse student is, moet jy die navorsingsprotokol binne drie maande ná registrasie as MPhil-student laat registreer en die navorsingswerkstuk binne 21 maande ná registrasie voltooi.
- Indien jy 'n deeltydse student is, moet jy die navorsingsprotokol binne ses maande ná registrasie as MPhil-student laat registreer en die navorsingswerkstuk binne 42 maande ná registrasie voltooi.
- Die navorsing moet in die vorm van 'n werkstuk of persklaar artikel ingedien word.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese Reproduktiewe Geneeskunde 75%; en
  - Navorsingswerkstuk 25%.

### Navrae

Programleier: Prof T Matsaseng
Tel: 021 938 9217 E-pos: thabom@sun.ac.za

## 5.3.3.38 MPhil in Rumatologie (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKI (SA);
- MMed (Int); of
- 'n ekwivalente spesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy aansoek doen om 'n seniorklinieseassistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand. Indien jy suksesvol is, word jy dan tot die MPhil in Rumatologie toegelaat.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programinhoud

Beide modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Rumatologie | 872(135) |
| Werkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

- Om die module Kliniese Rumatologie suksesvol te voltooi moet jou deelname bevredigend terwyl jy as senior kliniese assistent in die Afdeling Rumatologie werksaam is. Verder moet jy 'n slaagsyfer van minstens 50% in die Sert Rumatologie (SA)-eksamen van die KGSA behaal.
- Jy sal gereeld geassesseer word as deel van die buigsameassesseringstrategie en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Jy moet die navorsingsprotokol binne ses maande ná registrasie laat registreer en die navorsings-werkstuk binne twee jaar ná registrasie voltooi.
- Die werkstuk moet in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien word. Suksesvolle voltooiing van hierdie module word vereis vir toelating tot die Sert Rumatologie (SA)-eksamen van die KGSA.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese Rumatologie 75%; en
  - Navorsingswerkstuk 25%.

### Navrae

Programleier: Prof R du Toit
Tel: 021 938 9074  E-pos: rdutoit@sun.ac.za

## 5.3.3.39 MPhil in Substansafhanklikheid

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n meestersgraad in Geneeskunde in Psigiatrie;
  - 'n genootskap van die Kollege van Psigiaters van Suid-Afrika; of
  - 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het.
- Registrasie as mediese praktisyn in die kategorie onafhanklike praktyk/spesialispsigiater by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programbeskrywing

Die onderwys- en leerstrategie in elke module word deur die aard van die studieveld bepaal. Die modules word binne die raamwerk van 'n studentgesentreerde benadering aangebied met die doelwit om kritiese denke te stimuleer. Die program maak van didaktiese lesings, interaktiewe sessies, groepsessies en kliniese werk onder toesig gebruik. Onafhanklike studie word aangemoedig. Die navorsingsprojek word onder leiding van 'n studieleier gedoen.

### Programinhoud

**EERSTE JAAR**

| | |
|---|---|
| Etiek van Verslawing | 871(5) |
| Evaluering van Substansmisbruikprobleme | 871(10) |
| Kliniese Verslawingpsigiatrie | 871(70) |
| Neurobiologie van Chemiese Afhanklikheid | 871(5) |

**TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Diensbestuur | 871(5) |
| Farmakologie van Chemiese Afhanklikheid | 871(5) |
| Navorsingsmetodiek | 871(5) |
| Navorsingswerkstuk | 871(60) * |
| Openbare Gesondheidsbenaderings tot Verslawing | 871(5) |
| Psigososiale Ingrepe | 871(10) |

*Die navorsingswerkstuk word oor die twee jaar van die program voltooi.

### Assessering en eksaminering

- Buigsame assessering geld vir alle modules. Suksesvolle voltooiing van 'n module is afhanklik van bevredigende deelname.
- In die geval waar jy nie genoegsame kliniese en/of professionele vordering (soos vervat in die module-/programgids) toon nie, sal jy die geleentheid gebied word tot remediëring van jou onvoldoende kliniese en/of professionele optrede of prestasie. Indien jy in die poging tot remediëring misluk, sal jy slegs die module mag herhaal of met die program mag voortgaan op aanbeveling van die departementele programkomitee en die goedkeuring van die Fakulteitsraad.
- Jy moet 'n uitgangseksamen oor al die modules aan die einde van die program met 'n finale punt van 50% slaag. Indien jy die uitgangseksamen sak, mag jy 'n aanvullende eksamineringsgeleentheid benut. Indien jy egter die tweede uitgangseksamen ook sak, kan jy op aanbeveling van die Nagraadseprogramkomitee en met die goedkeuring van die Fakulteitsraad die reg ontneem word om vir die MPhil in Substansafhanklikheid te kwalifiseer.
- Jy moet 'n aanvaarbare navorsingswerkstuk inlewer wat jou vermoë demonstreer om 'n onafhanklike wetenskaplike ondersoek te loods, die resultate daarvan te interpreteer en

gevolgtrekkings daaruit te maak.

- Die werkstuk word volgens riglyne van die Universiteit Stellenbosch geassesseer en 'n punt van minstens 50% moet behaal word om te slaag.
- Die finale punt vir die program word volgens die geweegde gemiddelde van die uitgangseksamen (120 punte) en die navorsingswerkstuk (60 punte) bereken.
- Om die program te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 50% behaal.

### Navrae

Programleier: Dr L Weich
Tel: 021 940 4453    E-pos: lizew@sun.ac.za

## 5.3.3.40 MPhil in Volwassene- Kritieke Sorg (subspesialisprogram)

### Spesifieke toelatingsvereistes

Minstens een van die volgende kwalifikasies:

- LKA (SA)/LKI (SA)/LKC (SA)/LKNG (SA)/LKOG (SA);
- MMed (Anestesiologie/Interne Geneeskunde/Chirurgie/Noodgeneeskunde/Verloskunde en Ginekologie); of
- 'n ekwivalente spesialiskwalifikasie.

### Aansoekprosedure

Indien jy vir hierdie program wil registreer, moet jy om 'n subspesialis-kliniese-assistentpos in diens van die Wes-Kaapse Provinsiale Departement van Gesondheid en Welstand aansoek doen. Indien jy suksesvol is, word jy tot die MPhil in Volwassene- Kritieke Sorg toegelaat.

### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

### Programinhoud

Beide modules is verpligtend en verloop parallel in plaas van opeenvolgend.

| | |
|---|---|
| Kliniese Kritieke Sorg | 872(135) |
| Werkstuk | 871(45) |

### Assessering en eksaminering

- Om die module Kliniese Kritieke Sorg suksesvol te voltooi, moet jou deelname bevredigend wees terwyl jy as subspesialis- kliniese assistent in die Departement Anestesiologie en Kritiese Sorg werksaam is. Verder moet jy 'n slaagsyfer van minstens 50% in die Sert Kritieke Sorg(SA) Anes-eksamen van die KGSA behaal.
- Jy sal gereeld as deel van die buigsame-assesseringstrategie geassesseer word en jy moet 'n portefeulje/logboek van jou kliniese blootstelling en ervaring met prosedures byhou.
- Jy moet 'n navorsingsprotokol vir die module Kritiekesorgnavorsingsprojek binne ses maande ná registrasie laat registreer en die navorsingswerkstuk binne twee jaar ná registrasie voltooi.
- Die werkstuk moet in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien word.
- Die bydrae van die modules tot die finale punt is soos volg:
  - Kliniese Kritieke Sorg 75%; en
  - Kritiekesorgnavorsingsprojek 25%.

### Navrae

Programleier: Prof S Chetty
Tel: 021 938 9226    E-pos: seanchetty@sun.ac.za

## 5.3.4 Magister in Arbeidsterapie

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Vierjarige B-graad in Arbeidsterapie of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het;
- Vir direkte toegang tot die M in Arbeidsterapie (tesisopsie) moet jy 'n goedgekeurde leergang van navorsingsmetodologie en/of gevorderde studie aan hierdie Universiteit of op 'n ander plek voltooi het.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Die Senaat, of die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, besluit of jy tot die program toegelaat sal word.

### Programbeskrywing

Die program het ten doel om jou:

- toe te rus met gevorderde kennis om begrip rakende die teorie wat verband hou met die Arbeidsterapieprofessie te ontwikkel;
- tot bemeestering te lei deurdat jy nuwe inligting sal kan analiseer en die inligting toepaslik kan benut om probleme en uitdagings binne die professie aan te pak;
- in navorsingsmetodologie te onderrig om jou in staat te stel om gevorderde, onafhanklike navorsing te doen wat sal realiseer in die publikasie van artikels;
- voor te berei om verdere studie te onderneem; en
- te kwalifiseer as 'n professionele persoon wat die professie op 'n bevoegde wyse sal uitbou.

Jy kan een van twee keuses volg vir die Magisterprogram in Arbeidsterapie, naamlik:

- Magister in Arbeidsterapie (gestruktureerde opsie); en
- Magister in Arbeidsterapie (tesisopsie).

Die twee keuses word afsonderlik in meer besonderhede hieronder uiteengesit.

### Navrae

Programleier: Dr S de Klerk
Tel: 021 938 9017    E-pos: sdk@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/apply/pg-studies

## 5.3.4.1 Magister in Arbeidsterapie (gestruktureerde opsie)

### Duur van program

Die program word in 'n driejaarsiklus aangebied. Afhangende van die jaar waarin jy die program betree, strek die program oor 'n minimum van twee jaar of drie jaar.

### Programbeskrywing

Jy volg 'n tweejarige modulêre program wat in 'n driejaarsiklus aangebied word. Die program behels navorsing en gevorderde studie oor 'n aantal breë onderwerpe wat deur die Afdeling vasgestel word, asook 'n navorsingswerkstuk. Jy het 'n keuse van een van die volgende drie spesialiteitsrigtings:

- Pediatrie;
- Psigososiaal; en
- Werkspraktyk.

### Programinhoud

Die program word aangebied in 'n driejaarsiklus. Die huidige aanbieding is beskikbaar op die webblad van die Afdeling Arbeidsterapie en kan by hierdie skakel besigtig word. Nie alle modules word elke jaar aangebied nie, jy kan egter die program in enige van die drie jare van 'n spesifieke driejaarsiklus betree. Alle modules is verpligtend.

| | |
|---|---|
| Navorsingsmetodologie en -statistiek | 871(30) |
| Aktiwiteitskunde | 872(15) |
| Arbeidsterapie Praktykvoering | 872(15) |
| Modelle in Arbeidsterapie | 872(15) |
| Meting | 876(15) |
| Arbeidsterapie Praktykvoering: Intervensies in Spesialiteitsrigting | 871(30) |
| Navorsingswerkstuk | 872(60) |

### Assessering en eksaminering

- Buigsame assessering vind plaas in die vorm van skriftelike en mondelinge assessering en werksopdragte.
- Die werkstuk bied 'n geleentheid waar jou vermoëns in die volgende geassesseer kan word:
  - die integrasie en toepassing van gevorderde kennis,
  - kritiese en kreatiewe denke,
  - gevorderde kliniese beredenering en
  - die bestuur van uitkomste (van dienste op alle vlakke, jou eie ontwikkeling en die bestuur van prosesse)

  Die werkstuk moet aangebied word as 'n weldeurdagte, goed geformuleerde, logiese en samehangende dokument.
- 'n Geweegde punteberekening word gedoen op grond van die kredietwaardes van modules.
- Om te slaag moet jy 'n punt van minstens 50% in elke module behaal. Die onderskeie modules se geweegde punte dra 50% by tot die berekening van die finale punt vir die program. Die finale punt vir die program word bereken as die geweegde gemiddelde van die onderrigmodules (50%) en die werkstuk (50%).
- Interne en eksterne moderering geskied volgens die reglemente van die Universiteit.
- Om vir 'n aanvullende eksamen te kwalifiseer, moet jy 'n finale punt van minstens 40% behaal. Na afloop van die aanvullende eksamen word 'n punt van 50% toegeken indien die eksamenpunt 50% of meer is. Indien jy 'n punt van minder as 50% in die aanvullende eksamen behaal het, moet jy die module herhaal wanneer dit in die volgende driejaarsiklus aangebied word.

## 5.3.4.2 Magister in Arbeidsterapie (tesisopsie)

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van een akademiese jaar (voltyds) of twee jaar (deeltyds)..

### Programbeskrywing

Hierdie programkeuse bestaan slegs uit 'n tesis wat die resultate bevat van selfstandige navorsing oor 'n onderwerp wat deur jou en die Afdelingshoof in onderlinge oorleg bepaal word.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis | 895(180) |

### Assessering en eksaminering

- Die tesis integreer 'n omvattende literatuuroorsig, data-insameling en ontleding, bespreking van die resultate en aanbevelings.
- Die studie word aangebied as 'n weldeurdagte, goed geformuleerde, logiese en samehangende dokument.
- Om te slaag moet jy 'n punt van minstens 50% vir die tesis behaal.

## 5.3.5 Magister in Fisioterapie

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n Professionele baccalaureusgraad in fisioterapie op NKR-vlak 8 (of internasionale ekwivalent); OF
  - 'n Honneurs-baccalaureusgraad in fisioterapie op NKR-vlak 8; OF
  - 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het. EN
  - Registrasie as 'n fisioterapeut of fisioterapie-student by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (of relevante landspesifieke raad vir gesondheidsberoepe)
- 'n Minimum van een jaar kliniese ondervinding in fisioterapie ná verwerwing van die baccalaureusgraad.
- Vir toelating tot die gestruktureerde magistergraad in Fisioterapie (Orto-manipulatiewe Terapie), moet jy (addisioneel tot bogenoemde toelatingsvereistes) bewys lewer van:
  - die suksesvolle voltooiing van die Ortopediese Manuele Terapie I (OMT I)-kursus; of
  - toepaslike kliniese ondervinding en deurlopende professionele onderrig.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Na afloop van die sluitingsdatum selekteer die nagraadse komitee van die Afdeling 'n aantal geskikte kandidate. Waar nodig, sal kandidate voor die finale keuring vir 'n onderhoud genooi word. Die Senaat, of die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, besluit watter kandidate tot die program toegelaat word.

### Programbeskrywing

Die doelwitte van die program is om:

- jou toe te rus met gevorderde kennis en vaardighede ten opsigte van die gekose rigting in Fisioterapie;
- jou verwerwing van hoërorde-vaardighede ten opsigte van kritiese analise en evaluasie van kennis en vaardighede te bevorder;
- jou met die nodige vaardighede toe te rus sodat jy oorspronklike, gevorderde en onafhanklike navorsing op die gebied van Fisioterapie kan doen;
- jou voor te berei vir verskillende vorms van wetenskaplike professionele kommunikasie;
- beroepslui te lewer wat oor die bevoegdhede en kritiese kognitiewe vermoë beskik wat die beroep sal bevorder en om by te dra tot die poel van professionele en akademiese beroepslui in die veld van Fisioterapie.

Jy kan een van twee keuses volg vir die Magister in Fisioterapie, naamlik:

- Magister in Fisioterapie (gestruktureerde opsie); en
- Magister in Fisioterapie (tesisopsie).

Die twee keuses word afsonderlik in meer besonderhede hieronder uiteengesit.

### Navrae

Programleier: Prof D Ernstzen
Tel: 021 938 9300    E-pos: dd2@sun.ac.za

Programadministrateur: Me T Swanepoel
Tel: 021 938 9037    E-pos: postgradphysio@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/health-and-rehabilitation-sciences/physiotherapy

## 5.3.5.1 Magister in Fisioterapie (gestruktureerde opsie)

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van twee jaar deeltyds.

### Programbeskrywing

Die program bestaan uit ses modules, 'n navorsingsprojek, 'n tesis en 'n mondelinge eksamen.

Die spesialiteitsrigting vir hierdie program is Orto-manipulatiewe Terapie.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Biomeganika | 873(8) |
| OMT – Benaderings en Konsepte | 863(20) |
| OMT – Boonste Kwadrant | 873(12) |
| OMT – Geïntegreerde en Gevorderde Praktyk | 852(10) |
| OMT – Klinies | 892(25) |
| OMT – Onderste kwadrant | 882(15) |
| Tesis (Fisio – OMT) | 894(90) |

### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n minimum punt van minstens 50% in elke module behaal om te slaag.
- Die teoretiese modules word buigsaam geassesseer aan die hand van kliniese portefeuljes, skriftelike toetse, kliniese, skriftelike en mondelinge aanbiedings en verslae.
- Wat die tesismodule betref, word jou vordering buigsaam geassesseer deur die loop van die navorsingsproses. Jy voltooi 'n navorsingsprojek en dien 'n tesis in. Die tesis word volgens Universiteitsriglyne deur 'n interne en eksterne eksaminator geassesseer. Die assessering van die tesis sluit 'n mondelinge eksamen in. Die finale punt word saamgestel uit 'n buigsame assesseringspunt (10%) en die punte toegeken deur die eksaminatore. Jy moet 'n minimum finale punt van 50% vir die tesismodule behaal om te slaag.

### 5.3.5.2 Magister in Fisioterapie (tesisopsie)

#### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

#### Programbeskrywing

Hierdie navorsingsgebaseerde program bestaan uit klasassesserings, 'n goedgekeurde navorsingsprojek, 'n vol tesis en 'n mondelinge eksamen.

#### Programinhoud

Die tesisonderwerp word in oorleg met die studieleier bepaal.

| | |
|---|---|
| Tesis (Fisioterapie) | 872(180) |

#### Assessering en eksaminering

- Die finale punt bestaan uit 'n klaspuntkomponent (5%) en 'n finale tesiseksamenpunt (95%).
- Vir die finale tesiseksaminering, moet jy 'n navorsingsprojek voltooi wat lei tot die inhandiging van 'n tesis wat volgens Universiteitsriglyne deur 'n interne en eksterne eksaminator geassesseer word. Die finale tesiseksamenpunt bestaan uit die skriftelike tesiskomponent (80%) en 'n mondelinge eksamenkomponent (15%), bereken as 'n gemiddelde van die interne en eksterne eksaminatorpunte.
- Jy moet 'n minimum finale punt van 50% in die tesismodule behaal om te slaag.

### 5.3.6 Magister in Globale Chirurgie

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende:
  - 'n Professionele baccalaureusgraad op NKR-vlak 8;
  - 'n Baccalaureus honneursgraad in 'n toepaslike gesondheids- of gesondheidsverwante veld;
  - 'n MBChB-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie;
  - 'n Nagraadse kwalifikasie op NKR-vlak 8 of NKR-vlak 9 in openbare of globale gesondheid, bv. PGDip (Landelike Geneeskunde), met relevante chirurgiese ervaring;
  - 'n MPhil-graad in gesondheidstelsels of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat vir sodanige doel deur die Senaat goedgekeur is; of
  - 'n Standaard van bevoegdheid in jou spesifieke studieveld wat vir sodanige doel deur die Senaat as voldoende beskou word.
- Vir die tesisprogram word jy aangemoedig om:
  - ten minste drie jaar toepaslike professionele ervaring te hê; en
  - 'n goedgekeurde kurrikulum van navorsingsteorie en -metodes, of gevorderde studie, by hierdie of 'n ander erkende universiteit suksesvol voltooi het.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com **teen 30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds **op 31 Augustus**.

#### Duur van die program

Die program strek oor 1-2 jaar.

#### Programbeskrywing

Dit is 'n volledig tesis-gebaseerde meestersprogram. Die aanvanklike navorsingsvoorstel word deur 'n departementele navorsingskomitee en die Gesondheidnavorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe goedgekeur.

*Let op:*

Hierdie program kan op afstand of persoonlik gedoen word

#### Programuitkomste

Die uitgangsvlak-uitkomste is in lyn met die voorgeskrewe *Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid of SAKO* -vlakbeskrywings vir NKR-vlak 9, met fokus op gespesialiseerde navorsingskennis in globale chirurgie. Die navorsing sal van 'n interdissiplinêre aard wees, en kennis en vaardighede uit jou vorige veld van spesialisering kombineer om die ontwikkeling van en behoefte aan globale chirurgie te beklemtoon, te identifiseer of te ondersteun, veral in swak en onderbetoelaagde omstandighede wat dikwels in baie areas van Suid-Afrika en die res van die Afrika-kontinent voorkom.

## Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis Globale Chirurgie | 871 (180) |

## Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi wat lei tot 'n artikel-formaattesis wat 'n submissie-gereed, ingediende, aanvaarde of gepubliseerde manuskrip vir 'n goedgekeurde portuuroorsigvaktydskrif (d.w.s. een wat op die lys van vaktydskrifte goedgekeur deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding verskyn) met jou as die hoofskrywer insluit.
- Die finale punt vir die tesis word as volg bereken:
  - Interne eksaminator – 35%;
  - Eksterne eksaminator – 35%;
  - Studieleier – 10%; en
  - Mondelinge eksamen – 20%.
- Jy moet 'n minimum finale punt van 50% vir die tesis behaal om die program te slaag.
- As jy nie die program teen die tweede jaar van studie voltooi nie, moet jy 'n motivering indien om in die derde jaar voort te gaan. Hierdie motivering sal deur die Nagraadse Programkomitee van die Sentrum vir Globale Chirurgie oorweeg word.

## Navrae

Programleier: Mev T MacQuene
Tel: 021 938 9442
E-pos: tamlyn@sun.ac.za

# 5.3.7 Magister in Menslikerehabilitasiestudies

## Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende:
  - 'n professionele baccalaureusgraad op NKR-vlak 8;
  - 'n honneurs-baccalaureusgraad in 'n toepaslike gesondheids- of verwante rigting;
  - 'n MBChB-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het; of
  - jy moes op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir hierdie doel toereikend is.
- Vir die tesisprogram moet jy ook:
  - minstens drie jaar se toepaslike professionele ondervinding hê; en
  - 'n goedgekeurde kurrikulum van navorsingsteorie en -metodes, of gevorderde studie, aan hierdie of 'n ander erkende universiteit suksesvol voltooi het.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

## Programbeskrywing

Jy kan een van twee keuses volg vir die Magister in Menslikerehabilitasiestudies, naamlik:

- Magister in Menslikerehabilitasiestudies (gestruktureerde opsie); of
- Magister in Menslikerehabilitasiestudies (tesisopsie).

Die twee keuses word afsonderlik in meer besonderhede hieronder uiteengesit.

Hierdie program:

- Spreek die huidige behoefte aan gevorderde interdissiplinêre studie en navorsing op rehabilitasie-verwante gebied aan, soos verwoord in verskeie provinsiale, nasionale en internasionale beleids-dokumente, handveste en verdrae.
- Verskaf 'n interdissiplinêre groep gespesialiseerde beroepslui van 'n verskeidenheid professionele agtergronde wat oor die nodige kliniese besluitnemings-, bestuurs-, navorsings- en opvoedkundige kennis, vaardighede en sosio-politieke houdings beskik, om leiersposte op rehabilitasieverwante gebied te beklee.
- Verskaf rehabilitasiespesialiste wat as spesialis-konsultante in openbare en private rehabilita-siedienste kan optree, sowel as buite hulle spesifieke professionele praktykgebied.
- Rus jou toe met 'n gesofistikeerde kennis en begrip van verskynsels op rehabilitasieverwante gebied, binne 'n perspektief van menseregte en die sosiale model.
- Verseker bemeestering van die veld van rehabilitasie, deur die hoëvlak-analise van nuwe inligting en die vermoë om kompleksiteit te hanteer en werkbare oplossings vir probleme en uitdagings te

vind.
- Stel jou in staat om gevorderde en onafhanklike navorsing te doen.
- Stel jou bekend aan die wêreld van skolastiese kommunikasie, onder andere deur bystand met die publisering van jou eie navorsingsverslae.
- Dra by tot die groep akademici en beroepslui op rehabilitasiegebied met die vaardigheid en kritiese intellektuele vermoë om toekomstige vooruitgang op die gebied te verseker.
- Spreek die land se behoeftes vir rehabilitasiespesialiste van die hoogste gehalte aan.

*Let op:*

Teoretiese modules word by wyse van gemengde leer aangebied, wat bestaan uit 'n verpligte kontak-periode van twee weke op die Tygerberg-kampus in Januarie of Februarie van elke studiejaar, asook webgebaseerde onderrig, besprekings, tutoriale en werksopdragte deur die loop van die jaar.

### 5.3.7.1 Magister in Menslikerehabilitasiestudies (gestruktureerde opsie)

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

#### Programinhoud

**EERSTE JAAR**

| | |
|---|---|
| Toegepaste Navorsingsmetodologie | 842(40) |
| Rehabilitasie I | 871(40) |

**TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk | 814(60) |
| Rehabilitasie II | 872(40) |

#### Assessering en eksaminering

- Modules word deur middel van aanlyn besprekings en oopboekopdragte geassesseer. Jy moet elkeen van die vier modules met 'n minimum punt van 50% slaag.
- Indien jy 'n module met 'n finale punt van tussen 45% en 49% sak, sal jy die geleentheid kry om die opdrag(te) wat tot die finale punt vir die module bygedra het te herhaal.
- Indien jy nie kwalifiseer om die opdrag(te) te herhaal nie of die opdrag(te) weer sak, sal jy een geleentheid kry om die module in die volgende jaar te herhaal. Indien jy die module vir die tweede keer sak, mag jy op aanbeveling van die Fakulteitsraad die reg ontneem word om weer vir die module te registreer of die magisterkwalifikasie te behaal.
- Jy moet 'n bevredigende navorsingswerkstuk indien waaruit dit duidelik blyk dat jy in staat is om 'n onafhanklike wetenskaplike studie te onderneem en die resultate te vertolk. As jy meer tyd benodig om die navorsingswerkstuk te voltooi, mag jy vir 'n derde studiejaar registreer.

#### Navrae

Programleier: Dr C Kahonde
Tel: 021 938 9090 E-pos: ckkahonde@sun.ac.za

Administratiewe beampte: Me A Kruger
Tel: 021 938 9090 E-pos: adele2@sun.ac.za

### 5.3.7.2 Magister in Menslikerehabilitasiestudies (tesisopsie)

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

#### Programinhoud

Die tesisonderwerp sal in oorleg met die programleier bepaal word.

| | |
|---|---|
| Tesis (Rehabilitasie) | 872(180) |

#### Assessering en eksaminering

- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi en die resultate in 'n tesis saamvat wat volgens Universiteitsriglyne deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering geëksamineer word.
- 'n Minimum slaagpunt van 50% moet behaal word.

#### Navrae

Programleier: Prof B Watermeyer
Tel: 021 938 9090 E-pos: bwatermeyer@sun.ac.za

Administratiewe beampte: Me A Kruger
Tel: 021 938 9090 E-pos: adele2@sun.ac.za

### 5.3.8 Magister in Oudiologie

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Vierjarige Baccalaureusgraad in Oudiologie van 'n geakkrediteerde universiteit, of 'n gelykwaardige kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Die Senaat, of die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, besluit of jy tot die program toegelaat word.

Jy moet by aansoek om toelating 'n voorlopige navorsingsvoorstel aan die Afdelingshoof voorlê vir goedkeuring soos met laasgenoemde ooreengekom.

#### Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

#### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis: Oudiologie | 872(180) |

#### Assessering en eksaminering

- Die tesis word deur minstens een interne en een eksterne eksaminator geassesseer en dra 100% tot die finale punt van die program by.
- Die assessering sluit 'n mondelinge eksamen in.
- Om die program te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 50% vir die tesis behaal.

#### Navrae

Programleier: Dr B Gerber
Tel: 021 938 9494 E-pos: berna@sun.ac.za

### 5.3.9 Magister in Patologie

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende kwalifikasies:
  - 'n honneurs-baccalaureusgraad met Patologie, Morfologiese Wetenskappe, Anatomie, Fisiologie, Histologie, Chemie, Biologie, Genetika of Mikrobiologie, of 'n ander kwalifikasie wat die Senaat vir die doel goedgekeur het. Indien jy 'n ander hoofvak op honneursvlak in die biologiese wetenskappe het mag jy moontlik oorweeg word op grond van genoegsame motivering en die suksesvolle voltooiing van 'n toelatingseksamen; of
  - 'n BTech-graad, op voorwaarde dat jy aan die vereistes voldoen soos deur die Universiteit Stellenbosch bepaal.

- Afhangende van die studieveld kan addisionele werk en/of bewys van bekwaamheid vereis word.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van twee jaar.

### Programbeskrywing

Hierdie navorsingsgebaseerde program bestaan uit 'n goedgekeurde navorsingsprojek, 'n tesis, 'n mondelinge aanbieding en 'n studente-portefeulje. Die navorsingsprojek kan in die vakgebiede Anatomiese, Chemiese of Hematologiese Patologie, of Immunologie gedoen word.

### Programinhoud

Kies een van die onderstaande modules.

| | |
|---|---|
| Tesis (Anatomiese Patologie) | 871(180) |
| Tesis (Chemiese Patologie) | 871(180) |
| Tesis (Hematologiese Patologie) | 871(180) |
| Tesis (Immunologie) | 871(180) |

### Assessering en eksaminering

- Die aanvanklike navorsingsprotokol word deur die betrokke fakulteitskomitee goedgekeur, sowel as deur die navorsingskomitee van die betrokke departement en/of afdeling. Vordering met eksperimentele werk word deurgaans deur die studieleier(s) gemonitor.
- Jy moet 'n navorsingsprojek voltooi wat geassesseer word volgens Universiteitsriglyne deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering. Met voltooiing van die navorsingsprojek moet jy ook 'n mondelinge voorlegging doen en 'n studente-portefeulje inlewer wat 'n gedetailleerde gevalleboek van alle aktiwiteite tydens die studieperiode insluit.
- Die finale punt word bereken volgens die punte wat behaal is vir die tesis, mondeling en portefeulje.
- Jy moet 'n punt van 50% behaal om te slaag en 'n punt van 75% of meer om met onderskeiding te slaag.

### Navrae

| Navrae | Afdeling | E-pos | Telefoon |
|---|---|---|---|
| Dr M Sanderson | Anatomiese Patologie | msanders@sun.ac.za | 021 938 4041 |
| Prof MJ Kotze | Chemiese Patologie | maritha@sun.ac.za | 021 938 4168<br>021 938 4107 |
| Dr CC Swanepoel | Hematologiese Patologie | carmens@sun.ac.za | 021 938 4103<br>021 938 4608 |

## 5.3.10 Magister in Spraak-Taalterapie

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Die vierjarige Baccalaureusgraad in Spraak-Taal- en Gehoorterapie van die Universiteit Stellenbosch, 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Spraak-Taalterapie van 'n ander geakkrediteerde universiteit, of 'n gelykwaardige kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur.

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**.

Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks vir die program gekeur. Die Senaat, of die Uitvoerende Komitee wat namens die Senaat handel, besluit watter kandidate tot die program toegelaat word.

Jy moet by aansoek om toelating 'n voorlopige navorsingsvoorstel aan die Afdelingshoof voorlê vir goedkeuring, soos met laasgenoemde ooreengekom.

### Duur van program

Die program strek oor een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis: Spraak-Taalterapie | 872(180) |

### Assessering en eksaminering

- Die tesis word deur minstens een interne en een eksterne eksaminator geassesseer en dra 100% tot die finale punt van die program by.
- Die assessering sluit 'n mondelinge eksamen in.
- Om die program te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 50% vir die tesis behaal.

### Navrae

Programleier: Dr B Gerber
Tel: 021 938 9494 E-pos: berna@sun.ac.za

## 5.3.11 Magister in Terapeutiese Voeding

### Spesifieke toelatingsvereistes

- Een van die volgende:
  - 'n Relevante B-graad op NKR-vlak 8 (of internasionale ekwivalent) en bewys dat jy minstens Terapeutiese Voeding (op 'n gevorderde vlak) voltooi het, asook Fisiologie, Biochemie en Navorsingsmetodiek;
  - 'n Standaard van bekwaamheid wat jy op 'n ander wyse bereik het en wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is.
- Vir die navorsingsbaan moet jy ervaring hê in die beplanning en implementering van 'n navorsingsprojek op voorgraadse en professionele vlak.

### Programbeskrywing

Jy kan een van twee bane volg vir die Magister in Terapeutiese Voeding, naamlik:

- Magister in Terapeutiese Voeding (gestruktureerde opsie); en
- Magister in Terapeutiese Voeding (tesisopsie).

Die gestruktureerde baan word deur middel van tegnologie-gemedieerde onderrig en leer aangebied. Jy moet een kontaksessie van een week per jaar bywoon vir sowel die gestruktureerde as die navorsingsbane.

Die twee bane word afsonderlik in meer besonderhede hieronder uiteengesit.

### Navrae

Programleier: Dr N Koen
Tel: 021 938 9256 E-pos: nelene@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/global-health/human-nutrition

## 5.3.11.1 Magister in Terapeutiese Voeding (gestruktureerde opsie)

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**. Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks vir die program gekeur.

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van twee jaar.

### Programbeskrywing

Die gestruktureerde program bestaan uit drie modules en 'n navorsingsprojek (50% van die totale krediete). Indien die akademiese jaar oor 45 weke strek, is die veronderstelling dat jy 20 ure per week oor 'n tweejaarperiode gebruik om die program te voltooi.

### Programinhoud

**EERSTE JAAR**

| | |
|---|---|
| Basiese Voedingsbeginsels van Gastroïntestinale Versteurings | 811(15)<br>(Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Terapeutiese Voeding 812) |
| Voedingsepidemiologie | 811(30)<br>(Hierdie module is 'n slaagvoorvereiste vir Navorsingsprojek 882) |

**TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Terapeutiese Voeding | 812(45) |

**EERSTE EN TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Navorsingsprojek | 882(90) |

### Assessering en eksaminering

- 'n Stelsel van buigsame assessering geld vir die teoriemodules. 'n Kombinasie van skriftelike opdragte, aanlynforumbesprekings, portefeuljes, projekte, aanbiedings, refleksies, toetse en meer kan gebruik word om jou finale punt te bepaal. Assesseringsbesonderhede vir elke module/studie-eenheid is beskikbaar in die toepaslike studiegids.
- 'n Slaagsyfer van 50% word vereis vir elkeen van die drie studie-eenhede van die Terapeutiese Voedingsmodule en 'n algehele slaagsyfer van 50% vir elke module.
- Jy sal slegs twee pogings toegelaat word om elke teoretiese module te slaag. Indien jy nie daarin slaag om 'n teoretiese module ná twee pogings te slaag nie, sal jy nie tot die program hertoegelaat word nie.
- Die finale punt vir die navorsingsprojek word soos volg bereken:
    - klaspunt (protokol) (15%);
    - projekuitvoering (10%);
    - gemiddeld van die interne en eksterne eksaminatore se punte vir die tesis (65%); en
    - mondelinge eksamen (10%).
- Die finale punt vir die program word bereken deur die finale punte vir die teoretiese modules (50%) by die finale punt vir die navorsingsprojek (50%) te voeg.
- 'n Mondelinge eksamen soos afgeneem deur die eksaminatore is verpligtend.
- Jy sal toegelaat word om vir 'n maksimum van drie jaar vir die navorsingsprojek te registreer. Indien jy nie daarin slaag om die navorsingsprojek binne hierdie tyd te voltooi nie, sal jou vordering amptelik deur die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Menslike Voeding beoordeel word, en mag jy die reg ontneem word om vir die program te herregistreer.

## 5.3.11.2 Magister in Terapeutiese Voeding (tesisopsie)

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit op **31 Augustus**. Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks vir die program gekeur.

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum van twee jaar.

### Programbeskrywing

Hierdie program bestaan slegs uit 'n navorsingsprojek (100% van krediete) en geen teoretiese modules nie. Indien die akademiese jaar oor 45 weke strek, moet jy 20 ure per week oor 'n tweejaarperiode gebruik om die program te voltooi.

Jy moet 'n navorsingsprojek beplan en implementeer en 'n tesis of, verkieslik, twee artikels vir publikasie in 'n eweknie-geëvalueerde vaktydskrif inlewer, in die formaat wat in die studiegids aangedui is.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis (Voedingswetenskappe) | 872(180) |

### Assessering en eksaminering

- Die finale punt vir die program word soos volg bereken:
    - protokolpunt (15%);
    - projekuitvoering (10%);
    - gemiddeld van die punte van die interne en eksterne eksaminatore vir die tesis (65%); en
    - mondelinge eksamen (10%).
- 'n Mondelinge eksamen soos afgeneem deur die eksaminatore is verpligtend.
- Jy sal toegelaat word om vir 'n maksimum van drie jaar vir die program te registreer. Indien jy nie daarin slaag om die navorsingsprojek binne hierdie tyd te voltooi nie, sal jou vordering amptelik deur die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Menslike Voeding beoordeel word, en mag jy die reg ontneem word om vir die program te herregistreer.

## 5.3.12 Magister in Verpleegkunde

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen skriftelik aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar.

Die Magister in Verpleegkunde-program is 'n keuringsprogram.

### Programbeskrywing

Die hoofdoel van die magisterprogram is om die student toe te rus om onafhanklik navorsing in die verplegingsveld uit te voer..

As magistergraadstudent moet jy selfgedrewe wees en oorspronklikheid toon in die bepaling en oplossing van probleme. Verder moet jy outonoom optree in die beplanning en implementering van take met 'n teoretiese onderbou, en voortgaan om jou kennis, begrip en vaardighede uit te brei.

Jy kan een van twee bane volg vir die Magister in Verpleegkunde, naamlik:

- Magister in Verpleegkunde (gestruktureerde opsie); en
- Magister in Verpleegkunde (tesisopsie).

Die twee bane word afsonderlik in meer besonderhede hieronder uiteengesit.

### Programuitkomste

Ná voltooiing van die program behoort jy in staat te wees om die volgende vaardighede te bemeester:

- Doeltreffende toepassing van die wetenskap van gesondheidsorg ten opsigte van siekte en tegnologie, en van gevorderde en gesofistikeerde teoretiese en kliniese vakdata in die gekose spesialisgebied van verpleegwetenskap.
- Verantwoordelike en verantwoordbare deelname aan die bevordering van die lewenskwaliteit van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en aan gesondheidsorg-dienslewering in Suid-Afrika met inagneming van kulturele verskille.
- Demonstrasie van verpleegleierskap deur die:
    - identifisering en oplossing van gesondheidsorgkwessies en -probleme deur middel van navorsing en kreatiewe en kritiese denke;
    - doeltreffende organisering en bestuur van omvattende gesondheidsorgdienste; en
    - doeltreffende leiding van gesondheidsorgspanne op akademiese en kliniese gebied.
- Onafhanklike navorsing en die doeltreffende kommunikasie van bevindinge om opleidingsprogramme en gesondheidsorgdienste te verbeter.
- Uitgebreide kennis in die spesifieke spesialis- of navorsingsgebied.
- Gevorderde teoretiese kennis van die verpleegwetenskap en toepassing daarvan in die praktyk.
- Vertroudheid met resente literatuur en navorsing in die spesifieke spesialis- of navorsingsgebied.
- Demonstrasie van die volgende:
    - kortlikse evaluering van toepaslike literatuur;
    - identifisering, definiëring en navorsing van komplekse probleme;
    - onafhanklike navorsing wat alle stappe van die navorsingsproses insluit;
    - ekstrapolering van data-implikasies en -impak en verbandlegging met breër kwessies; en
    - bevraagtekening van ortodokse teorieë en praktyke, en voorstel en uitvoer van nuwe idees en metodes.
- Begrip en aanwending van toepaslike akademiese en professionele waardes.
- Selfbesinning en aanpassing by 'n hoër graad van akademiese milieu en beredenering.

Die program het ten doel om:

- jou toe te rus met gesofistikeerde kennis en begrip van fenomene uniek tot die verpleegwetenskap;
- jou te bemagtig om gevorderde en onafhanklike navorsing te doen; en
- 'n poel van gespesialiseerde verpleegkundiges daar te stel met die nodige kliniese, bestuurs-, navorsings- en opvoedkundige kennis, vaardighede en ingesteldheid om leierskapposisies te beklee en as spesialiskonsultante in gesondheidsorgdienste op te tree.

### Navrae

Programleier: Dr MM van der Heever
Tel: 021 938 9295 E-pos: mmvdheever@sun.ac.za

Administratiewe assistent: Me J Petersen
Tel: 021 938 9823 E-pos: jpetersen@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/nursing-midwifery

### 5.3.12.1 Magister in Verpleegkunde (gestruktureerde opsie)

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Een van die volgende kwalifikasies:

- 'n vierjarige voorgraadse professionele Baccalaureusgraad in Verpleegkunde (NKR-vlak 8);
- 'n internasionale ekwivalent van die vierjarige professionele Baccalaureusgraad in Verpleegkunde;
- 'n vierjarige basiese Diploma in Verpleegkunde vir studente wat voor die implementering van die HOKSR gegradueer het, met bewys van suksesvolle afhandeling van toepaslike voorafleer op NKR-vlakke 8 of 9 wat veral fokus op voorbereiding in toepaslike navorsingsvaardighede. In hierdie geval word jou aansoek deur die Komitee vir Nagraadse Onderrig van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die hand van die Universiteit se Beleid vir die Assessering en Erkenning van Vorige Leer oorweeg, en berus finale goedkeuring by die Senaat. Jy moet ook ten minste 'n eenjarige nagraadse tersiêre kwalifikasie in Verpleegkunde hê;
- 'n ander kwalifikasie wat deur die Senaat as voldoende beskou word.

#### Keuringskriteria

Die Magister in Verpleegkunde is 'n keuringsprogram. Die volgende keuringskriteria is van toepassing:

- 'n gemiddelde punt van minstens 65% vir die laaste kwalifikasie wat behaal is; en
- minstens twee jaar ondervinding as 'n professionele verpleegkundige.

#### Duur van program

Die program strek oor twee jaar.

#### Programinhoud

##### EERSTE JAAR

| | |
|---|---|
| Kontemporêre Gesondheids- en Verpleegkundepraktyke | 871(35) |
| Navorsingsmetodologie | 872(60) |

##### TWEEDE JAAR

| | |
|---|---|
| Navorsingswerkstuk | 875(85) |

#### Assessering en eksaminering

- Buigsame assessering vind in die eerste jaar plaas.
- Jy moet 'n klaspunt van minstens 40% in elke module behaal om te kwalifiseer vir die eksamen in elke module.
- Jy moet 'n finale punt van 50% in elke module behaal.
- Die klaspunt en die eksamenpunt dra elk 50% tot die finale punt vir elke module by.
- Die finale punt vir die eerste studiejaar word as die geweegde gemiddelde van die punte vir die twee eerstejaarsmodules bereken.
- Buigsame assessering vind gedurende die navorsingsproses in die tweede jaar plaas, asook assessering deur 'n interne en 'n eksterne eksaminator ná voltooiing van die navorsingswerkstuk. 'n Minimum finale punt van 50% moet vir die navorsingswerkstuk behaal word.
- Die finale punt vir die program word volgens die geweegde krediete van elke module bepaal. Om die program te slaag, moet jy 'n finale punt van minstens 50% behaal.
- Jy sal toegelaat word om slegs twee keer vir 'n teoretiese module te registreer. As jy 'n teoretiese module ná twee pogings steeds sak, sal jy nie toegelaat word om weer vir die program registreer nie.
- As jy nie daarin slaag om die program binne drie jaar te voltooi nie, moet jy 'n motivering indien om met die vierde jaar voort te gaan. Die motivering sal deur die Nagraadseprogramkomitee van die Departement Verpleeg- en Verloskunde oorweeg word.

### 5.3.12.2 Magister in Verpleegkunde (tesisopsie)

#### Spesifieke toelatingsvereistes

Een van die volgende kwalifikasies:

- 'n Honneurs-Baccalaureus in Verpleegkunde-graad;
- 'n vierjarige voorgraadse professionele Baccalaureus-graad in Verpleegkunde (NKR-vlak 8; kredietwaarde 480); of
- 'n ekwivalente kwalifikasie goedgekeur deur die Senaat.

#### Keuringskriteria

Die Magister in Verpleegkunde is 'n keuringsprogram. Die volgende keuringskriteria is van toepassing:

- 'n gemiddelde punt van ten minste 65% vir die laaste kwalifikasie wat behaal is; en
- ten minste twee jaar ondervinding as 'n professionele verpleegkundige.

#### Duur van program

Die program strek oor een jaar.

#### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Navorsingstesis | 881(180) |

#### Assessering en eksaminering

- Buigsame assessering vind gedurende die navorsingsproses plaas, asook assessering deur 'n interne en 'n eksterne eksaminator ná voltooiing van die tesis. Hierdie assessering sluit 'n mondelinge eksamen in.
- Die finale punt vir die tesis word soos volg bereken:
  - interne eksaminator 30%;
  - eksterne eksaminator 30%;
  - studieleier 10%; en
  - mondelinge eksamen 30%.
- Om die program te slaag moet jy 'n minimum finale punt van 50% vir die tesis behaal.
- 'n Student wat nie daarin slaag om die program binne drie jaar te voltooi nie, moet 'n motivering inhandig om met 'n vierde jaar voort te gaan. Die motivering sal deur die Nagraadseprogramkomitee van die Departement Verpleeg- en Verloskunde oorweeg word.

### 5.3.13 Magister in Verslawingsorg

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Vierjarige Baccalaureusgraad, 'n honneursgraad of 'n nagraadse diploma in verslawingsorg of in gesondheid- of sosiale studies relevant tot verslawingsorg, bv. verpleging, maatskaplike werk, sielkunde, geneeskunde, arbeidsterapie of teologie.

#### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**. Dit is verpligtend dat jy die programleier reeds teen Junie kontak om jou aansoek te bespreek.

Slegs 'n beperkte aantal studente word jaarliks tot die program toegelaat.

#### Duur van program

Hierdie program strek oor minstens een jaar voltyds of twee jaar deeltyds.

#### Programbeskrywing

Hierdie navorsingsgebaseerde program bestaan uit 'n goedgekeurde navorsingsprojek en 'n tesis. Jy stel die aanvanklike navorsingsvoorstel met die hulp van die studieleier op en dit word deur die Komitee vir Mensnavorsing van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe goedgekeur.

#### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Tesis | 872(180) |

#### Assessering en eksaminering

- Die tesis word volgens Universiteitsriglyne geëksamineer deur 'n proses van interne en eksterne eksaminering.

- Om die program te slaag moet jy 'n punt van minstens 50% vir die tesis behaal.

### Navrae

Programleier: Dr M Salie
Tel: 021 938 9773 E-pos: muneeb@sun.ac.za

## 5.3.14 Magister in Voeding in Openbare Gesondheid

### Spesifieke toelatingsvereistes

- 'n Kwalifikasie met 'n NKR-uittreevlak van 8 (of internasionale ekwivalent) in Gesondheids-, Natuur- of Landbouwetenskappe, en bewys dat jy voedingsmodules op voorgraadse vlak voltooi het.
- Ondervinding en praktiese ondervinding in voeding in openbare gesondheid sal as 'n bykomende voordeel dien.
- Vir toelating tot die navorsingsbaan moet jy verder oor kennis van navorsingsmetodiek en ondervinding in die beplanning en implementering van 'n navorsingsprojek (op voorgraadse en professionele vlak) beskik, of op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir dié doel toereikend is.

### Programbeskrywing

Jy kan een van twee bane volg vir die Magister in Openbare Gesondheid, naamlik:

- Magister in Openbare Gesondheid (gestruktureerde opsie); en
- Magister in Openbare Gesondheid (tesisopsie).

Die gestruktureerde baan word aangebied deur middel van tegnologie-gemedieerde onderrig en leer.

Die twee bane word afsonderlik in meer besonderhede hieronder uiteengesit.

### Navrae

Programleier: Dr N Koen
Tel: 021 938 9256 E-pos: nelene@sun.ac.za
Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/global-health/human-nutrition

## 5.3.14.1 Magister in Voeding in Openbare Gesondheid (gestruktureerde opsie)

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit reeds op **31 Augustus**. Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks vir die program gekeur.

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum tydperk van twee jaar.

### Programbeskrywing

Die gestruktureerde program bestaan uit verskeie teoretiese modules en 'n navorsingsprojek (50% van die totale krediete). Indien die akademiese jaar oor 45 weke strek, is die veronderstelling dat jy 20 ure per week oor 'n tweejaarperiode gebruik om die program te voltooi.

### Programinhoud

**EERSTE JAAR**

#### Verpligte modules

| | |
|---|---|
| Voeding in Openbare Gesondheid: Beleide en Programme | 812(15) |
| Voedingsepidemiologie | 811(30)* |

* Voedingsepidemiologie 811 is 'n slaagvoorvereiste vir Navorsingstesis 875.

#### Keusemodules

Kies enige drie van die onderstaande modules. 'n Bepaalde keusemodule word slegs aangebied as daar ten minste vier studente is wat die module wil volg.

| | |
|---|---|
| Gevorderde Analise van Voeding | 812(15) |
| Voeding, Gesondheid en die Omgewing | 812(15) |

| | |
|---|---|
| Voeding en Ekonomiese, Menslike en Sosiale Ontwikkeling | 812(15) |
| Voeding in Gesondheid en Siektevoorkoming | 812(15) |
| Voedsel, Voeding en Lewensonderhoud in Humanitêre Noodtoestande | 812(15) |
| Voedselsekerheid | 812(15) |

**TWEEDE JAAR**

| | |
|---|---|
| Navorsingstesis | 875(90) |

### Assessering en eksaminering

- 'n Stelsel van buigsame assessering geld vir die teoriemodules. 'n Kombinasie van skriftelike opdragte, aanlynforumbesprekings, portefeuljes, projekte, aanbiedings, refleksies, toetse en meer kan gebruik word om jou finale punt te bepaal. Assesseringsbesonderhede vir elke module/studie-eenheid is beskikbaar in die toepaslike studiegids.
- 'n Algehele slaagsyfer van 50% word vereis vir elke module.
- Jy sal slegs twee pogings toegelaat word om elke teoretiese module te slaag. Indien jy nie daarin slaag om 'n teoretiese module ná twee pogings te slaag nie, sal jy nie tot die program hertoegelaat word nie.
- Die finale punt vir die navorsingsprojek word soos volg bereken:
  - klaspunt (protokol) (15%);
  - projekuitvoering (10%);
  - gemiddeld van die interne en eksterne eksaminatore se punte vir die tesis (65%); en
  - mondelinge eksamen (10%).
- Die finale punt vir die program word bereken deur die gemiddeld van die finale punte vir die teoretiese modules (50%) by die finale punt vir die navorsingsprojek (50%) te voeg.
- 'n Mondelinge eksamen soos afgeneem deur die eksaminatore is verpligtend.
- Jy sal toegelaat word om vir 'n maksimum van drie jaar vir die navorsingsprojek te registreer. Indien jy nie daarin slaag om die navorsingsprojek binne hierdie tyd te voltooi nie, sal jou vordering amptelik deur die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Menslike Voeding beoordeel word, en mag jy die reg ontneem word om vir die program te herregistreer.

## 5.3.14.2 Magister in Voeding in Openbare Gesondheid (tesisopsie)

### Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Doen aanlyn aansoek by www.maties.com teen **30 September** van die voorafgaande jaar. Aansoeke vir voornemende internasionale studente sluit op **31 Augustus**. Slegs 'n beperkte getal studente word jaarliks vir die program gekeur.

### Duur van program

Die program strek oor 'n minimum tydperk van twee jaar.

### Programbeskrywing

Hierdie program bestaan slegs uit 'n navorsingsprojek (100% van die totale krediete) en geen teoretiese modules nie. Indien die akademiese jaar oor 45 weke strek, is die veronderstelling dat jy 20 ure per week oor 'n tweejaarperiode gebruik om die program te voltooi.

Die program behels die beplanning en implementering van 'n navorsingsprojek en die inlewering van 'n tesis of verkieslik twee artikels vir publikasie in 'n eweknie-beoordeelde vaktydskrif in die formaat wat in die studiegids aangedui is.

### Programinhoud

| | |
|---|---|
| Navorsingstesis | 888(180) |

### Assessering en eksaminering

- Die finale punt vir die program word soos volg bereken:
  - protokol (15%);
  - projekuitvoering (10%);
  - gemiddeld van die punte van die interne en eksterne eksaminatore vir die tesis (65%); en
  - mondelinge eksamen (10%).
- 'n Mondelinge eksamen soos afgeneem deur die eksaminatore is verpligtend.

- Jy sal toegelaat word om vir 'n maksimum van drie jaar vir die navorsingsprojek te registreer. Indien jy nie daarin slaag om die navorsingsprojek binne hierdie tyd te voltooi nie, sal jou vordering amptelik deur die Nagraadseprogramkomitee van die Afdeling Menslike Voeding beoordeel word, en mag jy die reg ontneem word om vir die program te herregistreer.

## 5.4 Doktorsgrade

### 5.4.1 Doktor in die Natuurwetenskappe

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- Die graad DSc kan aan jou toegeken word op voorwaarde dat jy:
  - gevorderde navorsing en/of skeppende werk, tot die Universiteit se tevredenheid, op die gebied van die Gesondheidswetenskappe verrig het;
  - oorspronklike, reeds gepubliseerde werk(e) van 'n hoë standaard, wat oor 'n sentrale tema handel en wat na die oordeel van die Senaat toon dat jy 'n wesenlike en hoogstaande bydrae tot die verryking van die kennis aangaande Gesondheidswetenskappe gedoen het, ingelewer het.
- Indien jy reeds in besit is van 'n Doktorsgraad in die Wysbegeerte in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, of 'n ander gelykstaande kwalifikasie, na die oordeel van die Senaat, moet jy:
  - vir minstens een akademiese jaar as student aan hierdie Universiteit ingeskryf wees voordat die graad aan jou toegeken kan word; en
  - die Registrateur minstens een jaar voordat jy jou as kandidaat vir die graad aanmeld, skriftelik van hierdie voorneme in kennis stel en die titel(s) en bestek van die voorgestelde werk(e) insluit. Indien die Senaat die aanmelding aanvaar, word 'n promotor en eksaminatore aangestel.
- Indien jy nog nie in besit is van 'n Doktorsgraad in die Wysbegeerte in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe of 'n ander vergelykbare kwalifikasie nie, moet jy:
  - vir minstens drie akademiese jare as student aan hierdie Universiteit ingeskryf wees voordat die graad aan jou toegeken kan word; en
  - die Registrateur minstens drie jaar voordat jy as student vir die graad aanmeld, skriftelik van hierdie voorneme in kennis stel en die titel(s) en bestek van die voorgestelde werk(e) insluit. Indien die Senaat die aanmelding aanvaar, word 'n promotor en eksaminatore aangestel.
- Daar moet minstens vyf jaar verloop het nadat genoemde graad Doktor in die Wysbegeerte of ander graad of kwalifikasie aan jou toegeken is.

#### Duur van program

Die maksimum duur is vyf jaar. Jou promotor mag 'n aanvaarbare motivering vir die verlenging van die tydperk voorlê aan die Komitee vir Nagraadse Navorsing van die Fakulteit, minstens ses maande voor die verstryking van die vyf jaar.

#### Assessering en eksaminering

- Jy moet vóór 1 Augustus, indien jy in Desember wil promoveer, of vóór 15 Oktober, indien jy in Maart wil promoveer, vier eksemplare van die werk(e) wat jy wil aanbied, by die Universiteitskantoor inlewer, vergesel van 'n verklaring dat dit jou eie werk is en dat dit nie reeds aan hierdie of 'n ander universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie. Waar 'n aansienlike deel van die werk(e) wat voorgelê word, nie alleen in jou naam gepubliseer is nie, moet jy bevredigende getuienis lewer oor watter deel van die werk wel deur jou gedoen is. Verder moet jy noem wie dit begin het, onder wie se leiding dit plaasgevind het, wie dit uitgevoer, verwerk en op skrif gestel het, en watter deel van die werk, indien enige, reeds ter verkryging van 'n graad aan 'n universiteit voorgelê is.
- Met betrekking tot die verdere vereistes waaraan voldoen moet word voordat die graad toegeken kan word, geld die algemene bepalings vir doktorsgrade soos aangebied onder "Nagraadse kwalifikasies" in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek, asook in die Inligtingstuk oor D-grade van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

#### Navrae

Tygerberg Doktorale Kantoor
Tel: 021 938 9813 E-pos: tyg-phd@sun.ac.za

### 5.4.2 Doktor in die Wysbegeerte

#### Spesifieke toelatingsvereistes

- Jy moet voldoen aan al die bepalings van doktorsgrade, soos aangebied onder "Nagraadse kwalifikasies" in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek, en in die Inligtingstuk oor D-grade, asook die Algemene Inligting oor Doktorale Studies in die FGGW, wat verkry kan word vanaf die Tygerberg Doktorale Kantoor (tyg-phd@sun.ac.za).

- Jy moes 'n gemiddelde punt van minstens 50% behaal het vir elke kwalifikasie wat jou keuring vir doktorale studies fasiliteer.
- Jy kan tot die graad PhD in die Fakulteit toegelaat word op voorwaarde dat:
  - daar minstens twee jaar verloop het nadat die graad MBChB of BChD aan jou toegeken is; of
  - 'n toepaslike honneursgraad in Gesondheidswetenskappe direk ná 'n MBChB/ BChD-graad aan jou toegeken is; of
  - 'n M-graad in Arbeidsterapie, Fisioterapie, Spraak-Taalterapie, Verpleegkunde, Voeding/Dieetkunde of Gesondheidsverwante en Sosiale Wetenskappe aan jou toegeken is; of
  - 'n toepaslike MSc-graad (magistergraad in die Natuurwetenskappe) van die Universiteit of 'n ander universiteit wat deur die Senaat goedgekeur word, aan jou toegeken is; of
  - 'n ander kwalifikasie (en tydperk ná verwerwing van die kwalifikasie) wat na die oordeel van die Senaat voldoende is, aan jou toegeken is.
- Jy kan tot die Doktorsgraad in Wysbegeerte in Biostatistiek toegelaat word op voorwaarde dat jy:
  - beskik oor 'n meestersgraad in Biometrie, Biostatistiek of Statistiek of 'n ander toepaslike veld wat deur die Senate goedgekeur word.
- Jy kan tot die Doktorsgraad in Wysbegeerte in Gesondheidsberoepe-onderwys (PhD in GBO) toegelaat word op voorwaarde dat jy:
  - oor 'n toepaslike kwalifikasie in die Gesondheidswetenskappe en/of toepaslike ondervinding in die Gesondheidswetenskappe beskik, en 'n M-graad in Gesondheidsberoepe-onderwys of Hoër Onderwys aan jou toegeken is, of jy oor bewese en toepaslike ervaring met opvoedkundige navorsing en/of navorsing in die sosiale wetenskappe beskik; of
  - oor 'n ander kwalifikasie (en tydperk ná verwerwing van die kwalifikasie) beskik wat na die oordeel van die Senaat voldoende is, en jy oor bewese en toepaslike ervaring met opvoedkundige navorsing en/of toepaslike navorsing in die sosiale wetenskappe beskik.
- Jy kan tot die Doktorsgraad in Wysbegeerte in Kliniese en Navorsingsetiek toegelaat word op voorwaarde dat:
  - jy oor 'n MBChB- of basiese graad in die Gesondheidswetenskappe beskik, 'n meestersgraad in Bio-etiek, die Gesondheidswetenskappe of 'n toepaslike veld aan jou toegeken is, en jy 'n nagraadse diploma in Toegepaste Etiek of Gesondheidsnavorsingetiek verwerf het;
  - jy oor toepaslike kwalitatiewe navorsing op die gebied van Bio-etiek beskik; en
  - jy in 'n Gesondheidswetenskappe- of Bio-etiek-omgewing werksaam is.
- Jy kan tot die Doktorsgraad in Wysbegeerte in Sportsielkunde toegelaat word op voorwaarde dat:
  - jy by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) geregistreer is; en
  - jy 'n magistergraad in sielkunde (voorligting-, kliniese, opvoedkundige of bedryfsielkunde) verwerf het; of
  - jy 'n sportwetenskaplike kwalifikasie en/of ander kwalifikasie wat as toereikend beskou word vir toelating tot die program, verwerf het.
- Jy kan tot die Doktorsgraad in Wysbegeerte in Sportwetenskap toegelaat word op voorwaarde dat:
  - jy die Magistergraad in Sportwetenskap van hierdie Universiteit verwerf het;
  - jy 'n ander magistergraad wat die Senaat vir dié doel goedgekeur het, verwerf het; of;
  - op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in jou bepaalde studierigting bereik het en wat na die oordeel van die Senaat toereikend is vir toelating tot die program.
  - Jy skriftelik aansoek doen om toelating, na oorleg met die departementele voorsitter. Noem die voorgenome proefskrifonderwerp, promotor en plekke van studie.
- Keuring berus by die akademiese omgewing en die omgewing se infrastruktuur en kapasiteit word ook in ag geneem.

*Let op:*
Toelatingsvereistes is onderhewig aan wysiging na aanleiding van nuwe vereistes van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

## Aansoekprosedure en -sluitingsdatum

Aansoeke kan deur die loop van die akademiese jaar ingedien word. Jy word aangemoedig om 'n potensiële promotor vir jou navorsing te identifiseer voordat jy 'n formele aansoek indien.

Jy mag aanlyn aansoek doen by www.maties.com, maar jy moet ook die riglyne en ander spesifieke aansoekvorms by die Tygerberg Doktorale Kantoor (tyg-phd@sun.ac.za) aanvra. By jou aansoek om registrasie en vir die duur van jou studie moet jy alle nodige dokumente aan die Tygerberg Doktorale Kantoor voorsien.

## Duur van program

Die minimum duur is twee jaar en die maksimum duur is vyf jaar. Jou promotor mag 'n aanvaarbare motivering vir die verlenging van die tydperk voorlê aan die Komitee vir Nagraadse Navorsing van die

Fakulteit, minstens ses maande voor die verstryking van die tydperk.

## Programbeskrywing

Die program vereis die voltooiing van 'n geskrewe navorsingsproefskrif ter waarde van 360 krediete op NKR-vlak 10. Die Doktorsgraad in die Wysbegeerte (PhD) kan in die volgende dissiplines van die geneeskundige en gesondheidswetenskappe toegeken word:

| Dissipline | Programkontak | E-pos | Telefoon |
|---|---|---|---|
| Aktiwiteitskunde (10940-978) | Dr S de Klerk | sdk@sun.ac.za | 021 938 9038 |
| Anatomie (12558-978) | Prof N Rampf | nrampf@sun.ac.za | 021 938 9418 |
| Anatomiese Patologie (10391-988) | Dr M Sanderson | msanders@sun.ac.za | 021 938 5309 |
| Anestesiologie (10448-988) | Prof S Chetty | seanchetty@sun.ac.za | 021 938 9226 |
| Arbeidsterapie (10464-978) | Dr S de Klerk | sdk@sun.ac.za | 021 938 9038 |
| Bioinformatika en Berekeningsbiologie (14166-979) | Prof G van der Spuy | gvds@sun.ac.za | 021 938 9947 |
| Biostatistiek (10408-978) | Dr I Maposa | imaposa@sun.ac.za | 021 938 9007 |
| Chemiese Patologie (11622-988) | Prof A Zemlin<br>Prof MJ Kotze | azemlin@sun.ac.za<br>maritha@sun.ac.za | 021 938 4107<br>021 938 5328 |
| Chirurgie (11673-988) | Prof J Lubbe | jal@sun.ac.za | 021 938 9271 |
| Dermatologie (11738-988) | Dr W Visser | wvisser@sun.ac.za | 021 938 9322 |
| Epidemiologie (40037-978) | Prof P Nyasulu | pnyasulu@sun.ac.za | 021 938 9973 |
| Farmakologie (12823-978) | Prof E Decloedt<br>Prof T Kellermann | ericdecloedt@sun.ac.za<br>tkellermann@sun.ac.za | 021 938 9045 |
| Fisioterapie (13110-988) | Prof D Ernstzen | dd2@sun.ac.za | 021 938 9300 |
| Geneeskundige Fisika (13269-978) | Prof C Trauernicht | cjt@sun.ac.za | 021 938 6027 |
| Geneeskundige Fisiologie (13072-978) | Prof H Strijdom | jgstr@sun.ac.za | 021 938 9387 |
| Geneeskundige Mikrobiologie (43737-978) | Dr M Newton-Foot | maen@sun.ac.za | 021 938 4009 |
| Geneeskundige Virologie (43745-978) | Prof C de Beer | cdeb@sun.ac.za | 021 938 9453 |
| Gesondheidsberoepe-onderwys (11448-978) | Dr M Volschenk | mvolschenk@sun.ac.za | 021 938 9447 |
| Gesondheidswetenskap-pe-rehabilitasie (65803-978) | Prof LY Ned | lieketseng@sun.ac.za | 021 938 9615 |
| Hematologiese Patologie (47090-988) | Dr C Swanepoel | carmens@sun.ac.za | 021 938 4103/ 9089 |
| Huisartskunde (48763-988) | Prof R Mash | rm@sun.ac.za | 021 938 9170/ 9620 |
| Interne Geneeskunde (14974-988) | Prof VJ Louw | vlouw@sun.ac.za | 021 938 9044 |
| Kerngeneeskunde (38792-978) | Prof J Warwick | jw@sun.ac.za | 021 938 4352 |
| Kliniese en Navorsings-etiek (13984-978) | Me N Cengiz | ncengiz@sun.ac.za | 021 927 7047 |
| Mensgenetika (47295-978) | Mr K Claasen | mbhgapplications@sun.ac.za | 021 938 9400 |

| Dissipline | Programkontak | E-pos | Telefoon |
|---|---|---|---|
| Molekulêre Biologie (11042-978) | Mr K Claasen | mbhgapplications@sun.ac.za | 021 938 9400 |
| Morfologiese Wetenskappe (64874-978) | Prof N Rampf | nrampf@sun.ac.za | 021 938 9418 |
| Neurochirurgie (32220-988) | Prof AJ Vlok | ianvlok@sun.ac.za | 021 938 9265 |
| Noodgeneeskunde (12333-988) | Dr N van Hoving | nvhoving@sun.ac.za | 021 938 9804 |
| Obstetrie en Ginekologie (16594-988) | Prof MH Botha | mhbotha@sun.ac.za | 021 938 9209 |
| Oogheelkunde (17159-988) | Prof L Visser | lindav@sun.ac.za | 021 938 9552 |
| Oor-, Neus- en Keelheelkunde (17183-988) | Tygerberg Doktorale Kantoor | tyg-phd@sun.ac.za | 021 938 9813 |
| Openbare Gesondheid (13094-988) | Prof R English | renglish@sun.ac.za | 021 938 9566 |
| Ortopedie (sal nog aangekondig word) | Dr M Burger | mcburger@sun.ac.za | 021 938 9268/ 9266 |
| Oudiologie (46248-978) | Dr B Gerber | berna@sun.ac.za | 021 938 9494 |
| Pediatrie en Kindergesondheid (sal nog aangekondig word) | Prof R Solomons | regan@sun.ac.za | 021 938 6891 |
| Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie (22950-988) | Prof N Kairinos | kairinos@sun.ac.za | 021 938 9585 |
| Psigiatrie (18031-988) | Prof S Seedat | sseedat@sun.ac.za | 021 938 9227 |
| Radiobiologie (11082-978) | Prof JM Akudugu | jakudugu@sun.ac.za | 021 938 9942 |
| Radiologiese Diagnose (18082-988) | Prof RD Pitcher | pitcher@sun.ac.za | 021 938 5622 |
| Radioterapie en Radio-isotope (18112-988) | Dr H Burger | henrietteburger@sun.ac.za | 021 938 5992 |
| Sportsielkunde (42935-978) | Prof HW Grobbelaar | hgrobbelaar@sun.ac.za | 021 808 4771 |
| Sportwetenskap (54607-978) | Prof P Runciman | para@sun.ac.za | 021 938 9439 |
| Spraak-Taalterapie (10004-978) | Dr B Gerber | berna@sun.ac.za | 021 938 9494 |
| Torakschirurgie (20761-988) | Prof JT Janson | jjanson@sun.ac.za | 021 938 9432 |
| Urologie (20818-988) | Prof A van der Merwe | arvdm@sun.ac.za | 021 938 9094 |
| Verpleegkunde (20966-978) | Prof P Jordan | pjordan@sun.ac.za | 021 938 9760 |
| Voedingswetenskappe (39950-978) | Prof XM Mbhenyane | xgm@sun.ac.za | 021 938 9135 |

## Assessering en eksaminering

- Die PhD-graad word toegeken as erkenning vir hoë kwaliteit en oorspronklike navorsing en word konvensioneel op die basis van 'n proefskrif geassesseer.
- Addisioneel hiertoe kan 'n PhD-graad ook op 'n alternatiewe wyse verwerf word, naamlik primêr gebaseer op gepubliseerde wetenskaplike artikels. Dit is egter nie moontlik om 'n PhD-graad te verwerf wat uitsluitlik uit gepubliseerde artikels bestaan nie. Meer besonderhede oor die verskillende formate is verkrygbaar by die Tygerberg Doktorale Kantoor.
- Met betrekking tot die datum van inlewering van die proefskrif, die dokumente wat ingelewer moet word, asook die verdere vereistes waaraan voldoen moet word voordat die graad toegeken kan

word, geld die algemene bepalings vir doktorsgrade soos aangebied onder "Nagraadse kwalifikasies" in Deel 1 (Algemene Reëls) van die Jaarboek, asook in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se riglyndokument, Algemene Inligting oor Doktorale Studies, wat verkrygbaar is by die Tygerberg Doktorale Kantoor.

- Die PhD-graad word nie beskou as grondslag vir registrasie as spesialis by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika of die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging nie, maar kan as 'n addisionele kwalifikasie (slegs Geneeskundige Wetenskappe) geregistreer word.
- Die graad PhD kan aan jou toegeken word:
  - nadat jy vir minstens twee akademiese jare vir die PhD-graad aan die Universiteit geregistreer was;
  - op voorwaarde dat jy – met die toestemming van die promotor – minstens ses maande voordat jy die graad wil verwerf, skriftelik aan die Tygerberg Doktorale Kantoor kennis gee van jou verwagte inleweringsdatum;
  - op grond van 'n proefskrif – onder toesig van 'n promotor – wat handel oor 'n probleem uit een of ander gebied van die Geneeskundige en Gesondheidswetenskappe of Gesondheidsberoepe-onderwys (in die geval van 'n PhD in GBO). Die proefskrif moet, tot die Universiteit se tevredenheid, bewys lewer van gevorderde oorspronklike werk wat 'n bydrae lewer tot die verryking van fundamentele, teoretiese en/of kliniese kennis op die bepaalde gebied van navorsing;
  - op voorwaarde dat die proefskrif vergesel word van 'n verklaring dat dit nie reeds aan 'n ander universiteit of instansie ter verkryging van 'n graad of diploma voorgelê is nie, en dat dit jou eie werk is; en
  - nadat jy 'n mondelinge eksamen geslaag het. 'n Mondelinge eksamen vir die doktorsgraad word in die reël vereis, uitgesonderd die gevorderde doktorsgrade, maar onderworpe aan die goedkeuring van die Senaat kan vrystelling van hierdie eksamen in spesiale gevalle op grond van voldoende motivering verleen word.

### Navrae

Tygerberg Doktorale Kantoor
Tel: 021 938 9813 E-pos: tyg-phd@sun.ac.za

Webtuiste: https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/doctoral-office

## 5.4.2.1 PhD in Bioinformatika en Berekeningsbiologie

Die program word as 'n multidissiplinêre program binne die Fakulteite AgriWetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en Natuurwetenskappe aangebied. Jy skryf in by die fakulteit waar jou navorsingsfokus en studieleier gesetel is, en die kwalifikasie word ook deur daardie fakulteit toegeken.

### Programinhoud

Vir die PhD-graad word 'n proefskrif vereis wat die resultate van jou selfstandige navorsing bevat.

### Navrae

Programleier: Prof G van der Spuy
Tel.: 021 938 9007 E-pos: gvds@sun.ac.za

# Vakke, Modules en Module-inhoude

## 1. Definisies en verduideliking van belangrike terme en taalspesifikasies

Om die inligting in hierdie hoofstuk ten volle te begryp en te kan gebruik, is dit belangrik dat jy kennis neem van 'n paar terme se definisies. Die onderstaande voorbeeld dui aan hoe die terme in later in hierdie hoofstuk sal verskyn.

**Voorbeeld:**

### 65684 Lewensvorme en -Funksies van Kliniese Belang

**111 (17) Lewensvorme en -funksies van Kliniese Belang (6L)**

### 1.1 Verduideliking van bogenoemde terme

- *Vyfsyfer-vaknommer –*

  **65684 Lewensvorme en -Funksies van Kliniese Belang**

  Elke vak word aan hierdie vyfsyfer-vaknommer geïdentifiseer. Die vaknommer "65684" verwys na die vak Lewensvorme en -Funksies van Kliniese Belang.

- *Vaknaam –*

  **65684 Lewensvorme en -Funksies van Kliniese Belang**

  Die spesifieke vak se naam word direk na die vyfsyfer-vaknommer in die tabel aangebied voordat die verskillende modules van die vak aangebied word. Normaalweg word die vaknaam gevolg deur die modulekode en die kredietwaarde van die spesifieke kode, soos byvoorbeeld in hierdie geval: Lewensvorme en -Funksies van Kliniese Belang 111 (17).

- *Modulekode –* **111 (17) Lewensvorme en -funksies van Kliniese Belang**

  Die modulekode bestaan uit 'n drie-syfernommer wat uniek is tot die spesifieke module. Die modulekode "111" beteken die volgende:

  - Die eerste syfer dui die jaargang aan waarin die module aangebied word byvoorbeeld:

    *Jaar 1: **1**14*

    *Jaar 2: **2**14*

    *Jaar 3: **3**14*

  - Die tweede syfer "1" dui die semester aan waarin die module aangebied word en dien ook as 'n onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang. Die Universiteit gebruik verskillende syfers om die bepaalde semester aan te dui waarin 'n module aangebied word, hetsy die eerste semester, die tweede semester of modules wat oor beide semesters strek (dit wil sê jaarmodules).
  - Die syfers wat die semesters aandui lyk as volg:
    - **1**, **2** of **3** – modules word in die eerste semester aangebied.

      *Semester 1: 2**1**4, 3**2**4, 3**3**4*

    - **4**, **5** of **6** – modules word in die tweede semester aangebied.

      *Semester 2: 3**4**2, 3**5**4, 3**6**4*

    - **7**, **8** of **9** – modules word in beide semesters aangebied, dit wil sê jaarmodules.

      *Jaarmodules (beide semesters): 2**7**8, 2**8**8, 3**9**1*

  - Die derde syfer van die modulekode "111" dien as onderskeidingsyfer tussen verskillende modules van dieselfde vak in 'n spesifieke jaargang.
  - Die module Lewensvorme en -funksies van Kliniese Belang 111 is dus 'n module wat in die eerste semester van die eerste jaar aangebied word.

- *Kredietwaarde –* **111 (17) Lewensvorme en -funksies van Kliniese Belang**

  Die getal in die tweede blokkie dui die kredietwaarde aan wat aan die module gekoppel word. Jy verwerf dus 17 krediete vir Lewensvorme en -funksies van Kliniese Belang 111.

- *Module-onderwerp* – **111 (17) Lewensvorme en -funksies van Kliniese Belang**

  Hierdie dui die onderwerp aan wat in hierdie spesifieke module hanteer sal word.
- *Doseerlading* – **111 (17) Lewensvorme en -funksies van Kliniese Belang (6L)**

  Die doseerlading van 'n module word in die blokkie na die module-onderwerp aangedui en gee vir jou beide die lading en die soort dosering per week wat jy in die module kan verwag. Jy kan byvoorbeeld vir die module Lewensvorme en -funksies van Kliniese Belang 111 ses lesings elke week vir die duur van die module verwag. Die volgende afkortings word vir die doseerlading gebruik:
  - **L** – Lesing van 50 minute, byvoorbeeld 3L
  - **P** – Praktikumperiode van 50 minute, byvoorbeeld 1P, 2P, 3P
  - **S** – Seminaar van 50 minute, byvoorbeeld 1S
  - **T** – Tutoriaal van 50 minute, byvoorbeeld 1T, 2T
  - **Weke** – Getal weke waartydens slegs hierdie module gevolg word

## 1.2 Voorwaarde vir die toekenning van 'n kwalifikasie of graad

Die Fakulteit sal slegs 'n kwalifikasie toeken indien jy ál die voorgeskrewe voorvereiste en newevereiste modules van die spesifieke graadprogram geslaag het.

# 2. Vakke, modules en module-inhoude

Die vakke, met hulle samestellende modules, krediete, module-onderwerpe, doseerladings en module-inhoude word hieronder aangebied.

## 14694 Afrikaanse Taalaanleer

### 179 (24) Afrikaans as Vreemde Taal (3l, 2P)

Slegs studente met geen opleiding in Afrikaans nie of wat Afrikaans as Tweede Addisionele Taal geneem het, word tot hierdie module toegelaat. Geen Moedertaalsprekers van Afrikaans mag die module neem nie.

Die vier kommunikasievaardighede – lees, luister, praat en skryf – word op 'n geïntegreerde wyse in die module behandel.

Elementêre interaksie rondom 'n verhaalteks en tematies-verwante tekste (algemeen en literêr).

Strategiese lees- en luistervaardighede in die akademiese lesingsituasie.

Relevante taalstudie en woordeskatuitbreiding.

**Opmerkings**

1. Aanbevelings vir die plasing van studente in Afrikaanse Taalaanleer 179 of in Afrikaanse Taalaanleer 189 word gemaak op grond van departementele 2. taalvaardigheidstoetse wat aan die begin van die jaar afgelê word.
2. Studente in Spraak-Taal- en Gehoorterapie I aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe word volgens die uitslag van 'n taalvaardigheidstoets in Xhosa 178 of Afrikaanse Taalaanleer 179 of 188 geplaas.
3. Hierdie module lei nie na Afrikaans en Nederlands 278 nie.
4. Kyk departementele inligtingstuk vir verdere besonderhede.

*'n Stelsel van buigsame assessering word in Afrikaanse Taalverwerwing 178 gebruik. Studente word aan die begin van die jaar skriftelik ingelig oor die manier waarop die finale punt bereken word en ontvang in die loop van die module gereelde terugvoering oor hulle vordering. 'n Mondelinge eksamen word aan die einde van elke semester afgelê.*

*Tuisdepartement: Afrikaans en Nederlands*

### 189 (24) Afrikaans as tweede taal (3L, 3P)

Slegs studente wat Afrikaans as Eerste Addisionele Taal geneem het en wie se huistaal nie Afrikaans is nie, word tot hierdie module toegelaat. Geen moedertaalsprekers van Afrikaans of studente wat Afrikaans as Huistaal geneem het, mag die module neem nie.

Die vier kommunikasievaardighede – lees, luister, praat en skryf – word op 'n geïntegreerde wyse in die module behandel.

Studente maak kennis met verskeie metodes van taalstudie:

- Gevorderde interaksie rondom tematies-verwante tekste (algemeen en literêr)
- Strategiese lees- en luistervaardighede in die akademiese lesingsituasie
- Visuele media- en filmstudie

- Relevante taalstudie
- Mondelinge vaardighede

**Opmerkings**

1. Aanbevelings vir die plasing van studente in Afrikaanse Taalaanleer 189 of in Afrikaans en Nederlands 178 word gemaak op grond van departementele taalvaardigheidstoetse wat aan die begin van die jaar afgelê word.
2. Studente in Spraak-Taal- en Gehoorterapie I aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe word volgens die uitslag van 'n taalvaardigheidstoets in Xhosa 178 of Afrikaanse Taalaanleer 179 of 189 geplaas.
3. Hierdie module lei nie na Afrikaans en Nederlands 278 nie.
4. Kyk departementele inligtingstuk vir verdere besonderhede.

*'n Stelsel van buigsame assessering word in Afrikaanse Taalaanleer 189 gebruik. Studente word aan die begin van die jaar skriftelik ingelig oor die manier waarop die finale punt bereken word en ontvang in die loop van die module gereelde terugvoering oor hulle vordering. 'n Mondelinge eksamen word aan die einde van elke semester afgelê.*

*Tuisdepartement: Afrikaans en Nederlands*

## 11524 Afrika-noodsorg

### 871 (15) Afrika-noodsorg

Hierdie semestermodule is 'n kernmodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die volgende oogmerke: om 'n rasionele bewysgebaseerde benadering tot kliniese probleme in noodsorg te ontwikkel, en om verdere kennis en vaardighede te ontwikkel om ingewikkelde situasies te bestuur. Die module dek epidemiologie, stelselontwikkeling en die toepassing van noodsorg in Afrika.

*Die assessering van module-opdragte dra 40% tot die finale punt by, die finale skriftelike eksamen dra 30% by en die finale projek dra 30% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 64815 Aktuele Onderwerpe in Sport en Oefenwetenskap

### 721 (12) Aktuele Onderwerpe in Sport en Oefenwetenskap

Onlangse navorsing, internasionale perspektiewe, professionele toepassing, huidige status in Suid-Afrika per onderwerp.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 751 (12) Aktuele Onderwerpe in Sport en Oefenwetenskap

Onlangse navorsing, internasionale perspektiewe, professionele toepassing, huidige status in Suid-Afrika per onderwerp.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 13248 Algemene Makroskopiese Anatomie en Histologie

### 775 (60) Algemene Makroskopiese Anatomie en Histologie

Die module ontwikkel kennis en begrip van die anatomie en histologie van die menslike liggaam. Histologiese voorbereidingsprosesse, histologiese analitiese tegnieke, navorsingsbeginsels, laboratoriumveiligheid en aspekte van epidemiologie word ondersoek om begrip in die konteks van anatomiese en histologiese navorsing te vestig.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 10942 Algemene Neurologie

### 876 (130) Algemene Neurologie

Diagnose en hantering van relevante neurologiese toestande

*Tuisdepartement: Interne Geneeskunde*

## 10294 Algemene Taalwetenskap

### 178 (24) Inleiding tot die Taalwetenskap (3L, 1T)

Aard en doelstellings; funksies van taal; opbou van ('n) taal uit 'n klankstelsel, 'n betekenisstelsel en stelsels vir die vorming van woorde en sinne; beginsels van taalgebruik; taalverskeidenheid en -variasie; interaksie tussen taal en sosiale verskynsels; taalverandering; taalverwerwing; taal in die brein; taalproduksie en -persepsie.

*Tuisdepartement: Algemene Taalwetenskap*

### 278 (32) Taal en die Menslike Gees (3L)

Beginsels en praktyk van die analise van taalstruktuur (sintaksis en fonologie, ander aspekte van taalstruktuur); beginsels en praktyk van die analise van taalgebruik (pragmatiek/diskoersanalise); sosiolinguistiese aspekte van taal; kernvrae oor taalverwerwing en taalprosessering; *capita selecta* wat bydra tot die bereik van die uitkomste van die module.

*In module 278 word gebruik gemaak van 'n stelsel van buigsame assessering.*

***Slaagvoorvereistemodule:***

- *Algemene Taalwetenskap 178*

*Tuisdepartement: Algemene Taalwetenskap*

## 71024 Algoritmes en Masjienleer in Bioinformatika

### 812 (10) Algoritmes en Masjienleer in Bioinformatika

Algoritmes met spesiale toepassings in bioinformatika sal bestudeer word. Dit sal algoritmes insluit wat gereeld in 'n seleksie van soektogte en analises in Bioinformatika gebruik word. Verskillende sentrale konsepte in masjienleer, sowel as verskillende masjienleerbenaderings en -topologieë sal aangebied word.

*Tuisdepartement: Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie*

## 13063 Ambulatoriese Sorg en Reismedikasie

### 871 (15) Ambulatoriese Sorg en Reismedikasie

Hierdie semestermodule is 'n keusemodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die oogmerk om studente in die omvang en praktyk van primêregesondheidsorg te onderrig, met inbegrip van die biopsigososiale model en 'n benadering tot algemene presenterings in primêre sorg. Die module bestaan uit opdragte en twee volle kontaksessies.

*Die finale summatiewe assessering dra 40% tot die finale punt by en opdragte dra 60% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 12558 Anatomie

### 178 (20) Anatomie (4L, 2P)

Beginsels van algemene anatomie en ontwikkeling van die menslike liggaam, ingesluit 'n basiese inleiding tot embriologie en histologie, asook osteologie, die muskulêre stelsel, sirkulatoriese stelsel, gastroïntestinale stelsel, respiratoriese stelsel, urogenitale stelsel, endokriene stelsel en die senuweestelsel. Ingesluit is 'n integrasie van teoretiese en praktiese kennis.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 22810 Anatomie

### 873 (33) Anatomie

Die fokus van die Anatomiemodule is die kop, nek en toraks. Grondige kennis word benodig van die anatomie en embriologie van die oor, neus en keel.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

### 874 (40) Anatomie

Die fokus van die anatomie sal die kop- en nekarea wees. Grondige kennis van die anatomie en embriologie van die orbit, oog en adneksa sal verwag word.

*Tuisdepartement: Oogheelkunde*

## 52183 Anatomie (AGB)

### 278 (36) Anatomie (AGB) (3,5L)

Anatomie en neuroanatomie van die kop en nek; toraks, abdomen, pelvis, perinium en ledemate; respiratoriese sisteem, urinêre sisteem, vel, endokriene sisteem, senuweesisteem, epitelium. Die studente dissekteer nie self nie, maar studeer op geprosekteerde kadawers.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 14208 Anatomie (Radiologiese Terapie)

### 872 (40) Anatomie (Radiologiese Terapie)

Makro-anatomie/oppervlakanatomie/limfatiese dreinering/vaskulêre dreinering/verhoudings van alle anatomiese strukture. Basiese begrip van onkologiese chirurgiese tegnieke. Basiese begrip van embriologiese oorsprong van anatomiese strukture.

*Tuisdepartement: Stralingsonkologie*

## 10391 Anatomiese Patologie

### 221 (3) Anatomiese Patologie (2L)

Algemene inleiding tot Anatomiese Patologie en beginsels van siekteprosesse, besering en genesing.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

### 872 (34) Anatomiese Patologie

Die anatomiese patologie-module bestaan uit die beginsels van histologie en sitologie, sellulêre beserings, inflammasie, herstel, hemodinamikasteurings, neoplasma, genetika en pediatrie, omgewingskieme, respiratoriese sisteem-patologie, hematologie en limfo-patologie.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

## 10421 Anatomiese Patologie

### 775 (30) Anatomiese Patologie

Algemene Anatomiese Patologie; basiese beginsels van sitopatologie; toepaslike sistemiese patologie (orgaangebaseerd en relevant tot die omvang van die navorsingsprojek); tegnieke en diagnostiese modaliteite in Anatomiese Patologie.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

## 10413 Anatomiese Patologie Deel I

### 874 (120) Anatomiese Patologie Deel I

Die Anatomiese Patologie Deel 1-module sluit in die beginsels van histologie en sitologie, lykskouingstegnieke en die beginsels van Geregtelike Geneeskunde, sellulêre besering, ontsteking en herstel, hemodinamika-versteurings, trombo-emboliese toestande, skok, neoplasie, genetiese toestande, siektes van babas en kinders, infektiewe siektes, omgewings- en voedingsiektes, en sistemiese orgaanpatologie.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

## 10948 Anatomiese Patologie Deel II

### 872 (240) Anatomiese Patologie Deel II

'n Omvattende en gespesialiseerde kennis en die bemeestering van die gevorderde teorie en die toepassing daarvan in Anatomiese Patologie, insluitende Chirurgiese Patologie, Sitopatologie, Goeie Laboratoriumpraktyk en Mediese Etiek, Laboratoriumbestuur, Molekulêre Patologie, Neuropatologie, en Lykskouings.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

# 14006 Anatomiese Tegnieke en Laboratoriumpraktyk

## 771 (10) Anatomiese Tegnieke en Laboratoriumpraktyk

Navorsingsgebaseerde studie van die geskiedenis van preservering en balseming van menslike weefsel, en die toepassing van die kennis daarvan. Laboratoriumveiligheid.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

# 10448 Anestesiologie

## 511 (20) Anestesiologie (3 weke)

- i) Die module voorsien inleidende beginsels t.o.v. narkose, resussitasie en intensiewe sorg.
- ii) Dit behels die volgende lesingonderwerpe: Apparaat: Narkosemasjien en koolsuurgas-absorpsie; Monitering; Farmakologie: Outonome senuweestelsel; Induksiemiddels; Inhalasiemiddels; Spierver-slappers; Inhalasiemiddels: Kinetika; Middelinteraksies; Premedikasie; Lugweg: Anatomie, assessering, intubasie; Intubasie (voortsetting): Gefaalde intubasie; Stroombane; Vog en bloed; Narkosetoediening; Postoperatiewe naarheid en braking; Kardiovaskulêr: Fisiologie met inbegrip van monitering van SVD; Isgemiese hartsiekte; Hipertensie en hartversaking; Klepletsels, aritmieë, pasaangeërs; Pulmonologie: Fisiologie; Effek van narkose op long en asemhaling; Obstruktiewe en restriktiewe siekte; Opiate; Pyn: Fisiologie en patofisiologie; Asma, infeksie en trauma; Oor-, neus- en keelheelkunde/ Oogheelkunde; Sentrale senuweestelsel; Niere; Lewer; Hantering van pyn met inbegrip van postoperatiewe pyn; Endokriene patologie: Diabetes mellitus; Bynierkorteks: Hipo- en hiperfunksie; Maligne hipertermie; Vetsug en geriatrie; Porfirie en atipiese respons op suksametonium; Pediatriese narkose; Verloskunde: Algemeen; Aspirasie; Lokale verdowing: Farmakologie met inbegrip van toksiese dosisse en newe-effekte; Spinaal- en epiduraalnarkose; Ander blokke; Bewuste sedasie: Laparoskopiese chirurgie; Resussitasie: Algemene resussitasie met inbegrip van anafilakse; Kardiopulmonêre resussitasie; Akute vergiftiging: Diagnose en hantering: Akute vergiftiging: Slange, skerpioene, spinnekoppe en seediere; Akute vergiftiging: Intensiewe sorg – CO-salisilaat, TAD, organofosfaat, parasetamol en plante; Bloedgasse en ventilasie; Amper verdrinking; Septiese skok, sistemiese inflammasie.
- iii) Dit sluit ook 'n werkswinkel (klein groepe) in oor die beginsels van kardiopulmonêre resussitasie.

*Tuisdepartement: Anestesiologie en Kritieke Sorg*

# 10464 Arbeidsterapie

## 178 (40) Arbeidsterapie (8L, 4P)

Inleiding tot die basiskonsepte van arbeidsterapie-praktykvoering. Professionele ontwikkeling deur die vestiging van kennis, houdings en vaardighede. Die ontwikkeling van 'n konseptuele onderbou binne die gesondheidswetenskappe en spesifiek binne arbeidsterapie. Hantering en verstaan van relevante akademiese inhoud.

*Tuisdepartement: Arbeidsterapie*

## 278 (60) Arbeidsterapie (2L, 2P)

Bepaling van aktiwiteitsverrigting en faktore wat 'n impak daarop het; aanleer van aktiwiteite, tegnieke en aanpassingstegnologie. Die ontwikkeling van basiese praat- en luistervaardighede in óf Afrikaans óf isiXhosa binne die arbeidsterapiekonteks. Die aard en dinamika van die professionele konsultasie.

*Tuisdepartement: Arbeidsterapie*

# 43990 Arbeidsterapie: Prakties

## 374 (62) Arbeidsterapie: Prakties (17P)

Die toepassing van arbeidsterapie-dienslewering aan pasiënte/kliënte volgens die arbeidsterapieproses.

*Tuisdepartement: Arbeidsterapie*

## 478 (112) Arbeidsterapie: Prakties (3L)

Konsolidasie van die toepassing van arbeidsterapie-dienslewering. Integrasie van arbeidsterapie – teorie en prakties volgens behoeftes van individue of groepe.

*Tuisdepartement: Arbeidsterapie*

## 43982 Arbeidsterapie: Teorie

### 374 (32) Arbeidsterapie: Teorie (8L)

Teorie en beginsels vir die bevordering van aktiwiteitsverrigting en komponente wat 'n impak daarop het. Toepassing van aktiwiteite, tegnieke en aanpassingstegnologie in kliniese werk.

*Tuisdepartement: Arbeidsterapie*

### 484 (26) Arbeidsterapie: Teorie (1L)

Integrasie en toepassing van teorie en beginsels vir die bevordering van aktiwiteitsverrigting en komponente wat 'n impak daarop het. Professionele aangeleenthede rakende die beroep, gesondheidsdienslewering en arbeidsterapiedienste. Toepassing in kliniese werk van aktiwiteite, tegnieke en aanpassingstegnologie. Praktykvoering – integrasie van teorie en praktiese werk.

*Tuisdepartement: Arbeidsterapie*

## 13265 Assessering van Voedselsekuriteit

### 821 (10) Assessering van Voedselsekuriteit

Hierdie module dek verskillende vlakke en metodes ten opsigte van voedsel- en voedingsassessering, asook aanwysers, ontleding, monitering en evaluering.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 10956 Basiese Hiperbariese Geneeskunde

### 772 (25) Basiese Hiperbariese Geneeskunde

Nadat hierdie module suksesvol voltooi is, sal die mediese praktisyn in staat wees om enige pasiënt te evalueer en te besluit of daar genoegsame bewyse is om die pasiënt na 'n hiperbariese eenheid vir hiperbariese suurstofterapie te verwys.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 10957 Basiese Mediese Wetenskappe

### 811 (96) Basiese Mediese Wetenskappe

Dit behels al die basiese wetenskappe relevant tot die praktyk van Interne Geneeskunde bv. fisiologie, patologie, farmakologie en beginsels van etiek. Suksesvolle voltooiing van die module vereis bevredigende bywoning, asook om 'n toetspunt van 50% in die LKI (SA) Deel I-eksamen te kry. Die student moet die Deel I-eksamen binne twee jaar, en verkieslik binne een en 'n half jaar, ná registrasie slaag.

*Tuisdepartement: Interne Geneeskunde*

## 10958 Basiese Onderwatergeneeskunde

### 772 (30) Basiese Onderwatergeneeskunde

Nadat hierdie module suksesvol voltooi is, sal die mediese praktisyn in staat wees om 'n duiker te ondersoek en sy geskiktheid as duiker te bepaal. Die praktisyn sal ook in staat wees om by die Departement van Arbeid as 'n Aangewese Mediese Praktisyn te registreer in terme van die Duikregulasies.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

### 874 (120) Basiese Toegepaste Wetenskappe

Moet binne die eerste 18 maande van inskrywing afgehandel word en omvat Toegepaste Anatomie, Fisiologie, Farmakologie en Basiese Kliniese Patologie.

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 13548 Basiese Voedingsbeginsels van Gastroïntestinale Versteurings

### 811 (15) Basiese Voedingsbeginsels van Gastroïntestinale Versteurings

Die rol van dieet in die etiologie en behandeling van verskeie gastroïntestinale versteurings en geassosieerde komplikasies.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 10961 Basiese Wetenskappe

### 871 (90) Basiese Wetenskappe

Chirurgiese Anatomie en Fisiologie, en Algemene Patologie

Moet binne 18 maande van eerste registrasie voltooi wees.

*Tuisdepartement: Chirurgie*

### 874 (120) Basiese Wetenskappe

Die module sluit vakke in wat die basis is van Verloskunde en Ginekologie soos Anatomie, Fisiologie en Endokrinologie.

*Tuisdepartement: Verloskunde en Ginekologie*

## 53937 Bedryfsbestuur

### 775 (10) Bedryfsbestuur

Hierdie module volg 'n stelselsbenadering (wat toerusting, stelsels en mense omvat) tot prosesse wat ontwerp is en bedryf word om bepaalde uitkomste te lewer. Die module-inhoud beweeg vanaf begrip van die oogmerk na prosesontleding, en dan na die beplanning en toepassing van verbetering.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 10553 Bedryfsielkunde

### 262 (8) Ergonomika (1,5L, 0,5P)

Aard en geskiedenis van Ergonomika, konteks van Ergonomika (algemene omgewingseffekte, wetgewing, bestuur en produktiwiteit, geboude omgewing), biologiese basis van gedrag (die senuweestelsel en die brein), sensasie en persepsie (sintuie, waarneming, bewuste en onbewuste, geheue en aandag), werksomgewing (ruimte en vorm, beligting, geluid en vibrasie, temperatuur, lug en chemies, tyd), verwerking (informasie en riglyne vir ontwerp), inset (vertonings), uitset (aktiwiteite en rusperiodes), handewerk, beheer en gereedskap, stelselwanfunksie (foute, veiligheid en gesondheid), inleiding tot Informasie-ergonomika (kognitiewe kaarte en bruikbaarheid), samevatting.

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

## 36846 Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie)

### 132 (6) Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie) (2L)

Die mens as werknemer; menslike hulpbronbeplanning; werwing, keuring, plasing en induksie; kommunikasie; motivering; leierskap in ondernemings; oorsig oor arbeidsverhoudinge. Hierdie module is ontwikkel vir studente in Arbeidsterapie en hierdie perspektiewe word gevolglik deurlopend toegelig

*Tuisdepartement: Bedryfsielkunde*

## 14467 Beginsels en Prosesse van Geestesgesondheidsverpleegkunde

### 751 (48) Beginsels en Prosesse van Geestesgesondheidsverpleegkunde

Die inhoud van hierdie module stem ooreen met die vereistes van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging vir geestesgesondheidverpleegspesialiste. Die module vorm by studente 'n kontekstuele begrip van die bevoegdhede wat geestesgesondheidverpleegspesialiste benodig (bv. uitwysings-, konsultasie-, kommunikasie- en responsvaardighede) om mense met geestesversteurings te help, asook mishandelde pasiënte en pasiënte wat ander mishandel. Die werking van die gesondheidsdienstestelsel en die impak wat dit op gesondheidsdienslewering het, word ook gedek sodat studente die vermoë ontwikkel om die gesondheidstelsel te navigeer.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14504 Beginsels en Prosesse van Kritiekesorgverpleegkunde

### 784 (28) Beginsels en Prosesse van Kritiekesorgverpleegkunde

Die doel van hierdie module is om studente wat in kritiekesorgomgewings wil verpleeg, met kennis en vaardighede toe te rus wat hulle in staat sal stel om as bevoegde kritiekesorg-verpleegpraktisyns te funksioneer wat kritiek siek pasiënte en die kritiekesorgomgewing met insig, vertroue en deernis kan bestuur.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14552 Beginsels en Prosesse van Noodverpleegkunde

### 767 (28) Beginsels en Prosesse van Noodverpleegkunde

Hierdie module stel die student in staat om 'n kontekstuele begrip van die vaardighede van noodspesialis-verpleegkundiges te verkry wat nodig is om na kritiek siek of beseerde pasiënte in die noodeenheid om te sien. Hierdie vaardighede sal aan die noodspesialisverpleegkundige die nodige fundamentele kennis en vaardighede voorsien om omvattende persoonsgerigte pasiëntsorg volgens elke pasiënt se spesifieke gesondheidsbehoeftes of -probleme te bied.

Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde

## 14463 Beginsels en Prosesse van Primêre Gesondheidsorg

### 731 (15) Beginsels en Prosesse van Primêre Gesondheidsorg

Hierdie module stel studente in staat om hulle kennis, vaardighede en waardes krities toe te pas om die gesondheid van persone van verskillende ouderdomme oor die gesondheidskontinuum te bevorder. Dit sluit in die toepassing van bewysgebaseerde praktyk, multidissiplinêre spanwerk en 'n persoons- en gemeen-skapsgesentreerde benadering in verskeie primêre gesondheidsorgkontekste.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13424 Beginsels van Palliatiewe Sorg

### 371 (5) Beginsels van Palliatiewe Sorg (20L)

Hierdie module is ontwerp sodat studente die beginsels van palliatiewe sorg verstaan om hulle in staat te stel om die spesifieke behoeftes van pasiënte wat leef met of sterf van 'n gevorderde siekte, op 'n holistiese, biopsigososiale en pasiënt-gesentreerde manier te bestuur.

*Tuisdepartement: Sentrum vir Gesondheidsberoepe-onderwys*

## 13167 Beleidsanalise ten opsigte van Gesondheid, Gestremdheid en Rehabilitasie

### 775 (30) Beleidsanalise ten opsigte van Gesondheid, Gestremdheid en Rehabilitasie

Ontleding van beleide oor gesondheid, gestremdheid en rehabilitasie wat formulering en toepassing betref ten einde die voordeel vir mense met gestremdhede te bepaal.

*Tuisdepartement: Sentrum vir Rehabilitasiestudies*

## 13065 Bestuur en Leierskap

### 871 (15) Bestuur en Leierskap

Hierdie semestermodule is 'n keusemodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die oogmerk om studente in bestuur en leierskap in gesondheidsorg te onderrig. Die module behels webgebaseerde op-dragte en leeswerk, 'n finale projek en 'n summatiewe assessering.

*Webgebaseerde opdragte dra 40% tot die finale punt by, die finale projek dra 40% by en die summatiewe assessering dra 20% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 64807 Bestuursbeginsels

### 377 (23) Bestuursbeginsels (3L, 3P)

Die doel van hierdie module is om studente die kennis en insig te gee om 'n reeks sleutelbestuursbeginsels toe te pas wat nodig is om effektief te funksioneer as bekwame en suksesvolle bestuurders, leiers en

professionele voedingsdeskundiges in 'n verskeidenheid werksomgewings, met inbegrip van korporatiewe ondernemings, regeringsfasiliteite en privaat praktyke. Die module sluit in bestuursbeginsels en -praktyke wat verband hou met beplanning, organisering, beheer, leierskap, kommunikasie, etiek in bestuur, finansiële bestuur, gehaltebeheer, menslikehulpbronbestuur en Suid-Afrikaanse arbeidsverhoudinge. 'n Bewustheid van 'n entrepreneursbenadering en toepaslike bemarkingstrategieë, sowel as finansiële insig stel studente in staat om 'n sakeplan vir verskillende soorte ondernemings op te stel, te evalueer en voor te lê. Regulasies van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika lei studente om volgens aanvaarbare etiese, besigheids- en professionele standaarde as voedingsdeskundiges op te tree.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 13087 Bestuur van Gesondheidstegnologie en -Infrastruktuur

### 775 (10) Bestuur van Gesondheidstegnologie en -infrastruktuur

Die oogmerk van hierdie module is om gesondheidsorgwerkers toe te rus met die noodsaaklike insigte en vermoëns om die prestasie van gesondheidstegnologie en fisieke infrastruktuur doeltreffend te beplan, assesseer, verkry en beoordeel as deel van die gepaste, kostedoeltreffende lewering van gesondheidsorg van hoë gehalte. Die volgende onderwerpe sal onder meer gedek word: 'n oorsig van gesondheidstegnologie; die beplanning en verkryging van gesondheidstegnologie; die assessering van gesondheidstegnologie; die ontwerp, beplanning, omskrywing en assessering van 'n gesondheidsfasiliteit; batebestuur en -instandhouding; die bestuur van hospitaalingenieurswese en fasiliteite; bestuursinligtingstelsels; kliniese ingenieurswese en risikobestuur wat met mediese toerusting verband hou; e-gesondheid, m-gesondheid en telegesondheid/telegeneeskunde; die beheer van infeksie wat deur die lug versprei word; die grondbeginsels van projekbestuur; stelselsdenke; en geïntegreerde gesondheidsorg.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 44229 Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie

### 212 (8) Onderrig- en Programontwikkeling (2L, 4P)

Onderrigkundigheid, bestuursvaardighede en motiveringstrategieë, ontwerp van fisieke- aktiwiteitsprogramme, onderrigbeplanning en -aanbieding.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 222 (8) Aangepaste Bewegingsprogramme (2L)

Die belangrikheid van korrekte liggaamsopstelling vir suksesvolle motoriese uitvoering; analise van houdingafwykings; inleidende kennis van verskeie gestremdhede.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 242 (8) Sport- en Rekreasiebestuur (2L)

Beginsels van beplanning, organisasie, leidinggewing en kontrole in sport en rekreasie; bemarkingsbestuur: markdifferensiasie, teikengroep-identifisering, behoeftebepaling, doelformulering, bemarkingstrategieë, die bemarkingsresep en strategiese beplanning.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 282 (8) (Struktuur van Fisieke Aktiwiteit) (2L, 5P)

Prestasieverbetering in verskeie sportsoorte en bewegingsvorme; spansamewerking; sosiale gedrag binne fisieke omgewing; onderrigwenke en aansporings; leer van motoriese vaardighede en ontwikkeling van fiksheid; kennis van rol as afrigter, beampte en skeidsregter.

Word buigsaam geassesseer.

- *S Sportwetenskap 184 of*
- *S Kinesiologie 182*

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 13085 Bewyse en Inligting in Gesondheidsbestuur

### 775 (10) Bewyse en Inligting in Gesondheidsbestuur

Die oogmerk van hierdie module is om studente te onderrig oor die rol en belangrikheid van inligting en inligtingstelsels in die verskaffing van doeltreffende en doelmatige gesondheidsorg, en om hulle die vaardighede te leer om inwerkingstelling te bestuur en inligtingstelsels te benut.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 14453 Bewysgebaseerde Praktyk

### 721 (8) Bewysgebaseerde Praktyk

Hierdie module sal studente in staat stel om bewyse te beoordeel, en huidigepraktykstandaarde en -riglyne wat in spesialisverpleegkunde en verloskunde gebruik word te evalueer om die beste beskikbare bewyse in die praktyk te assimileer en kennisoordrag te verbeter.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 12555 Bioinformatika

### 811 (35) Bioinformatika

Onderwerpe in statistiek, hoëverrigtingberekening, Linux-bedryfstelsels en die huidige stand van 'n verskeidenheid sub-dissiplines in Bioinformatika sal behandel word.

*Tuisdepartement: Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie*

## 60976 Biokinetikapraktyk

### 772 (20) Biokinetikapraktyk

Biokinetikapraktyk.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 56340 Biomeganika

### 712 (12) Biomeganika

Biomeganika.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 873 (8) Biomeganika

Breedvoerige kennis en toepassing van funksionele anatomie en biomeganika van gewrigte, en miofassiale en perifere neurale sisteme van die menslike liggaam; normale en abnormale bewegingspatrone.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 39985 Biostatistiek en Epidemiologie

### 322 (8) Biostatistiek en Epidemiologie (2L, 2P)

Die module stel ten doel om studente bekend te stel aan die biostatistiese konsepte wat hulle in die mediese- en menslikevoedingsliteratuur sal teëkom. Dit sluit in die konsepte van variasie, tipes veranderlikes, opsommingstatistiek, skatting en hipotesetoetsing. Studente sal ook leer hoe om hierdie konsepte in die praktyk toe te pas met behulp van MS Excel en hoe om die resultate van sulke ontledings te interpreteer met behulp van werklike data.

*Tuisdepartement: Biostatistiek-eenheid, Sentrum vir Bewysgebaseerde Gesondheidsorg*

## 11657 Chemiese Patologie

### 775 (30) Chemiese Patologie

Algemene Chemiese Patologie; tegnieke en diagnostiese modaliteite in Chemiese Patologie; beginsels van bloedanalise; toepaslike tegnieke met inbegrip van spektrofotometrie, chromatografie, atoomabsorpsie, elektroforese, vloeisitometrie, DNA-ekstraksie en polimerasekettingreaksie.

*Tuisdepartement: Chemiese Patologie*

### 872 (70) Chemiese Patologie

- Nierfunksie, elektroliete, bloedgasse, lewerfunksies, lipiede en kardiale merkers
- Ensieme, proteïene, tumormerkers, gastroïntestinale sisteem en vog
- Endokrinologie en spoorelemente

*Afdelings word geassesseer deur skriftelike vraestelle, praktiese en mondelinge assessering waar nodig ná voltooiing van die module en 'n portefeulje van bewysstukke as deel van buigsame assessering en 'n voorvereiste vir toekenning van die graad. Detail van buigsame assessering word in die studiegids voorsien.*

*Die finale eksamen vind plaas ná die suksesvolle voltooiing van al die afdelings en bestaan uit 'n skriftelike vraestel, OSKE en mondelinge eksamen. Eksterne eksaminatore is betrokke volgens die Universiteitsriglyne.*

*Tuisdepartement: Chemiese Patologie*

## 65692 Chemie vir Gesondheidswetenskappe

### 112 (8) Chemie vir Gesondheidswetenskappe (5L, 3P)

Die module dek areas van algemene chemie wat vereis word as 'n basis vir verdere studie in die wetenskapstrome van dieetkunde en fisioterapie. Dit behels atoomstruktuur en -binding; stoïgiometrie; eienskappe van oplossings; chemiese kinetika en ewewigte; organiese chemie en biomolekules.

*Tuisdepartement: Chemie en Polimeerwetenskap*

## 10980 Chirurgiese Beginsels

### 872 (90) Chirurgiese Beginsels

Algemene beginsels van Chirurgie en beginsels van die Chirurgiese spesialiteite

Moet binne 42 maande van eerste registrasie voltooi wees.

*Tuisdepartement: Chirurgie*

## 14367 Chirurgiese/Trauma-infeksies

### 775 (15) Chirurgiese/Trauma-infeksies

Studente gaan postoperatiewe en ander hospitaalverwante infeksies, posttraumatiese osteomiëlitis, erge vel- en sagteweefselinfeksies, intra-abdominale infeksies, bytwonde en brandwondverwante infeksies bestudeer. Transversale temas aangaande die voorkoming en beheer van infeksies, antibiotikavoogdyskap, reproduktiewe gesondheid, infeksieverwante beelding en die basiese biologie en laboratoriumdiagnose maak 'n integrale deel van hierdie module uit.

*Tuisdepartement: Infeksiesiektes*

## 52442 Die Vel

### 471 (10) Die Vel (2 weke)

Funksie van die vel; terminologie/benadering; epidemiologie van velsiektes; sosio-sielkundige aspekte van dermatologie; keratienafwykings; psoriaseforme reaksiepatrone; pannikulêre reaksiepatrone; dermatitis-familie van reaksiepatrone; fotodermatologie as 'n reaksiepatroon; die effek van fisiese faktore op die vel; lichenoïede reaksiepatrone; eritroderma as reaksiepatroon; reaktiewe eriteem en vaskulitis as reaksiepatroon; vaskulêre en limfvatpatologie; adneksale patologie; hipo- en hiperpigmentasie; bulleuse letsels; veltumore; genodermatose; infeksies van die vel; dermatoses van parasiete en infeksies; diabetes en die vel; kutane manifestasies van swangerskap; pediatriese dermatologie; interne maligniteit van die vel; outo-immuunsiektes; middelreaksies; dermatoterapie; MIV en die vel.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 14511 Disfunksie

### 244 (60) Disfunksie (20 weke)

Die module fokus op die studie van siekte (patologie), wat die funksionele en strukturele veranderinge wat met siekte verband hou insluit, wat essensieel is om siekte, die oorsake van siekte, en die voorkoming en behandeling van siekte te verstaan.

Voorts dek die module ook aspekte van disfunksie m.b.t. die student se (eie) algemene welstand, asook disfunksie in die breër gemeenskappe waar ons pasiënte lewe en funksioneer en die plaaslike en nasionale Suid-Afrikaanse gesondheidsisteem.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 11474 Dokter as Agent van Verandering in Gemeenskappe

### 511 (25) Dokter as Agent van Verandering in Gemeenskappe (5 weke)

Die toerus van studente as agente van verandering om die uitkoms van pasiënte te verbeter en gesondheidsisteme te versterk deur die fasilitering van die ontwikkeling van kernbevoegdhede in pasiënt- en

gemeenskapsgesentreerde sorg met die klem op die volgende rolle wat 'n gesondheidsberoepspersoon moet vervul: gesondheidspraktisyn, vakkundige/geleerde, professionele persoon, kommunikeerder, medewerker, leier, bestuurder en gesondheidsvoorstander.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 11402 Ekonomiese Evaluering

### 875 (12) Ekonomiese Evaluering

Beginsels van ekonomiese evaluering; kosteberekening; verdiskontering; annualisering; koste-voordeelontleding; koste-nut-ontleding; onsekerheids- en sensitiwiteitsontleding; modellering tydens ekonomiese evaluering.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 61018 Ergonomika

### 775 (20) Ergonomika

Ergonomika.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 64602 Etiek

### 511 (10) Etiek (3 weke)

Mediese etiek: die outonomie van die mens; goedwilligheid, nie-kwaadwilligheid en privaatheid; geregtigheid; die geneesheer en die reg.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 12162 Etiek en Menseregte

### 244 (7) Etiek en Menseregte (2L)

Die doel van hierdie module is om studente toe te rus met teoretiese en praktiese kennis, begrip, insig en vaardighede rakende menseregte en etiek soos voorgeskryf deur die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGSA) vir alle gesondheidswerkers. Hierdie module berei studente voor vir die ontwikkeling van toepaslike professionele gedrag en vaardighede in die praktyk, met spesifieke klem op etiese oorwegings.

Etiese beginsels en universele etiese teorieë wat van toepassing is op die voedings- en gesondheidsorg-omgewing word ondersoek, asook die praktiese toepassing daarvan. Etiese reëls en regulasies volgens die RGSA en die toepaslike professionele gedrag van 'n voedingkundige word bespreek. Die verskillende kategorieë van menseregte word uiteengesit. Die konsep van 'n menseregte-gebaseerde benadering tot gesondheid word ondersoek, sowel as die konsep van die reg op voldoende voedsel, en die waarde daarvan vir menslike ontwikkeling, voedselsekerheid en die vermindering van armoede. Die staat se verpligtinge en die verantwoordelikhede van individue en ander rolspelers in die samelewing om die verwesenliking van menseregte te bevorder, word ondersoek. Die toepassing van menseregte in Suid-Afrika word ondersoek in die lig van die betrokke instellings. Die rol van die Suid-Afrikaanse Grondwet ten opsigte van die verwesenliking van die reg op gesondheid, water en voldoende voedsel in verskillende situasies en onder kwesbare bevolkingsgroepe word ondersoek.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 12823 Farmakologie

### 733 (15) Farmakologie

Hierdie module stel studente in staat om kennis van farmakologiese beginsels met kliniese praktyk te integreer. Dit sluit veilige voorskrif- en resepteringspraktyk, en administrasie en monitering van middelbehandeling in verskeie primêre gesondheidsorgkontekste in.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13655 Farmakologie en Resepteringspraktyk

### 241 (12) Farmakologie en Resepteringspraktyk (1L, 1P)

Hierdie module dien as 'n inleiding tot die basiese beginsels van farmakologie, farmakokinetika en farmakodinamika. Basiese en toegepaste farmakologie, sowel as die reseptering van medisyne op die terrein

van verpleging, word ingesluit, met die fokus op die toepassing van farmakologiese beginsels in die versorging van mense, families en gemeenskappe binne die konteks van 'n spesifieke behoefte.

*Tuisdepartement: Kliniese Farmakologie*

## 13086 Finansiële Leierskap en Bestuur vir die Lewering van Doeltreffende Gesondheidsorg

### 775 (10) Finansiële Leierskap en Bestuur vir die Lewering van Doeltreffende Gesondheidsorg

Studente word onderrig oor hulle rol in die finansiële bestuursiklus, vanaf finansiële beplanning en begroting tot finansiëlebestuursfunksies in die uitvoering van die begroting (voorsieningskettingbestuur, inkomstebestuur en uitgawebestuur), boekhouding, die ouditproses en aanspreeklikheid.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 14007 Fisiese en Forensiese Antropologie

### 771 (20) Fisiese en Forensiese Antropologie

'n Studie van die menslike liggaam deur 'n omvattende studie van die skelet van 'n normale individu, asook die naspeur van ouderdomsverwante veranderinge vanaf geboorte tot 70+ jaar. 'n Gedetailleerde studie van fisiese antropologie en die toepassing daarvan in die forensiese en ander soortgelyke wetenskappe. 'n Studie van die menslike osteologie in 'n medies-geregtelike omgewing, beginnende by 'n omvattende studie van die skelet in 'n normale individu, asook die naspoor van geslags-, ouderdoms- en verwante veranderinge vanaf geboorte tot 'n hoë ouderdom. 'n Gedetailleerde studie van tafonomiese invloede en argeologiese opgrawing van menslike oorskot, en die relevansie daarvan in die forensiese wetenskappe.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 13080 Fisiologie

### 872 (20) Fisiologie

Fisiologie met inbegrip van neurofisiologie.

*Tuisdepartement: Geneeskundige Fisiologie*

## 22829 Fisiologie

### 871 (33) Fisiologie

Die kurrikulum bestaan uit fisiologie van die boonste lugweë (neus en sinusse, larinks, mond, farinks, esofagus), gehoor en vestibulêre sisteme sowel as die algemene fisiologie, immunologie, hematologie, kardiovaskulêre, respiratoriese en spierfisiologie, asook die sentrale senuweestelsel.

*Tuisdepartement: Geneeskundige Fisiologie*

## 52205 Fisiologie

### 278 (26) Fisiologie (4L, 1P)

Chemiese samestelling van die liggaam, skeletspierpatologie, hematologie en immunologie, kardiovaskulêre fisiologie, respiratoriese fisiologie, neurofisiologie, nier- en geslagsfisiologie, fisiologie van die spysverteringskanaal en endokrinologie.

*Tuisdepartement: Geneeskundige Fisiologie*

## 58262 Fisiologiese Biochemie

### 142 (7) Fisiologiese Biochemie (2L)

Hierdie module begin met 'n inleiding tot die basiese konsepte van metabolisme, insluitend die kenmerke van metaboliese prosesse in die liggaam, die tipes metaboliese prosesse en ook die rol en belang van ensieme in die regulering van metaboliese prosesse. Ensieme as kataliste word aan die hand van proteïenstruktuur, die beginsel van ensimatiese katalise, uitgesoekte veranderlikes wat ensiemreaksies beskryf en die rol wat vitamiene in hierdie konteks vervul bespreek. Tiamien sal as 'n voorbeeld van laasgenoemde behandel word. Na hierdie breë inleiding sal die belangrikste metaboliese paaie betrokke in die metabolisme van glukose, vetsure en proteïene bespreek word, met 'n spesifieke fokus op die regulering van hierdie

paaie, asook hulle rol in menslike-energie-metabolisme. Laastens sal biotransformasie bespreek word, met 'n fokus op die metabolisme van alkohol.

*Tuisdepartement: Geneeskundige Fisiologie*

## 60828 Fisiologie vir Oftalmologie

### 871 (40) Fisiologie vir Oftalmologie

Algemene fisiologie soos verwant aan oftalmologiese toestande sal bemeester word tesame met 'n grondige kennis van oftalmologiese fisiologie.

*Tuisdepartement: Oogheelkunde*

## 14675 Fisioterapeut in Wording

### 271 (10) Fisioterapeut in Wording (4L, 2T)

Die doel van hierdie module is om die ontwikkeling van die student se professionele identiteit as fisioterapeut te versterk deur die beoefening van refleksie met behulp van verskeie teoretiese modelle, soos die Paul-Elder Raamwerk vir Kritiese Denke. Deur die lens van empatie verken studente sosiale geregtigheid en gesondheidskwessies vanuit 'n multidissiplinêre perspektief. Hierdie leerproses dra by tot studente se ontwikkeling as sosiaal-responsiewe voorstanders van gesondheid.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 14762 Fisioterapie in Wese

### 371 (8) Fisioterapie in Wese

Hierdie module volg op Fisioterapeut in Wording 271 en is ontwerp om studente voor te berei vir hulle professionele rolle en verantwoordelikhede as fisioterapeute. Die module bied studente die geleentheid om betrokke te raak by dissiplinêre kennis van etiek in gesondheidsorg en goeie kliniese praktyk, om praktykgebaseerde vaardighede te ontwikkel wat spesifiek ontwerp is om met eksterne belanghebbendes, soos gemeenskappe, saam te werk; en om deeglike metodologieë toe te pas om die ontwerp van konteksrelevante toekomstige intervensies te ontwikkel. Verder bied hierdie module ook die student die geleentheid om krities te reflekteer oor hulle eie professionele identiteitsontwikkeling as fisioterapeut na aanleiding van hulle kliniese blootstelling. Om die geïdentifiseerde module-uitkomste te bereik, neem studente deel aan 'n verskeidenheid leeraktiwiteite, insluitend lesings, gevallestudies, refleksie-oefeninge, groepbesprekings, en "design thinking"-werkswinkels.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 14676 Fisioterapie-kerngrondbeginsels

### 171 (40) Fisioterapie-kerngrondbeginsels (5L, 3P)

Hierdie module stel die student bekend aan die grondbeginsels van en vir fisioterapiepraktyk. Teen die einde van die module sal die student tipiese menslike postuur en beweging kan waarneem en beskryf, en risiko vir die ontwikkeling van neuro-muskuloskeletale en ander nie-kommunikeerbare toestande kan bepaal, asook intervensies om funksie te optimaliseer en gesondheid te bevorder, kan beplan.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 64610 Fisioterapie-praktykvoering

### 474 (4) Fisioterapie-praktykvoering (1L)

Aspekte van praktykbestuur; selfstandige, selfverantwoordelike praktykvoering; self- en personeelontwikkeling; gevorderde aspekte van etiese besluitneming; integrasie van alle aspekte van fisioterapeutiese praktykvoering. Verskillende vlakke van fisioterapeutiese dienslewering: gemeenskapsfisioterapie; professionalisme; beroepstrukture; gesondheidsorgwetgewing; toegepaste etiese en morele dilemmas in gesondheidsorg; prosesse van gehalteversekering binne die Suid-Afrikaanse konteks.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 52140 Fisioterapie-wetenskap

### 272 (75) Fisioterapie-wetenskap (5L, 6P)

Die fisioterapeutiese onderhoud; voorkomende aspekte van gesondheidsorg in die algemeen en fisioterapie

spesifiek; toepassing van fisioterapeutiese beginsels op spesifieke anatomiese strukture en volgens verlangde fisiologiese effekte. Basiese beginsels van fisioterapeutiese evaluerings- en behandelingstegnieke. Biomeganika van die werwelkolom; heropleiding van normale bewegingspatrone; spesifieke oefenprogramme vir die kernaspekte van fisioterapie: individuele en groepshantering; massering; basiese beginsels van passiewe handtegnieke; elektroterapie. Fisioterapeutiese tegnieke wat gebruik word om tonus te normaliseer; asemhalingsoefeninge; tegnieke om sekresies te mobiliseer; loophulpmiddels; beginsels van posisionering. Basiese kennis van algemeen toepaslike uitkomsmetings. Uitkomsgebaseerde terapie.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 13263 Funksionele Voedsel en GMO's

### 843 (10) Funksionele Voedsel en GMO's

Hierdie tema is daarop gefokus om insig te bied in gesondheidsbevorderende voedsel, die gebruik van geneties gemanipuleerde gewasse en hulle geskiktheid vir voedsel- en voedingsekerheid, asook die begrip voedingsgenomika en die impak daarvan op die voorkoming van voedingsteurnisse.

*Tuisdepartement: Voedselwetenskap*

## 13661 Geestesgesondheid oor die Lewensduur

### 331 (12) Geestesgesondheid oor die Lewensduur (2L)

Die konsep geestesgesondheid en 'n reeks geestesongesteldhede wat met vele aspekte van gesondheid en lewensgehalte te doen het, word in hierdie module verken. Verskeie terapeutiese benaderings word bekend gestel en spesifieke klem word op terapeutiese verhoudings en psigososiale rehabilitasie gelê.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13662 Geestesgesondheid oor die Lewensduur: Praktyk

### 331 (10) Geestesgesondheid oor die Lewensduur: Praktyk (2P)

Die ontwikkeling en voorsiening van psigososiale ingrepe in die vorm van geïntegreerde sorgplanne wat 'n omvattende en geïntegreerde beoordeling van die geestesongestelde persoon weerspieël, word in hierdie module deur studente beoefen. Hierdie vaardighede sal ook binne 'n biomediese omgewing toegepas word op pasiënte wat aan geestesongesteldhede ly.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13088 Gehalteverbetering, Kliniese Bestuur en Pasiëntesorg

### 775 (10) Gehalteverbetering, Kliniese Bestuur en Pasiëntesorg

Gehalteverbetering en pasiëntesorg vorm die kernuitkomste vir leiers in gesondheidsorgorganisasies. Die kennis wat in hierdie module oorgedra word, sluit in gehaltebestuur, gehalteverbetering, gevalle-/sorg-/siekte-/gebruiksbestuur en risikobestuur op alle posvlakke en in alle gesondheidsorgkontekste.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 38962 Geïntegreerde Patologie

### 871 (60) Geïntegreerde Patologie

Geïntegreerde Patologie wat Chemiese, Hematologiese, Mikrobiologiese en Virologiese Patologie insluit, asook Laboratoriumbestuur.

*Tuisdepartement: Hematologiese Patologie*

## 14368 Gemeenskapsgesondheid

### 775 (15) Gemeenskapsgesondheid

Studente gaan basiese epidemiologiese konsepte van uitbrekings in die gemeenskap ondersoek, en inentingsbeginsels en infeksierisiko's in kwesbare populasies bestudeer. Deurgaande temas aangaande die voorkoming en beheer van infeksies, antibiotikavoogdyskap, reproduktiewe gesondheid, infeksieverwante beelding en die basiese biologie en laboratoriumdiagnose maak 'n integrale deel van hierdie module uit.

*Tuisdepartement: Infeksiesiektes*

## 34568 Gemeenskapsgesondheid

### 872 (150) Gemeenskapsgesondheid

Insluitend Omgewingsgesondheid, Beroepsgesondheid, Bestuur van Gesondheidsdienste en Sistematiese/ Intervensionele Epidemiologie.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 13669 Gemeenskapsgesondheidsbevordering

### 441 (12) Gemeenskapsgesondheidsbevordering (2L)

Die inhoud en benadering van hierdie module ondersteun die student daarin om gesondheidsbevorderingsbeginsels en -prosesse toe te pas in die voorkoming van komplikasies en die behandeling en hantering van geïdentifiseerde algemene toestande in samewerking met gemeenskapslede.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13670 Gemeenskapsgesondheidsbevordering: Praktyk

### 441 (12) Gemeenskapsgesondheidbevordering: Praktyk (2P)

Hierdie module komplementeer die module Gemeenskapsgesondheidsbevordering. Die module-inhoud behels dat studente hulle begrip van gesondheidsbevorderingsbeginsels en prosesse toepas in die voorkoming van komplikasies en die behandeling en hantering van geïdentifiseerde algemene toestande in samewerking met gemeenskapslede.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13166 Gemeenskapsintegrasie van Persone met Gestremdhede

### 775 (30) Gemeenskapsintegrasie van Persone met Gestremdhede

Gestremdheid en rehabilitasiepraktyke: dienslewering, ondersteuningstelsels en sosiale integrasie, voorspraak en drukgroepe, bevordering en voorkoming.

*Tuisdepartement: Sentrum vir Rehabilitasiestudies*

## 46973 Gemeenskapsvoeding

### 278 (21) Gemeenskapsvoeding (2L, 3P)

Die module se doel is om 'n omvattende begrip te fasiliteer van die talle rolle van die professionele voedingkundige in die Suid-Afrikaanse gemeenskapsopset.

Vir hierdie doel word studente bekendgestel aan voeding in globale en openbare gesondheid (VOG) met die klem op die rol van die professionele voedingkundige in Primêre Gesondheidsorg (PGS) uit 'n menseregte-gebaseerde benadering. Studente verkry insig met betrekking tot sleutelkonsepte soos die verband tussen voeding, voorligting, lewenstyl en gesondheidsbevordering. Verder verbind studente kommunikasie-beginsels, insluitend interkulturele kommunikasie, beginsels vir doeltreffende onderrig, onderrigbeplanning, uitkomste en inhoudseleksie met die rol van die professionele voedingkundige.

Wanneer hierdie beginsels vasgelê is, word die globale en plaaslike voedinglandskap, met 'n fokus op al die vorms van wanvoeding, en die omvang, oorsake en gevolge daarvan aan die studente bekendgestel. Terselfdertyd word die globale en plaaslike bewysgebaseerde intervensies om wanvoeding aan te spreek binne 'n omgewingsraamwerk wat dit moontlik maak aan die studente voorgehou. Studente word ook bekend gestel aan die verband tussen die maatskaplike, ekonomiese, omgewings- en die kommersiële determinante van gesondheid en die impak op voeding deur insig te ontwikkel in die politiese ekonomie van voeding en die behoefte aan voedingsbeleid.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

### 376 (28) Gemeenskapsvoeding (3L, 5P)

Die module het ten doel om voort te bou op Gemeenskapsvoeding 278 deur af te skop met 'n sinopsis (oorsig) oor die globale en plaaslike gesondheids- en voedingslandskap, beleide, en bewysgebaseerde intervensies. In hierdie module word klem gelê op die beleide van die Departement van Gesondheid op nasionale en provinsiale vlak met 'n sterk fokus op bewysgebaseerde voedingspesifieke en voeding-sensitiewe intervensies. Verder doen studente kennis op van deurlopende voedingsmonitering om die vordering en impak van intervensies te evalueer en moniteer.

Deur multisektorale werk doen studente vaardigheidsopleiding op in die prosesse wat verband hou met rolspelerinteraksie om sodoende die reikwydte vir voedingsaksies te verbeter. Die module stel studente ook

bekend aan die voedselsisteem en faktore wat die beskikbaarheid en aanvaarbaarheid van voedsel (voedsel en voedingsekuriteit) beïnvloed, asook ekonomiese, sosiale, kulturele, fisiologiese, tegnologiese en godsdiensfaktore wat voedselinname beïnvloed, en die verandering in voedingsgedrag. Die rol van die professionele voedingsdeskundige in gemeenskapsdeelname en -ontwikkeling word geïllustreer deur die bestudering van die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD's), die Nasionale Ontwikkelingsplan van SA, en beleide van verskeie sektore (bv. Vroeë Kinderontwikkeling en Skoolgesondheid), asook deur interaksie met nie-regeringsorganisasies ten opsigte van noodverskaffing in gemeenskappe (sopkombuise, kospakkies, voedselherdistribusie, ens.) en herstellende aksies (voedseltuine). Laastens word studente blootgestel aan die verskillende vorme van strategiese kommunikasie om voedingsaksies te ondersteun en persoonlike en professionele gedrag te versterk.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

### 479 (37) Gemeenskapsvoeding (10P)

Blootstelling aan en betrokkenheid by dienslewering in die Geïntegreerde Voedingsprogram van die nasionale en provinsiale Departement van Gesondheid by stedelike gemeenskapsgebaseerde platforms, asook gedurende die geïntegreerde rotasie, die semi-stedelike en landelike gemeenskapsgebaseerde platforms van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Betrokkenheid by die Gesondheid-fasiliteitgebaseerde Voedingprogram (HFBNP). Blootstelling aan die implementering van die Voeding-Terapeutiese program (NTP), die Enterale Voedingsprogram, die Geïntegreerde Hantering van Kindersiektes (IMCI), die Vitamien A Supplementasieprogram en die Moeder-Baba-vriendelike Inisiatief (MBFI). Monitering van die HFBNP by 'n gemeenskapsdagsentrum (GDS). Voedingsvoorligting (konsultasies) aan volwassenes en kinders wat die primêre gesondheidsorg (PGS)-klinieke (gesonde baba, wanvoeding en TB) bywoon, asook aan swanger vrouens en moeders van pasgebore babas; dieetterapie aan pasiënte wat by GDS'e behandel word; gesondheidsbevorderingsaktiwiteite by klubs (vroue, bejaardes, pasiënte met diabetes, hipertensie en oorgewig), klinieke, skole en dagsorgsentra; blootstelling aan en besinning oor voedinginter-vensieprogramme; saamstel en interpretasie van 'n gemeenskapsprofiel; blootstelling aan die werk van 'n gemeenskapsdieetkundige en ander lede van die PGS-span (bv. intra-professionele span en skoolver-pleegkundiges); ontwikkeling van gemeenskapsvoeding-bestuursvaardighede, blootstelling aan globale voedings- en voorspraakprogramme, en menseregte en etiek in gesondheidsorg; blootstelling aan media-aktiwiteite met inbegrip van koerantberigte en radiopraatjies. Blootstelling aan en betrokkenheid by die Gesondheidsbevorderende Skole-inisiatief binne die skoolgesondheidsomgewing.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 43737 Geneeskundige Mikrobiologie

### 111 (6) Geneeskundige Mikrobiologie (2L, 0,5P)

Basiese mikrobiologie en immunologie, insluitende bakteriologie, mikologie, parasitologie en virologie wat van toepassing op dieetkunde is. Voedsel- en water-oordraagbare siektes met die klem op kontaminasie van voedsel en die voorkoming daarvan. Basiese beginsels van sterilisasie en ontsmetting en die toepassing daarvan op die voorbereiding van voedsel. Uitwerkings wat ons dieet op die immuunsisteem het.

*Tuisdepartement: Geneeskundige Mikrobiologie*

### 874 (70) Geneeskundige Mikrobiologie

Die volgende word aangebied:

- geneeskundig belangrike bakterieë, fungi en parasiete;
- laboratoriumdiagnose van siektes veroorsaak deur bakterieë, fungi en parasiete; en
- basis van infektiewe siektes, antimikrobiale terapie en toetsing, immunologie, kwaliteitsbeheer, patologie in primêre sorg en infeksiebeheer.

Dit is 'n vereiste dat 'n portefeulje van gevallestudies en 'n gevalleboek van laboratoriumtegnieke saamgestel word gedurende die rotasie.

*Een skriftelike vraestel, 'n praktiese eksamen en 'n mondelinge eksamen. Eksterne eksaminatore is betrokke by hierdie assessering soos deur Universiteitsriglyne aanbeveel.*

*Tuisdepartement: Geneeskundige Mikrobiologie*

### 876 (250) Geneeskundige Mikrobiologie

Die module-inhoud word deur die kurrikulum vir Mikrobiologiese Patologie van die Kolleges vir Genees-kunde van Suid-Afrika uiteengesit en fokus op spesialisopleiding in die kliniese dissipline. Hierdie module sluit die fundamentele beginsels van bakteriologie, parasitologie en mikologie in, sowel as kliniese en diagnostiese mikrobiologie. Die module is daarop gemik om 'n diepgaande begrip oor die beginsels, en kliniese en navorsingstoepassings van mikrobiologiese patologie te ontwikkel, asook 'n breë kennis van aansteeklike siektes en kliniese sindrome wat met infeksiesiektes verband hou. Die module sal verseker dat studente kennis en praktiese ervaring opdoen oor die rol van die kliniesemikrobioloog in die diagnose en behandeling van aansteeklike siektes, sowel as infeksievoorkoming en bestuur in die laboratorium, hospitaal

of gemeenskap.

*Tuisdepartement: Geneeskundige Mikrobiologie*

# 43745 Geneeskundige Virologie

## 871 (70) Geneeskundige Virologie

Onderrig bestaan uit 'n teoretiese en 'n praktiese module en opvoedkundige aktiwiteite:

- Praktiese onderrig en vaardigheidsontwikkeling in laboratoriumtegnieke.
- Klinieseassistentbesprekings, seminaaraanbiedinge, saalrondte-bywoning.
- Die student neem verantwoordelikheid om self 'n portefeulje saam te stel met die doel om voortdurend alle nuwe vaardighede en opvoedkundige aktiwiteite by te bring.

*Buigsame assessering: 'n portefeulje van bewysstukke moet ingehandig word as deel van buigsame assessering voordat die graad toegeken kan word. Besonderhede van buigsame assessering word in die studiegids verskaf. Finale formele assessering van die Virologie-rotasie by wyse van 'n skriftelike, praktiese en mondelinge eksamen.*

*Tuisdepartement: Geneeskundige Virologie*

# 57819 Geregtelike Geneeskunde

## 471 (10) Geregtelike Geneeskunde (2 weke)

Algemene regsgeneeskundige beginsels met inbegrip van natuurlike teenoor onnatuurlike sterfte; die voltooiing van die doodskennisgewingsvorm; die patologie van wonde met inbegrip van basiese wondpatrone, asook meer komplekse meganismes van verwonding (brandwonde, skietwonde, elektriese beserings, hoofbeserings, ens.); die patologie van die komplikasies van verwonding; invloede van chemiese substanse op die liggaam met inbegrip van alkohol; benadering tot skielike dood met inbegrip van die skielike-onverwagse-dood-sindroom in babas (sg. wiegiesterftes); vroeë en laat- postmortale veranderinge; inleiding tot basiese wetlike beginsels in die Suid-Afrikaanse regsisteem; toepaslike wette en regulasies wat die volgende beginsels in die geneeskundige veld reguleer: doodsondersoeke, weefselretensie, vrugafdrywing, narkose-verwante sterftes en etiese en morele kodes wat statutêr gestipuleer word.

*Tuisdepartement: Geregtelike Geneeskunde*

# 11100 Geregtelike Patologie

## 872 (80) Geregtelike Patologie I

Gevorderde basiese kennis en die bemeestering van praktiese en toeretiese komponente van Anatomiese Patologie.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

# 14512 Gesond- en Welwees

## 211 (60) Gesond- en Welwees (20 weke)

Die doelwit van hierdie module is om 'n begrip te ontwikkel van wat dit beteken om gesond te wees, om welstand te bevorder en swak gesondheid te voorkom, nie net in die gemeenskap wat deur studente bedien word nie, maar ook in terme van hulself en die omgewing.

Hierdie module sal aandag gee aan die bevordering van gesondheid en voorkoming van swak gesondheid, met 'n fokus op die verkenning van die konsep van "normaliteit" en die daarstelling van 'n begrip van wat die handhawing van gesondheid en welstand behels. Dit sluit die ondersoek van die welstand van 'n persoon (insluitend hulleself), 'n dinamiese gemeenskap en 'n effektiewe gesondheidstelsel in, asook die verwantskappe en interaksies tussen hierdie aspekte.

Die lewensloop/lewensiklus van 'n persoon sal nagevolg en ondersoek word in terme van wat dit beteken om in die verskillende lewensfases gesond te wees en hoe gesondheid in elke fase gehandhaaf en beskerm kan word.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 13656 Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks I

### 271 (24) Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks I (4L)

Die module-inhoud ondersteun studente daarin om te leer hoe om holistiese, samewerkende sorg uit te werk in samewerking met mense wat geraak word deur siektetoestande van die spysverterings-, dermatologiese, oor-neus-en-keel-, oftalmologiese en muskuloskeletale sisteme.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13663 Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks II

### 371 (24) Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks II (4L)

Hierdie module bou voort op Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks I. Die fokus verskuif in hierdie module daarna om holistiese, samewerkende sorg te ontwikkel in samewerking met mense wat geraak word deur siektetoestande van die kardiovaskulêre, respiratoriese, voortplantings-, neurologiese, endokriene, immuun-, en genito-urinêre sisteme.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13671 Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks III

### 431 (12) Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks III (4L)

Hierdie module bou voort op Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks II. Die fokus verskuif in hierdie module daarna om holistiese, samewerkende sorg te ontwikkel in samewerking met mense wat geraak word deur siektetoestande wat toelating vereis tot gespesialiseerde sorgomgewings, soos nood-, kritiese en onkologiese sorg, asook die operasiesaalkompleks.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13657 Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk I

### 271 (24) Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk I (4P)

Hierdie module komplementeer die module Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks I. Beginsels van verpleeg- en verloskundige sorg word toegepas in die konteks van verskeie persoons- en gemeenskaps-verwante omgewings. Hierdie module-inhoud ontwikkel studente se vermoë om kennis en vaardighede toe te pas om holistiese, samewerkende sorg uit te werk in samewerking met mense wat geraak word deur siektetoestande van die spysverterings-, dermatologiese, oor-neus-en-keel, oftalmologiese en muskuloskeletale sisteme.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13664 Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk II

### 371 (24) Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk II (4P)

Hierdie module komplementeer die module Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks II. Beginsels van verpleegsorg word toegepas in die konteks van verskeie persoons- en gemeenskapsverwante omgewings. Die module-inhoud ontwikkel studente se vermoë om kennis en vaardighede toe te pas om holistiese, samewerkende sorg uit te werk in samewerking met mense wat geraak word deur siektetoestande van die kardiovaskulêre, respiratoriese, voortplantings-, neurologiese, endokriene, immuun-, en genito-urinêre sisteme.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13672 Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk III

### 431 (12) Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk III (4P)

Hierdie module komplementeer die module Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks III. Beginsels van verpleegsorg word toegepas in die konteks van verskeie persoons- en gemeenskapsverwante omgewings. Die module inhoud ontwikkel studente se vermoë om kennis en vaardighede toe te pas om holistiese, samewerkende sorg uit te werk in samewerking met mense toegelaat tot gespesialiseerde eenhede, soos nood-, kritieke en onkologiese sorg, asook tot die operasiesaalkompleks.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14464 Gesondheidsassessering, Diagnose, Behandeling en Sorg

### 734 (25) Gesondheidsassessering, Diagnose, Behandeling en Sorg

Hierdie module stel studente in staat om hul kennis, vaardighede, waardes, met inbegrip van persoon-gesentreerdheid, en kliniese redenering krities toe te pas om pasiënte in verskillende primêre gesondheid-sorgkontekste te bestuur, assesseer en diagnoseer, en behandeling voor te skryf.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 47511 Gesondheidsbestuur

### 511 (10) Gesondheidsbestuur (2 weke)

Gesondheidsbestuur: algemene bestuur en bestuursbeginsels; finansiële bestuur; menslike hulpbronbestuur; bemarking van gesondheidsdienste.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 13089 Gesondheidsbestuurverslag

### 775 (20) Gesondheidsbestuursverslag

Die gesondheidsbestuurverslag, 'n verslag van 5 000 woorde, handel oor 'n onderwerp wat vir gesondheidsorgbestuur tersaaklik is. Verder moet studente die verslag in A3-formaat voorlê.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 14501 Gesondheidsdiensbestuurspraktyke

### 775 (26) Gesondheidsdiensbestuurspraktyke

Deur hierdie module word studente se kennis, vaardighede en prestasie rakende bestuurspraktyke in gesondheidsorgdienste versterk en verdiep. Studente sal die beste praktyke in leierskap, menslikehulpbronbestuur, en risiko- en finansiële bestuur ontwikkel, en vaardighede in verslagskrywing oor hierdie aspekte aanleer om sodoende gesondheidsorg van gehalte en uitnemendheid in sorgvoorsiening te verskaf.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14743 Gesondheidsorgfinansiering

### 875 (12) Gesondheidsorgfinansiering

Hierdie module dek die meganismes vir die finansiering van gesondheidsorg, die doelstellings en doelwitte van gesondheidsisteme, die ontwerp en funksies van gesondheidsisteme, naamlik eienaarskap, verantwoor-delikheid en organisering, finansiering (insluitende brontoedeling en sisteme vir die betaling van verskaffers), dienslewering, die skep van aanvraag, prestasiemonitering en -beoordeling, globale tendense in gesondheidsisteemhervorming en innovasie in gesondheidsisteme.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 11523 Gesondheidsorgsisteme

### 871 (15) Gesondheidsorgsisteme

Hierdie semestermodule is 'n kernmodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die oogmerk om studente in noodsorgstelsels, -prosesse en -deurset, pasiëntveiligheid en gehalteverbetering in noodsorg te onderrig. Die module behels vyf volle kontakdae en 'n aantal opdragte. 'n Projek oor gehalteverbetering in die student se werkomgewing word vereis.

*Die assesserings van module-opdragte dra 50% tot die finale punt by, die finale projek dra 30% by en die finale skriftelike assessering dra 20% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 13081 Gesondheidstelsels, -beleid en -finansiering

### 775 (10) Gesondheidstelsels, -beleid en -finansiering

Studente word in die doelwitte en oogmerke van gesondheidstelsels onderrig (bv. gesondheids-, finansiële- en sosiale-risikoversekering, billikheid, doeltreffendheid, doelmatigheid en keuse); hoe om die vernaamste

uitdagings vir gesondheidstelsels uit te ken en daarop te reageer; en hoe hulle op hoogte van globale tendense in gesondheidstelselhervorming kan kom.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 14204 Gesondheidswerker in Wording

### 111 (19) Gesondheidswerker in Wording (8L)

Die doel van die module is om jou oorgang na hoër onderwys te vergemaklik. Dit sal jou begrip van jouself, ander, die gemeenskap en die stelsels wat gesondheid in die Suid-Afrikaanse konteks beïnvloed, verbreed. Dit sal die grondslag vir die ontwikkeling van jou professionele identiteit lê en die belangrikheid vestig van samewerking met alle rolspelers nodig vir inklusiewe en gesonde gemeenskappe. Hierdie module beoog om jou te sensiteer vir die etiese dimensie van gesondheidsorg sodat jy in staat sal wees om etiese dilemmas te herken wanneer dit tydens jou vroeë jare van opleiding opduik.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 13497 Gevorderde Analise van Voeding

### 812 (15) Gevorderde Analise van Voeding

Hierdie module sal fokus op 'n deeglike oorsig van die tegnieke gebruik in die assessering van gesondheid en voedingstatus van individue, gemeenskappe en populasies. Die onderwerpe sluit antropometriese, biochemiese en sosio-ekonomiese indikatore van voedingstatus; metodes van insameling, analise en interpretasie van dieetdata; meting van voedsel en voedingsekuriteit in huishoudings, gemeenskappe en populasies; en die gebruik van data vanaf voedingmonitering en opnames in.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 14326 Gevorderde Ekonomiese Evaluering

### 875 (12) Gevorderde Ekonomiese Evaluering

Studente sal 'n begrip ontwikkel van hoe om ekonomiese evalueringstudies krities te evalueer, die rol van die besluit-analitiese model vir ekonomiese evaluering te verduidelik en 'n onafhanklike plan saam te stel vir 'n gesondheids- ekonomiese evaluering van 'n spesifieke intervensie in gesondheidsorg.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 14209 Gevorderde Epidemiologie

### 875 (12) Gevorderde Epidemiologie

Hierdie module handel oor gevorderde epidemiologiese beginsels, teorie en analitiese toepassing, gebaseer op die grondbeginsels van epidemiologie en biostatistiek. Die module behandel oorsaaklike modelle en teorie, epidemiologiesestudie-ontwerpe, analise en verslagdoening, insluitende maatstawwe van effek en voorkoms, verwarring, effekmodifikasie, interaksie en meta-analise.

*Tuisdepartement: Globale Gesondheid*

## 10999 Gevorderde Hiperbariese Geneeskunde

### 774 (20) Gevorderde Hiperbariese Geneeskunde

Hierdie module dui die perke van die huidige kennis oor Hiperbariese Geneeskunde aan. Dit berei die student voor vir die module oor navorsingsmetodologie en vir die navorsingsprojek.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 11000 Gevorderde Onderwatergeneeskunde

### 774 (20) Gevorderde Onderwatergeneeskunde

Hierdie module dui die perke van die huidige kennis oor Onderwatergeneeskunde aan. Dit berei die student voor vir die module oor navorsingsmetodologie en die navorsingsprojek.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 11090 Gevorderde Studie in Oudiologie

### 812 (45) Gevorderde Studie in Oudiologie

Die inhoud van hierdie module word deur die afdelingshoof in oorleg met die student bepaal.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal en Gehoorterapie*

## 11001 Ginekologie

### 873 (120) Ginekologie

Die module sluit in algemene ginekologie, gemeenskapsginekologie, geassisteerde reproduksie, reproduktiewe endokrinologie, ginekologiese onkologie, uroginekologie, patologie (met inbegrip van histo- en sitopatologie verwant aan die vakgebied), kontrasepsie en gesinsbeplanning.

*Tuisdepartement: Verloskunde en Ginekologie*

## 13425 Grondbeginsels van Fisiologie

### 178 (24) Grondbeginsels van Fisiologie (3L)

Hierdie module is 'n inleiding tot die grondbeginsels van fisiologie, vanaf sellulêre struktuur en funksie tot die interaksie tussen organe en orgaansisteme in die handhawing van homeostase, die daarstel van normale funksie en die fasilitering van die interaksie tussen die mens en sy omgewing. Aspekte wat aangespreek word, sluit in sellulêre funksie, energie-metabolisme, homeostase, struktuur en funksie van die sentrale en perifere senuweestelsel, en die endokriene, muskuloskeletale, kardiovaskulêre, respiratoriese en urogenitale stelsels.

*Tuisdepartement: Geneeskundige Fisiologie*

## 13648 Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde

### 171 (20) Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde (3L)

Hierdie module fokus op die grondslae van die gesondheid en welstand van mense, families en gemeenskappe. Die teorie en praksis van persoongesentreerde, holistiese en kontekstuele sorg, asook die rolle, verantwoordelikhede en praktykbestek van 'n verpleegkundige en vroedvrou op verskeie gebiede en in verskeie kontekste word bekendgestel.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13649 Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde: Praktyk

### 171 (20) Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde: Praktyk (3P)

Die module komplementeer die module Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde. Die kennis en begrip wat in die komplimentêre module opgedoen is, word toegepas deur interaksie met gemeenskappe en gemeenskapslede. Kliniese leer sluit in fisiese ondersoekvaardighede, rekordhouding, infeksievoorkoming, veiligheidsbestuur en interaksie met kwesbare groepe.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 47090 Hematologie

### 873 (70) Hematologiese Patologie

- Hemopoïese en limfopoïese, hemolise, hemostase, roetine-laboratoriumtoetse wat in Geïntegreerde Patologie behandel is; hemolitiese anemieë; van hematiniese gebreke: patofisiologie en diagnose.
- Leukemieë en limfome; miëloproliferatiewe siektes, beenmurg-versakingsindroom: diagnose en klassifikasie van hierdie siektes sal ondersteun word deur mikroskopiese en verwante diagnostiese toetse.
- Hemostatiese en trombotiese siektes: diagnose en hantering van bloedingsiektes en hiperstolbaarheid, antistolterapie-monitering; laboratoriumaangeleenthede van bloedoortapping en immunohematologie.

**Assessering:**

Voortgesette assessering deur laboratoriumrapportering, kliniese gevalle-aanbiedings, voorbereide akademiese seminare en vaktydskrifklubbesprekings, en 'n gevalleboek. 'n Portefeulje van bewysstukke moet ingedien word as deel van buigsame assessering en is 'n voorvereiste vir toekenning van die graad. Detail van buigsame assessering word in die studiegids voorsien. Formele assessering geskied in die vorm van een

skriftelike vraestel wat uit lang en korter vrae oor die huidige stand van kennis in Hematologiese Patologie bestaan. Praktiese eksamens: 'n interpreterende praktikum oor bloedoortapping, en hemostatiese en hemolitiese toestande en 'n morfologiese eksamen wat handel oor mikroskopiese diagnose van bloed- en beenmurgpatologie. Mondelinge eksamen. Eksterne eksaminatore is betrokke volgens die riglyne van die Universiteit.

*Tuisdepartement: Hematologiese Patologie*

## 64793 Hematologie

### 775 (30) Hematologie

Laboratoriumtegnieke en instrumente in Hematologie; morfologie en fisiologie van normale bloed en beenmurgselle; normale waardes van bloedseltellings en stollingstoetse; anemie; sitopenieë en sitoses; immunelogiese aspekte van Hematologie en bloedgroepe; hemostase en trombose; hematologiese maligniteite.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

## 52426 Hematologiese Sisteem

### 371 (20) Hematologiese Sisteem (3 weke)

Hematologiese temas: komponente van bloed; hemopoiëse; bloedgroepe; bloedstolling. Immunologiese temas: verdedigingsmeganismes van die liggaam; die nie-spesifieke immuunsisteem; die spesifieke immuunsisteem. Anemie; bloedingsiektes; sitopenie en sitoses; hematologiese maligniteite; bloedgroepering en transfusie; trombotiese toestande.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 11008 Immunologie

### 775 (30) Immunologie

Inflammatories/Infektief; outo-immuunparameters; infeksieserologie; limfosiet- en neutrofielstudies; vloeisitometrie; kliniese immunologie: primêre immuungebreke, infeksies en reumatologie.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

## 52434 Infeksies en Kliniese Immunologie

### 471 (20) Infeksies en Kliniese Immunologie (4 weke)

Beginsels van infeksiesiektes; kongenitale en verworwe immuungebreke; koors van onbekende oorsprong; tuberkulose; septisemie en bakteremie; infeksies wat lei tot skok; MIV; tropiese en reisgeassosieerde infeksies; seksueel oordraagbare infeksies; soönoses; infeksies in die pasgebore baba; kinderinfeksiesiektes; bioterrorisme; toksienverwante infeksies; hantering van gemeenskap-uitbraak; infeksiebeheer; inenting; rol van spesiale ondersoeke; anti-infektiewe terapie.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 14734 Ingrepe

### 344 (60) Ingrepe (20 weke)

Die module spreek die ingrepe aan wat geïmplementeer word op die vlak van die self, die pasiënt, die gemeenskap en die gesondheidsisteem nadat 'n diagnose van wanfunksie, siekte, besering, en ander sistemiese en geestelike gebreke gemaak is. Die module sluit nie slegs ingrepe soos farmakoterapie, chirurgie en radioterapie in nie, maar ook advisering, hoe om as agente van verandering op te tree en hoe om in spanne te werk om gesondheid en gesondheidsisteemkwessies aan te spreek.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 13650 Inleiding tot Biochemie en Biofisika

### 141 (10) Inleiding tot Biochemie en Biofisika (1L, 1P)

Hierdie module verleen aan studente 'n wetenskaplike agtergrond vir, begrip van en insig in die kernbeginsels van biofisika en biochemie om hulle in staat te stel om hierdie begrip in kliniese verpleegsorg te integreer.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13261 Inleiding tot Epidemiologie

### 841 (10) Inleiding tot Epidemiologie

Die inhoudsmodule behandel die basiese beginsels van voedingsepidemiologie en soorte voedingsopnames, die verband tussen armoede en gesondheid, en die maatskaplike determinante van gesondheid.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 14325 Inleiding tot Globale Gesondheid

### 875 (12) Inleiding tot globale gesondheid

Hierdie module dek konsepte, teorie en die toepassing van globale gesondheid en verwante gebiede. Die module dek sessies wat fokus op die volgende onderwerpe: inleiding tot globale gesondheid; globale-gesondheidsprioriteite en volhoubare-ontwikkelingsdoelstellings; ongelykhede in gesondheid in globalegesondheidsverband; prioriteit en kwesbare bevolkings; akteurs en netwerke vir wêreldwye gesondheid; gesondheidstelsels, dienste, bronne, programme; handel, beleid en globale gesondheid; globalegesondheidsbeskerming en -veiligheid; omgewing, klimaatsverandering en globale gesondheid; en globalisering en opkomende aansteeklike siektes.

*Tuisdepartement: Globale Gesondheid*

## 64777 Inleiding tot Molekulêre Patologie

### 775 (17) Inleiding tot Molekulêre Patologie

DNS, RNS en oorerflikheidsinligting; struktuur van die menslike genoom; patrone van oorerwing: uitdrukking van fenotipes; strategieë om mutasies te identifiseer wat siektes veroorsaak; DNA-volgordebepalings; filogenetika en molekulêre epidemiologie; aantoon en amplifikasie van nukleïensure; *in situ*-tegnieke; proteonomika; vloeisitometrie; weefselkultuur en sitogenetika.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

## 14546 Inleiding tot Voedsel

### 144 (20) Inleiding tot Voedsel (5L, 4P)

Die doel van die module is om studente 'n grondige begrip te gee van die fundamentele beginsels, mediums en toerusting wat vir verskillende gaarmaakmetodes gebruik word om 'n normale spyskaart saam te stel. Gaarmaakmetodes om die sensoriese en voedingskwaliteit van voedsel te bevorder en bewaar. Basiese beginsels van spyskaartbeplanning om 'n normale spyskaart saam te stel. Klassifikasie, voedingsamestelling, chemiese struktuur en spesifieke fisiese en chemiese karaktereienskappe van verskillende voedselbronne, dit wil sê vette, proteïene (rooivleis, pluimvee, vis, peulgroente, soja, gelatien, eiers, melk, kaas), koolhidrate (stysels, grane, vrugte, groente). Hantering, voorbereiding, gaarmaak en stoor van verskillende voedselbronne en die impak daarvan op nutriëntsamestelling, chemiese struktuur, voedselveiligheid en kwaliteit. Praktiese opleiding om ondervinding te kry om teoretiese kennis van voedselbronne toe te pas.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 13272 Kanker-epidemiologie

### 873 (12) Kanker-epidemiologie (2L)

Die module sluit in sleutelbeginsels van kanker-epidemiologie en hoe om navorsingsvrae te formuleer; die Internasionale Klassifikasie van Siektes vir Onkologie; verskillende studie-ontwerpe; data-analisemetodes en interpretasie-kwessies met inagneming van verwarrende kwessies; en die rol van kankermonitering vir navorsing en die monitering van siekte-tendense.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 14009 Kennisoordrag

### 875 (12) Kennisoordrag

Die module handel oor die beginsels van kennisoordrag en bewysgebaseerde besluitneming, assessering van belanghebbendes, deelnemingstrategieë relevant tot verskeie teikengehore, hulpbronoorwegings vir 'n omvattende kennisoordragstrategie, monitering en evalueringsprosesse, asook uitkomstes relevant tot kennisoordrag wat die gebruik van navorsing affekteer.

*Tuisdepartement: Globale Gesondheid*

## 14507 Kennisvaardighede

### 172 (6) Kennisvaardighede (1L)

Hierdie module is ontwerp om studente toe te rus met vaardighede wat nodig is vir die skep van kennis in die Humaniora, insluitende: die gebruik van geselekteerde sagtewareprogramme met inbegrip van woordverwerking, dataprosessering en aanbieding, die verkryging van toegang tot biblioteekbronne en die bou van soektogte op akademiese databasisse, die etiese gebruik van bestaande akademiese navorsing en die volgehoue korrekte gebruik van verwysingsmetodes, die deelname aan aanlyn gemeenskappe as aktiewe en verantwoordelike digitale burgers.

*Tuisdepartement: Joernalistiek*

## 13651 Kernbeginsels van Menslike Anatomie

### 171 (24) Kernbeginsels van Menslike Anatomie (3L, 3P)

Hierdie module verleen aan studente 'n wetenskaplike agtergrond vir, begrip van en insig in die kernbeginsels van menslike anatomie om hulle in staat te stel om hierdie begrip in kliniese verpleegsorg te integreer.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 13658 Kernbeginsels van Menslike Fisiologie

### 271 (24) Kernbeginsels van Menslike Fisiologie (4L, 1P)

Hierdie module verleen aan studente 'n wetenskaplike agtergrond vir, begrip van en insig in die kernbeginsels van menslike fisiologie om hulle in staat te stel om hierdie begrip in kliniese verpleegsorg te integreer.

*Tuisdepartement: Geneeskundige Fisiologie*

## 61077 Kinantropometrie

### 715 (12) Kinantropometrie

Kinantropometrie.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 11264 Kinderkinetikateorie

### 772 (12) Kinderkinetika

Neuro-motoriese ontwikkeling van alle kinders.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 19305 Kinesiologie

### 162 (8) Anatomie (2L, 1P)

Anatomiese en bewegingsterminologie; vlakke van organisasie binne die liggaam; struktuur en funksie van hoofweefseltipes van die menslike liggaam; struktuur en funksie van die mobiliteitseenheid (skeletaal en muskulêr) van die menslike liggaam en ondersteunende sisteme.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 182 (8) Die Sportervaring (2L, 2P)

Sportprestasie as 'n persoonlike ervaring; demonstrasie, strategieë, begrip, verbetering van geselekteerde span- en individuele sportsoorte wat deur verskeie kulturele groepe in Suider-Afrika gespeel word.

*Buigsame assessering*

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 312 (8) Sportbeserings (2L)

Algemene beginsels en klassifikasie van sportbeserings. Biomeganika van sportbeserings. Oorgebruiksindroom. Sportbeserings in boonste en onderste ledemate. Enkele beserings in sportsoorte vir persone met gestremdhede.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 332 (8) Piekprestasie (2L)

Programontwerp deur beginsels van indeling en die toepassing daarvan op elite sportprestasie. Periodisering van inoefening. Herstelstrategieë.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 342 (8) Sosiale en Sielkundige Aspekte van Sportprestasie (2L)

Verband tussen sport en sosiale instellings; spesifieke oorwegings by die afrigting van kinders; die sport-kredo; sport en die media; gebruik van spesifieke sielkundige vaardighede vir sportprestasieverbetering; psigometrie.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 352 (8) Toetse en Metings (2L)

Beginsels van geldige en betroubare assessering van fiksheid en sportprestasie d.m.v. statistiese tegnieke en algemene assesseringstrategieë.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 372 (8) Waardes en Etiek in Professionele Toepassings (2L, 2P)

Filosofiese konteks van fisieke aktiwiteite; sosiale en kulturele neigings t.o.v. fisieke aktiwiteite in SA; heterogene groepe en fisieke aktiwiteite; morele optrede in fisieke aktiwiteite, sport en rekreasie.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 11019 Kliniese Chirurgie

### 871 (180) Kliniese Chirurgie

Chirurgiese- en operatiewe praktyk

*Tuisdepartement: Chirurgie*

## 13029 Kliniese en Chirurgiese Anatomie

### 771 (10) Kliniese en Chirurgiese Anatomie

'n Kadawergebaseerde studie van uitgesoekte aspekte van die menslike liggaam, asook die funksionele en kliniese belang van die uitgesoekte strukture en/of areas in die liggaam.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 12178 Kliniese Farmakologie

### 471 (15) Kliniese Farmakologie (3 weke)

Farmakologiese konsepte (farmakokinetika, farmakodinamika en terapeutiesegeneesmiddelmonitering); geneesmiddelveiligheid; skryf van voorskrifte en skedulering van middels; behandeling van spesiale pasiëntepopulasies, kardiovaskulêre afwykings, en asma en KOLS; antimikrobiese terapie; toksikologie; behandeling van jig, artritis en pyn, en endokriene afwykings; bewysgebaseerde geneeskunde; behandeling van psigiatriese en neurologiese afwykings.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 52191 Kliniese Fisioterapie

### 121 (8) Kliniese Fisioterapie (3L, 5P)

Hierdie module stel die student aan die gesondheidsorgstelsel en sy kliënte bekend, sowel as aan die fisioterapeut in die kliniese omgewing. Hierdie module bied ook die geleentheid om basiese Xhosa/Afrikaans te leer wat die student tydens pasiëntkonsultasies sal help.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

### 273 (10) Kliniese Fisioterapie (4L, 4P)

Die doel van hierdie module is om die student se begrip van die beginsels, etiek en kompleksiteite van pasiëntgesentreerde interaksie te versterk. Verder verbreed dit ook studente se woordeskat in Engels, Afrikaans en isiXhosa binne die konteks van professionele praktyk en interaksie met pasiënte en ander professionele gesondheidsorgwerkers. Hierdie module neem 'n holistiese benadering tot pasiëntsorg aan

deur samewerking met ander gesondheidsorgwerkers te beklemtoon, en bied die geleentheid om opleiding te ontvang in basiese lewensondersteuningstegnieke.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

### 374 (40) Kliniese Fisioterapie (14P)

Praktiese kliniese ervaring van fisioterapeutiese praktykvoering; die hantering van algemene, eenvoudige probleme, sowel as geselekteerde areas van gevorderde pasiëntsorg; individuele en groephantering (onder toesig) van pasiënte en versorgers tydens drie kliniese blokindelings.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

### 474 (96) Kliniese Fisioterapie (28P)

Praktiese kliniese ervaring van fisioterapeutiese praktykvoering in alle areas en op alle vlakke van pasiëntsorg. Minder toesig sal verskaf word en meer onafhanklike optrede word verwag om die student toe te rus om as volwaardige terapeut te funksioneer. Vyf kliniese blokindelings, spoeddiensbeurte oor naweke en 'n elektiewe blok sal deel wees van die vereistes vir dié module.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 14548 Kliniese Kommunikasie (Afr)

### 278 (10) Kliniese Kommunikasie (Afr) (2L)

Die Handves van Menseregte bepaal dat die pasiënt die reg het om in hulle taal met 'n gesondheidswerker te praat, sowel as om in die taal van eie keuse aangespreek te word. Die doel van hierdie module is om die pasiënt se kwaliteit van gesondheidsorg tydens konsultasies tussen die voedingkundige en die pasiënt te verbeter. Voedingkundige-studente sal toegerus wees om effektief in Afrikaans te kommunikeer. Hierdie module beoog om die nodige taalkundige strukture te bied wat studente in staat sal stel om hulleself verstaanbaar te maak en hulle huidige vaardigheid optimaal toe te pas. Studente sal taalkennis deur middel van interaktiewe leergeleenthede toepas. Verder sal hulle nuwe kennis kry van kulturele diversiteit en 'n reeks konvensionele praktyke. Deur dit te doen, word studente gelei om bewus te wees van hoe die taal op 'n sensitiewe wyse gebruik word en hoe om op 'n gepaste wyse te reageer tydens interaksie met Afrikaanssprekende pasiënte.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

### 378 (10) Kliniese Kommunikasie (Afr) (2L)

Die Handves van Menseregte bepaal dat die pasiënt die reg het om in hulle taal met 'n gesondheidswerker te praat, sowel as om in die taal van eie keuse aangespreek te word. Die doel van hierdie module is om die pasiënt se kwaliteit van gesondheidsorg tydens konsultasies tussen die voedingkundige en die pasiënt te verbeter. Voedingkundige-studente sal toegerus wees om effektief in Afrikaans te kommunikeer. Hierdie module beoog om die nodige taalkundige strukture te bied wat studente in staat sal stel om hulleself verstaanbaar te maak en hulle huidige vaardigheid optimaal toe te pas. Studente sal taalkennis deur middel van interaktieweleergeleenthede toepas. Verder sal hulle nuwe kennis kry van kulturele diversiteit en 'n reeks konvensionele praktyke. Deur dit te doen, word studente gelei om bewus te wees van hoe die taal op 'n sensitiewe wyse gebruik word en hoe om op 'n gepaste wyse te reageer tydens interaksie met Afrikaans-sprekende pasiënte.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 14547 Kliniese Kommunikasie (isiXh)

### 278 (10) Kliniese Kommunikasie (isiXh) (2L)

Die Handves van Menseregte bepaal dat die pasiënt die reg het om in hulle taal met 'n gesondheidswerker te praat, sowel as om in die taal van eie keuse aangespreek te word. Die doel van hierdie module is om die pasiënt se kwaliteit van gesondheidsorg tydens konsultasies tussen die voedingkundige en die pasiënt te verbeter. Voedingkundige-studente sal toegerus wees om effektief in isiXhosa te kommunikeer. Hierdie module beoog om die nodige taalkundige strukture te bied wat studente in staat sal stel om hulleself verstaanbaar te maak en hulle huidige vaardigheid optimaal toe te pas. Studente sal taalkennis deur middel van interaktiewe leergeleenthede toepas. Verder sal hulle nuwe kennis kry van kulturele diversiteit en 'n reeks konvensionele praktyke. Deur dit te doen, word studente gelei om bewus te wees van hoe die taal op 'n sensitiewe wyse gebruik word en hoe om op 'n gepaste wyse te reageer tydens interaksie met isiXhosasprekende pasiënte.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

### 378 (10) Kliniese Kommunikasie (isiXh) (2L)

Die Handves van Menseregte bepaal dat die pasiënt die reg het om in hulle taal met 'n gesondheidswerker te praat, sowel as om in die taal van eie keuse aangespreek te word. Die doel van hierdie module is om die pasiënt se kwaliteit van gesondheidsorg tydens konsultasies tussen die voedingkundige en die pasiënt te verbeter. Voedingkundige-studente sal toegerus wees om effektief in isiXhosa te kommunikeer. Hierdie module beoog om die nodige taalkundige strukture te bied wat studente in staat sal stel om hulleself verstaanbaar te maak en hulle huidige vaardigheid optimaal toe te pas. Studente sal taalkennis deur middel van interaktieweleergeleenthede toepas. Verder sal hulle nuwe kennis kry van kulturele diversiteit en 'n reeks konvensionele praktyke. Deur dit te doen, word studente gelei om bewus te wees van hoe die taal op 'n sensitiewe wyse gebruik word en hoe om op 'n gepaste wyse te reageer tydens interaksie met isiXhosa-sprekende pasiënte.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 11025 Kliniese Interne Geneeskunde

### 811 (264) Kliniese Interne Geneeskunde

Suksesvolle voltooiing van hierdie module vereis bevredigende deelname terwyl die student roteer as kliniese assistent by Algemene Interne Geneeskunde en die sub-spesialiteite, asook dat minstens 50% in die LKI (SA) Deel II-eksamen behaal word.

*Die student word gereeld geassesseer as deel van die buigsame-assesseringstrategie en daar word van hulle vereis om 'n gevalleboek as 'n rekord te hou van hulle kliniese blootstelling en ervaring met prosedures.*

*Tuisdepartement: Interne Geneeskunde*

## 14449 Kliniese Kritieke Sorg

### 872 (135) Kliniese Kritieke Sorg

In hierdie module word studente aan die gekonsolideerde kritiekesorgeenheid, asook sy behandeling van die krities siek pasiënte wat in die algemene kritiekesorgeenheid opgeneem word, blootgestel. Hierdie pasiënte het gewoonlik ernstige orgaan-disfunksie en benodig gefokusde sorg. Hierdie module gaan studente in die teoretiese en praktiese aspekte van volwassenekritiekesorggeneeskunde blootstel en onderrig.

*Tuisdepartement: Anestesiologie en Kritieke Sorg*

## 11518 Kliniesenavorsingsmetodes I

### 871 (15) Kliniesenavorsingsmetodes I

Hierdie semestermodule is 'n kernmodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die oogmerk om studente te onderrig in kliniesenavorsingsmetodes, biostatistiek en klinies-epidemiologiese beginsels wat met noodgeneeskunde verband hou.

*Die assessering van opdragte dra 50% tot die finale punt by, en die finale skriftelike assessering dra 50% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 11027 Kliniese Noodgeneeskunde

### 875 (240) Kliniese Noodgeneeskunde

Word as 'n jaarkursus oor elk van die vier ingeskrewe jare van die graad aangebied en omvat teoretiese asook praktiese kernaspekte van Noodgeneeskunde.

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 11520 Kliniese Noodsorg I

### 871 (15) Kliniese Noodsorg I

Hierdie semestermodule is 'n kernmodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die volgende oogmerke: om 'n rasionele bewysgebaseerde benadering tot kliniese probleme in noodsorg te ontwikkel, en om verdere kennis en vaardighede te ontwikkel om ingewikkelde situasies te bestuur. Die module behels tutoriaalsessies wat op kliniese probleme fokus, oorsigte van mediese literatuur en protokolontwikkeling, asook opleiding in die simulasielaboratorium en kleingroepe.

*Die assessering van opdragte en vaardigheidsessies dra 60% tot die finale punt by, en die finale skriftelike en mondelinge assesserings dra 40% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 11521 Kliniese Noodsorg II

### 871 (15) Kliniese Noodsorg II

Hierdie semestermodule is 'n kernmodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die volgende oogmerke: om 'n rasionele bewysgebaseerde benadering tot kliniese probleme in noodsorg te ontwikkel, en om verdere kennis en vaardighede te ontwikkel om ingewikkelde situasies te bestuur. Die module behels tutoriaalsessies wat op kliniese probleme fokus, oorsigte van mediese literatuur en protokolontwikkeling, sowel as opleiding in die simulasielaboratorium en kleingroepe.

*Die assessering van opdragte en vaardigheidsessies dra 60% tot die finale punt by, en die finale skriftelike en mondelinge assesserings dra 40% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 13095 Kliniese Oftalmologie

### 875 (200) Kliniese Oftalmologie

'n Uitgebreide en grondige kennis van die mediese en chirurgiese aspekte van oftalmologie, sowel as toegepaste mikrobiologie en kliniese patologie word verwag.

*Tuisdepartement: Oogheelkunde*

## 14953 Kliniese Pediatriese Rumatologie

### 872 (135) Kliniese Pediatriese Rumatologie

Pediatriese rumatologie is 'n kliniese dissipline wat die studie van inflammatoriese en nie-inflammatoriese afwykings van die bindweefsel en gewrigte by kinders omvat. Rumatiese siektes is 'n uiteenlopende groep chroniese siektes wat deur chroniese ontstekings gekenmerk word, gewoonlik van onbekende oorsake, wat die strukture van die muskuloskeletale stelsel, bloedvate en ander weefsels beïnvloed. Toestande kan inflammatories of outo-immuun van aard wees, of albei. Sommige van die toestande sluit die volgende in: chroniese artritis, waarvan jeug- idiopatiese artritis die mees algemene tipe is; artritis wat verband hou met infeksies; inflammatoriese verbindingsweefselsiektes; vaskulitiede; nie-inflammatoriese spier- en skelet-stoornisse; en noodgevalle in die kinderjare met spier- en skeletsimptome.

Gespesialiseerde vaardighede en kennis in die volgende areas: praktiese vaardighede in Pediatriese Rumatologie; interpretasie van laboratoriumdata; rehabilitasievaardighede vir jeug- idiopatiese artritis; die farmakologie van geneesmiddels wat gebruik word vir kinders met rumatiese siektes; pynbestuur; onderrigervaring; navorsingservaring; versorging van jongmense en jong volwassenes; gespesialiseerde kennis van en ervaring in rumatologie by kinders; en insig in en waardering vir etiese kwessies;

*Tuisdepartement: Pediatrie en Kindergesondheid*

## 50946 Kliniese Spraakheelkunde

### 184 (12) Kliniese Spraakheelkunde (4L)

Bekendstelling en blootstelling aan tipiese ontwikkeling, kommunikasie-vaardighede, basiese generiese kliniese vaardighede, aspekte van assessering van kommunikasie-ontwikkeling en professionele optrede in die beroepsveld van spraak-taal- en gehoorterapie. Bogenoemde geskied tydens waarneming in voorskoolse omgewings.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 274 (26) Kliniese Spraakheelkunde (4L)

Spraak- en taalsifting; fonologiese bewustheid; taalprogramme in voorskoolse omgewings; intervensie vir kinders met afwykings ten opsigte van taal, fonologiese bewustheid, artikulasie en fonologie; gehoor-gesondheid. Kommunikasiebevoegdheid in isiXhosa of Afrikaans binne die kliniese konteks.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 375 (48) Kliniese Spraakheelkunde (13P, 2T)

Intervensie vir persone met kommunikasie-afwykings; observasie van intervensie in 'n verskeidenheid van omgewings. Kommunikasiebevoegdheid in isiXhosa of Afrikaans binne die kliniese konteks. Aktiwiteite in kliniesevaardigheidsontwikkeling met 'n fokus op kontemporêre metodes van dienslewering, onderrig en leer.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 474 (64) Kliniese Spraakheelkunde (20P, 2T)

Spraak-taalterapie en intervensie vir 'n verskeidenheid ontwikkelings- en verworwe kommunikasie-afwykings in kinders en volwassenes; intervensie vir die kind of volwassene met voedingsprobleme of disfagie; uitreikdienste na gemeenskappe in primêre gesondheidsklinieke of sentrums; meertaligheid en tweedetaal-aanleerprobleme; inleiding tot gebaretaal; die dowe gemeenskap en kultuur; houdings; bronne in die gemeenskap; geskiedenis van gebaretaal in Suid-Afrika; gebaretaal; vingertaalspelling; gebruik van tolke in verskillende kontekste. Kliniese rotasies by hospitale, skole, rehabilitasiesentrums en in die gemeenskap. Kommunikasiebevoegdheid in isiXhosa of Afrikaans binne die kliniese konteks. Aktiwiteite in kliniese-vaardigheidsontwikkeling met 'n fokus op kontemporêre metodes van dienslewering, onderrig en leer.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

## 13255 Konseptualisering van Voedselstelsels

### 811 (10) Konseptualisering van Voedselstelsels

Grondige wetenskapgebaseerde kennis en navorsingstegnieke op die gebied van voedsel- en voedingsekerheid word in hierdie module hersien. Sodanige hersiening vereis ondervinding en 'n begrip van die situasie waarin die probleem in die voedselstelsel ingebed is.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding/ Voedselwetenskap/ Landbou-ekonomie*

## 14448 Kritiekesorgnavorsingsprojek

### 871 (45) Kritiekesorgnavorsingsprojek

In hierdie module word studente aan die beginsels van relevante en etiese navorsingspraktyke blootgestel. Daar gaan van die student verwag word om 'n studieprotokol in die veld van volwassene- kritiese sorg te ontwerp, om data te versamel en te analiseer, om 'n literatuuroorsig uit te voer en hierdie navorsingsprojek aan te bied soos vir 'n gestruktureerde magisterprogram.

*Tuisdepartement: Anestesiologie en Kritieke Sorg*

## 11526 Kritiese Besluitneming in Noodsorg

### 871 (15) Kritiese Besluitneming in Noodsorg

Hierdie semestermodule is 'n kernmodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die oogmerk om studente in kritiese denke in noodgeneeskunde te onderrig.

*Die module is hoofsaaklik webgebaseer, en behels buigsame assessering en 'n finale projek. Webgebaseerde opdragte dra 60% tot die finale punt by en die finale projek dra 40% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 54526 Kurrikulumstudie

### 742 (20) Kurrikulumstudie

Die module ontwikkel kennis en begrip van kurrikulumaspekte en verwante sake in verpleegonderwys, met inbegrip van relevante wetgewing, die rol van die verpleegopvoeder, gehaltebestuur en leierskap in die verpleegonderwyskonteks.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14323 Kwalitatiewebewyssintese

### 872 (12) Kwalitatiewebewyssintese

Hierdie module het ten doel om studente toe te rus met 'n begrip van die beginsels en vaardighede om kwalitatiewe stelselmatige oorsigte te ontwerp, uit te voer, te rapporteer en te interpreteer.

*Tuisdepartement: Globale Gesondheid*

## 65730 Laat- Kliniese Rotasies

### 678 (150) Laat- Kliniese Rotasies (60 weke)

Dit vorm saam met Kliniese Rotasies 541 die student-internjaar. Geen amptelike teoretiese lesings word aangebied nie. Die praktiese toepassing van die kliniese dissiplines word gedurende Laat- Kliniese Rotasies 678 gekonsolideer d.m.v. pasiëntesorg, saalrondtes, gevalbesprekings, seminare en buitepasiënt-klinieke in die Tygerberg Hospitaal en ander relevante streekhospitale, daghospitale en klinieke.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 11105 Laboratoriumbestuur

### 875 (10) Laboratoriumbestuur

Om die beginsels van laboratoriumbestuur te verstaan soos dit van toepassing is op patologie.

*Tuisdepartement: Chemiese Patologie*

## 64718 Laboratoriumpraktyk

### 776 (3) Laboratoriumpraktyk

Bio-etiek van laboratoriumpraktyk, laboratoriumveiligheid en wetlike aspekte van laboratoriumpraktyk.

*Tuisdepartement: Anatomie en Patologie*

## 13258 Landbou-voedingskakeling

### 814 (10) Landbou-voedingskakeling

Hierdie tema fokus daarop om die uitdagings gesetel in voedselonsekerheid in Suid-Afrika te verminder en voer aan dat die huidige uitdagings, soos dit oor die hele Afrika voorkom, van die verlede s'n verskil. Innoverende antwoorde en oplossings word benodig wat die onderbou van voedselonsekerheid en die reaksie daarop fundamenteel heroorweeg.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 14498 Leierskap en Bestuur

### 773 (30) Leierskap en Bestuur

Deur hierdie module word studente se kennis, vaardigheid en prestasie rakende leierskap en bestuur in gesondheidsorgdienste versterk en verdiep. Studente sal beste praktyke in strategiese bestuur, entrepreneurskap, innovasie en gesondheidsbeleidsbestuur ontwikkel om gesondheidsorg van gehalte en uitnemendheid in sorgvoorsiening te verbeter.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13082 Leierskap en Innovasie in Gesondheidsorg

### 737 (5) Leierskap en Innovasie in Gesondheidsorg

Studente word in leierskap, prosesse van verandering en veranderingsbestuur, en die vaardighede van persoonlike leierskap en emosionele intelligensie onderrig. Hulle leer ook om 'n weg vir voortdurende organisatoriese verbetering te ontwikkel en te volg.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

### 757 (5) Leierskap en Innovasie in Gesondheidsorg

Studente word in leierskap, prosesse van verandering en veranderingsbestuur, en die vaardighede van persoonlike leierskap en emosionele intelligensie onderrig. Hulle leer ook om 'n weg vir voortdurende organisatoriese verbetering te ontwikkel en te volg.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 14454 Leierskap en Ontwikkeling in Spesialispraktyk

### 743 (8) Leierskap en Ontwikkeling in Spesialispraktyk

Hierdie module fokus op die ontwikkeling van studente as spesialisverpleegkundiges of -vroedvroue wat effektiewe leierskap moet voorsien ten opsigte van kennis, bestuursvaardighede, deurlopende professionele

ontwikkeling en praktyk-transformasie in die konteks van 'n spesialisgebied om sodoende die gehalte en uitnemendheid in sorgvoorsiening te verbeter.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13262 Makro- en Mikronutriënte en Gesondheid

### 842 (10) Makro- en Mikronutriënte en Gesondheid

Hierdie tema is daarop gefokus om insig te bied in die wanvoedingsvraagstuk en bewysgebaseerde benaderings tot die aanpak van die probleem.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 13091 Makro-Streeksanatomie

### 771 (20) Makro-streeksanatomie

'n Kadawergebaseerde studie van die sisteme van die liggaam.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 14733 Mediese Speurder

### 311 (60) Mediese Speurder (20 weke)

Die module fokus op die kliniese beredeneringsproses as fundamentele komponent van mediese praktyk. Die module dek die kennis van algemene probleme waarmee pasiënte voordoen, asook die kliniese vaardighede, insluitend die interpretasie van toepaslike verdere ondersoeke, wat benodig word om pasiënte te evalueer ten einde 'n differensiële diagnose te formuleer.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 13033 Menslike Anatomiese Variasie

### 771 (10) Menslike Anatomiese Variasie

Anatomiese variasie kom voor by alle individue en is sigbaar in die gebrek aan bilaterale simmetrie by enige individu en in die variasie binne enige bepaalde bevolkingsgroep.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 13257 Menslike Ekonomiese Ontwikkeling

### 813 (10) Menslike Ekonomiese Ontwikkeling

Hierdie tema is daarop gefokus om insig in die konsep, teorieë en maatstawwe van ekonomiese ontwikkeling te bied. Dit dien om uiterste kontras verder te ondersoek, nie alleen dié tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande nie, maar ook vir sover dit die verskillende bestaansituasies tussen bevolkingsgroepe/families in die lande betref.

*Tuisdepartement: Landbou-ekonomie*

## 14207 Menslike Fisiologie

### 171 (20) Menslike Fisiologie (4L, 2P)

Hierdie module is 'n inleidende module wat daarop gemik is om studente 'n deeglike kennisbasis en begrip te gee van die normale funksionele komponente, sowel as beginsels en prosesse wat betrokke is by die funksionering van die fisiologiese stelsels van die menslike liggaam. Die module begin met 'n oorsig van die vlakke van organisasie in die liggaam, fisiologiese beheerstelsels en kommunikasie binne die liggaam. Dit word deur basiese molekulêre biologie, energiemetabolisme, sellulêre struktuur, funksie en homeostase gevolg. Studente sal daarna konsepte wat verkry is uit die bestudering van anatomie in hul studie van die orgaansisteme kan gebruik. Dit sluit die funksie en geïntegreerde verwantskappe van die muskuloskeletale, kardiovaskulêre, limfatiese, immuun-, respiratoriese, spysverteringskanaal-, urinêre en voortplantings- (urogenitale), senuwee- en endokriene stelsels in.

*Tuisdepartement: Geneeskundige Fisiologie*

## 48054 Menslikehulpbronbestuur

### 776 (20) Menslikehulpbronbestuur

Die module stel wetenskaplike bestuursdenkrigtings oor menslike hulpbronne en arbeidsverhoudinge in gesondheidsdiensbestuur bekend. Die inhoud fokus op die versterking van menslikehulpbronbestuur om sodoende verbeterde werwing, keuring, retensie en ontwikkeling van mense in die werksplek te bewerkstellig. Studente word ook bemagtig met betrekking tot die kennis en gebruik van regs- en etiese aspekte wat verband hou met relevante wetgewing, beginsels van dissiplinêre optrede, die oplossing van griewe, kollektiewe bedinging, arbitrasie en die beslegting van geskille.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 11103 Menslike Kommunikasie en Kommunikasie-afwykings

### 812 (45) Menslike Kommunikasie en Kommunikasie-afwykings

Die inhoud van hierdie module word deur die afdelingshoof in oorleg met die student bepaal.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

## 13035 Mikroskopiese Anatomie en Histologiese Tegniek

### 771 (20) Mikroskopiese Anatomie en Histologiese Tegniek

Laboratoriumtegniek vir die ondersoek van die verband tussen die struktuur en funksie van mensweefsel deur van roetine- en gespesialiseerde kleuringstegnieke gebruik te maak.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 14366 MIV en TB

### 775 (30) MIV en TB

Studente sal die basiese wetenskappe, epidemiologie, diagnostiese strategieë, effektiewe en veilige gebruik van terapeutiese opsies en voorkomende strategieë vir MIV en TB bestudeer. Bykomstig vir MIV sal hulle die diagnose en hantering van algemene siektetoestande in MIV- positiewe pasiënte bestudeer. Bykomstig vir TB sal hulle die diagnose en hantering van die verskillende manifestasies van middelsensitiewe, sowel as middelweerstandige, TB bestudeer. Transversale temas aangaande die voorkoming en beheer van infeksies, antibiotikavoogdyskap, reproduktiewe gesondheid, infeksieverwante beelding en die basiese biologie en laboratoriumdiagnose maak 'n integrale deel van hierdie module uit.

*Tuisdepartement: Infeksiesiektes*

## 14458 Moeder- en Neonatalesorgfarmakologie

### 732 (8) Moeder- en Neonatalesorgfarmakologie

Hierdie module beoog om studente wat in verloskunde spesialiseer in staat te stel om kennis op te doen van die kwessies rondom die voorskryf, toediening en gebruik van medikasie binne die konteks van normale en abnormale bevallings, sowel as binne die neonatologie-konteks.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13665 Moeder- en Pasgeborebabasorg I

### 341 (14) Moeder- en Pasgeborebabasorg I (3L)

Hierdie module dek die teorie met betrekking tot normale verloskundige sorg en volg 'n humanistiese benadering tot antenatale, intranatale, postnatale, pasgeborebaba- en familiegesondheidsorg. Die module behels die integrasie en toepassing van 'n begrip van die basiese wetenskappe, asook wetlike en etiese beginsels wat nodig is vir die verloskundige versorging van die perinatale vrou en pasgebore baba by 'n ongekompliseerde swangerskap

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13673 Moeder- en Pasgeborebabasorg II

### 431 (14) Moeder- en Pasgeborebabasorg II (2L)

Hierdie module berei die student teoreties voor met kennis en insig vir verantwoordelike en aanspreeklike

professionele sorg. Die student word gerig om in vennootskap met die vrou te werk om die nodige ondersteuning, sorg en advies gedurende swangerskap, geboorte en die postpartum- (nageboorte-) periode, insluitende die versorging van die pasgebore baba, te bied. Die student sal leer om komplikasies by die moeder en pasgebore baba te identifiseer en om sodoende toegang tot toepaslike obstetriese en neonatale noodsorg, asook gepaste verwysing, te fasiliteer.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13666 Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk I

### 341 (12) Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk I (2P)

Hierdie module skep die geleentheid vir die kliniese toepassing van verloskundige sorg deur werkgeïntegreerde leer en opleiding in kliniese vaardighede. Vaardighede en vermoëns sal deur middel van kliniese-leergeleenthede ontwikkel word om antenatale, intranatale, postnatale, pasgeborebaba- en familiegesondheidsorg te ontwerp en te implementeer.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13674 Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk II

### 471 (12) Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk II (2P)

Hierdie module berei die vroedvrou voor om in vennootskap met 'n vrou te werk om die nodige ondersteuning, sorg en advies gedurende hoërisiko-swangerskap, geboorte en die postpartum (nageboorte) periode, insluitende die versorging van die pasgebore baba, te bied. Die student sal leer om komplikasies by die moeder en pasgebore baba te identifiseer en om sodoende toegang tot toepaslike obstetriese en neonatale noodsorg, asook gepaste verwysing, te fasiliteer.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14459 Moedersorgspesialisasie

### 733 (28) Moedersorgspesialisasie

Die inhoud van hierdie module stem ooreen met die vereistes van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging vir 'n vroedvrou-spesialis. Die fokus van hierdie module is om studente in staat te stel om spesialiskennis en kliniese vaardighede te verwerf om kultureel sensitiewe en bewysgebaseerde moedersorg van hoë gehalte op alle vlakke te bied. Studente sal in staat wees om voortplantingsgesondheidsdienste, pre-konsepsiesorg, voorgeboortesorg, geboortesorg en nageboortesorg krities te assesseer, beplan, implementeer en evalueer binne 'n multidissiplinêre span met behulp van 'n holistiese persoongesentreerde benadering. Die spesialiskennis sal studente ook in staat stel om te beplan, fasiliteer en koördineer, en deel te neem aan gesondheidsbevorderingsveldtogte.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13270 Molekulêre Basis van Kanker en Tumorfisiologie

### 871 (12) Molekulêre Basis van Kanker en Tumorfisiologie

Hierdie module sal hoofsaaklik fokus op die molekulêre aspekte wat tot tumorvorming, -groei en -metastase lei. Onderwerpe wat gedek word, sluit in: die biologiese eienskappe van kankerselle, genetiese aspekte van tumorvorming, heterogeniteit en die strukturele kompleksiteit van soliede tumors, die tumor se mikro-omgewing en middelweerstandigheid, die invloed van hipoksie en neoangiogenese op tumorgroei, hipoksies-induseerbare faktore (HIF) en tumorindringing, teorieë betreffende aërobiese glikolise en die Warburghipotese.

*Tuisdepartement: Interdissiplinêre Gesondheidswetenskappe*

## 64688 Morfologiese Wetenskappe-navorsingsprojek

### 775 (60) Morfologiese Wetenskappe-navorsingsprojek

'n Toepaslike navorsingsprojek wat vloei uit die huidige navorsing in een van die afdelings wat by die HonsBSc (Morfologiese Wetenskappe)-program betrokke is, sal aan die student toegedeel word. Die inhoud sal deur die aard van die projek bepaal word.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

## 61123 Motoriese Beheer

### 711 (12) Motoriese Beheer

Motoriese beheer.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 61131 Motoriese Leer

### 741 (12) Motoriese Leer

Motoriese leer.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 52302 Muskuloskeletale Sisteem

### 371 (30) Muskuloskeletale Sisteem (7 weke)

Been: klassifikasie, ontwikkeling en groei; die skelet; gewrigte; kraakbeen: samestelling en funksie; samestelling en funksie van sinoviale vog; skeletspier: organisasie, struktuur en funksie. Toegepaste anatomie van die boonste ledemaat, onderste ledemaat en spinale kanaal, toegepaste fisika. Muskuloskeletale terminologie en deformiteite; kliniese ondersoek-metodes; infektiewe toestande van die muskuloskeletale stelsel; degeneratiewe muskuloskeletale toestande; radiologiese ondersoeke en toepaslike spesiale ondersoeke; rumatologiese toestande; artroplastieë van die muskuloskeletale sisteem; kongenitale en ontwikkelingstoestande; onkologiese toestande van been, gewrigte en sagteweefsel; toestande en deformiteite van die werwelkolom; toestande en deformiteite van die boonste ledemate; toestande en deformiteite van die onderste ledemate; vaskulêre toestande van die muskuloskeletale sisteem; rehabilitasie en hulpmiddels; noodhantering van traumatiese toestande en die multibeseerde pasiënt; die algemene beginsels in die diagnose en hantering van traumatiese toestande; gipstegniek, spalke en verbande; kompartementsindroom; frakture en ontwrigtings van die werwelkolom en bekken; frakture en ontwrigtings van die boonste ledemate; frakture en ontwrigtings van die onderste ledemate; sportbeserings en oorgebruikbeserings; sagteweefselbeserings van die muskuloskeletale sisteem.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 11043 Navorsing in Geneeskundige Fisiologie

### 772 (60) Navorsing in Geneeskundige Fisiologie

Laboratoriumnavorsingsprojek (wat lei tot die indiening van 'n mini-tesis), laboratoriumrotasies en selfbeplande eksperimente (SPEKS'e).

*Tuisdepartement: Geneeskundige Fisiologie*

## 13659 Navorsing in Konteks I

### 231 (12) Navorsing in Konteks I (3L)

Die module verskaf 'n inleiding tot die beginsels en prosesse van navorsing, sowel as ander aspekte wat met navorsing te doen het in die konteks van gesondheid en verpleging.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13675 Navorsing in Konteks II

### 471 (14) Navorsing in Konteks II (2L)

Die module verryk studente se begrip van vermoë om die navorsingsproses toe te pas deur middel van die ontwerp en implementering van 'n navorsingsprojek. Dit sluit die kritiese evaluering van gepubliseerde navorsing, die gebruik van 'n verskeidenheid navorsingsontwerpe en -metodologieë, projekontwerp, etiese en wetlike aspekte, en die betekenisvolle gebruik van epidemiologiese beginsels en statistiese data in.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

# 14322 Navorsingskapasiteitsontwikkeling

## 875 (30) Navorsingskapasiteitsontwikkeling

Die doel van hierdie module is om studente met gevorderde kennis en vaardighede in navorsingsontwerp en -metodiek in die konteks van huisartskunde en primêre gesondheidsorg toe te rus. Sodoende kan hulle onafhanklik aan hul eie navorsingprojekte werk en kundigheid in navorsingsopleiding en -ontwikkeling verwerf wat hul kan gebruik om leiding aan beginner-/ ontwikkelende navorsers in hierdie studievelde te bied. Daar word van studente verwag om hoëvlak- kognitiewe denke te ontwikkel, om krities oor relevante teoretiese perspektiewe te dink en om komplekse probleemoplossing te bemeester. Studente moet 'n betekenisvolle bydrae tot bestaande kennis in hierdie dissiplines/vakgebiede lewer. Daar word ook van studente verwag om effektief met verskillende gehore te kommunikeer deur gebruik te maak van toepaslike kommunikasiemetodes.

*Tuisdepartement: Huisartskunde en Primêre Sorg*

# 54305 Navorsingsmetodiek (Fisioterapie)

## 372 (10) Navorsingsmetodiek (Fisioterapie) (1L, 3P)

Epidemiologiese beginsels; inleiding tot navorsing, navorsingsbeginsels, metodologie, steekproefneming, meting, organisering van data, biostatistiek.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 472 (10) Navorsingsmetodiek (Fisioterapie) (1L, 2P)

Beginsels van bewysgesteunde praktyk; die ontwikkeling van 'n basiese navorsingsprotokol. Die praktiese uitvoer van 'n basiese navorsingsprojek en die rapportering van bevindinge.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

# 13047 Navorsingsmetodiek (Pediatrie)

## 871 (20) Navorsingsmetodiek (Pediatrie)

Navorsingsgids: literatuursoektog; formulering van die navorsingsvraag; inleiding tot navorsingsmetodologie; aanbieding van navorsing; wetenskaplike skryfvaardigheid en eweknie-oorsig.

Hulpmiddels vir navorsers: inleiding tot navorsingsetiek en -administrasie; navorsingsfondse; biostatistiese ondersteuning.

Kuns en filosofie van navorsing: om 'n akademikus te word.

*Tuisdepartement: Pediatrie en Kindergesondheid*

# 47015 Navorsingsmetodologie

## 378 (14) Navorsingsmetodologie (2L, 2P)

Hierdie module het ten doel om studente met 'n begrip van die beginsels en vaardighede toe te rus om 'n navorsingprojek te beplan. Dit sluit in formulering van 'n navorsingsvraag, uitvoering van literatuursoektogte en die saamstel van 'n literatuuroorsig, asook die seleksie, saamstel en validering van geskikte navorsings-instrumente, en die standaardisering en opleiding van veldwerkers. Die voltooide navorsingprotokol moet vir goedkeuring ingedien word by die toepaslike etiese komitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 478 (16) Navorsingsmetodologie (3P)

Die beplanning, uitvoering, verwerking en rapportering van 'n navorsingsprojek in gemeenskapsvoeding, terapeutiese voeding of voedseldiensbestuur.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 811 (45) Navorsingsmetodologie

Hierdie module bestaan uit 15 weke van Internetgebaseerde onderrig in navorsingsmetodiek gepaard met weeklikse praktiese opdragte en twee take. Die take vorm die basis van die inleiding en metodologie van die student se navorsing.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 812 (45) Navorsingsmetodologie

Hierdie module bestaan uit 15 weke van Internetgebaseerde onderrig in navorsingsmetodiek gepaard met weeklikse praktiese opdragte en twee take. Die take vorm die basis van die inleiding en metodologie van die student se navorsing.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 873 (10) Navorsingsmetodologie

Om die kwaliteit van navorsingsuitsette van nagraadse studente in patologie te verbeter.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

## 51764 Navorsingsmetodologie

### 775 (10) Navorsingsmetodologie

Temas wat in hierdie module behandel word, sluit basiese biostatistiek en basiese epidemiologie in. Studente ontvang tutoriale oor navorsingsprojekte en moet hulle eie navorsingsprojek in die vakgebied van Hiperbariese Geneeskunde voltooi.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 11044 Navorsingsmetodologie en Statistiek

### 871 (30) Navorsingsmetodologie en Statistiek

Die module bied 'n omvattende oorsig oor navorsingsmetodologieë en tegnieke wat binne kwalitatiewe en kwantitatiewe paradigmas in alombekende tradisies gebruik word. Bewysgebaseerde praktykvoering word omvattend bespreek om studente voor te berei vir toepassing in die arbeidsterapiepraktyk en uitkomsgebaseerde praktyk word bekendgestel. Die module berei studente voor om navorsing te beplan en uit te voer en bevindinge effektief te kommunikeer.

*Tuisdepartement: Arbeidsterapie*

## 13044 Navorsingsmetodologie in Arbeidsterapie

### 344 (12) Navorsingsmetodologie in Arbeidsterapie (2L)

Inleiding tot navorsing, navorsingsbeginsels en -metodologie, met inbegrip van navorsingsprotokol, steekproefneming, meting, organisering van data en biostatistiek.

*Tuisdepartement: Arbeidsterapie*

### 482 (12) Navorsingsmetodologie in Arbeidsterapie (1L)

Rapportering van data, verskillende navorsingsbenaderings en uitvoering van 'n navorsingsoefening.

*Tuisdepartement: Arbeidsterapie*

## 11265 Navorsingsprojek

### 771 (30) Navorsingsprojek

Navorsingsmetodes.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 54895 Navorsingsprojek

### 773 (30) Navorsingsprojek

Projek.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 55867 Navorsingsprojek

### 771 (30) Navorsingsprojek

'n Toepaslike navorsingsverslag in die formaat van 'n literatuuroorsig, gevallestudie of kliniese navorsingsprojek word vereis. Dit word in samewerking met 'n projekleier gedoen.

*Tuisdepartement: Verloskunde en Ginekologie*

### 882 (90) Navorsingsprojek

Die eerste jaar behels die beplanning van 'n navorsingsprojek en die inlewering van 'n protokol vir etiese goedkeuring. Die implementering van 'n navorsingsprojek en inlewering van 'n tesis, of verkieslik een artikel vir publikasie in 'n eweknie-geëvalueerde vaktydskrif, volgens die formaat aangedui in die studiegids, word in die tweede jaar afgehandel.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 13504 Navorsingstesis

### 872 (180) Navorsingstesis

Die module behels die beplanning van 'n navorsingsprojek en die voorlegging van 'n protokol vir etiese goedkeuring. Die implementering van 'n navorsingsprojek en die indiening van 'n tesis, of by voorkeur twee artikels vir publikasie in 'n eweknie-geëvalueerde vaktydskrif, volgens die formaat aangedui in die studiegids, word aan die einde van die studietydperk afgehandel.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

### 875 (90) Navorsingstesis

Die module behels die beplanning van 'n navorsingsprojek en die voorlegging van 'n protokol vir etiese goedkeuring. Die implementering van 'n navorsingsprojek en die indiening van 'n tesis, of by voorkeur een artikel vir publikasie in 'n eweknie-geëvalueerde vaktydskrif, volgens die formaat aangedui in die studiegids, word aan die einde van die studietydperk afgehandel.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 13533 Navorsingswerkstuk

### 841 (60) Navorsingswerkstuk

Die module sluit die beplanning en implementering van 'n navorsingsprojek in. Die navorsingswerkstuk word in die formaat van 'n wetenskaplike verslag/publikasie ingedien.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding/ Voedselwetenskap/ Landbou-ekonomie*

## 56375 Navorsingswerkstuk

### 810 (120) Navorsingswerkstuk

Behels 'n magistervlak-navorsingstuk wat verkieslik in 'n vaktydskrif gepubliseer moet word. Vir studente wat vanaf 2008 tot die program toegelaat word, moet die werkstuk voltooi word alvorens toelating tot die finale eksamen van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika verleen word. Die werkstuk moet ook voltooi word voordat die graad toegeken word. Studente word sterk aangeraai om 'n kursus in kliniese navorsingsmetodes te voltooi, sodat hulle die werkstukmodule suksesvol kan afhandel

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

### 812 (120) Navorsingswerkstuk

Wetenskaplike publikasie of verhandeling gebaseer op oorspronklike navorsing uitgevoer oor die 5 jaar van residensie.

*Tuisdepartement: Chirurgie*

### 814 (60) Navorsingswerkstuk

Navorsingswerkopdrag: Die onderwerp en die bestek van die werkopdragte word bepaal deur die hoof van die Sentrum vir Rehabilitasiestudies.

*Tuisdepartement: Sentrum vir Rehabilitasiestudies*

### 818 (120) Navorsingswerkstuk

'n Toepaslike werkstuk wat deur interne sowel as eksterne eksaminatore geëksamineer word.

*Tuisdepartement: Verloskunde en Ginekologie*

### 823 (120) Navorsingswerkstuk

'n Werkstuk wat onafhanklik aangepak en uitgevoer word en aangebied word as 'n formele navorsingsprojek is die minimum vereiste. Die gehalte van die werkstuk moet ooreenkom met 'n gepubliseerde artikel in 'n eweknie-geëvalueerde wetenskaplike tydskrif.

*Tuisdepartement: Oor- Neus- en Keelheelkunde*

### 824 (120) Navorsingswerkstuk

Die minimum vereiste is 'n navorsingsprojek wat onafhanklik onderneem, uitgevoer en opgeskryf is in die vorm van 'n tesis of 'n gepubliseerde eweknie- wetenskaplike artikel. Die vlak van die skripsie sal dieselfde wees as dié van 'n artikel in 'n wetenskaplike tydskrif.

*Tuisdepartement: Oogheelkunde*

### 833 (120) Navorsingswerkstuk

Die student moet die navorsingsprotokol binne 1 jaar laat registreer en die navorsingswerkstuk binne 3 jaar ná registrasie voltooi. Dit behoort in die vorm van 'n persklaar artikel ingedien te word. Voltooiing van hierdie module word vereis voordat die student die finale (Deel II)-eksamen mag aflê.

*Tuisdepartement: Interne Geneeskunde*

### 836 (120) Navorsingswerkstuk

In die formaat soos voorgeskryf deur die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

*Tuisdepartement: Neurochirurgie*

### 837 (120) Navorsingswerkstuk

Werkstuk wat 'n magistervlak-navorsingstuk behels wat verkieslik in 'n vaktydskrif gepubliseer moet word. Die werkstuk moet voltooi word voordat toelating tot die finale eksamen van die Kolleges vir Geneeskunde van Suid-Afrika verleen word. Die werkstuk moet ook voltooi wees voordat die graad toegeken word.

*Tuisdepartement: Interne Geneeskunde*

### 873 (120) Navorsingswerkstuk

Die navorsingswerkstuk behels die vermoë om navorsing te beplan met die toepassing van literatuur en elementêre statistiese beginsels, 'n projek af te handel, sinvolle gevolgtrekkings te maak, en 'n werkstuk te voltooi of te publiseer in 'n toepaslike wetenskaplike vaktydskrif.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

## 14954 Navorsingswerkstuk (Pediatriese Rumatologie)

### 871 (45) Navorsingswerkstuk

Die projek kan ingedien word as 'n manuskrip van hoogstens 3 000 woorde gereed vir publikasie en met 'n afsonderlike inleiding, of as standaardmonografie van tussen 15 000 en 20 000 woorde, oor 'n onderwerp in pediatriese rumatologie. Dit moet verder gebaseer wees op 'n studie wat begin is terwyl jy as nagraadse student geregistreer was. Die bevindinge van die projek moet bydra tot die wetenskaplike begrip van die onderwerp. Jy word opgelei in statistiek, navorsingsmetodes, literatuurstudies, die ontwerp van 'n navorsingsvoorstel en die skryf van 'n werkstuk. Daar kan ook van jou verwag word om die werk op 'n kongres aan te bied en die navorsing vir publikasie in te dien.

Vereiste: Goedkeuring van die navorsingsvoorstel deur die voorsitter van die betrokke departementele navorsingskomitee, die studieleier(s), die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en die voorsitter van die betrokke magisterkomitee.

*Tuisdepartement: Pediatrie en Kindergesondheid*

## 14460 Neonatalesorgspesialisasie

### 734 (20) Neonatalesorgspesialisasie

Die inhoud van hierdie module stem met die vereistes van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging vir 'n vroedvrou-spesialis ooreen. Die fokus van die module is om kennis van hoërisiko- neonatale sorg en kliniese vaardighede te verwerf om kultureel sensitiewe en bewysgebaseerde neonatale sorg van gehalte op alle vlakke te bied. Studente sal die fisiologiese aanpassing van die neonaat en die groei, ontwikkeling en komplikasies verwant aan die voorgeboorte-, barings- en nageboorteperiodes krities kan identifiseer, diagnoseer, beplan, implementeer en evalueer. Hierdie kennis en vaardighede sal studente in staat stel om omvattende gesinsgesentreerde neonatale sorg te bied en by gesondheidsbevorderingsaktiwiteite betrokke te raak.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 59285 Neuroanatomie en Kliniese Neurologie

### 372 (14) Neuroanatomie en Kliniese Neurologie (3L)

Neuroanatomie: Onderafdelings van die senuweesisteem – serebrum, breinstam, kraniaalsenuwees, serebellum, diënkefalon, basale ganglia, hippokampus, hipotalamus, limbiese sisteem, outonome

senuweesisteem, spinaalkoord.

Beginsels en metodes van neurologiese ondersoek; letsels van die korteks en interne kapsel; koma en die bewustelose pasiënt; breinstamletsels; letsels van die ekstrapiramidale stelsel, letsels van die serebellum; rugmurgletsels.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 11055 Neuroanatomie en Toegepaste Regionale Anatomie

### 871 (20) Neuroanatomie en Toegepaste Regionale Anatomie

Neuroanatomie en toegepaste regionale anatomie wat die anatomie van die sentrale senuweestelsel en perifere senuweestelsel insluit en regionale anatomie toepaslik tot neurochirurgie.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 16543 Neurochirurgie

### 875 (270) Neurochirurgie

Beginsels en praktyke van neurochirurgie. Uitgebreide kennis van patologie, en kliniese en diagnostiese beelding. Hantering en chirurgie van die volgende toestande: kongenitaal, neurovaskulêr, neuro-onkologies, neurospinaal en neuro-infektief, en hantering van pyn in sowel volwassenes as kinders.

*Tuisdepartement: Neurochirurgie*

## 32212 Neurochirurgie (Intermediêr)

### 874 (30) Neurochirurgie (Intermediêr)

Chirurgiese beginsels en spesialiteite, en intensiewe sorg

*Tuisdepartement: Neurochirurgie*

## 11056 Neurofisiologie: EEG

### 874 (60) Neurofisiologie: EEG

Beginsels en interpretering van EEG.

*Tuisdepartement: Interne Geneeskunde*

## 11057 Neurofisiologie: EMG

### 875 (60) Neurofisiologie: EMG

Beginsels en interpretering van EMG

*Tuisdepartement: Interne Geneeskunde*

## 11059 Neuropsigiatrie

### 873 (40) Neuropsigiatrie

Diagnose en hantering van neuropsigiatriese toestande

*Tuisdepartement: Psigiatrie*

## 11060 Neuroradiologie

### 871 (40) Neuroradiologie

Beginsels van neuroradiologiese spesiale ondersoeke; radiologiese kenmerke van neurologiese toestande.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

## 52299 Neurowetenskappe

### 371 (30) Neurowetenskappe (8 weke)

Ontwikkeling en morfologie van die neuron en sentrale, perifere en outonome senuweesisteme (organisasie,

oordragstowwe en reseptore); sensoriese, motoriese en integratiewe (hoër) funksies van die brein; ventrikulêre sisteem en serebrospinale vog; neuroglia en die bloedbreinskans.

Lokalisasie van neurologiese letsels; afwykings van embriogenese; bewussynstoornis; verhoogde intrakraniale druk en ruimte-opnemende letsels; epilepsie; trauma van die brein en spinaalkoord; serebrovaskulêre ongeluk; balans- en bewegingsteurnisse; agteruitgang van sentrale senuweesisteemfunksie en chroniese neurologiese siekte; swakheid; hoofpyn, gesigspyn en wortelpyn; infeksie van die sentrale senuweesisteem; koste-effektiewe neurologie; algemene neurologiese noodtoestande; substansafhanklikheid en -misbruik; skisofrenie en ander psigoses; neuropsigiatrie; gemoedsteurings; angssteurings; somatoforme steurings en psigosomatiese siektes; geslagsidentiteit en seksualiteit; eetsteurings; impulsbeheersteuring; slaapsteurings; forensiese neurowetenskap en etiek; aanpassingsteurings, dissosiatiewe steurings, verhoudingsprobleme en konflikhantering; persoonlikheidsteurings; psigoterapie; normale en abnormale fisiese en psigiese ontwikkeling in kinders; psigogeriatrie; Suid-Afrikaanse kultuurspesifieke sindrome; visuele sisteem; oogondersoek; akute visieverlies; chroniese visieverlies; oftalmologiese noodtoestande; die oog in sistemiese siektes; adneksale en eksterne oogsiektes; motiliteitstoornisse van die oog; gemeenskapsoogsorg; gehoor en perifere balanssisteem; gehoorverlies; otalgie; otoree; komplikasies van oorinfeksies; verlamming van die sewende kraniaalsenuwee.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 14205 Nutriënte in Gesondheid

### 142 (20) Nutriënte in Gesondheid (6L, 3P)

Kennis, interpretasie en toepassing van die metabolisme, behoeftes, funksies en basiese kliniese toepassing van energie, makronutriënte en mikronutriënte. Voedingsimplikasies van alkohol. Dieetbeplanning deur van aanbevole riglyne gebruik te maak. Inleiding tot funksionele voedsels.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 61204 Oefenfisiologie

### 743 (12) Oefenfisiologie

Oefenfisiologie.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 774 (20) Oefenfisiologie

Oefenfisiologie.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 61212 Oefenkunde

### 771 (30) Oefenkunde

Oefenkunde.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 61220 Oefensielkunde

### 713 (12) Oefensielkunde

Oefensielkunde.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 11063 OMT – Benaderings en Konsepte

### 863 (20) OMT – Benaderings en Konsepte

Huidige beginsels en toepassing van konsepte in manuele terapie en rehabilitasie, asook pynwetenskappe. Beginsels van evaluering, kliniese redenering en hantering van neuromuskulêre artikulêre sisteem. Konsepte van mediese en gedragswetenskappe.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 11064 OMT – Boonste Kwadrant

### 873 (12) 11064 OMT – Boonste Kwadrant

Evaluering, toepaslike hantering en voorkoming van boonste ledemaatdisfunksie van die neuromuskulêre artikulêre sisteem met inagneming van huidige konsepte en gebaseer op beginsels van bewysgesteunde kliniese beredenering in 'n bio-psigososiale model.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 11065 OMT – Geïntegreerde en Gevorderde Praktyk

### 852 (10) OMT – Geïntegreerde en Gevorderde Praktyk

Toepassing van kliniese beredenering, integrasie van funksionele rehabilitasiemodelle en variasie van toepaslike hanteringstrategieë in die rehabilitasie van kroniese/uitgebreide/gekompliseerde neuromuskulêre artikulêre gevalle na aanleiding van huidige konsepte erken deur die Internasionale Federasie van Ortopediese Manipulatiewe Terapeute en die Wêreldgesondheidsorganisasie.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 11066 OMT – Klinies

### 892 (25) OMT – Klinies

Assessering, onafhanklike kliniese beredenering en hantering van pasiënte met 'n verskeidenheid neuromuskulêre artikulêre disfunksies, en bewys van:

- gevorderde praktiese vaardigheid in assessering en hantering; en
- rehabilitasie van 'n pasiënt tot maksimale funksionering en deelname.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 11067 OMT – Onderste kwadrant

### 882 (15) OMT – Onderste Kwadrant

Evaluering, toepaslike hantering en voorkoming van onderste ledemaatdisfunksie van die neuromuskulêre artikulêre sisteem met inagneming van huidige konsepte en gebaseer op beginsels van bewysgesteunde kliniese beredenering in 'n bio-psigososiale model.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 14004 Om te wees en om te word in Gesondheidsorg

### 111 (60) Om te wees en om te word in Gesondheidsorg (20 weke)

Hierdie module sal die oorgang na Hoër Onderwys fasiliteer.

Dit sal die verstaan van self, ander, die gemeenskap en die gesondheidsisteem in die Suid-Afrikaanse konteks verbreed. Dit sal die grondslag lê vir die verdere ontwikkeling van die professionele persoon in die gesondheidsberoepe na wie die student streef om te wees.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 14469 Onderrig- en Leerstrategieë

### 744 (28) Onderrig- en Leerstrategieë

Hierdie module fokus op die wetenskap en kuns van onderwys in 'n veranderende verpleegonderwysomgewing. Dit sluit praktyke met betrekking tot 'n studentgerigte benadering, uitkomsgebaseerde onderwys en tegnologie-bemiddelde leer in. Verder word aspekte van leierskap, gehalte en strategieë om studenteleersukses te verbeter ondersoek.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13031 Ontwikkelingsanatomie

### 771 (10) Ontwikkelingsanatomie

Die onderlinge verwantskappe tussen werweldiere, met inbegrip van die mens, soos geïllustreer deur die embriologiese ontwikkeling van die Chordata. 'n Studie van die sistemiese anatomiese ontwikkeling van die menslike embrio met verwysing na die omgewings- en ander invloede op die normale ontwikkeling en/of

kongenitale afwykings.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 71030 Oordraagbare Siektes

### 845 (25) Oordraagbare Siektes

Hierdie module sal die beginsels van oordraagbare siektes onderrig deur tuberkulose (TB) as 'n model-sisteem te gebruik. Die inhoud sal die rol van gasheergenetika, genetiese epidemiologie, en populasie-genetika in TB-vatbaarheid insluit. Die rol van ekstreme fenotipes van TB-vatbaarheid en -weerstand in ons begrip van siektepatobiologie en -epidemiologie sal ondersoek word. Nuwe ontwikkelinge in TB-diagnostika, TB-farmakogenetika, immunologie van TB, en die rol van dieremodelle om siektemeganisms toe te lig sal bespreek word. Onderwerpe oor die infektiewe organisme, *Mycobacterium tuberculosis*, sal deur middel van fundamentele mikobakteriologie, die *Mycobacterium tuberculosis*-genoom en transkriptome, molekulêre metodes in mikobakteriologie, en mikobakteriese uitskeidingsisteme behandel word. Die rol van mikobakteriologiese biologie en metabolisme in intrasellulêre oorlewing in die makrofaag en medikasie-weerstand sal bespreek word.

*Tuisdepartement: Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie*

## 45330 Oor-, Neus- en Keelheelkunde [Deel II]

### 871 (100) Oor-, Neus- en Keelheelkunde

Drie tot ses maande ervaring in die intensiewesorgeenheid word vereis alvorens die Deel II-eksamens afgelê kan word.

*Tuisdepartement: Oor- Neus- en Keelheelkunde*

## 17183 Oor-, Neus- en Keelheelkunde [Deel III]

### 871 (160) Oor-, Neus- en Keelheelkunde

Spesialiskennis word vereis in:

- Gevorderde ONK- basiese wetenskappe
- ONK-medisyne
- ONK-chirurgie
- Kop- en nekchirurgie

Vier jaar ondervinding in 'n geakkrediteerde akademiese ONK-afdeling word vereis voordat die finale ONK-eksamen afgelê mag word.

*Tuisdepartement: Oor- Neus- en Keelheelkunde*

## 11070 Operasionele Hiperbariese Geneeskunde

### 773 (35) Operasionele Hiperbariese Geneeskunde

Nadat hierdie module suksesvol voltooi is, sal die mediese praktisyn in staat wees om hiperbariese suurstof-terapie aan 'n pasiënt toe te dien. Die opleiding sluit blootstelling aan hiperbariese geneeskundige praktyk in, asook die hantering van noodgevalle wat daarmee verband hou.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 11071 Operasionele Onderwatergeneeskunde

### 773 (30) Operasionele Onderwatergeneeskunde

Nadat hierdie module suksesvol voltooi is, sal die mediese praktisyn in staat wees om aan 'n maatskappy waarby duikers betrokke is (of enige ander groep duikers) operasionele mediese bystand te verleen, met inbegrip van die voorskryf en voorsien van rekompressie-terapie in die geval van 'n duikongeluk.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 17221 Optika

### 874 (40) Optika

Basiese en toegepaste optika word gedek. Teen die einde van die module sal die kandidaat die vermoë moet demonstreer om 'n suksesvolle kliniese refraksie uit te voer.

*Tuisdepartement: Oogheelkunde*

## 13062 Opvoeding en Opleiding in Noodsorg

### 871 (15) Opvoeding en Opleiding in Noodsorg

Hierdie semestermodule is 'n keusemodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die oogmerk om studente in die beginsels en teorie van onderrig en opleiding in noodsorgomgewings te onderrig. Die modules sluit in sessies oor die teorie van volwasseleer, opleiding in kliniese vaardighede en die virtuele leeromgewing (VLO) en hulpbronne vir elektroniese leer.

*Die assessering van opdragte dra 60% tot die finale punt by, en die finale summatiewe assessering dra 40% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 21903 Opvoedkundige Sielkunde

### 745 (15) Opvoedkundige Sielkunde

Hierdie module ontwikkel 'n begrip van opvoedkundige sielkunde en die implikasies daarvan vir onderrig- en leerprosesse. Aandag word in die besonder gegee aan temas wat relevant is vir verpleegonderwys: sielkundige en kognitiewe ontwikkeling gedurende adolessensie, volwasseleer, en aspekte van leer tesame met inligtingprosessering en veelvoudige intelligensie. Verder word aspekte van studente-ondersteuning ingesluit.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 11527 Pasiëntveiligheid en -vloei

### 871 (15) Pasiëntveiligheid en -vloei

Hierdie semestermodule is 'n kernmodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die oogmerk om studente in pasiëntveiligheid en -deurset in noodsorg te onderrig. Dit is 'n webgebaseerde module met leeswerk en opdragte, asook 'n finale projek oor 'n onderwerp wat met pasiëntveiligheid verband hou.

*Die assessering van opdragte dra 60% tot die finale punt by, en die finale summatiewe assessering dra 40% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 71031 Patogeengenomika

### 846 (25) Patogeengenomika

Studie van enkel- en multi-selpatogene, wat die genetika, biochemie en fisiologie van modelpatogene dek, insluitende moderne tegnieke wat toegepas word om die biochemiese en genetiese prosesse en evolusie van patogene te verstaan, en die biologiese kenmerke wat patogenisiteit veroorsaak.

*Tuisdepartement: Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie*

## 47813 Patologie

### 254 (7) Patologie (2L)

Algemene Patologie: etiologie, patologie, kliniese beeld, farmakologiese aspekte, mediese en chirurgiese behandeling en prognose van verskillende toestande, in die volgende vakke: interne geneeskunde, neurologie, pediatrie, geriatrie, gemeenskapsgesondheid.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

### 312 (2) Patologie (1L)

Oorsig oor klassifikasie, psigiatriese ondersoek, gemoeds-, angs-, psigotiese, kognitiewe, aanpassings-, substansverwante, persoonlikheids-, somatoforme, faktitiewe steurings, kinderpsigiatrie, roureaksie, krisishantering, malingering, psigofarmakologie.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

### 324 (10) Patologie (4L)

Anatomiese Patologie; Psigiatrie.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

### 334 (8) Patologie (3L)

Chirurgie; Ortopedie; Neurochirurgie; Verloskunde en Ginekologie; Oogheelkunde; Plastiese Chirurgie.

*Tuisdepartement: Chirurgie*

### 354 (7) Patologie (2L)

Geriatrie; Interne Geneeskunde; Neurologie; Gemeenskapsgesondheid; Pediatrie.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 64785 Patologie-navorsingsprojek

### 775 (60) Patologie-navorsingsprojek

'n Toepaslike navorsingsprojek wat vloei uit die huidige navorsing in een van die departemente/afdelings wat by die HonsBSc (Patologie)-program betrokke is, sal aan die student toegedeel word. Die aard van die projek sal bepaal word deur die keusemodule in Anatomiese Patologie, Chemiese Patologie, Hematologie of Immunologie.

*Tuisdepartement: Anatomiese Patologie*

## 12746 Patologie vir Oftalmologie

### 876 (40) Patologie vir Oftalmologie

Basiese en toegepaste patologie met die klem op orgaanspesifieke patologie sal bemeester word.

*Tuisdepartement: Oogheelkunde*

## 14138 Pediatriese Infeksiesiektes

### 775 (30) Pediatriese Infeksiesiektes

Studente sal 'n benadering tot die sistematiese evaluering van 'n kinderpasiënt met infeksie, algemene gemeenskapsverworwe infeksies, tropiese en reisverwante infeksies (insl. malaria), koors van onbekende oorsprong, sepsis en septiese skok bestudeer. Transversale temas aangaande die voorkoming en beheer van infeksies, antimikrobiale voogdyskap, reproduktiewe gesondheid, infeksieverwante beelding en die basiese biologie en laboratoriumdiagnose maak 'n integrale deel van hierdie module uit.

*Tuisdepartement: Infeksiesiektes*

## 14456 Peri-operatiewe Verpleging in Konteks

### 722 (40) Peri-operatiewe Verpleging in Konteks

Hierdie module rus studente met die ondersteunende kennis toe om as spesialis- peri-operatiewe verpleegkundiges te funksioneer, en hulle ingesteldheid, kennis en vaardighede ontwikkel om peri-operatiewe pasiëntsorg met insig, vertroue en deernis te bied. Die temas in hierdie module ontwikkel studente se begrip van die konsepte, intervensies en hulpbronne van verskeie chirurgiese dissiplines, en lê die grondslag vir klinies gepaste holistiese pasiëntsorg wat geïndividualiseer kan word om in elke pasiënt se unieke gesondheidsbehoeftes binne 'n multidissiplinêre omgewing te voorsien.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14455 Praksis in Spesialispraktyk

### 746 (8) Praksis in Spesialispraktyk

Hierdie module behandel leierskap, agentskap en voorspraak in spesialispraktyk om sodoende kritiese besluitneming te fasiliteer en professioneel-etiese dilemmas in spesialispraktyk binne die konteks van kontemporêre wetgewing en etieseraamwerkriglyne op te los.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 11119 Praktiese Navorsingsprojek (Geneeskundige Virologie)

### 772 (60) Praktiese Navorsingsprojek (Geneeskundige Virologie)

Basiese Virologie, Molekulêre Virologie of Virale Immunologie

*Tuisdepartement: Geneeskunde Virologie*

# 14741 Prioriteitsbepaling in Gesondheidsorg

## 875 (12) Prioriteitsbepaling in Gesondheidsorg

Studente sal 'n begrip ontwikkel ten opsigte van rantsoenering in gesondheidsorg, die ekonomiese benadering tot die formulering van prioriteite, gelyke en billike beurte, die kriteria vir die formulering van prioriteite in gesondheidsorg, brontoedeling en die formulering van prioriteite in gesondheidsorg, die formulering van prioriteite in globale gesondheid, en die beginsels, praktyk en uitdagings vir die formulering van prioriteite vir gesondheidsorg.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

# 64831 Professionele Praktyk in Sportwetenskap

## 773 (30) Professionele Praktyk

- Teoretiese basis vir praktisering in óf hoëprestasiesport óf sport en fisieke aktiwiteit van kinders.
- Modelle van professionele praktyk, insluitende assessering, programontwerp en metodes van aanbieding.
- Die uitdaging om te reageer op die diversiteit in die konteks van sport en fisieke aktiwiteit.

*Word buigsaam geassesseer.*

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

# 51993 Projekbestuur

## 775 (10) Projekbestuur

Studente word onderrig in projek- en programbestuur, en hoe om die benaderings met organisatoriese en sakestrategie te belyn vir doeltreffende inwerkingstelling.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

# 13652 Psigososiale Aspekte van Sorg

## 111 (12) Psigososiale Aspekte van Sorg (2L)

Hierdie module fokus daarop om die student te begelei in die ontwikkeling van interpersoonlike vaardighede wat gebruik kan word in enige verpleegsorgkonteks. Deur die module-inhoud en -benadering word die student in staat gestel om hul selfbewussyn en -identiteit te versterk as 'n vertrekpunt vir effektiewe kommunikasie en berading.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

# 71025 Python vir Bioinformatika

## 813 (10) Python vir Bioinformatika

Kort bekendstelling en oorsig van die Python-programmeringstaal toegepas op onderwerpe in Bioinformatika. Bekendstelling aan die BioPython-module en toepassing van gespesialiseerde klasse in BioPython om data te laai en skryf, en om probleme in sekwensiegebaseerde en strukturele Bioinformatika op te los.

*Tuisdepartement: Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie*

# 11082 Radiobiologie

## 872 (40) Radiobiologie

Stralingsinteraksies: direkte en indirekte gevolge, tipes stralingskade. 4R'e van radiobiologie. Selsiklus en seloorlewing. Fraksionering, insluitend verskillende skedules. Biologiese-ekwivalensieberekeninge. Groei van gewasse en bestralingsrespons. Chemoterapie: tipes, meganisme van werking en interaksie met radioterapie. Suurstofeffek. Effekte van bestraling op normale weefsel. Kankerbiologie, insluitend die kenmerke van kanker.

*Tuisdepartement: Stralingsonkologie*

# 13037 Radiologiese Anatomie

## 771 (10) Radiologiese Anatomie

'n Studie van die interne strukture van die menslike liggaam met behulp van X-strale, RT- en MRB-skanderings en ander mediese beeldingstegnieke.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

# 11528 Ramp- Mediese Responsopleiding

## 871 (15) Ramp- Mediese Responsopleiding

Hierdie semestermodule is 'n keusemodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die volgende oogmerke: om noodsorgwerkers op te lei in die beginsels en vaardighede van mediese reddingswerk voor hospitalisering, en om studente te onderrig in die struktuur en funksie van 'n voorhospitalisering-mediesereaksiestelsel asook die teorie van stedelike soek-en-reddingswerk en taktiese mediese reddingswerk. Die module behels 12 volle dae kontaktyd vir teoretiese en praktiese vaardighede aan die Kollege vir Noodgeneeskunde. Kandidate moet aan die minimum fisieke vereistes voldoen om hierdie module te volg.

*Teoretiese assessering aan die einde van die kontaktyd dra 40% tot die finale punt by, vaardigheidsassessering dra 30% by en 'n skriftelike opdrag dra 30% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

# 13060 Rampsituasie-geneeskunde

## 871 (15) Rampsituasie-geneeskunde

Hierdie semestermodule is 'n keusemodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die oogmerk om noodsorgwerkers te ontwikkel wat bevoeg is om die risiko te assesseer, te beplan en koördinering te doen in geval van ernstige voorvalle. Hierdie module is ontwerp om studente te onderrig in die beginsels van respons op ernstige mediese voorvalle of rampe, en dek ook aspekte van massabyeenkomsgeneeskunde. Die module behels vyf volle kontakdae en 'n dag vir praktiese simulasie. Opdragte word op verslae van ernstige voorvalle gegrond, en 'n finale navorsingsprojek moet in oorleg met die module-koördineerder uitgewerk word.

*Assesserings van kontaktyd en praktiese werk dra 40% tot die finale punt by, assessering van module-opdragte dra 20% by en die finale navorsingsprojek dra 40% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

# 14008 Regs- en Etiese Aspekte en Gebruik van Diere in Navorsing

## 771 (10) Regs- en Etiese Aspekte en Gebruik van Diere in Navorsing

Basiese vaardighede en kennis om verbaal en skriftelik samehangend te kommunikeer oor die huidige wetlike posisie en oor die vernaamste etiese en morele implikasies van die gebruik van mensweefsel vir opvoedkundige en navorsingsdoeleindes. Inwin van kennis en begrip oor die etiese hantering, versorging en gebruik van proefdiere vir wetenskaplike navorsingdoeleindes.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

# 11522 Resussitasie en Kritieke Sorg

## 871 (15) Resussitasie en Kritieke Sorg

Hierdie semestermodule is 'n kernmodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die volgende oogmerke: om 'n rasionele bewysgebaseerde benadering tot kliniese probleme in resussitasie en kritieke sorg te ontwikkel, en om verdere kennis en vaardighede te ontwikkel om ingewikkelde situasies te bestuur. Die module behels tutoriaalsessies wat op kliniese probleme fokus, oorsigte van mediese literatuur en protokolontwikkeling, sowel as opleiding in die simulasielaboratorium en kleingroepe.

*Die assessering van opdragte en vaardigheidsessies dra 60% tot die finale punt by, en die finale skriftelike en mondelinge assesserings dra 40% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 14500 Risiko- en Finansiële Bestuur

### 775 (20) Risiko- en Finansiële Bestuur

Hierdie module poog om studente met die nodige kennis en vaardighede toe te rus om hulle in staat te stel om risiko's in enige gesondheidsorgorganisasie of hospitaalinstansie te bestuur. Ná voltooiing van hierdie module sal studente in staat wees om 'n risikobepaling in 'n gesondheidsinstelling te doen om risiko's te identifiseer wat gesondheidsorglewering in gevaar kan stel. Hulle sal in staat wees om hierdie risiko's te kontekstualiseer, grondoorsake en potensiële gevolge te identifiseer, en strategies op te tree deur 'n risiko-temperingsplan vir sulke risiko's op te stel. Begrip van finansiële aanspreeklikheid van die gesondheids-diensbestuurder en die begrotingsverantwoordelikhede van die verpleegdiensbestuurder sal volg, en studente sal die finansiering van die gesondheidsorgbedryf kan bespreek, en die koste en kostebeperkingsmaatstawwe in die gesondheidsorgsektor kan verduidelik.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 71026 R-taal vir Bioinformatika

### 814 (10) R-taal vir Bioinformatika

Kort bekendstelling en oorsig van R, datatipes en R-programmering, pakketontwikkeling en robuuste skripsie. Beklemtoning van die gebruik van R en Rmarkdown om analises te annoteer. Gebruik van R en Bioconductor vir data-analise in bioinformatika, met beklemtoning van Bioconductor-datastrukture.

*Tuisdepartement: Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie*

## 13084 Selfbestuur en Bestuur oor Ander vir Optimale Dienslewering

### 775 (10) Selfbestuur en Bestuur oor Ander vir Optimale Dienslewering

Mensbestuur en menslikehulpbron-beplanning: Studente word geleer hoe om mense in 'n diverse en voortdurend veranderende konteks te lei ten einde dienslewering te optimaliseer en personeellede te motiveer en te behou.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 18414 Sielkunde

### 114 (12) Sielkunde as Wetenskap (2L, 1T)

Hierdie module bied 'n breë oorsig van die sielkunde as 'n wetenskap en 'n professie, met spesifieke klem op sielkundige kwessies wat pertinent is vir die Suid-Afrikaanse konteks. Sielkunde word geposisioneer by die sameloop van 'n aantal tradisies van navorsing en praktyk, insluitende biologiese, filosofiese en pragmatiese tradisies. Hierdie inleidende module verskaf aan studente 'n basis vanwaar verdere studie van die dissipline benader kan word.

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### 144 (12) Sielkunde in Konteks (2L, 1T)

In hierdie module word die basiese beginsels in Sielkunde toegepas ten einde die persoon in konteks te verstaan, met spesifieke verwysing na kern- sosiale kwessies en uitdagings in die Suid-Afrikaanse samelewing.

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### 213 (8) Benaderings tot Sielkundige Teorieë oor die Persoon (1,5L)

In hierdie module word sielkundige teorieë oor en beskouings van die persoon aangespreek, met verwysing na belangrike hedendaagse benaderings. Van hierdie teorieë kan sistemiese, psigodinamiese, gedrags-, kognitiewe en eksistensiële komponente insluit, met inagneming van die toepaslikheid van sielkundige teorieë vir kontekste in Afrika.

- *Slaagvoorvereiste: Sielkunde 114, 144*

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### 223 (8) Menslike Ontwikkeling in Konteks (1,5L)

In hierdie module word menslike ontwikkeling bestudeer, met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks.

- *Slaagvoorvereiste: Sielkunde 114, 144*

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### 243 (8) Navorsingsontwerp in die Sielkunde (1,5L)

Hierdie module sal studente toerus met die kennis en vaardighede om wetenskaplike literatuur in die sielkunde te kan evalueer. Die module dek die teoretiese kernelemente van beide kwantitatiewe- en kwalitatiewenavorsingsmetodologie en maak gebruik van voorbeelde uit huidige psigososiale kwessies.

- *Slaagvoorvereiste: Sielkunde 114, 144*

*Tuisdepartement: Sielkunde*

### 253 (8) Data-ontleding in die Sielkunde (1,5L)

Hierdie module fokus op statistiese metodes wat algemeen gebruik word in sielkundige navorsing. Die module sal studente toerus met die kennis en vaardighede om kwantitatiewe data te ontleed en statistiese resultate te interpreteer.

- *Slaagvoorvereiste: Sielkunde 114, 144*

*Tuisdepartement: Sielkunde*

## 12272 Sielkunde vir Gesondheidswetenskappe

### 212 (7) Sielkunde vir Gesondheidswetenskappe (2L)

Die doel van die module is om die studente se begrip te ontwikkel van die sielkundige, gedrags- en verhoudingsfaktore wat die voedingswelstand van die voedingkundige se pasiënte beïnvloed, asook die ontwikkeling van 'n begrip van die multidissiplinêre verwysingsweë vanuit die kliniese perspektief van voedingkundiges. Na suksesvolle voltooiing van die module, is studente in staat om gedrags- en geestesversteurings te identifiseer en die klassifisering deur die Diagnostic and Statistical Manual Fifth Edition (DSM-5) te verstaan, om sielkundige intervensie wat gebruik word in die behandeling van psigiatriese/sielkundige afwykings te beskryf, en om toepaslike verwysingsweë te kies vir sielkundige intervensies vir die behandeling van geestesversteurings. Studente is in staat om motiverende onderhoudstegnieke in die praktyk te identifiseer en te beskryf, en die toepassing daarvan in gedragsverandering vir die behandeling van hulle pasiënte te beskryf.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 14554 Sisteemabnormaliteite: Noodverpleegkunde

### 776 (23) Sisteemabnormaliteite: Noodverpleegkunde

Die doel van hierdie module is om die student te help om die gesindheid, kennis en vaardighede te ontwikkel wat met spesifieke pasiëntafwykings en aspekte van noodverpleging verband hou. Die geïntegreerde vaardighede sal hulle funksionering as 'n bevoegde noodverpleegkundiges fasiliteer, aangesien teoretiese en kliniese aspekte van noodverpleegkunde geïntegreer word. Hierdie fondasie sal die student voorsien van klinies toepaslike holistiese pasiëntsorgvaardighede wat geïndividualiseer kan word om in elke pasiënt se unieke gesondheidsbehoeftes te voorsien.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14742 Sistematiese Oorsig van Ekonomiese Evaluering

### 875 (12) Sistematiese Oorsig van Ekonomiese Evaluering

Hierdie module dek die volgende:

- Wat is sistematiese oorsig van ekonomiese evaluerings, waarom is dit nodig en waar kan dit gevind word?
- Die onderafdelings van 'n goeie navorsingsvraag en waarom dit as basis vir die suksesvolle sistematiese oorsig van ekonomiese evaluerings dien.
- Die belangrikheid van die ontwikkeling van 'n omvattende soekstrategie en hoe om 'n soektog vir 'n sistematiese oorsig oor 'n onderwerp van jou keuse uit te voer.
- Die databestuursproses van 'n sistematiese oorsig insluitend die sifting van soekresultate deur die gebruik van voorafgedefinieerde insluitingskriteria, en die onttrekking van relevante data.
- Hoe om ekonomiese evalueringstudies krities te beoordeel.
- Die lees en interpretering van die resultate van die sistematiese oorsig van ekonomiese evalueringstudies met klem op die opsomming van bevindinge in tabelformaat.
- Insluiting van ekonomiese perspektiewe en bewyse in Cochrane- sistematiese oorsigte.
- Die skryf van 'n protokol vir 'n sistematiese oorsig oor 'n onderwerp van jou keuse.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

## 50962 Skripsie

### 472 (14) Skripsie

Studente moet 'n navorsingstudie voltooi in Spraak-Taalterapie. 'n Navorsingsverslag moet aan die begin van die tweede semester ingelewer word en die navorsing moet aan 'n gehoor van spraak-taalterapeute en lede van die publiek voorgedra word.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

## 19003 Sosiologie

### 114 (12) Inleiding tot Sosiologie en Sosiale Antropologie (3L)

Inleiding tot konseptuele en teoretiese temas in Sosiologie en Sosiale Antropologie, met inbegrip van besprekings rondom sosiale ongelykheid, sosiale stratifikasie, kultuur, identiteit (insluitend gender, 'ras' en etnisiteit), sosialisering, en ouderdom in die konteks van 'n lewensloop-perspektief. Hierdie temas word in sosiale teorie en metodologiese benaderings van die sosiale wetenskappe gefundeer.

*Tuisdepartement: Sosiologie en Sosiale Antropologie*

### 144 (12) Sosiale kwessies in Suid-Afrika (3L)

'n Seleksie van sosiale vraagstukke wat die kompleksiteit van die eietydse Suid-Afrikaanse samelewing reflekteer. Voorbeelde van temas sluit in: sosiale verandering; armoede en ontwikkeling; sosiale instellings soos die gesin, onderwys en religie; misdaad en sekuriteit; gesondheid, die liggaam en MIV/vigs; politieke en ekonomiese verhoudings.

*Tuisdepartement: Sosiologie en Sosiale Antropologie*

## 19267 Spesiale Fisika

### 111 (8) Fisika vir Gesondheidswetenskappe (2L, 1T)

Struktuur van materie; kinematika, statika, dinamika, warmte, temperatuur, golfbeweging en elektrisiteit.

*Tuisdepartement: Fisika*

## 13046 Spesialispediatrie

### 871 (240) Spesialispediatrie

Rotasies in algemene pediatrie, ambulante pediatrie, neonatologie, pediatriese intensiewe sorg, neonatale intensiewe sorg, kardiologie, pulmonologie, gastroënterologie, neurologie, neuro-ontwikkelingspediatrie, nefrologie, endokrinologie, infeksiesiektes, hematologie, onkologie en allergie.

*Tuisdepartement: Pediatrie en Kindergesondheid*

## 14468 Spesialispraktyk in Geestesgesondheidsverpleegkunde

### 753 (48) Spesialispraktyk in Geestesgesondheidsverpleegkunde

Die inhoud van hierdie module stem ooreen met die vereistes van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging vir geestesgesondheidverpleegspesialiste. Die module fokus op die ontwikkeling van diepgaande kennis en terapeutiese vaardighede wat vereis word vir 'n verpleegdiagnose en die behandeling van, asook verpersoonlikte gesondheidsorg aan, pasiënte en gesinne wat aan geestesversteurings blootgestel is, daaraan ly of daarvan herstel. Die oogmerk is om studente se vermoë te ontwikkel om krities, analities, kreatief en nadenkend as kliniese spesialiste in geestesgesondheid te werk te gaan.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14505 Spesialispraktyk in Kritiekesorgverpleegkunde

### 786 (45) Spesialispraktyk in Kritiekesorgverpleegkunde

Die doel van hierdie module is om studente met kennis en kliniese vaardighede toe te rus wat hulle in staat sal stel om as bevoegde kritiekesorg-verpleegpraktisyns te funksioneer. Hulle sal in staat wees om kritiek siek pasiënte en die kritiekesorgomgewing met insig, vertroue en deernis te bestuur. Hierdie basis sal studente met klinies toepaslike pasiëntsorgvaardighede toerus wat geïndividualiseer kan word om in elke pasiënt se unieke gesondheidsbehoeftes te voorsien. Verder sal hierdie module hulle in staat stel om uiting te gee aan die unieke bydrae van spesialisverplegingspraktyk tot die beroep van verpleegkunde en gesondheidsorg in Suid-Afrika. Temas oor wat dit beteken om 'n spesialisverpleegkundige te wees en die breër interaktiewe konteks waarbinne 'n spesialisverpleegkundige funksioneer, sal behandel word.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14551 Spesialispraktyk in Noodverpleegkunde

### 768 (45) Spesialispraktyk in Noodverpleegkunde

Die doel van hierdie module is om die student met die nodige kennis en vaardighede toe te rus om veilige en effektiewe noodverpleegprosedures toe te pas. Dit sal aan die student die fundamentele vaardighede gee wat vir noodverpleegvaardighede benodig word wat hulle kan aanpas by spesifieke pasiëntpopulasies.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14457 Spesialispraktyk in Peri-operatiewe Verpleegkunde

### 723 (56) Spesialispraktyk in Peri-operatiewe Verpleegkunde

Hierdie module is daarop gemik om studente toe te rus om veilige en effektiewe peri-operatiewe sorg te bied deur hulle kliniese vaardigheid, en psigomotoriese en affektiewe vaardighede te ontwikkel. Die implementering van spesialis- peri-operatiewe verpleegsorg is op die noodsaaklike kennis gebaseer wat studente ontwikkel deur hierdie module saam met die kern- teoretiese module te benader. Die toepassing van teoretiese kennis in verskeie konkrete ervarings in die operasiekamer word in hierdie module bewys deur verskeie leer- en assesseringsbenaderings soos gevallestudies, probleemoplossing en scenario's.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14465 Spesialispraktyk in Primêre Sorg

### 735 (41) Spesialispraktyk in Primêre Sorg

Hierdie module stel studente in staat om hul kennis, vaardighede, waardes en kommunikasievermoë krities toe te pas en met inbegrip van multidissiplinêre spanwerk pasiënte in die primêresorgomgewing suksesvol te bestuur, assesseer, en diagnoseer, en behandeling voor te skryf. Dit word volgens die nasionale riglyne gedoen terwyl van bewysgebaseerde praktyk en 'n persoongesentreerde benadering gebruik gemaak word.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14461 Spesialispraktyk in Verloskunde

### 735 (40) Spesialispraktyk in Verloskunde

Die inhoud van hierdie module stem ooreen met die vereistes van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging vir 'n vroedvrou-spesialis. Die module fokus daarop om studente toe te rus om kennis en kliniese vaardighede te integreer om kultureel sensitiewe en bewysgebaseerde moeder- en neonatale sorg van gehalte op alle vlakke te bied. Studente sal in staat wees om hoërisiko- moeder- en neonatale sorg krities te identifiseer, diagnoseer, beplan, implementeer en evalueer binne die prekonseptuele, voorgeboorte-, barings- en nageboorte-periodes. Hierdie kennis en vaardighede sal studente in staat stel om omvattende, persoonlike en gesinsgesentreerde moeder- en neonatale sorg te bied deur as konsultante in multidissiplinêre spanne en die gemeenskap op te tree.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 61395 Sportgeskiedenis

### 745 (12) Sportgeskiedenis

Sportgeskiedenis.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 42935 Sportsielkunde

### 712 (12) Sportsielkunde

Sportsielkunde.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 61387 Sport vir Persone met Gestremdhede

### 772 (12) Sport vir Persone met Gestremdhede

Sport en fisieke aktiwiteit vir persone met gestremdhede.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 54607 Sportwetenskap

### 112 (8) Toegepaste Anatomie (2L, 1P)

Anatomiese en bewegingsterminologie, struktuur en funksie van hoofweefseltipes van die menslike liggaam, struktuur en funksie van die mobiliteitseenheid van die menslike liggaam en ondersteunende sisteme.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 142 (8) Sportsielkunde (2L)

Deelnamemotivering; prestasiemotivering; persoonlikheid en fisieke aktiwiteit; aktivering, angs en motoriese prestasie; aandag in sport; aggressie in sport; spankohesie; toeskouers in sport; oefensielkunde; oefenvolharding; sielkunde van beserings; psigometrie.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 184 (12) Die Sportervaring (3L, 1P)

Demonstrasie, strategieë, begrip, verbetering van geselekteerde span- en individuele sportsoorte wat deur verskeie kulturele groepe in Suider-Afrika gespeel word.

*Word buigsaam geassesseer.*

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 222 (8) Motoriese Leer (2L)

Perseptueel-motoriese ontwikkeling en beheer. Perseptueel-motoriese leer met inagneming van die leeromgewing; die rol van persepsie en besluitneming in sportprestasie.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 232 (8) Oefeningfisiologie (2L)

Aërobiese en anaërobiese metabolisme gedurende oefening; akute kardiovaskulêre, respiratoriese en spierresponse met uithouvermoë- en weerstandoefening; effek van krag- en uithouvermoë-inoefening op fisiologiese stelsels en die fisiologiese meganismes van inoefening.

- *Vir die program BA (Sportwetenskap): V Fisiologie 114, 144*

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 252 (8) Sportfisiologie (2L)

Fisiologiese faktore wat sportprestasie beïnvloed; fisiologiese inoefeningsbeginsels en aanpassings; inoefening van spesiale populasies, voeding en sportprestasie; inoefening by hoë hoogtes; wettige en onwettige ergogeniese middels in sport.

- *Vir die program BA (Sportwetenskap): V Fisiologie 114, 144*

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 262 (8) Toegepaste Biomeganika (2L, 1P)

Kinematiese en kinetiese konsepte vir die analise van menslike beweging; die biomeganika van menslike boonste ledemate, onderste ledemate en werwelkolom; lineêre en hoekige kinematika en kinetika van menslike beweging; ekwilibrium en menslike beweging; menslike beweging in 'n vloei-medium; toepassing van biomeganiese beginsels in kwalitatiewe analises van sportvaardighede en oefening.

- *V Kinesiologie 112 of 162*

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 312 (6) Sportbeserings (2L)

Klassifikasie van beserings, oorsake van oorgebruikbeserings, hittebeserings, hardloopbeserings, oorgebruikbeserings by fietsry, dansbeserings, spier- en tendonbeserings.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 322 (6) Piekprestasie (2L)

Programontwerp deur beginsels van indeling en die toepassing daarvan op elite- sportprestasie.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 332 (6) Toetse en metings (2L)

Beginsels van geldige en betroubare assessering van fiksheid en sportprestasie d.m.v. statistiese tegnieke en algemene assesseringstrategieë.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 342 (6) Sportsielkunde en -sosiologie (2L)

Verband tussen sport en sosiale instellinge, die sportkredo, sosiale waardes en sport, gebruik van spesifieke sielkundige vaardighede vir sportprestasieverbetering, psigometrie.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 352 (6) Sportetiek (2L)

Die filosofiese konteks van fisieke aktiwiteite, sosiale en kulturele neigings t.o.v. fisieke aktiwiteite in SA, heterogene groepe en fisieke aktiwiteite, morele optrede in sport.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 362 (6) Sportgeskiedenis (2L)

Die oorsprong van fisieke aktiwiteite wat tot moderne sport en rekreasie gelei het, verloop van sport in die antieke tyd, ontstaan van moderne sportsoorte, SA en die Olimpiese Spele, SA sportisolasie, sport in Afrika, filosofieë wat liggaamlike opvoeding beïnvloed het.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 382 (6) Professionele Toepassings (2L, 2P)

Toepassing van onderrig- en programontwerp, vaardigheidsleer en fiksheidsontwikkeling, alternatiewe benaderings tot leer in fisieke aktiwiteit, opvoedkundige en loopbaangeleenthede.

Buigsame assessering

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 392 (6) Sportprestasie (4P)

Ondervinding van motoriese en fisiologiese navorsingstrategieë, analise van bewegingspatrone en sportvaardighede volgens anatomiese en biomeganiese beginsels, die gebruik van wetenskaplike beginsels, dataversameling.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 46221 Spraakheelkunde

### 121 (12) Spraak- en gehoorwetenskap (3L, 1T)

Fisiologiese en neurologiese basis van kommunikasie; die rol van asemhaling, fonasie, resonansie, artikulasie en suprasegmentele eienskappe in spraakproduksie; terugvoer-meganismes in spraak-klank-produksie; teorieë van spraakproduksie; teorieë van spraakpersepsie; spraakpersepsie in verskillende populasies.

Die anatomiese verdeling van die ouditiewe sisteem; die funksionele rol van die dele van die ouditiewe sisteem; frekwensie, intensiteit en duur van klanke. Basiese klankfisika.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 122 (12) Menslike Kommunikasie (3L, 1T)

Definisies van spraak, taal en kommunikasie; die komponente van taal; verskillende tipes kommunikasie; definisies van fonasie, respirasie, resonansie en artikulasie; beginsels van normale kommunikasie-ontwikkeling; eienskappe van normale kommunikasie-ontwikkeling by kinders van 0 tot 3 jaar; gehegtheid en die implikasie vir ontwikkeling; ontwikkeling van vroeë geletterdheid en fonologiese bewustheid.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 142 (6) Artikulasie- en Fonologiese Afwykings (3L, 1T)

Inleiding tot en voorbereidings vir assessering en behandeling van artikulasie- en fonologiese afwykings in kinders. Sifting en assessering van artikulasie en fonologie. Rapportering van spraakassesseringsresultate. Beginsels van intervensie en benaderings tot artikulasie- en fonologiese terapie. Terapietegnieke en kultureel toepaslike materiaal en aktiwiteite vir intervensie.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 162 (12) Basiese Oudiometrie (3L, 1T)

Rol van die spraak-taalterapeut in oudiologiese dienste; patologieë van die oor; teoretiese aspekte van gehoortoetsing; basiese oudiometriese toetsbattery (suiwertoon-oudiometrie, lug- en beengeleiding, maskering, spraakdrempel-toetsing, immitansiemeting van die middeloor); gevalsgeskiedenis en onderhoud; otoskopiese ondersoek en stemvurktoetse; klassifikasie van gehoorverlies.

Identifikasie-oudiometrie; gehoorsifting van voorskoolse en skoolgaande kinders en volwassenes; die effek van geraas op gehoor.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 211 (8) Raamwerk vir Beroepsbeoefening (3L, 1T)

Beginsels van biomediese etiek, naamlik goedwilligheid, nie-kwaadwilligheid, geregtigheid en respek vir outonomie (met inbegrip van die kliëntgesentreerde benadering). Menseregte. Benaderings tot besluitneming. Professionele optrede en bevoegdheid. Professionele etiese kodes, met inbegrip van die SASLHA Etiese Kode en die RGSA se etiese reëls. Die bestek van praktyk van die spraak-taalterapeut. Die WGO se *International Classification of Function, Disability and Health (ICF).* Bewysgebaseerde gesondheidsorg.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 222 (6) Kraniofasiale Afwykings (3L, 1T)

Hersiening van embriologie, anatomie en fisiologie van die orale, nasale en faringeale strukture; gesplete lip en/of verhemelte; voeding, spraak- en resonansie-eienskappe van babas en kinders met gesplete lip en/of verhemelte; intervensie vir die kliënt en familie deur die multidissiplinêre span.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 242 (6) Bevordering van Normale Kommunikasie en Voorkoming van Gestremdheid (3L)

Gesondheidsbevordering en voorkoming; vroeë identifikasie van kommunikasie-afwykings; prevalensie van gestremdheid; basiese beginsels van epidemiologie; gesondheidsbeleid; primêre gesondheidsorg; die rol van spraak-taalterapeute binne die konteks van primêre gesondheidsorg; modelle van gesondheidsorg; filosofiese agtergrond. (Die module kan volgens 'n diensleerbenadering aangebied word.)

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 251 (6) Taalafwykings in Spesifieke Populasies (3L, 1T)

Intervensie van spraak- en taalafwykings in spesifieke populasies.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 252 (6) Stemafwykings (3L, 1T)

Anatomie en fisiologie van die fonatoriese meganisme; aard en omvang van stemafwykings; intervensie van stemafwykings; inleiding tot trageo-esofagiale stemherstelling; multidissiplinêre dienslewering.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 278 (24) Taalgestremdheid (3L, 1T)

Inleiding tot en agtergrond oor kinders met ontwikkelingstaalversteuring. Taalassessering en -intervensie vir kinders van 0 tot 3 jaar, en 4 tot 6 jaar. Assessering en intervensie vir skoolgaande kinders met taalgestremdheid.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 331 (12) Intervensie vir Persone met Gehoorverlies (3L, 1T)

Inleiding en agtergrond tot persone met gehoorverlies; die rol van die spraak-taalterapeut; modelle en raamwerke vir ourale rehabilitasie; rehabilitasietegnologie; spraakakoestiek; spraakpersepsie en gehoorverlies; benaderings tot ontwikkeling van spraakpersepsie in kinders met gehoorverlies; spraak-, taal- en kommunikasieontwikkeling van kinders met gehoorverlies; evaluering van die spraak-, taal- en kommunikasievaardighede van kinders met gehoorverlies; terapiebenaderings vir die ontwikkeling van die spraak-, taal- en kommunikasievaardighede van kinders met gehoorverlies; vroeë intervensie in die populasie van

persone met gehoorverlies (beginsels onderliggend aan suksesvolle ouerleidingsprogramme, oueronder-steuning deur berading, vroeë kommunikasie-evaluering); opvoedkundige behoeftes van en uitdagings vir leerders met gehoorverlies.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 332 (12) Vlotheidsafwykings (3L, 1T)

Definisie van vlotheid en normale onvlotheid; aard en omvang van vlotheidsafwykings; benaderings tot intervensie van vlotheidsafwykings by kinders en volwassenes.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 364 (10) Inleiding tot Navorsing as Beroepsfunksie (3L, 1S)

Navorsing as proses en aksie; verskeie navorsingsparadigmas; induktiewe en deduktiewe redenering; identifikasie van 'n navorsingsprobleem; die opstel van die navorsingsvraag; definiëring en operasionalisering van konsepte; meting in navorsing en skryf van 'n navorsingsvoorstel.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 378 (24) Neurogene Kommunikasie-afwykings (3L, 1T)

Oorsake van aangebore en verworwe neurogene kommunikasie-afwykings; klassifikasie van neurogene kommunikasie-afwykings; definisie en kommunikasie-eienskappe van afasie, spraak-motorafwykings, traumatiese breinbesering, regterhemisfeerskade en demensie; spesifieke benaderings tot die evaluering van neurogene kommunikasie-afwykings; beginsels van en benaderings tot die behandeling van neurogene kommunikasie-afwykings geassosieer met afasie, spraak-motorafwykings, traumatiese breinbesering, regterhemisfeerskade en demensie; gesinsgesentreerde en interdissiplinêre spanbenaderings tot intervensie.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 411 (6) Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (3L, 1T)

Inleiding tot AAK, simboolsisteme, beginsels van intervensie en basiese tegnologie in AAK; AAK-intervensie vir individue met ontwikkelings- en verworwe gestremdhede; gesinsgesentreerde intervensie; multidissiplinêre intervensie.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 413 (12) Disfagie (3L, 1T)

Disfagie as simptoom; anatomie, fisiologie en neurologie van sluk; ontwikkeling van voeding en sluk; kliniese en instrumentele evaluering van sluk; benaderings tot intervensie vir neurologiese, meganiese en ander slukafwykings; multidissiplinêre spansamewerking.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

### 478 (24) Gevorderde Seminare in Spraak-Taal- en Gehoorterapie (3L, 1T)

- Nuwe teorieë en navorsing in spraak-taalterapie.
- Professionele etiek en die reg.
- Sekondêre beroepsfunksies, bv. die spraak-taalterapeut as konsultant in publieke, nie-regering- en privaat sektore; medies-geregtelike praktyk in spraak-taalterapie; onderrig en opleiding van ander beroepslui; bestuursfunksies: beplanning, organisasie, implementering en monitering; bronnebeheer: personeel, finansies, tegnies, toerusting.
- Gevorderde teorieë en navorsing in spraak-taal- en gehoorterapie; toepassing in die Suid-Afrikaanse konteks, veral op die gebied van vroeë kommunikasie-intervensie (VKI); kop- en nekkanker; stemterapie.
- Tegnologiese ontwikkelinge in intervensie en rehabilitasie.
- Konsepte, beleide en wetgewing wat verband hou met gestremdheidstudies, met inbegrip van die sosiale, mediese en bio-psigososiale modelle van gestremdheid.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

## 61409 Statistiek vir Sportwetenskap en Oefenkunde

### 772 (12) Statistiek

Statistiek.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

# 14506 Stelselabnormaliteite: Kritiekesorgverpleegkunde

## 785 (23) Stelselabnormaliteite: Kritiekesorgverpleegkunde

Die doel van hierdie module is om studente te help om 'n ingesteldheid en kennis en vaardighede te ontwikkel wat met spesifieke pasiëntafwykings en aspekte van kritiekesorgverpleging verband hou. Dit sal hulle funksionering as bevoegde kritiekesorg-verpleegpraktisyns fasiliteer, aangesien beide teoretiese en kliniese dele van kritiekesorgverpleegkunde geïntegreer word. Hierdie basis sal studente met klinies toepaslike pasiëntsorgvaardighede toerus wat geïndividualiseer kan word om in elke pasiënt se unieke gesondheidsbehoeftes te voorsien.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

# 56223 Stralingsfisika

## 874 (40) Stralingsfisika

Basiese beginsels van stralingsfisika. Verskillende behandelingstoestelle sluit konsepte van straalproduksie in. Gehalteversekering. Stralingsbeskermingsmaatreëls wat met pasiënte, personeel en die publiek verband hou. Beginsels van beelding. Pasiëntposisionering en -immobilisasie. Beplanning en toediening van behandeling.

*Tuisdepartement: Stralingsonkologie*

# 13083 Strategie, Bemarking en Kommunikasie

## 775 (10) Strategie, Bemarking en Kommunikasie

Studente leer van die begrippe en benaderings om strategie te ontwikkel en ten uitvoer te bring, toegepas in die plaaslike en globale gesondheidsorgkonteks. Hulle word ook onderrig in die beginsels van bemarkingsontleding en hoe bemarking 'n noodsaaklike element van enige onderneming se strategiese beplanning is. Bemarkingsbegrippe en kommunikasietegnieke word in die gesondheidsorgkonteks toegepas.

*Tuisdepartement: Gesondheidstelsels en Openbare Gesondheid*

# 11087 Teoretiese Geneeskundige Fisiologie

## 771 (60) Teoretiese Geneeskundige Fisiologie

Seminare oor *capita selecta*, navorsingsartikel-evaluasie, tydskrif-tutoriale en kopkrapperprojekte.

*Tuisdepartement: Geneeskundige Fisiologie*

# 11459 Teorie van Geneeskundige Mikrobiologie

## 776 (60) Teorie van Geneeskundige Mikrobiologie

Hierdie module gee 'n omvattende begrip van die diagnose van bakteriële infeksies deur fenotipiese en molekulêre tegnieke. Spesifieke tegniese vaardighede wat relevant is vir die werk wat in 'n mediese mikrobiologie-laboratorium gedoen word, word ook aangeleer.

*Tuisdepartement: Geneeskundige Mikrobiologie*

# 11129 Teorie van Geneeskundige Virologie

## 771 (60) Teorie van Geneeskundige Virologie

Weefselkultuur en isolasie: selkultuurtegnieke, direkte immunofluoressensie

Serologie: ELISA-metode

Molekulêre Virologie: DNS-isolasie, PKR-volgordebepaling

Sellulêre Immunologie: PBMS-isolasie, sellulêre fenotipering (met inbegrip van FACS-analise)

*Tuisdepartement: Geneeskundige Virologie*

# 13549 Terapeutiese Voeding

## 812 (45) Terapeutiese Voeding

- Enige kombinasie van drie beskikbare elektiewestudie-eenhede kan vir die voltooiing van hierdie module gekies word: pediatriese voeding (basies en gevorderd); diabetes mellitus; voedingsterapie: enteraal en parenteraal (basies en gevorderd); gastroïntestinale versteurings (gevorderd); hantering van voedselallergieë; voeding en infektiewe siektes (MIV/vigs en TB); onkologiese voeding; sportvoeding.
- Gevorderde modules kan slegs geselekteer word indien ooreenstemmende basiese modules geselekteer en voltooi is.
- 'n Minimum van drie studente per studie-eenheid word benodig voordat die onderwerp beskikbaar sal wees.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

# 50849 Terapeutiese Voeding

## 244 (12) Terapeutiese Voeding (2L, 2T, 2P)

Die module stel ten doel om studente toe te rus met kennis en insig rakende die rol van voeding in gesondheid en fiksheid, sowel as in die etiologie en behandeling van voedingsverwante siektetoestande. Dit sluit in evaluasie van voedingstatus, formulering van 'n voedingsdiagnose en die praktiese implementering van 'n voedingsvoorskrif en voedingsorgplan. Die module fokus op gewigsbeheer, beengesondheid, sportvoeding, siektes van die gastroïntestinale kanaal, eetstoornisse, neurologiese en rumatiese versteurings, en voedingsgenomika.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 378 (35) Terapeutiese Voeding (3L, 7P)

Hierdie module is daarop gemik om studente gevorderde kennis, vaardighede en insig te bied ten opsigte van die invloed van voeding op die etiologie en die behandeling van voedingsverwante siektetoestande. Dit sluit die evaluering van voedingstatus, die formulering van 'n voedingsdiagnose en die praktiese implementering van 'n voedingsvoorskrif en voedingsorgplan in. Verder fokus die module op die toepaslike voedingsbestuur van kliniese toestande soos gastro-intestinale siektes en chirurgie, kritieke sorg, brandwondbehandeling, kardiologie, diabetes mellitus, aansteeklike siektes, nefrologie, onkologie, kindergeneeskunde, respiratoriese siektes, ens. Die rol van voedingsondersteuning en farmakologie word ook ondersoek.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 479 (58) Terapeutiese Voeding (10P)

Toepassing van voeding- en gedragswetenskappe, asook die studie van voedsel, in die totale voedingsorg van pasiënte deur die verskaffing van voedingsvoorligting en dieetvoorskrifte. Studente ontwikkel vaardighede in die vier basiese komponente van terapeutiese voeding, nl. behoeftebepaling, beplanning, implementering en evaluering van voedingsorg in verskeie siektetoestande (gevallestudies met voordrag van gevalle tydens saalrondtes; dieselfde konsepte word by buitepasiëntklinieke beoefen). Deelname aan dieetkundige en mediese saalrondtes; neem verantwoordelikheid, onder toesig, vir die totale voedingsorg van pasiënte in uitgesoekte sale. Beplanning van enterale en parenterale voedingsprotokolle; hantering van pasiëntstatistiek.

Benutting van die rekenaar in terapeutiese voeding.

Blootstelling aan en betrokkenheid by die terapeutiese voedingskomponent van dienslewering by gemeenskapsgebaseerde platforms gedurende die geïntegreerde rotasie.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

# 10002 Tesis: Spraak-taal-terapie

## 872 (180) Tesis

Die student moet 'n navorsingsprojek afhandel en 'n bevredigende tesis daaroor inlewer. Die navorsingsprojek moet relevant wees vir die vakgebied Spraakheelkunde, en die aard en omvang van die projek sal deur die afdelingshoof bepaal word.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

## 10003 Tesis: Oudiologie

### 872 (180) Tesis

Die student moet 'n navorsingsprojek afhandel en 'n bevredigende tesis daaroor inlewer. Die navorsingsprojek moet relevant wees vir die vakgebied Oudiologie, en die aard en omvang van die projek sal deur die afdelingshoof bepaal word.

*Tuisdepartement: Spraak- Taal- en Gehoorterapie*

## 13053 Tesis (Fisio – OMT)

### 894 (90) Tesis

Beginsels van navorsingsmetodologie. Skryf van 'n navorsingsprotokol en verkryging van etiese goedkeuring. Beplanning, uitvoering en verwerking van en rapportering ten opsigte van 'n navorsingsprojek.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 13066 Tesis (Noodgeneeskunde)

### 872 (90) Tesis (Noodgeneeskunde)

Dit is 'n kernmodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die oogmerk om 'n navorsingsprojek te ontwerp, etiese goedkeuring te verkry, befondsing te bekom, die projek uit te voer en die bevindings en gevolgtrekkings in wetenskaplike formaat voor te lê. Dit is die tesiskomponent vir die meestersgraad, en moet minstens een jaar duur.

*Die navorsing en die voorlegging van die tesis vir assessering deur interne en eksterne eksaminators dra 100% tot die finale punt by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 71044 Tesis (Bioinformatika)

### 871 (90) Tesis

'n Tesis wat die resultate van 'n navorsingsprojek in Bioinformatika rapporteer.

*Tuisdepartement: Sentrum vir Bioinformatika en Berekeningsbiologie*

## 46264 Toegepaste Anatomie

### 117 (12) Toegepaste Anatomie (3L, 1P)

Algemene struktuur van die liggaam, weefsel, die skelet, kop en nek, toraks, en spiere van asemhaling, abdomen en byspiere van asemhaling. Histologie.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 13045 Toegepaste Basiese Wetenskappe

### 871 (100) Toegepaste Basiese Wetenskappe

Breë oorsig oor menslike biologie op genetiese, molekulêre en sellulêre vlak. Normale anatomie en fisiologie van alle orgaanstelsels van die menslike liggaam met inbegrip van die immuunstelsel. Fisiologiese veranderinge van pasgeborene, kind en adolessent. Patofisiologiese veranderinge as gevolg van siekte. Beginsels van laboratorium- diagnostiese metodes en beeldingstegnieke. Farmakoterapeutiese beginsels. Beginsels van mediese etiek. Beginsels van epidemiologie en navorsingsmetodes met inbegrip van statistiese ontleding.

*Tuisdepartement: Pediatrie en Kindergesondheid*

## 52159 Toegepaste Fisioterapie

### 373 (66) Toegepaste Fisioterapie (2L, 2P)

Keuse, toepassing en aanpassing van fisioterapeutiese beginsels op basiese en meer komplekse pasiëntbeelde met inbegrip van neurologiese, ortopediese, pulmonologiese en dermatologiese probleme in babas, kinders, adolessente, volwassenes en bejaardes; kliniese besluitnemingsprosesse. Multi- en interdissiplinêre spanwerk en verwysings. Basiese oorsig oor die uitwerking van farmakologiese middels.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

### 473 (19) Toegepaste Fisioterapie (3L, 6P)

Keuse, toepassing en aanpassing van fisioterapeutiese beginsels op geselekteerde komplekse gevalle. Integrasie van alle aspekte van pasiënthantering.

*Tuisdepartement: Fisioterapie*

## 54429 Toegepaste Kinesiologie

### 313 (12) Afrigtingstrategieë (2L, 2P)

Analise van prestasie vir ontwikkeling van strategieë, spansamewerking, sosiale gedrag in 'n fisieke omgewing, onderrigwenke en -aansporings, wetenskaplike beginsels van 'n onderrigjaar, aanleer van rol as afrigter in skool of gemeenskap, data-insameling en verwerking.

- *S Kinesiologie 182 of*
- *S Sportwetenskap 184*

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 314 (12) Wetenskaplike Basis van die Fiksheidsbedryf (2L, 2P)

*BA en BSc*

Die wetenskaplike basis van die gesondheids-, oefening- en fiksheidsbedryf; nasionale en internasionale tendense in die fiksheidsbedryf; struktuur van die fiksheidsbedryf in SA; aanbieding en analise van oefendissiplines; oefenprogrambeplanning; samestelling en bestuur van oefenprogramme; mediese oorwegings in die fiksheidsbedryf; assesseringstrategieë vir oefening en fiksheid; aanbieding en administrasie van 'n verskeidenheid gesondheids- en fiksheidstoetse.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 324 (12) Beginsels van Aangepaste Bewegingsaktiwiteite (2L, 2P)

Waarde van deelname vir persone met gestremdhede; assessering van prestasie van persone met gestremdhede; probleme van deelnemers met chroniese gesondheidstoestande; onderrigaanpassing t.o.v. persone met gestremdhede; data-insameling en -verwerking.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 344 (12) Sport en Rekreasie vir Persone met Gestremdhede (2L, 2P)

Sportklassifikasies vir deelname; kompetisiegeleenthede vir persone met gestremdhede; reëlaanpassings en spesiale vereistes m.b.t. sportsoorte vir persone met gestremdhede; ondersteuning van sportontwikkelings- en rekreasieprogramme in spesiale skole en gemeenskappe; gevolgtrekkinge van navorsing vir professionele toepassings.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 352 (12) Oefening en Fiksheidsonderrig (2L, 2P)

*BA en BSc*

Aanbieding van geselekteerde professionele rigtings in die fiksheidsbedryf; beplanning, aanbieding en hantering van fiksheidsonderrig vir spesiale populasiegroepe, analise van oefenomgewings en oefenmodaliteite, persoonlike hantering van 'n gevallestudie; aanbied van finale gevallestudie; bemarking, besigheidsbestuur, risikobestuur, regsaspekte van die fiksheidsbedryf.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

### 353 (12) Wetenskaplike Basis van Sportafrigting (2L, 2P)

Pas die beginsels wat fiksheid en vaardigheidsontwikkeling beïnvloed toe op die ontwerp van sportspesifieke opleidingsprogramme. Begryp die rol en die verantwoordelikhede van die afrigter. Inkorporeer wetenskaplike beginsels in die organisering van 'n onderrigjaar.

- *S Kinesiologie 182 of*
- *S Sportwetenskap 184*

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 13653 Toegepaste Mikrobiologie

### 141 (10) Toegepaste Mikrobiologie (1L, 1P)

Hierdie module verskaf 'n inleiding tot basiese mikrobiologiese konsepte, patogene en reaksies tot infeksie. Die benadering behels die integrasie van teorie in kliniesepraktyk-situasies met die fokus op die voorkoming van nosokomiale infeksies, die implementering van infeksiebeheerbeleide en die voorkoming van gepaardgaande risiko's vir gesondheidsdiensverskaffers tydens die lewering van sorg.

*Tuisdepartement: Geneeskundige Mikrobiologie*

## 13618 Toegepaste Navorsingsmetodologie

### 842 (40) Toegepaste Navorsingsmetodologie

Navorsingsmetodologie soos van toepassing op werklike alledaagse probleme op die gebied van gestremdheid en/of rehabilitasie. Die module behels die sistematies ontwikkeling van take wat al die onderafdelings van 'n navorsingsprotokol dek, o.a. navorsingsvraag, doelwitte, literatuuroorsig, metodologie, etiese oorwegings, ens. Die take loop uit op 'n volledige protokol wat gereed is om ingehandig te word vir goedkeuring deur die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee.

*Tuisdepartement: Sentrum vir Rehabilitasiestudies*

## 61433 Toegepaste Oefenfisiologie

### 714 (12) Toegepaste Oefenfisiologie

Toegepaste oefenfisiologie.

*Tuisdepartement: Oefening, Sport en Leefstylgeneeskunde*

## 11529 Ultraklank in Noodgeneeskunde

### 871 (15) Ultraklank in Noodgeneeskunde

Hierdie semestermodule is 'n keusemodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die volgende oogmerke: om studente te onderrig in die beginsels en teorie wat ultraklank in die noodsorgomgewing onderlê, om nood- ultraklankvaardighede te ontwikkel en om studente te leer hoe om 'n ultraklankstelsel in 'n noodomgewing op te stel en te bestuur. Die module behels vier volle kontakdae met 'n demonstrasie van praktiese vaardighede.

*Die praktiese assessering dra 40% tot die finale punt by, die teoretiese assessering (intyds) dra 30% by en die finale assessering dra 30% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 13030 Vergelykende Anatomie

### 771 (10) Vergelykende Anatomie

Die vergelykende anatomie van sekere orgaansisteme in uitgesoekte verteenwoordigende vertebraatspesies met inbegrip van algemeen gebruikte proef- en huisdiere.

*Tuisdepartement: Kliniese Anatomie*

## 20923 Verloskunde

### 872 (120) Verloskunde

Die module bestaan uit algemene verloskunde, gemeenskapsverloskunde, hoërisiko-verloskunde en moeder- en fetale geneeskunde.

*Tuisdepartement: Verloskunde en Ginekologie*

## 13654 Verpleeg- en Verloskundige Praksis I

### 171 (24) Verpleeg- en Verloskundige Praksis I (4L)

Hierdie module stel die student bekend aan die beginsels en vaardighede wat kritiese denke en kliniese oordeel in gesondheidsorg-voorsiening onderlê. Die module sal die student betrek by 'n verskeidenheid diverse onderwerpe wat tot die begronding van professionele identiteit en betrokkenheid bydra. Dit sluit wetenskaplike skryfwerk, inligtings- en kommunikasietegnologie, interprofessionele betrokkenheid en

eienskappe van 'n gegradueerde in. Die student word ook voorgestel aan die teorieë en beginsels van professionalisme soos van toepassing op die verpleeg- en verloskundige professie.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13660 Verpleeg- en Verloskundige Praksis II

### 271 (24) Verpleeg- en Verloskundige Praksis II (4L)

Die module handel oor wetenskaplike ondersoek en die kennisoordragproses. Die student se vermoë om krities te dink word verder ontwikkel deur omgang met verskeie hedendaagse teorieë van verpleeg- en verloskunde, die toepassing van leer- en onderrigbeginsels, die ontwikkeling van effektiewe kommunikasie vermoëns, en kritiese refleksie oor die morele en etiese begronding van verpleging en verloskunde binne die stedelike en landelike gesondheidsorgdienste.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13667 Verpleeg- en Verloskundige Praksis III

### 371 (24) Verpleeg- en Verloskundige Praksis III (4L)

Hierdie module ondersoek bewysgebaseerde praktyk en kennisoordrag in verplegings- en verloskundige eenhede. Leierskap- en bestuursteorie sowel as die toepassing daarvan in verpleeg- en verloskunde vorm 'n kernfokus van hierdie module.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13677 Verpleeg- en Verloskundige Praksis IV

### 431 (12) Verpleeg- en Verloskundige Praksis IV (2L)

Hierdie module ondersteun studente daarin om die kennis wat hulle in al die program se modules opgedoen het, te integreer en om sodoende hulle begrip van leierskap in die verpleeg- en verloskunde in plaaslike, nasionale en wêreldkontekste te ontwikkel en toe te pas.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 14470 Verpleegonderwyspraktyk

### 747 (33) Verpleegonderwyspraktyk

In hierdie module doen studente kennis oor verskeie aspekte van verpleegonderwyspraktyk op. Deur die werklike toepassing van die teorie en toepaslike metodes en strategieë van onderrig en leer ondersoek studente hul eie bevoegdhede as aktiewe leerders.

Aandag word ook gegee aan die ontwikkeling van verpleegonderwys in Suid-Afrika, asook wetgewing relevant tot verpleegonderwyspraktyk. Die funksionering van 'n verpleegopleidingsinstelling/-skool met betrekking tot leierskap en bestuur, organisasiestrukture, regulatoriese maatreëls, beleide en prosedures, en studente-aangeleenthede word ondersoek.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13499 Voeding en Ekonomiese, Menslike en Sosiale Ontwikkeling

### 812 (15) Voeding en Ekonomiese, Menslike en Sosiale Ontwikkeling

Hierdie module sal fokus op die ontwikkeling van insig in die verskeie faktore wat gesondheid en voedingsekuriteit beïnvloed en die rasionaal vir die multisektorale en bewysgebaseerde benaderings om gesondheid en voeding te verbeter.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 13495 Voeding, Gesondheid en die Omgewing

### 812 (15) Voeding, Gesondheid en die Omgewing

Hierdie module sal fokus op die omvattende begrip van die verhouding tussen voeding, gesondheid en die omgewing; die verhouding tussen klimaatsverandering, gesondheid en voeding; en klimaatsverandering en voedsel- en voedingsekuriteit, met spesifieke verwysing na Suider-Afrika.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 46957 Voeding in die Lewensiklus

### 214 (14) Voeding in die Lewensiklus (2L, 1P)

Die module stel ten doel om die kernbeginsels van voeding en insig rakende die verskillende fases van die lewensiklus te voorsien. Studente bestudeer die fisiologiese ontwikkeling, groei en veranderinge, voedingsbehoeftes, voedingsorg en die mees algemene voedingverwante probleme, asook die voorkoming en behandeling hiervan in die onderskeie stadiums van die lewensiklus (swangerskap, laktasie, baba en jong kind, adolessent, volwassene en bejaarde). Studente sal die verskillende voedingsiftingsmetodes en -hulpmiddels gepas vir die verskeie stadiums van die lewensiklus verstaan. Verder word studente voorgestel aan internasionale en nasionale riglyne om eksklusiewe borsvoeding en komplementêre voeding te optimaliseer.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 13503 Voeding in Gesondheid en Siektevoorkoming

### 812 (15) Voeding in Gesondheid en Siektevoorkoming

Hierdie module sal fokus op ontwikkeling van insig oor die konsep "voedingoorgang"; makro- en mikronutriënte in gesondheid en voorkoming van siektes; gesondheidsbevordering en onderrigbeginsels; en bewysgebaseerde intervensies om kinder-, moeder- en vrouegesondheid en voeding aan te spreek.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 13502 Voeding in Openbare Gesondheid: Beleide en Programme

### 812 (15) Voeding in Openbare Gesondheid: Beleide en Programme

Die module sal fokus op die belang van voedsel- en voedingsprogramme en voedsel- en voedingsbeleid; kritiese beoordeling van komponente en suksesfaktore in voedingsprogramme en verwante beleide; monitering en evaluering van beleide; en beplanning van effektiewe voorspraak- en kommunikasiestrategieë met 'n fokus op voeding in openbaregesondheidbeleide en -programme.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 56049 Voedingsepidemiologie

### 811 (30) Voedingsepidemiologie

Voedingsepidemiologie, navorsingsmetodiek, biostatistiek en epidemiologie ten opsigte van voedingsafwykings.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 11828 Voedingstatusbepaling

### 231 (16) Voedingstatusbepaling (3L, 1T, 1P)

Die doel van hierdie module is om studente toe te rus met bekwaamheid (kennis, vaardighede en vermoëns) om die individu se voedingstatus tydens verskillende stadiums van hulle lewensiklus te evalueer. Verskillende tegnieke sal gebruik word, soos dieetmetodologie om voedselinname te evalueer, antropometriese metings en liggaamsamestellingsanalise, sowel as kliniese ondersoeke. Die gebruik van hierdie tegnieke sal ook uitgebrei word om die voedingstatus van gemeenskappe in ooreenstemming met ander modules te ondersoek. Studente ontwikkel die vermoë om basiese maatstawwe van nie-indringende liggaamlike fiksheid en roetine-siftingsmetodes te demonstreer en te interpreteer (urienanalise, vingerprikglukose, hemoglobien- en cholesteroltoetse, vitale tekens). Daarbenewens word die dokumentering en ontleding van die pasiënt se geskiedenis en die siftingsprosedures vir wanvoeding bekendgestel, asook die gebruik van 'n webgebaseerde program. Die vaardigheid wat in hierdie module verwerf is, is nodig as basis vir voedingsintervensies in daaropvolgende modules.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 36072 Voedsel

### 211 (18) Voedsel (3L, 1T, 1P)

Die doel van hierdie module is om die rol van die voedingkundige in verskillende sektore van die voedselbedryf te verduidelik, insluitend hulle skakeling en kommunikasie met verskillende rolspelers binne die konteks van die wetlike vereistes en bedryfsgebaseerde standaarde wat van toepassing is op voedseletikettering, -bemarking en -advertering. Studente ontwikkel 'n begrip vir die teoretiese beginsels wat

sensoriese evaluering, voedseleksperimentering en ook die beplanning, ontwikkeling en evaluering van terapeutiese resepte onderlê. Wetenskaplike beginsels van voedselpreservering en toepaslike metodes word ondersoek met betrekking tot kwaliteit, voedingsinhoud en sensoriese eienskappe van voedsel. Verder win studente kennis in van die wetenskaplike vordering in voedselpreservering en voedselverpakking wat daarop gemik is om die voedingseienskappe van voedsel te bewaar en te verbeter. Hierdie vooruitgang sluit in die gebruik van nanotegnologie en die ontwikkeling van genetiesgemodifiseerde en organiese voedsel.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 52086 Voedseldiensbestuur

### 477 (37) Voedseldiensbestuur (10P)

Praktiese blootstelling aan verskillende voedseldienssisteme. Beplanning van normale en terapeutiese keusespyskaarte en uitvoering van resepontwikkeling. Kritiese waarneming van en aktiewe deelname aan alle aspekte van effektiewe voedseldiensbestuur, met inbegrip van beplanning, implementering, voorraad- en kwaliteitsbeheer, kliënttevredenheid en menslikehulpbronne-, mense- en finansiële bestuur. Sanitasie, higiëne en voedselveiligheid, en implementering van HACCP. Blootstelling aan die bestuur van verskillende voedseldienseenhede. Toepassing van relevante wetgewing en etiese beginsels. Diensleer-komponent: dienslewering aan gemeenskapsvennote (onder andere Tygerberg Akademiese Hospitaal, Departement van Gesondheid, Sentra vir Vroeë Kinderontwikkeling en hospitale) volgens hulle behoefte. Blootstelling aan en betrokkenheid by die voedseldienskomponent van dienslewering by gemeenskapsgebaseerde platforms gedurende die geïntegreerde rotasie.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 13267 Voedsel- en voedingsbeleide

### 823 (10) Voedsel- en voedingsbeleide

Hierdie tema is daarop gerig om insig te bied in die hedendaagse fokusgebiede in voedsel- en voedingsbeleide in Suid-Afrika. Dit maak studente vertroud met die beginsels en diversiteit van Suid-Afrikaanse voedsel- en voedingsbeleide.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 13264 Voedselkettings- en verbruikers

### 844 (10) Voedselkettings- en verbruikers

Hierdie tema fokus daarop om insig te bied in die agrivoedsel-sakestelsel, verwante bestuurstelsels en -strategieë, en die rol van waardekettings en hoe voedselkettingprestasie verbeter kan word. Ekonomie-, bestuurs- en bemarkingsterminologie- en -beginsels word in ag geneem. Hierdie module fokus ook op die faktore wat 'n impak op menslike gedrag het en die besluitnemingsproses met betrekking tot voedselkeuse.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding/Landbou-Ekonomie*

## 11829 Voedselproduksie en -sisteme

### 244 (13) Voedselproduksie en -sisteme (3L, 1T, 2P)

Die doel van hierdie module is om studente 'n grondige begrip te gee van die beginsels en praktyke rakende effektiewe bestuur van grootskaalse voedselproduksie, gebaseer op die behoeftes van 'n kliënt. Hierdie module fokus op die uitleg en ontwerp van voedseldienseenhede, verkryging en instandhouding van grootskaalse toerusting, en voedselverkryging (insluitend spesifikasies en tenders), -opberging, -produksie, en -verspreiding, asook konsepte rakende voorraadbeheer, afvalbestuur, kwaliteitbeheer en kliëntetevredenheid. Die voedseldienssisteem en aspekte van ergonomika en veiligheid in die voedseldiensomgewing word bekendgestel. Verder win studente kennis in van die wetlike vereistes en standaarde rakende sanitasie-, higiëne- en voedselveiligheidsbeginsels, insluitend die stelsel van Gevaarontleding en Kritieke Beheerpunte (HACCP). Studente leer ook hoe om rantsoenskale te gebruik om spyskaarte op te stel en te evalueer volgens die voedingsbehoeftes van gesonde individue en om resepte vir 'n spesifieke spyskaart te standaardiseer.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 13496 Voedselsekerheid

### 812 (15) Voedselsekerheid

Hierdie module sal voedselsekuriteitkonsepte; analise van die situasie in Sub-Sahara Afrika; en strategieë toepaslik in die aanspreek van voedselsekuriteit dek.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 13266 Voedselsekuriteit-projekanalise

### 822 (10) Voedselsekuriteit-projekanalise

Hierdie tema is daarop gefokus om insig te bied in die beplanning en implementering van voedings-gefokusde ingrypings en die monitering en evaluering van die prestasie, relevansie en gevolge daarvan.

*Tuisdepartement: Landbou-ekonomie*

## 13256 Voedselveiligheid, -gevare en -risiko's

### 812 (10) Voedselveiligheid, -gevare en -risiko's

Hierdie tema is daarop gefokus om insig te bied in mikrobiologiese, chemiese en fisiese aspekte van voedselveiligheid, die verdedigingslinies en verantwoordelikhede ten opsigte van voorkoming, en die gehalteversekeringstelsels en wetgewing wat daargestel is om risiko's met betrekking tot voedsel te verminder.

*Tuisdepartement: Voedselwetenskap*

## 13259 Voedselverwerking en -bewaring

### 815 (10) Voedselverwerking en -bewaring

Hierdie tema is daarop gefokus om insig te bied in die belangrikste eenheidsbedrywighede wat in die voedselbedryf toegepas word, die impak daarvan op die gehalte van voedselprodukte, die belangrikste nuwe voedselverwerkingstegnologieë wat in die voedselbedryf gebruik word, na-oes-hantering, energiedoeltreffende watergebruik en waterversorging.

*Tuisdepartement: Voedselwetenskap*

## 13500 Voedsel, Voeding en Lewensonderhoud in Humanitêrenoodtoestande

### 812 (15) Voedsel, Voeding en Lewensonderhoud in Humanitêrenoodtoestande

Hierdie module sal fokus op voorsiening van insig in die rol van goeie oorsigbestuur in noodsituasies om die impak van rampe op lewensonderhoud en kwesbare mense te verminder en om te verseker dat rampresponse goed gekoördineerde planne insluit wat risiko's spesifiek tot landbou, voedsel, voeding en gesondheid verminder en bestuur.

*Tuisdepartement: Menslike Voeding*

## 14365 Volwasse Infeksiesiektes

### 775 (30) Volwasse Infeksiesiektes

Studente sal 'n benadering tot die sistematiese evaluering van 'n volwassenepasiënt met infeksie, algemene gemeenskapsverworwe infeksies, tropiese en reisverwante infeksies, koors van onbekende oorsprong, sepsis en septiese skok bestudeer. Transversale temas aangaande die voorkoming en beheer van infeksies, antibiotikavoogdyskap, reproduktiewe gesondheid, infeksieverwante beelding en die basiese biologie en laboratoriumdiagnose maak 'n integrale deel van hierdie module uit.

*Tuisdepartement: Infeksiesiektes*

## 13061 Voortdurende Gehalteverbetering

### 871 (15) Voortdurende Gehalteverbetering

Hierdie semestermodule is 'n keusemodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die oogmerk om studente te onderrig in die teoretiese beginsels van voortdurende gehalteverbetering wat vir gesondheid-sorg tersaaklik is. Die module is hoofsaaklik webgebaseer, en behels buigsame assessering en 'n finale

projek.

*Die assesserings van module-opdragte dra 50% tot die finale punt by, die finale projek dra 20% by en die finale assessering dra 30% by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 14005 Vorm en Funksie

### 141 (60) Vorm en Funksie (20 weke)

Hierdie module omskryf die onderrig van die normale struktuur en funksie van die mens, die gemeenskap en gesondheidsisteme.

*Tuisdepartement: Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Sentraal*

## 13678 Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe

### 441 (10) Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe (2L)

Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe kyk na die gevolge, impak en implikasies van komorbiditeite, nie-oordraagbare en aansteeklike siektes en massarampe plaaslik en wêreldwyd. Die rol en waarde van die verpleegkundige en vroedvrou in die verstaan, voorkoming en hantering van hierdie komplekse globale invloede word beklemtoon.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13679 Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe: Praktyk

### 441 (10) Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe: Praktyk (2P)

Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe: Praktyk is die studie van komorbiditeite, nie-oordraagbare en aansteeklike siektes en massarampe plaaslik en internasionaal.

*Tuisdepartement: Verpleeg- en Verloskunde*

## 13067 Werkstuk (Noodgeneeskunde)

### 871 (60) Werkstuk (Noodgeneeskunde)

Dit is 'n kernmodule vir die program MPhil (Noodgeneeskunde) met die oogmerk om 'n navorsingsprojek te ontwerp, etiese goedkeuring te verkry, befondsing te bekom, die projek uit te voer en die bevindings en gevolgtrekkings in wetenskaplike formaat voor te lê. Dit is die werkstukkomponent vir die meestersgraad, en moet minstens een jaar duur.

*Die navorsing en die voorlegging van die meesterswerkstuk vir assessering deur interne en eksterne eksaminators dra 100% tot die finale punt by.*

*Tuisdepartement: Noodgeneeskunde*

## 21687 Xhosa

### 178 (24) Inleiding tot Xhosa Taal en Kultuur (3L, 1T)

Klassifikasie van die Afrikatale.
Taalbeplanning en taalbeleid vir die Afrikatale.
Die kommunikasievaardighede praat, luisterbegrip, lees en skryf in sosio-kulturele kontekste.
Kultuurperspektiewe en taalverwante kultuurkonvensies relevant vir basiese kommunikasie in Xhosa.
Die grammatika van Xhosa relevant vir die aanleer van kommunikasievaardighede in Xhosa.
Inleiding tot die taalkunde van Xhosa.
Inleiding tot kommunikasie in outentieke voorgeskrewe tekste uit die gedrukte media (koerant, tydskrif).
Inleiding tot die letterkunde van Xhosa.

**Opmerkings**

1. Studente wat Xhosa of Zulu Eerste Taal vir die Matrikulasie of daarmee gelykstaande eksamen geslaag het, mag nie Xhosa 178 vir graaddoeleindes volg nie, maar wel Xhosa 188.
2. Studente in Spraak-Taal- en Gehoorterapie I aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe word volgens die uitslag van 'n taalvaardigheidstoets in Xhosa 178 of Afrikaanse Taalaanleer 179 of 189 geplaas.
3. Geen vorige kennis van Xhosa word vereis nie.

*Tuisdepartement: Afrikatale*

# Navorsings- en Diensinstansies

In hierdie afdeling word die navorsings- en diensinstansies aangebied wat in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe gesetel is.

## 1. Afrika-Kankerinstituut

### Ontstaan

Die Afrika-Kankerinstituut (AKI) wat in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) gesetel is, is in 2013 gevestig. Die AKI is geloods om die Fakulteit se kanker- en kankerverwante navorsingsbedrywighede te verenig en te koördineer.

### Doelwitte

Die FGGW beoog om 'n kritieke massa wetenskaplikes, klinici, nagraadse studente en navorsingsgenote toe te rus om die kankernavorsingsagenda vir Suid-Afrika in die besonder en die streek in die algemeen verder te voer. Die doel is om kanker- en kankerverwante navorsing, -opleiding en -dienslewering in hierdie streke te bevorder deur 'n program vir interdissiplinêre, interprofessionele navorsing te ontwikkel en in werking te stel wat op verbeterde strategieë vir voorkoming, behandeling en rehabilitasie ingestel is.

Die AKI se visie is om die kankerlas in Afrika te verlig en die gevolglike gesondheidsuitkomste op die vasteland te verbeter.

Die AKI se missie is om 'n internasionaal erkende, omvattende kankernavorsingsentrum te word wat multidissiplinêre kanker- en kankerverwante gesondheidsnavorsing onderneem wat vir die Afrikavasteland tersaaklik is, en om as platform vir vakkundige vooruitgang en kennis-opbou te dien in die strewe na bewysgegronde kankersorg van gehalte.

Die doelwitte van die AKI is soos volg:

- Bevorder, koördineer en fasiliteer kanker- en kankerverwante navorsing.
- Bevorder basiese, kliniese, kommunikeerbare en interdissiplinêre navorsing.
- Help ontwikkel leerdergerigte opvoedkundige en opleidingsprogramme met kurrikula wat met kanker- en openbaregesondheidsnavorsing verband hou.
- Raak 'n sentrum van uitnemendheid vir kankernavorsing in Suid-Afrika en op die Afrikavasteland.

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, kontak Prof Yoshan Moodley by yoshanm@sun.ac.za.

## 2. Desmond Tutu TB-sentrum

### Ontstaan

Die Desmond Tutu TB-sentrum, wat in 2003 gevestig is, is 'n akademiese navorsingsentrum in die Departement Pediatrie en Kindergesondheid, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheids-wetenskappe. Die Sentrum se hoofkantoor is op die Tygerberg-kampus, met satellietkantore in verskeie gemeenskappe wat deur TB en swak gesondheid geaffekteer word.

### Doelwitte

Die Desmond Tutu TB-sentrum se missie is om gesondheid onder weerlose groepe te verbeter deur beleid te beïnvloed aan die hand van nuwe kennis uit navorsing wat fokus op gesondheidsfaktore – veral TB en MIV. Hiervoor word daar nóú saamgewerk met die Departement Gesondheid en plaaslike gemeenskappe. Die Sentrum bied opleiding aan akademiese en gesondheidsorgpersoneel, bou kapasiteit in die Universiteit en die Departement Gesondheid, lewer dienste aan gemeenskappe en tree raadgewend op ten opsigte van TB en gesondheid.

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/paediatrics-and-child-health/centres/desmond-tutu-tb-centre of kontak prof Nulda Beyers by dttcinfo@sun.ac.za of 021 938 9812.

## 3. DST/NRF Sentrum van Uitnemendheid vir Biomediese Tuberkulosenavorsing (CBTBR)

### Ontstaan

Die CBTBR is een van ses sentra van uitnemendheid wat deur die Nasionale Navorsings- en Ontwikkelingstrategie van die Suid-Afrikaanse regering geskep is. Die Departement van Wetenskap en

Tegnologie het die sentra gestig en hulle word geïmplementeer deur die Nasionale Navorsingstigting van Suid-Afrika. Die CBTBR bestaan sedert Julie 2004 en toon die regering se toewyding om 'n oplossing vir tuberkulose, een van die land se mees bedreigende siektes, te vind.

Die CBTBR bestaan uit twee internasionaal erkende tuberkulose-navorsingsinstansies, te wete die Afdeling van Molekulêre Biologie en Mensgenetika aan die Universiteit Stellenbosch en die NHLS-laboratorium aan die Universiteit van die Witwatersrand. Dié gesamentlike kundigheid en ervaring maak dit moontlik om by te dra tot nasionale en internasionale pogings om tuberkulose te beheer, asook om 'n leerskool te skep vir opkomende biomediese wetenskaplikes van uitstaande gehalte.

### Doelwitte

Die navorsingsprogram van die CBTBR omsluit 'n breë spektrum van aktiwiteite, vanaf basiese navorsing wat probeer om 'n beter begrip te ontwikkel van die TB-bakterie se vermoë om vinnig te versprei, tot die toepassing van navorsingsbevindinge in kliniese praktyk asook in voorkomingsprogramme. Laasgenoemde sluit multidissiplinêre navorsing in wat daarop gemik is om 'n beter insig in die epidemiologie van die siekte te verkry, asook om toepaslike merkers van sowel die bakterium as die gasheer te identifiseer waardeur die ontwikkeling van nuwe diagnostiese tegnieke bespoedig kan word.

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by www.tuberculosis.org.za of kontak dr B Baker by brubaker@sun.ac.za of 021 938 9402.

## 4. Eenheid vir Risiko en Veerkragtigheid in Geestesteurings van die MNR

### Ontstaan

Geestesteurings van die psige is vinnig besig om een van die belangrikste bydraers tot die siektelas in sowel ontwikkelende as ontwikkelde lande te word. Die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (MNR) se Eenheid vir Risiko en Veerkragtigheid in Geestesteurings is in die Departement Psigiatrie aan die Universiteit Stellenbosch (US) en die Departement Psigiatrie en Geestesgesondheid aan die Universiteit van Kaapstad (UK) gesetel. Dit bou voort op die werk van die MNR se Eenheid vir Angs- en Stressteurings, wat in 1997 aan die US gestig is. Die nuwe eenheid is amptelik op 1 April 2017 in bedryf gestel, en staan onder leiding van profs Dan Stein (UK) en Christine Lochner (US).

### Doelwitte

Hierdie Eenheid het 'n wyer fokus as angs en stres en behels 'n aantal toestande wat, byvoorbeeld, met kompulsiwiteit en impulsiwiteit verband hou. Spesifieke doelwitte is:

- om die huidige navorsings- en multidissiplinêre samewerkingsooreenkomste in die veld van geestesiektes en -gesondheid uit te bou en te versterk ten einde gesondheid in Suid-Afrika en omstreke te verbeter;
- om nuwe navorsingsprogramme te ontwikkel en uit te brei wat in die besonder op die omskakeling van navorsing in praktyk fokus, en om nuwe samewerkingsooreenkomste te sluit wat die kwellendste geestesiektes in Afrika teiken;
- om 'n platform te bied vir die opleiding en ondersteuring van klinikus-wetenskaplikes wat op die gebied van geestesiektes en -gesondheid werk, en wat vroue en wetenskaplikes uit Afrika insluit; en
- om die implementering van navorsingsbevindings op die gebied van psigiatrie en geestesgesondheid te bevorder wat beleid en praktyk betref.

Die navorsing aan die Eenheid dek 'n breë spektrum, van basiese wetenskap (laboratoriumwerk) en kliniese proewe tot die benutting van dieremodelle en genetiese en breinbeeldingstudies, asook verskeie tersaaklike aspekte van gemeenskapsielkunde en -kultuur. Die eenheid prioritiseer praktiese implementering van navorsingsbevindings in die belang van die gemeenskap, byvoorbeeld deur die Eenheid se Geestesgesondheid Inligtingsentrum (www.mentalhealthsa.org.za), wat 'n inbeldiens met 'n reaksietyd van 24 uur insluit.

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek die tuisblad by https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/psychiatry/centres/mrc-unit-risk-and-resilience-mental-disorders of kontak prof Lochner by cl2@sun.ac.za of 021 938 9179.

## 5. Gesinsentrum vir Navorsing met Ubuntu (FAM-CRU)

### Ontstaan

FAM-CRU het in Januarie 2002 ontstaan as die Kliniesenavorsingseenheid vir Infeksiesiektes by Kinders (KID-CRU). Die Sentrum is met buitefondse gestig. Vier aansoeke om befondsing is byna gelyktydig tussen 2000 en 2002 goedgekeur. Dit kon betaal vir die infrastruktuur en personeel wat nodig was om die Sentrum te

begin. KID-CRU is amptelik in September 2003 geopen.

Die Sentrum het aanvanklik daarop gefokus om kliniese proefnemings te doen oor koïnfeksie met MIV en tuberkulose (TB) by kinders en hulle ma's (d.w.s. wat tegelykertyd met MIV én TB geïnfekteer is). Mettertyd is die fokus verbreed en ander aansteeklike siektes is ingesluit. KID-CRU se naam is in Januarie 2013 verander na FAM-CRU, om te weerspieël dat die Sentrum se werk nou ook volwassenes insluit. Dit is moontlik gemaak danksy fondse wat deur die Nasionale Instituut vir Allergie en Aansteeklike Siektes (Eng. NIAID) beskikbaar gemaak is.

### Huidige persele

- Sentrumhoofkantoor – in Saal J8, langs die Gesinskliniek vir MIV (H8) by Tygerberg Akademiese Hospitaal
- Michael Mapongwana – modulêre kliniek (vanaf 2007)
- Kraaifontein Gemeenskapsgesondheidsentrum – modulêre kliniek (vanaf 2014)
- Worcester Provinsiale Hospitaal – modulêre kliniek (vanaf 2017)

### Visie

'n Wêreld waarin infeksiesiektes maklik binne gesinne bestuur en voorkom word

### Missie

Om die gesondheid van kinders en hulle gesinne te bevorder deur middel van navorsing en innovasie oor infeksiesiektes

### Kernbedrywighede

**Navorsing:** FAM-CRU se vernaamste fokus is kliniese navorsing. Dit neem die vorm aan van kliniese proefnemings met nuwe strategieë om MIV-en-TB-koïnfeksie te behandel, farmakokinetiese navorsing (om te verstaan hoe medikasie in die pasiënt se liggaam werk) en kohortstudies (wat dieselfde groep mense oor 'n tydperk heen waarneem) om die natuurlike verloop van siektetoestande te probeer verstaan. Die Sentrum doen navorsing met inentings wat TB en ander infeksies kan voorkom wat deur bakterieë of virusse veroorsaak word. FAM-CRU ondersoek ook soorte terapie om hierdie siektes te kan behandel.

**Onderrig en opleiding:** Navorsingspanne ontvang indiensopleiding wat toegepas kan word op die navorsingsprojekte wat die Sentrum onderneem. Hulle woon bekendstellingsvergaderings by en word op hoogte gehou oor protokolle. Daar is gereelde inligtingsessies met beroepsopleiding oor onderwerpe van algemene belang én oor onderwerpe wat spesifiek vir die protokolspan van belang is.

**Sosiale verantwoordelikheid:** FAM-CRU lewer dienste op allerhande maniere, by Tygerberg Hospitaal en in die gemeenskap.

**Oordrag van navorsingskennis na beleid en bestuur:** In hierdie verband doen FAM-CRU die volgende:

- Gebruik publikasies en aanbiedings by konferensies om navorsingskennis aan die wetenskaplike gemeenskap en beleidmakers oor te dra.
- Stel navorsingskennis beskikbaar aan die gemeenskappe waar die navorsing gedoen word.
- Maak navorsingskennis deur middel van die media bekend.
- Tree op as kampvegter vir kwessies wat met TB en MIV verband hou.
- Neem aan riglynkomitees op provinsiale, nasionale en internasionale vlak deel.

### Kontakbesonderhede

Skakel met mnr G Fourie by georgef@sun.ac.za of 021 938 6382, of besoek ons webblad by https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/famcru/family-centre-research-ubuntu-famcru.

## 6. Instituut vir Gesondheidsnavorsing oor Lewensverloop (IGL)

### Geskiedenis

Die Instituut vir Gesondheidsnavorsing oor Lewensverloop (IGL) is gebaseer in die Departement Globale Gesondheid, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW). Die Instituut is 'n trans-dissiplinêre entiteit wat ondersoek instel na kinder-, adolessente-, moeder- en gesinswelsyn, -gesondheid en -ontwikkeling in laehulpbron-gemeenskappe. IGL werk regdeur Suid-Afrika, met ons grootste navorsingspanne gebaseer in Khayelitsha in die Wes-Kaap en die OR Tambo-distrik in die Oos-Kaap. Daarbenewens implementeer, bestuur en evalueer die Instituut projekte regoor Afrika en Suid-Asië.

### Doelwitte

Die visie van die Instituut is 'n samelewing waarin alle kinders en gesinne in gesonde omgewings leef en toegang het tot bewys-gebaseerde intervensies, waar nodig, wat hulle toelaat om te floreer en aktief en produktief in hul gemeenskappe te wees. Die Instituut werk breedvoerig met internasionale agentskappe

soos die Wêreldgesondheidsorganisasie en UNICEF om gesondheid oor die lewensiklus wêreldwyd te bevorder. IGL beoog om 'n sentrum van uitnemendheid in kinder- en adolessentegesondheidsnavorsing te wees, en bied 'n platform wat die Universiteit Stellenbosch en die FGGW aan die breër gesondheidsbevordering-navorsingsgemeenskap in Suid-Afrika en wêreldwyd verbind. Die missie van die Instituut is om bewyse te genereer wat gebruik word om, saam met plaaslike, nasionale en globale vennote, die gesondheid, welsyn en ontwikkeling van kinders en hul gesinne te verbeter.

### Kontakbesonderhede

Vir verdere inligting, kontak prof Mark Tomlinson (markt@sun.ac.za) of dr Sarah Skeen (skeen@sun.ac.za) by 021 938 9043.

## 7. MNR Sentrum vir TB-navorsing

### Ontstaan

Die Sentrum is in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe gestig met gesamentlike steun van die MNR, die US en die destydse KPA (tans PAWK).

### Doelwitte

Die besluit om hierdie Sentrum in die lewe te roep, is gegrond op die dringende behoefte om eie kundigheid oor gesofistikeerde molekulêre biologiekundigheid te ondersteun en te ontwikkel, asook om aan die groei-ende biotegnologiese eise van die navorsings- en nywerheidsektore te voldoen. Molekulêre biologie en veral die vermoë om gene te manipuleer (met inbegrip van amplifisering, klonering, analise en modifikasie van DNS-fragmente), het 'n totaal nuwe insig gegee in biologie en die begrip van die lewensprosesse. Dit is verder uiters belangrik dat hierdie ontwikkelinge aangewend word om plaaslike siekteprobleme beter te verstaan en te hanteer. Die Sentrum gebruik hierdie gevorderde en ontwikkelende tegnieke in die bestude-ring van infeksiesiektes (veral tuberkulose, die infektiewe organismes en die gasheer se immuunrespons), genetiese siektes, veral hartsiektes (om bv. pre-/postnatale diagnoses te maak), kanker (met inbegrip van familiële kankers) en die immuunsisteem. Die mandaat van die Sentrum behels nie net navorsing en na-graadse opleiding nie, maar ook die belangrike funksie om as sentrale verwysingspunt vir die ontwikkeling van kundigheid oor molekulêre biologie te dien. Dit sal kleiner navorsingsgroepe wat by ander Suid-Afrikaan-se universiteite met MNR-steun werk, verder verstewig deur advies, opleiding en logistiese ondersteuning.

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, kontak prof PD van Helden by pvh@sun.ac.za of 021 938 9401.

## 8. Sentrale Analitiese Fasiliteit

### Ontstaan

Die Sentrale Analitiese Fasiliteit (SAF) aan die Universiteit Stellenbosch beskik oor 'n uitgebreide versameling groot, ultramoderne en veelgebruiker-analitiese toerusting.

### Doelwitte

SAF is 'n baie belangrike navorsingsteunstruktuur wat dit ten doel het om hierdie toerusting volhoubaar, kostedoeltreffend en in die belang van die Universiteit te bestuur. SAF-fasiliteite is op sowel die Stellenbosch- as die Tygerberg-kampus van die Universiteit geleë, en 'n interne koerierdiens vervoer monsters tussen navorsers en die verskillende SAF-laboratoriums.

'n Personeelwetenskaplike bestuur elke eenheid en staan navorsers by om keuses uit die analitiese aanbod te maak en projekte te ontwerp wat hulle die maksimum voordeel uit die beskikbare analitiese toerusting laat trek.

Heelwat toerusting onder SAF se bestuur is met behulp van toelaes van die Nasionale Toerustingprogram (NTP) bekom. Nuwe toelae-aansoeke word gewoonlik jaarliks aangevra en instellings word tot vyf aansoeke elk beperk. SAF-eenhede werk meestal saam met toonaangewende navorsers om NTP-aansoeke op te stel. Die SAF-direkteur (gs@sun.ac.za) verwelkom enige voorstelle vir nuwe NTP-toelae-aansoeke.

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by https://caflabs.org.za/ of kontak prof Gary Stevens by gs@sun.ac.za of 021 808 3127.

## 9. Sentrum vir Bewysgebaseerde Gesondheidsorg (SBGS)

### Ontstaan

Die Sentrum vir Bewysgebaseerde Gesondheidsorg (SBGS) is 'n koördinerende en leidinggewende instelling vir navorsing en opleiding in die veld van bewysgebaseerde gesondheidsorg (BGS). Die SBGS is in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe gesetel.

### Doelwitte

Die sleutelaktiwiteite van die SBGS is navorsing, onderrig en kennisoordrag.

Die doel van die SBGS is om:

- beleid en praktykbehoeftes in Suid-Afrika en Afrika aan te spreek, en die gebruik van die beste beskikbare navorsingsbewyse te versterk.
- tydige bydraes te lewer om kennisgapings in gesondheidsorg aan te spreek, deur die uitvoer en bevordering van stelselmatige oorsigte wat Afrika-relevant en noukeurig uitgevoer is.
- kennis, vaardighede en praktyke van sleutelbelangegroepe in bewysgebaseerde gesondheidsorg te bevorder.
- diverse, sterk en effektiewe vennootskappe te kweek.
- 'n mensgesentreerde omgewing te koester wat volhoubaar, innoverend en intellektueel stimulerend is, en ook samewerking bevorder.

Die SBGS fokus op die uitvoer van tydige, hoë-gehalte, Afrika-relevante stelselmatige oorsigte en meta-analise, ander saamgevoegde navorsing, navorsing oor die hindernisse en fasiliteerders rakende die opneem en toepassing van die beste beskikbare navorsingsbewyse in gesondheidsorgbeleid en praktyk, asook op die assessering van intervensies wat daarop gemik is om bewysgebaseerde besluitneming te bevorder.

Die SBGS is verantwoordelik vir 'n groot verskeidenheid van BGS-verwante aktiwiteite, waaronder:

- die integrasie van BGS-onderrig as 'n sleutelbevoegdheid in die onderrig van dokters, verpleegsters en ander gesondheidsorgpersoneel wat aan die Universiteit opgelei word, op alle vlakke van gesondheidswetenskappe-onderwys.
- opleiding en tegniese ondersteuning aan nagraadse (meesters- en doktorale) studente van Stellenbosch Universiteit, om sterk stelselmatige oorsigte, óf as 'n navorsingprojek vir 'n meestersgraad óf as 'n komponent vir 'n doktorale graad, uit te voer.
- opleiding van dosente om BGS te kan onderrig en navorsing in BGS te kan doen, veral plaaslik en in Afrika.
- ondersteuning aan die MSc (Kliniese Epidemiologie)- en ander graad- en diplomaprogramme by die Universiteit Stellenbosch wat BGS as fokus het.

Die SBGS bevorder die opneem en toepassing van die beste beskikbare navorsingsbewyse in gesondheidsorgbeleid- en gesondheidsorgpraktyk-besluitneming, deur:

- aktief betrokke te wees by besluitnemers, te pleit vir en te bou aan saamgevoegde navorsingsbewyse plaaslik, in Afrika en wêreldwyd.
- die uitvoer van gepaste navorsingsassesserings wat insluit die opsoek, evaluering en interpretering van stelselmatige oorsigte om spesifieke, Afrika-relevante vrae te beantwoord.
- die kommunikasie van navorsingsbevindinge in die vorm van produkte vir disseminasie, byvoorbeeld bewysgebaseerde kliniese riglyne en beleidsopsommings, aan verskeie geteikende belanghebbendes, insluitende die publiek, gesondheidsberoepslui, navorsers, beleidsmakers en gesondheidsorgbestuurders, sowel as aan kennisoordrag-tussengangers (bv. media en die opstellers van riglyne).

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/global-health/epidemiology-biostatistics/centre-evidence-based-health-care-cebhc of bel 021 938 9886.

## 10. Departement vir Gesondheidsberoepe-onderwys

### Ontstaan

Die Departement vir Gesondheidsberoepe-onderwys (GBO) het in Januarie 2006 tot stand gekom ten einde die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se reputasie van voortreflikheid op die gebied van onderrig en navorsing met sy sterk akademiese fokus op die gehalte van onderrig te versterk.

### Doelwitte

Die GBO bevorder uitnemendheid en wetenskaplike en bewysgebaseerde onderrig in die gesondheidswetenskappe op institusionele en nasionale vlak asook in die res van Afrika. Die GBO is verbind tot interdissiplinêre leer en onderrig, gemeenskapsgebaseerde onderrig en landelike gesondheidsbevordering, bevorderlike leeromgewings, die bevordering van diversiteit, wetenskaplikheid, 'n etiese benadering tot gesondheidsorg, asook lewenslange leer.

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/dhpe of kontak prof Firdouza Waggie by marais5678@sun.ac.za, lhl@sun.ac.za of 021 938 9054.

## 11. Sentrum vir Globale Chirurgie (SGC)

### Ontstaan

Die Sentrum vir Globale Chirurgie (SGC), gesetel binne die Departement Chirurgiese Wetenskappe in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, is in 2019 gestig.

### Doelwitte

Die Sentrum beoog 'n wêreld met gelyke en tydige toegang tot hoëkwaliteit- chirurgiese sorg vir almal. Dit het ten doel om navorsing van hoë gehalte te genereer, beleidmakers te betrek, en onderrig en leer te verbeter ten einde billike chirurgiese sorg plaaslik en internasionaal te bevorder. SGC streef daarna om 'n spilpunt vir uitnemendheid in navorsing te word en om 'n nuwe generasie chirurgiese leiers van regoor die wêreld op te lei.

SGC-aktiwiteite fokus op globale chirurgiese navorsing, betrokkenheid van belanghebbendes, en leer en onderrig. SGC identifiseer strategieë om die kwaliteit van chirurgiese voorsiening binne 'n openbaregesondheidsraamwerk te verbeter deur veilige en billike chirurgiese sorg deel van universele gesondheidsdekking te maak. SGC werk met sleutelbelanghebbendes saam om bewysgebaseerde navorsing in nuwe beleide en programme te omskep.

SGC gebruik gemeenskapsgesentreerde benaderings om uitdagings van chirurgiese dienste beter te verstaan. Verder is SGC daartoe verbind om sorg vir gemarginaliseerde groepe te verbeter, veral in omgewings met beperkte hulpbronne en in landelike gebiede, waar toegang tot chirurgiese sorg in die besonder ongelyk is.

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, kontak prof K Chu by kchu@sun.ac.za of 021 938 9442.

## 12. Sentrum vir Kardiometaboliese Navorsing in Afrika (CARMA)

### Ontstaan

Al meer gevalle van nie-oordraagbare siektes soos diabetes en kardiovaskulêre toestande (wat die hart en bloedvate aantas) kom in Afrika voor. Die oorsaak is meestal swak keuses oor lewenstyl. Die aantal mense met hierdie verswakkende siektes sal oor die volgende paar dekades ingrypend toeneem. Dit sal die algehele siektelas vererger. Boonop ontwikkel mense met MIV/vigs makliker diabetes en kardiovaskulêre siektes. Dit beteken dat morbiditeit (hoe dikwels die siektes voorkom) en mortaliteit (hoe dikwels die siektes tot die dood lei) in veral ontwikkelende lande gaan toeneem. Die siektelas sal gevolglik verdubbel.

Die Sentrum vir Kardiometaboliese Navorsing in Afrika (CARMA) is in 2019 gevestig. Die doel was om navorsingsvaardighede en sterk punte wat reeds binne en buite die Universiteit Stellenbosch (US) bestaan, doeltreffend aan te wend om hierdie siektelas beter aan te pak. CARMA is deel van die Afdeling Geneeskundige Fisiologie aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

### Visie

Die uitwissing van kardiometaboliese siektes (wat die hart, bloedvate en metabolisme aantas) in Afrika

### Missie

Om 'n internasionaal erkende sentrum vir navorsing en opleiding in kardiometabolisme in Afrika te word deur innoverende bydraes op die gebied van kardiometaboliese navorsing te maak

### Doelwitte

CARMA se belangrikste aktiwiteite is navorsing en innovasie, onderrig en opleiding, medewerking en kapasiteitsbou, konsultasiedienste, kommersialisering en sosiale impak. Die Sentrum streef daarna om die volgende te bereik:

- Konsolideer sterk punte op die gebied van kardiometaboliese navorsing en bou dit uit, veral binne die US maar ook in samewerking met buitevennote.
- Stel navorsingsbevindings aan belanghebbendes en die gemeenskap beskikbaar, byvoorbeeld deur middel van publikasies, navorsingsreferate, seminare, kortkursusse en populêre mediaplatforms.
- Verskaf kardiometaboliese onderrig en opleiding deur middel van nagraadse en PhD-programme in verskeie fakulteite en departemente aan die US. Verwelkom ander nasionale en internasionale instansies as vennote.
- Ontwikkel uitnemendheid in kardiometaboliese navorsing deur middel van navorsingsprojekte deur studente, werksessies oor kardiometaboliese navorsing, kongresse, opleidingsgeleenthede, publikasies en enige ander gepaste maniere.
- Lewer konsultasiedienste aan departemente en groepe binne en buite die US, sover CARMA se kapasiteit en die US se beleidsraamwerk dit toelaat.
- Bied aan US-personeel en -studente geleentheid om aan CARMA se werksaamhede deel te neem en nuutskeppings te ontwikkel.
- Ontwikkel en beskerm intellektuele eiendom en skep produk-afwentelmaatskappye, onderhewig aan US-beleid oor die ontginning van intellektuele eiendom.
- Verskaf kardiometaboliese kundigheid aan die bedryf en ander organisasies.

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, kontak prof Faadiel Essop (mfessop@sun.ac.za) of prof Hans Strijdom (jgstr@sun.ac.za).

## 13. Sentrum vir Navorsing in Neurodegeneratiewe Siekte (SNNS)

### Ontstaan

Die SNNS is in 2016 tot stand gebring vir die bevordering van navorsing en opvoeding op die gebied van neurodegeneratiewe siektes, sowel binne die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe as op streeks-, nasionale en internasionale vlak.

### Doelwitte

Met die daarstelling van 'n platform vir samewerking tussen klinici en wetenskaplikes probeer die SNNS om navorsing in veelvuldige aspekte van neurodegeneratiewe siektes, met inbegrip van kliniese aspekte, epidemiologie, genetika, omgewingsrisikofaktore en neuropatologie, te bevorder. Die SNNS verskaf opleiding in neurodegeneratiewesiektenavorsing, terwyl die kliniese sorg van pasiënte met neurodegeneratiewe siektes in Suid-Afrika ook prioriteit geniet. Die Sentrum werk met plaaslike en internasionale instansies en verenigings saam wat by navorsing en kliniese sorg betrokke is om kapasiteit te bou, opvoeding en opleiding te verskaf, en nasionale en internasionale samewerking in neurodegeneratiewesiektenavorsing te bevorder.

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/medicine/divisions-centres/division-neurology.

## 14. SUNHEART

### Ontstaan

SUNHEART het in 2014 tot stand gekom as 'n platform om die aspirasies van die talentvolle kardioloë en steundienstepersoneel in die Afdeling Kardiologie van die Universiteit Stellenbosch (US) en Tygerberg Hospitaal te akkommodeer en hulle geesdrif op 'n innoverende wyse aan te wend. Hierdie sentrum is gesetel in die Stellenbosch Trust, wat 'n geregistreerde openbare bevoordeeldeorganisasie sonder winsbejag is.

Die Afdeling doen verantwoording aan die Universiteit oor die opleiding en navorsing wat hulle onderneem, en aan die nasionale Departement van Gesondheid oor die dienste wat hulle lewer. Oor die standaarde wat hulle stel, is hulle alleen aan hulself rekenskap verskuldig.

### Doelwitte

Die Afdeling verskaf gevorderde hartsorg na die beste van hulle vermoë volgens internasionale standaarde. SUNHEART bied opleiding aan kandidate van oor die hele Afrika en streef daarna om die voorste opleidings-

en navorsingsentrum vir kardiologie op die vasteland te wees. Om hierdie doelwitte te verwesenlik en steeds as 'n kardiologiesentrum van uitnemendheid vir klep- of hartsaksiektes, transarteriële intervensies en gevorderde kardiale beelding te funksioneer, moes die sentrum egter hulle befondsingsbasis uitbrei buite die raamwerk van die Universiteit Stellenbosch en die Departement van Gesondheid. Dit is gedoen sodat infrastruktuur en kundigheid nie net behoue kan bly nie, maar ook uitgebrei kan word.

SUNHEART beliggaam die Afdeling Kardiologie se duidelike visie om 'n leier onder kardiologiesentra in Afrika te wees, en bied 'n medium vir befondsingsvennote om hierdie visie te ondersteun.

SUNHEART het die volgende doelwitte:

- Bevorder kardiologiese opleiding om die vereisde kundigheid te skep sodat gevorderde hartsorgdienste uitgebrei kan word in Suid-Afrika en in ander Afrikalande wat gebrekkige toegang tot hartsorg het. Hierdie doelwit sluit in dat voldoende opleidingsposte geskep word om in die vraag te kan voorsien.
- Bevorder kardiologienavorsing wat verband hou met die hartsiektes wat die mense van die Afrikavasteland raak.
- Skep die nodige infrastruktuur om kardiologiese dienste na voorheen benadeelde gemeenskappe uit te brei.
- Lewer kardiologiese dienste in voorheen benadeelde gemeenskappe.

SUNHEART se visie is om die Afdeling Kardiologie van die US en Tygerberg Hospitaal te bemagtig, en wel soos volg:

- Voorsien gevorderde gesondheidsorg, in die besonder hartgesondheidsorg, aan die mense van die Wes-Kaap.
- Voorsien gelyke toegang tot hartsorg vir almal.
- Pas die internasionale standaarde vir beste praktyk toe.
- Lei studente uit alle gesondheidsorgomgewings op om in Suid-Afrika te praktiseer.
- Lei studente uit ander Afrikalande op om gesondheidsorgdienste oor die vasteland heen te verbeter.
- Raak bekend as 'n sentrum van uitnemendheid vir transarteriële angiografie, kardiale beelding en klep- en hartsaksiektes.
- Gaan voort met etiese navorsing in die konteks van die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgomgewing.

### Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek ons by https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/sunheart/sunhe-rt of kontak dr Alfonso Pecoraro by pecoraro@sun.ac.za of 021 938 4400.

## 15. Afdeling vir Landelike Gesondheid (Ukwanda)

### Ontstaan

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit Stellenbosch (US) het die Afdeling vir Landelike Gesondheid (Ukwanda) in Junie 2001 gestig. Die eerste landelike kliniese skool in Suid-Afrika het in 2011 met Ukwanda se ondersteuning tot stand gekom. Dit bedien die Kaapse Wynland- en Overberg-distrikte in die Wes-Kaap, en die Harry Surtie-hospitaal in Upington in die Noord-Kaap, en is in Worcester gesetel. Die US Senaat het die stigting van die Afdeling vir Landelike Gesondheid (Ukwanda) in 2019 goedgekeur, en dit is by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe ingelyf.

### Doelwitte

Ons visie van Ukwanda is dat dit 'n toonbeeld sal stel, plaaslik sowel as internasionaal, van hoe gesondheidsorginstellings hulle daarvoor kan beywer om landelike gesondheid te bevorder.

As 'n akademiese sentrum van die Universiteit Stellenbosch (US) is die Afdeling vir Landelike Gesondheid (Ukwanda) se fokus daarop om 'n verskil aan gesondheidsorg in landelike gebiede te maak deur studente, gesondheidsorgwerkers en gemeenskappe te bemagtig vir welwees. Ons doen dit op die volgende maniere:

- Verskaf opleiding wat daarop gerig is om landelike gemeenskappe te transformeer deur studente op alle vlakke te leer aanpas by die behoeftes van die gemeenskappe wat in hulle sorg is.
- Bring gemeenskappe, studente en personeel byeen om hulle aan te vuur met gedrewenheid, deernis en hoop om die samelewing se behoeftes te vervul.
- Onderneem en werk saam met vennote aan navorsing wat toepaslik en sosiaal verantwoordelik is.
- Onderhou sterk bande met die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe sowel as die Universiteit in die breë, om langs daardie weg billikheid vir landelike gemeenskappe te bewerkstellig.
- Dien as hulpbron en model vir vernuwende denke by ander soortgelyke instellings in Afrika.

Ukwanda gee studente en navorsers die geleentheid om toegang tot gesondheidsorg aan landelike gebiede

te gee en te ontwikkel deur die werk wat hulle in Worcester en ander landelike gebiede doen. Dié geleentheid om te leer deur te dien en om navorsing in vennootskap met gemeenskappe te doen, is oop vir studente in alle programme van die Fakulteit, sowel as studente wat ander kursusse aan die US volg.

## Kontakbesonderhede

Vir meer inligting, besoek Ukwanda se webtuiste by https://www.su.ac.za/en/faculties/medicine/departments/global-health/division-of-rural-health-ukwanda of kontak me Lindsay-Michelle Meyer by lindsaym@sun.ac.za of 021 938 9873.

# Alfabetiese Vaklys

Hieronder is 'n lys van al die voorgraadse vakke en modules asook sekere nagraadse vakke en modules. Vakname wat meer as een keer verskyn, dra verskillende vaknommers.


14694 Afrikaanse Taalaanleer ..... 226
179 (24) Afrikaans as Vreemde Taal (3l, 2P) ..... 226
189 (24) Afrikaans as tweede taal (3L, 3P) ..... 226
11524 Afrika-noodsorg ..... 227
871 (15) Afrika-noodsorg ..... 227
64815 Aktuele Onderwerpe in Sport en Oefenwetenskap ..... 227
721 (12) Aktuele Onderwerpe in Sport en Oefenwetenskap ..... 227
751 (12) Aktuele Onderwerpe in Sport en Oefenwetenskap ..... 227
13248 Algemene Makroskopiese Anatomie en Histologie ..... 227
775 (60) Algemene Makroskopiese Anatomie en Histologie ..... 227
10942 Algemene Neurologie ..... 227
876 (130) Algemene Neurologie ..... 227
10294 Algemene Taalwetenskap ..... 228
178 (24) Inleiding tot die Taalwetenskap (3L, 1T) ..... 228
278 (32) Taal en die Menslike Gees (3L) ..... 228
71024 Algoritmes en Masjienleer in Bioinformatika ..... 228
812 (10) Algoritmes en Masjienleer in Bioinformatika ..... 228
13063 Ambulatoriese Sorg en Reismedikasie ..... 228
871 (15) Ambulatoriese Sorg en Reismedikasie ..... 228
12558 Anatomie ..... 228
178 (20) Anatomie (4L, 2P) ..... 228
22810 Anatomie ..... 228
873 (33) Anatomie ..... 228
874 (40) Anatomie ..... 228
52183 Anatomie (AGB) ..... 229
278 (36) Anatomie (AGB) (3,5L) ..... 229
14208 Anatomie (Radiologiese Terapie) ..... 229
872 (40) Anatomie (Radiologiese Terapie) ..... 229
10391 Anatomiese Patologie ..... 229
221 (3) Anatomiese Patologie (2L) ..... 229
872 (34) Anatomiese Patologie ..... 229
10421 Anatomiese Patologie ..... 229
775 (30) Anatomiese Patologie ..... 229
10413 Anatomiese Patologie Deel I ..... 229
874 (120) Anatomiese Patologie Deel I ..... 229
10948 Anatomiese Patologie Deel II ..... 229
872 (240) Anatomiese Patologie Deel II ..... 229
14006 Anatomiese Tegnieke en Laboratoriumpraktyk ..... 230
771 (10) Anatomiese Tegnieke en Laboratoriumpraktyk ..... 230
10448 Anestesiologie ..... 230
511 (20) Anestesiologie (3 weke) ..... 230
10464 Arbeidsterapie ..... 230
178 (40) Arbeidsterapie (8L, 4P) ..... 230
278 (60) Arbeidsterapie (2L, 2P) ..... 230
43990 Arbeidsterapie: Prakties ..... 230
374 (62) Arbeidsterapie: Prakties (17P) ..... 230

478 (112) Arbeidsterapie: Prakties (3L) 230
43982 Arbeidsterapie: Teorie 231
374 (32) Arbeidsterapie: Teorie (8L) 231
484 (26) Arbeidsterapie: Teorie (1L) 231
13265 Assessering van Voedselsekuriteit 231
821 (10) Assessering van Voedselsekuriteit 231
10956 Basiese Hiperbariese Geneeskunde 231
772 (25) Basiese Hiperbariese Geneeskunde 231
10957 Basiese Mediese Wetenskappe 231
811 (96) Basiese Mediese Wetenskappe 231
10958 Basiese Onderwatergeneeskunde 231
772 (30) Basiese Onderwatergeneeskunde 231
874 (120) Basiese Toegepaste Wetenskappe 231
13548 Basiese Voedingsbeginsels van Gastroïntestinale Versteurings 231
811 (15) Basiese Voedingsbeginsels van Gastroïntestinale Versteurings 231
10961 Basiese Wetenskappe 232
871 (90) Basiese Wetenskappe 232
874 (120) Basiese Wetenskappe 232
53937 Bedryfsbestuur 232
775 (10) Bedryfsbestuur 232
10553 Bedryfsielkunde 232
262 (8) Ergonomika (1,5L, 0,5P) 232
36846 Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie) 232
132 (6) Bedryfsielkunde (Arbeidsterapie) (2L) 232
14467 Beginsels en Prosesse van Geestesgesondheidsverpleegkunde 232
751 (48) Beginsels en Prosesse van Geestesgesondheidsverpleegkunde 232
14504 Beginsels en Prosesse van Kritiekesorgverpleegkunde 233
784 (28) Beginsels en Prosesse van Kritiekesorgverpleegkunde 233
14552 Beginsels en Prosesse van Noodverpleegkunde 233
767 (28) Beginsels en Prosesse van Noodverpleegkunde 233
14463 Beginsels en Prosesse van Primêre Gesondheidsorg 233
731 (15) Beginsels en Prosesse van Primêre Gesondheidsorg 233
13424 Beginsels van Palliatiewe Sorg 233
371 (5) Beginsels van Palliatiewe Sorg (20L) 233
13167 Beleidsanalise ten opsigte van Gesondheid, Gestremdheid en Rehabilitasie 233
775 (30) Beleidsanalise ten opsigte van Gesondheid, Gestremdheid en Rehabilitasie 233
13065 Bestuur en Leierskap 233
871 (15) Bestuur en Leierskap 233
64807 Bestuursbeginsels 233
377 (23) Bestuursbeginsels (3L, 3P) 233
13087 Bestuur van Gesondheidstegnologie en -Infrastruktuur 234
775 (10) Bestuur van Gesondheidstegnologie en -infrastruktuur 234
44229 Bewegingsopvoeding, Sport en Rekreasie 234
212 (8) Onderrig- en Programontwikkeling (2L, 4P) 234
222 (8) Aangepaste Bewegingsprogramme (2L) 234
242 (8) Sport- en Rekreasiebestuur (2L) 234
282 (8) (Struktuur van Fisieke Aktiwiteit) (2L, 5P) 234
13085 Bewyse en Inligting in Gesondheidsbestuur 234
775 (10) Bewyse en Inligting in Gesondheidsbestuur 234
14453 Bewysgebaseerde Praktyk 235
721 (8) Bewysgebaseerde Praktyk 235

12555 Bioinformatika ....235
811 (35) Bioinformatika ....235
60976 Biokinetikapraktyk ....235
772 (20) Biokinetikapraktyk ....235
56340 Biomeganika ....235
712 (12) Biomeganika ....235
873 (8) Biomeganika ....235
39985 Biostatistiek en Epidemiologie ....235
322 (8) Biostatistiek en Epidemiologie (2L, 2P) ....235
11657 Chemiese Patologie ....235
775 (30) Chemiese Patologie ....235
872 (70) Chemiese Patologie ....235
65692 Chemie vir Gesondheidswetenskappe ....236
112 (8) Chemie vir Gesondheidswetenskappe (5L, 3P) ....236
10980 Chirurgiese Beginsels ....236
872 (90) Chirurgiese Beginsels ....236
14367 Chirurgiese/Trauma-infeksies ....236
775 (15) Chirurgiese/Trauma-infeksies ....236
52442 Die Vel ....236
471 (10) Die Vel (2 weke) ....236
14511 Disfunksie ....236
244 (60) Disfunksie (20 weke) ....236
11474 Dokter as Agent van Verandering in Gemeenskappe ....236
511 (25) Dokter as Agent van Verandering in Gemeenskappe (5 weke) ....236
11402 Ekonomiese Evaluering ....237
875 (12) Ekonomiese Evaluering ....237
61018 Ergonomika ....237
775 (20) Ergonomika ....237
64602 Etiek ....237
511 (10) Etiek (3 weke) ....237
12162 Etiek en Menseregte ....237
244 (7) Etiek en Menseregte (2L) ....237
12823 Farmakologie ....237
733 (15) Farmakologie ....237
13655 Farmakologie en Resepteringspraktyk ....237
241 (12) Farmakologie en Resepteringspraktyk (1L, 1P) ....237
13086 Finansiële Leierskap en Bestuur vir die Lewering van Doeltreffende Gesondheidsorg ....238
775 (10) Finansiële Leierskap en Bestuur vir die Lewering van Doeltreffende Gesondheidsorg ....238
14007 Fisiese en Forensiese Antropologie ....238
771 (20) Fisiese en Forensiese Antropologie ....238
13080 Fisiologie ....238
872 (20) Fisiologie ....238
22829 Fisiologie ....238
871 (33) Fisiologie ....238
52205 Fisiologie ....238
278 (26) Fisiologie (4L, 1P) ....238
58262 Fisiologiese Biochemie ....238
142 (7) Fisiologiese Biochemie (2L) ....238
60828 Fisiologie vir Oftalmologie ....239
871 (40) Fisiologie vir Oftalmologie ....239

14675 Fisioterapeut in Wording ....239
271 (10) Fisioterapeut in Wording (4L, 2T) ....239
14762 Fisioterapie in Wese ....239
371 (8) Fisioterapie in Wese ....239
14676 Fisioterapie-kerngrondbeginsels ....239
171 (40) Fisioterapie-kerngrondbeginsels (5L, 3P) ....239
64610 Fisioterapie-praktykvoering ....239
474 (4) Fisioterapie-praktykvoering (1L) ....239
52140 Fisioterapie-wetenskap ....239
272 (75) Fisioterapie-wetenskap (5L, 6P) ....239
13263 Funksionele Voedsel en GMO's ....240
843 (10) Funksionele Voedsel en GMO's ....240
13661 Geestesgesondheid oor die Lewensduur ....240
331 (12) Geestesgesondheid oor die Lewensduur (2L) ....240
13662 Geestesgesondheid oor die Lewensduur: Praktyk ....240
331 (10) Geestesgesondheid oor die Lewensduur: Praktyk (2P) ....240
13088 Gehalteverbetering, Kliniese Bestuur en Pasiëntesorg ....240
775 (10) Gehalteverbetering, Kliniese Bestuur en Pasiëntesorg ....240
38962 Geïntegreerde Patologie ....240
871 (60) Geïntegreerde Patologie ....240
14368 Gemeenskapsgesondheid ....240
775 (15) Gemeenskapsgesondheid ....240
34568 Gemeenskapsgesondheid ....241
872 (150) Gemeenskapsgesondheid ....241
13669 Gemeenskapsgesondheidsbevordering ....241
441 (12) Gemeenskapsgesondheidsbevordering (2L) ....241
13670 Gemeenskapsgesondheidsbevordering: Praktyk ....241
441 (12) Gemeenskapsgesondheidbevordering: Praktyk (2P) ....241
13166 Gemeenskapsintegrasie van Persone met Gestremdhede ....241
775 (30) Gemeenskapsintegrasie van Persone met Gestremdhede ....241
46973 Gemeenskapsvoeding ....241
278 (21) Gemeenskapsvoeding (2L, 3P) ....241
376 (28) Gemeenskapsvoeding (3L, 5P) ....241
479 (37) Gemeenskapsvoeding (10P) ....242
43737 Geneeskundige Mikrobiologie ....242
111 (6) Geneeskundige Mikrobiologie (2L, 0,5P) ....242
874 (70) Geneeskundige Mikrobiologie ....242
876 (250) Geneeskundige Mikrobiologie ....242
43745 Geneeskundige Virologie ....243
871 (70) Geneeskundige Virologie ....243
57819 Geregtelike Geneeskunde ....243
471 (10) Geregtelike Geneeskunde (2 weke) ....243
11100 Geregtelike Patologie ....243
872 (80) Geregtelike Patologie I ....243
14512 Gesond- en Welwees ....243
211 (60) Gesond- en Welwees (20 weke) ....243
13656 Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks I ....244
271 (24) Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks I (4L) ....244
13663 Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks II ....244
371 (24) Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks II (4L) ....244
13671 Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks III ....244

431 (12) Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks III (4L)....244
13657 Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk I....244
271 (24) Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk I (4P)....244
13664 Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk II....244
371 (24) Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk II (4P)....244
13672 Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk III....244
431 (12) Gesondheid- en Verpleegsorg in Konteks: Praktyk III (4P)....244
14464 Gesondheidsassessering, Diagnose, Behandeling en Sorg....245
734 (25) Gesondheidsassessering, Diagnose, Behandeling en Sorg....245
47511 Gesondheidsbestuur....245
511 (10) Gesondheidsbestuur (2 weke)....245
13089 Gesondheidsbestuurverslag....245
775 (20) Gesondheidsbestuursverslag....245
14501 Gesondheidsdiensbestuurspraktyke....245
775 (26) Gesondheidsdiensbestuurspraktyke....245
14743 Gesondheidsorgfinansiering....245
875 (12) Gesondheidsorgfinansiering....245
11523 Gesondheidsorgsisteme....245
871 (15) Gesondheidsorgsisteme....245
13081 Gesondheidstelsels, -beleid en -finansiering....245
775 (10) Gesondheidstelsels, -beleid en -finansiering....245
14204 Gesondheidswerker in Wording....246
111 (19) Gesondheidswerker in Wording (8L)....246
13497 Gevorderde Analise van Voeding....246
812 (15) Gevorderde Analise van Voeding....246
14326 Gevorderde Ekonomiese Evaluering....246
875 (12) Gevorderde Ekonomiese Evaluering....246
14209 Gevorderde Epidemiologie....246
875 (12) Gevorderde Epidemiologie....246
10999 Gevorderde Hiperbariese Geneeskunde....246
774 (20) Gevorderde Hiperbariese Geneeskunde....246
11000 Gevorderde Onderwatergeneeskunde....246
774 (20) Gevorderde Onderwatergeneeskunde....246
11090 Gevorderde Studie in Oudiologie....247
812 (45) Gevorderde Studie in Oudiologie....247
11001 Ginekologie....247
873 (120) Ginekologie....247
13425 Grondbeginsels van Fisiologie....247
178 (24) Grondbeginsels van Fisiologie (3L)....247
13648 Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde....247
171 (20) Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde (3L)....247
13649 Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde: Praktyk....247
171 (20) Grondslae van Verpleeg- en Verloskunde: Praktyk (3P)....247
47090 Hematologie....247
873 (70) Hematologiese Patologie....247
64793 Hematologie....248
775 (30) Hematologie....248
52426 Hematologiese Sisteem....248
371 (20) Hematologiese Sisteem (3 weke)....248
11008 Immunologie....248
775 (30) Immunologie....248

52434 Infeksies en Kliniese Immunologie ....248
471 (20) Infeksies en Kliniese Immunologie (4 weke) ....248
14734 Ingrepe ....248
344 (60) Ingrepe (20 weke) ....248
13650 Inleiding tot Biochemie en Biofisika ....248
141 (10) Inleiding tot Biochemie en Biofisika (1L, 1P) ....248
13261 Inleiding tot Epidemiologie ....249
841 (10) Inleiding tot Epidemiologie ....249
14325 Inleiding tot Globale Gesondheid ....249
875 (12) Inleiding tot globale gesondheid ....249
64777 Inleiding tot Molekulêre Patologie ....249
775 (17) Inleiding tot Molekulêre Patologie ....249
14546 Inleiding tot Voedsel ....249
144 (20) Inleiding tot Voedsel (5L, 4P) ....249
13272 Kanker-epidemiologie ....249
873 (12) Kanker-epidemiologie (2L) ....249
14009 Kennisoordrag ....249
875 (12) Kennisoordrag ....249
14507 Kennisvaardighede ....250
172 (6) Kennisvaardighede (1L) ....250
13651 Kernbeginsels van Menslike Anatomie ....250
171 (24) Kernbeginsels van Menslike Anatomie (3L, 3P) ....250
13658 Kernbeginsels van Menslike Fisiologie ....250
271 (24) Kernbeginsels van Menslike Fisiologie (4L, 1P) ....250
61077 Kinantropometrie ....250
715 (12) Kinantropometrie ....250
11264 Kinderkinetikateorie ....250
772 (12) Kinderkinetika ....250
19305 Kinesiologie ....250
162 (8) Anatomie (2L, 1P) ....250
182 (8) Die Sportervaring (2L, 2P) ....250
312 (8) Sportbeserings (2L) ....250
332 (8) Piekprestasie (2L) ....251
342 (8) Sosiale en Sielkundige Aspekte van Sportprestasie (2L) ....251
352 (8) Toetse en Metings (2L) ....251
372 (8) Waardes en Etiek in Professionele Toepassings (2L, 2P) ....251
11019 Kliniese Chirurgie ....251
871 (180) Kliniese Chirurgie ....251
13029 Kliniese en Chirurgiese Anatomie ....251
771 (10) Kliniese en Chirurgiese Anatomie ....251
12178 Kliniese Farmakologie ....251
471 (15) Kliniese Farmakologie (3 weke) ....251
52191 Kliniese Fisioterapie ....251
121 (8) Kliniese Fisioterapie (3L, 5P) ....251
273 (10) Kliniese Fisioterapie (4L, 4P) ....251
374 (40) Kliniese Fisioterapie (14P) ....252
474 (96) Kliniese Fisioterapie (28P) ....252
14548 Kliniese Kommunikasie (Afr) ....252
278 (10) Kliniese Kommunikasie (Afr) (2L) ....252
378 (10) Kliniese Kommunikasie (Afr) (2L) ....252
14547 Kliniese Kommunikasie (isiXh) ....252

278 (10) Kliniese Kommunikasie (isiXh) (2L) 252
378 (10) Kliniese Kommunikasie (isiXh) (2L) 253
11025 Kliniese Interne Geneeskunde 253
811 (264) Kliniese Interne Geneeskunde 253
14449 Kliniese Kritieke Sorg 253
872 (135) Kliniese Kritieke Sorg 253
11518 Kliniesenavorsingsmetodes I 253
871 (15) Kliniesenavorsingsmetodes I 253
11027 Kliniese Noodgeneeskunde 253
875 (240) Kliniese Noodgeneeskunde 253
11520 Kliniese Noodsorg I 253
871 (15) Kliniese Noodsorg I 253
11521 Kliniese Noodsorg II 254
871 (15) Kliniese Noodsorg II 254
13095 Kliniese Oftalmologie 254
875 (200) Kliniese Oftalmologie 254
14953 Kliniese Pediatriese Rumatologie 254
872 (135) Kliniese Pediatriese Rumatologie 254
50946 Kliniese Spraakheelkunde 254
184 (12) Kliniese Spraakheelkunde (4L) 254
274 (26) Kliniese Spraakheelkunde (4L) 254
375 (48) Kliniese Spraakheelkunde (13P, 2T) 254
474 (64) Kliniese Spraakheelkunde (20P, 2T) 255
13255 Konseptualisering van Voedselstelsels 255
811 (10) Konseptualisering van Voedselstelsels 255
14448 Kritiekesorgnavorsingsprojek 255
871 (45) Kritiekesorgnavorsingsprojek 255
11526 Kritiese Besluitneming in Noodsorg 255
871 (15) Kritiese Besluitneming in Noodsorg 255
54526 Kurrikulumstudie 255
742 (20) Kurrikulumstudie 255
14323 Kwalitatiewebewyssintese 255
872 (12) Kwalitatiewebewyssintese 255
65730 Laat- Kliniese Rotasies 256
678 (150) Laat- Kliniese Rotasies (60 weke) 256
11105 Laboratoriumbestuur 256
875 (10) Laboratoriumbestuur 256
64718 Laboratoriumpraktyk 256
776 (3) Laboratoriumpraktyk 256
13258 Landbou-voedingskakeling 256
814 (10) Landbou-voedingskakeling 256
14498 Leierskap en Bestuur 256
773 (30) Leierskap en Bestuur 256
13082 Leierskap en Innovasie in Gesondheidsorg 256
737 (5) Leierskap en Innovasie in Gesondheidsorg 256
757 (5) Leierskap en Innovasie in Gesondheidsorg 256
14454 Leierskap en Ontwikkeling in Spesialispraktyk 256
743 (8) Leierskap en Ontwikkeling in Spesialispraktyk 256
13262 Makro- en Mikronutriënte en Gesondheid 257
842 (10) Makro- en Mikronutriënte en Gesondheid 257
13091 Makro-Streeksanatomie 257

771 (20) Makro-streeksanatomie ..... 257
14733 Mediese Speurder ..... 257
311 (60) Mediese Speurder (20 weke) ..... 257
13033 Menslike Anatomiese Variasie ..... 257
771 (10) Menslike Anatomiese Variasie ..... 257
13257 Menslike Ekonomiese Ontwikkeling ..... 257
813 (10) Menslike Ekonomiese Ontwikkeling ..... 257
14207 Menslike Fisiologie ..... 257
171 (20) Menslike Fisiologie (4L, 2P) ..... 257
48054 Menslikehulpbronbestuur ..... 258
776 (20) Menslikehulpbronbestuur ..... 258
11103 Menslike Kommunikasie en Kommunikasie-afwykings ..... 258
812 (45) Menslike Kommunikasie en Kommunikasie-afwykings ..... 258
13035 Mikroskopiese Anatomie en Histologiese Tegniek ..... 258
771 (20) Mikroskopiese Anatomie en Histologiese Tegniek ..... 258
14366 MIV en TB ..... 258
775 (30) MIV en TB ..... 258
14458 Moeder- en Neonatalesorgfarmakologie ..... 258
732 (8) Moeder- en Neonatalesorgfarmakologie ..... 258
13665 Moeder- en Pasgeborebabasorg I ..... 258
341 (14) Moeder- en Pasgeborebabasorg I (3L) ..... 258
13673 Moeder- en Pasgeborebabasorg II ..... 258
431 (14) Moeder- en Pasgeborebabasorg II (2L) ..... 258
13666 Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk I ..... 259
341 (12) Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk I (2P) ..... 259
13674 Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk II ..... 259
471 (12) Moeder- en Pasgeborebabasorg: Praktyk II (2P) ..... 259
14459 Moedersorgspesialisasie ..... 259
733 (28) Moedersorgspesialisasie ..... 259
13270 Molekulêre Basis van Kanker en Tumorfisiologie ..... 259
871 (12) Molekulêre Basis van Kanker en Tumorfisiologie ..... 259
64688 Morfologiese Wetenskappe-navorsingsprojek ..... 259
775 (60) Morfologiese Wetenskappe-navorsingsprojek ..... 259
61123 Motoriese Beheer ..... 260
711 (12) Motoriese Beheer ..... 260
61131 Motoriese Leer ..... 260
741 (12) Motoriese Leer ..... 260
52302 Muskuloskeletale Sisteem ..... 260
371 (30) Muskuloskeletale Sisteem (7 weke) ..... 260
11043 Navorsing in Geneeskundige Fisiologie ..... 260
772 (60) Navorsing in Geneeskundige Fisiologie ..... 260
13659 Navorsing in Konteks I ..... 260
231 (12) Navorsing in Konteks I (3L) ..... 260
13675 Navorsing in Konteks II ..... 260
471 (14) Navorsing in Konteks II (2L) ..... 260
14322 Navorsingskapasiteitsontwikkeling ..... 261
875 (30) Navorsingskapasiteitsontwikkeling ..... 261
54305 Navorsingsmetodiek (Fisioterapie) ..... 261
372 (10) Navorsingsmetodiek (Fisioterapie) (1L, 3P) ..... 261
472 (10) Navorsingsmetodiek (Fisioterapie) (1L, 2P) ..... 261
13047 Navorsingsmetodiek (Pediatrie) ..... 261

871 (20) Navorsingsmetodiek (Pediatrie) ..... 261
47015 Navorsingsmetodologie ..... 261
378 (14) Navorsingsmetodologie (2L, 2P) ..... 261
478 (16) Navorsingsmetodologie (3P) ..... 261
811 (45) Navorsingsmetodologie ..... 261
812 (45) Navorsingsmetodologie ..... 262
873 (10) Navorsingsmetodologie ..... 262
51764 Navorsingsmetodologie ..... 262
775 (10) Navorsingsmetodologie ..... 262
11044 Navorsingsmetodologie en Statistiek ..... 262
871 (30) Navorsingsmetodologie en Statistiek ..... 262
13044 Navorsingsmetodologie in Arbeidsterapie ..... 262
344 (12) Navorsingsmetodologie in Arbeidsterapie (2L) ..... 262
482 (12) Navorsingsmetodologie in Arbeidsterapie (1L) ..... 262
11265 Navorsingsprojek ..... 262
771 (30) Navorsingsprojek ..... 262
54895 Navorsingsprojek ..... 262
773 (30) Navorsingsprojek ..... 262
55867 Navorsingsprojek ..... 262
771 (30) Navorsingsprojek ..... 262
882 (90) Navorsingsprojek ..... 263
13504 Navorsingstesis ..... 263
872 (180) Navorsingstesis ..... 263
875 (90) Navorsingstesis ..... 263
13533 Navorsingswerkstuk ..... 263
841 (60) Navorsingswerkstuk ..... 263
56375 Navorsingswerkstuk ..... 263
810 (120) Navorsingswerkstuk ..... 263
812 (120) Navorsingswerkstuk ..... 263
814 (60) Navorsingswerkstuk ..... 263
818 (120) Navorsingswerkstuk ..... 263
823 (120) Navorsingswerkstuk ..... 263
824 (120) Navorsingswerkstuk ..... 264
833 (120) Navorsingswerkstuk ..... 264
836 (120) Navorsingswerkstuk ..... 264
837 (120) Navorsingswerkstuk ..... 264
873 (120) Navorsingswerkstuk ..... 264
14954 Navorsingswerkstuk (Pediatriese Rumatologie) ..... 264
871 (45) Navorsingswerkstuk ..... 264
14460 Neonatalesorgspesialisasie ..... 264
734 (20) Neonatalesorgspesialisasie ..... 264
59285 Neuroanatomie en Kliniese Neurologie ..... 264
372 (14) Neuroanatomie en Kliniese Neurologie (3L) ..... 264
11055 Neuroanatomie en Toegepaste Regionale Anatomie ..... 265
871 (20) Neuroanatomie en Toegepaste Regionale Anatomie ..... 265
16543 Neurochirurgie ..... 265
875 (270) Neurochirurgie ..... 265
32212 Neurochirurgie (Intermediêr) ..... 265
874 (30) Neurochirurgie (Intermediêr) ..... 265
11056 Neurofisiologie: EEG ..... 265
874 (60) Neurofisiologie: EEG ..... 265

11057 Neurofisiologie: EMG ......265
875 (60) Neurofisiologie: EMG ......265
11059 Neuropsigiatrie ......265
873 (40) Neuropsigiatrie ......265
11060 Neuroradiologie ......265
871 (40) Neuroradiologie ......265
52299 Neurowetenskappe ......265
371 (30) Neurowetenskappe (8 weke) ......265
14205 Nutriënte in Gesondheid ......266
142 (20) Nutriënte in Gesondheid (6L, 3P) ......266
61204 Oefenfisiologie ......266
743 (12) Oefenfisiologie ......266
774 (20) Oefenfisiologie ......266
61212 Oefenkunde ......266
771 (30) Oefenkunde ......266
61220 Oefensielkunde ......266
713 (12) Oefensielkunde ......266
11063 OMT – Benaderings en Konsepte ......266
863 (20) OMT – Benaderings en Konsepte ......266
11064 OMT – Boonste Kwadrant ......267
873 (12) 11064 OMT – Boonste Kwadrant ......267
11065 OMT – Geïntegreerde en Gevorderde Praktyk ......267
852 (10) OMT – Geïntegreerde en Gevorderde Praktyk ......267
11066 OMT – Klinies ......267
892 (25) OMT – Klinies ......267
11067 OMT – Onderste kwadrant ......267
882 (15) OMT – Onderste Kwadrant ......267
14004 Om te wees en om te word in Gesondheidsorg ......267
111 (60) Om te wees en om te word in Gesondheidsorg (20 weke) ......267
14469 Onderrig- en Leerstrategieë ......267
744 (28) Onderrig- en Leerstrategieë ......267
13031 Ontwikkelingsanatomie ......267
771 (10) Ontwikkelingsanatomie ......267
71030 Oordraagbare Siektes ......268
845 (25) Oordraagbare Siektes ......268
45330 Oor-, Neus- en Keelheelkunde [Deel II] ......268
871 (100) Oor-, Neus- en Keelheelkunde ......268
17183 Oor-, Neus- en Keelheelkunde [Deel III] ......268
871 (160) Oor-, Neus- en Keelheelkunde ......268
11070 Operasionele Hiperbariese Geneeskunde ......268
773 (35) Operasionele Hiperbariese Geneeskunde ......268
11071 Operasionele Onderwatergeneeskunde ......268
773 (30) Operasionele Onderwatergeneeskunde ......268
17221 Optika ......268
874 (40) Optika ......268
13062 Opvoeding en Opleiding in Noodsorg ......269
871 (15) Opvoeding en Opleiding in Noodsorg ......269
21903 Opvoedkundige Sielkunde ......269
745 (15) Opvoedkundige Sielkunde ......269
11527 Pasiëntveiligheid en -vloei ......269
871 (15) Pasiëntveiligheid en -vloei ......269

71031 Patogeengenomika ... 269
846 (25) Patogeengenomika ... 269
47813 Patologie ... 269
254 (7) Patologie (2L) ... 269
312 (2) Patologie (1L) ... 269
324 (10) Patologie (4L) ... 269
334 (8) Patologie (3L) ... 269
354 (7) Patologie (2L) ... 270
64785 Patologie-navorsingsprojek ... 270
775 (60) Patologie-navorsingsprojek ... 270
12746 Patologie vir Oftalmologie ... 270
876 (40) Patologie vir Oftalmologie ... 270
14138 Pediatriese Infeksiesiektes ... 270
775 (30) Pediatriese Infeksiesiektes ... 270
14456 Peri-operatiewe Verpleging in Konteks ... 270
722 (40) Peri-operatiewe Verpleging in Konteks ... 270
14455 Praksis in Spesialispraktyk ... 270
746 (8) Praksis in Spesialispraktyk ... 270
11119 Praktiese Navorsingsprojek (Geneeskundige Virologie) ... 270
772 (60) Praktiese Navorsingsprojek (Geneeskundige Virologie) ... 270
14741 Prioriteitsbepaling in Gesondheidsorg ... 271
875 (12) Prioriteitsbepaling in Gesondheidsorg ... 271
64831 Professionele Praktyk in Sportwetenskap ... 271
773 (30) Professionele Praktyk ... 271
51993 Projekbestuur ... 271
775 (10) Projekbestuur ... 271
13652 Psigososiale Aspekte van Sorg ... 271
111 (12) Psigososiale Aspekte van Sorg (2L) ... 271
71025 Python vir Bioinformatika ... 271
813 (10) Python vir Bioinformatika ... 271
11082 Radiobiologie ... 271
872 (40) Radiobiologie ... 271
13037 Radiologiese Anatomie ... 272
771 (10) Radiologiese Anatomie ... 272
11528 Ramp- Mediese Responsopleiding ... 272
871 (15) Ramp- Mediese Responsopleiding ... 272
13060 Rampsituasie-geneeskunde ... 272
871 (15) Rampsituasie-geneeskunde ... 272
14008 Regs- en Etiese Aspekte en Gebruik van Diere in Navorsing ... 272
771 (10) Regs- en Etiese Aspekte en Gebruik van Diere in Navorsing ... 272
11522 Resussitasie en Kritieke Sorg ... 272
871 (15) Resussitasie en Kritieke Sorg ... 272
14500 Risiko- en Finansiële Bestuur ... 273
775 (20) Risiko- en Finansiële Bestuur ... 273
71026 R-taal vir Bioinformatika ... 273
814 (10) R-taal vir Bioinformatika ... 273
13084 Selfbestuur en Bestuur oor Ander vir Optimale Dienslewering ... 273
775 (10) Selfbestuur en Bestuur oor Ander vir Optimale Dienslewering ... 273
18414 Sielkunde ... 273
114 (12) Sielkunde as Wetenskap (2L, 1T) ... 273
144 (12) Sielkunde in Konteks (2L, 1T) ... 273

213 (8) Benaderings tot Sielkundige Teorieë oor die Persoon (1,5L) ....... 273
223 (8) Menslike Ontwikkeling in Konteks (1,5L) ....... 273
243 (8) Navorsingsontwerp in die Sielkunde (1,5L) ....... 274
253 (8) Data-ontleding in die Sielkunde (1,5L) ....... 274
12272 Sielkunde vir Gesondheidswetenskappe ....... 274
212 (7) Sielkunde vir Gesondheidswetenskappe (2L) ....... 274
14554 Sisteemabnormaliteite: Noodverpleegkunde ....... 274
776 (23) Sisteemabnormaliteite: Noodverpleegkunde ....... 274
14742 Sistematiese Oorsig van Ekonomiese Evaluering ....... 274
875 (12) Sistematiese Oorsig van Ekonomiese Evaluering ....... 274
50962 Skripsie ....... 274
472 (14) Skripsie ....... 275
19003 Sosiologie ....... 275
114 (12) Inleiding tot Sosiologie en Sosiale Antropologie (3L) ....... 275
144 (12) Sosiale kwessies in Suid-Afrika (3L) ....... 275
19267 Spesiale Fisika ....... 275
111 (8) Fisika vir Gesondheidswetenskappe (2L, 1T) ....... 275
13046 Spesialispediatrie ....... 275
871 (240) Spesialispediatrie ....... 275
14468 Spesialispraktyk in Geestesgesondheidsverpleegkunde ....... 275
753 (48) Spesialispraktyk in Geestesgesondheidsverpleegkunde ....... 275
14505 Spesialispraktyk in Kritiekesorgverpleegkunde ....... 275
786 (45) Spesialispraktyk in Kritiekesorgverpleegkunde ....... 275
14551 Spesialispraktyk in Noodverpleegkunde ....... 276
768 (45) Spesialispraktyk in Noodverpleegkunde ....... 276
14457 Spesialispraktyk in Peri-operatiewe Verpleegkunde ....... 276
723 (56) Spesialispraktyk in Peri-operatiewe Verpleegkunde ....... 276
14465 Spesialispraktyk in Primêre Sorg ....... 276
735 (41) Spesialispraktyk in Primêre Sorg ....... 276
14461 Spesialispraktyk in Verloskunde ....... 276
735 (40) Spesialispraktyk in Verloskunde ....... 276
61395 Sportgeskiedenis ....... 276
745 (12) Sportgeskiedenis ....... 276
42935 Sportsielkunde ....... 276
712 (12) Sportsielkunde ....... 276
61387 Sport vir Persone met Gestremdhede ....... 277
772 (12) Sport vir Persone met Gestremdhede ....... 277
54607 Sportwetenskap ....... 277
112 (8) Toegepaste Anatomie (2L, 1P) ....... 277
142 (8) Sportsielkunde (2L) ....... 277
184 (12) Die Sportervaring (3L, 1P) ....... 277
222 (8) Motoriese Leer (2L) ....... 277
232 (8) Oefeningfisiologie (2L) ....... 277
252 (8) Sportfisiologie (2L) ....... 277
262 (8) Toegepaste Biomeganika (2L, 1P) ....... 277
312 (6) Sportbeserings (2L) ....... 277
322 (6) Piekprestasie (2L) ....... 278
332 (6) Toetse en metings (2L) ....... 278
342 (6) Sportsielkunde en -sosiologie (2L) ....... 278
352 (6) Sportetiek (2L) ....... 278
362 (6) Sportgeskiedenis (2L) ....... 278


382 (6) Professionele Toepassings (2L, 2P) ........ 278
392 (6) Sportprestasie (4P) ........ 278
46221 Spraakheelkunde ........ 278
121 (12) Spraak- en gehoorwetenskap (3L, 1T) ........ 278
122 (12) Menslike Kommunikasie (3L, 1T) ........ 278
142 (6) Artikulasie- en Fonologiese Afwykings (3L, 1T) ........ 279
162 (12) Basiese Oudiometrie (3L, 1T) ........ 279
211 (8) Raamwerk vir Beroepsbeoefening (3L, 1T) ........ 279
222 (6) Kraniofasiale Afwykings (3L, 1T) ........ 279
242 (6) Bevordering van Normale Kommunikasie en Voorkoming van Gestremdheid (3L) ........ 279
251 (6) Taalafwykings in Spesifieke Populasies (3L, 1T) ........ 279
252 (6) Stemafwykings (3L, 1T) ........ 279
278 (24) Taalgestremdheid (3L, 1T) ........ 279
331 (12) Intervensie vir Persone met Gehoorverlies (3L, 1T) ........ 279
332 (12) Vlotheidsafwykings (3L, 1T) ........ 280
364 (10) Inleiding tot Navorsing as Beroepsfunksie (3L, 1S) ........ 280
378 (24) Neurogene Kommunikasie-afwykings (3L, 1T) ........ 280
411 (6) Aanvullende en Alternatiewe Kommunikasie (3L, 1T) ........ 280
413 (12) Disfagie (3L, 1T) ........ 280
478 (24) Gevorderde Seminare in Spraak-Taal- en Gehoorterapie (3L, 1T) ........ 280
61409 Statistiek vir Sportwetenskap en Oefenkunde ........ 280
772 (12) Statistiek ........ 280
14506 Stelselabnormaliteite: Kritiekesorgverpleegkunde ........ 281
785 (23) Stelselabnormaliteite: Kritiekesorgverpleegkunde ........ 281
56223 Stralingsfisika ........ 281
874 (40) Stralingsfisika ........ 281
13083 Strategie, Bemarking en Kommunikasie ........ 281
775 (10) Strategie, Bemarking en Kommunikasie ........ 281
11087 Teoretiese Geneeskundige Fisiologie ........ 281
771 (60) Teoretiese Geneeskundige Fisiologie ........ 281
11459 Teorie van Geneeskundige Mikrobiologie ........ 281
776 (60) Teorie van Geneeskundige Mikrobiologie ........ 281
11129 Teorie van Geneeskundige Virologie ........ 281
771 (60) Teorie van Geneeskundige Virologie ........ 281
13549 Terapeutiese Voeding ........ 282
812 (45) Terapeutiese Voeding ........ 282
50849 Terapeutiese Voeding ........ 282
244 (12) Terapeutiese Voeding (2L, 2T, 2P) ........ 282
378 (35) Terapeutiese Voeding (3L, 7P) ........ 282
479 (58) Terapeutiese Voeding (10P) ........ 282
10002 Tesis: Spraak-taal-terapie ........ 282
872 (180) Tesis ........ 282
10003 Tesis: Oudiologie ........ 283
872 (180) Tesis ........ 283
13053 Tesis (Fisio – OMT) ........ 283
894 (90) Tesis ........ 283
13066 Tesis (Noodgeneeskunde) ........ 283
872 (90) Tesis (Noodgeneeskunde) ........ 283
71044 Tesis (Bioinformatika) ........ 283
871 (90) Tesis ........ 283
46264 Toegepaste Anatomie ........ 283

117 (12) Toegepaste Anatomie (3L, 1P) ....283
13045 Toegepaste Basiese Wetenskappe ....283
871 (100) Toegepaste Basiese Wetenskappe....283
52159 Toegepaste Fisioterapie....283
373 (66) Toegepaste Fisioterapie (2L, 2P)....283
473 (19) Toegepaste Fisioterapie (3L, 6P)....284
54429 Toegepaste Kinesiologie....284
313 (12) Afrigtingstrategieë (2L, 2P)....284
314 (12) Wetenskaplike Basis van die Fiksheidsbedryf (2L, 2P)....284
324 (12) Beginsels van Aangepaste Bewegingsaktiwiteite (2L, 2P) ....284
344 (12) Sport en Rekreasie vir Persone met Gestremdhede (2L, 2P)....284
352 (12) Oefening en Fiksheidsonderrig (2L, 2P) ....284
353 (12) Wetenskaplike Basis van Sportafrigting (2L, 2P)....284
13653 Toegepaste Mikrobiologie....285
141 (10) Toegepaste Mikrobiologie (1L, 1P)....285
13618 Toegepaste Navorsingsmetodologie ....285
842 (40) Toegepaste Navorsingsmetodologie ....285
61433 Toegepaste Oefenfisiologie ....285
714 (12) Toegepaste Oefenfisiologie....285
11529 Ultraklank in Noodgeneeskunde....285
871 (15) Ultraklank in Noodgeneeskunde ....285
13030 Vergelykende Anatomie ....285
771 (10) Vergelykende Anatomie ....285
20923 Verloskunde....285
872 (120) Verloskunde....285
13654 Verpleeg- en Verloskundige Praksis I....285
171 (24) Verpleeg- en Verloskundige Praksis I (4L)....285
13660 Verpleeg- en Verloskundige Praksis II.... 286
271 (24) Verpleeg- en Verloskundige Praksis II (4L).... 286
13667 Verpleeg- en Verloskundige Praksis III .... 286
371 (24) Verpleeg- en Verloskundige Praksis III (4L) .... 286
13677 Verpleeg- en Verloskundige Praksis IV.... 286
431 (12) Verpleeg- en Verloskundige Praksis IV (2L).... 286
14470 Verpleegonderwyspraktyk.... 286
747 (33) Verpleegonderwyspraktyk.... 286
13499 Voeding en Ekonomiese, Menslike en Sosiale Ontwikkeling .... 286
812 (15) Voeding en Ekonomiese, Menslike en Sosiale Ontwikkeling .... 286
13495 Voeding, Gesondheid en die Omgewing.... 286
812 (15) Voeding, Gesondheid en die Omgewing.... 286
46957 Voeding in die Lewensiklus....287
214 (14) Voeding in die Lewensiklus (2L, 1P)....287
13503 Voeding in Gesondheid en Siektevoorkoming....287
812 (15) Voeding in Gesondheid en Siektevoorkoming....287
13502 Voeding in Openbare Gesondheid: Beleide en Programme....287
812 (15) Voeding in Openbare Gesondheid: Beleide en Programme....287
56049 Voedingsepidemiologie....287
811 (30) Voedingsepidemiologie....287
11828 Voedingstatusbepaling....287
231 (16) Voedingstatusbepaling (3L, 1T, 1P)....287
36072 Voedsel....287
211 (18) Voedsel (3L, 1T, 1P)....287


52086 Voedseldiensbestuur ....................288
477 (37) Voedseldiensbestuur (10P) ....................288
13267 Voedsel- en voedingsbeleide ....................288
823 (10) Voedsel- en voedingsbeleide ....................288
13264 Voedselkettings- en verbruikers ....................288
844 (10) Voedselkettings- en verbruikers ....................288
11829 Voedselproduksie en -sisteme ....................288
244 (13) Voedselproduksie en -sisteme (3L, 1T, 2P) ....................288
13496 Voedselsekerheid ....................289
812 (15) Voedselsekerheid ....................289
13266 Voedselsekuriteit-projekanalise ....................289
822 (10) Voedselsekuriteit-projekanalise ....................289
13256 Voedselveiligheid, -gevare en -risiko's ....................289
812 (10) Voedselveiligheid, -gevare en -risiko's ....................289
13259 Voedselverwerking en -bewaring ....................289
815 (10) Voedselverwerking en -bewaring ....................289
13500 Voedsel, Voeding en Lewensonderhoud in Humanitêrenoodtoestande ....................289
812 (15) Voedsel, Voeding en Lewensonderhoud in Humanitêrenoodtoestande ....................289
14365 Volwasse Infeksiesiektes ....................289
775 (30) Volwasse Infeksiesiektes ....................289
13061 Voortdurende Gehalteverbetering ....................289
871 (15) Voortdurende Gehalteverbetering ....................289
14005 Vorm en Funksie ....................290
141 (60) Vorm en Funksie (20 weke) ....................290
13678 Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe ....................290
441 (10) Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe (2L) ....................290
13679 Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe: Praktyk ....................290
441 (10) Wêreldgesondheidsorg-wetenskappe: Praktyk (2P) ....................290
13067 Werkstuk (Noodgeneeskunde) ....................290
871 (60) Werkstuk (Noodgeneeskunde) ....................290
21687 Xhosa ....................290
178 (24) Inleiding tot Xhosa Taal en Kultuur (3L, 1T) ....................290

# Bylaag: BA (Sportwetenskap) (Uitfaserend)


## BA (Sportwetenskap) met Afrikaans en Nederlands



# BA (Sportwetenskap) met Engels



# BA (Sportwetenskap) met Geo-omgewingswetenskap



# BA (Sportwetenskap) met Sielkunde

